UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# 'N VOORGESTELDE PARADIGMA VIR NAVORSING OP HISTORIES-ARGEOLOGIESE ERFENISHULPBRONTERREINE IN SUID-AFRIKA AAN DIE HAND VAN GEVALLESTUDIES IN NOORDELIKE GAUTENG

(DEEL 2)

deur

ANTON CARL VAN VOLLENHOVEN

Voorgelê ter vervulling van 'n deel van die vereistes vir die graad

D.Phil. (Argeologie)

in die Fakulteit Geesteswetenskappe
Universiteit van Pretoria

Pretoria
Mei 2000

© University of Pretoria

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Opgedra aan my vader,

*Willem Johannes (Willie) van Vollenhoven*

28/08/1931 - 11/10/1997

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

"Archaeology is neither `historical' nor `anthropological'. It is not even science or art. Archaeology's increasing maturity allows it to claim an independent personality with distinctive qualities to contribute" (Ian Hodder, **Reading the past** 1995: x).

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



**INHOUD**


| | | Bladsy |
|---|---|---|
| LYS VAN FIGURE | | V |
| LYS VAN TABELLE | | XIV |
| DANKBETUIGING | | XVI |
| SAMEVATTING | | XVII |
| SYNOPSIS | | XIX |

**DEEL 1**

| | | |
|---|---|---|
| **1.** | **HOOFSTUK 1 - PROBLEEMFORMULERING** | 1 |
| 1. | Inleiding | 1 |
| 2. | Probleem | 3 |
| 3. | Probleemstelling | 4 |
| 4. | Doelstelling | 4 |
| 5. | Doelwitte | 4 |
| 6. | Metode | 5 |
| 7. | Samestelling van die proefskrif | 8 |
| **2.** | **HOOFSTUK 2 - LITERATUUROORSIG** | **11** |
| 1. | Inleiding | 11 |
| 2. | Literatuur met betrekking tot wetenskapsdimensies | 12 |
| 3. | Literatuur met betrekking tot erfenishulpbronbestuur | 13 |
| 4. | Literatuur met betrekking tot die definiëring van historiese argeologie | 14 |
| 5. | Literatuur met betrekking tot die stand van historiese argeologie in Suid-Afrika | 17 |
| 6. | Literatuur met betrekking tot die wetenskaplike paradigmas in die argeologie | 18 |
| 7. | Literatuur met betrekking tot historiografie | 27 |
| 8. | Literatuur met betrekking tot metodeleer | 27 |
| 9. | Literatuur met betrekking tot historiese data | 28 |
| 10. | Samevattende bevindinge | 36 |
| **3.** | **HOOFSTUK 3 - TEORETIESE BENADERING** | **41** |
| 1. | Inleiding | 41 |
| 2. | Wetenskapsdimensies | 43 |
| 3. | Erfenishulpbronbestuur | 48 |
| 4. | Definiëring van historiese argeologie | 72 |
| 5. | Die stand van historiese argeologie in Suid-Afrika | 91 |
| 6. | Wetenskaplike paradigmas in die argeologie | 103 |


Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



7. Historiografie 125
8. Metodeleer 131
9. Gevolgtrekking 137

**4. HOOFSTUK 4 - DIE OMGEWING EN AGTERGRONDSGESKIEDENIS VAN NOORDELIKE GAUTENG** 139
1. Inleiding 139
2. Die omgewing 140
3. Agtergrondsgeskiedenis 146
4. Samevatting 169
5. Figure 172

**5. HOOFSTUK 5 - 'N ONDERSOEK NA DIE AANNAMES RONDOM LUCAS BRONKHORST EN DIE OORBLYFSELS VAN SY HUIS IN PRETORIA** **177**
1. Inleiding 177
2. Ligging 178
3. Terreinbeskrywing voor die aanvang van die argeologiese navorsing 179
4. Die aannames rondom Lucas Bronkhorst en sy huis 181
5. Stand van navorsing ten opsigte van die Bronkhorsthuis 182
6. Historiese agtergrond na aanleiding van verdere navorsing in verband met die terrein 187
7. Beskrywing van die strukture op grond van verdere historiese navorsing 203
8. Kulturele materiaal 208
9. Samevattende gevolgtrekking 211
10. Figure 213

**6. HOOFSTUK 6 - 'N ONDERSOEK NA 'N NEGENTIENDE EEUSE WATERVOOR IN KERKSTRAAT, PRETORIA-SENTRAAL** **226**
1. Inleiding 226
2. Ligging 228
3. Terreinbeskrywing voor die aanvang van die argeologiese ondersoek 228
4. Stand van navorsing in verband met die Kerkstraat-watervoor 230
5. Historiese agtergrond 238
6. Beskrywing van die watervoor 252
7. Kulturele materiaal 257
8. Samevattende gevolgtrekking 258
9. Figure 262

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



**7. HOOFSTUK 7 - 'N HISTORIES-ARGEOLOGIESE ONDERSOEK NA DIE VOETPAADJIES IN DIE TUIN VAN DIE MELROSEHUIS MUSEUM, PRETORIA** **282**

1. Inleiding 282
2. Ligging 283
3. Terreinbeskrywing 284
4. Historiese agtergrond 285
5. Die argeologiese ondersoek 287
6. Kulturele materiaal 296
7. Samevatting 300
8. Figure 302.

**DEEL 2**

**8. HOOFSTUK 8 - 'N HISTORIES-ARGEOLOGIESE ONDERSOEK NA DIE 1913-HUIS TE WILLEM PRINSLOO LANDBOUMUSEUM** **330**

1. Inleiding 330
2. Ligging 331
3. Terreinbeskrywing 332
4. Historiese agtergrond 333
5. Die argeologiese ondersoek 334
6. Kulturele materiaal 365
7. Samevatting 372
8. Figure 374

**9. HOOFSTUK 9 - 'N HISTORIES-ARGEOLOGIESE ONDERSOEK NA DIE EDWARDIAANSE HUIS EN EENDEDAM BY DIE PIONIER MUSEUM** **433**

1. Inleiding 433
2. Ligging 435
3. Terreinbeskrywing 435
4. Historiese agtergrond 436
5. Die argeologiese ondersoek 440
6. Kulturele materiaal 453
7. Samevatting 474
8. Figure 477

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



**10. HOOFSTUK 10 - SAMEVATTING, GEVOLGTREKKING EN EVALUERING** **515**
1. Inleiding 515
2. Die Bronkhorstruïne 517
3. Die Kerkstraat-watervoor 523
4. Melrosehuis se voetpaadjies 528
5. Die 1913-huis by die Willem Prinsloo Landboumuseum 533
6. Die Edwardiaanse huis by die Pionier Museum 538
7. Samevatting 543
8. Gevolgtrekking: 'n voorgestelde paradigma vir navorsing op histories-argeologiese erfenishulpbronterreine 547
9. Praktiese raamwerk vir histories-argeologiese erfenishulpbronbestuur 556
10. Slot 562

**BIBLIOGRAFIE** **568**

1. Literatuur 568
2. Regeringspublikasies 593
3. Ongepubliseerde manuskripte 594
4. Argivale bronne 598
5. Kaarte 601
6. Persoonlike en skriftelike mededelings 601
7. Visuele bronne 603
8. Internet 604
9. Ander 606

**BYLAAG A: Lys van terme** **607**

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



## LYS VAN FIGURE

**Bladsy**

### Hoofstuk 4


4.1 Kaart van Gauteng. Die vier landdrosdistrikte van Pretoria, Bronkhorstspruit, Cullinan en Wonderboom vorm die noordelike gedeelte van Gauteng. 172

4.2 Die Laat Acheulterrein te Wonderboom, soos dit vandag daar uitsien. Dit is waarskynlik die bekendste Vroeë Steentydperkterrein in Pretoria. 173

4.3 'n Grot in die Groenkloof Natuurreservaat waar Laat Steen- en Ystertydperkartefakte gevind is. 173

4.4 'n Lugfoto van 'n Laat Ystertydperkterrein op die Magaliesberg. 174

4.5 'n Gedeelte van 'n klipmuur van 'n Laat Ystertydperkterrein by die Tswaing Ekomuseum. 174

4.6 Meintjieskop, soos dit tans daar uitsien. Benewens die Uniegebou, is verskeie klipterrasse en -paadjies as deel van die tuin uitgelê. Geen aanduiding van Mzilikazi se kraal kon gevind word nie. 175

4.7 Die Wonderboom. Geen aanduiding dat Mzilikazi hier 'n stat gebou het, is tans hier sigbaar nie. 176

4.8 Klipmure suid en wes van die Wonderboom teen die hang van die Magaliesberg gevind. Dit is onbekend of dit met die vestiging van Mzilikazi verbind kan word. 176


### Hoofstuk 5


5.1 Ligging van die Bronkhorsthuis in die Fonteinedal, Pretoria. 213

5.2 Terreinkaart van die Bronkhorsthuis-terrein met die opgrawings daarop aangedui. 214

5.3 Die terrein voordat daar met opgrawings begin is. 215

5.4 Die terrein na die opgrawings voltooi en weer toegegooi is en die Stadsraad van Pretoria 'n gedenkmuur daar opgerig het. 215

5.5 Die suidoostelike hoek van die struktuur, opgrawing 1, tydens opgrawing. 216

5.6 Die suidoostelike hoek van die struktuur (muurfondament), na opgrawing. 216

5.7 Opgrawing 2 deur die struktuur met muurfondament *in situ*, soos gesien


Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA




| | | |
|---|---|---|
| | vanuit die weste. | 217 |
| 5.8 | Die opening in die oostemuur van die struktuur toon 'n groot klip (die plat klip in die middel van die foto), wat moontlik as 'n drumpel kon gedien het. | 217 |
| 5.9 | Opgrawing 3, deur die klipsirkel oos van die huis. | 218 |
| 5.10 | Die klipsirkel, na opgrawing. | 218 |
| 5.11 | Gedenksteen in die Voortrekkerbegraafplaas te Ohrigstad, wat die datum van JGS Bronkhorst se dood as 29 Februarie 1848 aandui. | 219 |
| 5.12 | Die gedenkplaat op die terrein van die Bronkhorstruïne. Die datum wat vir die bou van die huis gegee word, is foutief. | 220 |
| 5.13 | Die huis van Andries van der Walt, wat omstreeks 1848 gebou is en deur sommige navorsers as die oudste huis van Westerse oorsprong in die Pretoria-omgewing beskou word. | 221 |
| 5.14 | Die binnekant van die muur van die Bronkhorstruïne toon duidelik die klipfondament daarvan. | 222 |
| 5.15 | Die klipfondament is duidelik sigbaar by die Pioniershuis in Silverton. | 222 |
| 5.16 | Hierdie foto, wat in 1955 geneem is, toon dat die mure van die Bronkhorsthuis nog sowat 0,50 meter hoog is. | 223 |
| 5.17 | Die mure of die klipfondament daarvan was in 1992 nog sowat 0,35 meter hoog. | 223 |
| 5.18 | 'n Stukkie steenware, afkomstig van 'n gemmerpot, is in opgrawing 5 gevind. | 224 |
| 5.19 | 'n Stukkie pypsteel, gemaak van kaolien, is in opgrawing 3 gevind. | 224 |
| 5.20 | Skerwe van 'n groen mineraalwaterbottel, gevind in opgrawing 2. | 225 |
| 5.21 | Spykers wat by die Bronkhorstruïne blootgelê is. | 225 |

**Hoofstuk 6**

| | | |
|---|---|---|
| 6.1 | Ligging van die watervoor in Kerkstraat-oos, Pretoria-sentraal. | 262 |
| 6.2 | Die terrein van die Kerkstraat-watervoor voor opgrawing. | 263 |
| 6.3 | Die voltooide argeologiese opgrawing (opgrawing 1) van die Kerkstraat-watervoor. | 264 |
| 6.4 | Bo-aansig en deursnit van opgrawing 1. | 265 |
| 6.5 | Die voltooide opgrawing 2. | 266 |
| 6.6 | Bo-aansing en deursnit van opgrawing 2. | 267 |
| 6.7 | 'n Kaart van Pretoria waarop 'n watervoor aangedui word. Die kaart dateer | |


Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA




| | | |
|---|---|---|
| | uit 1879. | 268 |
| 6.8 | 'n Vergroting van die 1879-kaart. Die leivoor ('n dun swart lyn wat deur die pyle aangedui word) loop vanaf Kerkplein aan die suidekant van Kerkstraat en dan skuins oor Van der Waltstraat, ten einde verder aan die noordekant van Kerkstraat te loop. | 269 |
| 6.9 | Hierdie foto, uit die jaar 1890, toon 'n oop watervoor aan die noordekant van Kerkstraat-oos. | 270 |
| 6.10 | Hierdie foto, gedateer tussen 1889 en 1892, toon geen voor of waterinlaat in die sypaadjie aan die suidekant van Kerkstraat-oos nie. | 270 |
| 6.11 | Die suidekant van Kerkstraat-oos uit die jare 1894/5. 'n Duidelike waterinlaat is sigbaar in die sypaadjie links op die foto. Dit is die straatblok net oos van die ondersoekgebied, dit wil sê tussen Andries- en Van der Waltstraat. | 271 |
| 6.12 | Hierdie foto van die ondersoekgebied uit die jaar 1892, toon 'n randsteen maar sonder enige waterinlaat. | 271 |
| 6.13 | 'n Foto van Kerkstraat-oos in 1904. Die vlak "voor" wat aan die suidekant (regs op die foto) teen die randsteen sigbaar is, het ten doel gehad om stormwater vinnig na waterinlate in die randsteen af te voer. Die foto bewys dat die watervoor wat ondersoek is, teen 1904 nog in gebruik was en dat dit 'n stormwatervoor was. | 272 |
| 6.14 | Hierdie foto toon duidelik links onder 'n waterinlaat in die randsteen by die ondersoekgebied. | 273 |
| 6.15 | Hierdie foto toon mangate in die sypaadjie (links) by die ondersoekgebied. Dit dateer uit 1906-1910 en bewys dat die watervoor teen hierdie datum nog in gebruik was. | 273 |
| 6.16 | 'n Argitekstekening van S Wierda uit 1893. Dit is planne vir oop- en bedekte watervore in Pretoria. | 274 |
| 6.17 | 'n Inspeksiegat wat deur die jare opgebou is tot by die hedendaagse metaaldeksel. | 275 |
| 6.18 | Detail van die konstruksie van die watervoor. | 276 |
| 6.19 | 'n Naby foto van die konstruksiedetail van die watervoor. | 276 |
| 6.20 | Die watervoor in Van der Waltstraat. | 277 |
| 6.21 | Hierdie foto van opgrawing 2 toon die randsteen wat waarskynlik kontemporêr met die watervoor is. | 278 |
| 6.22 | 'n Ou inspeksiegat op die hoek van Kerk- en Van der Waltstraat. | 279 |


Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



6.23 Die watervoor wat in Schoemanstraat gevind is. 280
6.24 Glasbottels wat in die Kerkstraat-stormwatervoor opgegrawe is. 281
6.25 Rekonstruksie van die watervoor en herbenutting daarvan vir toerisme. 281

**Hoofstuk 7**

7.1 Ligging van die Melrosehuis Museum in Pretoria. 302
7.2 Terreinplan, geteken in 1986, waarop die posisie van moontlike voetpaadjies aangebring is. 303
7.3 Terreinplan met die posisie van die 10 toetsslote daarop aangedui. 304
7.4 Toetssloot 1, laag 1. 305
7.5 Toetssloot 2, laag 1. 306
7.6 Toetssloot 2, laag 2. 307
7.7 Die voltooide toetssloot 1. Let op die rooi gekompakteerde laag, bestaande uit fyn klipperige materiaal. 308
7.8 Toetssloot 3, laag 1. 309
7.9 Toetssloot 4, laag 2. 310
7.10 Foto, geneem in 1988, wat 'n vae aanduiding van 'n moontlike paadjie gee. 311
7.11 Toetssloot 8, laag 1. 312
7.12 Toetssloot 8 voltooi. Let op die klippe wat as basis vir die paadjie gelê is. 313
7.13 Die klippe in toetssloot 8 van nader beskou. 314
7.14 Toetssloot 5, laag 1. 314
7.15 Toetssloot 6, laag 1. 315
7.16 Die voltooide toetssloot 6. Let op die klip wat as basis vir die paadjies uitgelê is. 316
7.17 Die klippe in toetssloot 6, van nader beskou 317
7.18 Hierdie foto, geneem in 1988, wys duidelik 'n voetpaadjie wat van links onder na regs in die middel loop. 317
7.19 Historiese foto van die tuin, oos van die woonhuis. Dit toon duidelik twee paadjies, een teen die oosgrens van die terrein en een onder die prieel. 318
7.20 Toetssloot 7 is op sekere plekke verdiep vanaf die vlak van laag 1, ten einde oorblyfsels van die paadjie te vind. 318
7.21 Die voltooide toetssloot 7. 319
7.22 Profiel van die voltooide toetssloot 7. Dit wys dat daar geen laag met

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA




| | | |
|---|---|---|
| | gekompakteerde materiaal, wat op 'n paadjie kan dui, gevind is nie. | 319 |
| 7.23 | Die voltooide toetssloot 9. | 320 |
| 7.24 | Toetssloot 10, laag 1. Let op die harde gekompakteerde materiaal en die klippe, wat daarop dui dat hier 'n voetpaadjie was. | 321 |
| 7.25 | Die voltooide toetssloot 10. Die klippe, wat die basis van die paadjie vorm, is meer duidelik sigbaar. | 322 |
| 7.26 | Tekens van gekompakteerde kleigrond, die oorblyfsels van die paadjie, is steeds sigbaar onder die prieel. | 323 |
| 7.27 | Porselein wat by Melrosehuis opgegrawe is. | 323 |
| 7.28 | Ongeïdentifiseerde porseleinskerwe wat by Melrosehuis opgegrawe is. | 324 |
| 7.29 | Aardewerkskerwe opgegrawe by Melrosehuis. | 324 |
| 7.30 | 'n Skerf van 'n medisynepotjie en gemaak van steenware, opgegrawe by Melrosehuis. | 325 |
| 7.31 | Glasskerwe gevind by Melrosehuis. | 326 |
| 7.32 | Metaalartefakte wat by Melrosehuis gevind is. | 327 |
| 7.33 | 'n Gedeelte van 'n handvatsel van 'n meubelstuk, gemaak van 'n koperallooi. | 328 |
| 7.34 | Beenmateriaal wat by Melrosehuis ontbloot is. | 329 |


**Hoofstuk 8**


| | | |
|---|---|---|
| 8.1 | Ligging van die Willem Prinsloo Landboumuseum. | 374 |
| 8.2 | Ligging van die plaas Kaalfontein met die 1913-huis deur ‘n pyl daarop aangedui. | 375 |
| 8.3 | Lugfoto van die 1913-huis. Dit is die huis in die middel van die foto. | 376 |
| 8.4 | Foto van die noordaansig van die 1913-huis teen ongeveer 1924. | 376 |
| 8.5 | Foto van die noordaansig van die 1913-huis, geneem in 1992, voor ontbosting. | 377 |
| 8.6 | Foto van die noordaansig van die 1913-huis, geneem in 1992, na ontbosting. | 377 |
| 8.7 | Plan van die 1913-huis gedurende 1924-1927. | 378 |
| 8.8 | Terreinkaart van 1913-huis en werf, met die opgrawings daarop aangedui. | 379 |
| 8.9 | Plan van die opgrawing van die bad- en strykkamer. | 380 |
| 8.10 | Aansig van die opgrawing van die bad- en strykkamer. | 381 |
| 8.11 | Detail van die gekompakteerde kleilaag onder die vloer van die bad- en | |


Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA




| | | |
|---|---|---|
| | strykkamer. | 381 |
| 8.12 | Plan van die opgrawing waar die watertenk en koeler verwag is. | 382 |
| 8.13 | Opgrawing van die verwagte posisie van die watertenk en koeler. | 383 |
| 8.14 | Plan van die opgrawing waar oorblyfsels van die rondawel gesoek is. | 384 |
| 8.15 | Opgrawing waar oorblyfsels van die rondawel gesoek is. | 385 |
| 8.16 | Plan van die opgrawing van die somershuisie. | 386 |
| 8.17 | Opgrawing van die somershuisie. | 387 |
| 8.18 | 'n Gedeelte van die misvloer van die somershuisie is ontbloot. | 388 |
| AGTERSTOEP: | | |
| 8.19 | Plan van die opgrawings. | 389 |
| 8.20 | Aansig van die opgrawing van die agterstoep. | 390 |
| 8.21 | Toetssloot 1, laag 2. | 390 |
| 8.22 | Plan, toetssloot 1, laag 2. | 391 |
| 8.23 | Plan, toetssloot 2, laag 1. | 392 |
| 8.24 | Toetssloot 2, laag 1. | 393 |
| 8.25 | Toetssloot 2, laag 2. | 394 |
| 8.26 | Plan, toetssloot 2, laag 2. | 395 |
| 8.27 | Plan, toetssloot 3, laag 1. | 396 |
| 8.28 | Toetssloot 3, laag 1. | 397 |
| 8.29 | Toetssloot 3, laag 2. | 398 |
| 8.30 | Plan, toetssloot 3, laag 2. | 399 |
| 8.31 | Plan, toetssloot 4, laag 2. | 400 |
| 8.32 | Toetssloot 4, laag 2. | 401 |
| 8.33 | Plan, toetssloot 5, laag 2. | 402 |
| 8.34 | Plan, toetssloot 6, laag 2. | 403 |
| 8.35 | Toetssloot 6, laag 2. | 404 |
| 8.36 | Toetssloot 7, laag 2. | 405 |
| 8.37 | Plan, toetssloot 7, laag 2. | 406 |
| 8.38 | Plan, toetssloot 8, laag 2. | 407 |
| 8.39 | Plan, toetssloot 9, laag 2. | 408 |
| 8.40 | Opgrawing in die seunskamer. | 409 |
| 8.41 | Profiel, toetssloot 1, seunskamer. | 410 |
| 8.42 | Plan van die opgrawings in die seunskamer. | 411 |


Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



8.43 Opgrawing in die voortuin. 412

ASHOOP:

8.44 Plan van die opgrawings. 413
8.45 Opgrawing van die ashoop. 414
8.46 Plan, toetssloot 1, laag 1. 415
8.47 Plan, toetssloot 1, laag 2. 416
8.48 Plan, toetssloot 1, laag 3. 417
8.49 Plan, toetssloot 1, laag 4. 418
8.50 Plan, toetssloot 1, laag 5. 419
8.51 Plan, toetssloot 2, laag 2. 420
8.52 Plan, toetssloot 2, laag 3. 421
8.53 Plan, toetssloot 2, laag 4. 422
8.54 Plan, toetssloot 2, laag 5. 423
8.55 Plan, toetssloot 3, laag 3. 424
8.56 Plan, toetssloot 3, laag 4. 425
8.57 Plan, toetssloot 3, laag 5. 426
8.58 Plan, toetssloot 4, laag 1. 427
8.59 Plan, toetssloot 4, laag 2. 428
8.60 Plan, toetssloot 4, laag 3. 429

8.61 Twee fragmente van 'n porseleinpiering (bo) en een van 'n steenware vleisbord (onder) wat by die 1913-huis opgegrawe is. 430
8.62 'n Oorspronklike porseleinkoppie en -piering wat aan Bettie Prinsloo behoort het. 431
8.63 'n Oorspronklike opdienbak wat ooreenstem met die skerf van 'n vleisbord, wat by die 1913-huis opgegrawe is (figuur 8.61). 432

**Hoofstuk 9**

9.1 Ligging van die Pionier Museum. 477
9.2 'n Ongedateerde foto van die pionierswoning op die plaas Hartebeestpoort 328JR. 478
9.3 'n Ongedateerde foto van die Edwardiaanse woning op dieselfde plaas. 478

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA




| | | |
|---|---|---|
| 9.4 | Terreinplan van die opgrawings. | 479 |
| 9.5 | Plan van die opgrawings by die eendedam. | 480 |
| 9.6 | Die voltooide opgrawing 1 by die eendedam. | 481 |
| 9.7 | Die voltooide opgrawing 3 by die eendedam. | 482 |
| 9.8 | Edwardiaanse huis: opgrawing 1, voor opgrawing. | 483 |
| 9.9 | Edwardiaanse huis: opgrawing 1, laag 1. | 483 |
| 9.10 | Edwardiaanse huis: opgrawing 1, laag 2. | 484 |
| 9.11 | Edwardiaanse huis: opgrawing 1.1, en 4, laag 2. | 485 |
| 9.12 | Edwardiaanse huis: opgrawing 4, laag 1. | 486 |
| 9.13 | Edwardiaanse huis: opgrawing 1.1 en 4, laag 3. | 487 |
| 9.14 | Edwardiaanse huis: Detail van fondament in opgrawing 4. | 488 |
| 9.15 | Edwardiaanse huis: opgrawing 2 voor opgrawing. | 488 |
| 9.16 | Edwardiaanse huis: opgrawing 2, laag 2. | 489 |
| 9.17 | Edwardiaanse huis: opgrawing 2.1, laag 3. Detail van fondament. | 489 |
| 9.18 | Edwardiaanse huis: opgrawing 2.1. Profiel van fondament. | 490 |
| 9.19 | Edwardiaanse huis: opgrawing 2.2. Profiel van fondament. | 491 |
| 9.20 | Edwardiaanse huis: opgrawing 2.2, laag 3. Detail van fondament. | 492 |
| 9.21 | Edwardiaanse huis: opgrawing 3, laag 1. | 493 |
| 9.22 | Edwardiaanse huis: opgrawing 3, laag 2. | 494 |
| 9.23 | Edwardiaanse huis: opgrawing 3.1, laag 3. | 495 |
| 9.24 | Edwardiaanse huis: opgrawing 3.1, laag 3. Detail van klippe, sink en mangatdeksel. | 495 |
| 9.25 | Edwardiaanse huis: opgrawing 3.2, laag 3. Detail van fondament. | 496 |
| 9.26 | Edwardiaanse huis: opgrawing 5, laag 1. | 497 |
| 9.27 | Edwardiaanse huis: opgrawing 5, laag 2. | 497 |
| 9.28 | Edwardiaanse huis: opgrawing 5.1, laag 3. | 498 |
| 9.29 | Edwardiaanse huis: opgrawing 5.1, laag 4. | 498 |
| 9.30 | Edwardiaanse huis: opgrawing 6, laag 2. | 499 |
| 9.31 | Edwardiaanse huis: opgrawing 6, laag 3. | 499 |
| 9.32 | Plan van die opgrawings by die Edwardiaanse huis, laag 2. | 500 |
| 9.33 | Plan van die opgrawings by die Edwardiaanse huis, laag 3. | 501 |
| 9.34 | Porseleinskerwe, opgegrawe by die Edwardiaanse huis by die Pionier Museum. | 502 |
| 9.35 | Aardewerkskerwe wat by die Edwardiaanse huis gevind is. | 502 |
| 9.36 | Steenwareskerwe wat by die Edwardiaanse huis gevind is. | 503 |


Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA




| | | |
|---|---|---|
| 9.37 | Drankbottelskerwe gevind by die eendedam en die Edwardiaanse huis. | 503 |
| 9.38 | Skerwe van koeldrank- en sodawaterbottels wat opgegrawe is. | 504 |
| 9.39 | Glasskerwe afkomstig van medisynebottels. | 504 |
| 9.40 | Glasskerwe van bottels wat vir huishoudelike gebruik aangewend is, is ook gevind. | 505 |
| 9.41 | Tafelgerei (glasskerf van ‘n wysglas - links), glasskerwe afkomstig van 'n lampskerm (middel) en ‘n melkglaspiering (regs), is opgegrawe. | 505 |
| 9.42 | Spykers gevind by die Edwardiaanse huis. | 506 |
| 9.43 | Dakskroewe en -wassers wat by die Edwardiaanse huis opgegrawe is. | 506 |
| 9.44 | Verskillende tipes moere gevind by die Edwardiaanse huis. | 507 |
| 9.45 | Prop van 'n wynbottel, gombuisie, skarnier van 'n wasgoedpennetjie en die agterkant van 'n polshorlosie wat by die Edwardiaanse huis opgegrawe is. | 507 |
| 9.46 | 'n Gedeelte van 'n juk opgegrawe by die Edwardiaanse huis. | 508 |
| 9.47 | Twee metaalringe, die groter een van koper, is by die Edwardiaanse huis opgegrawe. | 508 |
| 9.48 | Deksel van 'n mangat en 'n stuk sinkplaat gevind by die Edwardiaanse huis. | 509 |
| 9.49 | 'n Metaalhaak, vyl en gedeelte van 'n kurktrekker is by die Edwardiaanse huis opgegrawe. | 509 |
| 9.50 | 'n .303 patroondop en -punt en 'n .450 of .577 patroonpunt gevind by die Edwardiaanse huis. | 510 |
| 9.51 | Metaalslak wat by die Edwardiaanse huis opgegrawe is. | 511 |
| 9.52 | 'n Ongeïdentifiseerde werwel en ulna van 'n skaap of bok is by die eendedam gevind. | 511 |
| 9.53 | Ulna van 'n skaap of bok, toonbeen van 'n bees en toonbeen van 'n perd, opgegrawe by die Edwardiaanse huis. | 512 |
| 9.54 | Maaltand van 'n bees, snytand van 'n bees en maaltand van 'n skaap of bok. | 512 |
| 9.55 | 'n Perskepit en gebrande appelkoospitte gevind by die Edwardiaanse huis.en eendedam. | 513 |
| 9.56 | Gedeelte van 'n kurkprop gevind by die Edwardiaanse huis. | 513 |
| 9.57 | 'n Perlemoenkraletjie opgegrawe by die Edwardiaanse huis. | 514 |
| 9.58 | 'n Fragment van 'n wit plastiese knoop en 'n bruin plastiese knoop wat by die Edwardiaanse huis opgegrawe is. | 514 |


Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



# LYS VAN TABELLE

**Bladsy**

**Hoofstuk 3**

| | | |
|---|---|---|
| 3.1 | Verband tussen museumfunksies en bewaringswetgewing. | 69 |
| 3.2 | Die hoeveelheid histories-argeologiese artikels in Suid-Afrikaanse vaktydskrifte vir argeologie. | 93 |
| 3.3 | Teoretiese benaderings in histories-argeologiese artikels in Suid-Afrkaanse vaktydskrifte. | 95 |
| 3.4 | Meting van die wetenskaplike paradigmas in die argeologie ten opsigte van navorsingsbehoeftes. | 121 |
| 3.5 | Meting van die wetenskaplike paradigmas in die argeologie ten opsigte van erfenishulpbronbestuur. | 122 |

**Hoofstuk 4**

| | | |
|---|---|---|
| 4.1 | Tydlyn: Noordelike gedeelte van Gauteng. | 147 |
| 4.2 | Naam van plaaseienaars en plase, soos op die 1841 rapport aangedui. | 158 |
| 4.3 | Tydlyn van die gevallestudies en verwante gebeurtenisse in hierdie studie. | 170 |

**Hoofstuk 6**

| | | |
|---|---|---|
| 6.1 | Vergelyking tussen die afmetings van verskillende watervore en die argitekstekening van S Wierda. | 253 |

**Hoofstuk 9**

| | | |
|---|---|---|
| 9.1 | Beenmateriaal opgegrawe by die eendedam. | 465 |
| 9.2 | Beenmateriaal opgegrawe by die Edwardiaanse huis. | 466 |
| 9.3 | Tandmateriaal opgegrawe by die Edwardiaanse huis. | 467 |
| 9..4 | Pionier Museum Edwardiaanse huis: LST Pleistoseen/Vroeë Holoseen artefakte. | 472 |
| 9.5 | Pionier Museum Edwardiaanse huis: LST holoseen artefakte. | 473 |

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



**Hoofstuk 10**


| | | |
|---|---|---|
| 10.1 | Meting van die gevallestudies aan die hand van navorsingsbehoeftes. | 545 |
| 10.2 | Meting van die gevallestudies aan die erfenishulpbronbestuursbehoeftes. | 546 |
| 10.3 | 'n Opsomming van die praktiese toepassing van die onderskeie paradigmas in hierdie studie. | 551 |
| 10.4 | 'n Uitbreiding van die Kontekstuele paradigma om die Erfenisbestuursparadigma te vorm binne die toepassingsveld van die historiese argeologie. | 555 |


Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



## DANKBETUIGING

By voltooiing van hierdie proefskrif spreek ek graag my dank soos volg uit:

- Prof. A. Meyer, my promotor, vir sy insig, raad en onderskraging.
- Prof. J.S. Bergh, mede-promotor, vir sy kommentaar en ondersteuning.
- Kollegas van die Nasionale Kultuurhistoriese Museum, vir 'n verskeidenheid van hulp.
- Hieronder tel Mauritz Naude, Sam Moifatswane, Abel Mthombeni, Ansie Steyn, Anton Pelser, Corine Meyer, Jan van den Bos, Frank Teichert, Abel Molaba, Elias Molomo, Nelson Baloyi, Joseph Lebese, Pieter Kriel, Nerina Walters, Hannetjie van Wyk, Wayne Harley, Annie van de Venter en Piet van Wyk.
- Wyle mev. Driekie Vos, tikster by die Nasionale Kultuurhistoriese Museum, wat die teks getik het en alles bymekaar gehou het.
- Dr. W.J.G. Loots vir die taalversorging van die manuskrip.
- Studente van die Universiteit van Pretoria wat met sekere opgrawings gehelp het.
- Mnr H.P. Prinsloo, lektor aan die Universiteit van Pretoria en mev. D. Beukes, van die Transvaal Museum, vir hulp met die ontleding van sekere materiaal.
- Frik Dreyer van die Nasionale Kultuurhistoriese Museum vir hulp met fotomateriaal.
- Annemarie Carelsen, kollega by die Nasionale Kultuurhistoriese Museum en goeie vriendin wat altyd bereid was om te help met die opspoor van nuwe inligting.
- Carin Pelser, bibliotekaresse by die Nasionale Kultuurhistoriese Museum en goeie vriendin vir die haas onmoontlike inligting wat sy altyd met soveel dringendheid vir my opgespoor het.
- My ouers en familie vir aanmoediging en steun.
- My kinders, Merina en Karel, vir vele opofferings.
- My vrou vir die oorneem van die reuse taak om die finale manuskrip sorgvuldig te tik en met groot moeite korrek te hou.

Die grootste dank kom my Hemelse Vader toe vir die krag wat Hy my gebied het om hierdie studie, soms onder moeilike omstandighede, te voltooi.

Anton Carl van Vollenhoven
Pretoria Datum: 19/02/2001

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



# SAMEVATTING

## 'N VOORGESTELDE PARADIGMA VIR NAVORSING OP HISTORIES-ARGEOLOGIESE ERFENISHULPBRONTERREINE IN SUID-AFRIKA AAN DIE HAND VAN GEVALLESTUDIES VIR NOORDELIKE GAUTENG

'n Literatuurstudie met betrekking tot wetenskapsdimensies, erfenishulpbronbestuur, die definiëring van historiese argeologiese, die stand van historiese argeologie, wetenskaplike paradigmas in die argeologie, historiografie en metodeleer is onderneem, ten einde die stand daarvan te bepaal en om vas te stel watter paradigma toepaslik vir histories-argeologiese navorsing is. Sodanige ondersoek is van belang geag, daar die paradigmas hoofsaaklik op prehistoriese argeologie gefokus is en nie sonder meer op histories-argeologiese navorsing toegepas kon word nie. Die bykomende aspekte wat nagevors is, is bestudeer sodat historiese argeologie gedefinieer en binne die raamwerk van wetenskapsdimensies en historiese navorsing geplaas kon word. Navorsings- en erfenishulpbronbestuursbehoeftes is ook op hierdie wyse vasgestel.

Uit die ondersoek het dit geblyk dat daar vyf paradigmas is wat moontlik in die historiese argeologie aangewend kan word, naamlik die Kultuurhistoriese, Kultuurproses-, Strukturalistiese, Kontekstuele en Neo-Marxistiese. Laasgenoemde drie word soms ook gesamentlik die Post-proses-paradigma genoem. Hiervan het die Kontekstuele paradigma die mees toepaslike geblyk te wees. Hierdie paradigma is op vyf gevallestudies van histories-argeologiese navorsing aangewend ten einde die toepaslikheid daarvan te toets. Die ander paradigmas is aan die hand hiervan gemeet.

Die vyf gevallestudies kom almal uit noordelike Gauteng en weerspieël verskillende aspekte van die lewenswyse van blankes tussen ongeveer 1840 en 1940 in die gebied. Die gevallestudies is die Lucas Bronkhorstruïne, Kerkstraat-watervoor, Melrosehuis se voetpaadjies, Willem Prinsloo Landboumuseum se 1913-huis en die Pionier Museum se Edwardiaanse huis en eendedam.

Uit die toepassing was dit duidelik dat die meerderheid van die paradigmas slegs in 'n geringe mate benut kon word. Slegs een paradigma het 'n groter toepassingswaarde gehad, naamlik die Kontekstuele paradigma. Dit was egter duidelik dat hierdie paradigma uitgebrei moes word ten einde ook die behoeftes van erfenishulpbronbestuur aan te spreek. Hierdie uitbreiding, bekend as

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



die Erfenishulpbronbestuursparadigma, is ten slotte verduidelik.

Gevolglik is die slotsom waartoe geraak word: die Kontekstuele paradigma, word beskou as die mees geskikste paradigma waarbinne navorsing in die historiese argeologie aangepak behoort te word. Die toepassing hiervan in die historiese argeologie sal daaraan 'n fundamentele teoretiese onderbou voorsien en sodoende die historiese argeologie sy regmatige plek in die vakwetenskap argeologie laat inneem. Deur dit uit te bou (die Erfenishulpbronbestuurparadigma), is dit moontlik om die behoeftes van erfenishulpbronbestuur, bo en behalwe die doelwitte van historiese argeologie en die navorsingsbehoeftes aan te spreek.

**Erfenishulpbronbestuur, historiese argeologie, noordelike Gauteng, Lucas Bronkhorstruïne, Kerkstraat-watervoor, Melrosehuis se voetpaadjies, Willem Prinsloo Landboumuseum se 1913-huis, Pionier Museum se Edwardiaanse huis, Kontekstuele paradigma, Erfenishulpbronbestuursparadigma.**

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



## SYNOPSIS


### A PROPOSED PARADIGM FOR RESEARCH ON HISTORICAL-ARCHAEOLOGICAL HERITAGE RESOURCE SITES IN SOUTH AFRICA IN VIEW OF CASE STUDIES IN NORTHERN GAUTENG

To determine the situation concerning the scientific paradigms in archaeology, a study of literature was undertaken. This was appropriate to establish the most suitable paradigm for historical-archaeological research, as the paradigms were mainly applied to prehistorical archaeology in the past and could not be simply applied to historical archaeology. Other aspects that were studied were the dimensions of science, heritage resources management, the definition and state of historical archaeology, historiography and methodology. These were studied to define historical archaeology and to place it within the framework of the dimensions of science and historical research. In this way research and heritage resources management requirements were established.

From the investigation it appeared that five paradigms could be applied to historical archaeology, namely the Cultural historical, Cultural process, Structuralist, Contextual and Neo-Marxist. The last three is sometimes jointly called the Post-process paradigm. The Contextual paradigm proved to be the most suitable and was applied to five case studies of historical-archaeological research to test its suitability. The other paradigms were judged with regard to the result of this application.

The case studies, from northern Gauteng, reflect aspects of the lifestyle of whites between approximately 1840 and 1940. These are the Lucas Bronkhorst ruin, Church Street water furrow, Melrose House's footpaths, Willem Prinsloo Agricultural Museum's 1913 house and Pioneer Museum's Edwardian house.

It became clear from the application that the majority of the paradigms could be utilized to an extent. One of the paradigms had a larger applicability, namely the Contextual paradigm. It was however clear that this paradigm had to be extended to address the requirements of heritage resources management. This extended paradigm, known as the Heritage Resources Management paradigm, is explained.


Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Consequently the conclusion of the study is that the Contextual paradigm is the most suitable paradigm for use in historical-archaeological research. The application thereof in historical archaeology should provide a fundamental theoretical substructure to give historical archaeology its rightful place in the science of archaeology. By extending it (the Heritage Resources Management paradigm) it is possible to address the requirements and aims of heritage resources management, historical archaeology and research requirements.

**Heritage resouces management, historical archaeology, northern Gauteng, Lucas Bronkhorst ruin, Church Street water furrow, Melrose House's foot paths, Willem Prinsloo Agricultural Museum's 1913 house, Pioneer Museum's Edwardian house, Contextual paradigm, Heritage Resources Management paradigm.**

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

# HOOFSTUK 1

# PROBLEEMFORMULERING

"The only thing we learn from archaeology is that people never learn anything from archaeology." (Philip Rahtz, **Invitation to archaeology** 1985:15).

## 1. INLEIDING

Na aanleiding van die eise wat deur nuwe wetgewing aan wetenskaplike navorsing gestel word, veral met betrekking tot die aanspreek van gemeenskapsbehoeftes, is dit duidelik dat daar leemtes bestaan in die navors van histories-argeologiese terreine in Suid-Afrika. Hierdie leemtes hou verband met die fokus op die konvensionele wetenskaplike paradigmas, waardeur die behoeftes van (kultuur)[1]erfenishulpbronbestuur aangespreek kan word.

Hierdie leemte kom duidelik in hoofstuk 2 na vore. Die gevolg hiervan is dat daar geen omvattende bron bestaan wat alle relevante aspekte, met die oog op die problematiek van hierdie studie, aanspreek nie. Die relevante aspekte waarna verwys word, is navorsingsdimensies, erfenishulpbronbestuur, die definiëring van historiese argeologie, die stand van historiese argeologie in Suid-Afrika, wetenskaplike paradigmas in die argeologie, historiografie en metodeleer.

---

[1]Die term erfenishulpbronbestuur word gebruik omdat dit ooreenstem met die terminologie in die nuutste wetgewing, naamlik die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne (Wet no 25 van 1999). Dit moet egter in gedagte gehou word dat dit in hierdie studie oor die kultuur- en nié die natuurerfenis gaan nie.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Vir die meeste van die bogenoemde aspekte bestaan daar enkele gesaghebbende bronne, wat dan ook in hierdie studie benut is (vergelyk hoofstuk 2 en 3). Drie van hierdie aspekte moes in detail bestudeer word alvorens daar tot gevolgtrekkings gekom kon word. Ten opsigte van die definiëring van historiese argeologie moes verskeie bronne wat verskillende standpunte huldig, benut word. Daarenteen het die bestudering van 'n groot aantal bronne in verband met die wetenskaplike paradigmas in die argeologie minder verskil, sodat een bron uiteindelik in hoofsaak benut kon word. Dit is nietemin met ander tersaaklike bronne aangevul. Om hierdie rede word 'n beredenering van die paradigmas in hierdie studie uitgesluit, maar word die aangeleentheid kortliks vermeld. Om die stand van historiese argeologie in Suid-Afrika te bepaal, is daar gesteun op die wetenskaplike artikels wat in die negentigerjare oor hierdie onderwerp verskyn het. Ander leemtes wat in hoofstuk 2 uitgewys word, is die volgende:

- Wetenskaplike paradigmas in die argeologie was tot dusver hoofsaaklik op prehistoriese argeologie toegespits.
- Probleme in die historiese argeologie is dikwels makliker as probleme in prehistoriese argeologie opgelos, sonder enige doelbewuste of met betreklik min teoretiese onderbou.
- Gevolglik het historiese argeologie nog nie sy regmatige plek in die argeologie ingeneem nie.
- Die paradigmas in die argeologie se geldigheid is nog nie aan die hand van voorbeelde uit die historiese argeologie gedemonstreer en ten opsigte van die behoeftes van erfenishulpbronbestuur toegepas nie.

Hieruit kan die probleem ten opsigte van hierdie studie geformuleer word.

## 2. PROBLEEM

Paradigmas in die argeologie het gedeeltelik saam met die vak ontwikkel. Omdat die vak aanvaklik hoofsaaklik prehistoriese vraagstukke probeer oplos het, is die paradigmas van die vak hoofsaaklik op prehistoriese argeologie gefokus. Die historiese argeologie is 'n relatief nuwe veld van die vakwetenskap argeologie (Hall & Markell 1993:4). Min vakteoretiese debatte is gevolglik oor paradigmas en die historiese argeologie gevoer. Die rede hiervoor is waarskynlik omdat probleme in die historiese argeologie dikwels opgelos kon word sonder doelbewuste diepgaande teoretiese onderbou (vergelyk bv. Orser 1996:4-16 en tabel 3.3 in hoofstuk 3).

Dit beteken dat historiese argeologie nog tot ‘n groot mate in sy kinderskoene staan in soverre dit die vakwetenskap argeologie betref. 'n Verdere gevolg is dat die geldigheid van paradigmas in die argeologie nog nie aan die hand van die historiese argeologie gedemonstreer is nie. Alleen deur dit te doen kan daar bepaal word of die paradigmas aan die navorsingsbehoeftes voldoen.

Vanweë die toenemende druk wat deur die gemeenskap uitgeoefen word ten einde hulle kultuurerfenis te bewaar (die sogenaamde inheemse erfenis), is dit noodsaaklik dat ook hierdie behoeftes aangespreek moet word. Hiermee hang saam die vereistes soos deur nuwe wetgewing daargestel. Die implikasie hiervan is dat die paradigmas in die argeologie ook aan die erfenishulpbronbestuursbehoeftes sal moet voldoen indien dit op geldigheid wil aanspraak maak. Derhalwe blyk dit dat die studie veel eerder op ‘n praktiese behoefte-analise sal fokus as op ‘n logies-akademiese analise. Dit is veral waar ten opsigte van die wetenskaplike paradigmas in die argeologie wat gevolglik slegs samevattend hanteer sal word.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Sommige paradigmas in die argeologie sal waarskynlik geensins in die historiese argeologie of erfenishulpbronbestuur toegepas kan word nie, terwyl ander in 'n mindere of meerdere mate 'n toepassing in een of beide van die bostaande sal vind. Navorsingstrategieë vir prehistoriese en historiese argeologie, verskil ook meermale van mekaar (Beaudry 1998:1). Die probleem wat opgelos moet word, is om 'n paradigma te vind wat die maklikste tot historiese argeologie en erfenishulpbronbestuur spreek, of wat met die geringste wysiging aangepas kan word om aan navorsings- en erfenishulpbronbestuurbehoeftes binne die historiese argeologie te voldoen.

Dit is belangrik om daarop te let dat hierdie behoeftes soms in stryd met mekaar kan wees. Hierdie kwessie is deel van die probleem wat in hierdie proefskrif aangespreek sal word.

## 3. PROBLEEMSTELLING

Die geldigheid van wetenskaplike paradigmas is nog nie vantevore ten opsigte van histories-argeologiese erfenishulpbronne gedemonstreer en ten opsigte van die behoeftes van erfenishulpbronbestuur toegepas nie.

## 4. DOELSTELLING

Om te bepaal watter wetenskaplike paradigma in die argeologie die mees geskikte is vir navorsing op histories-argeologiese erfenishulpbronne, ten einde die behoeftes van erfenishulphulpbronbestuur aan te spreek.

## 5. DOELWITTE

Die doelwitte van hierdie studie, soos dit uit die probleemstelling voortspruit, is soos volg:

5.1 Om navorsings- en erfenishulpbronbestuursbehoeftes te bepaal.

5.2 Om die begrip historiese argeologie in die konteks van hierdie proefskrif te definieer.

5.3 Om die stand van historiese argeologie in Suid-Afrika vas te stel.

5.4 Om 'n samevattende oorsig van paradigmas in die argeologie te gee.

5.5 Om te bepaal watter paradigma(s) in die historiese argeologie toegepas kan word.

5.6 Om 'n kort oorsig van denkskole in die geskiedeniswetenskap te gee ten einde die aansluiting daarvan met teoretiese benaderings in die argeologie aan te dui.

5.7 Om argeologiese en historiese metodologie te kombineer.

5.8 Om die "gekose" paradigma(s) te demonstreer deur dit op 'n aantal gemeenskapsgerigte gevallestudies van histories-argeologiese navorsing in noordelike Gauteng toe te pas.

5.9 Om aan te toon hoe die gevallestudies benut is ten opsigte van die behoeftes van erfenishulpbronbestuur.

5.10 Om die "gekose" paradigma(s) aan te pas met die oog op erfenishulpbronbestuur en om, indien nodig, 'n nuwe model te ontwikkel wat as praktiese riglyn vir erfenisbestuurders kan dien.

## 6. METODE

### 6.1 Literatuurondersoek

Die eerste oogmerk van hierdie studie is 'n ondersoek na toepaslike literatuur. Aspekte wat aangespreek sal word is navorsingsdimensies, erfenishulpbronbestuur, die definiëring van historiese argeologie, die stand van historiese argeologie, wetenskaplike paradigmas in die

argeologie, historiografie en metodeleer. Op hierdie wyse sal die studie binne die breë konteks van die Suid-Afrikaanse geskiedskrywing geplaas word.

Elkeen van die aspekte sal uit die oogpunt van die behoeftes van navorsing en erfenishulpbronbestuur beskou word. Op grond hiervan sal bepaal word welke paradigma(s) in die historiese argeologie gedemonstreer en ten opsigte van die behoeftes van erfenishulpbronbestuur toegepas kan word. 'n Aanduiding sal ook gegee word in welke mate 'n spesifieke paradigma benut kan word, indien daar bevind word dat meer as een paradigma toepaslik kan wees.

Uit die ondersoek sal dit blyk dat die Kontekstuele paradigma tot ‘n groter mate as enige van die ander paradigmas hiervoor geskik is. Hierdie paradigma sal aan die hand van die navorsings- en erfenishulpbronbestuursbehoeftes uitgebrei word tot ‘n Erfenishulpbronbestuursparadigma. Die versoening tussen navorsingsvereistes en die belang van die gemeenskap, wat ‘n belangrike deel van die erfenishulpbronbestuursbehoeftes vorm, sal ook aandag geniet.

‘n Bibliografie volg na hoofstuk 10. Hierin word alle verwysings wat geraadpleeg is, in kategorieë ingedeel en alfabeties per kategorie vermeld.

## 6.2 Gevallestudies

In hoofstuk 2 word daar aangedui dat die toepaslike paradigma(s) aan die hand van vyf gemeenskapsgerigte gevallestudies gedemonstreer sal word. Die eerste twee is navorsingsprojekte waar die Kontekstuele paradigma aanvanklik nie gebruik is nie. Hierdie twee

navorsingsprojekte sal kortliks bespreek en geëvalueer word. Tekortkominge, indien enige, sal uitgewys word en daar sal aangetoon word in watter mate hierdie moontlike tekortkominge reggestel kan word. Die resultate van bykomende navorsing, op grond van die aanwending van die Kontekstuele paradigma, sal volledig aandag geniet.

Die oorblywende drie gevallestudies sal volledig weergegee word omdat volledigheid een van die voorvereistes van die Kontekstuele paradigma is. In al drie gevalle is daar binne die Kontekstuele paradigma gewerk. Daar sal ook aangetoon word hoe die gevallestudies die erfenishulpbronbestuursbehoeftes aanspreek. Die resultate hiervan sal bespreek word. Die detail in verband met die doel, metodiek, bevindinge en ander toespaslike inligting, word by die betrokke gevallestudie aangetref.

### 6.2.1 Historiese ondersoek

Aangesien die gevallestudies voorbeelde van histories-argeologiese navorsing is, sal 'n ondersoek na die historiese inligting ten opsigte van elkeen van die bestudeerde terreine gedoen word. Historiese inligting (die historiese konteks) sal so volledig moontlik ingesamel word. Hiervoor sal argivale dokumente, literatuur en mondelinge getuienis ingespan word. Argivale dokumente sal nie aan eksterne kritiek onderwerp word nie, omdat daar aanvaar word dat dit outentiek is, deurdat dit in argiefbewaarplekke opgeneem is. Die historiese inligting sal weliswaar aan interne kritiek onderwerp word.

### 6.2.2 Argeologiese ondersoek

Die histories-argeologiese terreine wat as gevallestudies gebruik word, is volgens argeologiese metodes ondersoek. Hierdie argeologiese konteks sluit onder andere die kartografiese

lokalisering, terreinbeskrywing, opgrawing, plantekening, identifisering en analise van opgrawingsmateriaal en verklaring in. Daar sal so volledig moontlik hieroor verslag gedoen word, sodat leemtes in die totale konteks van elke terrein tot 'n minimum beperk kan word.

### 6.3 Analise en sintese

Elke gevallestudie sal gebruik word om die moontlike toepaslike paradigma(s) te toets, dit wil sê die data en teorie sal met mekaar gepas word. Die mees aanvaarbare paradigma, indien enige, sal hieruit blyk. Indien geen paradigma die toets deurstaan nie, sal die een wat met die minste aanpassing gewysig kan word en sodoende die toets deurstaan, gekies word. Hierdie aanpassing sal dien as 'n riglyn vir 'n nuwe erfenishulpbronbestuursparadigma en sal sodoende 'n bydrae tot die ontwikkeling van die vakteorie daarstel. Die nuwe paradigma sal 'n versoening tussen die vereistes van navorsing en dié van erfenishulpbronbestuur daarstel.

## 7. SAMESTELLING VAN DIE PROEFSKRIF

Hoofstuk 1 word gebruik om die probleemstelling te formuleer. Die doelwitte wat uit die probleemstelling spruit, word ook vasgestel. Hierna word die metode van die studie en samestelling van die proefskrif bespreek.

In hoofstuk 2 word die verkennende literatuurstudie bespreek. Dit behels 'n oorsig van die verskillende bronne wat benut is vir die skryf van hoofstuk 3. Hieruit word bevindinge gemaak wat bepalend was vir die formulering van die probleemstelling.

In hoofstuk 3 word die onderskeie teoretiese aspekte wat op die studie van toepassing is bespreek. Dit behels navorsingsdimensies, erfenishulpbronbestuur, die definiëring van historiese argeologie, die vasstel van die status van historiese argeologie in Suid-Afrika, wetenskaplike paradigmas in die argeologie, historiografie en metodeleer. Kriteria vir navorsings- en erfenishulpbronbestuursbehoeftes word vasgestel. Ten slotte word die Kontekstuele paradigma geselekteer as die toepaslike ten opsigte van die probleemstelling van die studie.

Hoofstuk 4 skets die omgewing en agtergrondsgeskiedenis van noordelike Gauteng. Dit is die geografiese gebied waarbinne al vyf die gevallestudies wat in die proefskrif gebruik word, val. Hierin word verwys na die geologie, klimaat, natuurlike en kulturele omgewing. Die voorgeskiedenis en historiese tydperk in die gebied word ook kortliks bespreek. Op hierdie wyse word die gevallestudies binne 'n groter geheel geplaas en gekontekstualiseer.

Hoofstuk 5-9 bespreek elk een van die vyf gevallestudies as volledige histories-argeologiese navorsingsprojek. Aandag word aan die ligging, terreinbeskrywing, historiese agtergrond, argeologiese ondersoek, beskrywing van verskynsels en kulturele materiaal en verklaring daarvan gegee. Die toepassing daarvan ten opsigte van erfenishulpbronbestuur kry ook aandag. Die hoofstukke is chronologies ingedeel en handel kortliks oor die volgende:

Hoofstuk 5 - Lucas Bronkhorstruïne

Hoofstuk 6 - Kerkstraat-watervoor

Hoofstuk 7 - Melrosehuis se voetpaadjies

Hoofstuk 8 - Willem Prinsloo Landboumuseum se 1913-huis

Hoofstuk 9 - Pionier Museum se Edwardiaanse huis

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

In die slothoofstuk, hoofstuk 10, word die moontlike paradigmas wat 'n teoretiese basis vir historiese argeologie kan verskaf (soos bepaal in hoofstuk 3), aan die hand van elke gevallestudie geëvalueer. Dit word ook ten opsigte van die behoeftes van erfenishulpbronbestuur toegepas. 'n Samevatting word hiervan gemaak en daar word bepaal watter paradigma die mees geskikte is om binne die historiese argeologie aangewend te word. Ten slotte word hierdie paradigma aangepas en kortliks ten opsigte van die aanwending binne die historiese argeologie en erfenishulpbronbestuur verduidelik.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# HOOFSTUK 2

# LITERATUUROORSIG

"Kennis en wysheid verryk die lewe van hom wat dit besit" (Prediker 7:12).

## 1. INLEIDING

Die fokus van hierdie studie is om histories-argeologiese terreine vanuit die behoeftes van erfenishulpbronbestuur en basiese navorsing te benader. Na aanleiding hiervan en alvorens daar in diepte navorsing gedoen kon word, was dit nodig dat die stand van navorsing ten opsigte hiervan bepaal word. Dit was ook nodig dat verskeie verbandhoudende aspekte bestudeer word. In hierdie hoofstuk word die belangrikste bronne wat met die teoretiese aspekte van hierdie studie (hoofstuk 3) verband hou, geëvalueer. Bronne wat op die praktiese hoofstukke van die studie van toepassing is, sal ook bespreek word.

Die literatuur wat vermeld word, het te make met die onderskeie afdelings soos uiteengesit in hoofstuk 3 en word in hierdie hoofstuk op dieselfde wyse ingedeel. Groter klem val egter op afdeling 4, 5 en 6, omrede hierdie studie vanuit 'n argeologiese perspektief aangepak word. Gevolglik sal meer bronne wat met historiese argeologie en wetenskaplike paradigmas in die argeologie te doen het, bespreek word. In soverre dit die ander afdelings aangaan, sal slegs relevante bronne wat as gesaghebbend beskou word, benut word.

Ten opsigte van die literatuur wat benut is om historiese inligting oor die gevallestudies in te samel, sal net die belangrikste werke, wat verband hou met die probleem wat ondersoek word, hanteer word. Die beredenering sal interne kritiek behels, dit wil sê die geloofwaardigheid van

die bronne sal bespreek word. Minder belangrike werke, word in die betrokke hoofstukke aangetref en word nie bespreek nie, omdat die inligting daaruit gewoonlik nie kontroversieel is nie.

## 2. LITERATUUR MET BETREKKING TOT WETENSKAPSDIMENSIES

Omdat hierdie studie gedoen word vanuit die raamwerk van kultuurerfenisgerigte navorsing en nie vanuit die oogpunt van huidige wetenskaplike paradigmas in die argeologie nie, is dit nodig om aan die onderliggende dimensies van wetenskapsbeoefening aandag te gee. Twee bronne word as gesaghebbend in hierdie verband beskou, aangesien dit algemeen aan universiteite in Suid-Afrika voorgeskryf word, met die doel om studente in geesteswetenskaplike navorsing in te lei. Gevolglik is slegs hierdie bronne vir hierdie afdeling benut.

Die eerste bron is die hoofstuk van J Mouton in die werk van JG Garbers (1996). Die hoofstuk is getiteld "Die aard en struktuur van wetenskapbeoefening" en gee 'n uiteensetting van wat wetenskap is, sowel as van die dimensies daarvan. Die titel van die boek is **Doeltreffende geesteswetenskaplike navorsing**.

Die tweede werk is dié van J Mouton en HC Marais, **Metodologie van die geesteswetenskappe** (1985). Hoewel die werk effens verouderd is, is dit steeds waardevol, veral ten opsigte van die onderskeie navorsingsdimensies. Dit is dan ook benut om hierdie aspek uit eersgenoemde bron aan te vul.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

## 3. LITERATUUR MET BETREKKING TOT ERFENISHULPBRONBESTUUR

Daar bestaan tans een samevattende Suid-Afrikaanse bron ten opsigte van erfenishulpbronbestuur, naamlik die M.A.-tesis van AC van Vollenhoven met die titel **Kultuurhulpbronbestuur (KHB) binne die funksionele konteks van museums in Suid-Afrika** (1998a). Die nut van die werk is veral geleë in die erfenishulpbronbestuursbehoeftes wat daarin uitgewys word. In hierdie werk word toepaslike bronne, wat ook bronne van buite Suid-Afrika insluit, saamgevat, bespreek en geëvalueer. Omdat die tesis gevolglik die spektrum van kultuurhulpbronbestuur (oftewel erfenishulpbronbestuur) op 'n wetenskaplik verantwoordbare wyse dek, word dit as vertrekpunt vir hierdie proefskrif benut.

Aanvullende inligting is vanaf die internet verkry en is ook in hierdie studie gebruik. 'n Volledige lys hiervan word in hoofstuk 3 aangetref, maar die belangrikste hiervan is **The Australian ICOMOS charter for the conservation of places of cultural significance (The Burra charter) (1996b)** en die **International charter for the conservation and restaration of monuments and sites (the Venice charter) (1964).** Deur die gebruik hiervan was dit moontlik om die Suid-Afrikaanse kultuurerfenis in 'n breër internasionale konteks te verstaan.

Die leemte in hierdie werk is dat dit nie voorsiening maak vir die implikasies van veranderde wetgewing nie, omdat dit geskryf is voor die aanvaarding van nuwe wetgewing in verband met die Suid-Afrikaanse erfenis. Daarom word die nuutste wetgewing in Suid-Afrika in hierdie verband, naamlik die **Wet op die Nasionale Erfenisraad** (Wet no 11 van 1999) en die **Wet op**

**Nasionale Erfenishulpbronne** (Wet no 25 van 1999), wat op 1 April 2000 in werking getree het, ook geraadpleeg. 'n Besondere vernuwende aspek van hierdie wetgewing is dat dit groot klem op die belang van die gemeenskap by die bewaring van die kultuurerfenis plaas. Gevolglik sal hierdie belangrike aspek besonderse vermelding kry, hoewel min bronne daaroor handel. Die belangrikste verskil tussen hierdie studie en die M.A.-verhandeling waarna verwys word, is die bespreking van hierdie wetgewing wat in hoofstuk 3 sal plaasvind. Verder het die 1998-studie ook die voormalige wetgewing bespreek, wat nou nie meer van toepassing is nie. Dit het ook slegs op kultuurhulpbronbestuur gefokus, waar dit in hierdie studie oor die toepassing van wetenskaplike denkrigtings op histories-argeologiese erfenishulpbronne gaan. Ook die **Wet op Nasionale Omgewingsbestuur** (Wet no 107 van 1998), wat nie in die 1998-studie gebruik is nie, is nou benut, aangesien dit ook na die bewaring van die kultuurerfenis verwys.

Die laaste twee bronne wat in hierdie verband benut is, was nie van groot belang nie. Hier word verwys na MH Sykes se **Manual on systems of inventorying immovable cultural property** (1984) en J Schofield se **Monuments of war. The evaluation, recording and management of twentieth-century military sites** (1998).

## 4. LITERATUUR MET BETREKKING TOT DIE DEFINIëRING VAN HISTORIESE ARGEOLOGIE

Die term "historiese argeologie" en "prehistoriese argeologie" wat gebruik word, het geensins ten doel om degraderend ten opsigte van enige groep, gemeenskap of individu te wees nie. Dit word as 'n versamelnaam beskou, waaronder verskeie aspekte van die vakwetenskap argeologie bestudeer word en verteenwoordig eerder 'n metodologiese as 'n ideologiese siening (vergelyk punt 4 in hoofstuk 3).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die belangrikste bron wat in hierdie afdeling benut is, is die werk van CE Orser (jr.) & BM Fagan, **Historical archaeology** (1995). Die bron fokus veral op die verskillende definisies van historiese argeologie oor die jare, maar was ook nuttig ten opsigte van die geskiedenis van historiese argeologie in die VSA.

'n Ander bron wat nuttig was vir die geskiedenis van historiese argeologie in die VSA, is RL Schuyler se **Historical archaeology: a guide to substantive and theoretical contributions** (1978). In hierdie werk is verskeie bydraes van historiese argeoloë sedert die begin van hierdie eeu opgeneem.

Omdat die benadering ten opsigte van historiese argeologie in Europa van dié in die VSA verskil, is Europese bronne ook benut (vergelyk punt 4 in hoofstuk 3). Ten opsigte van die geskiedenis van historiese argeologie in Europa en Brittanje is daar veel minder bronne beskikbaar. Daar is gesteun op I Hodder se **Archaeological theory in Europe. The last three decades** (1991) en sy **Reading the past. Current approaches to interpretation in archaeology** (1995), sowel as DP Dymond se **Archaeology and history. A plea for reconciliation** (1974). Die resultate hiervan was nie naastenby so bevredigend as ten opsigte van die VSA nie.

Om die geskiedenis van historiese argeologie in Suid-Afrika na te gaan, was 'n veel makliker taak. Die belangrikste bron wat hiervoor benut is, was M Hall & A Markell se **Historical archaeology in the Western Cape** (1993). Die bron gee die geskiedenis van historiese argeologie weer, maar fokus ongelukkig net op 'n enkele geografiese gebied. Ten einde dit aan te

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

vul moes 'n verskeidenheid voorbeelde van historiese argeologie regoor Suid-Afrika opgespoor en benut word.

By die bespreking van die verskillende moontlike definisies van historiese argeologie was die volgende bronne nuttig: CE Orser (jr.) se **A historical archaeology of the modern world** (1996), RL Schuyler se **Historical and historic sites archaeology as anthropology** (1970), S South se **Method and theory in historical archeology** (1977a) en sy **Research strategies in historical archeology** (1977), J Deetz se **In small things forgotten. The archaeology of early American life** (1977), JM Dederen se artikel "Nieuwe archeologie in etnologisch retrospectief" in die **Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Etnologie** (1989), AC van Vollenhoven se **Die militêre fortifikasies van Pretoria 1880-1902. 'n Studie in die historiese argeologie** (1995a), JAJ Gowlett se werk **Ascent to civilization. The archaeolgy of early man** (1984), AC van Vollenhoven se artikel in die **Tydskrif vir Geesteswetenskappe** met die titel "Historiese argeologie: 'n voorgestelde definisie", L Falk se **Historical archaeology in global perspective** (1991) en die reeds genoemde werk van Dymond. Die genoemde werke het definisies en besprekings van wat met historiese argeologie bedoel word gegee, wat in die uiteensetting dáárvan in hierdie studie benut is. Van Vollenhoven (1995) was ook aangewend in die finale samestelling van 'n definisie vir historiese argeologie.

Werke wat tot 'n mindere mate benut is, maar tog belangrike aspekte van historiese argeologie aangeraak het, is die volgende: RJ Barber se **Doing historical archaeology** (1994), MC Beaudry se **Documentary archaeology in the new world** (1988), JCA Boeyens se proefskrif **Die latere Ystertydperk in suidoos- en sentraal Marico** (1998), RS Dickens se **Archaeology of urban America** (1982), I Hodder se **The archaeology of contextual meanings** (1987), I Noël-Hume se

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

**Historical archaeology** (1975), P Rahtz se **Invitation to archaeology** (1985), C Renfews & P Bahn se **Archaeology. Theories, methods and practice** (1991), PR Schmidt se **Historical archaeology. A structural approach in an African Culture** (1978), HN Vos se M.A.-tesis **An historical and archaeological perspective of colonial Stellenbosch** (1993) en AE Yentsch & MC Beaudry se **The art and mystery of historical archaeology** (1992).

Sommige van die genoemde werke bestaan uit bydraes van verskeie argeoloë, sodat daar dikwels van meer as een skrywer uit sodanige werk gebruik gemaak kon word. Hieronder tel KJ Bragdon, CE Cleland & JE Fitting, K Deagan, CR Fish, AC Goodyear III, JC Harrington, H Langhorne & LE Babits, MP Leone, MB Schiffer en C Schrire (sien bronnelys vir volledige besonderhede). Ander werke wat benut is, maar nie hier gemeld word nie, was nie van besonderse belang nie.

## 5. LITERATUUR MET BETREKKING TOT DIE STAND VAN HISTORIESE ARGEOLOGIE IN SUID-AFRIKA

Vir hierdie afdeling is daar gesteun op die artikels wat deur argeoloë in vakwetenskaplike tydskrifte geplaas is. Die twee argeologietydskrifte in Suid-Afrika, naamlik **South African Archaeological Bulletin** en **Southern African Field Archaeology** is die belangrikste tydskrifte wat benut is. Ander tydskrifte waarna gekyk is, is die **Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis**, **Navorsing deur die Nasionale Kultuurhistoriese Museum**, **Annale van die Suid-Afrikaanse Kultuurhistoriese Museum, Tydskrif vir Geesteswetenskappe** en **Koedoe**.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

'n Ander belangrike bron wat in hierdie afdeling benut is, is M Hall & A Markell se **Historical Archaeology in the Western Cape** (1993). Al die artikels hierin is benut ten einde die stand van teoretiese benaderings ten opsigte van historiese argeologie te bepaal. Geen verdere bronne wat in hierdie afdeling gebruik is, word hier vermeld nie, aangesien die bydraes daaruit gering was.

## 6. LITERATUUR MET BETREKKING TOT WETENSKAPLIKE PARADIGMAS IN DIE ARGEOLOGIE

Omdat daar in elke vakgebied bepaalde navorsingstradisies voorkom waarbinne die vak beoefen word, moet daar na die onderskeie benaderings binne die argeologie gekyk word. Die onderskeie wetenskaplike paradigmas in die argeologie speel 'n bepalende rol in die aard van die navorsing. In hoofstuk 3 (punt 6) sal die toepaslike terme gedefinieer word.

Daar bestaan slegs een Suid-Afrikaanse bron wat as geheel die paradigmas in die argeologie behandel. Dit is naamlik die M.A.-verhandeling van MT du Toit, getiteld **Paradigmas en wetenskapsrewolusies by die wetenskaplike studie van die Europese voorgeskiedenis** (1994). Dit blyk egter duidelik uit die titel dat die werk Europees en nie Suid-Afrikaans gerig is nie, hoewel dit ook na sommige Suid-Afrikaanse skrywers verwys. Dit is desnieteenstaande 'n bron van onskatbare waarde, aangesien daar geen bron is wat per se oor paradigmas binne Suid-Afrika handel nie en omdat argeologie dwarsdeur die wêreld aan dieselfde wetenskaplike eise gemeet word. Gevolglik is die werk van Du Toit nie net nuttig nie, maar dit kan ook op die Suid-Afrikaanse situasie toegepas word.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Aangesien argeologie in Afrika in elk geval deur Europese argeologietradisies beïnvloed is, veral wat die teorie van die vak aanbetref (Andah 1995:96), is dit noodsaaklik dat bronne wat Europees gerig is, in 'n studie oor Afrika (of Suid-Afrikaanse) argeologie benut moet word. Vanweë die groot invloed van Amerikaanse argeologie dwarsdeur die wêreld gedurende veral die laaste helfte van hierdie eeu, moet sodanige werke ook in ag geneem word in 'n studie oor teoretisering in die argeologie.

Du Toit se werk is ook die enigste omvattende bron van paradigmas in die argeologie. Ander bronne, ook nie-Suid-Afrikaanse bronne, bespreek slegs in enkele hoofstukke sommige van die paradigmas of al die paradigmas, maar nooit volledig nie. Sommige bronne bespreek weer net een van die paradigmas. Derhalwe moet Du Toit se werk die kern van enige wetenskaplike studie oor paradigmas in die argeologie vorm.

'n Tweede uiters belangrike bron is Ian Hodder se **Reading the past. Current approaches to interpretation in archaeology** (1988 en 1995). Die belangrikste paradigmas sedert die sestigerjare van die twintigste eeu, word in dié werk bespreek. Die werk bied dus 'n fokus op die nuutste wetenskaplike ontwikkelinge in die vakgebied argeologie, maar nie op vroeëre verwikkelinge nie. Dit neem veral die Post-proses-paradigma in oënskou. Hoewel die bron sterk op Brittanje fokus, het dit 'n veel wyer toepassingsgebied.

Hodder se werk is veral van belang omdat dit een van weinig teoretiese bronne is wat die paradigmas direk aan historiese argeologie koppel. Hoewel hierdie verband aangespreek word, word daar nie 'n volledig-toepaslike paradigma vir historiese argeologie uitgewerk nie. Hodder

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

(1995:145) beklemtoon egter dat die Kontekstuele paradigma die mees geskikste vir toepassing in die historiese argeologie is.

Ander werke wat klem op die Post-proses-paradigma lê, is I Hodder se **The archaeology of contextual meanings** (1987a), MC Beandry se **Documentary archaeology in the New World** (1988), I Hodder se **Archaeology as long-term history** (1987b), RJ Barber se **Doing historical archaeology** (1994) en CE Orser (jr.) se **A historical archaeology of the modern world** (1996). Hierdie bronne maak ook van gevallestudies in die historiese argeologie gebruik om die paradigmas, veral die Kontekstuele paradigma, te toets.

'n Verdere bron wat in sy geheel oor die vakteorie handel, is Charles L Redman se **Research and theory in current archeology** (1973). Verskeie skrywers lewer 'n bydrae tot die werk wat ten doel het om die "nuwe argeologie", dit wil sê die Kultuurproses-paradigma, te bevorder. Hoewel dit 'n goeie bron is om te raadpleeg in verband met die genoemde paradigma, sê dit nie meer as ander bronne wat vir hierdie studie gebruik is nie.

Colin Renfrew en Paul Bahn se werk **Archaeology. Theories, methods and practice** (1991), is ook 'n nuttige naslaanwerk ten opsigte van teoretisering in die argeologie. Nie alleen gee dit 'n goeie oorsig van die geskiedenis en ontwikkeling van die vak nie, maar die verskillende paradigmas wat bespreek word, word deur middel van voorbeelde toegelig. Sodoende kry dit praktiese waarde vir die student.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Hoewel verskeie paradigmas aangeraak word, is dit slegs die Kultuurproses-paradigma en die Strukturalistiese paradigma wat in detail bespreek word. In die betrokke hoofstukke word 'n goeie verduideliking van die twee paradigmas in 'n neutedop gegee, sonder om in te veel tegniese vakterminologie vas te val.

Die werk van Robert J Sharer en Wendy Ashmore, getiteld **Fundamentals of archaeology** (1979), staan ook baie aandag aan die paradigmas af. Veral die Kultuurhistoriese en Kultuurproses-paradigma word in diepte bespreek. 'n Goeie oorsig word ook gegee van die geskiedenis van die argeologie. Omdat die werk effens verouderd is, word geen aandag aan die Post-proses-paradigma gegee nie.

Michael Shanks & Christopher Tilley se werk **Re-constructing archaeology. Theory and practice** (1987) behandel die Kultuurproses- en Post-proses-paradigmas. Dit is 'n goeie aanvullende bron tot werke wat 'n spesifieke paradigma bespreek. Dieselfde geld die hoofstuk van Michael Shanks en Ian Hodder in verband met die genoemde twee paradigmas, in I Hodder (red.) e.a. se **Interpreting archaeology. Finding meaning in the past** (1995). Ook Ian Hodder se **Archaeological theory in Europe. The last three decades** (1991), behandel hierdie twee paradigmas en lê veral klem op die toepassing daarvan in verskillende Europese lande.

M Carter se boek, **Archaeology** (1980), handel nie oor enige paradigma in die argeologie nie, maar verwys deurlopend in die teks na sekere aspekte van sommige paradigmas. Die boek kan egter nie uitsluitlik gebruik word vir 'n studie van paradigmas in die argeologie nie. Dieselfde geld J Deetz se **Invitation to archaeology** (1967), BM Fagan se **World prehistory** (1979), P

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Rahtz se **Invitation to archaeology** (1985) en CE Orser (jr.) en BM Fagan se **Historical archaeology** (1995).

Laasgenoemde bron gee wel effens meer aandag aan die wyse waarop sekere argeoloë paradigmas in historiese argeologie toegepas het. Hieronder tel die Kultuurhistoriese, Kultuurproses- en Strukturalistiese paradigma. Omdat die paradigmas nie self bespreek word nie, dra dit nie werklik by tot 'n studie in verband met paradigmas in die argeologie nie.

Die artikel van A Meyer, "Argeologie en kultuurhulpbronbestuur: 'n voorgestelde paradigma vir kultuurhulpbronbestuur" in J van den Bos en M Moolman se **Metodologie in navorsing** (1995), is baie nuttig omdat dit al die paradigmas kortliks saamvat. Dit fokus op kultuurhulpbronbestuur en is dus van praktiese eerder as van teoretiese nut. Dit is die enigste bron wat 'n doelbewuste skakeling tussen wetenskaplike paradigmas in die argeologie en die bestuur van die kultuurerfenis maak en was daarom van besondere nut in hierdie studie.

Ian Hodder se werk **The spatial organisation of culture** (1978), is 'n goeie bron ten opsigte van die Kultuurproses-paradigma. Die boek bestaan uit artikels waarin die teorie met gevallestudies gekombineer word en sodoende praktiese nut kry. As gevolg hiervan is die teoretiese inligting effens beperk, sodat die bron nie oor addisionele inligting beskik as dit wat reeds in hoofstuk 3 verwerk is nie.

Dieselfde geld vir Sally R en Lewis R Binford se **New Perspectives in archaeology** (1968). Dit kan as een van die werke beskou word wat die Kultuurproses-paradigma gevestig het. Die boek is

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

gevolglik onontbeerlik in die studie van hierdie paradigma, maar nie van veel nut in die bestudering van enige van die ander paradigmas nie.

Die Kultuurproses-paradigma is ook die onderwerp van Patty Jo Watson, Steven A LeBlanc en Charles L Redman se **Explanation in archeology** (1971) en **Archeological explanation** (1984). Beide werke vorm, net soos die vorige een, deel van die sogenaamde "nuwe argeologie". Die doel van hierdie beweging was om van argeologie 'n wetenskap in die ware sin van die woord te maak. Om hierdie rede is daar veel meer bronne oor hierdie paradigma as oor enige vorige paradigma geskryf. Nie een van hierdie werke gee meer inligting as wat uit ander bronne wat in hierdie studie gebruik is, verkry is nie.

Dieselfde geld David L Clarke se **Models in archaeology** (1972). Die werk bestaan uit 'n inleidende hoofstuk deur Clarke self, waarin 'n inleiding tot paradigmas in die algemeen gegee word. Hierna stel hy die parameters van die "nuwe argeologie" oftewel die Kultuurproses-paradigma. Verdere hoofstukke in die boek, geskryf deur 'n verskeidenheid van skrywers, brei uit oor die paradigma, terwyl sommige weergawes is van praktiese voorbeelde van die toepassing daarvan.

SJ Knudson gee in sy werk **Culture in retrospect** (1978) aandag aan die Kultuurhistoriese, Funksionalistiese en Kultuurproses-paradigma, maar fokus veral op laasgenoemde. Dit is 'n nuttige werk om die paradigmas van die twintigste eeu, voor ongeveer 1960, te bestudeer en met mekaar te vergelyk.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

'n Verdere werk wat meer as een die paradigma in argeologie bespreek, is Brian M Fagan se **In the beginning. An introduction to archaeology** (1991). Die Evolusionistiese, Kultuurhistoriese en Kultuurproses-paradigma word in detail behandel. Aandag word ook aan die Funksionalistiese paradigma gegee, terwyl die Post-proses-paradigma (Strukturalistiese, Kognitiewe en Neo-Marxistiese paradigma) ook aangeraak word, met 'n beklemtoning van die Strukturalistiese paradigma. In die geheel gee dit 'n goeie oorsig van die paradigmas, maar sê ongelukkig nie genoeg oor die nuutste verwikkelinge in die vakteorie nie.

HN Vos se magister-tesis, **An historical and archaeological perspective of colonial Stellenbosch 1680-1860** (1993), is een van vyf bronne wat doelbewus die historiese argeologie en paradigmas bymekaar bring. Die tweede is Orser (jr.) & Fagan se boek **Historical archaeology**, waarna reeds vroeër verwys is en die derde Hodder se 1988 en 1995 werke waarna ook verwys is. Ongelukkig word slegs 'n baie kort gedeelte (sewe bladsye) van Vos se werk hieraan gewy. Vos stel dit op p. 6 dat hy doelbewus die Strukturalistiese paradigma gebruik, hoewel hy kritiek daarteen lewer. By nadere ondersoek blyk dit dat hy ook sterk deur die Kontekstuele paradigma beïnvloed word. Die werk is nie geskik om 'n diepgaande studie oor paradigmas in die argeologie te maak nie.

Die vierde bron wat historiese argeologie en paradigmas met mekaar in verband bring, is Roy S Dickens (jr.) se **Archaeology of urban America. The search for pattern and process** (1982). Uit die titel is dit duidelik dat dit hier eintlik oor 'n onderafdeling van historiese argeologie, naamlik stedelike argeologie, gaan. Dit bestaan uit verskeie artikels, waarvan dié wat die vakteorie aanraak, duidelik deur die Kultuurproses-paradigma beïnvloed is. Die werk is gerig op die oplossing van argeologiese probleme in die praktyk en is daarom nie geskik vir diepgaande

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

studie oor paradigmas in die argeologie nie. In hierdie opsig sluit dit by die doelwitte van hierdie studie aan, aangesien die praktiese uitvoering van (histories-) argeologiese werk op erfenishulpbronterreine dikwels losstaande van 'n streng akademies-wetenskaplike teoretisering plaasvind (sien hoofstuk 1).

In sy proefskrif, getiteld **Die latere Ystertydperk in suidoos- en sentraal-Marico** (1998) bring JCA Boeyens ook die historiese argeologie direk met paradigmas in verband. Hy gee aandag aan die Kultuurproses- en Post-proses-paradigma en kom tot die gevolgtrekking dat die Kontekstuele paradigma die mees geskikte vir histories-argeologiese navorsing is.

Die nuutste bron wat benut is en wat in sy geheel paradigmas in die argeologie bespreek, is Peter J Ucko se **Theory in Archaeology: a world perspective** (1995). Die boek bestaan uit 'n inleiding en agtien hoofstukke geskryf deur verskeie outeurs uit verskillende lande. Hiervan is dit slegs die inleiding en drie hoofstukke wat werklik 'n bydrae tot die teorie van die vakgebied argeologie lewer. Die inleiding, geskryf deur Ucko self, plaas die Kultuurhistoriese, Kultuurproses- en Post-proses-paradigma in wêreldperspektief. Die hoofstuk is egter te kort om in detail op enige hiervan in te gaan.

Die hoofstuk geskryf deur Bassey W Andah, gee aandag aan die Kultuurproses- en Post-proses-paradigma. Die klem val in hierdie stuk eerder op die herinterpretasie van argeologiese terreine deur inheemse mense as wat dit werklik tot die teorie van argeologie bydra. Die verinheemsing in die argeologie is egter 'n belangrike punt in die bestuur van die kultuurerfenis (sien hoofstuk 3 en 10). Die hoofstuk van Stephanie Moser handel oor die

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

verinheemsing van (Australiese) argeologie. Hiervoor word die Neo-Marxistiese paradigma aangewend.

Julian Thomas gee in sy hoofstuk 'n kritiese kyk na die Post-proses-paradigma. Ongelukkig plaas hy nie genoeg klem op die tekortkominge daarvan nie. Hy lewer wel 'n positiewe bydrae tot die debat tussen die Strukturalistiese, Kontekstuele en Neo-Marxistiese paradigma. Die werk van Michel Foucault, **The archaeology of knowledge** (1972) is benut om meer lig op die Kultuurproses- en Strukturalistiese paradigma te werp. Dit was nie van groot belang nie omdat dit veel eerder op die diskoers gekonsentreer het dat argeologie nie as 'n wetenskap beskou word nie.

Robertshaw se **A history of African archaeology** (1990) is die laaste werk wat gebruik is en wat paradigmas in die argeologie aanraak. Soos wat die titel aandui, bespreek die boek die geskiedenis van argeologie in Afrika. Gevolglik word die teoretisering in die teks ingeweef, sodat geen paradigma spesifiek bespreek word nie. Die werk vorm 'n noodsaaklike agtergrond vir die bestudering van argeologieparadigmas in Afrika, maar nie vir die bestudering van die paradigmas self nie.

Hoewel al die bostaande bronne geraadpleeg en benut is, word daar hoofsaaklik 'n opsomming uit Du Toit (1994) in hoofstuk 3 benut, aangesien sy bron volledig en wetenskaplik verantwoordbaar is. Dit sou onnodig wees om die werk wat hy reeds gedoen het, te herhaal.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

## 7. LITERATUUR MET BETREKKING TOT HISTORIOGRAFIE

Vir hierdie afdeling is vier bronne benut. Hierdie werke word voorgeskryf aan Suid-Afrikaanse universiteite en word daarom as gesaghebbend beskou.

Die eerste werk is getiteld **Westerse historiografie** (1980) deur FA van Jaarsveld en gee 'n uiteensetting van die onderskeie skole in historiese navorsing. Die tweede werk se titel is **Moderne geskiedskrywing** (1982a) en is ook deur Van Jaarsveld geskryf. Hierdie werk gee effens meer inligting in verband met die onderskeie modelle van wetenskaplike geskiedenis as eersgenoemde. Die twee werke is gesamentlik benut om 'n kort uiteensetting van die historiografie te gee.

Dit is aangevul deur 'n ander werk van Van Jaarsveld, **Omstrede Suid-Afrikaanse verlede. Geskiedenisideologie en die historiese skuldvraagstuk** (1984) en K Smith se **The changing past. Trends in South African historical writing** (1988). Hierdie bronne was veral nuttig ten einde die situasie toepaslik ten opsigte van Suid-Afrikaanse geskiedskrywing te maak.

## 8. LITERATUUR MET BETREKKING TOT METODELEER

Drie werke is in hierdie afdeling gebruik. Ook in hierdie geval is dit bronne wat deur Suid-Afrikaanse universiteite voorgeskryf word en gevolglik as gesaghebbend beskou word.

Die werk van J Tosh, **The pursuit of history** (1994) is veral benut ten opsigte van die uiteensetting oor die belang van objektiwiteit in historiese navorsing en hoe om daaraan te

voldoen. Ook T Nipperdey se artikel met die titel "Can history be objective? (1978) in die tydskrif **Historia** het waardevolle inligting in hierdie verband bevat.

RJ Shafer se **A guide to historical method** (1980) was nuttig vir 'n bespreking van die navorsingsproses. Die werk gee 'n uiteensetting van die aanwending van eksterne en interne kritiek as metode in historiese navorsing. Hierdie gedeelte was van groot nut vir hierdie studie.

## 9. LITERATUUR MET BETREKKING TOT HISTORIESE DATA

Die historiese bronne wat benut is vir die agtergronsinligting en gevallestudies, word in hierdie afdeling bespreek. Dit word sover as moontlik chronologies, op grond van die betrokke hoofstuk waarin dit voorkom, hanteer. Aangesien daar bronne is wat in meer as een hoofstuk benut is, sal dit nie altyd die geval wees nie.

In hoofstuk 4 word die agtergrondsgeskiedenis van die noordelike gedeelte van Gauteng bespreek. Dit begin met die prehistoriese periode Die bronne waaruit die inligting verkry is, behels ‘n verskeidenheid van wetenskaplike en populêre werke. Waar verskeie bronne ooreenstem oor 'n spesifieke feit, veral wanneer dit ‘n nie-kontroversiële aspek raak, word dit so aanvaar, tensy daar 'n rede is om dit nie te aanvaar nie. In laasgenoemde geval sal daar hieroor uitgebrei word. Sover moontlik word ongepubliseerde inligting in verband met terreine ook ingesluit. Hierdie inligting is afkomstig van verslae, opgestel deur vakkundiges, sowel as persoonlike mededelings deur vakkundiges.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Inligting wat deur argeoloë verskaf is, word aanvaar indien bewys gelewer is dat dit op korrekte argeologiese metodiek geskoei is. Omdat dit in die voorhistoriese argeologie moeiliker is om kredietwaardigheid vas te stel, moet die benutting van die standaardmetodiek van argeologie op geloofwaardigheid dui. In die verslae wat deur argeoloë opgestel is, byvoorbeeld Pistorius (1990) en Van Schalkwyk e.a (1994a & b) bestaan hierdie metodiek gewoonlik uit 'n literatuurstudie, benutting van databasisse en veldwerk en word die verskynsels en vindplekke deur die skrywers geverifieer. Boonop gaan dit in hierdie afdeling bloot oor die lys van terreine en verskynsels. Vir hierdie doeleindes, met ander woorde die identifisering van argeologiese terreine, word die meeste argeoloë en hulle inligting as geloofwaardig beskou. In gevalle waar bogenoemde stelling nie van toepassing is nie, sal daarop uitgebrei word.

Mason (1962) voldoen aan hierdie vereiste. Dit is op eerstehandse inligting gebaseer, soos verkry van die persone wat navorsing op spesifieke argeologiese terreine gedoen het. Net so maak Phillipson (1985) en Volman (1984) gebruik van bronne (wetenskaplike artikels) geskryf deur diegene wat gekrediteer word met sekere belangrike ontdekkings in die paleontologie en argeologie.

Die inligting uit Clark (1977) en Carruthers (1990) word aanvaar in soverre dit met wetenskaplik gefundeerde werke ooreenstem. Hoewel die werke vir die populêre mark geskryf is, getuig die bronnelys daarvan dat dit op wetenskaplike werke gebaseer is. Verwysings ontbreek egter in die teks, sodat die oorsprong van spesifieke inligting nie nagegaan kan word nie. Korsman & Meyer (1999), sowel as Van der Ryst & Meyer (1999) maak ook van sekondêre bronne gebruik, onder andere Mason (1962), Phillipson (1985) en Volman (1984). Omdat hierdie bronne reeds as geloofwaardig uitgewys is, word die inligting uit hierdie bronne ook as sodanig aanvaar.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Rasmussen (1978) se inligting is op die kritiese ontleding van primêre bronne geskoei en kan gevolglik as geloofwaardig beskou word. In sy voetnote bespreek hy byvoorbeeld die kredietwaardigheid van die bronne wat hy gebruik, waardeur die geloofwaardigheid van sy werk bevestig word. Hy maak onder andere van tydgenootlike dagboeke en briewe gebruik. Een van die dagboeke is dié van Andrew Smith, wat eerstehandse ervaring oor die gebeure wat beskryf word, opgedoen het tydens sy reise. Hy benut ook verskeie primêre bronne in sy voetnote, afkomstig van persone wat kort na die gebeure wat hy beskryf, waarnemings daaroor gemaak het. Hy weeg dikwels verskeie standpunte teen mekaar op om by 'n gevolgtrekking uit te kom.

Daarenteen benut Delius (1983) grootliks sekondêre bronne. Dit word egter as betroubaar aanvaar, aangesien laasgenoemde bronne van primêre bronne (soos byvoorbeeld mondelinge getuienis wat deeglik aan interne kritiek onderwerp is) gebruik gemaak het om onder andere relatiewe daterings te doen. Hieronder tel HO Mönnig se hoogaangeskrewe werk, **The Pedi**, asook die reeds vermelde werk van Rasmussen. Delius skryf egter nie Rasmussen se inligting maar net af nie, maar pluis dit krities deur die proses van interne kritiek uit.

Bergh (1999a & b) en Changuion (1999) se inligting is meestal op Rasmussen gebaseer en word in hierdie gevalle ook as geloofwaardig beskou. Bergh maak soms van ander sekondêre bronne gebruik. Hierdie bronne het tot 'n groot mate op 'n kritiese wyse van primêre bronne gebruik gemaak, interne kritiek daarop toegepas en het onder andere onderhoude met die mense gevoer. In enkele gevalle maak Bergh wel van primêre dokumentasie gebruik en blyk sy inligting betroubaar te wees.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

'n Verdere werk wat in hoofstuk 4 gebruik is, was Horn (1996). Dit word as 'n geloofwaardige bron beskou aangesien dit van bronne gebruik maak wat getuig van korrekte argeologiese metodiek. Boonop voldoen Horn self aan hierdie vereiste. Dit benut ook ander geloofwaardige bronne byvoorbeeld Rasmussen. Sommige sekondêre bronne wat hy gebruik, byvoorbeeld Van Vuuren en Pistorius, het deeglik van primêre bronne gebruik gemaak en dit krities ontleed ten einde tot gevolgtrekkings te kom.

Twee van die vernaamste bronne, wat vir inligting oor die historiese periode benut is, is Preller (1925 & 1938). Hy verkry sy inligting hoofsaaklik van MJ Minnaar, wat die gebeure beleef het en dus oor die vermoë beskik het om dit waar te neem. Sy is egter baie jare na die gebeure deur hom ondervra, sodat dit moontlik is dat sy sekere detailinligting soos datums, nie goed kon onthou nie. Nietemin was die inligting hieruit taamlik geloofwaardig ten opsigte van die Bronkhorstfamilie. Hierdie kwessie kom in hoofstuk 5 na vore.

Daar word aanvaar dat dokumente in die Nasionale Argiefbewaarplek reeds ten opsigte van outentiekheid nagegaan is. Verskeie van hierdie dokumente is in van die hoofstukke benut. Hieronder tel die gepubliseerde wette van die ZAR (NAB, ZAR 25/1; Jeppe & Kotzé 1887) en stukke uit die Argief van die Registrateur van Aktes. Hierdie dokumente het ook geblyk betroubaar te wees (vergelyk hoofstuk 4, 5, 8 en 9). Een van hierdie dokumente (NAB, SSA1A) is selfs deur die sekretaris van die Volksraad beëdig.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Rex (1960) maak van primêre bronne, byvoorbeeld Volksraadsbesluite en briewe, gebruik. Sy inligting word as geloofwaardig bestempel. Du Preez (1978) maak van dieselfde primêre bronne as Rex gebruik.

Dit is nie altyd moontlik om die inligting uit Kotzé (1983) te verifieer nie, aangesien geen aanduiding gegee word van watter bronne deur hom benut is nie. Dit kan wel met ander bronne vergelyk word in 'n poging om die geloofwaardigheid daarvan vas te stel. Daar dit juis die doel van hoofstuk 5 was om onder andere die datum van die Bronkhorstbroers se aankoms in hierdie omgewing te bepaal, moes daar na hierdie en ander oënskynlik minder betroubare bronne gekyk word ten einde tot 'n finale gevolgtrekking te kom. Hierdie bronne word, indien nodig, in die betrokke hoofstuk bespreek.

Punt (1993) maak nie van bronverwysings gebruik nie. In hoofstuk 5 blyk dit dat die bron nie geloofwaardig is nie, omdat die inligting wat daarin vervat is dikwels verskil van dié uit betroubare bronne. Dit word egter benut omdat dit sprekend is van die populêre sieninge rondom Lucas Bronkhorst, wat in die studie as onwaarhede uitgewys word.

Hoewel Roodt-Coetzee (1955) nuttige inligting bevat het, was dit nie altyd betroubaar nie. Die inligting is gebaseer op mondelinge oorleweringe, maar moes deeglik aan ander bronne gemeet word om die korrektheid daarvan vas te stel (vergelyk hoofstuk 5).

Die artikel van Wilmans (1990) was meer betroubaar, veral in gevalle waar argivale bronne benut is. Selfs in hierdie geval is foute soms gemaak. Sommige van die inligting uit Wilmans is op

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Preller (1925 & 1938) en Roodt-Coetzee (1955) geskoei. Omdat hierdie bronne nie altyd geloofwaardig is nie, was dit nodig om Wilmans deeglik aan interne kritiek te onderwerp.

Cloete (1958) word as geloofwaardig beskou omdat dit 'n primêre dokument, naamlik die inligting uit die aktekantoor weergee. Die argivale inligting uit die aktekantoor word as geloofwaardig bestempel omdat dit juis ten doel gehad het om 'n korrekte weergawe van die aanvraag, aankoop en oordrag van plase weer te gee. Dieselfde geld vir Coetzee (1993), wat ook die inligting soos in die aktekantoor vervat, weergee.

Ook Beyers (1981) se inligting was meestal geloofwaardig. Omdat dit dikwels onduidelik is uit presies watter bronne sy gegewens kom, is dit egter nie altyd benutbaar gewees nie. Coetzee (1992a & b) maak nie van bronverwysings gebruik nie. Dit word dus as minder geloofwaardig beskou en word net benut indien foute daarin uitgewys word of indien die inligting daaruit ook deur ander bronne gesteun word.

In die boek van Pretorius & Kruger (1937) word direkte weergawes (kopieë) van die oorspronklike argivale dokumente weergegee. Gevolglik word dit as geloofwaardig aanvaar. Die werk getuig van 'n sorgvuldige poging om inligting korrek weer te gee, soos wat dit in die oorspronklike dokumente voorkom. Verduidelikings tot moontlike probleme met hulle weergawe word verder gegee in 'n doelbewuste strewe na objektiwiteit en geloofwaardigheid.

Die werk van Breytenbach & Pretorius (1949) word as betroubaar beskou omdat dit die oorspronklike argivale dokumente getrou weergee. Daar word noukeurige aantekeninge gemaak

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

indien daar van sodanige dokument afgewyk is en verduidelik wat die rede daarvoor is. Die inligting, afkomstig van die genoemde argivale dokumente, is ook geloofwaardig. Die rede hiervoor is dat dit hoofsaaklik uit Volksraadsnotules kom. Die werk vorm deel van die reeks, **Suid-Afrikaanse argiefstukke van Transvaal**. Ander dokumente wat hierin opgeneem is, sluit tydgenootlike briewe in, wat geskryf is deur persone wat by die gebeure betrokke was. Vier ander werke in die reeks is benut, naamlik Breytenbach (1950, 1951 & 1952) en Breytenbach & Joubert (1953).

Die twee werke van Pretorius (1986 & g.d.) maak gebruik van argivale dokumente en sekondêre bronne. Die sekondêre bronne is op werklike waarnemings en mondelinge getuienisse wat deeglik geverifeer is, geskoei. Gevolglik word beide as geloofwaardig ten opsigte van hoofstuk 5 beskou. Laasgenoemde was egter in hoofstuk 9 minder betroubaar.

Pieterse (1942) gebruik dikwels argivale dokumente as bron. In hierdie gevalle is sy inligting geloofwaardig. Wanneer die oorsprong van sy inligting onduidelik is, was dit gewoonlik ook onbetroubaar.

Die belangrikste bron wat in hoofstuk 6 benut is, is Peacock (1955), hoewel dit ook in ander hoofstukke gebruik is. Dit blyk dat die inligting wat op hierdie hoofstuk van toepassing is, geloofwaardig is, omdat dit afkomstig is van argivale dokumente wat deur die persone wat by die gebeure betrokke was, opgestel is. Soms blyk sy bronverwysing nie duidelik nie en is sy inligting in hierdie gevalle meestal onbetroubaar. Dit was veral die geval met inligting wat op hoofstuk 4

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

en 5 van toepassing was. Dit beteken dat ook hierdie bron aan interne kritiek onderwerp is alvorens die inligting daaruit aanvaar is.

Hoewel Lochhead (1913) geen bronverwysings het nie, het dit dikwels met ander bronne ooreengestem. Dit word verder as betroubaar beskou omdat dit bedoel het om 'n inligtingsgids vir die jaar 1913 te wees en gevolglik verskeie aspekte van Pretoria beskryf het. Dit is dus 'n tydgenootlike dokument, opgestel deur iemand (Lochhead) wat die stad geken het.

Al die foto's wat in hoofstuk 6 benut is, het ten doel gehad om iets anders (byvoorbeeld 'n gebou of straattoneel) af te neem. Daar is nie op die watervore gefokus nie. Hoewel die foto's dus soms die vore onduidelik wys, kan dit as getroue weergawes daarvan beskou word.

Vir die inligting in verband met hoofstuk 7 is daar op die kurator van die Melrosehuis Museum, Elsabé Waldeck, gesteun. Daar kan aanvaar word dat sy op hoogte van die historiese konteks van die terrein is. Die toepaslike inligting was in elk geval algemeen bekend en word deur verskeie ander bronne bevestig. Sy was ook die (anonieme) opsteller van die inligting in die bronne wat deur die Stadsraad van Pretoria uitgegee is. Daar word dus aanvaar dat die inligting waarskynlik geloofwaardig is.

Ten opsigte van hoofstuk 8 is die werk van Carelsen (1995) hoofsaaklik benut. As vakkundige beampte verantwoordelik vir die Willem Prinsloo Landboumuseum, kan daar aanvaar word dat ook haar inligting betroubaar is. Haar navorsing is geskoei op persoonlike onderhoude met

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

verskeie van die Prinsloo-nasate en argivale dokumente. 'n Onderhoud is ook met mnr Jan Prinsloo gevoer oor die terrein wat opgegrawe is. Omdat hy self in die 1913-huis en op die plaas gewoon het, was hy by die gebeure betrokke. Daar is ook geen rede om te vermoed dat sy waarnemingsvermoë en sy vermoë om verslag te doen onbetroubaar is nie. Boonop word die inligting ook deur ander persone bevestig en het die argeologiese opgrawings uitgewys dat mnr Prinsloo se geheue taamlik goed was.

Mev J Smith, kleindogter van Hans Mundt, het weer gehelp om die posisie van die Edwardiaanse huis in hoofstuk 9 uit te wys. Die opgrawings sou as interne kritiek dien om die betroubaarheid van die informant te bepaal. Hoewel sy in die huis gewoon het, is sy op 'n hoë ouderdom ondervra en was dit nodig om die geloofwaardigheid van haar inligting te bepaal. Ook die informant B Smith, wat as kind in die huis gewoon het, se inligting is op hierdie wyse aan interne kritiek onderwerp. Die argeologiese opgrawings sou ook bewys dat haar herinneringe aan die huis betroubaar was. Albei se waarnemingsvermoë en vermoë om verslag te doen blyk dus sonder probleme te wees.

## 10. SAMEVATTENDE BEVINDINGE

In die voorafgaande gedeelte is daar reeds tot sekere gevolgtrekkings en bevindinge in verband met die literatuur wat geraadpleeg is, gekom. Hier volg dus bloot 'n beknopte samevatting daarvan.

Daar is geen bron wat die totale omvang van hierdie studie op 'n teoretiese vlak dek nie. Gevolglik moes bronne uit 'n verskeidenheid vakgebiede benut word om alle aspekte van hierdie

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

studie aan te spreek. In die meeste gevalle is daar van reeds bestaande gesaghebbende werke gebruik gemaak, sodat daar in hoofstuk 3 slegs opsommende inligting hieroor weergegee word. Dit geld die afdelings oor navorsingsdimensies, erfenishulpbronbestuur, historiografie en metodeleer. Vir volledigheid word die nuutste Suid-Afrikaanse wetgewing en enkele internasionale konvensie ten opsigte van erfenishulpbronbestuur ook gebruik.

Vir die afdeling oor die definiëring van historiese argeologie was Orser (jr.) & Fagan se werk die belangrikste. Daar is egter nie 'n enkele volledige bron oor hierdie aspek nie en daar moes gevolglik verskeie ander bronne bygewerk word. Hierdie bronne was tweërly van aard. Die eerste groep het die geskiedenis van historiese argeologie behandel. Vir die VSA was Schuyler se bron die belangrikste in hierdie verband. Ten opsigte van Europa is werke van Hodder (1991) en (1995) en Dymond gebruik, hoewel die resultate minder bevredigend was. Hall & Markell se werk was nuttig vir Suid-Afrika, hoewel verskeie bronne benut moes word ten einde dit aan te vul.

Die tweede groep bronne het die definiëring van historiese argeologie aangespreek. Die belangrikstes hiervan, naas Orser (jr.) & Fagan is die twee werke van South, Deetz (1977), Falk, Dymond en Van Vollenhoven (1995 en 1999).

Die afdeling waarin die stand van histories-argeologiese navorsing in Suid-Afrika bepaal is, het hoofsaaklik op die twee vaktydskrifte vir argeologie gesteun. Weer eens was die werk van Hall & Markell baie nuttig. Enkele ander aanvullende bronne is ook benut.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Du Toit se M.A.-verhandeling is die enigste werk wat 'n diepgaande gebalanseerde studie van alle paradigmas in die argeologie maak. Dit is gevolglik onontbeerlik by die studie van wetenskaplike paradigmas in die argeologie.

Die meerderheid werke wat oor paradigmas in die argeologie handel, fokus op die Kultuurproses-paradigma. Hoewel hierdie werke nuttig is, gee dit nie 'n gebalanseerde beeld van paradigmas in die argeologie nie. Hieronder tel onder andere die werke van Redman, die Binfords en Watson (e.a.).

Werke wat wel meer as een paradigma bespreek, gee oorwegend voorkeur aan die Kultuurproses-paradigma. Gevolglik gee dié ook nie 'n gebalanseerde beeld nie. Hieronder tel die werke van Renfrew & Bahn, Sharer & Ashmore en Knudson.

Die enigste ander werke wat die Post-proses-paradigma aanspreek, is die van Hodder (1988) en (1995), Meyer, Fagan (1991), Ucko en Robertshaw. Hodder en Meyer beklemtoon die Kontekstuele paradigma, terwyl Fagan slegs kortliks na hierdie paradigmas verwys. In Ucko se werk word die paradigma ook nie diepgaande genoeg bespreek om 'n verskil aan reeds bestaande denke daaroor te maak nie. Omdat die Post-proses-paradigma nog net in Suid-Afrika van alle Afrikastate posgevat het (vergelyk Trigger 1990:316), gee Robertshaw ook nie 'n diepgaande bespreking van die paradigma nie.

Laastens moet 'n gedagte ook oor die paradigmas en historiese argeologie gelug word. Die meeste werke is veralgemenend van aard, dit wil sê daar word op paradigmas in die wydste sin van die

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

woord, ten opsigte van die vakgebied argeologie, gefokus. Geen voorbeelde word gewoonlik gebruik om die toepassing van die paradigmas in die praktyk uit te wys nie. Wanneer voorbeelde wel gebruik word, is dit voorbeelde uit die prehistoriese tydperk.

Die enigste werke wat na historiese argeologie verwys, is Hodder (1988) en (1995), Vos, Dickens, Boeyens en Orser (jr.) & Fagan. Hodder (1988) en (1995) verwys ook na historiografie en erfenishulpbronbestuur, maar brei nie hierop uit nie. Hodder lig sy verwysing nie met voorbeelde toe nie, terwyl die ander werke nie teoreties ingestel is nie. Gevolglik word daar amper net terloops na die teorie verwys wanneer histories-argeologiese navorsingsprojekte bespreek word.

Die bronne wat benut is ten opsigte van die historiese data bestaan uit 'n verskeidenheid van populêre en wetenskaplik gefundeerde werke. Die geloofwaardigheid van hierdie bronne is deur middel van die proses van interne kritiek bepaal, sodat die inligting daaruit korrek benut kon word.

Uit die voorafgaande is dit duidelik dat historiese argeologie nog nie sy volwaardige plek binne die vakteorie van die vakgebied argeologie ingeneem het nie. Thomas (1995:348) stel dit duidelik dat argeoloë, wat sedert die mid-1980's Post-prosesgerigte studies gedoen het, dit oor probleme in prehistoriese- en protohistoriese argeologie gedoen het. Dit is ook waar dat enige paradigma op enige onderafdeling van 'n vak toegepas moet kan word, ten einde daaraan die status van heersende paradigma te verleen.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die studie beoog om aan te toon welke paradigma (indien enige) op histories-argeologiese terreine toegepas kan word ten einde die behoeftes van erfenishulpbronbestuur aan te spreek. In hierdie opsig was die baanbrekerswerk van Meyer baie nuttig, hoewel dit nie sover gegaan het om 'n model hiervoor te skep nie. Deur die koppeling van erfenishulpbronbestuursbehoeftes aan histories-argeologiese navorsing, sal historiese argeologie nie net sy volwaardige plek in die vakgebied argeologie kan inneem nie, maar die geskikte paradigma vir toepassing op histories-argeologiese erfenishulpbronterreine sal ook bepaal kan word.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# HOOFSTUK 3

# TEORETIESE BENADERING

"... hou jou ore oop vir die wysheid, span jou in om te verstaan" (Spreuke 2:2).

## 1. INLEIDING

Die doel van hierdie hoofstuk is om die probleemstelling op 'n teoretiese vlak te benader. Daar sal eerstens gekyk word na wetenskapsdimensies. Hierdeur sal 'n idee gevorm word van wat wetenskap is, sodat daar uiteindelik navorsingsbehoeftes bepaal kan word. Hierdie behoeftes sal as kriteria aangewend word waarteen die onderskeie wetenskaplike paradigmas in die argeologie gemeet kan word.

Die begrip erfenishulpbronbestuur sal vervolgens kortliks bespreek word. Die rede hiervoor is dat die gevallestudies in hierdie studie via erfenishulpbronbestuur nagevors is, omdat dit gemeenskapsgerigte projekte is wat 'n besonderse betekenis vir 'n deel van die gemeenskap het. Erfenishulpbronbestuursbehoeftes sal voorts bepaal word. Ook hierdie behoeftes sal as kriteria aangewend word ten einde die wetenskaplike paradigmas in die argeologie te meet.

'n Belangrike onderafdeling van die hoofstuk het te make met die definiëring van die konsep historiese argeologie. Dit word as noodsaaklik beskou, aangesien al die gevallestudies voorbeelde van histories-argeologiese navorsing is. Die geskiedenis van historiese argeologie as sub-dissipline van die vakgebied argeologie, sal kortliks nagegaan word. Dit word gevolg deur 'n bespreking van verskeie definisies vir historiese argeologie, met die uiteindelike doel om 'n aanvaarbare definisie saam te stel.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die huidige stand van historiese argeologie in Suid-Afrika word ook bespreek. Die doel hiermee is om ‘n idee te kry van die heersende teoretiese benaderings in Suid-Afrikaanse historiese argeologie en om leemtes in die gebruik van teorie uit te wys.

Dit word gevolg deur 'n kort samevatting van die onderskeie wetenskaplike paradigmas in die argeologie. In teenstelling met historici, wat tot in groot mate verskil oor die gebruik van teorie (vergelyk Marwick 1993:142-145; Tosh 1994:153-163), vorm teoretisering ‘n belangrike aspek van argeologiese navorsing (vergelyk Trigger 1990:109). Die paradigmas word op 'n teoretiese vlak gemeet aan die kriteria soos daargestel uit die navorsings- en erfenishulpbronbestuursbehoeftes. Die toepaslikheid daarvan vir die historiese argeologie word ook bespreek ten einde aan ‘n praktiese behoefte te voldoen. Vervolgens word daar 'n keuse ten gunste van een of meer paradigmas gemaak. Hierdie keuse(s) sal later (hoofstuk 5-9) ten opsigte van die onderskeie gevallestudies prakties toegepas word.

Hierna sal daar kortliks aandag aan die Westerse historiografie gegee word. Dit is daarop afgestem om raakpunte met die vakfilosofie van die argeologie (wetenskaplike paradigmas) te verkry, veral omdat teoretiese en filosofiese aspekte toenemend van belang in die geskiedenis word (Hamerow 1987:208). Omdat hierdie studie eerder vanuit 'n argeologiese as 'n historiese oogpunt aangepak word, is die doel nie om oor te gaan in 'n debattering van Westerse historiografie nie. Dit sou inderdaad sinvol wees om 'n soortgelyke studie vanuit 'n oorwegend historiese perspektief aan te pak.

Die laaste gedeelte van die hoofstuk handel oor metodeleer in die historiese wetenskappe. Die doel hiermee is om aandag te geen aan alle aspekte waarop die navorser, hetsy historikus of argeoloog, bedag moet wees tydens sy navorsing. Hierdie aspekte is dan ook benut tydens die navorsing van die onderskeie gevallestudies.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# 2. WETENSKAPSDIMENSIES

## 2.1 Wat is wetenskap

Aangesien Mouton (1996) en Mouton en Marais (1985) reeds gesaghebbend in hierdie verband gepubliseer het, sal slegs hierdie twee werke benut word. Dit wat relevant is ten opsigte van hierdie studie sal opsommend weergegee word.

Volgens Mouton (1996:16) het die woord wetenskap een van twee betekenisse. Eerstens behels dit die korpus van kennis wat mettertyd ontwikkel het en wat sekere eienskappe soos geldigheid, interne samehang, verklaringswaarde en bruikbaarheid het. Ten tweede verwys die woord wetenskap na sekere aktiwiteite wat deur wetenskaplikes uitgevoer word. Hieronder tel die tipiese vorme van wetenskaplike ondersoek, waaronder onder andere probleemidentifisering, data-insameling, eksperimentering, analise, interpretasie en toetsing van bevindinge ingesluit word (Mouton 1996:16-17).

Wetenskaplike kennis is die produk van wetenskaplike navorsing en kan beskou word as die huidige resultaat van eeuelange wetenskapsbeoefening (Mouton & Marais 1985:7; Mouton 1996:17). Daar bestaan tans drie modelle met betrekking tot die wyse waarvolgens wetenskaplike kennis tot stand kom.

- Volgens die positivistiese model groei die wetenskappe deur die akkumulasie van feite en bevestigde teorieë, sodat die wetenskap op die lange duur konvergeer na die waarheid toe (Mouton 1996:17).
- Kuhn se teorie oor wetenskaplike revolusies bepaal dat 'n fase van normale wetenskap, waarbinne 'n bepaalde navorsingstradisie oorheers, gevolg word deur 'n wetenskapsrevolusie, waardeur die dominante tradisie omvergewerp word. Die nuwe tradisie word nou die dominante tydens 'n nuwe fase van normale wetenskap (Mouton 1996:17-180).
- Popper se teorie van evolusionêre groei behels die evolusionêre ontwikkeling van die

wetenskappe, waar die sterkste teorieë op die lange duur oorleef en die swakkeres verdwyn (Mouton 1996:18).

Kuhn se teorie oor wetenskaplike revolusies vind byval tydens die studie van die vakfilosofie en -metodiek van die argeologie (vergelyk Du Toit 1994:4-29). Om hierdie rede sal hierdie teorie as agtergrond vir die bespreking van wetenskaplike paradigmas in die argeologie benut word.

Elke vakgebied vind binne 'n bepaalde wetenskaplike teoretisering sy beslag. Die bestaande korpus van wetenskaplike kennis vorm die agtergrond en konteks waarbinne wetenskapsbeoefening plaasvind en is 'n noodsaaklike voorwaarde vir alle navorsing (Mouton 1996:19). Daar bestaan vier verskillende modelle van die aard van wetenskapsbeoefening. Die epistemiese model het te make met die soeke na waarheid en word gekenmerk deur die metodologie wat tydens die proses van wetenskapsbeoefening gevolg word (Mouton 1996:19). Die epistemologiese dimensie van geesteswetenskaplike navorsing, wat werklikheidsgetroue uitsprake van die wetenskap verlang en die ontologiese dimensie van geesteswetenskaplike navorsing, wat gerig is op die studie van die werklikheid, hou hiermee verband (Mouton & Marais 1985:12-15).

Binne die sosiologiese model word die wetenskap as 'n sosiale proses beskou. Dit fokus op die waardes en voorkeure van die wetenskaplikes en hoe hulle die wetenskap struktureer (Mouton 1996:20). Dit hou verband met die sosiologiese dimensie van geesteswetenskaplike navorsing (Mouton & Marais 1985:9-12).

Die ekonomiese model plaas die klem op wetenskapsbeoefening as 'n proses van kennisproduksie. Dit behels dat kennis iets is wat vervaardig word en op die mark verkoop kan word (Mouton 1996:20).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die bestuursmodel beskou wetenskapsbeoefening as 'n bestuursproses, waarvolgens navorsing 'n onderneming is wat bestuur moet word. Die aandag verskuif nou van vervaardigings- en produksiemetafore na bestuursbegrippe (Mouton 1996:20).

Die vier modelle kan as komplementêre interpretasies van een en dieselfde saak beskou word en dui op die verskillende dimensies van wetenskapsbeoefening. Dit is nietemin ook tekenend van 'n klemverskuiwing in die aard van wetenskapsbeoefening oor die eeue heen. Hierdie verskuiwing, van 'n eksklusivistiese na 'n meer inklusivistiese benadering, is tiperend van die toenemende demokratisering en globalisering van wetenskapsbeoefening. Gevolglik word wetenskapsbeoefening meer en meer 'n openbare aktiwiteit. Die gevolg hiervan is dat die wetenskaplike toenemend ook aan die breë gemeenskap moet rekenskap gee.

Globalisering word gesien as die logiese uitvloeisel van veral tegnologiese ontwikkelinge wat hul oorsprong in die moderne tyd het. Toenemende interdissiplinêre samewerking is een kenmerk hiervan (Mouton 1996:22-23). Dit is egter steeds belangrik om ook die biografiese (individuele) konteks van die wetenskap in ag te neem. Hier word na die rol van die individuele navorser verwys (Mouton 1996: 21-23, 28). Al hierdie faktore behoort in ag geneem te word by die keuse van 'n wetenskaplike paradigma waarbinne die navorsing gedoen moet word.

Binne 'n enkele vakgebied is daar gewoonlik verskeie paradigmas waarbinne wetenskaplikes navorsing doen. Volgens Kuhn is een van hierdie paradigmas gewoonlik dominant op 'n sekere tydstip, afhangende van die aanhang wat dit onder die wetenskaplikes uit die betrokke vakgebied op daardie tydstip geniet (Du Toit 1994:4).

Alvorens daar verder hierop ingegaan kan word, moet 'n definiëring van die term paradigma gegee

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

word. 'n Paradigma kan gesien word as die teorieë, wette, modelle, analogieë, metafore en die epistematologiese- en metodologiese waardes waarmee die navorser tot die oplossing van 'n probleem kom (Du Toit 1994:4). Dit word ook breedweg beskryf as 'n spesifieke begripsraamwerk met eiesoortige uitgangspunte en wetenskapsfilosofiese beskouinge (Meyer 1995:7).

Daar is 'n verskeidenheid van faktore wat die navorsingsgemeenskap beïnvloed om paradigmaskuiwe te maak. Hierdie faktore word breedweg in wetenskaplike en nie-wetenskaplike faktore verdeel. Wetenskaplike faktore kom vanuit die wetenskapsbeoefening self en kan gesien word as die onvermoë van 'n paradigma om tot 'n probleemoplossing te kom, terwyl nie-wetenskaplike faktore van buite die wetenskap kom, soos byvoorbeeld die besluite van 'n politieke owerheid (Du Toit 1994:8-10; Mouton 1996:25). Die konteks van wetenskapsbeoefening word deur faktore soos dissiplinêre tradisies, paradigmas, gemeenskaplike waardes en rituele bepaal (Mouton 1996:25).

Tydens wetenskapsbeoefening word daar gepoog om feite en teorie met mekaar te pas (die sogenaamde passingsprobleem). Wanneer daar 'n anomalie ontstaan moet 'n paradigma aangepas word. Indien die paradigma nie suksesvol aangepas kan word nie, sal die wetenskaplikes 'n ander paradigma wat wel die feite en teorie met mekaar kan pas, aanhang (Sheppard 1990:173; Du Toit 1994:8-10). Daar word dus probeer om die paradigma te vind wat die beste daarin slaag om feit en teorie met mekaar te pas (Hodder 1995:185). Die eerste paradigma is dan gefalsifiseer en word met 'n ander paradigma vervang. Die nuwe paradigma (sommige wetenskaplikes noem dit 'n teorie) versterk die onweerlegbare inhoud van die vorige paradigma en dit verklaar die sukses daarvan, omdat die onweerlegbare inhoud van die vorige paradigma in die nuwe paradigma vervat is. Boonop kan die nuwe paradigma nuwe feite voorspel. Die opeenvolging van paradigmas binne die wetenskap lei tot die groei in wetenskaplike kennis (Du Toit 1994:20-22).

Voorts moet daarop gewys word dat verskillende teoretiese benaderings in verskillende lande

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

dominant kan wees. Hierdie verskynsel hou verband met ontwikkelinge van die vak in elke gebied en die invloed van 'n verskeidenheid ander lande daarop (Ucko 1995:6-8).

Ten slotte moet dit duidelik gestel word dat die vervanging van een paradigma deur 'n ander nie beteken dat daar slegs een bepaalde paradigma binne die vakgebied aan die orde van die dag is nie. Soms is daar meer as een paradigma wat nie net terselfdertyd bestaan nie, maar ook terselfdertyd dominant is (Du Toit 1994:25). Die spesifieke teoretiese raamwerk wat deur 'n argeoloog gekies word, is gevolglik van die uiterste belang (Ucko 1995:3).

## 2.2 Navorsingsbehoeftes

Drie begrippe word tradisioneel as sinoniem met die wetenskap geag, naamlik waarheid, rasionaliteit en objektiwiteit (Mouton 1996:28). Met waarheid word bedoel die morele verbintenis wat wetenskaplikes moet maak tot die soeke na waarheid (epistemiese imperatief). Dit behels 'n soort morele kontrak deur die navorser waardeur hy verbind word tot die soeke na waarheid ( Mouton & Marais 1985:4; Mouton 1996:29). Dit impliseer voorts die nastreef van 'n waarheidsideaal, al sou dit nie te alle tye bereik kon word nie. Laastens veronderstel dit 'n passing tussen wetenskaplike uitsprake en die werklikheid (Mouton 1996:29).

Rasionaliteit het te doen met die waardering van redes waarom een uitspraak bo 'n ander aanvaar moet word (Mouton 1996:31). Dit hou verband met die vermoë om oordele te vel in situasies waar daar nie altyd duidelike reëls is nie. Hierdie oordele word as redelik en geloofwaardig beskou (Mouton 1996:31-32) en hou verband met die teleologiese dimensie van geesteswetenskaplike navorsing (Mouton & Marais 1985:13-14).

Objektiwiteit verwys na die prosedures en metodes wat in die navorsingsproses gebruik word om

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

getuienis te produseer. Die doel hiervan is om foute uit te skakel sodat geldige bevindinge geproduseer word (Mouton 1996:32; Mouton & Marais 1985:7). Dit hou verband met die metodologiese dimensie van geesteswetenskaplike navorsing (Mouton & Marais 1985:16-17).

Daar bestaan 'n noue verband tussen waarheid, rasionaliteit en objektiwiteit (Mouton 1996:34). In aansluiting hierby stel Trigger (1990:318) dit duidelik dat argeologie op die mees konstuktiewe wyse 'n bydra kan maak indien dit so presies en objektief as moontlik dit wat in die verlede gebeur het, kan vasstel. Dit vorm dan ook die kriteria vanuit die wetenskapsdimensies waaraan die verskillende wetenskaplike paradigmas en gevallestudies in hierdie studie gemeet sal word.

## 3. ERFENISHULPBRONBESTUUR

Omdat al die gevallestudies wat in hierdie studie benut is as gevolg van erfenishulpbronbestuur nagevors is, is dit nodig dat daar ook na hierdie begrip gekyk word. Daar 'n breedvoerige studie waarin Suid-Afrikaanse en internasionale bronne deeglik geïnkorporeer is, in hierdie verband in 1998 aan die Universiteit van Stellenbosch voltooi is (vergelyk Van Vollenhoven 1998a), sal net die belangrikste toepassings hiervan, ten opsigte van hierdie studie, opsommend genoem word. Daar sal ook na Suid-Afrikaanse wetgewing in hierdie verband gekyk word en, waar toepaslik, na die internasionale konvensies en verdrae oor die bewaring van die kultuurerfenis. Dit is voorts van belang sodat die uitvoering van histories-argeologiese navorsing aan wetgewingsvereistes gemeet kan word.

Dit is vandag die gebruik dat daar eerder van erfenishulpbronne as kultuurhulpbronne gepraat word (vergelyk Wet no 25 van 1999). Aangesien erfenis ook na die natuurerfenis kan verwys, word die begrip kultuurerfenis en kultuurhulpbron steeds verkies, al sou dit ook natuurelemente insluit, omdat dié vir 'n spesifieke kultuurgroep van belang is (vergelyk Van Vollenhoven 1998a:36). Die term

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

kultuurhulpbron word bowendien internasionaal aanvaar (vergelyk byvoordeeld Fagan 1991:494 en Renfrew & Bahn 1991:470). Nietemin sal die term erfenishulpbronbestuur gebruik word, sodat verwarring uitgeskakel kan word.

Omdat hierdie term net soos die term kultuurhulpbronbestuur met die kultuurerfenis van 'n land verband hou, sal laasgenoemde term behou word ten opsigte van die verduideliking van begrippe komende uit vorige navorsing. Die terme sal dus tot 'n mate as sinonieme hanteer word. Dit wil egter voorkom asof die nuwe term, erfenishulpbronbestuur (meer korrek kultuurerfenishulpbronbestuur) op 'n verbreding van die term kultuurhulpbronbestuur dui, waardeur die belang van die gemeenskap ten opsigte van die erfenis beklemtoon word (vergelyk Meyer 1995:6). Dit verwys dus na dieselfde kultuurerfenis, maar plaas die klem op die reg van gemeenskappe om hulle kultuurerfenis op te eis. Vanweë die lengte van die term kultuurerfenishulpbronbestuur, word die term erfenishulpbronbestuur, om praktiese redes in hierdie studie gebruik.

## 3.1 Wat is erfenishulpbronbestuur

Kultuurhulpbronbestuur word beskryf as die aanwending van bestuurstegnieke om kultuurhulpbronne te bewaar en te ontwikkel, sodat dit as kultuurerfenis met langtermynwaarde en tot voordeel van die algemene publiek (gemeenskap) kan dien (Van Vollenhoven 1998a:9).

Onder die begrip kultuurhulpbron word verstaan alle unieke en nie-hernubare ontasbare (geestelike) en fisiese (materiële) verskynsels (natuurlik of mensgemaak) wat met menslike (kultuur-) aktiwiteite geassosieer word. Dit sluit terreine, strukture en artefakte in, waaraan 'n individu of groep waarde heg ten opsigte van historiese, argeologiese, argitektoniese, geestelike en menslike (kultuur-) ontwikkeling (Van Vollenhoven 1998a:11-12).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die doel van kultuurhulpbronbestuur is tweeledig, naamlik enersyds die bewaring en beskerming van kultuurhulpbronne en andersyds die verantwoordelike benutting daarvan deur die gemeenskap (Van Vollenhoven 1998a:13). Gesien in die lig van die bostaande verduideliking van die terme, is dit duidelik dat bogenoemde definisies ook geldig ten opsigte van die term erfenishulpbron en erfenishulpbronbestuur is.

## 3.2 Bewaringswetgewing

Die bewaring van die kultuurerfenis is wêreldwyd aan bewaringswetgewing gekoppel. Die begrip kultuurhulpbronbestuur het in die vroeë sewentigerjare in die Verenigde State van Amerika ontstaan. Hoewel wetgewing wat die kultuurerfenis beskerm reeds in 1906 ingestel is, is die doeltreffende bestuur daarvan eers in 1969 in wetgewing vervat. Vandag beskik die VSA oor uiters effektiewe wetgewing in hierdie verband (Van Vollenhoven 1998a:14-16).

Ander lande met effektiewe kultuurerfeniswetgewing sluit Brittanje, Denemarke, Australië en Nieu-Seeland in (Van Vollenhoven 1998a:16-17). Afrikastate wat oor wetgewing in hierdie verband beskik, is onder meer Nigerië, Kenia, Mosambiek, Botswana en Zimbabwe. In die meeste van hierdie state is die wetgewing vol leemtes en word dit nie effektief toegepas nie, sodat die kultuurerfenis steeds bedreig en in sommige gevalle vernietig word (Van Vollenhoven 1998a:17-18). Voorts bestaan daar ook dokumentasie in verskeie lande rondom die inventarisering van die kultuurerfenis, die eerste stap ten opsigte van die bewaring daarvan (Sykes 1984).

In Suid-Afrika is wetgewing wat 'n gedeelte van die kultuurerfenis bewaar, reeds in 1911 ingestel. Dit was naamlik die Boesman Relikwië Beskermingswet. Hierdie wet was eerder op die bewaring van voorwerpe as terreine ingestel. In 1934 word dit deur die Wet op Natuurlike en Historiese Gedenkwaardighede en Oudhede (Wet no 4) opgevolg. Die klem het in hierdie geval op voorwerpe

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

en terreine geval. Hierdie wet is twee keer gewysig, naamlik deur die Wysigingswet op Natuurlike Gedenkwaardighede (Wet no 9 van 1937) en die Wysigingswet op Gedenkwaardighede (Wet no 13 van 1967). In hierdie wette het die klem al meer op terreine begin val (Van Vollenhoven 1998a:25).

Sedert 1948 is daar ook provinsiale wetgewing ingestel ten einde die kultuurerfenis te bewaar. Hieronder tel die volgende:

- Die Ordonnansie op die Natuurlike en Historiese Gedenkwaardighede, Oudheidsoorblyfsels en Antieke voorwerpe (Ordonnansie no 13 van 1948).
- Die Wysigingsproklamasie op die Natuurlike en Historiese Gedenkwaardighede, Oudheidsoorblyfsels en Antieke voorwerpe (Proklamasie no 45 van 1950).
- Die Wysigingsordonnasie op Natuurlike en Historiese Gedenkwaardighede, Oudheidsoorblyfsels en Antieke voorwerpe (Ordonnansie no 12 van 1960).
- Die Wysigingsordonnansie op Natuurlike en Historiese Gedenkwaardighede, Oudheidsoorblyfsels en Antieke voorwerpe (Ordonnansie no 19 van 1962).

Al die genoemde nasionale en provinsiale wetgewing is in 1969 herroep en in die Wet op Nasionale Gedenkwaardighede (Wet no 28 van 1969) saamgevat. Ten einde hierdie wet te verbeter is dit verskeie kere gewysig naamlik in 1970, 1971, 1975, 1979, 1980, 1981 en 1986 (Van Vollenhoven 1998a:26).

Die wetgewing was steeds vol leemtes en het byvoorbeeld nie voorsiening vir die bestuur van die kultuurerfenis gemaak nie. Eers met die instelling van die Wet op Omgewingsbewaring (Wet no 73 van 1989) het die idee van kultuurhulpbronbestuur in Suid-Afrika posgevat. Verbeterings aan hierdie wet was die Wysigingswet op Omgewingsbewaring (Wet no 98 van 1991) en die Tweede Wysigingswet op Omgewingsbewaring (Wet no 115 van 1992).

Leemtes in die wetgewing was dat die twee wette gesamentlik benut moes word ten einde kultuurhulpbronbestuur toe te pas. Hoewel die ontwikkelaars deur die wetgewing verplig is om

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

ondersoeke na die kultuurerfenis te loods, was hulle nie verplig om die aanbevelings wat uit sodanige ondersoeke spruit na te kom nie (Van Vollenhoven 1998a:28-29). Boonop is aktiwiteite soos mynbou en boerdery uitgesluit van die bepalinge in bewaringswetgewing (Van Vollenhoven 1998a:37; Deacon 1993:78). 'n Spesifieke inspeksiestelsel vir Nasionale Gedenkwaardighede het ook ontbreek (Deacon 1993:78). 'n Verdere leemte is die uitsluiting van die geestelike erfenis en die groot klem wat op die bewaring van terreine teenoor voorwerpe val. Die laaste leemte was die gebrek aan inklusiviteit, dit wil sê die behoeftes van spesifieke gemeenskappe om inspraak in die bewaring en beskerming van hulle kultuurerfenis te hê.

Die laasgenoemde twee wette is op 1 April 2000 deur die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne (Wet no 25 van 1999) vervang. Omdat Van Vollenhoven (1998a) die voorgestelde wetgewing bespreek het (dit was toe nog nie wet nie) en enkele wysigings aangebring is voordat dit wet geword het, word die wet self nou as bron benut en nie die werk van Van Vollenhoven nie. Omdat die wet nuut en gevolglik onbekend is, en die bewoording daarvan betekenisvol is, word sekere gedeeltes aangehaal. 'n Laaste wet wat gemeld moet word, is die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur (Wet no 107 van 1998). Dit het die Wet op Omgewingsbewaring (Wet no 73 van 1989) vervang en moet ook benut word ten einde die kultuurerfenis te bewaar (sien pp. 59-60).

Ingevolge die Wet op die Nasionale Erfenishulpbronne (1999b:27) word daar 'n organisasie ingestel wat as die Suid-Afrikaanse Erfenishulpbronagentskap (SAEHA) bekend staan. Dit vervang die Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede (RNG). Definisies ingevolge die wet is die volgende:

- Bestuur met betrekking tot erfenishulpbronne, beteken ook die bewaring, aanbieding en verbetering van 'n plek wat ingevolge hierdie wet beskerm word.
- Bewaring met betrekking tot erfenishulpbronne, beteken ook die beskerming, instandhouding, preservering en volhoubare gebruik van plekke of voorwerpe ten einde die kulturele betekenis daarvan te beskerm.
- 'n Erfenishulpbron beteken enige plek of voorwerp van kulturele betekenis.
- Erfenishulpbronowerheid beteken die Suid-Afrikaanse Erfenishulpbronagentskap (SAEHA).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Volgens artikel 3 van die wet (1999b:13-15) geld die volgende as nasionale erfenis:

a. plekke, geboue, strukture en toerusting van kulturele betekenis;
b. plekke waaraan mondelinge tradisies geheg is of wat met lewende erfenis geassosieer word;
c. historiese nedersettings en dorpskappe;
d. landskappe en natuurlike eienskappe van kulturele betekenis;
e. geologiese terreine van wetenskaplike of kulturele belang;
f. argeologiese en paleontologiese terreine;
g. grafte en begraafplase; (Hieronder tel die grafte van voorouers, koninklike grafte en grafte van tradisionele leiers, grafte van slagoffers van konflik, grafte van individue wat deur die Minister by kennisgewing in die Staatskoerant aangewys word, historiese grafte en begraafplase en ander menslike oorskotte wat nie deur die Wet op Menslike Weefsel, 1983 (Wet no 65 van 1983), gedek word nie.)
h. terreine van betekenis wat met die geskiedenis van slawerny inSuid-Afrika verband hou;
i. roerende voorwerpe; (Dit sluit in voorwerpe wat uit die grond of waters van Suid-Afrika herwin is, insluitende argeologiese en paleontologiese voorwerpe en materiaal, meteoriete en seldsame geologiese eksemplare, voorwerpe waaraan mondelinge tradisies geheg word of wat met lewende erfenis geassosieer word, etnografiese kuns en voorwerpe, militêre voorwerpe, voorwerpe van sierkuns of skone kuns, voorwerpe van wetenskaplike of tegnologiese belang en boeke, rekords, dokumente, fotografiese, grafiese, film- of videomateriaal of klankopnames, uitgesonderd publieke rekords soos omskryf in artikel 1 van die Wet op die Nasionale Argief van Suid-Afrika, 1996 (Wet no 43 van 1996).)

Sommige van die voorgeskrewe kategorieë word verder omskryf. Onder argeologiese terreine word die volgende verstaan:

a. Materiële oorblyfsels wat voortspruitend uit menslike bedrywigheid, in 'n toestand van onbruik is, in of op grond is en ouer as 100 jaar is. Dit sluit artefakte, menslike en

hominiede oorblyfsels en kunsmatige verskynsels en strukture in.

b. Rotskuns wat deur menslike bedrywighede daargestel is wat ouer as 100 jaar is. Enige gebied binne 10 meter van sodanige voorstelling word ook beskerm.
c. Wrakke of enige deel daarvan, van enige vaartuig of lugvaartuig, wat in Suid-Afrika skipbreuk gely of neergestort het, hetsy op land, in die binnewaters, die territoriale waters of in die maritieme kulturele sone van die Republiek, soos omskryf in onderskeidelik artikels 3, 4 en 6 van die Wet op Maritieme Sones, 1994 (Wet no 15 van 1994). Enige vrag, puin of artefakte wat daarby gevind of daarmee geassosieer is en wat ouer as 60 jaar is of wat deur die SAEHA as bewarenswaardig beskou word, is ook ingesluit.
d. Eienskappe, strukture en artefakte geassosieer met militêre geskiedenis, wat ouer as 75 jaar is en die persele waarop dit gevind is (Wet no 25 van 1999:7-9).

Met die term lewende erfenis, word bedoel die ontasbare aspekte van oorgeërfde kultuur insluitende: kulturele tradisie, mondelinge geskiedenis, prestasie, rituele, vaardighede en tegnieke, inheemse kennisstelsels en die holistiese benadering tot die natuur, die samelewing en maatskaplike verhoudings (Wet no 25 van 1999:9). Die gedagte van inheemse kennisstelsels, is van besonderse belang vir hierdie studie en word later (punt 3.4 in hierdie hoofstuk) bespreek.

'n Voorwerp word beskryf as enige argeologiese artefak, paleontologiese en seldsame geologiese eksemplare, meteoriete en ander voorwerpe in artikel 3 (sien vroeër) bedoel (Wet no 25 van 1999:13).

Volgens die wet (1999b:13) is 'n struktuur enige gebou, werke, toestel of ander fasiliteit wat deur mense gemaak is en wat geheg is aan grond en enige vaste en los toebehore en toerusting wat daarmee gepaard gaan.

'n Terrein is enige stuk grond, insluitende grond onder water, en ook enige strukture of voorwerpe

daarop.

Die wetgewing maak vir twee vorme van beskerming voorsiening, naamlik formele en algemene beskerming.

### 3.2.1 Formele beskerming

Hieronder word erfenishulpbronne verstaan wat formeel tot erfenis verklaar word. Ses kategorieë van formele beskerming bestaan.

- Eerstens is daar nasionale (graad I) en provinsiale (graad II) erfenisterreine. Dit is plekke wat eienskappe besit wat so uitsonderlik is dat dit van nasionale of provinsiale belang is. Graad I terreine word deur die SAEHA bestuur en graad II terreine deur die provinsiale erfenishulpbronowerhede (Wet no 25 van 1999:43-45).
- Beskermde gebiede is 'n stuk grond rondom 'n nasionale erfenisterrein, wrak, mynhoop, provinsiale erfenisterrein, meteoriet, argeologiese of paleontologiese terrein wat nodig is om die uitsig op sodanige terrein te beskerm. Die onderskeie erfenishulpbronowerhede of plaaslike owerhede is vir die bestuur hiervan verantwoordelik (Wet no 25 van 1999:45).
- Voorlopige beskerming behels 'n tydelike beskerming van beskermde gebiede of erfenisterreine vir 'n periode van twee jaar. Plaaslike owerhede kan 'n bewarenswaardige plek vir 'n periode van drie maande voorlopig beskerm. Die doel hiervan is om aan erfenishulpbronowerhede die geleentheid te bied om deur middel van onderhandeling en oorlegpleging die bedreiging van sodanige terreine te verminder of om ondersoek na die bewarenswaardigheid daarvan in te stel (Wet no 25 van 1999:45-47).
- Erfenisregisters word deur die provinsiale erfenishulpbronowerhede opgestel. Alle erfenishulpbronne in die betrokke provinsie moet daarop gelys word. In die register word die erfenishulpbronne onder die subkategorieë van graad II en III gelys. Laasgenoemde is erfenishulpbronne van plaaslike belang (Wet no 25 van 1999:47).
- Erfenisgebiede het ten doel om enige plek van omgewings- of kulturele belang te beskerm. Beplanningsowerhede moet hierdie gebiede in hulle stads- of streeksbeplanningskemas

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

insluit (Wet no 25 van 1999:49-51).

- Onder erfenisvoorwerpe word die volgende verstaan:
  a. voorwerpe herwin uit die grond of waters van Suid-Afrika. Dit sluit argeologiese en paleontologiese voorwerpe, meteoriete en seldsame geologiese eksemplare in;
  b. beeldendekunsvoorwerpe;
  c. militêre voorwerpe;
  d. numismatiese voorwerpe;
  e. voorwerpe van kulturele of historiese betekenis;
  f. voorwerpe waaraan mondelinge tradisies geheg word en wat met lewende erfenis geassosieer word;
  g. voorwerpe van wetenskaplike of tegnologiese belang;
  h. boeke, rekords, dokumente, fotografiese positiewe en negatiewe, grafiese materiaal, film- of video- of klankopnames, uitgesonderd publieke rekords soos omskryf in artikel I(xiv) van die Wet die op Nasionale Argief van Suid-Afrika, 1996 (Wet no 43 van 1996), of in 'n provinsiale wet of rekords of argiewe; en
  i. enige ander voorgeskrewe kategorie.

### 3.2.2 Algemene beskerming

Hieronder word hulpbronne verstaan wat deur die wet as erfenis beskerm word sonder dat dit nodig is om verklaar te word. Ses kategorieë van algemene beskerming word aangetref.

- Voorwerpe wat deur die wetgewing van ander state beskerm word mag nie in Suid-Afrika ingevoer word nie. Sodanige voorwerpe mag wel ingevoer word indien 'n permit deur die betrokke staat daarvoor uitgereik is (Wet no 25 van 1999:57-59). Hierdie bepaling is in lyn met die Internasionele Konvensie vir die onwettige invoer van kultuurvoorwerpe (1970), sowel as die Konvensie op die onwettige uitvoer van gesteelde kultuurvoorwerpe (1995).
- Strukture ouer as 60 jaar geniet beskerming. Sodanige struktuur mag net verander of gesloop word indien 'n permit deur die betrokke provinsiale erfenisowerheid uitgereik is (Wet no 25 van 1999:59).
- Argeologiese en paleontologiese terreine en meteoriete is die verantwoordelikheid van provinsiale erfenishulpbronowerhede en is staatseiendom. Niemand mag sonder 'n permit

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

deur die verantwoordelike erfenishulpbronowerheid uitgereik:

a. enige argeologiese of paleontologiese terrein of enige meteoriet vernietig, beskadig, uitgrawe, verander, ontsier of andersins versteur nie;
b. enige argeologiese of paleontologiese materiaal of voorwerp of enige meteoriet vernietig, beskadig, uitgrawe, uit sy oorspronklike posisie verwyder, versamel of besit nie;
c. enige kategorie argeologiese of paleontologiese materiaal of voorwerp of enige meteoriet vir private wins verkoop, uit die Republiek uitvoer of poog om dit uit te voer of daarin handel dryf nie;
d. enige uitgrawingstoerusting of enige toerusting wat met die opspoor of herwinning van metale of argeologiese of paleontologiese materiaal of voorwerpe help, op 'n argeologiese of paleontologiese terrein bring of gebruik nie of sodanige toerusting vir die herwinning van meteoriete gebruik nie (Wet no 25 van 1999:59).

- Begraafplase en grafte is 'n netelige saak en erfenishulpbronowerhede sal streng regulasies instel ten opsigte van die opgrawing en herbegrawe van die inhoud daarvan. Niemand mag sonder 'n permit deur die SAEHA of 'n provinsiale erfenishulpbronowerheid uitgereik die graf van 'n slagoffer van konflik, of enige begraafplaas of deel daarvan wat sulke grafte bevat, vernietig, beskadig, verander, opgrawe of uit sy oorspronklike posisie verwyder of andersins versteur nie. Geen graf of begraafplaas wat buite 'n formele kerkhof geleë is, wat ouer as 60 jaar is en deur'n plaaslike owerheid geadministreer word, mag vernietig, beskadig, verander, opgegrawe, uit sy oorspronklike posisie verwyder of andersins versteur word nie. Geen uitgrawingstoerusting of enige toerusting wat met die opspoor of herwinning van metale help, mag op 'n begraafplaas gebring of gebruik word nie (Wet no 25 van 1999:61).
- Openbare monumente en gedenktekens moet, sonder dat dit nodig is om 'n kennisgewing te dien effekte te publiseer, op dieselfde wyse beskerm word as plekke wat verskyn in 'n erfenisregister (Wet 25 van 1999:63).
- Die bestuur van erfenishulpbronne bepaal dat enige persoon wat ontwikkeling wil onderneem in die heel vroegste stadium van die inisiëring van sodanige ontwikkeling die verantwoordelike provinsiale erfenishulpbronowerheid in kennis stel en voorsien van besonderhede rakende die ligging, aard en omvang van die voorgestelde ontwikkeling (Wet no 25 van 1999:65). Die koste hiervoor word deur die ontwikkelaar gedra. Verslae wat

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

hiervoor opgestel word moet die volgende inligting bevat:

a. die identifikasie en kartering van alle erfenishulpbronne in die geaffekteerde gebied;
b. evaluering van die betekenis van sulke hulpbronne;
c. 'n evaluering van die invloed van die ontwikkeling op sodanige erfenishulpbronne;
d. 'n evaluering van die invloed van die ontwikkeling op erfenishulpbronne relatief tot die volhoubare maatskaplike en ekonomiese voordele wat uit die ontwikkeling verkry staan te word;
e. die resultate van oorlegpleging met gemeenskappe wat deur die voorgestelde ontwikkeling geraak word en ander belanghebbende partye betreffende die invloed van die ontwikkeling op erfenishulpbronne;
f. indien erfenishulpbronne nadelig geraak sal word deur die voorgestelde ontwikkeling, die oorweging van alternatiewe; en
g. planne vir verligting van enige nadelige gevolge gedurende en na voltooiïng van die voorgestelde ontwikkeling.

Op grond hiervan kan die betrokke erfenishulpbronowerheid besluit watter aksie nodig is ten einde die erfenishulpbronne wat geaffekteer word te beskerm (Wet no 25 van 1999:65).

Ander belangrike aspekte wat in die wet beklemtoon word is die benutting van erfenishulpbronne vir openbare genieting, opvoeding, navorsing en toerisme. Dit sluit die volgende in:

a. die oprigting van verduidelikende plate en vertolkende fasiliteite, insluitende vertolkende sentrums en besoekersfasiliteite;
b. die verskaffing en opleiding van gidse;
c. die oprigting van uitstallings;
d. die oprigting van gedenktekens; en
e. enige ander middele wat nodig is vir die doeltreffende aanbieding van die nasionale besit.

Voorts kan die SAEHA of 'n provinsiale erfenishulpronowerheid erfenisinspekteurs aanstel. Behoudens die bepalings van enige ander wet kan 'n erfenisinspekteur of enige persoon wat

skriftelik deur 'n erfenishulpbronowerheid gemagtig is, enige grond, perseel of eiendom betree met die doel om enige erfenishulpbron wat ingevolge hierdie wet beskerm word, te inspekteer. Die inspekteur kan foto's neem en opmetings doen, sketse maak en enige ander middele vir die aanteken van inligting gebruik wat vir doeleindes van hierdie wet nodig is. 'n Erfenisinspekteur kan ook ter eniger tyd werk inspekteer wat gedoen word kragtens 'n permit uitgereik ingevolge hierdie wet en kan vir daardie doel enige plek wat ingevolge hierdie wet beskerm word, betree. Voorts kan 'n erfenisinspekteur, as daar rede is om te vermoed dat enige werk gedoen word of enige handeling verrig word, wat in stryd met hierdie wet of die voorwaardes van 'n permit ingevolge hierdie wet uitgereik is, gelas dat sodanige werk of handeling onmiddellik gestaak word hangende enige verdere opdrag van die verantwoordelike erfenishulpbronowerheid (Wet no 25 van 1999:77-79).

In aansluiting hierby stel die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur (1998:9) dit dat die kulturele eienskappe ingesluit word as deel van die omgewing waarbinne mense bestaan. Artikel 2(4)(iii) stel dit ook duidelik dat die versteuring van landskappe en terreine wat die nasie se kulturele erfenis daarstel, vermy moet word. Indien dit onmoontlik is om dit te vermy, moet dit reggestel word (Wet no 107 van 1998:13).

Dit beteken gevolglik dat die kultuurerfenis ingesluit moet word by omgewingsimplementerings- en -bestuursplanne. Die belangrikste oogmerk hiermee is om 'n volhoubare omgewing te bereik, te bevorder en te beskerm (Wet no 107 van 1998:23). Die algemene doelstellings van geïntegreerde omgewingsbestuur sluit in om die werklike en potensiële inwerking op die omgewing, sosio-ekonomiese toestande en die kultuurerfenis, die risiko's en gevolge en alternatiewe opsies vir die verligting van aktiwiteite te identifiseer, te voorspel en te evalueer, sodat negatiewe inwerkings so gering as moontlik, voordele so groot as moontlik gehou en die beginsels van omgewingsbestuur nagekom kan word. Hiervoor is dit nodig dat die potensiële inwerking van aktiwiteite op die omgewing, sosio-ekonomiese toestande en die kultuurerfenis oorweeg, ondersoek en vasgestel moet

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

word (Wet no 107 van 1998:35).

Die belangrikste betekenis van hierdie wet ten opsigte van die bewaring van die kultuurerfenis lê daarin dat dit binne 'n groter geheel van die totale omgewing kan geskied. Voorts kan diegene wat die kultuurerfenis skaad nie net onder die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne vervolg word nie, maar ook onder die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur.

'n Belangrike aspek van die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne wat by die gedagte van omgewingsbestuur aansluit, is die bepaling van algemene beginsels vir die bestuur van erfenishulpbronne. Vier sodanige beginsels word uitgespel, naamlik:

- Erfenishulpbronne het 'n blywende waarde in eie reg en lewer bewys van die oorsprong van die Suid-Afrikaanse samelewing, en omdat hulle waardevol, eindig, nie-hernubaar en onvervangbaar is, moet hulle sorgvuldig bestuur word om hulle oorlewing te verseker.
- Elke geslag het 'n morele verantwoordelikheid om as trustee van die nasionale kultuurerfenis op te tree vir opvolgende geslagte en die Staat het 'n verpligting om erfenishulpbronne in belang van alle Suid-Afrikaners te bestuur.
- Erfenishulpbronne het die vermoë om versoening, begrip en respek te bevorder, en dra by tot die ontwikkeling van 'n verenigende Suid-Afrikaanse identiteit.
- Erfenishulpbronbestuur moet waak teen die gebruik van die erfenis vir sektariese doeleindes of politieke gewin (Wet no 25 van 1999:17).

In aansluiting hierby gee Van Vollenhoven (1998a:48-49) ook 'n aantal beginsels, naamlik:

- Persone wat kultuurerfenisopnames doen moet die wetgewing ken. Die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne moet benut word om Suid-Afrika se kultuurerfenis te bewaar. Wetgewing behoort algemeen beskikbaar te wees sodat enigeen op hoogte daarvan kan kom.
- 'n Waardebepaling van kultuurhulpbronne moet so vroeg as moontlik gedoen word tydens ontwikkelingsbeplanning. 'n Betroubare waardebepaling van kultuurhulpbronne kan net gedoen word as 'n opname op die terrein uitgevoer is. As hierdie werk lank voor die tyd gedoen word, sal dit duur onderbrekings in ontwikkelingsprojekte voorkom. Vier tipes

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

waardes bestaan, naamlik simboliese waarde, inligtingswaarde, estetiese waarde en ekonomiese waarde. Op hierdie wyse kan die voortbestaan van sodanige hulpbronne verseker word.

- Kultuurhulpbronopnames kan net gedoen word indien 'n argeoloog deel van die projekspan uitmaak, omdat permitte vir sekere werk (byvoorbeeld die opgrawe van argeologiese terreine) net aan professioneel opgeleide argeoloë uitgereik mag word. Wanneer 'n kultuurerfenisprojek nie sodanige permit vereis nie, kan die projek sonder medewerking van 'n argeoloog uitgevoer word.
- Die ontwikkelaar moet die finansiële verantwoordelikheid vir die uitvoer van kultuurerfenisprojekte aanvaar. Hierdie kostes sluit onder meer konsultasiefooie, salarisse en lone, die huur van toerusting, vervoerkoste, lewenskoste tydens veldwerk, skryf van die verslag, sortering van materiaal en koolstofdaterings in.
- Artefakte wat tydens 'n kultuurerfenisbestuursprojek ingesamel word, behoort aan die nasie en moet gevolglik by 'n openbare instelling, soos 'n museum, geberg word. Sodoende word dit bewaar en kan dit bestudeer word. Nadat die nodige museumkundige dokumentasie afgehandel is, kan die voorwerpe deur middel van bruikleen uitgestal word. Die navorser is aanspreeklik teenoor die gemeenskap vir die bewaring van kultuurhulpbronne.
- Daar moet probeer word om soveel historiese terreine as moontlik te bewaar.
- Daar moet probeer word om die doelwitte van kultuurerfenisbestuur met dié van basiese navorsing te versoen.
- Die publiek moet by kultuurerfenisbestuur betrek word en hulle moet eienaarskap vir kultuurhulpbronne aanvaar. Op hierdie wyse sal respek tussen groepe ook aangemoedig word.
- Die herbegrawe van skeletmateriaal is 'n netelige kwessie, wat met omsigtigheid saam met die betrokke gemeenskappe, oorweeg moet word.
- Behoorlike dokumentasie, volgens internasionaal aanvaarde museologiese beginsels, is noodsaaklik.
- Daar moet teen die kommersiële uitbuiting van voorwerpe gewaak word.
- Nadat 'n navorser werk oor kultuurhulpbronne voltooi het, moet die inligting aan die publiek bekend gestel word.
- Kultuurhulpbronne kan vir opvoedkundige doeleindes aangewend word. Dit kan ook benut word om die waardes, geskiedenis en norme van gemenskappe te reflekteer.
- Kultuurhulpbronne moet op 'n ekonomies lewensvatbare wyse bestuur word. Dit sluit

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

hergebruik, eerder as vernietiging en benutting ten opsigte van toerisme en ontspanning in.

- Kultuurhulpbronne kan slegs bestuur word as die betrokke partye genoegsame kennis oor en begrip daarvoor het.

Hierdie beginsels sluit aan by dit wat deur internasionale konvensies vereis word. Die belangrikste hiervan is die Venesiaanse handves vir die konservering en restourasie van monumente en terreine (1964). Ten einde die integriteit van 'n terrein te bewaar, behoort die riglyne in hierdie handves nagekom te word.

### 3.3 Erfenishulpbronbestuursbehoeftes

Ingevolge die Internasionale Konvensie rakende die beskerming van die wêreld kultuur- en natuurlike erfenis (1972) kan state erfenisterreine voorlê vir insluiting in die lys van wêrelderfenisterreine. Om in die lys ingesluit te word, moet 'n terrein van internasionale belang wees.

Omdat terreine op hierdie lys van internasionale belang is, kan daar hulp van die Wêreld Erfeniskomitee verkry word om dit te beskerm, bewaar, aan te bied en te rehabiliteer. Hulp, wat finansiële bydraes insluit, word deur middel van ICOMOS (International Council of Monuments and Sites), UNESCO (United Nations Educational, Scientific and Cultural organisation) en IUCN (International Union of Conservation of Nature and Natural Resources) verleen.

Verskeie internasionale konvensies bestaan om kultuurerfenisterreine te beskerm. Hieronder tel onder andere die volgende:

- Charter on the built vernacular heritage (1999a).
- UNESCO se Convention for the protection of cultural property in the event of armed conflict

(1954) en die tweede protokol (1999a) in hierdie verband, sowel as die sinopsis daarvan (1999b).

- ICOMOS se riglyne vir die bewaring van houtgeboue (1999b), historiese tuine - die Florance handves (1982), historiese dorpe - die Washington handves (1987), argeologiese erfenisbestuur (1990), onderwater kultuurerfenis (1996b) en kultuurtoerisme (1999c).
- UNESCO se aanbevelings ten opsigte van argeologiese opgrawings (1956), argitektuur en stadsbeplanning (1956), die karakter van landskappe en terreine (1962), die voorkoming van onwettige handel in kultuurbesit (1964), die preservering van kultuurbesit wat deur openbare en privaatonwikkeling bedreig wod (1968), die beskerming op 'n nasionale vlak van die kultuur- en natuurlike erfenis (1972), die beveiliging en kontemporêre rol van historiese gebiede (1976), die internasionale uitruil van kultuurbesit (1976) en die bewaring van die roerende kultuurbesit (1978).
- Die Venesiaanse handves vir die konservering en restourasie van monumente en terreine (1964 - gewysig in 1996).
- Die Atheense handves vir die restourasie van historiese monumente (1931 - gewysig in 1996).

Benewens die genoemde standaarde en konvensies bestaan daar ook nog 'n legio ander internasionale verklarings in verband met die bewaring van die kultuurerfenis. Sommige hiervan is spesifiek in samewerking met sekere lande opgestel, byvoorbeeld die "Australia ICOMOS Charter for the conservation of places of cultural significance" (the Burra charter) (1981 - gewysig in 1996).

Ingevolge die Burra charter (artikel 2) is die doel van konservering om die kulturele belang (cultural significance) van 'n plek te herstel. Dit sluit die beveiliging, instandhouding en toekoms daarvan in (ICOMOS 1996a:1). Hierdie gedagte is in ooreenstemming met die beginsels van erfenisbestuur.

Artikel 4 van die Burra charter spreek die wens uit dat alle dissiplines wat 'n rol in die bestudering van 'n plek kan speel, benut behoort te word in die bestudering daarvan (ICOMOS 1996a:1). In

hierdie opsig stem dit ooreen met die doelwitte van hierdie studie (vergelyk punt 5 in hoofstuk 1). In aansluiting hierby stel artikel 5 dit dat alle aspekte van 'n plek se kulturele belang in ag geneem behoort te word, sonder dat een aspek tot nadeel van die ander beklemtoon word.

Dit is hierdie kulturele belang wat, volgens artikel 6, bepalend is vir die konserveringsbeleid van 'n plek. Die konserveringsbeleid is bepalend vir die gebruik, verandering, beveiliging en bewaring van 'n historiese terrein (ICOMOS 1996a:2).

Die Burra charter beklemtoon dat selfs die toestand van 'n plek genoegsame rede vir die bewaring daarvan op grond van kulturele belang is. Bewaring sluit die beskerming, instandhouding en stabilisering van strukture in.

Restourasie, rekonstruksie en aanpassing van strukture behoort slegs plaas te vind indien daar genoegsame bewyse van 'n vorige staat van die struktuur gevind is, sodat die kulturele belang daarvan herwin en beklemtoon kan word. Die kulturele belang van verskeie periodes moet egter in ag geneem word (ICOMOS 1996a:2-3).

Argeologiese opgrawings word deur die charter as 'n belangrike metode gesien om inligting in te samel, hetsy vir restourasiedoeleindes of vir die inwin van wetenskaplike kennis (ICOMOS 1996a:3-4). In hierdie opsig sluit dit aan by die navorsings- en erfenishulpbronbestuursbehoeftes wat in hierdie studie aangespreek word (vergelyk punt 2.2 en pp. 58-62 in hierdie hoofstuk, sowel as hoofstuk 10).

Ten slotte dui die Burra charter in artikel 25 aan dat die kulturele belang van 'n plek deur

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

ondersteunende inligting soos foto's, sketse en materiaalmonsters versterk word (ICOMOS 1996a:4). Hierdie is 'n belangrike bepaling, aangesien dit die metodiek ten opsigte van die navorsing op plekke van kulturele belang beïnvloed. Hieronder tel die dokumentering van terreine op alle moontlike wyses en so volledig as moontlik, sowel as die berging en beskikbaarstelling van hierdie dokumentasie en materiaal. Noodwendig het dit verrykende gevolge in argeologiese navorsing, omdat dit beklemtoon dat die dokumentasie en berging van inligting omtrent 'n terrein moeilik volledig genoeg gedoen kan word. Voorts impliseer dit dat 'n volledige rekord, bestaande uit beskrywings, foto's, planne, kaarte, sketse en dies meer beskikbaar moet wees om deur die gemeenskap benut te kan word vir opvoedkundige en bewaringsdoeleindes.

Die Burra charter het 'n beduidende invloed op die wyse waarop die kultuurerfenis hanteer moet word. Daar word soms ook na die kulturele belang as erfenisbelang (heritage significance) verwys. Die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne verwys spesifiek hierna in artikel 3(3). Hiervolgens word 'n plek of voorwerp as deel van die nasionale besit beskou as dit kulturele betekenis het omrede:

a. die belangrikheid daarvan in die gemeenskap of in die loop of patroon van Suid-Afrika se geskiedenis;
b. dit ongewone, seldsame of bedreigde aspekte van Suid-Afrika se natuurerfenis of kultuurerfenis besit;
c. die potensiaal daarvan om inligting op te lewer wat sal bydra tot 'n begrip van Suid-Afrika se natuurerfenis of kultuurerfenis;
d. die belangrikheid daarvan om die vernaamste eienskappe van 'n bepaalde klas van Suid-Afrika se natuurlike of kulturele plekke of voorwerpe te toon;
e. die belangrikheid daarvan om bepaalde estetiese eienskappe waaraan 'n gemeenskap of kultuurgroep waarde heg, te toon;
f. die belangrikheid daarvan om 'n hoë mate van skeppende of tegniese prestasie in 'n bepaalde tydperk te toon;
g. die sterk of spesiale assosiasie daarvan met 'n bepaalde gemeenskap of kultuurgroep om

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

maatskaplike, kulturele of geestelike redes;

h. die sterk of spesiale assosiasie daarvan met die lewe of werk van 'n persoon, groep of organisasie van belang in die geskiedenis van Suid-Afrika; en

i. plekke van betekenis met betrekking tot die geskiedenis van slawerny in Suid-Afrika (Wet 25 van 1999:15).

Die grootste deel van die kultuurerfenis van 'n land bestaan uit terreine, strukture, lewende erfenisse en voorwerpe, wat nooit as nasionale of wêrelderfenisse gereken sal word nie, aangesien die belang daarvan op 'n streeksvlak lê of omdat die omvang van die terrein (in soverre dit grootte, sowel as inligting raak) nie groot genoeg is nie. Hierdie terreine sal dus nie sonder meer die aandag van wetenskaplikes en die owerhede trek nie. Dit beteken egter nie dat dit onbelangrik geag word nie. Die navorsing, bestuur en ontwikkeling daarvan is juis van besonderse betekenis vir plaaslike gemeenskappe. Schofield (1998:23) stel dit duidelik dat sommige terreine en strukture moontlik nie uitstaande voorbeelde van hulle soort of spesifieke estetiese kwaliteite het nie, maar dat dit op 'n plaaslike vlak van groot belang kan wees.

In die bestuur van die kultuurerfenis gaan dit oor die verskynsel self en die belang daarvan ingevolge wetgewing. Die wetgewing is voorts ingestel op die popularisering van die erfenis, met ander woorde die gemeenskapsbelang daarvan. Die enigste moontlike tekortkoming, is die gebrek aan die nodige kundigheid om hierdie taak uit te voer. Wetenskaplikes behoort al hoe meer hierby betrokke te raak sodat die kultuurerfenis objektief nagevors en op verantwoordelike wyse bestuur kan word. Sodoende sal die gemeenskap dit optimaal kan benut sonder dat die integriteit daarvan sal skade ly. Die gevallestudies in hierdie studie is voorbeelde van terreine, wat van plaaslike belang is en is goeie voorbeelde om die belang hiervan binne die kader van erfenisbestuur te illustreer (vergelyk hoofstuk 10). Punt g hierbo vermeld, sluit aan by hierdie gedagte en verwys na die inheemse kultuurerfenis en kennisstelsel van inheemse gemeenskappe.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

## 3.4 Die inheemse kennisstelsel

'n Laaste aantal gedagtes ten opsigte van die begrip inheemse kennisstelsel (vergelyk p. 45) is nodig aangesien dit bepalens in die keuse van gevallestudies vir hierdie studie was. Hierdie idee kom direk uit die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne (1999b:9).

Inheemse kennisstelsels het te make met tradisionele en plaaslike kennis en word teenoor die internasionale, globale of Westerse kennisstelsel geplaas. Laasgenoemde word deur universiteite, regerings-navorsingssentrums en private industrieë daargestel. Die inheemse kennisstelsels verwys na die kennis van inheemse mense sowel as enige gedefinieerde gemeenskap, en vorm 'n onlosmaaklike deel van daardie gemeenskap se kultuurerfenis (Nuffic g.d.:1; Adam g.d.:1).

Dit is veral van belang dat dit duidelik gestel word dat enige gedefinieerde gemeenskap binne die omskrywing van die begrip "inheems" ressorteer. In die Suid-Afrikaanse omstandighede beteken dit dat die Afrikaner[1] as sodanige gemeenskap sou kwalifiseer. Dit is om hierdie rede dat gevallestudies, wat vir hierdie spesifieke groep betekenis het, benut is.

Daar word van die veronderstelling uitgegaan dat die bevindinge van hierdie studie net so toepaslik op ander inheemse groepe met hulle unieke kennisstelsels sal wees, maar hierdie spesifieke groep is gekies omdat verskeie projekte oor die laaste aantal jare gedoen is, wat die historiese argeologie van hierdie groep raak.

Die inheemse kultuurerfenis word tot 'n groot mate deur die inheemse kennisstelsel beïnvloed,

[1]Die bedoeling is nie hier om 'n debat rondom die definisie van wat 'n Afrikaner is aan die gang te sit nie. Daar word ook nie probeer om 'n politieke standpunt in te neem of te ontken dat die begrip waarskynlik 'n veel wyer betekenis het nie. Vir die doeleindes van hierdie studie word die Afrikaner gesien as die blanke inwoners van die navorsingsgebied, vir wie die gevallestudies wat benut word, 'n besonderse betekenis het op grond van 'n historiese affiliasie met die persone en gebeure wat dit tot stand gebring het.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

omdat laasgenoemde betekenis aan die erfenis van 'n gegewe groep verleen. Dit verskaf die basis vir plaaslike besluitneming deur middel van die formele en informele gemeenskapsorganisasies. Op hierdie manier word die inheemse kennisstelsel en erfenis uitgebrei (Nuffic g.d.:1; IIRR g.d.:1).

Sodoende is die navorsers betrek by argeologiese terreine wat vir 'n deel van die gemeenskap van belang is. Samewerking tussen die argeoloog en gemeenskap het tot die navors van die gevallestudies wat hier benut word, gelei. Hoewel nie een hiervan uitgebreide afsettings en strukture en wetenskaplik belangrike eienskappe besit nie, is dit tipies van die kleiner argeologiese terreine wat van besonderse kulturele belang vir 'n spesifieke gemeenskap is. Hierdie belang word deur die gemeenskap self daaraan gegee op grond van onder andere 'n historiese persoonlikheid of gebeurtenis waarmee dit verbind word.

Gevolglik is dit belangrik dat die navorser die gemeenskap se idees, belange, kennis en dies meer in ag neem tydens die navorsingsproses. 'n Doelbewuste versoening tussen die wetenskaplik-akademiese navorsingsproses en die waardestelsel van die gemeenskap is dus belangrik. Hierdie versoening is slegs moontlik binne 'n model waar daar voldoen word aan navorsings- en erfenishulpbronbestuursbehoeftes (sien punt 3.3). Dit beteken dat elke gemeenskapsgerigte navorsingsprojek ook aan navorsingsstandaarde gemeet behoort te word. Hierdie gedagte sluit direk aan by die beginsel dat die doelwitte van erfenisbestuur en basiese navorsing met mekaar versoen behoort te word (vergelyk p. 52). Die erfenishulpbronbestuursbehoeftes spruit direk hieruit voort.

Van Vollenhoven (1998a:93) het ook uitgewys dat daar 'n verband tussen museumfunksies en kultuurhulpbronbestuur bestaan (tabel 3.1). Uit hierdie verband en die wetgewing kan die volgende kriteria uit die behoeftes van erfenishulpbronbestuur daargestel word: navorsings-, bestuurs-, opvoedkundige en gemeenskapsbehoeftes en wetgewingsvereistes.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

**TABEL 3.1 VERBAND TUSSEN MUSEUMFUNKSIES EN BEWARINGSWETGEWING**

| **Museumfunksie** | **Bewaringswetgewing** |
|---|---|
| Versameling | Opname/Opsporing |
| Dokumentasie (lysting van voorwerpe)<br>Administrasie | Inventarisering<br>(lysting van kultuurhulpbronne) |
| Klassifikasie | Dokumentasie (beskrywing van kultuurhulpbronne) |
| Navorsing | Evaluering/Waardebepaling<br>Navorsing |
| Uitstalling | Bewaring (*in situ*) |
| Bewaring (preservering en konservasie) | Beskerming |
| Openbare verantwoordelikheid<br>Kommunikasie | Gemeenskapsbetrokkenheid |
| Opvoeding<br>Publikasie<br>Hulpbron<br>Behoeftevervulling<br>Interpretasie | Benutting |

Navorsingsbehoeftes behels die opname, opsporing en versameling van erfenishulpbronne, sowel as die klassifikasie en beskrywing daarvan. Die evaluering (waardebepaling) en uiteindelik publisering van inligting daaroor, word ook hier ingedeel.

Die bestuursbehoeftes het te make met die inventarisering, dokumentering, administrasie en uiteindelik ontwikkeling van erfenishulpbronne. Die ontwikkeling van erfenishulpbronne hou met die benutting daarvan verband.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Opvoedkundige behoeftes verwys na die uitstalling en kommunikasie van inligting deur middel van erfenishulpbronne. Dit sluit ook die funksies van opvoeding deur middel van erfenishulpbronne, sowel as die interpretasie daarvan in en hou eweneens met die benutting daarvan verband.

Gemeenskapsbehoeftes hou verband met opvoedkundige behoeftes. Dit sluit die beskerming, bewaring, uitstalling en benutting van erfenishulpbronne in. Die betrokkenheid van die gemeenskap is 'n belangrike onderdeel van hierdie kriteria. Die uiteindelike doel hiervan is om 'n behoefte in die gemeenskap te vervul.

Die wetgewingsvereistes behels bewaring (preservering en konservasie) en die openbare verantwoordelikheid van die regering ten opsigte van erfenishulpbronne. Wetgewing wat gedurende 1999 deur die parlement aanvaar is, naamlik die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne (Wet no 25 van 1999), skryf die betrokkenheid van die onderskeie vlakke van regering by die bewaring van die Suid-Afrikaanse kultuurerfenis voor (vergelyk punt 3.2). Die Wet op die Nasionale Erfenisraad (Wet no 11 van 1999) hou ook hiermee verband.

Ook in hierdie geval word die inheemse vermeld. Hiervolgens word ‘n Nasionale Erfenisraad aangestel met die doel om die nasionale erfenis vir huidige en toekomstige geslagte te ontwikkel, te bevorder en te beskerm en om erfenisbestuur te koördineer. Voorts is dit verantwoordelik om die inhoud en erfenis wat oratuur is te beskerm, te bewaar en te bevorder ten einde dit toeganklik en dinamies te maak en om die lewende erfenis te integreer met die funksies en bedrywighede van die Raad en alle ander erfenisowerhede en -instellings op nasionale, provinsiale en plaaslike vlak. ‘n Belangrike taak van die Raad is om die inheemse kennisstelsels te bevorder en te beskerm, om ondersteuning vir die bevordering van die geskiedenis en kultuur van al ons mense te versterk en om in die besonder navorsing en publisering van slawerny in Suid-Afrika te ondersteun (Wet no 11 van

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

1999:5).

Ten slotte kan gemeld word dat alle erfenishulpbronne, wat aan een of meer van die onderstaande lys vereistes voldoen, deur wetgewing beskerm word:

a. Dit moet van belang wees in die verloop of vorming van die Suid-Afrikaanse geskiedenis.
b. Dit moet ongewone, skaars of bedreigde aspekte van Suid-Afrika se natuur- of kultuurerfenis wees.
c. Terreine wat potensiaal besit om inligting te bevat ten einde Suid-Afrika se natuur- of kultuurerfenis te verstaan.
d. Terreine wat belangrik geag kan word vanweë hulle vermoë om die belangrikste eienskappe van die voorwerpe of natuurlike of kultuuromgewing van 'n spesifieke groep in Suid-Afrika uit te beeld of te demonstreer.
e. Terreine wat belangrik geag kan word aangesien dit eienskappe besit waaraan 'n spesifieke gemeenskap of kultuurgroep spesifieke estetiese waarde koppel.
f. Terreine wat 'n hoë graad van kreatiewe of tegnologiese prestasies (afkomstig vanaf 'n spesifieke tydperk) besit.
g. Dit moet 'n baie sterk assosiasie met die sosiale, kultuur- of religieuse aspekte van 'n bepaalde gemeenskap besit.
h. Terreine wat 'n sterk assosiasie met die lewe of werk van 'n belangrike persoon, groep of organisasie in die geskiedenis van Suid-Afrika het (Wet 25 van 1999:14).

Punte d, e, f en h beklemtoon weer eens die belang van plaaslike gemeenskappe, soos vroeër vermeld.

Hierdie kriteria sal saam met die kriteria wat uit die navorsingsbehoeftes saamgestel is, benut word om die wetenskaplike paradigmas en gevallestudies in hierdie studie te meet.

# 4. DEFINIëRING VAN HISTORIESE ARGEOLOGIE

Aangesien daar in hierdie studie van voorbeelde uit die historiese argeologie gebruik gemaak word, is dit vervolgens nodig dat die begrip historiese argeologie gedefinieer word. Dit is reeds 'n geruime tyd dat daar na 'n algemeen aanvaarbare definisie vir die onderafdeling van die vakgebied argeologie, wat as historiese argeologie bekend staan, gesoek word (Orser 1996:23). Geen duidelike definisie vir historiese argeologie is voor die sestigerjare van die twintigste eeu daargestel nie (Schuyler 1970:84). Sedert die sestigerjare van die twintigste eeu is verskeie definises voorgestel, maar elkeen hiervan blyk die een of ander tekortkoming te hê. In 'n poging om hierdie tekortkominge te bowe te kom, is definisies deur die jare aangepas en verbeter, maar nuwe tekortkominge is telkens uitgewys.

Hierdie moet gesien word as 'n poging om met nuwe insig 'n aanvaarbare, werkbare definisie, wat alle aspekte van historiese argeologie insluit en alle ander aspekte van die vakgebied argeologie uitsluit, vir historiese argeologie daar te stel. Alvorens dit gedoen kan word, moet die geskiedenis van historiese argeologie eers kortliks bespreek word.

## 4.1 Historiese verloop van historiese argeologie as studiegebied

### 4.1.1 Die Verenigde State van Amerika

Die eerste voorbeelde van wat allerweë as historiese argeologie bekend staan, kom uit die jare 1855 en 1856 in die VSA (Orser & Fagan 1995:23-25). Skrywers soos Schuyler (Orser & Fagan 1995:7) en Dederen (1989:154), is van mening dat die sogenaamde klassieke argeologie[2] deel van historiese argeologie uitmaak. Dit beteken dat die eerste voorbeelde so ver teruggevoer kan word as die

[2]Klassieke argeologie of die klassieke periode verwys in die sogenaamde "Ou Wêreld" na die Griekse en Romeinse beskawings, dit wil sê beskawings van die Middellandse seegebied. In die "Nuwe Wêreld" sluit die beskawings van onder andere Sentraal- en Suid-Amerika in (vegelyk Bray & Trump 1982:64; Deetz 1967:132).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Griekse historikus Herodotus se werk oor Egipte (Carter 1980:40-41; Sharer & Ashmore 1979:36).

So vroeg soos 1910[3] het Fish (1978:9) die mening uitgespreek dat byna elke historikus ietwat van 'n argeoloog moet wees en dat elke argeoloog ietwat van 'n historikus moet wees. Dit blyk die eerste poging tot 'n omskrywing van historiese argeologie te wees. Die eerste werklike definisie is eers in die vyftigerjare van die twintigste eeu gekonstateer toe Harrington (1978:3) historiese argeologie as "an auxiliary science to American History" beskryf het. Hy het beklemtoon dat argeologiese data saam met dokumentêre bewyse gebruik moet word om terreine te interpreteer. Historiese argeologie is dus tot in hierdie stadium bloot gesien as 'n manier om addisionele inligting aan historici te verskaf. Noël-Hume het byvoorbeeld daarna verwys as "the handmaiden of history" (Orser & Fagan 1995:30).

Vandag word historiese argeologie as veel meer as net 'n aanvulling vir geskiedenis gesien. Dit word as 'n selfstandige onderafdeling van die vakwetenskap argeologie beskou. In hierdie verband beteken dit dat historiese argeologie nie verskillend van prehistoriese argeologie is nie, behalwe dat eersgenoemde met geskiedenis en laasgenoemde met antropologie verband hou (Orser & Fagan 1995:30; Deetz 1991:2; Deagan 1991:10).

Die "Historic Sites Act" word in 1935 in die VSA aanvaar. Dit het bepaal dat historiese terreine, geboue en voorwerpe as openbare erfenis bewaar kon word (Renfrew & Bahn 1991:471; Orser & Fagan 1995:25). Op hierdie wyse is nuwe aansien aan historiese argeologie verleen en gevolglik is al meer histories-argeologiese navorsingsprojekte aangepak.

---

[3] R.L. Schuyler het in 1978 'n publikasie die lig laat sien, waarin hy verskeie vroeëre artikels en referate in verband met historiese argeologie saamgevat het. Die titel daarvan in **Historical archaeology: a guide to substantive and theoretical contributions**. Baywood Publising Company, New York.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

### 4.1.2 Europa en Brittanje

In teenstelling met lande buite Europa waar argeologie sterk bande met antropologie het, het argeologie in Europa sterk bande met geskiedenis (Hodder 1995:10; Hodder 1991:10). Die rede hiervoor is dat die klassieke argeologie (sien voetnoot 2) die ruggraat van historiese argeologie in Europa vorm. Hierdie aspek is van groot belang omdat dit die verskillende benaderings ten opsigte van historiese argeologie direk raak.

Argeoloë in Brittanje het hulle aandag sedert 1908 al meer op Middeleeuse nedersettings gevestig. Dit het tot grootskaalse histories-argeologiese navorsing na die Tweede Wêreldoorlog gelei. In 1952 gee dit aanleiding tot die stigting van die "Deserted Medieval Village Research Group" (DMVRG), wat 'n groot verskeidenheid opgrawingsprojekte op historiese terreine onderneem het. Dit het sedert die vroeë sewentigerjare gelei tot wat genoem word stedelike geskiedenis ("urban history") en industriële argeologie ("industrial archaeology"), wat as onderafdelings van historiese argeologie beskou kan word (Dymond 1974:133-137, 141, 153).

Hierdie tipe argeologie word aan die historiese argeologie van die sogenaamde "Nuwe Wêreld" gelyk gestel (Renfrew & Bahn 1991:11, 39). Gevolglik is historiese argeologie in Europa en Brittanje vandag net soveel deel van die vakgebied argeologie as prehistoriese argeologie (vergelyk byvoorbeeld Hodder 1987a).

### 4.1.3 Suid-Afrika

Historiese argeologie is 'n veel jonger sub-dissipline in Suid-Afrika. Die eerste gedokumenteerde voorbeeld van histories-argeologiese navorsing in Suid-Afrika is die opgrawings wat in 1938 deur Axelson gedoen is. Tydens hierdie projek is fragmente van die Diaskruis by Kwaaihoek by die

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Boesmansriviermond tussen Port Elizabeth en Port Alfred gevind (Axelson 1958:121). Hierdie studie kan as 'n geïsoleerde geval beskou word, aangesien die eerste insidente van histories-argeologiese navorsing in Suid-Afrika daarna 'n aantal projekte is wat tussen 1962 en 1983 deur Mason uitgevoer is (Mason 1989:317-318). Sedert die sestigerjare het M Emms ook verskeie keer artefakte "gered" wat tydens konstruksiewerk in Kaapstad blootgelê is (Abrahams 1985:41).

In die laat sewentigerjare en vroeë tagtigerjare is histories-argeologiese navorsing by die Universiteit van Kaapstad gevestig, wat tot 'n opbloei in historiese argeologie gelei het (Abrahams 1985:49-51; Boeyens 1998:5). Dit het gevolg op die toevallige ontdekking van 'n waterreservoir uit 1663, tydens die uitgrawings vir die bou van die Goue Akker winkelsentrum in Kaapstad in 1975 (Abrahams:1985:43; Vos 1993:2). Sedert die tagtigerjare het die Stellenbosch Museum en die Suid-Afrikaanse Kultuurhistoriese Museum 'n verskeidenheid van histories-argeologiese navorsingsprojekte uitgevoer (Abrahams 1985:52-62; Abrahams 1987; Abrahams 1994; Abrahams-Willis1998; Hall & Markell 1993:3; Vos 1993:2-3) Die Stellenbosch Museum het byvoorbeeld die eerste voltydse pos vir 'n historiese argeoloog in Suid-Afrika daargestel (Abrahams 1985:45).

Die Universiteit van Pretoria, die Transvaalse Provinsiale Museumdiens en die Suid-Afrikaanse Weermag het in 1984 met histories-argeologiese navorsing by die Voortrekkerdorp, Schoemansdal, begin (Suid-Afrikaanse Weermag 1988:1-31; Anoniem g.d.:7). Vanweë die omvang van die terrein en die projek kan dit waarskynlik as die mees intensiewe histories-argeologiese navorsingsprojek wat tot dusver in Suid-Afrika onderneem is, beskou word. Verskeie histories-argeologiese navorsingsprojekte is sedertdien deur studente van hierdie universiteit onderneem. Hieronder tel opgrawings by die Pionier Museum (Küsel 1988:1-81; Van Vollenhoven 1998b:1-62), Fort Daspoortrand (Van Vollenhoven 1992a:224-342), die Marico (Boeyens 1998) en Melrosehuis (Van Vollenhoven 1994a:1-25).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die Nasionale Kultuurhistoriese Museum in Pretoria is sedert die middel tagtigerjare, maar veral sedert die vroeë negentigerjare toenemend by historiese argeologie betrokke. Voorbeelde hiervan is opgrawings by Rooihuiskraal (Van Ewyk 1986), die Lucas Bronkhorstruïne (Van Schalkwyk e.a. 1992:1-14), Melrosehuis (Van Schalkwyk e.a. 1995:81-99), Kerkstraat (Van Schalkwyk e.a. 1995:78-83) die Krugerwildtuin (Van Vollenhoven e.a. 1998:113-120) en Minnaarstraat (Van Schalkwyk e.a. 1996:1-8).

'n "Historical Archaeology Research Group" is vroeg in die negentigerjare by die Universiteit van Kaapstad gestig. Hierdie navorsingseenheid fokus grootliks op die agtiende-eeuse Kaapstad en omgewing. Projekte wat deur hierdie eenheid onderneem is, sluit opgrawings in die Kasteel, by sommige fortifikasies en by verskeie woonhuise in (Hall & Markell 1993:7; Seeman 1993). By die Universiteit van die Witwatersrand (Pelser 1996:1-47) en by die Universiteit van Stellenbosch (Vos 1993:1-280; Schoeman 1987:1-113; Abrahams 1985:44; Hall & Markell 1993:5) is ook studies in die historiese argeologie uitgevoer.

Bostaande dui daarop dat historiese argeologie oor 'n wye gebied uitgevoer word deur die instansies in Suid-Afrika waar argeologie bestudeer en beoefen word. Hierdie is maar enkele voorbeelde van histories-argeologiese navorsing in Suid-Afrika. Dit maak by al die universiteite waar argeologie in Suid-Afrika gedoseer word deel van die leerplan uit. Gevolglik is dit duidelik dat dit ook hier 'n gevestigde onderafdeling van die vakgebied argeologie uitmaak.

## 4.2 Definisies van historiese argeologie

Daar bestaan tans 'n meningsverskil oor die indeling van die vakgebied argeologie in onderafdelings. Sommige skrywers verdeel dit in prehistoriese en historiese argeologie, terwyl ander 'n protohistoriese fase tussenin voeg. Hierdie is 'n kritieke aspek ten opsigte van die definiëring van

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

historiese argeologie en sal aan die hand van vorige definisies daarvan getoets word.

### 4.2.1 Die periode-konsep

Die eerste professionele histories-argeologiese kongres in die VSA vind in 1960 plaas. By hierdie geleentheid is historiese argeologie gedefinieer as post-prehistories (Orser 1996:23). Schuyler (1970:84) het in 1970 dit as die studie van die materiële oorblyfsels van enige historiese periode gedefinieer (Orser & Fagan 1995:6), terwyl South (1977b:1-2, 25) dit beskryf het as argeologie wat op terreine van die historiese periode uitgevoer word.

Hierdie eenvoudige definisie klink baie logies. Enigiets wat nie deel van prehistoriese argeologie uitmaak nie, moet gevolglik deel van historiese argeologie wees. Die probleem hiermee is dat dit vaag is omdat dit nie duidelik stel wat met die terme "histories" en "historiese argeologie" bedoel word nie.

'n Verdere probleem is dat daar nie duidelikheid is oor wanneer die prehistoriese periode eindig en wanneer die historiese periode begin nie. Die onderskeid tussen die twee periodes (daar word nie vir die protohistoriese fase voorsiening gemaak nie), word vaagweg gemaak op grond van die bestaan van skrif en die daarmee gepaardgaande geskrewe dokumente (Schuyler 1970:84; Orser 1996:23). Onder historiese argeologie word dan onder andere klassieke, Middeleeuse, post-Middeleeuse, koloniale, stedelike en industriële argeologie verstaan (Deetz 1967:3-4; Orser & Fagan 1995:7; Dickens 1982:xx; Schuyler 1970:84; Fagan 1991:2).

Die enigste belangrike aspek uit die genoemde definisies is dat historiese argeologie te make het met die historiese periode. 'n Verdere afleiding hieruit is bloot dat die historiese periode op die prehistoriese periode (post-prehistories) volg. Tyd is dus die kardinale verdelingsagent.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

### 4.2.2 'n Metodologiese oorweging

'n Tweede algemene definisie van historiese argeologie plaas die klem op die metodologiese aspekte van historiese argeologie (Orser & Fagan 1995:8). Dit word deur South (1977a:1-2) gedefinieer as argeologiese terreine uit die historiese periode waar daar van etnografiese en historiese data gebruik gemaak word. In 'n ander bron stel hy dit soos volg:

> Those studies using both archeological and historical data have come to be called 'historical Archeology' (South 1977b:1).

Die verwysing na die aanwending van argeologiese, etnografiese en historiese data is van groot belang in hierdie definisies. Sommige skrywers beklemtoon die gelyke kombinering van hierdie databasisse (Orser & Fagan 1995:8). Dit gaan oor die gebruik van nie-argeologiese data saam met en aanvullend tot argeologiese data, 'n multidissiplinêre benadering (Barber 1994:5; Deetz 1967:4; Dymond 1974:75-85; Deetz 1977:35; Boeyens 1998:5-6; Dancey 1981:4; Schiffer 1977:34; Cleland & Fitting 1978:243-244; Orser & Fagan 1995:8; Van Vollenhoven 1995a:18-22; Malan 1986:91-92).

In hierdie geval word metodologie belangriker geag as chronologie, aangesien dit nie soseer oor die ouderdom van 'n terrein gaan nie, maar oor die gebruik van geskrewe dokumente en etnografiese inligting. Hierdie dokumente kan op enigiets geskryf wees - papier, klei, klip, sement of wat ookal - die argeoloog moet dit net kan benut. Ook in hierdie geval word onder andere klassieke argeologie en egiptologie by die definisie ingesluit (Orser & Fagan 1995:8-9; Orser 1996:25).

Twee verdere aspekte verdien vermelding. Die eerste is die verwysing na die gelyke aanwending van argeologiese en historiese data (dit is duidelik dat sommige skrywers soos South (1997b) die etnografiese data as deel van die historiese data beskou). Geen navorsingsprojek waarin hierdie twee

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

databasisse gelyk aangewend is, kom in die gedagtes op nie. Hierdie is gewis 'n naïewe siening. Dit gaan veel eerder by historiese argeologie oor die volledige kombinering van alle argeologiese en historiese data waaroor die navorser beskik, selfs al sou daar veel meer van een hiervan as van die ander beskikbaar wees. Die verifiëring van die een stel data aan die hand van die ander is ook van belang, hoewel dit nie die belangrikste doelwit van historiese argeologie is nie (Boeyens 1998:15-18; Barber 1994:6; Beaudry 1998:1; Vos 1993:17; Langhorne & Babits 1988:132).

Die tweede aspek raak South se verwysing na etnografiese data. Die etnografiese data word dus ingesluit as deel van die databasis van historiese argeologie. Voorstanders van die begrip protohistoriese argeologie (vergelyk Van Vollenhoven 1999:173) sal redeneer dat hier na etniese geskiedenis verwys word en dat dit op die terrein van etno-argeologie lê. Laasgenoemde kan omskryf word as die bestudering van die verlede deur gebruik te maak van nie-Westerse, inheemse historiese rekords, veral mondelinge oorleweringe (Renfrew & Bahn 1991:166; Orser & Fagan 1995:9; Orser 1996:25; Rahtz 1985:87; Boeyens 1998:5-6). Boeyens (1998:7) stel dit duidelik dat mondelinge oorleweringe belangrik in die wisselwerking tussen dokumentêre, argeologiese en mondelinge getuienis is.

Die insluiting van hierdie mondelinge getuienis[4] beteken dat hierdie skrywers net twee onderafdelings in die argeologie aandui, naamlik prehistoriese en historiese argeologie (Orser & Fagan 1995:8). Net soos met die eerste definisie beteken dit dat protohistoriese argeologie iewers anders ingedeel moet word. Dit word op die basis gedoen dat die bestaan van skrif (geletterdheid) en dus die bestaan van geskrewe dokumente, die enigste onderskeid is. Derhalwe val protohistoriese argeologie onder historiese argeologie. Hoewel 'n skrywer soos Goodyear (1977:203-236) byvoorbeeld van die protohistoriese of kontakfase praat, word dit tog onder historiese argeologie

[4]Die term mondelinge getuienis word bo mondelinge oorlewering of mondelinge geskiedenis verkies, omdat dit hier oor meer as net oorgelewerde tradisies en geskiedenis gaan, maar ook oor herinneringe uit die informant se leeftyd.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

ingedeel, veral ten opsigte van ongeletterde gemeenskappe.

Die belangrikste aspek wat uit hierdie tweede definisie te voorskyn kom is dat daar 'n ander databasis is wat met die argeologiese databasis gekombineer word. Metodologiese oorwegings dra dus in hierdie geval groter gewig as chronologiese oorwegings. Hierdie databasis is eerstens die geskrewe bronne en tweedens die mondelinge getuienisse van gemeenskappe. Historiese argeologie is dus multidissiplinêr. Hieruit is dit duidelik dat die definisie die metodiek van die vakgebied beïnvloed.

### 4.2.3 'n Studie van die moderne wêreld

Hierdie definisie fokus op metodologie en chronologie, maar ook op 'n spesifieke historiese onderwerp (Orser & Fagan 1995:11). Die definisie is hoofsaaklik afkomstig van Deetz (1977:5; 1991:1). Hy het historiese argeologie gedefinieer as die argeologie van die verspreiding van Europese kultuur regoor die wêreld sedert die vyftiende eeu en die impak daarvan op inheemse mense. Dit stem ooreen met die definiëring van die term "historic sites archaeology"[5] deur Harrington in 1952 en Fontana in 1965. Historiese argeologie en "historic sites archaeology" word derhalwe as sinonieme beskou (Leone e.a. 1995:110; Orser 1996:26). Barber (1994:1) ondersteun ook hierdie standpunt, verwysende na die Britse term "post-medieval archaeology".

Hierdie siening verskil in sekere opsigte radikaal van die vorige twee. Hier gaan historiese argeologie oor die bestudering van die verspreiding van Europese idees en die mense wat deel daarvan was, regoor die wêreld. Daar is dus sprake van 'n kultuureie interpretasie binne die konteks van die Westerse kultuur (Orser & Fagan 1995:11). Dederen ondersteun hierdie gedagte, wanneer hy sê dat historiese argeologie oor die argeologie van die resente verlede gaan. Hieronder tel onder

[5] Schuyler stel dit onomwonde dat "historic sites archaeology" bloot 'n onderafdeling van historiese argeologie is (vergelyk Schuyler 1970:85-88).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

andere koloniale, Christelike, Westerse en industriële argeologie (Dederen 1989:154). Gebiede soos klassieke argeologie word gevolglik uitgesluit. Daarom staan dit in skrille kontras met die voorafgaande twee definisies. Dit sluit egter ook etno-argeologie in, en sal dus nie aanklank vind by ondersteuners van die term protohistoriese argeologie nie.

Dit is belangrik om daarop te let dat hierdie definisie weer eens die kwessie van geletterdheid (skrif) aanspreek. Ander belangrike aspekte wat in hierdie definisie na vore kom is eerstens die gedagte van 'n spesifieke tydperk, naamlik sedert die vyftiende eeu, en tweedens die verspreiding van die Europese kultuur. Hierdie idee, wat ook die moderne wêreld genoem word, sluit die volgende in: grootskaalse verstedeliking, komplekse industriële produksie, handel en kapitalisme, wydverspreide geletterdheid, langafstandreise en kontak tussen groot getalle mense van uiteenlopende kulture (Orser & Fagan 1995:11). Hierdie kenmerke kom egter tot 'n mindere of meerdere mate ook by die kulture van die klassieke tydperk voor (Renfrew & Bahn 1991:154-157; Orser & Fagan 1995:11). Dit behoort dus nie van sodanige definisie uitgesluit te word nie.

In aansluiting hierby word die klem op die globalisering van historiese argeologie geplaas (Orser 1996:27). Historiese argeologie het dan net te make met geletterde gemeenskappe van "moderne tye", 'n verskynsel wat regoor die wêreld aangetref word en wat deur kolonialisme, Eurosentrisme, kapitalisme en moderniteit gekenmerk word. Orser (1996:39) stel dit duidelik dat die historiese argeoloog om hierdie rede globaal moet dink. In 'n sekere sin was hierdie ook kenmerke van die klassieke en antieke beskawings. Die Romeine het byvoorbeeld ander gebiede gekoloniseer en van daardie mense Romeine probeer maak (wat aan Eurosentrisme gelyk gestel kan word). Die uitdra en uitbou van die Romeinse ekonomie en kultuur kan weer aan die hedendaagse kapitalisme en moderniteit gelyk gestel word. Daar sou selfs na die globalisering in hierdie tye verwys kon word, al was die bekende wêreld, met kulture wat sekere eienskappe deel, soveel kleiner as wat dit vandag is. Daar is gevolglik geen rede waarom die antieke en klassieke beskawings van 'n definisie oor

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

historiese argeologie uitgesluit moet word nie.

Die gedagte van kontak tussen mense van uiteenlopende kulture, word verder in Deetz se definisie vergestalt. Hy praat van die impak op inheemse mense. Dit is duidelik dat Deetz se definisie kennelik slegs op 'n onderafdeling van historiese argeologie, naamlik Westerse of koloniale argeologie, van toepassing is. Die term koloniale argeologie het gewis beperkinge (Schuyler 1970:84). In die VSA en Suid-Afrika is dit waarskynlik 'n volledige definisie van historiese argeologie, maar gesien in wêreldkonteks is dit onvoldoende.

### 4.2.4 Die permanensie van skrif

Volgens hierdie definisie besit die bestudeerde kultuur die permanente eienskap van skrif. Van Vollenhoven (1999:176) definieer historiese argeologie as "...die bestudering van argeologiese data en alle vorme van historiese data, uit die periode van die geskiedenis waartydens gemeenskappe oor die permanente vermoë van skrif (geletterdheid) beskik het." Gevolglik het hierdie definisie ook 'n metodologiese dimensie.

Dit beteken dat die vakdisspline argeologie in drie onderafdelings verdeel word, naamlik prehistoriese, protohistoriese en historiese argeologie (Dederen 1989:154; Van Vollenhoven 1995a:18; Dymond 1974:10). Hierdie onderskeid word op twee gronde gemaak. Die eerste hiervan het te doen met die mate waartoe daar van die tradisionele argeologiese bronne gebruik gemaak word. Die tweede hou verband met die beskikbaarheid van historiese bronne.

Deetz (1967:11) noem eersgenoemde die primêre bronne van die argeoloog. Dit is die argeologiese oorblyfsels wat op argeologiese terreine gevind word. Hy noem laasgenoemde die sekondêre bronne

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

van die argeoloog. Dit sluit alle historiografiese bronne in en sluit dus mondelinge bronne uit. Hierdie bronne word dan as aanvullend tot die argeologiese rekord benut (Deetz 1977:6-8).

Net soos by die vorige definisies word prehistoriese argeologie beskou as die tydperk voor die verskyning van skrif (geletterdheid)[6], (Orser 1996:23; Deetz 1977:5; Dymond 1974:11; Fagan 1991:23). In hierdie geval bestaan daar geen geskrewe bronne wat deur die argeoloog benut kan word nie. Gevolglik is die argeoloog aangewese op die materiële kultuuroorblyfsels, dit wil sê die primêre bronne, wat op 'n terrein opgegrawe kan word (Noël-Hume 1975:13).

Hierdie skrywers definieer dan protohistoriese argeologie as die fase waar daar beperkte geskrewe bronne beskikbaar is, wat saam met die primêre bronne gebruik kan word (Hodder 1991:10; Van Vollenhoven 1995a:18). Dit verwys na die periode na die verskyning van skrif (geletterdheid), maar waar dit nog nie 'n eienskap van die bestudeerde kultuur is nie.

Voorbeelde hiervan is dan reisbeskrywings deur 'n persoon wat as buitestander 'n groep mense met wie kontak gemaak is, beskryf. Die beskrywing deur WC Harris van sy ontmoetings met onder andere Mzilikazi (Boeyens 1998:15; Carruthers 1990:247-248), kan as voorbeeld dien. Hierdie historiese bron kan deur die argeoloog benut word wanneer navorsing oor die skriflose groep van Mzilikazi gedoen word. Kontak tussen 'n prehistoriese gemeenskap en 'n persoon of groep wat reeds in die historiese tydperk verkeer, is dus 'n voorvereiste.

---

[6] Daar word aanvaar dat die eienskap van skrif op geletterdheid dui. Enige vorm van skrif, hetsy hiërogliewe, piktogramme of 'n formele alfabet, word hierby ingesluit. Geletterdheid dui voorts ook op die insluiting van 'n kultuur wat oor die vermoë van 'n simboliese stelsel soos wiskunde beskik het (vergelyk Renfrew & Bahn 1991:347-350).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Gowlett (1984:186) stel dit soos volg:

> The term 'proto-historic' is sometimes used to refer to societies contemporary with, and mentioned in, historical records but not possessing them.

Dit beteken dat historiese argeologie te make het met die jongste fase van die mens se geskiedenis waaroor daar 'n groot hoeveelheid historiese bronne bestaan (Deetz 1977:7; Barber 1994:1; Schrire 1992:361; Dymond 1974:10-11; Van Vollenhoven 1995a:18; Fagan 1991:24-25). Hierdie bronne is deur die bestudeerde groep self daargestel (Deetz 1967:3-4; Deetz 1977:5; Orser 1996:23; Barber 1994:1; Dymond 1974:10-11; Hodder 1991:10) en word saam met die tradisionele argeologiese bronne benut (Van Vollenhoven 1995a:18). Dit blyk dus dat die permanensie van skrif (geletterdheid) en die daarmee gepaardgaande beskikbaarheid van historiese bronne, in hierdie geval die bepalende faktor in die onderverdeling van die vakdissipline argeologie is.

Hierdie skrywers beskou gevolglik mondelinge getuienis wat uit die tydperk voor die permanensie van skrif dateer, nie as deel van die databasis van historiese argeologie nie. Wanneer hierdie inligting wel geskryf is (etnografie), is dit bloot die mondelinge oorleweringe, wat deur 'n buitestander neergeskryf is (Rahtz 1985:86; Orser & Fagan 1995:9; Fagan 1991:26). Gevolglik maak dit ook nie deel uit van die databasis van historiese argeologie nie. In hierdie geval het die definisie 'n kulturele implikasie, omdat dit oor die persepsies van sodanige buitestander oor die bestudeerde groep gaan. Hierdie siening kan as Eurosentries beskou word en stem ooreen met Deetz se gedagte dat historiese argeologie die kulturele oorblyfsels van geletterde gemeenskappe, wat daartoe in staat was om hulle eie geskiedenis te boekstaaf, bestudeer (Deetz 1977:5).

Dieselfde tipe mondelinge getuienis uit die tydperk na die permanensie van skrif (Yentsch 1988:5), word egter wel as deel van die databasis van historiese argeologie beskou. Die verskil in hierdie

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

geval is dat 'n persoon hierdie getuienis self kan neerskryf, omdat die vermoë van skrif bestaan en omdat die inligting betrekking het op 'n tydperk na hierdie vermoë by daardie groep ontstaan het. By etnografie kan die informant of nie self die getuienis neerskryf nie of die inligting het betrekking op 'n tydperk voor die vermoë van skrif by daardie groep bestaan het (vergelyk Bragdon 1988:126; Van Vollenhoven 1999:173).

Dit klink egter baie onlogies dat inligting bloot aanvaar of verwerp word op grond van die permanensie van 'n eienskap (skrif) wat geen waarborg vir die outentiekheid daarvan verskaf nie. Die veronderstelling dat hierdie geskrewe rekords (en by implikasie ook die mondelinge getuienisse) meer betroubaar as dié van buitestaanders (en die mondelinge getuienis van ongeletterde groepe) is, hou dus nie stand nie. Omdat die doel van interne kritiek juis is om enige historiese rekord, ook mondelinge getuienisse, se geloofwaardigheid vas te stel, kan hierdie getuienisse en dokumente as gelykwaardig aanvaar word. Die onderskeid tussen proto- en historiese argeologie is dus arbitrêr en eersgenoemde term dui op niks meer as 'n oorgang tussen prehistoriese en historiese argeologie nie.

## 4.3 'n Historiese perspektief

Aangesien argeologie 'n historiese vakdissipline is, is dit nodig dat 'n perspektief vanuit die geskiedenis ook op hierdie probleem gewerp word. Boonop is dit juis die tradisionele databasis van geskiedenis (naamlik geskrewe dokumente), wat die kern van die probleem rondom die definiëring van historiese argeologie raak.

Marwick (1989:6) defininieer geskiedenis op vyf verskillende wyses. Eerstens is dit wat werklik gebeur het. Hierdie definisie werp egter nie lig op die databasis van geskiedenis nie. Hy definieer dit ook as die aktiwiteit van navraag doen oor die verlede, gebaseer op die bestudering van bronne. Wat onder bronne bedoel word, word egter nie vermeld nie.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Derdens word geskiedenis as die interpretasie(s) wat deur die genoemde aktiwiteite daargestel word gedefinieer. Weer eens word daar nie spesifiek na die bronne verwys nie. Geskiedenis word ook gedefinieer as die opgehoopte kennis van die verlede. Hierdie kennis is op die interpretasies van feilbare historici gegrond, wat van fragmentariese en onvolmaakte bronne gebruik maak. Ook in hierdie geval word nie verduidelik wat onder bronne verstaan word nie.

Laastens definieer Marwick geskiedenis as daardie aspekte van die verlede wat deur middel van historiese navraag daargestel is, sowel as die opgehoopte kennis, dit wat bekend en gedokumenteer is en die werklikheid waarna dit verwys. Ook in hierdie geval word die bronnemateriaal nie spesifiek omskryf nie.

Shafer (1980:2) gee drie definisies vir geskiedenis. Net soos Marwick beskryf hy geskiedenis as dit wat werklik gebeur het. Tweedens noem hy dit 'n rekord van gebeure. Laastens word dit as 'n studiegebied beskryf, waardeur historici bewyse van gebeure in die verlede evalueer om 'n betekenisvolle bespreking daar te stel. Ook in hierdie geval word die bronne nie omskryf nie.

Die rede hiervoor is eenvoudig. Alle historiese bronne word as die databasis van die vak geskiedenis beskou. Shafer (1980:79-93) gee byvoorbeeld 'n lys van historiese bronne, naamlik dokumente (dit is geskrewe rekords), fisiese oorblyfsels (dit is die tradisionele argeologiese bronne) en mondelinge bronne. Ook Tosh (1994:206) beskou laasgenoemde as 'n historiese bron wat deur historici benut word. Hoewel historici eers onlangs van mondelinge bronne begin gebruik maak het, is dit vandag algemeen in gebruik onder historici (Tosh 1994:207). Deur mondelinge getuienisse te benut, kan die inligting wat uit historiese dokumente saamgestel is, aangevul en reggestel word (Tosh 1994:210), veral ten opsigte van ongeletterde gemeenskappe.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Verskeie argeoloë maak van mondelinge getuienisse tydens hulle navorsing gebruik en noem dit histories-argeologiese navorsing. In al hierdie gevalle is daar egter ook geskrewe historiese bronne wat benut word (vergelyk byvoorbeeld Schmidt 1990:252; Boeyens 1998:5-8; 244-246). In die lig hiervan kan daar opnuut gepoog word om 'n definisie vir historiese argeologie daar te stel.

## 4.4 'n Nuwe definisie

Uit die voorafgaande definisies is die volgende aspekte van belang. Die eerste gedagtes wat verwerp word is dat etnografiese data wat op skriflose kulture van toepassing is, nie in histories-argeologiese studies gebruik kan word nie. Ander gedagtes wat verwerp word is die vaste aanvangstyd, naamlik die vyftiende eeu, die gedagte dat dit net oor die Europese kultuur gaan en gevolglik slegs oor Europese invloed op inheemse mense en die gedagte dat dit oor die gelyke aanwending van die onderskeie databasisse gaan.

Gedagtes wat aanvaar word, is dat dit oor die historiese periode, dit wil sê die tydperk na die onstaan van skrif (geletterdheid) gaan en dat dit 'n interdissiplinêre studieveld is, dit wil sê argeologiese en historiese data kan gekombineer word. Hierdie aspekte is in al die bogenoemde definisies vergestalt. Voorts word aanvaar dat die mondelinge getuienisse van gemeenskappe ook benut kan word en as deel van die historiese data gereken moet word.

Twee omvattende definisies van historiese argeologie spreek sommige van hierdie aspekte aan. Die eerste hiervan is soos volg:

> Historiese argeologie is die argeologie waar daar nie net van die kulturele oorblyfsels op 'n argeologiese terrein gebruik gemaak word nie, maar waar daar ook historiese bronne bestaan wat gebruik kan word in die interpretasie en rekonstruksie daarvan (Van Vollenhoven 1995a:18).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die tweede definisie lui soos volg:

> Historical archaeology is a multidisciplinary field that shares a special relationship with the formal disciplines of anthropology and history, focuses its attention on the postprehistoric past, and seeks to understand the global nature of modern life (Orser & Fagan 1995:14).

Beide hierdie definisies spreek gedeeltes van die bogenoemde belangrike aspekte aan, maar nie een is volledig nie. Die eerste definisie plaas klem op die kombinasie van argeologiese en historiese bronne (die interdissiplinêre studieveld) en spreek dus die tydperk na die verskyning van skrif aan (die historiese periode). Hierdie definisie stel dit duidelik dat historiese bronne gebruik kan word, maar meld nie of dit slegs na skriftelike bronne verwys nie. Geen gedagtes wat verwerp word, word in hierdie definisie aangetref nie. Gevolglik is die definisie bloot onvolledig.

In die tweede definisie word die klem andermaal op die interdissiplinêre aard van historiese argeologie geplaas. Verder handel dit oor die post-prehistoriese (dit wil sê historiese) periode. Die verwysing na die vakdissipline antropologie beteken dat etnografiese data van skriflose (ongeletterde) kulture ingesluit word. Orser en Fagan sluit hierdie aspek dus pertinent by hulle definisie in. ‘n Enkele gedagte in hierdie definisie word egter verwerp. Dit is naamlik die verwysing na die moderne lewe. Die afleiding wat gemaak word is dat die definisie bloot 'n onderafdeling van historiese argeologie, naamlik die sogenaamde koloniale argeologie aanspreek. Hoewel hierdie ‘n aanvaarbare definisie in die sogenaamde koloniale wêreld (waaronder Suid-Afrika tel) kan wees, sluit dit onder andere klassieke argeologie uit. Hierdie gedagte is reeds vroeër verwerp.

'n Definisie wat alle aspekte van historiese argeologie (soos bespreek) behandel, moet dus geformuleer word. Dit wil voorkom asof Van Vollenhoven se definisie van 1995 die mees aanvaarbare is. Gevolglik moet dit bloot aangepas word, deur in te sluit wat nagelaat is. 'n Nuwe omvattende definisie vir historiese argeologie word soos volg geformuleer:

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

> Historiese argeologie is een van die onderafdelings van die vakgebied argeologie en verwys na die interdissiplinêre benadering waarvolgens die kultuur van die mens uit die historiese periode, dit wil sê die na verskyning van skrif (geletterdheid), nagevors word, deur gebruik te maak van argeologiese en historiese data, waarby die mondelinge getuienis van gemeenskappe ingesluit word.

Meer vereenvoudigd kan dit soos volg gedefinieer word:

> Historiese argeologie verwys na die bestudering van argeologiese data en alle vorme van historiese data, uit die periode van die menslike geskiedenis na die verskyning van skrif (geletterdheid).

Dit is interessant dat hierdie definisie eintlik niks anders beteken as die definisies wat onder afdeling 4.2.1, die periode-konsep, gestel is nie. Gevolglik is historiese argeologie post-prehistories. Die nuwe definisie gee bloot 'n duideliker omskrywing van wat daarmee bedoel word.

Die definisie beteken dat ook historiese argeologie in 'n aantal onderafdelings ingedeel kan word. Hieronder tel onder andere klassieke (3000v.C.-500n.C.), Middeleeuse (400-1400n.C.), post-Middeleeuse (1450-1750n.C.), historiese terreine (sedert 1415n.C.) en industriële argeologie (sedert 1750n.C.) (Orser 1996:24).

## 4.5 Samevatting: die databasis van historiese argeologie

Eerstens moet die onderskeid tussen die twee onderafdelings van die vakgebied argeologie weer eens kortliks duidelik gestel word. Prehistoriese argeologie verwys na die periode voor die verskyning van skrif. Historiese argeologie dui op die periode na die verskyning van skrif. Hierdie kan as 'n

vereenvoudigde definisie van historiese argeologie beskou word.

Laastens kan die data, wat deur die historiese argeoloog benut word, hiervolgens verdeel word in argeologiese en historiese bronne (konteks). Dit kan soos volg voorgestel word:

KERN-DATABASIS VAN HISTORIESE ARGEOLOGIE

Argeologiese konteks

Materiële reste in die aardoppervlakte:

- Artefakte
- Ekofakte
- Verskynsels

Historiese konteks

Dokumente:

- Gepubliseerde werke
- Ongepubliseerde werke
- Manuskripte
- Briewe
- Amptelike dokumente
- Private dokumente
- Dagboeke
- Reisbeskrywings
- Herinneringsgeskrifte
- Geskrifte wat opgegrawe is (paleo-historiografie)
- Opskrifte
- Inskripsies

Pikturaal:

- Foto's
- Skilderye/prente
- Sketse/tekeninge
- Planne
- Kaarte
- Films

Mondelinge getuienis (uit die periode na die verskyning van skrif ):

- Mondelinge oorleweringe
- Informante
- Mondelinge herinnerings
- Opgetekende herinnerings

Analogie:

- Argeologiese verskynsels met mekaar
- Argeologiese verskynsels met tydgenootlike strukture
- Argeologiese verskynsels met soortgelyke pikturale bronne
- Argeologiese verskynsels met beskrywings in dokumente

Hieruit blyk dit dat die wetenskaplike paradigma waarbinne histories-argeologiese navorsing aangepak word, die volgende doelwitte ten opsigte van historiese argeologie sal moet aanspreek.

a. Die totale historiese en argeologiese konteks moet sover moontlik bestudeer en gedokumenteer kan word.
b. Die historiese en argeologiese konteks moet op 'n geïntegreerde wyse geëvalueer en geïnterpreteer kan word.
c. Die terrein moet in sy historiese konteks begryp, bewaar en beskerm word. Hierdeur sal dit ware betekenis kry.
d. Die belang van die terrein vir die hedendaagse samelewing moet begryp en geïnterpreteer word.
e. Die waarde van die terrein ten opsigte van die behoeftes van navorsing en die gemeenskap moet vasgestel kan word.
f. Daar moet bepaal kan word wat die benuttings-, bemarkings- en kommunikatiewe waarde van die terrein is (Van Vollenhoven 2000:155).

## 5. DIE STAND VAN HISTORIESE ARGEOLOGIE IN SUID-AFRIKA

Historiese argeologie in Suid-Afrika is 'n relatief jong sub-dissipline of spesialiteit van die vakgebied argeologie (Hall & Markell 1993:4; sien ook punt 4.1.3). Gevolglik dra dit onmiskenbaar 'n moderne, twintigste-eeuse stempel. Hieronder tel temas soos alledaagse materiële kultuur en die lewens van gewone mense. Nietemin word dit steeds deur verskeie benaderings gekenmerk (Hall & Markell 1993:4). Ten einde meer hieroor te wete te kom, is dit nodig dat daar kortliks na die nuutste vakwetenskaplike tydskrifte in hierdie verband gekyk word. Die studie word tot vaktydskrifte beperk aangesien gepubliseerde inligting meer as enigiets anders as die finale produk van navorsing beskou word. Daarna sal aandag aan die teoretiese benaderings van die artikels hierin gegee word en sal enkele voorbeelde kortliks bespreek word ten einde 'n direkte verband tussen erfenishulpbronbestuur en historiese argeologie te trek.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

## 5.1 Vaktydskrifte: histories-argeologiese temas

Daar bestaan tans twee vaktydskrifte vir argeologie in Suid-Afrika, naamlik die **South African Archaeological Bulletin** en **Southern African Field Archaeology**. Die hoeveelheid artikels met 'n histories-argeologiese strekking, wat gedurende die afgelope aantal jare daarin verskyn het, toon duidelik dat dit 'n gevestigde onderafdeling van die vak argeologie in Suid-Afrika is, maar dat daar steeds veel meer navorsing oor prehistoriese temas gedoen word (tabel 3.2).

Uit die tabel is dit duidelik dat artikels met 'n histories-argeologiese strekking (dit is artikels wat voldoen aan die definisie van historiese argeologie, soos uiteengesit onder punt 4.4 in hierdie hoofstuk) minder as 'n vyfde (15,3%) van die totaal uitmaak. Die spesifieke onderafdeling van historiese argeologie, waarmee hierdie studie gemoeid is, naamlik koloniale of Westerse argeologie, maak slegs 10,6% van die totaal uit. Hoewel prehistoriese terreine meer algemeen voorkom en meer argeoloë hulle gevolglik hiermee besig hou, is dit duidelik dat historiese argeologie tans maar 'n klein deeltjie van argeologiese navorsing in Suid-Afrika behels en gewis onderverteenwoordig is.

Dit moet egter bygevoeg word dat historiese argeoloë ook geredelik in ander vaktydskrifte publiseer. So het daar byvoorbeeld oor die afgelope tien jaar (1990-1999) vyf histories-argeologiese artikels in die **Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis** en oor 'n vyfjaarperiode (1994-1998) vyf artikels met 'n histories-argeologiese strekking in **Navorsing deur die Nasionale Kultuurhistoriese Museum** en twee artikels in die **Annale van die Suid-Afrikaanse Kultuurhistoriese Museum** verskyn. Dit moet ook gemeld word dat die Suid-Afrikaanse Argeologiese Vereniging in 1993 'n spesifieke uitgawe van sy Goodwinreeks aan historiese argeologie in die Wes-Kaap gewy het. Hierin is nege artikels opgeneem. Dit is nietemin verontrustend dat daar in verskeie uitgawes van die argeologietydskrifte, geen artikel met 'n histories-argeologiese strekking gepubliseer is nie (vergelyk tabel 3.2). Sedert 1996 het daar slegs twee histories-argeologiese artikels in enige van die twee

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

**TABEL 3.2 DIE HOEVEELHEID HISTORIES-ARGEOLOGIESE ARTIKELS IN SUID-AFRIKAANSE VAKTYDSKRIFTE VIR ARGEOLOGIE**

| DATUM | Tydskrif | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | SA Archaeological Bulletin | | | | SA Field Archaeology | | |
| | | Prehistories | Histories | | Prehistories | Histories | |
| | | | nie-Koloniaal-Westers | Koloniaal-Westers | | nie-Koloniaal-Westers | Koloniaal-Westers |
| | 1992 | nie in aanmerking geneem nie | | | 11 | 1 | 2 |
| | 1993 | 14 | 1 | 2 | 9 | 1 | 3 |
| | 1994 | 7 | 1 | 1 | 8 | 1 | 4 |
| | 1995 | 15 | 0 | 0 | 6 | 2 | 4 |
| | 1996 | 9 | 0 | 0 | 11 | 0 | 0 |
| | 1997 | 10 | 0 | 1 | 9 | 0 | 1 |
| | 1998 | 11 | 0 | 0 | 9 | 1 | 0 |
| | 1999 | 14 | 0 | 0 | Nog nie gepubliseer nie | | |
| | **Totaal:** | **80** | **2** | **4** | **64** | **6** | **14** |

Totale bymekaar getel: Groottotaal: 170 (100%) Prehistories: 144 (84,7%) Histories: 26 (15,3%)
(nie-koloniaal-Westers: 8 (4,7%); Koloniaal-Westers: 18 (10,6%))

Die jaar 1992 word as begindatum gebruik omdat die SA Field Archaeology se eerste uitgawe in hierdie jaar verskyn het. Omdat die 1999 uitgawe van hierdie tydskrif nog nie verskyn het nie, word die 1992 uitgawes van die SA Archaeological Bulletin nie in aanmerking geneem nie, sodat die afgelope 7 jaargange van beide tydskrifte benut word.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

vername vaktydskrifte verskyn. Hierdie situasie kan net reggestel word deur die wetenskaplikes wat aktief binne die historiese argeologie werksaam is.

## 5.2 Teoretiese benaderings in historiese argeologie

Tabel 3.3 gee 'n aanduiding van die teoretiese benadering in wetenskaplike artikels wat gedurende die negentigerjare in Suid-Afrika verskyn het. Hoewel die tabel allermins op volledigheid kan aanspraak maak, is dit 'n goeie aanduiding van die huidige stand hiervan.

Dit is belangrik om daarop te let dat die getalle nie klop met dié in tabel 3.2 nie. So byvoorbeeld dui laasgenoemde aan dat daar ses artikels met 'n histories-argeologiese strekking in die **South African Archaeological Bulletin** verskyn het, terwyl eersgenoemde agt aandui. Die rede hiervoor is dat sommige artikels binne 'n sekere teoretiese benadering geskryf is, maar dat dit met die oog op erfenishulpbronbestuur gedoen is. Gevolglik is sodanige artikel twee keer getel.

Uit die tabel kan die volgende afleidings gemaak word. Verouderde paradigmas, naamlik die Kultuurhistoriese (een keer) en Kultuurproses-paradigma (vier keer), is slegs tot 'n geringe mate benut. Die Strukturalistiese paradigma is net drie keer benut. Die rede hiervoor is waarskynlik die gebrek aan argeologiese verifiëring van die teoretiese konstruksies wat hierdie paradigma bied (sien punt 6.7).

Dit vorm egter saam met die Kontekstuele en Neo-Marxistiese paradigma deel van teoretiese ontwikkelinge sedert die tagtigerjare, wat as Post-prosessuele argeologie bekend staan. Gesamentlik het hierdie paradigmas die grootste aandeel in histories-argeologiese navorsing in Suid-Afrika.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

**TABEL 3.3 TEORETIESE BENADERINGS IN HISTORIES-ARGEOLOGIESE ARTIKELS IN SUID-AFRIKAANSE VAKTYDSKRIFTE**

| | | Paradigma | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Tydskrif | | Kultuurhistories | Kultuurproses | Strukturalisties | Kontekstueel | Neo-Marxisties | Onduidelik | Erfenishulpbronbestuur |
| | SAAB | - | - | 1 | - | 4 | 1 | 2 |
| | SAFA | 1 | 3 | - | 3 | 5 | 7 | 6 |
| | GR7 | - | 1 | 2 | - | 4 | 2 | 3 |
| | SATK | - | - | - | 2 | - | - | 4 |
| | NNKHM | - | - | - | 2 | 1 | 1 | 4 |
| | ASAKM | - | - | - | - | 1 | 1 | 2 |
| | TGW | - | - | - | - | - | 1 | - |
| | K | - | - | - | 1 | - | - | 1 |
| | **Totaal** | **1** | **4** | **3** | **8** | **15** | **13** | **22** |

SAAB = South African Archaeological Bulletin
SAFA = Southern African Field Archaeology
GR7 = South African Archaeological Society Goodwin series no 7
SATK = Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis
NNKHM = Navorsing deur die Nasionale Kultuurhistoriese Museum
ASAKM = Annale van die Suid-Afrikaanse Kultuurhistoriese Museum
TGW = Tydskrif vir Geesteswetenskappe
K = Koedoe

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die hoeveelheid keer wat die Kontekstuele paradigma benut is (agt keer), is effens laer as die gemiddeld. Die rede hiervoor is waarskynlik omdat dit 'n uiters resente ontwikkeling in die argeologie is en nog nie wêreldwyd inslag gevind het nie (Hall 1990:76; vergelyk ook punt 6.8).

Die Neo-Marxistiese paradigma is meer keer as enige van die ander konvensionele paradigmas (vyftien keer) benut. Verskeie redes kan hiervoor aangevoer word. Eerstens is dit die paradigma wat deur die Historical Archaeological Research Group aan die Universiteit van Kaapstad aangehang word. Omdat hierdie eenheid die mees aktiewe produseerder van historiese argeologie in die land is, verklaar dit hierdie dominansie. Verder bied hierdie paradigma die moontlikheid om spesifiek die argeologie van die laer klasse ("underclass") te bestudeer (Hall & Markell 1993:4). Omdat hierdie klasse gewoonlik swakker in die dokumentasie van die tyd gereflekteer word, bied die argeologiese rekord dikwels die enigste bewyse van hierdie mense (Deetz 1977:143). Gevolglik is die die Neo-Marxistiese paradigma 'n logiese benadering ten opsigte van hierdie groepe.

Die getal artikels waarvan die teoretiese benadering onduidelik is, naamlik dertien, is opvallend hoog. Die rede hiervoor kan in die onderwerpe hiervan gevind word. Hierdie artikels is hoofsaaklik ingestel op metodologie of een of ander natuurwetenskaplike tema. Artikels wat op metodologie fokus, behels byvoorbeeld opgrawings- en opmetingstegnieke en erfenishulpbronbestuur, terwyl natuurwetenskaplike temas op die analise van menslike skeletmateriaal en dierlike beenmateriaal of argeometallurgiese studies van artefakte uit histories-argeologiese terreine fokus.

Die oplewing in die bestuur van die kultuurerfenis sedert die vroeë negentigerjare, dien as verklaring vir die hoë getal (twee-en-twintig ) wat deur Erfenishulpbronbestuur behaal is. Daar moet onthou word dat dit sommige van die paradigmas dupliseer en dat die meeste van die artikels in die onduidelike kategorie (dertien) ook onder Erfenishulpbronbestuur ingedeel is.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die afleiding wat hieruit gemaak kan word, is dat navorsing vir die doeleindes van erfenishulpbronbestuur ingestel is op die oplos van 'n praktiese probleem en gevolglik dikwels 'n teoretiese benadering uitsluit. Dit beteken natuurlik nie dat 'n teoretiese benadering nie voorkom nie. Omdat argeoloë gewoonlik onbewustelik 'n spesifieke teoretiese benadering volg, sal dit waarskynlik tog teenwoordig wees. Nietemin beteken dit ook dat die praktiese en effektiewe bestuur van die kultuurerfenis nie noodwendig van teoretiese benaderings afhanklik is nie. Dit is egter niks anders as die Kontekstuele paradigma, met sy aandrang op die benutting van die totale konteks nie.

Enkele opmerkings in verband met die benutting van die genoemde erfenis is egter nodig. Die Kultuurhistoriese en Neo-Marxistiese paradigma is in die verlede dikwels benut om die een of ander politieke doelwit te ondersteun. In Afrika is die Kultuurhistoriese paradigma byvoorbeeld benut om kolonialisme te bevorder, terwyl die Neo-Marxisme benut is om Afrikanasionalisme te bevorder (vergelyk byvoorbeeld Holl 1990:296-301, 307; Hall 1990:61-63, 66). In aansluiting hierby wys Tosh (1994: 3-6) daarop dat die geskiedenis benut kan word om gesag te ondersteun of te ondermyn. Dit is ook in Suider-Afrika die geval (Deacon 1990:40; Hall 1990:61, 66, 75-77; Maggs 1993:72). Die liberale en radikale denkskole in die geskiedenis word ook hier dikwels vanuit 'n Neo-Marxistiese benadering gebruik om aanvalle op die diffusionistiese blanksentriese geskiedenis te loods (Maggs 1993:73-75).

Hall (1990:76) stel dit byvoorbeeld duidelik dat sommige argeoloë hulle tot historiese argeologie gewend het om sodoende die oorsprong van onderdrukking vas te stel en om die blanke se verheerliking van die koloniale verlede uit te daag. Die probleem in beide gevalle is dat die paradigma dikwels ingespan kan word om 'n politieke eerder as 'n objektiewe doelwit te bereik. Dit lei tot die selektiewe benutting van bronne, veral historiese bronne, waarskynlik omdat die argeologiese konteks reeds die mees objektiewe bron is wat benut kan word (Deetz 1977:160-161). Gevolglik staan die vermoë van hierdie paradigmas om die waarheid weer te gee onder verdenking.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die probleem met die Kultuurproses-paradigma is dat dit enkele aspekte, veral die omgewing (Deacon 1990:54; Hall 1990:64, 71-72) isoleer en dus nie 'n volledige beeld van dit wat op 'n argeologiese terrein plaasgevind het weergee nie. Gevolglik word alle historiese bronne nie benut nie, wat beteken dat 'n objektiewe waarheidsgetroue weergawe in die gedrang kom.

Ook die Strukturalisme skep probleme. In hierdie geval gaan dit dikwels oor teoretiese konstruksies, wat nie argeologies geverifieer is of kan word nie (vergelyk byvoorbeeld Brink 1993:97). Baie klem word ook op die sosiale stelsel gelê (Deacon 1990:58; Hall 1990:72) terwyl ander aspekte afgeskeep word. Die gevolg hiervan is dat alle faktore wat 'n invloed op 'n terrein kan uitoefen en alle moontlike bronne nie benut word nie. Hierdeur word 'n vraagteken oor die objektiwiteit en waarheidsgetrouheid van sodanige navorsing geplaas.

Een van die belangrike take van geskiedenis is om mites aan die kaak te stel (Marwick 1989:18-20; Tosh 1994:20-22). Uit die voorafgaande is dit duidelik dat die genoemde paradigmas maklik die teenoorgestelde kan doen. Dit is dus nodig om 'n paradigma te gebruik wat toelaat dat daar so wyd as moontlik na 'n probleem gekyk word, ten einde onwaarhede en subjektiwiteit uit te skakel. Die Kontekstuele paradigma, wat ingestel is op die bestudering van die totale konteks van 'n argeologiese terrein (vergelyk Hodder 1995:143), bied hierdie oplossing. Tosh (1994:134-135) dui byvoorbeeld aan dat daar verskeie probleme rondom die benutting van historiese dokumente is en dat 'n historikus hom nie net daardeur kan laat lei nie. Dieselfde geld die materiële oorblyfsels. Gevolglik moet beide databasisse so volledig moontlik benut word en moet ook ander historiese bronne (byvoorbeeld mondelinge getuienis) ingespan word. Slegs die Kontekstuele paradigma bied hierdie benadering.

Punt 6 in hierdie hoofstuk sal duidelik aantoon dat die Kontekstuele paradigma die mees aanvaarbare paradigma vir navorsing in die argeologie (en derhalwe ook in die historiese argeologie) blyk te wees.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die leemtes in die ander paradigmas sal ook hier uitgewys word. In hoofstuk 10 sal daar voorts uitgewys word tot hoe 'n mate die Kontekstuele paradigma in hierdie studie toegepas is ten opsigte van die bereiking van die kriteria vir erfenishulpbronbestuur, terwyl die ander paradigmas nie hieraan voldoen het nie. Die verband tussen die Kontekstuele paradigma en erfenishulpbronbestuur sal ook aangetoon word.

## 5.3 Voorbeelde van histories-argeologiese navorsing met die klem op erfenishulpbronbestuur

Agt voorbeelde van histories-argeologiese navorsing uit die genoemde tydskrifte, waar die klem op erfenishulpbronbestuur val, word kortliks weergegee. Die voorbeelde het almal direk uit die een of ander erfenisbestuursbehoefte gespruit en is gevolglik direk van toepassing binne hierdie studie. Hoewel dit nie hier oor die teoretiese benaderings van die voorbeelde gaan nie, word opmerkings hieroor wel gemaak. Sodoende vind dit aansluiting by die teoretiese konseptualisering in hierdie studie. 'n Belangrike kenmerk van al agt voorbeelde is die versoening tussen erfenishulpbronbestuur en basiese navorsing, wat in al agt gevalle suksesvol deurgevoer is (vergelyk p. 52). Daar moet op gewys word dat die voorbeelde bloot as uitinge van histories-argeologiese erfenishulpbronbestuursprojekte geplaas word en dat daar nie gepoog word om 'n evaluering daarvan te doen nie.

### 5.3.1 'n Maritieme argeologiese projek in Tabelbaai

Hierdie projek is in opdrag van die eertydse Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede uitgevoer. Die teoretiese benadering wat gevolg is, is onduidelik. Die veldwerk het op die wrak van die Oosterland gekonsentreer. Omdat die projek uniek was binne die Suid-Afrikaanse konteks, het die klem van die navorsing op die tegniese aspekte van die veldwerk vir maritieme argeologiese navorsing geval. Dit sluit opgrawing, analise van herwinde materiaal en argivale navorsing in. 'n Belangrike aspek van

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

die werk fokus op die benutting van 'n geografiese inligtingstelsel (GIS), sodat 'n raamwerk vir die rekonstruksie van die ruimtelike verhouding van artefakte en verskynsels daargestel kan word (Werz 1993:33).

### 5.3.2 Die argitektuur en argeologie van Vergelegen

Die opgrawings te Vergelegen is in opdrag van die grondeienaar gedoen. Die Neo-Marxistiese benadering is hiervoor benut, hoewel aansluiting by die Strukturalisme ook gevind is. Die geboue wat opgegrawe is, is deur goewerneur WA van der Stel opgerig. Twee hiervan is gedurende die agtiende eeu as behuising vir slawe benut. Die argitektoniese uitleg van die geboue en die landgoed word as die materiële uitdrukking van sosiale en kulturele stelsels en verhoudinge van die tyd gesien en dra gevolglik by tot die kennis van die algemene proses van koloniale vestiging.

Die materiaal wat opgegrawe is, dra by tot die kennis oor slawerny in die Kaap. Die bevindinge in hierdie verband word egter beperk omdat die voorbeelde van sodanige artefakte min is en daar 'n gebrek is aan materiaal van ander slaweterreine in die gebied. Die feit dat Vergelen 'n unieke onderneming in sy tyd was, maak dit nodig dat vergelykende werk met versigtigheid benader moet word. Die eienaars van Vergelegen na Van der Stel, blyk meer aan die norme van die tyd te voldoen en wysigings wat gedurende die agtiende en vroeë negentiende eeu op die landgoed plaasgevind het, toon ooreenstemming met die sosiale en ekonomiese gebeure in die kolonie (Markell 1993:71).

### 5.3.3 Opgrawing van die sewentiende eeuse Fort de Goede Hoop op die Groot Parade in Kaapstad

Die Groot Parade is in die tagtigerjare van die twintigste eeu deur die Stadsraad van Kaapstad herontwikkel. As deel hiervan is argeologiese opgrawings van die Fort de Goede Hoop uitgevoer. Die projek is vanuit 'n Neo-Marxistiese oogpunt benader. Deur van historiese kaarte gebruik te maak,

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

is die posisie van die 1652-fort vasgestel. Oorblyfsels van die fort is deur middel van opgrawings geïdentifiseer. 'n Groot hoeveeldheid artefakte en dieremateriaal is ook herwin. Die opgrawings het bewyse van die vroeëre benutting van die terrein deur die Khoisan opgelewer, wat deur die Europese fort en nedersetting, die ontwikkeling van die Nederlandse handelsonderneming en die Kaap se posisie hierbinne gevolg is (Abrahams 1993:3).

### 5.3.4 Die soektog na skeepswrakke by Robbeneiland

Hierdie was 'n gesamentlike kultuurhulpbronbestuursoefening, wat deur die Departement Korrektiewe Dienste, die Suid-Afrikaanse Vloot, die voormalige Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede en die Departement Argeologie van die Universiteit van Kaapstad uitgevoer is. Die projek is deur die Nasionale Regering geïnisieer en het ten doel gehad om 'n beraming te maak van die onderwater kultuurhulpbronne in die omgewing van Robbeneiland. Die teoretiese benadering blyk nie duidelik nie, maar aanduidings van die benutting van die Kultuurhistoriese- en Kontekstuele paradigma word aangetref. Onderwater veldwerk en navorsing in argiewe en biblioteke het aangetoon dat die kultuurhulpbronne hoofsaaklik uit skeepswrakke bestaan. Die wrakke dateer van die sewentiende tot twintigste eeu en verteenwoordig nege verskillende lande. Daar is ook vasgestel dat die skepe hoofsaaklik as gevolg van 'n kombinasie van natuurlike, menslike en tegniese faktore gesink het (Werz 1994:26).

### 5.3.5 Argeometallurgiese studies in verband met maritieme argeologie aan die Kaap van Goeie Hoop

Hierdie navorsing was 'n uitvloeisel van maritieme argeologiese navorsing wat deur die Universiteit van Kaapstad uitgevoer is. Die teoretiese benadering is onduidelik aangesien dit hier oor natuurwetenskaplike analises van artefakte gaan. 'n Geringe hoeveelheid metaalartefakte van

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

maritieme argeologiese kontekste in Suid-Afrika is aan metallografiese of chemiese analise onderwerp. Verskeie gevallestudies is in hierdie studie benut ten einde die vrae wat deur die analise van maritieme metaal en geroeste voorwerpe aangespreek kan word, te illustreer (Miller 1997:26).

### 5.3.6 Opgrawing van 'n laat negentiende eeuse/vroeg twintigste eeuse vullishoop in Minnaarstraat, Pretoria

Die opgrawing was deel van 'n reddingsoperasie wat deur die Nasionale Kultuurhistoriese Museum uitgevoer is, nadat die vullishoop deur konstruksiewerk deur die Stadsraad van Pretoria blootgelê is. Die teoretiese benadering is onduidelik, maar aansluiting by die Strukturalisme word aangedui. Tydens die opgrawing is 'n groot hoeveelheid materiaal herwin. Dit sluit glas, metaal, keramiek, been en tekstiel in. Die artefakte is op grond van funksie, in onder andere huishoudelike, persoonlike, alledaagse en medisinale voorwerpe gekategoriseer. Inligting is voorts verkry oor die dieet, sosiale status, ontspanning en alledaagse lewe van 'n gedeelte van Pretoria se inwoners. Die opgrawings en die metode waarmee die voorwerpe geanaliseer is, word as 'n model vir soortgelyke opgrawings in die toekoms beskou (Pelser e.a. 1998:93).

### 5.3.7 Die soektog na Fort Drury, Bloemfontein

Nadat toestemming verleen is om twee woonstelblokke te sloop, is die Nasionale Museum genader om ondersoek in te stel na die oorblyfsels van Fort Drury. Die argeoloog het 'n kultuurhistorikus ingeroep om die historiese navorsing oor die terrein en boustrukture daarop te doen. Uit die metodiek wat gevolg is, wil dit voorkom of die Kontekstuele paradigma benut is. Uit die historiese navorsing het dit geblyk dat die fort in April 1846 opgerig is en dat dit teen 1861 reeds verval het tot 'n aantal klipmuurtjies. Die argeologiese soektog na die fort is deur verskeie probleme belemmer en daar kan na die projek as 'n reddingsprojek verwys word. Uitvoerige opgrawings kon geen spoor van Fort

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Drury vind nie, maar historiese artefakte is wel opgespoor. Hierdeur is voorheen onbekende inligting oor die terrein aan die lig gebring (Botes 1999:1-2).

### 5.3.8 'n Britse militêre buitepos uit die Anglo-Boereoorlog in die Nasionale Krugerwildtuin

Hierdie projek is in opdrag van die Suid-Afrikaanse Nasionale Parke uitgevoer. 'n Kontekstuele benadering is met die navorsing gevolg. Historiese navorsing dui daarop dat 'n Britse militêre eenheid, Steinaecker's Horse, onder bevel van kolonel Ludwig von Steinacker gedurende die Anglo-Boereoorlog (1899-1902) in die Laeveld en Swaziland geopereer het. Verskeie buiteposte is deur die eenheid in die Nasionale Krugerwiltuin opgerig. Die noordelike buitepos is argeologies ondersoek ten einde oorblyfsels, wat op die terrein agtergelaat is, te vind en om 'n idee te verkry van die lewenswyse op die buitepos.

Hoewel geen spesifieke historiese inligting oor hierdie terrein verkry is nie, het die opgrawings interessante bewysmateriaal opgelewer, soos dat die terrein in onlangse tye herbenut is. Groot vullishope op die terrein toon voorts dat dit deur 'n groot hoeveelheid mense bewoon is. Die oorgrote meerderheid artefakte wat gevind is, kan met die dieet en alledaagse aktiwiteite van die bewoners verbind word. Daar is bevind dat die Steinaecker's Horse eenheid nie alleen op die terrein teenwoordig was nie, maar dat die Native Police eenheid ook daar bedrywig was. Die verspreiding van voorwerpe op die terrein dui op 'n sosiale differensiasie tussen die twee eenhede (Van Vollenhoven e.a. 1998:113).

## 6. WETENSKAPLIKE PARADIGMAS IN DIE ARGEOLOGIE

Paradigmas en wetenskapsontwikkeling loop hand aan hand. Volgens Du Toit (1994:6) is 'n argeologieparadigma 'n bepaalde navorsingstradisie, wat uit 'n netwerk van teorieë, wette, ontologiese

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

modelle, metafore, metodologiese waardes en modeloplossings bestaan. Hy onderskei voorts drie fases in die geskiedenis van die wetenskap, naamlik 'n voor-paradigmatiese periode, 'n roetinewetenskapsperiode en 'n rewolusionêre wetenskapsperiode (Du Toit 1994:6-7).

Tydens die voor-paradigmatiese periode tree verskillende denkskole na vore en vind debatvoering en besinning oor die grondslag van teorieë plaas, totdat daar uiteindelik 'n paradigma tot stand kom (Clarke 1972:7-8; Du Toit 1994:7). By die roetinewetenskapsperiode word tersaaklike feite bepaal en met die teorie gepas ten einde laasgenoemde te artikuleer. 'n Wetenskapsrewolusie vind plaas wanneer 'n bestaande paradigma met die uitwys van anomalieë en falsifisering sodanig ondermyn word, dat 'n nuwe paradigma deur wetenskaplikes aanvaar word (Du Toit 1994:8, 10 en 15).

Faktore wat 'n rol speel in die wetenskaplike ontwikkeling van ‘n paradigma is die vermoë van die nuwe paradigma om onopgeloste probleme op te los, asook die groter eenvoud, akkuraatheid en nie-strydigheid daarvan. Hiervolgens kan 'n navorser 'n bewustelike keuse vir of teen 'n paradigma maak (Clarke 1972:9; Du Toit 1994:12 en 18).

In die argeologie was paradigmas tot dusver hoofsaaklik op die voorhistoriese tydperk toegespits, met ander woorde probleme wat opgelos moes word het uit die prehistoriese fase gedateer. Hierdie verskynsel het ook in Suid-Afrika voorgekom. Dit beteken dat argeologiese probleme uit die historiese tydperk relatief maklik opgelos is, sonder dat daar 'n doelbewuste teoretiese onderbou was. Die rede hiervoor is dat dit meestal uit reddingsaksies of ander erfenisbestuursaksies gespruit het. Omdat historiese argeologie ook nog nie die erkenning onder alle wetenskaplikes geniet soos wat prehistoriese argeologie geniet nie, is dit moontlik dat daar nie veel aandag aan 'n teoretiese basis hiervoor gegee is nie. Desnieteenstaande is historiese argeologie 'n volwaardige onderafdeling van die vakwetenskap argeologie (vergelyk Sharer & Ashmore 1979:20; Renfrew & Bahn 1991:11; Van

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Vollenhoven 1995a:189) Die tyd het gevolglik aangebreek dat dit op 'n wetenskaplike verantwoordbare teoretiese basis gefundeer word.

Du Toit het in 1994 'n volledige studie in verband met wetenskaplike paradigmas in die argeologie voltooi. Hoewel verskeie ander bronne in hierdie verband geraadpleeg is (vergelyk hoofstuk 2), is daar bevind dat Du Toit se werk die mees volledige en toepaslike ten opsigte van hierdie studie is en dat sy bevindinge ooreenstem met dit wat hier uiteengesit word. Gevolglik is besluit om nie hierdie studie te herhaal nie, maar om slegs 'n kort opsomming van elke paradigma te gee. Hoewel Du Toit as die belangrikste bron hiervoor beskou word, word sommige van hierdie ander bronne ook benut. Dit word ook met die onderwerp van hierdie studie, historiese-argeologie, in verband gebring.

## 6.1 Die Christelike paradigma

Die belangrikste uitgangspunte van die Christelike paradigma is kortliks soos volg:

- God het die aarde en alles daarop in ses dae en in 'n bepaalde onveranderlike vorm geskape.
- Daar is vir 'n lang tyd geglo dat die aarde en die mens slegs 6000 jaar oud is.
- Die katastrofeteorie, dit wil sê die siening dat natuurlike katastrofes tot vernietiging lei, wat deur 'n nuwe skepping gevolg word, speel 'n belangrike rol (Du Toit 1994:31-33; Fagan 1979:3; Sharer & Ashmore 1979:46).

Dit is duidelik uit bostaande dat die Christelike paradigma hom besig gehou het met die skepping en die ontstaan van die mens. Omdat hierdie kwessies prehistoriese vraagstukke is, speel dit geen rol in die historiese argeologie nie. Die Christelike paradigma kan gevolglik nie binne die historiese argeologie toegepas word nie. Boonop het dit reeds voor die einde van die negentiede eeu in onguns verval.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

## 6.2 Die Evolusionistiese paradigma

Die Evolusionistiese paradigma berus op die volgende uitgangspunte:
- Kulturele evolusie, wat die ontwikkeling van menslike samelewings op 'n wetmatige wyse behels.
- Tydsbewustheid, dit wil sê dat daar 'n opeenvolging van periodes en ontwikkelingsfases was.
- Die bestudering van menslike vooruitgang in prehistoriese tye.

Die Evolusionistiese paradigma het hom op die voorgeskiedenis toegespits en het ten doel gehad om kulturele evolusie voor te stel as soortgelyk aan menslike evolusie (Du Toit 1994:34-99; Renfrew & Bahn 1991:22-23, 60; Sharer & Ashmore 1979:41, 47-49, 51-52).

Kulturele evolusie het te make met die ontwikkeling van menslike samelewings van eenvoudige jagter-versamelaars tot komplekse beskawings. Hierdie aangeleentheid het gewis geen verband met historiese argeologie nie en fokus oorwegend op die prehistoriese tydperk. Die deterministiese ontwikkelingsfases waardeur 'n gemeenskap moet gaan, is gevolglik nie met historiese argeologie versoenbaar nie, omdat laasgenoemde nie in die bestudering van prehistoriese veranderinge geïnteresseerd is nie.

Die Evolusionistiese paradigma is teen die draai van die eeu verwerp en met die Kultuurhistoriese paradigma vervang. Dit is voorts duidelik uit die bostaande dat dit nie in die historiese argeologie toegepas kan word nie.

## 6.3 Die Kultuurhistoriese paradigma

Die belangrikste uitgangspunte van die Kultuurhistoriese paradigma is soos volg:
- Die argeologiese rekord word in terme van kulture geïnterpreteer.
- Verbintenisse tussen kulture is deur middel van diffusie en migrasie oor die aarde verklaar.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

- Kultuurkomplekse moes so ver moontlik terug bepaal word.
- Die paradigma is tyd- en ruimtebewus.

Die aanvanklike doel van die paradigma was om die oorsprong van die Europese voorgeskiedenis vas te stel. Hiervoor het daar twee denkskole ontstaan, naamlik die Nabye Oosterse- en Indo-Europese denkskool. Eersgenoemde is uiteindelik verwerp, terwyl laasgenoemde geseëvier het.

Hoewel die bostaande doel geen verband met die historiese argeologie toon nie, het dié paradigma mettertyd ook op ander aspekte van die argeologie gefokus. Die ontdekking van die radiokoolstofdateringsmetode het na 1960 'n groot invloed binne die paradigma uitgeoefen (Du Toit 1994:100-133, 173-190, 222-226; Meyer 1995:7; Deetz 1967:55-59, 96-99; Sharer & Ashmore 1979:49, 55, 479-486, 492; Trigger 1990:311; Sheppard 1990:174; Davis 1990:281; Renfrew & Bahn 1991:407-409; Ucko 1995:10).

Die Kultuurhistoriese paradigma is nooit gefalsifiseer nie, hoewel dit menigmaal aangepas moes word ten einde te oorleef en sommige denkskole daarvan wel gefalsifiseer is. Historiese kennis, waarsonder die beoefening van historiese argeologie ondenkbaar is, is 'n belangrike onderdeel van die Kultuurhistoriese paradigma. Op die oog af wil dit dus voorkom asof die paradigma met vrug in die historiese argeologie toegepas kan word.

Omdat die etniese groep vanweë historiese navorsing, gewoonlik vooraf bekend is, is die interpretering van 'n terrein uit die historiese tydperk as behorende tot 'n spesifieke kultuur, dikwels nie werklik deel van die argeologiese debat nie. Omdat dit dikwels, veral ten opsigte van koloniale of Westerse argeologie 'n gegewe is, is dit onnodig om die kultuurverband tydens histories-argeologiese navorsing te bepaal.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Vanweë die kolonisering van die wêreld sedert die vyftiende eeu het 'n verskeidenheid kulture met mekaar in aanraking gekom. Mense, produkte en idees is gevolglik oor die hele aarde versprei. Verbintenis tussen kulture, wat as gevolg hiervan plaasgevind het, is nou histories bekende feite, sodat die belang van migrasie en diffusie ten opsigte van sodanige studies afgeneem het. Dit speel dikwels geen rol in die probleem wat in die historiese argeologie opgelos moet word nie.

Om dieselfde rede is dit meestal nie nodig om kultuurkomplekse in die historiese argeologie te bepaal nie. Dit beteken egter nie dat dit nie belangrik is nie. Daar word tog na die geskiedenis van 'n terrein en die persone wat daarmee verband hou gekyk, maar dikwels is dit vooraf bekend.

Die begrippe tyd- en ruimtebewus, het nie dieselfde betekenis in die historiese argeologie as by die Kultuurhistoriese paradigma nie. By eersgenoemde gaan dit oor die ruimtelike plasing van sekere kultuureienskappe uit 'n vasgestelde tydperk. By laasgenoemde gaan dit oor die kartering van kultuurkomplekse en kultuurverskynsels. In die historiese argeologie is daar gewoonlik min sprake van 'n lang historiese verloop, veral ten opsigte van koloniale of Westerse argeologie, en is historiese kennis eerder deel van sinchroniese studies (hoewel nie altyd nie), waar dit by die Kultuurhistoriese paradigma deel van diachroniese studies uitmaak.

Uit die bostaande kan dit afgelei word dat die Kultuurhistoriese paradigma nie die aangewese paradigma vir studies in die historiese argeologie is nie. Nieteenstaande hierdie siening, is dit duidelik dat 'n kultuurhistoriese benadering tog in sommige gevalle in die historiese argeologie toegepas kan word, veral ten opsigte van diachroniese studies.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

## 6.4 Die Funksionalistiese paradigma

Die uitgangspunte waarop die Funksionalistiese paradigma berus, is soos volg:

- Menslike gemeenskappe is as geïntegreerde stelsels beskou waarin die onderskeie instellings aan mekaar verwant is, soos die dele van 'n lewende organisme.
- Kultuur is gedefinieer as 'n gedragsisteem waardeur 'n menslike gemeenskap by sy omgewing aanpas.
- Wette wat sosiale gedrag beheer, moes geformuleer word.
- Kulture is in terme van ruimte beskou.
- Om die funksie van kulturele oorblyfsels te bepaal was aan die orde van die dag.
- Prehistoriese aktiwiteite en aktiwiteitsareas is gerekonstrueer.

Twee denkskole van die Funksionalistiese paradigma word onderskei, naamlik die ekologiese en ekonomiese denkskool. Eersgenoemde het die werking van ekologiese faktore beklemtoon, terwyl laasgenoemde die werking van ekonomiese faktore beklemtoon het (Du Toit 1994:135-159; Knudson 1978:355; Sharer & Ashmore 1979:55-58, 403; Fagan 1991:73; Trigger 1990:313-314).

In die argeologie gaan dit oor meer as net die funksie van kultuuroorblyfsels. Gevolglik is die Funksionalistiese paradigma deur ander paradigmas verbygesteek. Dit gaan ook nie net oor die vasstelling van aktiwiteite en aktiwiteitsareas in die argeologie nie, maar onder andere ook oor kontak met ander kulture. By die Funksionalistiese paradigma word die menslike gemeenskap as 'n geïntegreerde stelsel beskou, maar min of geen aandag word aan kontak met ander kulture gegee nie. Omgewings- en ekonomiese invloede word eerder beklemtoon.

Gevolglik is daar 'n gebrek aan historiese perspektief, iets waarsonder die beoefening van historiese argeologie ondenkbaar is. Geen poging word byvoorbeeld by die Funksionalistiese paradigma aangewend om kennis omtrent voorafgaande gebeure te kry nie, terwyl dit 'n belangrike rol in die

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

historiese argeologie speel.

'n Verdere gevolg van die oorbeklemtoning van die omgewing en ekonomie, is dat daar nie op alle aspekte van die behoeftes van 'n kultuur gefokus word nie. Gevolglik word eenvoudige jagter-versamelaar gemeenskappe by voorkeur bo komplekse gemeenskappe, soos dié wat in histories-argeologiese studies aangetref word, bestudeer.

Die formulering van wette, waarvolgens sosiale gedrag beheer word, is oor die algemeen 'n onaanvaarbare gedagte in argeologiese navorsing. Dit is veral onaanvaarbaar by daardie onderafdelings van historiese argeologie, waar pioniersgemeenskappe wat bestudeer word, klein is. Dikwels word slegs enkele gesinne bestudeer en speel die individuele besluitnemingsvermoë van die mens 'n bepalende rol in die neerlegging van die argeologiese afsetting.

Dit moet egter gemeld word dat die Funksionalistiese paradigma suksesvol in die historiese argeologie toegepas kan word, indien die doel van die navorsing bloot die bepaling van ruimtelike funksie en die individuele funksie van artefakte is. Onder ander omstandighede is dit duidelik dat die paradigma nie geskik is vir histories-argeologiese navorsing nie.

## 6.5 Die klassieke Marxistiese paradigma

Die klassieke Marxistiese paradigma berus op die volgende uitgangspunte:
- Die menslike geskiedenis word deur bepaalde wette beheer.
- Die argeologiese rekord word in terme van sosiale gemeenskappe, wat op evolusionêre wyse ontwikkel, bestudeer.
- Spanning tussen produksiekragte en -verhoudinge lei tot sosiale rewolusie en uiteindelik tot kultuurverandering.

- Sosiale stadiums in die argeologiese rekord is aan die Marxistiese raamwerk gekoppel (Du Toit 1994:159-173; Renfrew & Bahn 1994:161, 414).

Dit is reeds by die Funksionalistiese paradigma duidelik gestel dat die daarstel van wette waarvolgens menslike gedrag beheer word, onaanvaarbaar is. Net soveel is dit onaanvaarbaar om te veronderstel dat wette die geskiedenis van die mens beheer, omdat dit die vermoëns van die individu ontken.

Hiermee hang die gedagte saam dat sosiale gemeenskappe op evolusionêre wyse ontwikkel. Dit is ook onaanvaarbaar, omdat dit gegrond is op die neergelegde wette. Binne die historiese argeologie is die tydperk wat bestudeer word gewoonlik in elk geval te kort om sodanige evolusionêre ontwikkeling te toon.

Die gedagte dat die sosiale stelsel tot kultuurverandering lei, kan nie in die historiese argeologie toegepas word nie, omdat daar dikwels nie sprake van sosiale groepe is nie. Die rede hiervoor is dat die "gemeenskap" wat bestudeer word, dikwels te klein hiervoor is (byvoorbeeld gesinne). In die algemeen (waar groot sosiale groepe wel bestudeer word) sou dit moeilik wees om hierdie gedagte alleen as die katalisator vir kultuurverandering in die argeologie te bewys.

Voorts is die Marxistiese raamwerk 'n teoretiese konstruksie en kan sosiale stadiums nie sonder meer daaraan gekoppel word nie. Selfs al was dit prakties haalbaar, is dit nie van belang in die historiese argeologie nie, omdat die historiese tydperk en die gepaardgaande geskrewe dokumente, ‘n relatief kort periode teenoor die bestaansgeskiedenis van die mens is. In hierdie relatief kort tydperk kan sosiale stadiums gewoonlik nie onderskei word nie. Waar dit wel die geval is, is die koppeling daarvan aan die Marxistiese raamwerk problematies.

Bostaande bewys onomwonde dat die klassieke Marxistiese paradigma nie geskik is vir studies in die

historiese argeologie nie. Bowendien het die paradigma reeds in die vyftigerjare van die twintigste eeu in onbruik geraak. Dit is hoofsaaklik deur nuwe belangstelling in die Kultuurhistoriese paradigma vervang.

## 6.6 Die Kultuurproses-paradigma

Die uitgangspunte waarop die Kultuurproses-paradigma berus, is soos volg:

- Prehistoriese kulture word aan die hand van die stelselteorie, waarvolgens die onderdele van die stelsel aan mekaar verwant is en mekaar beïnvloed, bestudeer.
- Prosesse wat binne 'n gemeenskap aan die werk is, is geïsoleer en dan bestudeer.
- Kultuurekologie, dit wil sê die verband tussen die mens en sy omgewing, is beklemtoon ten opsigte van kultuurverandering.
- Kultuur verander deur middel van die proses van multilineêre evolusie.
- Die deduktief-nomologiese navorsingsmetode word gevolg.
- Veranderinge wat in die verlede plaasgevind het, moet verklaar word.
- Die nuutste wetenskaplike tegnieke word gebruik.

Die Kultuurproses-paradigma het tot ses denkskole gelei, waarvan elk 'n ander proses geïsoleer en bestudeer het. Die denkskole is naamlik die paleo-ekonomiese, ekologiese, geografiese, demografiese, handels- en sosiale denkskool.

Die stelselkonsep van die paradigma is moeilik om in die praktyk in die argeologie toe te pas, omdat daar nie altyd vanuit die argeologiese rekord bepaal kan word of die dele daarvan wel 'n eenheid is nie. Dit geld ook vir die historiese argeologie (Du Toit 1994:192-214; Sharer & Ashmore 1979:61, 508-519; Redman 1973:16-20; Binford & Binford 1968:1; Watson e.a. 1971:i-xv; Watson e.a. 1984:i-xi; Renfrew & Bahn 1991:33-37, 99, 411-422; Thomas 1995:350; Shanks & Hodder 1995:3-4; Foucault 1972:7-8, 26, 60-61).

Daar is te veel prosesse aan die werk binne menslike gemeenskappe, sodat die uitgangspunt om slegs

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

een hiervan te isoleer en te bestudeer, nie tot finale antwoorde kan lei nie. Daar moet altyd na die invloed van soveel as moontlik faktore, wat 'n gemeenskap kon beïnvloed gekyk word. Gevolglik kan die klem nie net op 'n enkele faktor, soos die omgewing se invloed op die mens, gereduseer word nie. Vanweë die komplekse aard van die historiese argeologie, waar daar nog meer faktore as by prehistoriese gemeenskappe betrokke kan wees, is hierdie uitgangspunt nie aanvaarbaar nie.

Multilinieêre evolusie impliseer wetmatighede, 'n gedagte wat reeds vroeër verwerp is, omdat dit die individu se vermoëns negeer. Hierdie wetmatighede is die einddoel van die deduktief-nomologiese metode. Derhalwe moet dié metode verwerp word.

Die gebruik van die jongste wetenskaplike tegnieke en die poging om veranderinge van die verlede te verklaar, is egter positiewe bydraes van die Kultuurproses-paradigma. Dit kan ook met vrug in die historiese argeologie benut word. Hierdie aspekte is egter nie uniek tot die Kultuurproses-paradigma nie. Gevolglik is dit duidelik dat die paradigma nie geskik is om in die historiese argeologie toegepas te word nie.

## 6.7 Die Strukturalistiese paradigma

Die Strukturalistiese paradigma is op die volgende uitgangspunte gegrond:

- Menslike kultuur word as simboliese strukture, wat skeppings van die menslike gees is, gesien.
- Kultuurverandering is die produk van die menslike bewussyn, veral as gevolg van sosiale verhoudinge.
- Simboliese strukture word van die argeologiese rekord afgelei.
- Dele van gemeenskappe word in verhouding tot die totale gemeenskap bestudeer.
- Die argeoloog is 'n instrument in die ondersteuning van 'n bepaalde ideologie (Du Toit 1994:214-218; Renfrew & Bahn 1991:339-341, 426; Hodder 1988:35; Boeyens 1998:6; Hall 1990:2; Sharer & Ashmore 1979:442; Foucault 1972:89-90).

Hoewel dit waar is dat menslike kultuur skeppings van die menslike gees is, kan dit nie net as van simboliese belang gesien word nie. Artefakte word gewoonlik eerstens vervaardig met 'n spesifieke funksie, maar kan ook 'n simboliese waarde hê. Om byvoorbeeld te sê dat 'n leivoor in Pretoria die funksie gehad het om water van een punt na 'n ander te vervoer, is waar. Dit sou egter verregaande wees om te beweer dat die leivoor 'n simboliese betekenis het, omdat water 'n belangrike simbool van die Christelike godsdiens is. Om derhalwe simboliese strukture van die argeologiese rekord af te lei, word daar op bespiegeling teruggeval, wat moeilik bewysbaar is.

Dit is sekerlik waar dat sosiale verhoudinge 'n bydrae tot kultuurverandering kan lewer. Dit kan egter nie as die enigste faktor in kultuurverandering gesien word nie. Dit is reeds vroeër gemeld dat die omgewing onder andere ook 'n rol kan speel. Die rol van individue kan ook nie buite rekening gelaat word nie. Daar is ook verskeie ander faktore wat in hierdie verband 'n rol kan speel. In die historiese argeologie het ons dikwels met geïsoleerde groepies mense te make, waar daar nie 'n komplekse sosiale organisasie bestaan nie. Gevolglik moet die rol van sosiale verhoudinge in kultuurverandering nie oorskat word nie.

By die historiese argeologie is daar nie sprake van die verhouding tussen dele van 'n gemeenskap en die totale gemeenskap nie, omdat dit nie werklik relevant tot die oplossing van die problematiek is nie. Daar word byvoorbeeld nie gekyk na die uiteenlopendheid van menslike gemeenskappe dwarsoor die wêreld nie. Trouens, indien daar wel so wyd in die historiese argeologie gekyk word, word daar juis na die gemeenskaplikheid tussen kulture gekyk (Orser & Fagan 1995:11).

Aangesien dit deel van die wetenskaplike proses is om so objektief moontlik te wees, kan die aanname dat die argeoloog 'n instrument in die ondersteuning van 'n bepaalde ideologie is, nie aanvaar word nie. Hoewel dit waar is dat wetenskaplikes soms doelbewus deur middel van die wetenskap 'n bydrae tot die politieke ideologie lewer (vergelyk byvoorbeeld Nazi-Duitsland), is die teendeel ook

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

waar (vergelyk byvoorbeeld argeologie in die Sowjet-Unie tydens Stalin se bewind). Historiese argeologie spreek dikwels geensins politieke en ideologiese doelwitte aan nie. Hieruit en uit die bostaande is dit dus duidelik dat die Strukturalistiese paradigma nie 'n geskikte raamwerk vir die bestudering van die historiese argeologie lewer nie.

## 6.8 Die Kontekstuele paradigma

Die grondslag van die Kontekstuele paradigma, is soos volg:

- Materiële kultuur word as 'n indirekte refleksie van menslike gedrag gesien.
- Materiële kultuur word deur iemand gemaak.
- Die totale konteks van 'n voorwerp/terrein gee daaraan betekenis.
- Insig word in kulturele betekenisse verkry, deur die onmiddellike historiese konteks na te vors.
- Die wisselwerking tussen die mens en die omgewing, en tussen sosiale stelsels, word bestudeer.
- Ooreenkomste en verskille in die argeologiese rekord word in kontekstuele assosiasies omskep, ten einde betekenis daaraan te heg (Du Toit 218-221; Boeyens 1998:6; Renfrew & Bahn 1991:42, 416; Meyer 1995:10-13; Hodder 1988:1-7, 9-17, 119-125, 128-134, 143, 149; Shanks & Hodder 1995:14; Foucault 1972:89-90).

Die siening dat materiële kultuur 'n indirekte refleksie van menslike gedrag is, beteken dat dit 'n spesifieke betekenis het. Hierdie betekenis word daaraan toegeken op grond van 'n verskeidenheid faktore, wat eerstens inherent deel van die mens is en wat tweedens van buite daarop 'n invloed uitoefen. Hieronder tel die omgewing, sosiale stelsel en so meer. Gevolglik moet daar na al hierdie faktore gekyk word ten einde die betekenis van 'n objek af te lei. Dit beteken dat 'n objek in sy totale konteks bestudeer moet word. Vanweë die kritiek op ander paradigmas wat enkele faktore isoleer en bestudeer, is dit duidelik dat hierdie benadering met die oplossing vorendag kom. Veral ten opsigte van die historiese argeologie waar daar 'n bykomende dimensie tot die argeologiese konteks, naamlik die historiese konteks bestaan, blyk hierdie benadering die oplossing te bied.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Kritiek is reeds vroeër uitgespreek teen die siening dat sosiale stelsels en wette kultuurverandering reguleer, omdat dit die bydrae van die individu negeer. Die Kontekstuele paradigma erken dat dit 'n individu is wat kultuur voortbring en deur sy optrede die samelewing skep. Hierdeur word die verhouding tussen die individu en die sosiale stelsel daargestel. By die historiese argeologie, veral koloniale of Westerse argeologie, word die terrein wat bestudeer word meestal aan 'n enkele klein groepie mense verbind. Die aktiewe rol van die skeppende individu het gevolglik groter betekenis. Hierdie rol word egter in die historiese konteks van die tyd geplaas, sodat dit nie bloot oor individue gaan nie, maar ook oor die sosiale verband met die samelewing. Dit blyk dus hieruit dat die paradigma geskik is om binne die historiese argeologie toegepas te word.

Die historiese konteks van 'n terrein uit die histories-argeologiese fase, is van kardinale belang in die interpretering daarvan (Boeyens 1998:5). Dikwels kan 'n terrein nie verklaar word as daar bloot na die argeologiese konteks daarvan gekyk word nie en bring die historiese konteks insig in die oplossing van die probleem. Hodder (1995:145) stel dit soos volg:

> It is partly for this reason that historical archaeology is an 'easier' approach. Here the data are richly networked, much survives, and there are many leads that can be followed through, even in the absence of literary texts, which themselves only provide another context in which to look for similarities and differences.

Die verband tussen die geskrewe en argeologiese konteks moet egter aangetoon word (Boeyens 1998:6) Die Kontekstuele paradigma stel dit duidelik dat die onmiddellike historiese konteks insig in kulturele betekenisse gee. Gevolglik pas ook hierdie grondslag binne die raamwerk van die historiese argelogie in.

Ten einde betekenis aan die argeologiese rekord te gee, moet dit in 'n kontekstuele verband geplaas word. Dit beteken dat ooreenkomste en verskille aan die hand van verwante inligting verklaar moet

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

word. Historiese kennis is 'n voorvereiste voor sodanige assosiasies en verklarings gemaak kan word. In die historiese argeologie is dit feitlik ondenkbaar dat verklarings oor die argeologiese rekord gegee kan word, sonder dat daar historiese kennis daaroor ingewin is. Die voorbeelde wat in hierdie proefskrif gebruik word, sal hierdie feit beklemtoon.

Gevolglik is dit duidelik dat die Kontekstuele paradigma by uitnemendheid geskik is om binne die historiese argeologie aan te wend. Dit is daarom nie vreemd dat Hodder (1988 & 1995) grootliks van voorbeelde uit die historiese argeologie gebruik maak in sy uiteensetting van die paradigma nie. Voorts meld hy dat hierdie paradigma die klem op die simboliese en funksionele rol van artefakte plaas (1995:124-128). Ook Deetz (1977:50) dui die funksionele en simboliese rol van artefakte as belangrik aan. Hodder stel dit ook duidelik (Hodder 1988:101) dat die Kontekstuele paradigma ten opsigte van navorsing in die historiese argeologie benut behoort te word.

## 6.9 Die Neo-Marxistiese paradigma

Die Neo-Marxistiese paradigma berus op die volgende uitgangspunte:
- Die ekonomiese basis van gemeenskappe en die invloed daarvan op die samelewing word bestudeer.
- Die ideologie beïnvloed alle menslike aktiwiteite, insluitend wetenskaplike navorsing.
- Die argeologiese rekord word aan die Marxistiese raamwerk gekoppel.
- Die werklikheid word as 'n eenheid beskou, wat as sodanig bestudeer moet word.

Soos met soveel van die paradigmas, word die klem by die Neo-Marxistiese paradigma op enkele faktore geplaas. Dit is reeds vroeër gemeld dat die menslike samelewing te kompleks is om nie alle faktore in ag te neem nie. Hoewel die ekonomie en ideologie sekerlik belangrike faktore is, kan faktore soos die omgewing nie buite rekening gelaat word nie. Dit beteken dat die Neo-Marxistiese paradigma nie 'n goeie basis vir argeologiese navorsing in die breë bied nie.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Reeds by die Strukturalistiese paradigma is kritiek uitgespreek oor die siening dat die argeoloog 'n instrument in die ondersteuning van 'n bepaalde ideologie is. Die siening van die Neo-Marxisme, dat wetenskaplike navorsing deur die ideologie beïnvloed word, moet derhalwe onder verdenking staan (Du Toit 1994:226-232; Meyer 1995:9; Boeyens 1998:6; Renfrew & Bahn 1991:414-415, 430; Hodder 1988:61, 68-69, 75-76; Trigger 1990:309). Hoewel dit sekerlik waar is dat 'n mens hom nie totaal kan losmaak van dit waarin hy glo nie, beteken dit nie dat dit sy vermoë om objektief navorsing te doen rem nie.

Om die argeologiese rekord aan die Marxistiese raamwerk te koppel, stem ooreen met die klassieke Marxistiese paradigma se koppeling van sosiale stadia aan die Marxistiese raamwerk. Daar is reeds daarop gewys dat die Marxistiese raamwerk 'n teoretiese konstruksie is en dat sodanige koppeling nie sonder die nodige verbande gemaak kan word nie. Bowendien hou die Marxistiese raamwerk hom besig met die ontwikkeling van 'n sosiale gemeenskap in ontwikkelingstadiums. Hierdie aspek word selde in histories-argeologiese navorsing bestudeer.

Die beskouing van die werklikheid as 'n eenheid, sluit aan by die gedagte van die Kontekstuele paradigma dat daar na alle faktore, wat 'n invloed op 'n samelewing gehad het, gekyk moet word. As sodanig is dit 'n aanvaarbare gedagte. Dit is egter teenstrydig met die siening dat die ekonomie en die ideologie by die Neo-Marxistiese paradigma beklemtoon word. Oor die algemeen beteken dit dus dat die Neo-Marxistiese paradigma nie geskik is vir navorsing in die historiese argeologie nie.

## 6.10 Samevatting en bevindinge

Om aan die kriteria vanuit die navorsingsbehoeftes, naamlik waarheid, objektiwiteit en rasionaliteit (sien punt 2.2) te voldoen, moet daar aan die volgende vereistes, soos afgelei uit die paradigmas, voldoen word:

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

primêre vereistes:

- kultuurverband
- ruimte
- tyd
- benutting van historiese kennis
- beskrywing
- verklaring
- individualiserend
- materiële kultuur

sekondêre vereistes:

- aanpassing by omgewing
- sosiale strukture
- simbolisme
- ekonomiese/ideologiese strukture

Die primêre vereistes word as noodsaaklik beskou ten opsigte van die navors van 'n argeologiese terrein. Namate dit die sekondêre vereistes betref hoef slegs een hiervan toepaslik te wees, maar al vier kan in 'n spesifieke geval toepaslik wees. Dit is egter belangrik dat al vier benut word indien dit toepaslik is. Die meting van die onderskeie paradigmas aan die hand van hierdie vereistes, word in tabel 3.4 weergegee. Die doel hiervan is nie om 'n gedetailleerde uiteensetting te geen nie, maar bloot om aan te toon dat sommige paradigmas tot 'n groter mate as ander vir die verskillende navorsingsvereistes voorsiening maak.

Uit die tabel blyk dit dat die Kontekstuele paradigma die mees geskikste is om aan die kriteria van waarheid, objektiwiteit en rasionaliteit te voldoen. Die paradigmas moet egter ook aan die kriteria vanuit die behoeftes van erfenishulpbronbestuur gemeet word. Hierdie kriteria is naamlik navorsings-, bestuurs-, opvoedkundige en gemeenskapsbehoeftes en wetgewingsvereistes. Die vereistes is dieselfde as vir die navorsingbehoeftes, maar nie almal is van toepassing ten opsigte van erfenishulpbronbestuur nie. Die onderstaande lys, is die toepaslike vereistes, oftewel die primêre vereistes, vir erfenishulpbronbestuur (vergelyk Van Vollenhoven 1998a:21-24):

- kultuurverband
- ruimte
- tyd
- benutting van historiese kennis
- beskrywing
- verklaring
- individualiserend
- materiële kultuur

Tabel 3.5 gee die meting van die onderskeie paradigmas aan die hand van die vereistes vir erfenishulpbronbestuur weer. Weer eens het dit bloot ten doel om daarop te dui dat sommige paradigmas voorsiening vir al die erfenishulpbronbestuursbehoeftes maak, terwyl ander dit gedeeltelik uitsluit.

Hierdie tabel dui daarop dat die Kontekstuele paradigma ook die mees geskikste is om aan die erfenishulpbronbestuursbehoeftes te voldoen. Uit die bostaande kan daar tot die volgende bevindinge gekom word:

Van al die paradigmas kon die Kultuurhistoriese paradigma homself die langste handhaaf. Hoewel die paradigma verskeie terugslae beleef het, het dit gedurende die sestigerjare van die twintigste eeu weer sterk na vore getree en het selfs 'n nuwe denkskool ontwikkel.

Historiese kennis word by 'n groot hoeveelheid paradigmas, naamlik die Kultuurhistoriese, Strukturalistiese, Kontekstuele en Neo-Marxistiese paradigma, gebruik om die voorgeskiedenis te interpreteer. Die hele kwessie van etnisiteit en kulturele identiteit, wat van besondere belang by die Kultuurhistoriese paradigma is, is vandag 'n belangrike aangeleentheid in die argeologiese debat.

**TABEL 3.4 METING VAN DIE WETENSKAPLIKE PARADIGMAS IN DIE ARGEOLOGIE TEN OPSIGTE VAN NAVORSINGSBEHOEFTES**

| **Navorsingsbehoeftes** | | **Paradigmas** | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Kriteria: Waarheid Objektiwiteit Rasionaliteit | Vereistes: Primêr: | Evolusionis-tiese paradigma | Kultuurhistorie-se paradigma | Funksionalistie-se paradigma | Kultuur proses-paradigma | Strukturalis-tiese paradigma | Kontekstuele paradigma | Neo-Marxistiese paradigma |
| | Kultuurverband | 0 | 2 | 0 | 0 | 0 | 2 | 0 |
| | Ruimte | 1 | 2 | 2 | 2 | 2 | 2 | 1 |
| | Tyd | 2 | 2 | 0 | 0 | 1 | 2 | 1 |
| | Benutting van historiese kennis | 1 | 2 | 0 | 0 | 1 | 2 | 1 |
| | Beskrywing | 1 | 2 | 1 | 1 | 1 | 2 | 1 |
| | Verklaring | 2 | 0 | 2 | 2 | 2 | 2 | 2 |
| | Individualiteit | 0 | 1 | 0 | 0 | 0 | 2 | 0 |
| | Materiële kultuur | 1 | 2 | 2 | 2 | 1 | 2 | 2 |
| | Sekondêr: Aanpassing by omgewing | 2 | 0 | 2 | 2 | 0 | 1 | 1 |
| | Sosiale strukture | 0 | 0 | 2 | 2 | 2 | 1 | 2 |
| | Simbolisme | 0 | 0 | 0 | 0 | 2 | 1 | 1 |
| | Ekonomiese/Ideologiese strukture | 0 | 1 | 2 | 2 | 2 | 1 | 2 |
| | **TOTAAL (24):** | **10** | **14** | **13** | **13** | **14** | **20** | **14** |

0 = Vereiste nie belangrik nie 1 = Vereiste teenwoordig 2 = Vereiste belangrik

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

**TABEL 3.5 METING VAN DIE WETENSKAPLIKE PARADIGMAS IN DIE ARGEOLOGIE TEN OPSIGTE VAN ERFENISHULPBRONBESTUURSBEHOEFTES**

| **Erfenishulpbronbestuursbehoeftes** | | **Paradigmas** | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Kriteria:<br>Navorsingsbehoeftes<br>Bestuursbehoeftes<br>Opvoedkundige behoeftes<br>Gemeenskapsbehoeftes<br>Wetgewingsvereistes | Vereistes: | Evolusionistiese paradigma | Kultuurhistoriese paradigma | Funksionalistiese paradigma | Kultuurproses-paradigma | Strukturalistiese paradigma | Kontekstuele paradigma | Neo-Marxistiese paradigma |
| | Kultuurverband | 0 | 2 | 0 | 0 | 0 | 2 | 0 |
| | Ruimte | 1 | 2 | 2 | 2 | 2 | 2 | 1 |
| | Tyd | 2 | 2 | 0 | 0 | 1 | 2 | 1 |
| | Benutting van historiese kennis | 1 | 2 | 0 | 0 | 1 | 2 | 1 |
| | Beskrywing | 1 | 2 | 1 | 1 | 1 | 2 | 1 |
| | Verklaring | 2 | 0 | 2 | 2 | 2 | 2 | 2 |
| | Individualiteit | 0 | 1 | 0 | 0 | 0 | 2 | 0 |
| | Materiële kultuur | 1 | 2 | 2 | 2 | 1 | 2 | 2 |
| | **TOTAAL (16):** | **8** | **13** | **7** | **7** | **8** | **16** | **8** |

0 = Vereiste nie belangrik nie 1 = Vereiste teenwoordig 2 = Vereiste belangrik

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Beide die Kultuurproses-paradigma en die Funksionalistiese paradigma gebruik die tipologiese metode op dieselfde wyse, naamlik om artefakte te differensieer op grond van hulle doel of funksie. Om hierdie rede kan die twee paradigmas as teorieë binne 'n breër navorsingsprogram gesien word. Dit wil tans voorkom asof die Strukturalistiese, Kontekstuele en Neo-Marxistiese paradigmas se gebruik van die tipologiese metode, sowel as hulle en die Kultuurproses-paradigma se gebruik van die drie-tydperksisteem, op kultuurhistoriese uitgangspunte berus (Du Toit 1994:231-232).

Uit die voorafgaande is dit duidelik dat die Christelike en Evolusionistiese paradigma probleme aangespreek het wat geensins op die historiese argeologie van toepassing gemaak kan word nie. Daarom is hierdie paradigmas onaanvaarbaar binne die historiese argeologie.

Die gebrek aan historiese perspektief maak dat die Funksionalistiese en Kultuurproses-paradigma nie in die historiese argeologie toegepas kan word nie. Vanweë die belang van die historiese konteks (vergelyk punt 4), is hierdie twee paradigmas gevolglik ook nie aanvaarbaar vir benutting ten opsigte van die historiese argeologie nie.

By beide hierdie paradigmas, sowel as by die klassieke Marxistiese, Neo-Marxistiese, Kultuurhistoriese en Strukturalistiese paradigma word daar nie na alle faktore gekyk ten einde die argeologiese rekord te verklaar nie, maar word 'n bepaalde faktor beklemtoon. Gevolglik skep dit nie 'n aanvaarbare raamwerk vir die historiese argeologie nie.

Die koppeling deur die klassieke Marxistiese en Neo-Marxistiese paradigma van die argeologiese rekord aan die Marxistiese raamwerk is onaanvaarbaar. Die rede hiervoor is dat dit teoretiese konstruksies is, wat boonop dikwels nie in die historiese argeologie ter sprake is nie.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die wetmatighede wat deur die Funksionalistiese, klassieke Marxistiese, Kultuurproses- en Neo-Marxistiese paradigma daargestel word, maak hulle ook onvanpas vir historiese argeologie. Om die argeoloog as deel van die ideologie te sien is in stryd met die wetenskaplike vereiste van objektiwiteit. Gevolglik word die Strukturalistiese en Neo-Marxistiese paradigma op grond hiervan verwerp.

Om al die bostaande redes blyk dit dat die Kontekstuele paradigma die mees geskikste raamwerk vir die bestudering van terreine uit die historiese tydvak bied. Dit moet egter nie uit die oog verloor word dat ander paradigmas in ander situasies moontlik meer geskik kan wees nie. Ucko (1995:15-17) stel dit juis dat verskillende argeoloë in verskillende wêrelddele op grond van hulle spesifieke konteks, 'n keuse vir of teen sekere teoretiese uitgangspunte maak.

Die rede waarom die Kontekstuele paradigma na die mees aanvaarbare raamwerk vir die bestudering van die vak argeologie lyk, lê in die vermoë daarvan om die positiewe elemente uit 'n verskeidenheid van paradigmas te kombineer en in een paradigma saam te voeg. Hierdie vermoë maak dit spesifiek ten opsigte van die historiese argeologie, die mees aanvaarbare paradigma. In hierdie proefskrif sal die Kontekstuele paradigma op 'n verskeidenheid histories-argeologiese terreine toegepas word, ten einde hierdie stelling te toets.

Ander paradigmas, wat moontlik toepaslik vir aanwending in die historiese argeologie kan wees, sal ook aan die gevallestudies gemeet word (hoofstuk 10). Die rede hiervoor is om 'n objektiewe toets van die paradigmas daar te stel. Uit die voorafgaande is dit duidelik dat die Christelike, Evolusionistiese, Funksionalistiese, Kultuurproses- en klassieke Marxistiese paradigma geensins op historiese argeologie toegepas kan word nie. Gevolglik sal vier van dié paradigmas van die toets uitgesluit word. Vanweë die beduidende invloed wat die Kultuurproses-paradigma in die argeologie uitgeoefen het, sal dit saam met die Kultuurhistoriese, Strukturalistiese, Kontekstuele en

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Neo-Marxistiese paradigma daaraan onderwerp word.

## 7. HISTORIOGRAFIE

Die bespreking van historiografie word nie gedoen met die doel om 'n volledige uiteensetting daarvan te gee nie, maar bloot om 'n aansluiting met die vakfilosofie van (historiese) argeologie te verkry, aangesien die studie vanuit die oogpunt van die argeologie benader word. Gevolglik sal daar nie in besonderhede hierop ingegaan word nie. Die werke van Van Jaarsveld (1980; 1982a; 1984) en Smith (1988) word as gesaghebbend in hierdie verband beskou en word dus benut om 'n kort opsomming van die denkrigtings in die geskiedenis te gee.

### 7.1 Die Rankeaanse model

Leopold von Ranke was gedurende die negentiende eeu die skepper van die model van wetenskaplike geskiedenis wat op die hermeneutiese individualiserende verstaanmetode gebaseer was (Van Jaarsveld 1980:10-11; Van Jaarsveld 1982a:2). Hiervolgens was die staat, politiek, staatsinstellinge, buitelandse sake en groot persoonlikhede die onderwerp van geskiedenis (Van Jaarsveld 1982a:2-5, 45). Afrikaner nasionalistiese geskiedskrywers het hulle hoofsaaklik op hierdie tipe temas toegespits (Smith 1988:90-91).

Die Rankeaanse model het van die veronderstelling uitgegaan dat daar 'n wesensonderskeid tussen die verskynsels van die natuur en die gees bestaan. Gevolglik was 'n ander metode as die natuurwetenskaplike metode nodig om tot kennis te kom (Van Jaarsveld 1980:8; Van Jaarsveld 1982a:6). Slegs deur te verstaan kon hierdie doel bereik word. Die unieke historiese individualiteit is voorts beklemtoon (Van Jaarsveld 1980:9-10;Van Jaarsveld 1982a:6). Daarom moes historiese verskynsels, tydperke, gebeurtenisse en persone ook in hulle eie tyd verstaan word.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die vorm van kennis was narratief en die dokument was die sleutel tot die historiese waarheid. Om hierdie rede is nuwe historiese tegnieke van eksterne en interne kritiek gebruik, sodat die egtheid, oorspronklikheid en geloofwaardigheid van bronne vasgestel kon word (Van Jaarsveld 1980:10; Van Jaarsveld 1982a:7-8).

Ranke het historiese waarheid, korrektheid en veral objektiwiteit nagestreef (Van Jaarsveld 1980:11; Van Jaarsveld 1982a:8). In hierdie opsig sluit dit sterk aan by die navorsingsbehoeftes, soos uiteengesit in punt 2.2.

## 7.2 Die Amerikaanse 'New History'-skool

Die Amerikaanse 'New History' het sedert 1910 as 'n progressiewe rigting in die VSA tot stand gekom. Dit was 'n reaksie teen die Rankeaanse siening en het ook as die Progressiewe skool bekend gestaan (Van Jaarsveld 1980:47 ; Van Jaarsveld 1982a:16, 48). Amerikaanse geskiedskrywing tussen die twee Wêreldoorloë is deur dié skool oorheers (Van Jaarsveld 1982a:16, 48).

Die 'New History' was daarop gemik om veranderinge in die samelewing te weeg te bring, om toegankik vir die lekeleser te wees en om weg te beweeg van wat beskou is as 'n onwetenskaplike benadering. Verder moes die tradisionele geskiedenis hervorm word om aan te pas by die sosiale wetenskappe (Van Jaarsveld 1980:47; Van Jaarsveld 1982a:17, 48-40).

Die verlede is bewustelik aan die hede ondergeskik gemaak, deurdat studie-onderwerpe, wat aan die behoeftes van die hede relevant is, gekies is. Politieke geskiedenis is vermy, terwyl sosiaal-ekonomiese temas bestudeer is. Hictorici moes voorgee dat geskiedenis 'n sosiale wetenskap is wat die samelewing van praktiese kennis kan voorsien (Van Jaarsveld 1982a:18).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die sosiale wetenskappe is voorts ook tot hulp van die geskiedenis aangewend. Die soeke na wette wat voorspelbare waarde het, was aan die orde van die dag (Van Jaarsveld 1980:49; Van Jaarsveld 1982a:19). Omdat die subjek oorbeklemtoon is in die soeke na bruikbare kennis, het die 'New History' te ver van die eie aard van geskiedenis wegbeweeg (Van Jaarsveld 1980:50; Van Jaarsveld 1982a:20). Gevolglik het daar na die Tweede Wêreldoorlog 'n reaksie van liberale historici daarteen ontstaan, waardeur 'n vertroue in 'n meer tradisionele geskiedwetenskap herstel is (Van Jaarsveld 1982a:20).

## 7.3 Die Franse Annales-skool

Ranke se model was oorheersend aan die einde van die negentiende eeu tot aan die Eerste Wêreldoorlog (Van Jaarsveld 1982a:13). Met die eeuwending het daar in Frankryk 'n reaksie teen die Rankeaanse model ingetree (Smith 1988:168). Vandag oefen die Franse Annales-skool wêreldwye invloed uit (Van Jaarsveld 1982a:3). Die Annales-skool is 'n poging om aan geskiedenis 'n meer wetenskaplike grondslag te gee (Van Jaarsveld 1980:76; Van Jaarsveld 1982a:49). Liberale (Van Jaarsveld 1984:62) en radikale geskiedskrywing in Suid-Afrika is onder andere deur die Annales-skool beïnvloed (Smith 1988:168).

Volgens hierdie benadering is die objekte van historiese studie gedekompartementaliseer en verbreed, sodat die totaliteit van die mens se ervaring omvat word (Van Jaarsveld 1980:76; Van Jaarsveld 1982a:3, 23). Dit het tot 'n integrasie van die deelgebiede en buurwetenskappe van geskiedenis gelei - 'n holistiese benadering (Van Jaarsveld 1980:76; Van Jaarsveld 1982a:4, 23, 49; Smith 1988:168; Van Jaarsveld 1984:62). Geskiedenis is nou in 'n funksioneel-strukturele gedaante aangebied (Van Jaarsveld 1982a:4, 50). Verder is die hermeneutiese en analitiese metodes verenig. Geskiedenis moes dus verstaan en verklaar word (Van Jaarsveld 1980:77; Smith 1988:168).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

'n Integrerende kultuur- en sosiaal-ekonomiese geskiedenis is nou tot stand gebring (Van Jaarsveld 1982a:22). Die mens as individu is as sentrum van die geskiedenis vervang deur mense wat uit saamgestelde maatskaplike groepe bestaan (Van Jaarsveld 1982a:24; Smith 1988:168). Nietemin is die unieke individualiteite steeds in gedagte gehou (Van Jaarsveld 1980:77). Die lewe word as 'n geheel gesien en geen tydperk of voorwerp kan verstaan word as dit nie in 'n verhouding tot ander tydperke of voorwerpe gestel word nie (Van Jaarsveld 1982a:25). Die Annales-skool toon 'n sterk affiniteit vir die Marxistiese opvatting van geskiedenis (Van Jaarsveld 1982a:50), hoewel dit nie noodwendig Marxisties is nie (Smith 1988:168). Laastens is die Annales-skool daarop ingestel om analities eerder as narratief te wees (Van Jaarsveld 1982a:29). As kritiek teen die Annales-skool kan gemeld word dat politieke geskiedenis verwaarloos is (Van Jaarsveld 1980:89).

## 7.4 Die 'nuwe' geskiedenis in Brittanje

In die vyftigerjare van die twintigste eeu was daar ook in Brittanje 'n reaksie teen die tradisionele geskiedskrywing. Die verhouding tussen geskiedenis en sosiologie is hierdeur in gedrang gebring. Die sosiologie is as 'n noodwendige hulpmiddel vir geskiedenisnavorsing gesien (Smith 1988:168-169; Van Jaarsveld 1982a:50). Hierdie benadering is deur die Marxistiese geskiedenisopvatting beïnvloed (Van Jaarsveld 1982a:50). Dit kom daarop neer dat geskiedenis 'n kritiese sosiale wetenskap is, wat nie net op die interpretasie van die wêreld gerig is nie, maar dit ook moet verander (Van Jaarsveld 1980:65).

Geskiedenis moet as sosiale wetenskap verstaan word en daar moet 'n model vir sosio-ekonomiese veranderingsprosesse daargestel word. Dit neig na 'n volledige integrasie van geskiedenis en sosiologie en is gerig op 'n interdissiplinêre benadering (Van Jaarsveld 1982a:51). Die Britse geskiedskrywing het ‘n sterk invloed op radikale geskiedskrywing in Suid-Afrika gehad (Smith 1988:168).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

## 7.5 Die Duitse geskiedskrywing na 1960

Na 1945 is die Rankeaanse geskiedskrywing in Wes-Duitsland voortgesit. Die jonger geslag historici was egter nie hiermee tevrede nie (Van Jaarsveld 1980:103; Van Jaarsveld 1982a:31). Die gevoel was dat ekonomiese en sosiaal-historiese temas meer aandag moes kry en dat daar van politieke temas wegbeweeg moes word. Gevolglik moes die klem na samelewingsgeskiedenis verskuif (Van Jaarsveld 1980:104; Van Jaarsveld 1982a:32).

Sosiale geskiedenis het politieke geskiedenis verdring. Teorieë, begrippe en metodes uit die sistematiese sosiale wetenskappe is benut (Van Jaarsveld 1982a:34, 52) en 'n veralgemenende - verklarende analitiese werkswyse is gevolg. Geskiedenis is as 'n sosiale wetenskap gesien (Van Jaarsveld 1980:106; Van Jaarsveld 1982a:35), 'n gedagte wat nie deur alle Duitse historici aanvaar word nie (Van Jaarsveld 1982a:36). Nietemin staan sosiale geskiedenis tans wêreldwyd op die voorgrond van vakwetenskaplike beoefening (Van Jaarsveld 1982a:38).

## 7.6 Samevatting

Geskiedenis kan beskou word as 'n vak met besonderse interdissiplinêre moontlikhede omdat dit tegelyk 'n geestes- en sosiale wetenskap is (Van Jaarsveld 1982a:40-41). Uit die voorafgaande kan daar afgelei word dat interdissiplinêre navorsing 'n belangrike metode van hedendaagse geskiedenis behels. Dit is 'n verder van kardinale belang ten opsigte van die doel van hierdie studie.

Die definiëring van historiese argeologie (punt 4) het duidelik uitgewys dat die historiese argeoloog maksimaal van tradisionele historiografiese bronne gebruik moet maak tydens die navorsingsproses. Die samewerking tussen argeologie en geskiedenis is dus 'n voorvereiste vir enige histories-argeologiese navorsing.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Alleen op hierdie wyse kan daar probeer word om aan die navorsingsbehoeftes naamlik waarheid, rasionaliteit en objektiwiteit (punt 2.2) te voldoen. Slegs die benutting van so veel as moontlik van so 'n wye verskeidenheid van bronne as moontlik, bring die navorser nader aan die antwoord van wat werklik in die verlede gebeur het.

Op hierdie wyse word ook aan die erfenishulpbronbestuursbehoeftes voldoen. Hoe nader daar aan die waarheid gekom kan word, beteken dat daar aan die navorsingsbehoeftes voldoen sal word. Dit sal daartoe lei dat die bestuursbehoeftes beter aangespreek kan word. Deur die waarheid te kommunikeer word daar aan die opvoedkundige behoeftes voldoen, veral omdat 'n wanindruk nie geskep word nie. Hieruit volg die gemeenskapsbehoeftes om dit wat hulle erfenis is vir die nageslag in stand te hou, maar nie 'n gemitologiseerde voorstelling daarvan uit te beeld nie.

Laastens kan daar dan ook beter aan die wetgewingsvereistes voldoen word. Dit stel die owerheid in staat om die korrekte kennis oor erfenishulpbronne te bewaar. Verder maak dit kundige besluite moontlik wanneer daar evaluering van erfenishulpbronne moet plaasvind. Hierdie evaluering is belangrik om twee redes, naamlik om te bepaal of 'n erfenishulpbron wel bewarenswaardig is en indien wel, tot watter mate. Dit is ook nodig sodat erfenishulpbronne ingevolge die wetgewing as graad I, II of III geklassifiser kan word (sien Van Vollenhoven 1998a:31-35). Hiervolgens word bepaal welke instansie vir die bewaring van sodanige erfenishulpbron verantwoordelik sal wees.

Dit is onder punt 5 en 6 uitgewys dat die Kontekstuele paradigma die mees geskikste is vir navorsing in die historiese argeologie. Dit is juis die aanpasbaarheid van hierdie paradigma wat 'n geskikte wetenskaplike navorsingsraamwerk verskaf. Die klem wat deur die paradigma op die historiese konteks geplaas word, beteken dat dit aansluit by die gedagte om argeologie en geskiedenis te kombineer tydens navorsing. In hierdie opsig sluit dit dus aan by die hedendaagse skole in die geskiedeniswetenskap om interdissiplinêr te werk te gaan. Voorts beteken dit ook om van allerlei

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

ander kontekste, dit wil sê vakdissiplines, gebruik te maak. Hieronder tel onder andere geografie, dierkunde, geologie en so meer.

Die slotsom waartoe daar gekom word is dat interdissiplinêre navorsing, soos onder andere deur die Annales-skool vereis, aansluit by die Kontekstuele paradigma. Hodder (1995:89) dui dan ook aan dat die Annales-skool toenemend besig is om 'n invloed in die argeologie uit te oefen. Gevolglik behoort histories-argeologiese navorsing binne hierdie twee benaderings, vanuit die onderskeie vakgebiede, aangepak te word.

## 8. METODELEER

Dit is belangrik dat navorsers dit nooit uit die oog moet verloor dat daar beperkinge aan historiese kennis is nie. Tosh (1994:130) en Nipperdey (1978:2-14) vra dan ook tereg of historici werklik objektief kan wees. Hierdie afdeling het ten doel om kortliks die metodes waarvolgens historiese navorsing gedoen moet word weer te gee en daardeur aan te dui hoe die navorser te werk moet gaan om so objektief as moontlik te wees. Objektiwiteit is reeds onder punt 2.2 as een van die noodsaaklike behoeftes vir navorsing bespreek. Die werke wat vir hierdie afdeling benut sal word is dié van Tosh (1994), Nipperdey (1978) en Shafer (1980). Hierdie werke word as gesaghebbend vir die studie van metodeleer beskou.

### 8.1 Objektiwiteit

Historici maak primêr van dokumente gebruik tydens navorsing. Hierdie dokumente moet deeglik geëvalueer word alvorens dit benut kan word (Tosh 1994:133). Historici moet besef dat die dokumente tot hulle beskikking bloot 'n onvolledige rekord van die werklikheid is (Nipperdey 1978:2; Tosh 1994:134). Boonop is dit moontlik dat die skrywers daarvan, bewustelik of onbewustelik, foute begaan het tydens die opstel daarvan. Gevolglik is 'n kritiese ingesteldheid noodsaaklik (Tosh

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

1994:134).

Ten einde te voldoen aan die eis van objektiwiteit is dit nodig dat die navorser bedag sal wees op sy eie aannames en waardes (Nipperdey 1978:3-5; Tosh 1994:50), dat werkshipoteses openlik en eerlik gebruik sal word (en aangepas sal word wanneer nodig) en dat die historiese konteks gerespekteer sal word (Tosh 1994:150).

Desnieteenstaande stel Nipperdey (1978:9) dit dat objektiwiteit nie bereik kan word nie, maar 'n ideaal is wat nagestreef moet word. Die uiteindelike doel wat deur navorsing bereik word, is gevolglik 'n meer objektiewe geskiedenis. Hierdie ideaal word bereik deur gebruik te maak van die historikus se toetsprosedure, naamlik die vergelyking van die onderskeie bronne. 'n Belangrike doel van geskiedenis is om die gemeenskap te dien. Dit moet egter nie ten koste van objektiwiteit gedoen word nie (Nipperdey 1978:11-14).

## 8.2 Die navorsingsproses

### 8.2.1 Aanvang

Die onderwerp wat nagevors moet word kan enigiets wees wat die navorser of sy gehoor tevredenheid verskaf (Shafer 1980:43). Laasgenoemde sluit aan by die gedagte van gemeenskapsbetrokkenheid, een van die kriteria wat deur die erfenishulpbronbestuursbehoeftes gestel is.

Die insameling van data is 'n deurlopende proses tydens navorsing hoewel dit hoofsaaklik aan die begin van die navorsingspoging sal plaasvind. Twee metodes is belangrik ten opsigte van die hantering van data, naamlik eksterne en interne kritiek (sien punt 8.2.2 en 8.2.3).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Historiese bewysmateriaal waarvan die historikus gebruik kan maak, bestaan meestal uit geskrewe dokumente (Shafer 1980:79). Pikturale bronne is ook 'n belangrike hulpmiddel vir historiese navorsers (Pretorius 1991:2). Ander materiaal is mondelinge getuienisse en fisiese oorblyfsels (Shafer 1980:87-93). Daar moet so volledig moontlik rekord gehou word van data uit die verskeidenheid van bronne, sodat onnodige herhaling tydens die navorsingsproses uitgeskakel kan word (Shafer 1980:95).

### 8.2.2 Eksterne kritiek

Eksterne kritiek het ten doel om te bepaal of inligting outentiek is, met ander woorde of dokumente eg of vervals is (Shafer 1980:41, 127-128). Dit het te doen met moedswillige en toevallige foute wat in tekste voorkom (Shafer 1980:128). Verder het dit hoofsaaklik te doen met die bepaling van outeurskap en datum van die inligting (Shafer 1980:41, 129-131).

Op hierdie wyse kan daar bepaal word of 'n dokument 'n vervalsing is of nie (Shafer 1980:129-130). Kriteria wat hier geld is die bestudering van die inhoud van 'n dokument om byvoorbeeld anachronismes of teenstrydighede uit te wys, fisiese eienskappe van die dokument byvoorbeeld die ink daarop of watermerke daarvan, en die vergelyking van inligting met kontemporêre inligting (Shafer 1980:129-133).

'n Verskeidenheid van hulpwetenskappe kan deur die historikus ingespan word tydens eksterne kritiek. Hieronder tel linguistiek, heraldiek, genealogie en chronologie (Shafer 1980:138-145).

### 8.2.3 Interne kritiek

Interne kritiek bepaal die betekenis en waarde (geloofwaardigheid) van die inligting (Shafer 1980:41,

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

127, 149). Dit is belangrik om te onthou dat die letterlike en werklike betekenis van woorde soms kan verskil. So byvoorbeeld verskil die woorde na gelang van die plek en tyd waarop dit gebruik is. Frases in sinne kan ook nie geïsoleer word nie, maar moet in die lig van dit wat dit voorafgaan en opvolg beskou word. Dit staan as die reël van konteks bekend (Shafer 1980:150-151).

Ander algemene foute in interne kritiek is die volgende:

- 'n Katalogus - dit het te make met foute vanweë onder andere onkunde, vooroordeel, menslike foute, vervalsings, sintuie wat faal, kulturele verskille, geestelike ongebalanseerdheid, misbruik van inligting, beskadiging van inligting en selfmisleiding. Sodanige foute kan doelbewus of onbewustelik plaasvind (Shafer 1980:152-153).
- Waarnemingsvermoë - hieronder tel die fisiese en sosiale vermoë van die waarnemer om 'n waarneming te doen. Onder die fisiese vermoë tel die gesig en gehoor van die getuie, die afstand van die getuie van die gebeure of voorwerp, die moontlikheid dat 'n getuie moeg of verveeld kon gewees het en gevolglik nie die gebeure goed kan onthou nie en die mate van skerpsinnigheid of onverskilligheid ten tye van die waarneming (Shafer 1980:154).

  Die sosiale vermoë om 'n waarneming te maak word beïnvloed deur die bekendheid van die getuie met dit wat hy waarneem, die bereidwilligheid van die getuie om waar te neem, begrip van die taal wat gebruik is, die kennis wat die waarnemer oor die onderwerp het, die moontlikheid dat die waarneming deur sosiale en kulturele omstandighede geïnhibeer is en die moontlikheid dat die waarneming deur vooroordeel beïnvloed is (Shafer 1980:154-155).

- Verslagdoening van detail - hieronder word verstaan die vermoë van iemand om verslag te doen, die tydsverloop tussen 'n waarneming en die verslagdoening daaroor en die bedoeling met die samestelling daarvan. Die vermoë om verslag te doen stem ooreen met die vermoë om waar te neem. Dit sluit persoonlike en kulturele bevooroordeeldheid in, sowel as ambisie, trots en ander geestestoestande. Die taalvermoë, toegang tot dokumentasiemateriaal, die toestande waaronder

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

dokumentasie gedoen is, geletterdheid, religieuse, wetlike en ander kulturele gebruike speel ook 'n rol in die vermoë om verslag te doen. Hierdie faktore raak nie net die getuie nie, maar ook die navorser.

Die navorser moet die reëls volg ten einde 'n onbevooroordeelde antwoord te verkry. Eerstens moet daar besef word dat die probleem teenwoordig is. Tweedens moet die navorser doelbewus probeer om sy vooroordele te identifiseer. Laastens moet die navorser besef dat vooroordele dikwels nie herken word nie en gevolglik onwillekeurig 'n invloed op die navorsing uitoefen. Die getuies verkeer dikwels onder spanning wanneer getuienis gelewer word. Hierdie aspek moet deur die navorser in gedagte gehou word (Shafer 1980:155-156).

Die tydsverloop tussen 'n gebeurtenis en die verslagdoening daarvan beïnvloed die akkuraatheid daarvan, omdat sommige van die inligting vergeet word of deurmekaar raak. Gevolglik is dagboeke en reisjoernale gewoonlik meer akkuraat as herinneringsgeskrifte omdat dit min of meer in dieselfde tyd as die gebeurtenis geskryf is, terwyl laasgenoemde lank daarna saamgestel is (Shafer 1980:156).

Onder die doel met die samestelling van 'n verslag moet daar gekyk word of die samesteller die inligting akkuraat wou weergee en of daar per abuis foute ingesluip het. Inligting word soms doelbewus verdraai omdat die samesteller iets daardeur wou verbloem (Shafer 1980:156-157).

- Tipes verdraaiing sluit leuens wat onder opdrag of as gevolg van versuim vertel word, halwe waarhede, doelbewuste verdraaiings, bevoordelende interpretasies en partydigheid in (Shafer 1980:157-158). Verdraaiings vind plaas met die oog op die spesifieke gehoor waarvoor iets voorberei word. Hierdie redigering vind soms doelbewus en soms onbewustelik plaas.
- Ander leidrade ten opsigte van voorgenome geloofwaardigheid is onder meer die goeie reputasie van 'n skrywer, werklike neutraliteit, selfbenadeelde verklarings, inligting in onverwante weergawes en indien daar geen oënskynlike motief vir verdraaiing is nie (Shafer 1980:158).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Hierdie inligting kan nou gebruik word om inligting teen mekaar op te weeg ten einde dit te staaf of te weerspreek. Die stawing van inligting aan die hand van verwante geloofwaardige getuienis is 'n belangrike deel van die historiese metode (Shafer 1980:167-169).

### 8.2.4 Ontleding en sintese

Ontleding en sintese behels vergelyking, verbandlegging en seleksie van data. Hoewel dit gelyktydig plaasvind, vorm sintese die finale stadium in die navorsingsproses (Shafer 1980:171-172). 'n Bruikbare hipotese is nodig om die navorsing te rig sodat onnodige data nie tydens die navorsingsproses geselekteer word nie. Dit moet egter aanpasbaar wees, sou die inligting wat ingesamel word dit vereis (Shafer 1980:176-177).

In 'n poging om so objektief moontlik te wees moet die navorser sy vooroordele en subjektiwiteit probeer uitskakel. Dit behels onder andere die bereidwilligheid om teenstrydige sienings te beredeneer. Die historikus moet altyd onthou dat hy betrokke is by die gebeurtenis wat hy beskryf en daarna moet strewe om bo sy eie vooroordele en beperkte insigte uit te styg. Omdat dit onmoontlik is om alle inligting wat indirek betrekking op die onderwerp het te benut, moet toepaslike inligting geselekteer word (Shafer 1980:178-184).

Die finale sintese bestaan uit die oordenking van inligting, wat die herbestudering daarvan insluit. Die werk van ander navorsers moet benut word en daar moet by verklarings uitgekom word. Dit lei tot vertolking, wat die vasstelling van oorsaaklike verbande en die uitspreek van waarde-oordele behels. Hieruit volg die beklemtoning van dit waarom dit in die eerste plek vir die navorser gaan en word daar oor die ordening, hetsy chronologies, geografies of tematies, besluit. Ten slotte word gevolgtekkings gemaak. Die navorser moet altyd in gedagte hou dat gevolgtrekkings bloot waarskynlikhede is (Shafer 1980:187-193).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

## 8.3 Samevatting

Uit die bostaande is dit duidelik dat die metode van geskiedenis as wetenskap daarop ingestel is om objektiwiteit na te streef. Die navorsingsproses het ten doel om bronne te selekteer en te evalueer sodat daar so na as moontlik aan 'n werklikheidsgetroue weergawe van dit wat werklik gebeur het, gekom kan word. Laasgenoemde word veral deur middel van die toepassing van eksterne en interne kritiek bereik.

Die uiteindelike gevolgtrekking waartoe die navorser kom moet 'n logiese uitvloeisel uit die data wat benut is wees. Op hierdie wyse word daar aan die navorsingsbehoeftes (punt 2.2) voldoen. Dit is voorts duidelik dat die historiese argeoloog nie net kennis sal moet dra van navorsingsvereistes, wat deur sy vakwetenskaplike benadering vanuit die argeologie aan hom gestel word nie, maar ook van die vereistes van die historiese metode. Dit blyk dat die Kontekstuele paradigma die enigste is wat hiervoor voorsiening maak, veral vanweë sy beklemtoning van die historiese konteks (vergelyk punt 6.8). Volgens Marwick (1989:10) is dit meer akkuraat om van historiese konteks, eerder as historiese agtergrond te praat. Die gevolgtrekking is dus weer eens dat die Kontekstuele paradigma geskik is vir navorsing in die historiese argeologie.

# 9. GEVOLGTREKKING

Uit elkeen van die voorafgaande punte het dit duidelik geblyk dat die Kontekstuele paradigma, veel meer as enige ander paradigma, voldoen aan die navorsingsbehoeftes van objektiwiteit, rasionaliteit en waarheid. Dit is ook duidelik dat dit die verskillende erfenishulpbronbestuursbehoeftes veel beter aanspreek as enige ander paradigma.

Deurdat die Kontekstuele benadering ook die klem op interdissiplinêre navorsing plaas, sluit dit sterk aan by die Annales-skool uit die historiografie. 'n Kombinering van die vakmetodiek van argeologie

en die historiese metodeleer behoort gevolglik die beste navorsingsresultate te lewer. Dit kom neer op die herinterpretering van die verskillende dissiplines (Foucault 1972:137). Hierdeur sal nie net die volle databasis van historiese argeologie optimaal benut word nie, maar sal ook nuwe rigting aan die relatiewe jong benadering van erfenishulpbronbestuur gegee word.

Aangesien die voorafgaande 'n teoretiese uiteensetting was, sal die toepaslikheid van die bevindinge in die opeenvolgende hoofstukke aan die hand van vyf gevallestudies gedemonstreer word. Die praktiese toepassing daarvan sal as meetinstrument dien om 'n uiteindelike nuwe metode daar te stel vir die navors van histories-argeologiese kultuurerfenishulpbronterreine ten opsigte van die behoeftes van erfenishulpbronbestuur.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# HOOFSTUK 4

# DIE OMGEWING EN AGTERGRONDSGESKIEDENIS VAN NOORDELIKE GAUTENG

> "The boots of the archaeologist, feet of clay, often appear bogged down in the reality of the past. Would that foot simply pass by leaving an empty trace or would the boots be filled with the person of the archaeologist and with the meaning of the past?" (Ian Hodder, **Reading the past** 1995:xiv).

## 1. INLEIDING

In hierdie hoofstuk word die geografiese gebied waarbinne die navorsing gedoen word, as agtergrond uiteengesit. Op hierdie wyse word die gevallestudies binne die konteks van 'n groter geheel geplaas en word klem op die omgewing en historiese raamwerk waarbinne die gevallestudies begryp moet word, gelê.

Met noordelike Gauteng word die gedeelte van die provinsie, noord van die lyn wat deur die 26° Suiderbreedte gevorm word, bedoel. Die noordgrens van die area word min of meer gevorm deur die lyn wat op 25° 20' Suiderbreedte getrek kan word, terwyl die oos- en wesgrens daarvan onderskeidelik min of meer deur die 29ste en 28ste Oosterlengtegraadlyne gevorm word (Acocks 1988). Dit sluit vier landdrosdistrikte in, naamlik Pretoria, Bronkhorstspruit, Cullinan en Wonderboom (figuur 4.1).

Die belangrikste mensgemaakte element in die noordelike gedeelte van Gauteng is die administratiewe hoofstad van die Republiek van Suid-Afrika, Pretoria. Dit vorm ook die kernarea van die studiegebied. Hoewel dit een van die grootste stede in die land is, is Pretoria bekend vir sy

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

rustiger, amper landelike atmosfeer (Janse van Rensburg 1994:17). Dit vorm ook saam met Atteridgeville, die mees westelike nedersetting in hierdie gedeelte van Gauteng (Departement van streek- en grondsake 1994:13; S.A. Road Map 1995/6). Ander stedelike gebiede in noordelike Gauteng is Akasia, wat hoofsaaklik 'n industriële gebied is, en Centurion, suid van Pretoria. Laasgenoemde is ook die mees suidelike nedersetting. Drie dorpe word oos van Pretoria aangetref, naamlik Cullinan, wat bekend is vir sy diamante, Rayton en Bronkhorstspruit, wat hoofsaaklik as belangrike boerderygebiede beskou kan word. Bronkhorstspruit en Ekangala is ook die mees oostelike nedersettings, terwyl Hammanskraal, Soshanguve en Mabopane die mees noordelike nedersettings is (Janse van Rensburg 1994:17; Departement van streek- en grondsake 1994:13; S.A. Road Map 1995/6).

## 2. DIE OMGEWING

Omdat noordelike Gauteng 'n relatief klein oppervlakte beslaan en nie altyd afsonderlik van die res van Gauteng beskou kan word nie, sal daar dikwels ook na die res van die provinsie as eenheid met die noordelike gedeelte verwys word.

### 2.1 Geologie

Die geologie van die omgewing word deur 'n kwartsietrug, wat van wes na oos regdeur die gebied lê, gedomineer. Hierdie rug staan as die Magaliesberg bekend. Twee ander prominente kwartsietrûe kom in die westelike gedeelte van die gebied (Pretoria) voor. Die eerste hiervan is suid van die Magaliesberg geleë en bestaan van wes na oos uit die Daspoortrand, Silvertonrand en die Bronberg. Verder suid hiervan lê die derde kwartsietrug wat uit Skurweberg, die Langeberg, Skanskop, Klapperkop en Waterkloofrif bestaan. Dit staan ook as die Timeball hill-reeks bekend (Ward 1993:11; Carruthers 1990:7).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

In die noorde word die area deur die Bosveldstollingskompleks onderlê (Liebenberg 1999:88). Tussen die Magaliesberg en die tweede reeks, word 'n breë vallei aangetref wat deur Silverton-skalie onderlê word. Die area staan as die Moot bekend. Tussen die tweede reeks en die Timeball hill-reeks, word valleie aangetref wat deur Strubenkop-skalie, Hekpoort-lawa en Timeball hill-skalie onderlê word. In die suide van die gebied, suid van Rooihuiskraal, word die gebied deur die Halfweghuisgraniet onderlê (Ward 1993:11). Die grootste gedeelte van die gebied word deur die Transvaalse opeenvolging onderlê (Bergh 1999:1).

Plooiing en breuke het die onderbreking en herhaling van die kwartsietrûe tot gevolg (Ward 1993:11; Visser 1992a:2). Die sedimente van die Pretoriagroep hel na die noorde en noordooste, wat steil, skerp hellings aan die suidekant en lang, geleidelike hellings aan die noordekant tot gevolg het. Hierdie val is deur die afwaartse indringing van die Bosveldstollingskompleks in die noorde en die opwaartse indringing van die Halfweghuisgraniet in die suide veroorsaak (Ward 1993:11). Die breuke lei ook tot 'n verskeidenheid poorte deur die kwartsietrûe, byvoorbeeld Elandspoort, Daspoort, Hartbeespoort, Derdepoort, Baviaanspoort, ensovoorts (Horn 1996:17-19).

Ander gesteentes in die area wat jonger as die bogenoemde is, sluit die Derdepoort karbonatiet, Franspoort vulkaniese prop, Leeuwfontein en Roodeplaat kompleks, Pretoriase en Lynnwoodse siënietdyke en 'n aantal kimberlietpype in. Diabaas is ook 'n gesteente wat op die kwartsietrûe aangetref word (Ward 1993:11).

As gevolg van die opwaartse indringing van die Halfweghuisgraniet, word die dolomiet en chert van die onderliggende Transvaalse supergroep blootgelê. Omdat dolomiet waterhoudend is, word fonteine, byvoorbeeld by Groenkloof, vrygestel. Op hierdie wyse word 'n verskeidenheid van riviere gevoed om die area van water te voorsien (Ward 1993:11; Visser 1992a:2-3). Hierdie strome is ook

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

verantwoordelik vir verskeie nekke in die gebied, byvoorbeeld Hornsnek en Kommandonek (Horn 1996:19).

## 2.2 Klimaat

Die Gauteng provinsie maak deel van die hoëveldse plato van Suid-Afrika uit. Dit het 'n hoogte van gemiddeld 1200 meter bo seespieël (Van Rensburg e.a. 1994:3). Die provinsie bestaan hoofsaaklik uit vlaktes en golwende landskap met heuwels en voetheuwels as hoogste gebiede (Bergh 1999:1).

Die noordelike gedeelte van die provinsie is die warmste gedeelte en het 'n subtropiese klimaat (Van Rensburg e.a. 1994:3). Dit is sowat 2-4°C warmer as die suidelike gedeelte van die gebied (Horn 1996:19). Die winters is koud en die somers warm. Pretoria het 'n gemiddelde jaarlikse temperatuur van 17,5°C, hoewel die maksimum in die somermaande soms meer as 32°C is (Van Rensburg 1994:4).

Dit is 'n droë gebied met 'n oorvloed sonskyn. Reënval vind hoofsaaklik in die somermaande plaas (Van Rensburg e.a. 1994:4) met Januarie as die primêre reënvalmaand. Die gemiddelde jaarlikse reënval wissel tussen 500 en 750 mm (Heyns 1988:8-9; Bergh 1999:2).

## 2.3 Natuurlike omgewing

Die Magaliesberg vorm die belangrikste natuurlike element in die Pretoria-omgewing. Dit strek vanuit die weste dwarsdeur Pretoria en noordelike Gauteng (Van Rensburg e.a. 1994:17). Ander berge van belang in die omgewing is die Pyramidkoppies, Witwatersberg, Daspoortrand, Langeberg, Timeball hills en Bronberg (Krige & Van der Waal 1993:12-13; Theron 1993:20).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Verskeie riviere dreineer die gebied, waarvan die bekendste die Apiesrivier is. Ander riviere en spruite sluit die Moreletaspruit, Pienaarsrivier, Wilgerivier, Hennopsrivier, Sesmylspruit, Bronkhorstspruit, Krokodilrivier en Hondespruit in (Von Breitenbach 1993:6; Krige & Van der Waal 1993:12-13; ).

Die area is hoofsaaklik 'n hoëveldgebied wat gevolglik uit grasveld bestaan (Van Rensburg e.a. 1994:17). Dit vorm ook deel van die kortgras plantegroeisone van Suid-Afrika (Keyter e.a. 1990:7). Die gedeelte noord van die Magaliesberg kan as 'n oorgangsone tussen die hoë- en middelveld beskou word (Von Breitenbach 1993:6). As gevolg van hierdie oorgang na die bosveld, ook genoem die bankeveld (Horn 1996:19), toon Pretoria spesifiek 'n ryke verskeidenheid in plant-, diere- en voëllewe (Lambrechts 1993:10; Marais 1996).

'n Verskeidenheid van plantegroeisones word onderskei. Teen die koeler suidelike hange word onder andere klapperboom, mispel, kiepersol, stamvrug en suikerbos aangetref. Teen die warm noordelike hange groei haakdoring, vaderlandswilg, plataanboom en rooiblaarvye. In die gebied noord van die Magaliesberg word bergsering, tambotie, koraalboom, raasblaarboon, moepel en maroela gevind. Teen die walle van die riviere is witstinkhout, rivierwilger en drolpeer volop. Die vlaktegebied word deur soetdoring, wilde salie, haak-en-steek, witgatboom, karee en ghwarriebos gekenmerk. Ander bekende inheemse bome in die gebied is die noem-noem, rooibos, pendoring, olienhout en blinkblaar-wag-'n-bietjie. Die bekendste boom in die gebied is gewis die reuse wildevyeboom, die Wonderboom, wat as die grootste boom in Suid-Afrika beskou word (Von Breitenbach 1993:6; Anoniem 1992:6-7).

Soogdiere wat vandag in die area aangetref word, sluit die volgende in: krimpvarkies, verskillende spesies skeerbekmuise, 'n uiters rare kruipmolspesie, verskeie vlermuisspesies, nagapies, bobbejane,

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

strandwolwe, rooikatte, rooimeerkatte, watermuishonde, otters, groot- en kleinkolmuskejaatkatte, dassies, grysduikers, steenbokkies, 'n verskeidenheid rot- (waaronder rietrotte) en muisspesies, kol-, vlak- en springhase en klaasneuse. 'n Verskeidenheid soogdierspesies wat vroeër vrylik in die area voorgekom het, is weer in natuurreservate hervestig. Hieronder tel witrenosters, buffels, swartwildebeeste, blesbokke, kwaggas en rooibokke (Bronner 1993:8-9; Krige 1992a:19; Carruthers 1990:111-141; Marais 1996). 'n Luiperd is so onlangs soos 1996 in die gebied opgemerk, terwyl leeus vroeër jare volop was (Visser 1992b:18).

Die voëllewe van die gebied toon 'n ryke verskeidenheid. In Pretoria alleen is daar meer as 385 spesies. Hieronder tel kwêvoëls, glansspreeus, witkruisarende, korttone, Kaapse kliplysters, rooiborsvleikuikens, die skaars lysternagtegaal, draaihals, gevlekte ooruile, Europese byevangers, Europese naguile, dikbekwewers, rooireiers, tarentale, witkoluile en selfs jagarende, volstruise, bloukraanvoëls en visarende (Lambrechts 1993:10; Carruthers 1990:142-173; Marais 1996).

Uit bostaande is dit duidelik dat die gebied vanweë sy ryke verskeidenheid natuurlike hulpbronne uiters geskik is om bewaar en ontwikkel te word.

## 2.4 Kulturele omgewing

Soos reeds gesê, vorm Pretoria die kern van noordelike Gauteng. Omdat dit stedelike gebied is, is dit gedurig onderhewig aan verandering. Nuwe uitbreidings word aangelê, infrastruktuur (soos paaie) geskep en ouer geboue met nuwes vervang. Noodwendig het hierdie aktiwiteite 'n bepaalde impak op die omgewing en derhalwe ook op die kulturele omgewing. Om hierdie rede is die wetenskaplike ondersoek van die kulturele omgewing van groot belang, veral ook omdat die Stadsraad van Pretoria die stad as 'n kultuurstad wil bemark en bevorder (Krige & Van der Waal 1993:22).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die Gauteng provinsie is die kleinste van die nege provinsies van die RSA, met 'n oppervlakte van 1 881 000 km² of 1,54% van die totale landsoppervlakte. Dit het egter die tweede grootste bevolkingsyfer, naamlik 6 507 000 mense of 17,31% van die totale landsbevolking en is die grootste bydraer tot die Bruto Nasionale Produk, naamlik 37,06% (Departement van streek- en grondsake 1994:13). Die noordelike gedeelte van die provinsie het 'n effens minder hoë bevolkingsdigtheid as die suidelike gedeelte.

Pretoria huisves verskeie geboue van historiese en argitektoniese belang. Hieronder tel die Uniegebou, Voortrekkermonument, Kerkplein se wesfasade, die Stadsaal en die Kynochgebou (Naudé 1993:2; Le Roux 1993:18-19). Die stad huisves ook museums soos die Melrosehuis, Paul Kruger en Sammy Marks Huismuseum en vele meer. Verskeie teaters, waaronder die Staatsteater, kom in Pretoria voor (Van Rensburg e.a. 1994:18; Museums Map 1996:1).

As administratiewe hoofstad word Pretoria deur staatsdiensgeboue en die diplomatieke missies van verskeie lande oorheers. Pretoria staan reeds lankal as 'n opvoedingsentrum bekend. In hierdie verband is die stad die gasheer vir die grootste residensiële universiteit in die land, naamlik die Universiteit van Pretoria. Dit huisves ook die Universiteit van Suid-Afrika, wat waarskynlik die grootste korrespondensie-universiteit ter wêreld is. Verskeie ander tersiêre onderriginstansies word in Pretoria gevind (De Wet 1993:14; Holm 1993:5).

Pretoria is voorts ook die setel van 'n aantal navorsingsinstitute. Hieronder tel die WNNR, Onderstepoort se veeartsenykunde navorsingsinstituut, die RGN en die SABS (Holm 1993:5; Van Rensburg e.a. 1994:18).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# 3. AGTERGRONDSGESKIEDENIS

Die noordelike Gauteng het 'n ryk geskiedenis wat tot die vroegste tye terugstrek. Tabel 4.1 gee 'n opsomming hiervan. Omdat dit nie altyd moontlik is om hierdie gegewens los van die res van Gauteng te beskou nie, sal daar soms ook na Gauteng as 'n geheel verwys word.

## 3.1 Voorgeskiedenis (prehistoriese tydperk)

### 3.1.1 Steentydperk

Van die bekendste fossielterreine in die wêreld kom in Gauteng voor. Die fossiele van prehistoriese mensetipes is naby Krugersdorp, by Kromdraai, Sterkfontein, Swartkrans, Gladysvale en Drimolen gevind (Horn 1996:20; Korsman & Meyer 1999:93; Clark 1977:3). Hoewel dit nie in die ondersoekgebied val nie, is dit slegs sowat 50 km daarvan geleë.

Die oudste mensetipe wat hier gevind is, is Australopithecus Africanus, wat selfs ouer as 3 miljoen jaar kan wees. Ander mensetipes sluit Australopithecus Robustus en Homo Habilis in. Hierdie mensetipes word verbind met die vroegste klipwerktuie wat gemaak is (Korsman & Meyer 1999:93; Phillipson 1985:14-16, 29-30).

As daar direk na die ondersoekgebied, naamlik noordelike Gauteng beweeg word, kan die mens se bewoning en benutting van die gebied sover as die Vroeë Steentydperk teruggevoer word. Hoewel menslike skeletmateriaal uit hierdie tydperk nie in die area gevind is nie, is klipwerktuie wat meer as 1 miljoen jaar oud kan wees hier gevind (Volman 1984:181).

Twee Vroeë Steentydperkterreine is bekend in die ondersoekgebied. Die eerste is 'n Vroeë

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

**TABEL 4.1 TYDLYN: NOORDELIKE GEDEELTE VAN GAUTENG**

| **Tydperk** | **Terrein/Gebeurtenis** | |
|---|---|---|
| | Prehistoriese argeologie | Historiese argeologie |
| **Prehistoriese tydperk:**<br>Steentydperk:<br>Vroeë Steentydperk<br>>1 miljoen jaar gelede | WPLM<br>Wonderboom | |
| Middel Steentydperk<br>± 200 000 - 300 000 jaar gelede | Bronberg<br>Erasmusrand | |
| Laat Steentydperk<br>± 40 000 jaar gelede<br>- ca.1850 | Erasmusrand<br>Wonderboompoort<br>Hornsnek | |
| Ystertydperk:<br>Vroeë Ystertydperk<br>± 200 - 900 n.C. | Derdepoort<br>Fonteinedal | |
| Laat Ystertydperk<br>Vroeë fase<br>1 000 - 1 500 n.C. | Wonderboompoort<br>Tswaing | |
| Latere fase<br>1500 n.C. - ca.1850 | Magaliesberg<br>Groenkloof<br>Bronberg<br>Tswaing<br>Wallmannsthal<br>Pyramidkoppies | Hoofman Msi<br>Transvaalse Ndebele |
| **Historiese tydperk:**<br>1827 | | Mzilikazi verjaag Tswanagroepe in die Apiesriviervallei |
| Augustus 1829 | | Robert Schoon & William McLuckie |
| 1829 | | Robert Moffat |
| Oktober 1829 | | James Archbell<br>David Hume |
| Junie 1831 | | Korana val Mzilikazi aan |

| | | |
|---|---|---|
| Maart 1832 | | J Pellissier |
| Junie/Julie 1832 | | Zoeloes val Mzilikazi aan |
| 1832 | | Mzilikazi verlaat die gebied |
| 1837 | | WC Harris |
| Junie 1839 | | Eerste Blanke vestiging in Gauteng |
| 1841 | | Inspeksie van plase |
| 1848 | | Fourietrek |
| 1853 | | MW Pretorius koop plase Elandspoort en Daspoort |
| 1854 | | Pretoria 'n kerksetel |
| 16 November 1855 | | Pretoria gestig |
| 1858 | | Pretoria regeringsetel |
| 1 Mei 1860 | | Pretoria word hoofstad van die ZAR |
| 1862-1864 | | Burgeroorlog |
| 1864 | | Pretoria munisipaliteit gestig (onsuksesvol) |
| 1872-1877 | | Staatspresident TF Burgers |
| 12 April 1877 | | Brittanje annekseer ZAR |
| Desember 1880-Maart 1881 | | Anglo-Transvaalse Oorlog |
| 1883 | | Staatspresident Paul Kruger |
| 1894 | | Pretoria kry elektrisiteitstelsel en raadsaal Spoorweg na Delagoabaai geopen |
| 1895/6 | | Jameson-inval |
| 1897 | | Pretoria kry munisipale status |
| 11 Oktober 1899 | | Anglo-Boereoorlog breek uit |
| 5 Junie 1900 | | Britse magte neem Pretoria in |
| 31 Mei 1902 | | Vrede van Vereeniging |
| 1902 | | Cullinan gestig |

| | | |
|---|---|---|
| 1903-1904 | | Rayton aangelê |
| 1904 | | Erasmusdorp (Bronkhorstspruit) gestig Lyttleton uitgemeet |
| 1906 | | Orchards tot dorpsgebied verklaar |
| 1908 | | Lyttleton tot dorpsgebied verklaar |
| 31 Mei 1910 | | Unie van Suid-Afrika: Pretoria administratiewe hoofstad |
| 1921 | | Erasmusdorp kry dorpsraad |
| 1929 | | Erasmusdorp se naam word na Bronkhorstspruit verander |
| 1932 | | Premier diamantmyn (Cullinan) gesluit |
| 1935 | | Bronkhorstspruit kry munisipale status |
| 1945 | | Diamantmyn te Cullinan heropen |
| 1947 | | Rayton kry 'n gesondheidskomitee |
| 1960 | | Lyttleton word 'n Stadsraad |
| 1 Julie 1964 | | Lyttleton en Irene amalgameer |
| 1965 | | Eerste dorpsgebied (Rosslyn) word in Akasia geproklameer |
| 1967 | | Lyttleton en Irene se naam verander na Verwoerdburg |
| 1974 | | Orchards tot dorpsgebied geherproklameer Soshanguve gestig |
| 1984 | | Laaste dorpsgebied (Eldorette) in Akasia geproklameer |
| 1985 | | Stadsraad van Akasia kom tot stand |
| 1993 | | Soshanguve kry munisipale status |
| 1994 | | Akasia en Soshanguve word Tswaing (NPMS) |
| 27 Junie 1995 | | Verwoerdburg se naam verander na Centurion |

Acheulterrein by die Willem Prinsloo Landboumuseum naby Rayton (Van Vollenhoven & Carelsen 1994:5 en 23) en die tweede 'n Laat Acheulterrein by Wonderboompoort (figuur 4.2) (Korsman & Meyer 1999:93; Mason 1962:63 en 169-184). Soortgelyke werktuie is wes van Pretoria by die Magaliesrivier en op die suidelike hange van die Magaliesberg gevind (Mason e.a. 1981:310). Vroeë Steentydperkwerktuie is ook noord van die Magaliesberg, in die gebied wat onder Akasia ressorteer, opgetel (Van Schalkwyk e.a. 1994a:8).

Die tweede fase van die Steentydperk, naamlik die Middel Steentydperk, is ook in die gebied verteenwoordig. Hierdie fase strek sover terug as 200 000 jaar gelede (Korsman & Meyer 1999:93). Drie terreine uit hierdie tydperk is binne die ondersoekgebied bekend. Twee hiervan kom in die Bronberg voor (persoonlike mededeling: AJ Pelser). Daar is 'n grot in Erasmusrand, waar Middel Steentydperkwerktuie opgegrawe is (persoonlike mededeling: HP Prinsloo). Middel Steentydperkwerktuie is egter op verskeie ander plekke in die ondersoekgebied opgetel. Hieronder tel die Groenkloof Natuurreservaat (Van Schalkwyk & Moifatswane 1993:7-8), die Akasia-gebied, noord van die Magaliesberg (Van Schalkwyk e.a. 1994a:8), die Willem Prinsloo Landboumuseum (Van Vollenhoven & Carelsen 1994:5), wes van Wonderboomnek (persoonlike mededeling: AJ Pelser) en die Pionier Museum (Van Vollenhoven 1998b:58), terwyl dit ook bekend is dat Middel Steentydperkwerktuie soms in tuine en sypaadjies opgetel word (vergelyk byvoorbeeld Van Vollenhoven 1991:2).

Verskeie Middel Steentydperkterreine is wes van Pretoria, in die Magaliesberg gevind. Hieronder tel Krugergrot en Silkaatsnek (Carruthers 1990:217), sowel as 'n groep rotsskuilings bekend as die Magaliesberg navorsingsgebied (Wadley 1986:55). By die Tswaing meteoorkrater, sowat 50 km noord van Pretoria, is ook Middel Steentydperkwerktuie gevind (Van Vollenhoven e.a. 1993:7). Hoewel die krater in die Noordwes provinsie lê, is dit deel van die Noordelike Pretoriase Metropolitaanse Substruktuur (Akasia-Soshanguve), wat deel van Gauteng uitmaak.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Uit die Laat Steentydperk, dit wil sê vanaf sowat 40 000 jaar gelede, is daar drie terreine bekend. Eerstens is daar die reeds genoemde grot in Erasmusrand, waar ook Laat Steentydperkwerktuie opgegrawe is (persoonlike mededeling: HP Prinsloo). Tweedens is daar 'n Laat Steentydperkterrein wes van Wonderboompoort (Küsel 1993:13). Die derde terrein kom bo-op die Magaliesberg, oos van Hornsnek, voor (Van Schalkwyk e.a. 1994a:7-8).

Net soos met die vorige fase van die Steentydperk is verskeie werktuie uit die latere fase in die gebied opgetel. Hieronder tel die Groenkloof Natuurreservaat (figuur 4.3) (Van Schalkwyk & Moifatswane 1993:7-8), Donkerhoek (Van Vollenhoven & Carelsen 1994:4), die Akasia-gebied (Van Schalkwyk e.a. 1994a:8) Pienaarspoort (persoonlike mededeling: AJ Pelser), Tswaing meteoorkrater (Van Vollenhoven e.a. 1993:56) en die Pionier Museum (Van Vollenhoven 1998b:58-59). Klipwerktuie uit hierdie tydperk word ook dikwels op sypaadjies en in tuine opgetel (persoonlike mededeling: AJ Pelser). Wes van Pretoria is daar 'n aantal grotte, soos Uitkomstgrot en Skurweberg waar ook Laat Steentydperkwerktuie gevind is (Mason e.a. 1981:310; Horn 1996:20). Die Magaliesberg navorsingsgebied, wes van Pretoria, bestaan uit verskeie rotsskuilings soos Jubileeskuiling, waar Laat Steentydperkwerktuie opgegrawe is (Wadley 1986:55). By Fort Troje naby Cullinan is Laat Steentydperkwerktuie in assosiasie met potwerk gevind (Korsman & Meyer 1999:95).

Die Laat Steentydperk word ook met rotskuns geassosieer. Die Magaliesberg is ryk aan rotskuns (Korsman & Meyer 1999:95). 'n Hele aantal rotskunsterreine is oos en wes van Pretoria gevind (Van Schalkwyk 1993:16). Dit is veral rotsgravures, eerder as rotstekeninge wat in die Magaliesberg aangetref word (Mason 1962:341).

Steentydperkterreine, waarvan die spesifieke fase nie deur die skrywers aangedui word nie, is 'n

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

terrein op die plaas Donkerhoek, tussen Pretoria en Bronkhortsspruit (Pistorius 1990:2) en verskeie vindplekke op die plaas Zwartkoppies, oos van Pretoria (Naudé & Kruger g.d.). Dit is derhalwe duidelik dat die ondersoekgebied reeds sedert die vroegste tye deur die mens benut is.

### 3.1.2 Ystertydperk

In die gedeelte van Afrika suid van die Limpoporivier begin die Ystertydperk kort na die begin van die Christelike jaartelling, omstreeks 200-300 n.C. (Van der Ryst & Meyer 1999:97; Phillipson 1985:177). Slegs een Vroeë Ystertydperkterrein uit die ondersoekgebied is bekend, naamlik 'n terrein by Derdepoort, noord van Pretoria (Nienaber e.a. 1997:15-22). Potwerk uit hierdie periode is ook in die Fonteinedal opgespoor (Van Schalkwyk & Moifatswane 1993:8-9). 'n Vroeë Ystertydperkterrein kom net wes van die ondersoekgebied by Broederstroom voor (Horn 1996:21). Drie ander Vroeë Ystertydperkterreine is naby die Broederstroomterrein opgespoor (Mason e.a. 1981:310).

Vroeër het navorsers ook 'n Middel Ystertydperk aangedui. Vandag word daar slegs 'n Vroeë en Laat Ystertydperk onderskei met 'n datumverdeling van ongeveer 1000-1200 n.C. (Van der Ryst & Meyer 1999:98). Die vroegste Ystertydperkterrein tydens hierdie fase in noordelike Gauteng, is 'n terrein wes van Wonderboompoort (Küsel 1993:13). Geen datering is nog tot dusver op die terrein gedoen nie. Tussen Pretoria en Olifantspoort, wes van Pretoria, is 'n aantal Ystertydperkterreine van die Molokotradisie wat op sowat 1100-1500 n.C. gedateer is, gevind (Van der Ryst & Meyer 1999:99; Mason e.a. 1981:310-311). Hieronder tel 'n terrein by Ifafi (Horn 1996:21). Moloko potwerk (1200 n.C.) is ook by Tswaing gevind (Van Vollenhoven e.a. 1993:14).

Die Laat Ystertydperk is goed verteenwoordig in noordelike Gauteng. Bergh (1999:7) dui aan dat 125 terreine in en om Pretoria bekend is, maar as die inligting uit ander oorde bygesit word, is dit

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

heelwat meer. Laat Ystertydperkbewoners het die area op groot skaal sedert 1600 n.C. binnegekom (Delius 1983:12; Horn 1996:23).

Verskeie Laat Ystertydperkterreine kom op die Magaliesberg voor. Drie hiervan kom in die Akasia munisipale gebied voor (Van Schalkwyk e.a. 1994a:9-10). Vier terreine is tussen Wonderboompoort en Derdepoort opgespoor (figuur 4.4) (Naudé & Van Vollenhoven 1992:35-37; Mason 1962:397), terwyl daar ook 'n terrein by Derdepoort geleë is (Naudé & Van Vollenhoven 1992:35). Hierdie terreine dateer uit die tydperk na 1750 (Van Schalkwyk e.a. 1994a:9-10). Mason (e.a. 1981:311) het ook verskeie Laat Ystertydperkterreine in die Magaliesbergvallei gedokumenteer.

Noord van die Magaliesberg is die volgende Laat Ystertydperkterreine bekend: 'n terrein in Rosslyn wat moontlik verwant is aan die kompleks terreine by Onderstepoort en Medunsa (Van Schalkwyk e.a. 1994a:9), verskeie terreine op die plaas Onderstepoort (Van Schalkwyk 1993:16), 'n groot klipboukompleks op die plaas Klipfontein (Van Vollenhoven 1992b:1-10), 'n terrein by Tswaing (figuur 4.5) (Van Schalkwyk g.d.:3), terreine by Pyramidkoppies (Van Schalkwyk 1993:16), 'n terrein naby Medunsa in Garankuwa (persoonlike mededeling: AJ Pelser), 'n terrein in Pretoria-Noord en 'n Ndebeleterrein (Komjekejeke) by Wallmannsthal (Van Vollenhoven 1994b:3). Naby die terrein te Garankuwa is ook rotstekeninge gevind. Dit word "Late White" tekeninge genoem en word met die Tswana verbind (persoonlike mededeling: FE Teichert).

Suid van die Magaliesberg word die volgende Laat Ystertydperkterreine gevind: 'n terrein en rotsgravures op die plaas Mooiplaas (Tobias 1967:25-26; Geldmacher 1967:24), drie terreine op die plaas Hatherley, wat tussen ca 1550 en 1900 dateer (Pistorius 1990:2), verskeie terreine op die plaas Zwartkoppies (Naudé & Kruger g.d.), twee woonterreine en verskeie inisiasieterreine te Bronberg, Zwavelpoort en Tierpoort (persoonlike mededeling: AJ Pelser) en 'n terrein in Erasmusrand

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

(persoonlike mededeling: HP Prinsloo). Laat Ystertydperkpotwerk is ook in die Groenkloof Natuurreservaat opgemerk (Van Schalkwyk & Moifatswane 1993:8-9). Klipmure is ook op die plaas Hatherley gevind (Van Schalkwyk & Pelser 1997:9-10).

Uit die bostaande is dit duidelik dat die mens die gebied in 'n groot mate gedurende die Ystertydperk benut het.

## 3.2 Historiese tydperk

Die historiese tydperk is die fase van die mens se geskiedenis waar daar historiese bronne bestaan, waaruit afleidings oor die menslike gemeenskappe uit daardie tyd gemaak kan word (sien hoofstuk 3, punt 4). In Suid-Afrika kan hierdie tydperk in twee fases verdeel word. Eerstens is daar die fase met bronne, geskryf deur persone wat vir 'n relatief kort tydperk kontak met die een of ander ongeletterde gemeenskap gehad het en van buite af daaroor skryf. Hierdie fase sal eerste bespreek word. Hierna word die fase bespreek wat met die permanente vestiging van mense wat oor die vermoë van skrif beskik het, omstreeks 1840 verband hou. Hierdie aspek word in hoofstuk 5 volledig bespreek en daar sal gevolglik met 'n enkele verwysing volstaan word.

Die noordelike Gauteng is reeds in Augustus 1829 deur twee blanke handelsreisigers, Robert Schoon en William McLuckie besoek en hulle kan as die eerste blankes beskou word wat hulle hier bevind het. Teen 1829 bereik die sendeling dr Robert Moffat die gebied wat later as Pretoria bekend sou staan. Die sendeling James Archbell het hom in Oktober 1829 hier bevind (Rasmussen 1978:69). Volgens Changuion (1999:119) is Archbell deur die handelsreisiger, David Hume, vergesel. Sy inligting is afkomstig van sekondêre bronne, sodat dit nis moontlik is om die korrektheid daarvan na te gaan nie.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Deeglike navorsing ten opsigte van die tradisie en genealogie van ander groepe, het getoon dat die Transvaalse Ndebele, spesifiek die suidelike groepering, die eerste Bantoetaalsprekende groep in die omgewing van die teenswoordige Pretoria was. Die oorspronklike Ndebelestam was reeds vir 'n aantal eeue in die omgewing woonagtig en het voor die aanvang van die 19de eeu met 'n tweede stam verenig. Die oudste Ndebelegeskiedenis gaan terug tot hoofman Msi (Musi) en die genealogie van die Manala (Mahbena) stam, die Ndzundza (Mapoch) stam, die Mathombeni (Kekana) stam en die Hwandastam (Horn 1996:23).

Hoofman Msi het sowat 300-400 jaar gelede in die omgewing gewoon (Horn 1996:23; Visser 1992c:9). Sy twee seuns het die stam in drie groepe, naamlik die Hwaduba, Manala en Ndzundza verdeel (Horn 1996:23). Die Manala het net noord van Pretoria gewoon (Bergh 1999b:108). Die Ndzundza is baie bekend uit die vroeë geskiedenis van die voormalige Transvaal, onder andere vanweë hulle oorlog in 1883 met die Boere (die sogenaamde Mapochoorlog). Laat Ystertydperkterreine noord en wes van Pretoria, met reghoekige huise en mure, kan volgens Junod (1955:65), waarskynlik met laasgenoemde groep verbind word. Hulle het vroeër in die Pretoria-omgewing gewoon (Bergh 1999b:108). Die Hwaduba word ook deur Bergh (1999b:108) onderskei. Hulle het in die omgewing van die samevloeiïng van die Pienaars- en Apiesrivier gewoon en het die taal en kultuur van die Kgatla, 'n Tswanagroep, oorgeneem.

By Wallmannsthal is 'n Berlynse sendingstasie opgerig, waar daar onder andere onder die Ndebele sendingwerk gedoen is (Van Vollenhoven 1994b:3). Die rekords van hierdie sendelinge kan as tipiese dokumente uit die kontakfase tussen blank en swart beskou word.

Die grootste Bantoetaalsprekende groep in die gebied is die Noord-Sotho's, aangevul deur Suid-Sotho's en Tswanas. Ronde hutte met koniese dakke is deel van hulle boukunstradisie en in die

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

westelike gebiede is groot statte kenmerkend. Twee Tswanagroepe, die Kwena en Kgatla, het aan die begin van die negentiende eeu noord van Pretoria in die omgewing van die Krokodil-, Pienaars- en Apiesrivier en verder noord en wes gewoon (Bergh 1999b:106). Die ortografieë van die Sotho is deur verskillende sendinggenootskappe geskryf. Klaarblyklik was die Britse sendelinge verantwoordelik vir die Tswana, Duitse sendelinge vir die Noord- en Oos-Sotho en Paryse sendelinge vir die Suid-Sotho (Junod 1955:66-67).

Sommige bronne beweer dat Sothogroepe die Apiesriviervallei voor die koms van die Voortrekkers bewoon het. Omdat daar ook na die Tswana as die Wes-Sotho verwys word, kan daar aanvaar word dat daar van dieselfde groepe gepraat word. Hulle is egter deur Mzilikazi verjaag toe hy in 1825 deur die area getrek het. Hy het vee gebuit, hutte afgebrand, baie mans gedood en die vrouens vir sy impi geneem (Junod 1955:66-68; Punt 1993:2; Peacock 1955:1-3). Nie een van hierdie bronne gee spesifieke bronverwysings nie. Hierdie datum word deur meestes historici verwerp omdat dit op onbetroubare bronne gegrond is (vergelyk Rasmussen 1978:28). Volgens Rasmussen (1978:30, 56-61), Horn (1996:24), Delius (1983:20-21) en Bergh (1999a:111) het Mzilikasi eers in 1827 die gebied binnegekom. Rasmussen se inligting is op primêre bronne, naamlik tydgenootlike dagboeke en briewe gebaseer en word vanweë sy kritiese gebruik daarvan as geloofwaardig beskou. Derhalwe word laasgenoemde datum (1827) aanvaar.

Volgens Rasmussen (1978:61) het Mzilikazi alle gemeenskappe in die gebied aan hom onderwerp. Sommige bronne beweer dat Mzilikazi sy kraal op Meintjieskop gebou het (figuur 4.6) en dat hy nog twee krale by Les Marais en Swartspruit (Pretoria-Wes) opgerig het. Later het hy ook 'n kraal by Silkaatsnek, wes van Pretoria gebou (Peacock 1955:2; Punt 1993:2). Peacock erken dat hy die posisie van krale geskat het op grond van 'n kaart in die dagboek van R Moffat. Punt maak nie van bronverwysings gebruik nie. Gevolglik moet hierdie inligting bevraagteken word. Ander bronne meld weer dat hy ook 'n kraal by die Wonderboom gehad het (figuur 4.7-4.8) (Carruthers 1990:245).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Volgens Potgieter (1959:19) het Mzilikazi naby die noordelike bronne van die Vaalrivier, dit wil sê nie ver van die huidige Pretoria-Noord nie, gewoon. Hy meld voorts dat dr Andrew Smith verskeie verlate statte gevind het toe hy tussen 1834 en 1836 deur die gebied gereis het (Potgieter 1959:17). Potgieter maak ook van Smith se dagboek gebruik, maar doen dit op onkritiese wyse. Omdat die inligting vaag is en nie spesifieke statte meld nie, kan dit egter aanvaar word. Rasmussen (1978:94-96), wat op grond van sy kritiese gebruik van primêre bronne as die mees gesaghebbende bron oor Mzilikazi en die Ndebele beskou kan word, maak ook geensins melding van enige spesifieke stat in hierdie gebied nie. Daar moet dus daarmee volstaan word dat Mzilikazi verskeie statte teen die noordelike hang van die Magaliesberg tussen die Oori- en Elandsrivier opgerig het. Omdat die Ndebele grashutte opgerig het (hulle is 'n Ngunigroep), is die moontlikheid skraal om reste hiervan te vind.

In Junie 1831 het 'n Koranagroep, onder aanvoering van Barend Barendse, vanuit Griekwaland die Mootgebied binnegeval en 10 000 beeste van Mzilikazi geroof. Hulle is deur 'n impi agtervolg en naby Renosterkop, wes van Pretoria, aangeval (Rasmussen 1978:78-81).

Slegs 'n klein hoeveelheid (bronne verskil oor die presiese getal) van Barendse se 1 000 man kon ontvlug. Die ontdekkingsreisiger William Cornwallis Harris, het die terrein in 1837 besoek en dit as 'n Golgota beskryf, besaai met stukke gewere, waens en die gebleikte beendere van mense en perde (Harris 1963:193). Harris het die gebied self besoek en was gevolglik daartoe in staat om dit waar te neem en te beskryf.

In Maart 1832 bring die Franse sendeling Jean-Pierre Pellissier 'n besoek aan Mzilikazi (Rasmussen 1978:85). Later daardie jaar, waarskynlik laat Junie of vroeg Julie, word hy deur Dingane se Zoeloe-impi aangeval (Rasmussen 1978:87-89). Gevolglik het Mzilikazi die gebied in 1832 verlaat

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

(Bergh 1999a:112).

Hierdie gebeure het 'n gebied agtergelaat wat deur die sendeling Robert Moffat, as verlate beskryf is. Geleidelik het die Sothogroepe weer die gebied binnegekom, omdat daar volop water was. Kort hierna het die eerste meer permanente blanke setlaars die gebied betree (Junod 1955:68; Coetzee 1992b:11). Dit lui die tweede fase van die historiese tydperk in.

Omdat hierdie inligting in hoofstuk 5 bespreek word, sal hier met 'n enkele voorbeeld volstaan word. 'n Goeie voorbeeld van 'n bron uit hierdie fase is die eerste inspeksierapport van plase in die Pretoria omgewing, waarna in hoofstuk 5 verwys word. Die rapport is gedateer 1858, maar verwys na 1841 toe die bakens van plase geïnspekteer is. Dit is deur Wm Robinson, landdros van die Rustenburg landdroskantoor, onderteken.

Die name van die plaaseienaars en plase, wat op hierdie rapport aangeteken is, word in tabel 4.2 aangedui (vergelyk Punt 1958:59):

**TABEL 4.2 NAAM VAN PLAASEIENAARS EN PLASE, SOOS OP DIE 1841 RAPPORT AANGEDUI**

| **Dokumentno in NAB** | **Naam van Eienaar** | **Plaasnaam** | **Datum geïnspekteer** | **Ligging** |
|---|---|---|---|---|
| RAK 2750:1; RAK 2711 | W Botha | Rhenosterpoort | 3 Augustus 1841 | aan Hennopsrivier |
| RAK 2750:1; RAK 2711 | JJ Kloppers | de Poort | 5 Augustus 1841 | van Magaliesberg |
| RAK 275:1; RAK 2711 | DJJ Oosthuyzen | Wilgesspruit | 8 Augustus 1841 | aan Witwatersrand |

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| RAK 2750:1; RAK 2711 | D Botha Jan D Cronje | de Weyde Hoek | 8 Augustus 1841 | aan Witwatersrand |
| RAK 2750:1; RAK 2711; RAK 2434, no 459 | DJ Erasmus de Oude | Swartkop | 8 Augustus 1841 | aan Sterkspruit |
| RAK 2750:1; RAK 2434, no 460 | Daniel Elardus Erasmus | Doornkloof | 9 Augustus 1841 | aan Sterkspruit |
| RAK 2750:2; RAK 2711; RAK 2434, no 461 | Susanna Magretha Jacobs Weduwee Erasmus | Rietvalley | 9 Augustus 1841 | aan Sterkstroom |
| Rak 2750:2; RAK 2434, no 580 | Susara Jo Bronkors Weduwee Holstuyse | Garsvontyn | 9 Augustus 1841 | aan Bronsberg |
| RAK 2750:2; RAK 2711; RAK 2991:631; RAK 3005:457 | Lucas C Bronkors | Groenekloof | 9 Augustus 1841 | aan distrik van Magaliesberg |
| RAK 2750:2; RAK 2711 | Erasmus de Oude | Wonderboom | 10 Augustus 1841 | aan die tweede poort van die Magaliesberg |
| RAK 2750:2; RAK 2711 | Susara Magritha Jacobs Weduwee Erasmus | de onderste Poort | 10 Augustus 1841 | aan sy van Magaliesberg |
| RAK 2750:2 | FA Strydom | Oliphants Vontyn | 10 Augustus 1841 | bovenend van Vaalspruit |
| RAK 2990:269; RAK 3001:443 | G Bronkors | Eylands Poort | 10 Augustus 1841 | bovenpunt van Sandrivier |

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| RAK 2750:3 | Helena Hennop Weduwee | Hennops Rivier | 7 Augustus 1841 | Witwatersberg |
| RAK 2750:3; RAK 2711 | FA Strydom | Swart Kop | 7 Augustus 1841 | Kant van Witwatersberg |
| RAK 2750:3; RAK 2711 | H Wolmarans Jan Jacobs M zoon | Spets Kop | | Witwaterspoort |
| RAK 2750:4; RAK 2711 | F Wolmarans F zoon C Vroneman | doornhoek | 5 Augustus 1841 | Tussen Magaliesberg en Witwatersberg |
| RAK 2750:4; RAK 2711 | G Wolmarans Hans E Erasmus | Elandsfontein | 6 Augustus 1841 | aan sy van Magaliesberg |
| RAK 2750:4; RAK 2711 | DJJ Oostuyse | Rietfonteijn | 6 Augustus 1841 | aan sy van Magaliesberg |
| RAK 2750:5; RAK 2711 | Jan Prengel | Flaakplaats | 10 Augustus 1841 | aan Sterkspruit |
| RAK 2750:5; RAK 2711 | Gerhardus Dirk C Kotsee | Cameelvontyn | 11 Augustus 1841 | aan ander sy van Magaliesberg |
| RAK 2750:5; RAK 2711 | PL Venter Ja zoon | Elandsvontyn | 11 Augustus 1841 | in die Swart koppies agter Magaliesberg |
| RAK 2750:5; RAK 2711 | Stephanus Kruger de Oude | Kaffersnek | 12 Augustus 1841 | agter aan Magaliesberg |
| RAK 2750:5; RAK 2711 | DG Kruger C zoon | Krokodils drift | 12 Augustus 1841 | agter Magaliesberg |
| RAK 2750:5; RAK 2711 | F du Plessies | Dassies Poort | 15 Augustus 1841 | in Witwatersberg |
| RAK 2750:5; RAK 2711 | Jacobus Schepers de Oude | Dwarsvalley | 20 Augustus 1841 | suid sy van Witwatersberg |

Sommige van hierdie plase is reeds voor 1840 aangelê (Bergh 1999a:129; Horn 1996:24). Hierdie inligting stem ooreen met 'n argivale dokument, naamlik NAB, RAK 2750, waarvan die egtheid nie onder verdenking is nie, en word dus as korrek aanvaar. Omdat dit inligting uit die aktekantoor is en juis die aanvra, aankoop en oordrag van plase moes aandui, kan aanvaar word dat dit korrek is.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Hierdie aspek sal in hoofstuk 5 meer breedvoerig bespreek word.

### 3.3.1 Pretoria

Die eerste groot vestiging van mense in die historiese tydperk vind omstreeks 1841 in die omgewing van Pretoria plaas (vergelyk tabel 4.2). Sommige bronne beweer dat dit met die koms van die Fourietrek in 1848 was (Rex 1960:14; Preller 1938:16). Hoewel Potgieter (1959:53) ook aandui dat blankes sedert 1848 hier gewoon het, sal dit in hoofstuk 5 duidelik blyk dat dit reeds vroeër was. Potgieter gee egter nie 'n bronverwysing hiervoor nie en daar moet aanvaar word dat hy bloot na die Fourietiek verwys.

Hierdie vestiging het die moontlikheid daargestel om 'n nuwe dorp te stig. Die aanstelling van AP van der Walt as veldkornet in hierdie omgewing op 19 Maat 1852 kan as 'n belangrike stap vir die uiteindelike stigting van 'n dorp beskou word (Rex 1960:30).

In 1853 dien daar 'n mosie voor die Volksraad van die Zuid-Afrikaansche Republiek (ZAR) om 'n sittingsplek vir die Volksraad in die middel van die land daar te stel (Pelzer 1950:143; Breytenbach 1950: 456). In hierdie stadium was Marthinus Wessel Pretorius, seun van kommandant-generaal Andries Pretorius, die leidende figuur in die Pretoria-omgewing (Peacock 1955:48). In 'n verslag aan die Volksraad stel hy twee plase, geleë aan die Apiesrivier, vir die stig van 'n dorp voor. Volgens sy verslag was die plase van aansienlike omvang met baie gelyke grond vir bouterreine en volop goeie drinkwater. Die voorstel is deur die Volksraad afgekeur. Hierop het Pretorius self die twee plase Elandspoort en Daspoort aangekoop (Pelzer 1950:143; Du Preez 1978:7). Volgens Rex (1960:38) was Pretorius tot so 'n mate daarvan oortuig dat die plase geskik was dat hy dit aangekoop het. Die Volksraad het eers hierna, in September 1853, die voorstel afgekeur (Rex 1960:40; Van Jaarsveld 1982b:8-9).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die gevolg van die groter inwonertal in die omgewing het daartoe gelei dat 'n kerksetel in 1854 gevestig kon word en daar is begin om 'n kerk op te rig op die plek wat vandag as Kerkplein bekend staan. Die gemeente het die naam Pretoria Philadelphia (Pretorius broederskap) gedra. Daar is soms na die plek as 'n dorp verwys en die name Pretoriusdorp, Pretoriusstad en Pretorium is daarvoor gebruik (Rex 1960:47-48). Breytenbach (1951:13) publiseer 'n weergawe van die oorspronklike Volksraadsbesluit in hierdie verband, wat op 7 Junie 1854 te Rustenburg geneem is. Daar was wel aanvanklike besware geopper teen die stig van 'n dorp in hierdie gebied (Breytenbach 1950:448-449), maar die burgers van Suikerbosrand het voortgegaan om te versoek dat 'n dorp op die plaas Elandspoort gestig moet word (Breytenbach 1950:485-486).

Op 16 November 1855 keur die Volksraad die stigting van 'n dorp goed en die naam Pretoria word daarvoor aanvaar (NAB, ZAR 25/1:30; Jeppe & Kotzé 1887:30; Breytenbach 1951:116; Pelzer 1950:145). Die naam Pretoria, is die vroulike vorm van die van Pretorius in Latyn (Rex 1960:101; Preller 1938:56). Rex gee 'n volledige uiteensetting van die ontstaan en betekenis van die naam Pretoria. Die dorp is vernoem na Andries Pretorius, kommandant-generaal van die ZAR en aanvoerder van die Voortrekkers by die Slag van Bloedrivier (Engelbrecht 1955:6; Rex 1960:78-79).

Die Volksraad besluit in 1858 dat Pretoria die regeringsetel sou word, met ander woorde dat die Volksraad daar gesetel sou wees. Potchefstroom sou steeds die hoofstad van die ZAR wees ( Jeppe& Kotzé 1887:36; Breytenbach 1951:498. Op 1 Mei 1860 word Pretoria die hoofstad van die ZAR (Jeppe & Kotzé 1887:137; Van Jaarsveld 1982b:10).

Die dorp moes gefinansier word deur erwe te verkoop. Om hierdie rede het Andries Francois du Toit die dorp uitgemeet. Hy is ook tot landdros vir Pretoria verkies (Pieterse 1942:21-24). Van die bekende inwoners van Pretoria gedurende die beginjare (vyftiger- en sestigerjare) was Hendrik en

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Jacobus (Kootjie) Vermeulen, Andries van der Walt (veldkornet), Joachim (JJP) Prinsloo (Volksraadslid), Philip Bronkhorst, Stephanus Meintjies (eerste registrateur van aktes), kaptein Johan HM Struben (staatsekretaris), Stephanus Schoeman (kommandant-generaal), William Skinner (landdros), Jan Visagie (staatsekretaris), AF Schubart (privaatsekretaris van president MW Pretorius), advokaat BCE Proes (staatsekretaris) en Hendrik Stiemens (onderwyser) (Ploeger 1955:196; Engelbrecht 1955:10).

Pretoria het geleidelik gegroei in hierdie tydperk en 'n posdiens, skool, regeringsgeboue en handelaarssake is opgerig (Peacock 1955:60-73). In 1862 breek die burgeroorlog in die ZAR uit. In hierdie stryd wat tot 1864 geduur het, het Paul Kruger, die latere staatspresident, 'n belangrike rol gespeel. Hy het Pretoria by verskeie geleenthede besoek om die leier van die opposisie, kommandant-generaal Stephanus Schoeman, teë te gaan. Schoeman was ontevrede oor die aanstelling van eers JH Grobler en later WC Janse van Rensburg, as waarnemende president, na die bedanking van MW Pretorius. Die geskil is opgelos toe Pretorius as president van die Vrystaat bedank het en as president van die ZAR herkies is (Peacock 1955:74-81).

In 1864 word 'n munisipaliteit in Pretoria gestig, hoewel die bestuur van die dorp in dieselfde jaar weer deur die regering oorgeneem is (Gey van Pittius 1955:45). Vanweë die toename in aktiwiteite in die sewentigerjare het Kerkplein te klein geword, sodat dit in 1879 as markplein vervang is met 'n plein verder oos op die hoek van Kerk- en Van der Waltstraat (Pieterse 1942:23; Peacock 1955:91; vergelyk ook hoofstuk 6).

Van 1872 tot 1877 was Thomas Francois Burgers die staatspresident. Deur sy toedoen is 'n koerant, De Volksstem, en 'n muntstelsel begin, hoewel laasgenoemde nie suksesvol was nie (Peacock 1955:97). In hierdie tyd is onderwysstandaarde ook verhoog en daar is begin met onderhandelinge

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

vir 'n spoorlyn na Delagoabaai (Peacock 1955:97-126). Bekende Pretoria-inwoners in hierdie tyd was onder andere Jan F Celliers (koerantman), TW Beckett (handelaar), dr JH Roorda-Smit en dr EJP Jorissen (staatsprokureur) (Engelbrecht 1955:22).

Die ZAR word in April 1877 deur Brittanje geannekseer. Dit lei tot die Anglo-Transvaalse Oorlog wat in 1881 beëindig is, na die Boere se oorwinning by Amajuba (Peacock 1955:101, 172).

Paul Kruger word in 1883 tot president van die ZAR verkies. Hy sou die leidende figuur in Pretoria bly tot met die uitbreek van die Anglo-Boereoorlog in 1899 (Peacock 1955:179-180). Pretoria beleef in hierdie tyd vinnige groei. Hieronder tel die totstandkoming van 'n onafhanklike munisipaliteit in 1897, oprig van die raadsaal en ander geboue, installering van 'n elektrisiteitstelsel in 1894 en die opening van die spoorweg na Delagoabaai (Gey van Pittius 1955:50; Peacock 1955:180-210). Die ontdekking van goud aan die Witwatersrand in 1886 het ook 'n groot bydrae tot die groei van Pretoria gelewer (Engelbrecht 1955:26). Bekende inwoners van Pretoria in hierdie tyd was PJ Potgieter (burgemeester), die predikante AJ Begemann en MJ Goddefroy, Edward Bourke, WE Bok (staatsekretatris), dr JWB Gunning (direkteur van die Staatsmuseum), Sytze Wierda (staatsargitek) en PJ Joubert (kommandant-generaal) (Ploeger 1955:213, 217 en 222; Punt 1955:267; Pelzer 1955:324).

Na die Jameson-inval van 1895/6 is aandag gegee aan die militêre opbou van die Republiek, met die oog op 'n moontlike militêre konfrontasie met Brittanje (Spies 1955:98-102). Op 11 Oktober 1899 breek die oorlog uit en op 5 Junie 1900 neem die Britse magte Pretoria in (Peacock 1955:318, 330). Tot aan die einde van die oorlog op 31 Mei 1902 is Pretoria deur 'n militêre regering beheer (Spies 1955:104). Die oorlogstydperk was egter 'n stil fase in die geskiedenis van Pretoria (Peacock 1955:338). Tydens die oorlog was RK Loveday die burgemeester van Pretoria.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Tussen 1902 en 1910 is die grondslag in Pretoria gelê vir die lewering van munisipale dienste aan die stad se inwoners (Gey van Pittius 1955:58-60). Op 31 Mei 1910 kom die Unie van Suid-Afrika tot stand, met Pretoria as administratiewe hoofstad. Hierdie funksie het gelei tot die oprig van staatsgeboue, soos die Uniegebou, wat 'n onlosmaaklike kenmerk van Pretoria is (Stadsraad van Pretoria g.d.:2).

Elders in hierdie hoofstuk (punt 2.4) word daar aandag aan die Pretoria van vandag gegee. Daar sal gevolglik nie nou verder hierop ingegaan word nie.

### 3.3.2 Cullinan

Die dorp Cullinan het in 1902 ontstaan. Dit is op die plaas Elandsfontein uitgelê. Die stigting van die dorp hou direk verband met die ontwikkeling van die Premier-diamantmyn. Die dorp is vernoem na sir Thomas Major Cullinan, stigter van die myn.

Voor die dertigerjare het die dorp vinnig ontwikkel. In 1932 is die myn gesluit, gepaardgaande met die depressie in die land. Slegs 'n klein hoeveelheid inwoners het in die dorp agtergebly, hoofsaaklik om onderhoudswerk aan die myn te behartig.

In 1945 is die myn heropen en Cullinan het 'n tweede bloeitydperk beleef. Verskeie mense van die plase in die omgewing is hier van werk voorsien, om sodoende die moeilike omstandighede na die Tweede Wêreldoorlog te bowe te kom (Carelsen 1995:3-5).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

### 3.3.3 Rayton

Die Montrose Diamond Company het die dorp Rayton tussen 1903 en 1904 aangelê. Die dorp is na die vrou van een van die algemene bestuurders van die myn, Rachel Ray Walliston, vernoem. Die dorp het ontwikkel as gevolg van die diamantmynbedrywighede aldaar.

Tussen 1930 en 1936 is baie mense na die dorp gelok, omdat erwe goedkoop beskikbaar gestel is. Met die sluiting van die Premiermyn op Cullinan in 1932, het verskeie mense na Rayton verhuis.

Tydens die Tweede Wêreldoorlog is die Zonderwater krygsgevangenekamp te Rayton gevestig. Die ambagte van die krygsgevangenes is deur die plaaslike inwoners benut. In 1947 kom die Raytonse gesondheidskomitee tot stand. Dit was die begin van 'n vorm van munisipale bestuur in die dorp (Carelsen 1995:5).

### 3.3.4 Bronkhorstspruit

Cornelius Johannes Gerhardus Erasmus het in 1904 'n dorp op die plaas Hondsrivier laat opmeet. Die dorp is aanvanklik Erasmusdorp genoem, maar in 1929 is dit na Bronkhorstspruit verander. Die naam verwys na 'n spruit in die dorp waar die eerste veldslag van die Anglo-Transvaalse Oorlog (1880-1881) plaasgevind het. Die veldslag staan bekend as die slag van Bronkhorstspruit.

In 1921 word 'n dorpsraad vir Bronkhorstspruit gestig. Die munisipaliteit van Bronkhorstspruit het in 1935 tot stand gekom. Die dorp het gou tot een van die belangrikste dorpe in die omgewing ontwikkel, vanweë sy goeie ligging tussen Pretoria en Middelburg. Tussen 1938 en 1939 is die pad tussen Pretoria en Middelburg geteer, wat bygedra het tot die ontwikkeling van Bronkhorstspruit. Die dorp is gevestig as 'n belangrike setel vir die boerderygemeenskap met die stigting van die

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Oostelike Transvaal Koöperasie op die dorp in die dertigerjare (Carelsen 1995:5-9).

### 3.3.5 Die Noordelike Pretoriase Metropolitaanse Substuktuur (NPMS)

Met die uitbreiding van Pretoria het mense hulle al meer noord van die Magaliesberg gevestig. 'n Gedeelte van die NPMS staan as Akasia bekend. Die gebied is op twee plase aangelê, naamlik Hartebeesthoek 303 JR en Witfontein 301 JR.

Die eerste plaaseienaar van Hartebeesthoek was Michiel Frederik Horn (junior), wat die plaas op 29 November 1858 geregistreer het. JLJ Pretorius was die eerste eienaar van Witfontein en het die plaas op 11 Mei 1860 geregistreer (Van Schalkwyk e.a. 1994b:4).

Mettertyd het verskeie blanke woongebiede hier ontwikkel. In 1906 word Orchards tot dorpsgebied verklaar, maar geen suksesvolle dorpsontwikkeling vind hier plaas nie. In 1974 word dit weer eens tot dorpsgebied verklaar. Ander dorpsgebiede wat hier geproklameer word, is soos volg: Rosslyn (1965), Karenpark (1971), Hesteapark (1973), Clarina (1973), Theresapark (1973), Heatherdale (1974), Chantelle (1974), Ninapark (1974), Rosslyn-oos (1975), Klerksoord (1983) en Eldorette (1984). Rosslyn het tot 'n industriële gebied ontwikkel, terwyl die ander dorpe vir residensiële doeleindes benut word (Van Schalkwyk e.a. 1994b:17-18). In 1985 kom die Stadsraad van Akasia tot stand, met die samesmelting van genoemde dorpe (persoonlike mededeling: WJ van Vollenhoven).

In 1974 word Soshanguve, noord van Akasia, gestig as voorstad van Mabopane. Dit was vir 'n tyd lank deel van die voormalige Bophuthatswana, maar het in 1983 weer deel van die RSA geword. In 1993 kry die dorp volle munisipale status (Dreyer 1997:3).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

In 1994 word die twee gebiede geïntegreer en daar word besluit op die naam Tswaing (Dreyer 1997:3). Dit verwys na die Soutpan wat net noord van Soshanguve aangetref word. Vandag staan dit as die NPMS bekend.

### 3.3.6 Centurion

In 1889 koop AH Nellmapius 'n groot gedeelte van die plaas Doornkloof van Daniël en Stephanus Erasmus, van die eerste inwoners van die gebied. Nellmapius het met verskeie sakebelange begin. Hy vernoem die westelike gedeelte van die plaas na sy dogter, naamlik Irene. Na sy dood word Irene Estate aan JA van der Byl verkoop.

Van der Byl het grootskaalse verbeteringe aangebring en het ook wild en beskermde voëlsoorte aangehou. As gevolg van die uitbreek van die Anglo-Boereoorlog (1899-1902), kon hy sy droom om met dorpstigting te begin, eers hierna vervul (Pienaar g.d.:5-6; Verwoerdburg City Council g.d.:4).

In 1904 is die area bekend as Lyttelton, op 'n gedeelte van die plaas Droogegrond van 'n mnr Ball uitgemeet (Pienaar g.d.:6). Die gebied is in 1908 tot dorp verklaar en is na genl sir Neville Lyttelton vernoem. Teen 1938 het die inwoners slegs 30 siele getel. Beide dorpe se ontwikkeling is in die hand gewerk deurdat die spoorlyn tussen Johannesburg en Pretoria daar deurloop.

Lyttelton stig in 1950 'n onafhanklike gesondheidskomitee. In 1955 word dit met 'n dorpsraad en in 1960 met 'n stadsraad vervang. Op 1 Julie 1964 amalgameer die gebied met Irene. Die naam Verwoerdburg word in 1967 aanvaar, ter ere van die voormalige Eerste Minister, dr HF Verwoerd (Pienaar g.d.:6-7; Verwoerdburg City Council g.d.:4-5). Op 27 Junie 1995 is die naam na Centurion verander, vernoem na die krieketstadion in die stad, Centurionpark (persoonlike mededeling: A Evans).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

## 4. SAMEVATTING

Uit die voorafgaande is dit duidelik dat noordelike Gauteng 'n gebied met 'n ryke historiese erfenis is. Hierdie erfenis strek so ver terug as die Vroeë Steentydperk en sluit alle fases van die mens se geskiedenis in Suidelike Afrika in. Dit is 'n geskiedenis vol interessanthede, terwyl die stad Pretoria as kern van die gebied, steeds daagliks geskiedenis maak. Omdat dit die kernarea in die gebied is, en ook oor die langste chronologie in die historiese tydperk beskik, is daar meer aandag aan Pretoria gegee. Daar is ook veel meer bronne oor Pretoria beskikbaar as oor enige van die ander gebiede, soos duidelik uit die bronnelys blyk. In die lig van hierdie feite word die res van hierdie studie aangepak. Tabel 4.3 is 'n tydlyn waarin aangedui word hoe die spesifieke gevallestudies wat in hierdie studie benut is, in die konteks van die groter geheel inpas.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

**TABEL 4.3 TYDLYN VAN DIE GEVALLESTUDIES EN VERWANTE GEBEURTENISSE IN HIERDIE STUDIE**

| DATUM | Gevallestudie/gebeurtenis | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Bronkhorst-ruïne | Kerkstraat-watervoor | Melrosehuis se voetpaadjie | 1913-huis | Edwardiaan-se huis | Pretoria watervore | Pretoria waterpype | Pioniers-fase | Victoriaan-se fase | Edwardiaan-se fase | Melrose-huis | Kaalfon-tein 513 JR | Hartebeest-poort 328 JR | Groenkloof 358 JR |
| 1840 | 1839 | | | | | | | ↓ | | | | | | 1840 |
| 1845 | ⋮ | | | | | | | ↓ | ⋮ | | | | | ↓ |
| 1850 | 1848 | | | | | | | ↓ | ⋮ | | | | 1848 | ↓ |
| 1855 | ↓ | | | | | | | ↓ | ⋮ | | | | a ↓ | a ↓ |
| 1860 | ↓ | | | | | 1854/5 | | ↓ | ⋮ | | | | 1853 | ↓ |
| 1865 | ↓ | | | | | ↓ | | ↓ | ⋮ | | | 1859 | ↓ | ↓ |
| 1870 | ↓ | | | | | ↓ | | 1870 | 1870 | | | ↓ | b ↓ | ↓ |
| 1875 | 1874 | | | | | ↓ | 1877 | ⋮ | ↓ | | | ↓ | ↓ | 1874 |
| 1880 | | | | | | ↓ | ⋮ | | ↓ | | | ↓ | 1874 | b ↓ |
| 1885 | | | | | | ↓ | ↓ | | ↓ | | 1886 | ↓ | ↓ | 1877 |
| 1890 | | | | | | ↓ | 1890 | | ↓ | ⋮ | a ↓ | ↓ | c ↓ | ↓ |
| 1895 | | 1892 | 1895 | | | ↓ | ↓ | | ↓ | ⋮ | ↓ | a ↓ | ↓ | ↓ |
| 1900 | | (1898) | ↓ | | | ↓ | ↓ | | 1900 | 1900 | 1900 | ↓ | ↓ | c ↓ |
| 1905 | | ↓ | ↓ | | | ↓ | ↓ | | | ↓ | b ↓ | ↓ | ↓ | ↓ |
| 1910 | | 1910 | 1905 | 1913 | | 1913 | ↓ | | | 1910 | 1902 | ↓ | ↓ | 1902 |
| 1915 | | | | ↓ | | | ↓ | | | | ↓ | ↓ | ↓ | |
| 1920 | | | | a ↓ | 1919 | | ↓ | | | | c ↓ | ↓ | 1922 | |
| 1925 | | | | ↓ | ↓ | | ↓ | | | | ↓ | ↓ | d ↓ | |
| | | | | 1927 | | | | | | | | ↓ | ↓ | |

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

| | Gevallestudie/gebeurtenis | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Bronkhorst-ruïne | Kerkstraat-watervoor | Melrosehuis se voetpaadjie | 1913-huis | Edwardiaan-se huis | Pretoria watervore | Pretoria waterpype | Pioniers-fase | Victoriaan-se fase | Edwardiaan-se fase | Melrose-huis | Kaalfon-tein 513 JR | Hartebeest-poort 328 JR | Groenkloof 358 JR |
| 1930 | | | | | ↓ | | ↓ | | | | ↓ | ↓ | ↓ | |
| | | | | | ↓ | | ↓ | | | | ↓ | ↓ | ↓ | |
| 1935 | | | | | ↓ | | ↓ | | | | ↓ | ↓ | 1939 | |
| 1940 | | | | | ↓ | | ↓ | | | | ↓ | ↓ | ↓ | |
| | | | | | ↓ | | ↓ | | | | ↓ | ↓ | e ↓ | |
| 1945 | | | | 1945 | ↓ | | ↓ | | | | ↓ | ↓ | ↓ | |
| | | | | ↓ | ↓ | | ↓ | | | | ↓ | ↓ | ↓ | |
| 1950 | | | | b ↓ | ↓ | | ↓ | | | | ↓ | ↓ | ↓ | |
| | | | | ↓ | ↓ | | ↓ | | | | ↓ | ↓ | 1961 | |
| 1955 | | | | 1959 | 1961 | | ↓ | | | | ↓ | ↓ | ↓ | |
| | | | | | | | ↓ | | | | 1968 | ↓ | f ↓ | |
| 1960 | | | | | | | ↓ | | | | d ↓ | ↓ | ↓ | |
| | | | | 1966 | | | ↓ | | | | 1971 | ↓ | 1973 | |
| 1965 | | | | ↓ | | | ↓ | | | | e ↓ | ↓ | g ↓ | |
| | | | | ↓ | | | ↓ | | | | ↓ | ↓ | 1975 | |
| 1970 | | | | c ↓ | | | ↓ | | | | ↓ | 1976 | h ↓ | |
| | | | | ↓ | | | ↓ | | | | ↓ | b ↓ | ↓ | |
| 1975 | | | | | | | ↓ | | | | ↓ | | | |
| 1980 | | | | | | | ↓ | | | | ↓ | | | |

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

## 5. FIGURE

**Figuur 4.1** Kaart van Gauteng. Die vier landdrosdistrikte van Pretoria, Bronkhorstspruit, Cullinan en Wonderboom vorm die noordelike gedeelte van Gauteng (Coepeen e.a. 1996)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# MAGISTERIAL DISTRICTS
# PROVINCE OF GAUTENG




Compiled by: PS Cameron, K Swanepoel, H Fleuburg
14 August 1995

**Figuur 4.2** Die Laat Acheulterrein te Wonderboom, soos dit vandag daar uitsien. Dit is waarskynlik die bekendste Vroeë Steentydperkterrein in Pretoria.

**Figuur 4.3** 'n Grot in die Groenkloof natuurreservaat waar Laat Steen- en Ystertydperkartefakte gevind is.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

**Figuur 4.4** Laat Ystertydperkterrein op die Magaliesberg.

**Figuur 4.5** Laat Ystertydperkterrein by Tswaing.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

**Figuur 4.6** Meintjieskop, soos dit vandag daar uitsien. Bo en behalwe die Uniegebou, is verskeie klipterrasse en -paadjies uitgelê. Geen spoor van Mzilikazi se kraal kon gevind word nie.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

**Figuur 4.7** Die Wonderboom. Geen teken van Mzilikazi se vestiging is vandag hier sigbaar nie.

**Figuur 4.8** Klipmure is suid en wes van die Wonderboom teen die berghang gevind. Dit is onbekend of dit met die vestiging van Mzilikazi verbind kan word

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# HOOFSTUK 5

## 'N ONDERSOEK NA DIE AANNAMES RONDOM LUCAS BRONKHORST EN DIE OORBLYFSELS VAN SY HUIS IN PRETORIA

"Om deur te breek deur dit wat mense
sien as perk van jou vermoë
Om vas te weet die gees se grense word
bepaal deur wat jy glo" (Koos du Plessis, Om deur te breek).

## 1. INLEIDING

Lucas Cornelis Bronkhorst word deur die meeste populêre werke as die eerste blanke inwoner van die Pretoria-omgewing beskou (Van Schalkwyk e.a. 1992:2; Andrews 1992:22). Hoewel die argeologiese ondersoek van sy woonhuis, wat in 1992 plaasgevind het, reeds in 1993 in 'n akademiese skripsie (Van Vollenhoven 1993a) uiting gevind het, was navorsing oor die historiese agtergrond (konteks) van die terrein en Lucas Bronkhorst onvolledig. Hierdie navorsing is nou gedoen en is 'n uitstekende voorbeeld van die werking van die Kontekstuele paradigma in die argeologie, spesifiek die historiese argeologie.

In ooreenstemming met die teoretiese uitgangspunte van die paradigma, naamlik dat insig in kulturele betekenisse verkry kan word deur die onmiddellike historiese konteks daarvan na te vors, is die historiese agtergrond (konteks) dus nagevors ten einde te verstaan waarom daar sekere aannames rondom Lucas Bronkhorst en sy huis bestaan. Hierdie aannames waaraan mettertyd aandag gegee sal word, het tydens die historiese ondersoek aan die lig gekom.

Die Kontekstuele paradigma is die enigste paradigma wat die navorser toelaat om die historiese

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

konteks volledig saam met die argeologiese konteks te bestudeer en te interpreteer, om sodoende so na as moontlik aan die volle waarheid oor die navorsingsterrein te kom. Hierdie proses sal nou aandag geniet, maar kan slegs geïllustreer word aan die hand van die bevindinge van vorige navorsing in verband met die terrein. Op hierdie wyse sal die tekortkominge van vorige navorsing aan die lig kom en sal nuwe inligting verskaf word, sodat daar aan die navorsingsbehoeftes voldoen sal word. Hierdie inligting is verkry as gevolg van die toepassing van die Kontekstuele paradigma. Die verskaffing van nuwe korrekte historiese inligting sal ook die gemeenskap beter dien en sodoende die gemeenskapsbehoeftes aanspreek.

Die navorsing is juis gedoen met die oog op die voldoening aan 'n behoefte wat deur die Stadsraad van Pretoria uitgespreek is. Hiervolgens word die terrein belangrik geag binne die konteks van die ontstaansgeskiedenis van Pretoria. Dit beteken dat die terrein ook uiters belangrik binne die konsep van erfenisbestuur is (spesifiek die gemeenskapsbelang) is, hoewel dit nie groot is nie en ook nie oor uitgebreide strukture beskik nie. Hierdie gedagte sluit nou aan by dié van verinheemsing van die erfenis, waarna in hoofstuk 3 verwys word. As tipiese voorbeeld is dit gevolglik by hierdie studie ingesluit. Deur die navorsing sou die inligting beskikbaar wees om die terrein te bewaar, te ontwikkel en te benut tot voordeel van die stad se inwoners. Op hierdie wyse is daar aan erfenishulpbronbestuursbehoeftes voldoen.

## 2. LIGGING

Die oorblyfsels van dit wat algemeen as die Bronkhorsthuis bekend staan, is geleë in die Fonteinedal streekspark, op die plaas Groenkloof 358 JR, suid van die middestad van Pretoria (figuur 5.1). Dit is op kaart 2528CC, Verwoerdburg, van die Suid-Afrikaanse 1:50 000 topografiese reeks. Die GPS lesing van die terrein is 25° 48' 00" S en 28° 11' 25" 0.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

## 3. TERREINBESKRYWING VOOR DIE AANVANG VAN DIE ARGEOLOGIESE NAVORSING

Nadat die plaas Groenkloof in 1883 staatseiendom geword het, is 'n plantasie in die negentigerjare van die vorige eeu daar aangeplant. In Augustus 1898 is 'n groot deel hiervan deur 'n veldbrand vernietig. Hierdie ramp, sowel as die feit dat die wild in hierdie gebied teen 1895 in 'n groot mate uitgeskiet was, lei tot die proklamasie van die Fonteinedal as natuurreservaat deur president SJP Kuger op 25 Februarie 1895 (Dunston 1992:16-17). Die Fonteinedal is volgens hierdie bron die oudste natuurreservaat in Afrika. De Graaff (1999:264) wys egter daarop dat die Pongolareservaat, wat op 13 Junie 1894 geproklameer is, die oudste natuurreservaat in Suid-Afrika (en moontlik ook in Afrika) is. Boonop dui hy aan dat die Fonteinedal op 1 Februarie 1895 geproklameer is (De Graaff 1999:265). Die naam Fonteinedal hou verband met die fonteine wat daar ontspring en sowat 25 miljoen liter water per dag lewer (Krige 1992b:4). Die natuurreservaat beslaan vandag sowat 600 hektaar en wildsoorte soos kwaggas en blesbokke kom hier voor (Krige 1992a:19).

Die gedeelte waar die ruïne van die sogenaamde Bronkhorsthuis aangetref word, is 'n ontspanningsoord. Hier kom 'n karavaanpark, swembad, tennisbane, restourant, braaifasiliteite en piekniekterrein voor (Krige 1992c:20-21). Noodwendig het die benutting van die gebied deur die jare tot die agteruitgang van die struktuur gelei. Die huis is teen die suidwestelike hang van Klapperkop, die hoogste van die reeks koppies suid van Pretoria, gebou. Die Apiesrivier dreineer die gebied in 'n noordelike rigting en vloei sowat 50 meter wes van die oorblyfsels van die huis verby. Hierdie area het derhalwe 'n steil helling, sodat reënwater 'n groot gevaar vir die ruïne inhou, omdat dit daardeur vloei en verdere skade veroorsaak.

Die oorblyfsels self bestaan uit 'n reghoekige hoogte, gevorm deur klipmure, grond en grassoorte. Die reghoek lê in 'n noord-suid rigting met sye van ongeveer 8 x 5 meter. Die sigbare oorblyfsels van

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

mure is van klip en klei gebou en staan sowat 0,35 meter hoog. Openinge in die oostelike en westelike mure van die struktuur kon moontlik deure gewees het. 'n Klipsirkel, bestaande uit vyftien groot klippe, kan noordoos van die eerste struktuur gesien word (figuur 5.2).

Die Stadsraad van Pretoria, wat die grondeienaar is, het aanvanklik die terrein met draad toegespan. 'n Kennisgewingbord wat inligting oor die terrein gee, is ook hier opgerig en kan as 'n poging tot die interpretasie van die terrein beskou word (figuur 5.3). Inligting op hierdie bord is gegrond op sommige aannames rondom Lucas Bronkhorst en sy huis.

Tydens die opgrawing van die terrein is die heining verwyder. Dit is later met 'n nuwe heining en gedenkmuur vervang (figuur 5.4).

Die inligting op die kennisgewingbord het die volgende inligting bevat:

> Oorblyfsels van die huis van Lucas C Bronkhorst, die eerste blanke inwoner, wat hom omstreeks 1840 hier in die Fonteinedal gevestig het.

Aan die oostekant, reg teen die oorspronklike heining, is 'n effense depressie in die grond sigbaar. Dit strek verby die hoekpale van die heining, ongeveer parallel met die oostelike muur van die struktuur. Dit is waarskynlik die oorblyfsels van 'n watervoor wat deur Bronkhorst gegrawe is om water weg te lei, sodat dit nie sy huis sou oorstroom nie.

In die omgewing van die struktuur word vrugtebome, naamlik perske- en moerbeibome aangetref. Dit is histories bekend dat Bronkhorst 'n vrugteboord uitgelê het en hierdie bome kan afstammelinge van sy vrugteboord wees. Aan die oorkant van die rivier, wes van die struktuur, is gedeeltes van 'n granaatboomlaning steeds sigbaar langs die huidige swembad. Volgens Roodt-Coetzee (1955:128)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

is dit die plek waar MM Minnaar (later Postma), 'n familielid van Lucas Bronkhorst, as jong dogter saam met haar ouers gewoon het. Hierdie inligting is relevant, daar vorige navorsers soos Roodt-Coetzee en Wilmans sterk op die mondelinge getuienis van mev Postma, tydens hulle navorsing gesteun het. Die posisie van hulle woning word deur Roodt-Coetzee as oos van die rivier aangedui, terwyl Wilmans dit as wes aandui (sien punt 6.2). Hierdeur weerspreek Roodt-Coetzee haarself, aangesien die granaatboomlaning wes van die rivier voorkom. Hierdie teenstrydigheid sal onder punt 6.2 aandag geniet. Dit beteken egter dat ook ander inligting deur die genoemde bronne deeglik aan interne kritiek onderwerp moet word alvorens die geloofwaardigheid daarvan aanvaar kan word.

## 4. DIE AANNAMES RONDOM LUCAS BRONKHORST EN SY HUIS

Volgens mondelinge oorlewering word drie dinge aan Lucas Bronkhorst toegedig. Die eerste hiervan is dat hy beskou word as die eerste blanke inwoner van die Pretoria-omgewing (Van Schalkwyk e.a. 1992:2). Die tweede is dat sy huis beskou word as die eerste struktuur van die aard (van Westerse oorsprong) in die Pretoria-omgewing. Laastens word die oorblyfsels van die struktuur, wat hierbo beskryf is, as die oorblyfsels van hierdie eerste hartbeeshuisie van Lucas Bronkhorst beskou.

Die navorsing was hoofsaaklik daarop gemik om hierdie aannames óf te falsifiseer en derhalwe onwaarhede aan die kaak te stel, óf as waar te bewys. Indien 'n aanname as onwaar uitgewys is, is probeer om te verklaar waarom sodanige foutiewe inligting ontstaan het. Dit is gedoen deur die bronne aan interne kritiek te onderwerp.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# 5. STAND VAN NAVORSING TEN OPSIGTE VAN DIE BRONKHORSTHUIS

## 5.1 Agtergrond tot die projek

Die Nasionale Kultuurhistoriese Museum is deur die grondeienaar, die Stadsraad van Pretoria, gekontrakteer om die oorblyfsels van die sogenaamde Bronkhorsthuis argeologies te ondersoek. Die Museum moes die projek in 5 werksdae afhandel en het die opgrawings van 12-16 Oktober 1992 uitgevoer.

Die ondersoek na die terrein het uit twee fases bestaan. Fase een was 'n ondersoek van die bestaande literatuur wat met die struktuur en die Bronkhorstfamilie wat dit gebou het, verband hou. Dit is verder aangevul met inligting uit vergelykende en tydgenootlike geskrewe bronne.

## 5.2 Bevindinge van die historiese ondersoek

Die historiese inligting in verband met die terrein, soos deur die Museum nagevors, is die volgende:

Die murasie wat tans as die Bronkhorsthuis bekend staan, is volgens mondelinge oorlewering die reste van 'n woning wat deur ene Lucas Cornelis Bronkhorst, opgerig is. Hiervolgens word Bronkhorst as die eerste bekende blanke setlaar in die omgewing waar Pretoria later sou ontwikkel, beskou. Hy het uit die distrik Graaff-Reinet saam met die Potgietertrek na Transvaal gekom en het hom klaarblyklik reeds voor 1841 in hierdie omgewing bevind (Van Schalkwyk e.a. 1992:2).

Bronkhorst het sy plaas aanvanklik Elandspoort genoem en die fontein was as Bronkhorstfontein bekend. Die plaas het later as Groenkloof bekend gestaan. Op 9 Augustus 1841 is die bakens vir hierdie en ander plase in die Pretoria-distrik geïnspekteer. Die inspeksieverslag is volgens Van

UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Schalkwyk e.a. (1992:2) die eerste dokumentêre bewys vir Bronkhorst se vestiging in hierdie gebied. Daar bestaan egter ouer dokumente in hierdie verband (vergelyk punt 6.1). Die 1841 verslag waarna verwys word, dui ongelukkig nie die spesifieke ligging van sy woning aan nie. Bronne dui daarop dat sy huis in 1848 slegs 'n skerm was. Preller beskryf dit as 'n "hartebees-opstalletjie", wat daarop dui dat die struktuur wat ondersoek is eers na 1848 opgerig is.

Spoedig na die proklamering van Pretoria as dorp in 1855, het die water uit die fonteine wat die Apiesrivier gevoed het, van groot belang geword. Bronkhorst en ander boere in die omgewing het dit vir besproeiïngsdoeleindes aangewend. Gevolglik het die hoeveelheid water wat vir die dorp beskikbaar was, in gedrang gekom. Bronkhorst het byvoorbeeld verskeie watervore aangelê sodat hy sy landerye kon natlei. Met die uitbreiding van Pretoria het 'n konstante watertoevoer vir die dorp noodsaaklik geword. Die Staat het gevolglik die grond waarop die dam en wateraanleg vir Pretoria gebou is, in Augustus 1863 van Bronkhorst gekoop, hoewel hy steeds op die plaas bly woon het (Van Schalkwyk e.a. 1992:2-4).

In 1874 is Bronkhorst se plaas aan HJ Frames verkoop, wat dit op sy beurt in 1877 aan Jesse Jeanes en Maatskappy verkoop het. Heelwat struwelinge het oor die gebruiksreg van die water gevolg. Laasgenoemde maatskappy het later bankrot gespeel en die regering van die ZAR het die plaas op 4 Augustus 1883 aangekoop. Die grond is eers na die Anglo-Boereoorlog tot die dorpsgrond van Pretoria toegevoeg (Van Schalkwyk e.a. 1992:2-4). Bostaande inligting is nie heeltemal volledig nie. Volgens argivale inligting (NAB RAK 2991:631) het die maatskappy van Jesse Jeanes die plaas op 23 Desember 1878 aangekoop en is dit op 10 Julie 1884 so geregistreer.

## 5.3 Bevindinge van die argeologiese ondersoek

Twee aannames moes deur die argeologiese ondersoek nagegaan word, naamlik of die struktuur wat

ondersoek is wel 'n woonhuis was en indien wel, of dit inderdaad die woonhuis van LC Bronkhorst was. Die literatuurondersoek het reeds hierdie aannames bevestig. Derhalwe is daar eintlik na argeologiese bevestiging hiervoor gesoek.

Hierdie tweede fase van die ondersoek het die argeologiese opgrawing van gedeeltes van die terrein behels. Vir hierdie doeleindes is 'n basislyn oor die terrein uitgelê, waarvandaan 'n ruitnet uitgemeet is. Omdat hierdie projek kontraknavorsing was, wat binne 'n gegewe tyd (5 dae) afgehandel moes word, is daar besluit om op spesifieke probleme te konsentreer en derhalwe 'n groot gedeelte van die terrein onaangeraak deur die wetenskap te laat. Die ruitnet is in ooreenstemming hiermee aangepas. Sodoende is gedeeltes van die terrein *in situ* gelaat vir toekomstige navorsers met verbeterde tegnieke, in ooreenstemming met die standaardmetodiek van die argeologie (Carter 1980:13).

Vyf toetsopgrawings is op die terrein gemaak. 'n Opgrawing is oor die suidoostelike hoek van die huis uitgemeet (figuur 5.5), om die metode van konstruksie daarvan vas te stel en om te bepaal of daar 'n vloer aan die binnekant gevind kan word. As kontrole is die buitekant van die struktuur ook ondersoek. 'n Langwerpige opgrawing is oor die totale breedte van die huis gegrawe. Dit is so geposisioneer om die moontlikheid van 'n deuropening in die westelike asook die oostelike muur in te sluit (figuur 5.5-5.6). 'n Opgrawing is van oos na wes deur die klipsirkel aan die oostekant van die huis gegrawe (figuur 5.7) ten einde die struktuur te ondersoek. Die doel van die opgrawing was om die funksie van die klipsirkel vas te stel, daar dit moontlik lig op die aard en funksie van die eerste struktuur kon werp (Van Schalkwyk e.a. 1992:5-9).

Om spesifieke detail beter toe te lig, is twee van hierdie opgrawings later uitgebrei. Waar opgrawing 2 oor die oostelike muur gaan, is dit in 'n noordelike rigting uitgebrei, sodat die deuropening in hierdie muur volledig blootgelê kan word (figuur 5.8). 'n Opgrawing is ook reghoekig met opgrawing

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

3, met ander woorde van noord na suid, in die klipsirkel uitgemeet (figuur 5.9-5.10).

Die oorblyfsels het bestaan uit grond en klip, meestal leiklip, wat waarskynlik van die mure afkomstig was. Soortgelyke klip is as boumateriaal gebruik en is steeds sigbaar, ingemessel in die muur. Verskeie stukke leiklip en dolomiet, wat deel van die boumateriaal van die struktuur was, is hier blootgelê. Daar is gehoop dat, indien die twee openinge in die mure deuropeninge was, drumpels gevind sou word. Ongelukkig is geen sekere aanduiding van drumpels by enige van die twee openinge gevind nie.

'n Groot klip is wel by die opening in die oostelike muur gevind (figuur 5.8). Dit is moontlik die enigste aanduiding van 'n drumpel, hoewel dit gewis nie in sy oorspronklike posisie gevind is nie. Dit is egter ook moontlik dat dit deel van die muur was en daarvan kon afgegly het, sodat dit derhalwe nie deel van die drumpel uitmaak nie.

In teenstelling met die opening in die westelike muur, was die opening in die oostelike muur duidelik gedefinieër (figuur 5.8). Aangesien dit bekend is dat die deure in sulke huisies normaalweg oos geplaas is (Roodt-Coetzee 1955:131), kan daar aanvaar word dat hierdie wel die deuropening van die huisie was.

## 5.4 Samevatting van die Museum se ondersoek

Na die intensiewe ondersoek van die twee strukture deur die Nasionale Kultuurhistoriese Museum, is die volgende samevattende uitsprake gemaak: Argeologies is daar geen inligting gevind wat die algemene opvatting, naamlik dat hierdie die woning van Lucas Bronkhorst was, ondersteun of weerlê nie. 'n Ondersoek van die beskikbare historiese getuienis dui egter daarop dat dit wel die geval is.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Beide ondersoeke het waardevolle inligting in verband met die vestigings- en bouwyse van die vroeë blanke pioniers en die ontstaan van Pretoria as dorp tot gevolg gehad (Van Vollenhoven 1995b:3).

Van die verskillende moontlike toepaslike paradigmas, is die volgende uitgangspunte in hierdie navorsing benut:

- Die tyd- en ruimtelike bewustheid van die Kultuurhistoriese paradigma, sowel as die gebruikmaking van historiese kennis.
- Die bepaling van funksie en aktiwiteitsareas van die Funksionalistiese en Kultuurproses-paradigma.
- Die koppeling van die terrein aan 'n spesifieke individu en die navors van die historiese konteks van die Kontekstuele paradigma.
- Die benutting van historiese kennis van die Strukturalistiese en Neo-Marxistiese paradigma.

Die benutting van historiese kennis, wat tydens die navorsing in verband met die Bronkhorstruïne benut is, was daarop afgestem om die terrein in 'n historiese verband te plaas. Dit is egter duidelik uit die doel met die opgrawings dat die navorsing daarop gemik was om die funksie van strukture te bepaal. Gevolglik is dit nie die benutting van die historiese kennis wat van belang is in die bepaling van welke paradigma gebruik is nie, maar die einddoel van die navorsing. Boonop is die historiese kennis wat benut is, nie volledig nagevors nie (vergelyk punt 6). Dit beteken dat die Kultuurhistoriese, Kontekstuele, Strukturalistiese en Neo-Marxistiese paradigma nie in hierdie geval benut is nie.

Daar is reeds in hoofstuk 3 aangetoon dat die uitgangspunte van die Funksionalistiese paradigma, in die Kultuurproses-paradigma opgeneem is. Gevolglik is die afleiding dat die Kultuurproses-paradigma in hierdie navorsing benut is.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die gevolg hiervan was dat die historiese konteks van die terrein nie volledig nagevors is, soos wat die Kultuurhistoriese en Kontekstuele paradigma sou vereis nie. Noodwendig het hierdie onvolledigheid daartoe gelei dat die feite ten opsigte van die terrein en die persone wat daarmee geassosieer word, nie ten volle aangespreek is nie. Die isolering van 'n enkele aspek, in hierdie geval die funksie van die strukture, is tipies van die Kultuurproses-paradigma en lei daartoe dat sekere aspekte nagelaat word.

Gevolglik bly daar twee moontlike paradigmas oor om in hierdie geval toe te pas ten einde die leemtes aan te spreek, naamlik die Kultuurhistoriese en die Kontekstuele paradigma. Deur die Kultuurhistoriese paradigma verder op die terrein toe te pas, sou onsuksesvol gewees het, aangesien die kulturele verband van die terrein reeds bekend is en die diffusie van kultuur nie in hierdie geval van belang is nie. Dit beteken dat slegs die Kontekstuele paradigma oorbly om te benut. Die uitgangspunte van hierdie paradigma, veral ten opsigte van die skeppende individu en die volledige benutting van die historiese konteks, blyk nuttig te wees. Die sukses van hierdie toepassing, sal in hoofstuk 10 aandag geniet.

## 6. HISTORIESE AGTERGROND NA AANLEIDING VAN VERDERE NAVORSING IN VERBAND MET DIE TERREIN

Omdat navorsing in verband met die terrein tot dusver nie bevredigende resultate opgelewer het nie, is verdere navorsing nodig geag. Die resultate van hierdie navorsing, geskoei op die vorige navorsing, sal nou bespreek word.

### 6.1 Die eerste blanke setlaar in die Pretoria-omgewing

Mondelinge oorleweringe wil dit hê dat die ruïne wat tans as die Bronkhorsthuis bekend staan, die oorblyfsels van die eerste woning is wat deur 'n blanke in die Pretoria-omgewing opgerig is. Voorts

lui dit dat Lucas Cornelis Bronkhorst, die eerste blanke setlaar in die gebied, die huis opgerig het (Punt 1993:3). Literatuur wat in hierdie verband geraadpleeg is, toon egter teenstrydige inligting.

Volgens Kotzé (1983:15) het 'n sekere JGS Bronkhorst - sommige bronne praat van GS - Gerhardus Stephanus Bronkhorst (Wilmans 1990:6) of sommer net van Gerrit Bronkhorst (Coetzee 1993:7) - hom na 1836 in die omgewing van die teenswoordige Pretoria gevestig. Hy is eintlik Johannes Gerhardus Stephanus Bronkhorst. Hy was die broer van LC Bronkhorst. Punt (1993:3) laat die indruk dat JGS Bronkhorst en sy broer LC Bronkhorst, sowel as Andries van der Walt, teen 1839 reeds in die area gewoon het. Wilmans (1990:8), Peacock (1955:6) en Visser (1992d:8) konstateer daarenteen dat Van der Walt eers in 1844 in die area ingetrek het. Ook Roodt-Coetzee (1955:126) meld dat Van der Walt hom kort na die Bronkhorsts aan die Apiesrivier kom vestig het. Nie in een van hierdie gevalle word 'n bronverwysing verskaf nie, maar omdat geloofwaardige inligting dit duidelik stel dat Van der Walt sy grond by die Bronkhorst's gekoop het (Van Jaarsveld 1982b:5), moes hy ná hulle in die gebied ingetrek het. Hoewel Van Jaarsveld onseker is oor wanneer Van der Walt in die gebied aangekom het, gee hy 'n goeie uiteensetting, gestaaf deur primêre bronne, dat dit ná 1848 moet wees. Die datum is op sigself nie so belangrik ten opsigte van hierdie studie nie, maar wel die aanduiding dat Van der Walt ná die Bronkhorsts in die gebied ingetrek het. Volgens argivale bronne (NAB, RAK 2990:269) het Van der Walt die plaas Elandspoort op 6 November 1853 uit die boedel van G Bronkhorst gekoop. Hierdie inligting bewys dat hy gewis ná die Bronkhorstbroers in die gebied aangekom het.

Peacock (1955:4-5) stel dit dat die eerste blankes in die omgewing van die Apiesrivier gevestig het, ná die stigting van Potchefstroom in 1838 (sic)[1]. Hy meld dan voorts dat die eerste blanke inwoners Gerhardus Stephanus Bronkhorst en sy broer Lucas was. Peacock maak van Preller (1925) as bron

[1] Hierdie datum is eintlik 1839 (vergelyk Bergh 1999d:129).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

gebruik. Dit sal later aangetoon word dat hierdie inligting vaag is en dat die aankoms van JGS Bronkhorst meer akkuraat bepaal kan word.

Die twee Bronkhorstbroers het beide in 1834 vanuit die distrik Graaff-Reinet saam met die Potgietertrek na Transvaal gekom (Wilmans 1990:5-6). 'n Ander bron dui daarop dat JGS Bronkhorst eers teen die einde van 1835 getrek het en hom by AH Potgieter aangesluit het (Beyers 1981:60). Bergh (1999c:125) toon aan dat Potgieter tussen Desember 1835 en Februarie 1836 met sy trek begin het. Die bronne wat op 1834 dui, is gebaseer op Preller (1925), wat van die mondelinge herinneringe van MJ Minnaar gebruik maak. Omdat sy op 'n hoë ouderdom en lank na die gebeure ondervra is, is dit moontlik dat haar geheue haar in die steek gelaat het, veral ten opsigte van detailinligting soos datums (sien later). Hoewel Beyers en Bergh se inligting op sekondêre bronne geskoei is, blyk dit meer betroubaar te wees. Dit is egter nie soseer belangrik vir die doeleindes van hierdie studie om die presiese trekdatum vas te stel nie, maar bloot om te weet dat die Bronkhorstbroers teen hierdie datum (vroeg 1836) nog nie in die omgewing van die teenswoordige Pretoria kon wees nie.

Volgens Beyers (1981:60-61) was JGS Bronkhorst in Mei 1836 deel van 'n verkenningsekspedisie na die Soutpansberg. Bergh (1999c:125) dui aan dat hy nie net 'n lid van hierdie ekspedisie was nie, maar dat hy boonop 'n verslag met belangrike inligting hieroor saamgestel het. Laasgenoemde bron maak in hierdie geval van 'n sekondêre bron gebruik, maar dié benut die primêre dokumentasie (Bronkhorst se verslag) in hierdie verband.

Op 2 Desember 1836 word JGS Bronkhorst ingesweer as lid van die Volksraad, saam met manne soos GM Maritz en AH Potgieter (NAB, SS1A: 35-36; Pretorius & Kruger 1937:13-14). Hoewel die plek nie op die genoemde dokument gemeld word nie, kan daar aanvaar word dat dit plaasgevind het voor die Trekkers se intog in Natal (1837), dit wil sê in die Transoranje (Du Bruyn 1986:131-133).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Beyers (1981:61) meld dat dit te Thaba Nchu plaasgevind het, maar sonder om sy bron te spesifiseer. In hierdie stadium was die Potgietertrek dus nog nie in die Transvaal gevestig nie. JGS Bronkhorst het ook aan die slag van Vegkop in Oktober 1836 deelgeneem (Preller 1925:136; Beyers 1981:61). Hy was dus self ook nog tot in hierdie stadium nie in Transvaal gevestig nie.

Dit wil voorkom asof 'n sekere J Bronkhorst aan die Slag van Bloedrivier deelgeneem het. Die naam, J Bronkhorst verskyn op 'n lys van debiteure na afloop van 'n vendusie gehou uit die buit van Dingane (Pretorius & Kruger 1937:34, 46). Ten opsigte van hierdie studie is dit van belang dat hy in hierdie stadium (24 Desember 1838) steeds in Natal was . Dit blyk egter dat hierdie J Bronkhorst nie dieselfde persoon as JGS Bronkhorst was nie (sien later) en die inligting is dus nie relevant ten opsigte van hierdie studie nie.

'n Dokument waarin AH Potgieter as hoofkommandant aangewys word en wat op 6 Mei 1845 opgestel is, is egter deur drie persone met die van Bronkhorst (Bronchors) onderteken. Hulle voorletters is onderskeidelik J, C en G (Pretorius & Kruger 1937:183-184). Gevolglik beteken dit dat J en G Bronkhorst verskillende persone is. Dokumente wat later bespreek word, dui daarop dat JGS Bronkhorst dikwels as G Bronkhorst aangedui word (sien pp. 192-193).

Oor LC Bronkhorst is daar ongelukkig veel minder bekend as oor JGS Bronkhorst. Hy moes hom voor 1841 in die Pretoria-omgewing gevestig het (Cloete 1958:3; Coetzee 1992a:12). Die eerste inspeksierapport van plase in dié omgewing bevestig hierdie inligting. Die bakens van LC Bronkhorst se plaas Groenkloof (Aktekantoor, Pretoria), en ander plase in die Pretoria-distrik, is in Augustus 1841 deur GJ Kruger, MJ Redelinghuys en WJ Grobler geïnspekteer (NAB, RAK 2434:9,12; NAB, RAK 2711; NAB, RAK 2750:2; NAB,RAK2991:631; NAB,RAK 3005:457).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Volgens hierdie inspeksieverslag uit die Rustenburgse landdroskantoor, is Groenkloof op 9 Augustus 1841 geïnspekteer. Coetzee (1992b:11) stel dit dat LC Bronkhorst hom in 1839/40 in die Fonteinedal gevestig het, terwyl Roodt-Coetzee (1955:127) dit stel dat die twee Bronkhorstbroers hulle waarskynlik in 1840 daar gevestig het. Nie een van hierdie werke toon hul bronne aan nie.

Die fontein op die plaas het eers as Bronkhorstfontein bekend gestaan (Lochhead 1913:33), maar vandag word dit die Fonteine genoem. Hy het sy plaas Groenkloof genoem (Dunston 1992:16; Preller 1938:76). Die plase Groenkloof, wat aan LC Bronkhorst behoort het, en Elandspoort, wat aan JGS Bronkhorst behoort het, was volgens Coetzee (1993:7) die eerste twee plase in die gebied en word saam met vier-en-twintig ander plase op die genoemde inspeksierapport gelys. LC Bronkhorst maak in 'n brief aan die regering van die Zuid-Afrikaansche Republiek (ZAR) melding van hierdie inspeksierapport (NAB, SS, R60/64). Dit dien as onomstootlike bewys dat albei die Bronkhorstbroers hulle voor 1841 in die Pretoria-omgewing moes gevestig het.

JGS Bronkhorst verlaat Natal in 1839 en gaan woon by Potchefstroom (Beyers 1981:61). Beyers se bron word weer eens nie spesifiek vermeld nie. Vir beide die Bronkhorstbroers is daar op 3 Junie 1839 aansoek gedoen om plase aan die Vaalrivier te bekom (NAB, RAK 2433:5 - inskrywing no 20 en 21). Hulle moes hulle dus op hierdie tydstip reeds in die omgewing van die Vaalrivier bevind het. Volgens hierdie dokument doen JGS Bronkhorst ook op 14 Oktober 1839 aansoek dat drie plase aan die Wonderrivier vir hom geregistreer word (NAB, RAK 2433:7 - inskrywing no 98-100). LC Bronkhorst doen op 8 November 1839 aansoek om die registrasie van 'n plaas aan die Boskop (NAB, RAK 2433:8 - inskrywing no 120). J Bronkhorst doen op 4 Desember 1839 aansoek vir 'n plaas genaamd Bronkhorstdrift, geleë aan die Magaliesberg (NAB, RAK 2433:8 - inskrywing no 132). Aangesien dit reeds bewys is dat J Bronkhorst nie dieselfde persoon as JGS Bronkhorst is nie, kan hierdie inligting geïgnoreer word. Hieruit is dit duidelik dat die twee broers gedurende 1839 verder noord- en ooswaarts getrek het.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die volgende inligting oor die broers word in dieselfde dokument gevind en dateer uit 1840. JGS Bronkhorst doen naamlik op 9 Oktober 1840 aansoek dat sy plaas Elandspoort, waarop Pretoria later uitgelê sou word, saam met sy plaas Zwavelpoort, geleë aan die Bronberg, geïnspekteer word (NAB, RAK 2433:15 - inskrywing no 400-401). Laasgenoemde plaas is effens oos van die huidige Pretoria geleë. Hy moes dus die Pretoria-omgewing tussen Oktober 1839 en Oktober 1840 bereik het. Geen verdere melding word in die dokument van LC Bronkhorst gemaak nie.

AH Potgieter maak in 'n brief, gedateer 28 Augustus 1841, melding van G Bronkhors(t) (Pretorius & Kruger 1937:136). Hoewel daar soms na JGS Bronkhorst as Gerrit Bronkhorst verwys is, is dit nie moontlik om vas te stel of dit wel na hom is wat Potgieter verwys nie. Die kans daarvoor is weliswaar groot, aangesien Bronkhorst wel saam met Potgieter getrek het en as een van die leiersfigure verkies is. Die brief is te Potchefstroom geskryf, maar dit kan nie sonder meer as bewys aanvaar word dat JGS (of G) Bronkhorst in hierdie stadium nog daar woonagtig was nie. Indien dit wel na JGS Bronkhorst verwys, beteken dit bloot dat hy steeds as 'n leiersfiguur binne die Potgietergeledere beskou is, hoewel hy reeds in die Pretoria-omgewing gewoon het.

In 'n ander brief van Potgieter aan Andries Pretorius, gedateer 4 April 1842, maak hy melding van Gert Bronkhors(t) (Pretorius & Kruger 1937:160). Bronkhorst is saam met drie ander spioene deur Potgieter gestuur om verslag te doen oor Mzilikazi. Naas Bronkhorst word een van die spioene by die naam genoem, naamlik Philip Minnaar. Laasgenoemde persoon was die skoonseun van JGS Bronkhorst. Net soos in die bogenoemde geval beteken dit nie noodwendig dat Gert Bronkhorst wel JGS Bronkhorst is nie. Die brief maak egter melding van blanke kinders wat deur Mzilikazi ontvoer is (Pretorius & Kruger 1937:160, 162). Omdat een van hierdie kinders dié van JGS Bronkhorst was (Beyers 1981:61), is die kans groot dat Gert Bronkhorst wel dieselfde persoon is.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Uit verskeie ander dokumente ten opsigte van die Volksraad te Ohrigstad, kan afgelei word dat JGS Bronkhorst en G Bronkhorst dieselfde persoon is (Breytenbach & Pretorius 1949:14-16, 24-25, 27, 34-35, 41-42, 45, 53-56, 165, 169, 219-220, 224-225, 238,244-245). Dit bevestig voorts dat hy tussen 1845 en 1848 te Ohrigstad woonagtig was.

Volgens Bergh (1999d:129) is plase aan die Apiesrivier so vroeg soos 1839 aangeteken. Op 30 Oktober 1840 doen ook die volgende persone aansoek dat hulle plase, tans in die Pretoria-omgewing, geïnspekteer word:

| | |
|---|---|
| DJ Erasmus | Wonderboom (NAB,RAK 2433:142 - inskrywing no 467) |
| SM Jacobs weduwee | De onderste poort (NAB, RAK 2433:142 - inskrywing no 468) |
| DJ Oosthuise | Rietfontein (NAB, RAK 2433:142 - inskrywing no 142). |

Uit 'n ander dokument is dit duidelik dat die inspeksie van die volgende plase ook gedurende 1840 in hierdie gebied aangevra is:

| | | |
|---|---|---|
| SH Janse van Rensburg | Doornpoort | 6 November 1840 (NAB, RAK 2433:145 - inskrywing no 555) |
| SJ Bronkhorst weduwee Oosthuise | Garsfontein | 7 November 1840 (NAB, RAK 2433:145 - inskrywing no 580) |
| LC Holsthuize | Tigerpoort | 7 November 1840 (NAB, RAK 2433:145 - inskrywing no 581) |
| JA Bantjies | Rietfontein | 9 November 1840 (NAB, RAK 2433:146 - inskrywing no 582) |
| J du Pre | Du Presdrift | 18 November 1840 (NAB, RAK 2433:149 - inskrywing no 704). |

Ook in hierdie dokument word daar geen verdere melding van LC Bronkhorst gemaak nie. Bergh (1999d:129) dui aan dat die plase Derdepoort en Zwavelpoort, in die Pretoria-omgewing, in 1840 aangeteken is.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die aangeleentheid rondom die Bronkhorstbroers word verder gekompliseer aangesien 'n dokument van 1 Augustus 1845 ook deur Jan, Klaas, Gys en LC Bronkhorst, sowel as L Broncors onderteken is (Pretorius & Kruger 1937:186-188; Breytenbach & Pretorius 1949:19-20). Ook hierdie dokument gee geen aanduiding van waar die persone woonagtig was nie en is dus nie van belang ten opsigte van die oplossing van die probleem wat aangespreek word nie. Dit beteken egter wel dat LC Bronkhorst en L Broncors verskillende persone is. Ander inligting maak melding van 'n sekere Louw Bronkhorst (Breytenbach 1952:10, 31), hoewel dit nie seker is of dit dieselfde persoon as L Broncors is nie. Gevolglik kan alle dokumente waarin die naam L Broncors voorkom geïgnoreer word.

LC Bronkhorst het wel op 4 Augustus 1845 vir hom die plaas Vlaf dref aan die Steelpoortrivier laat aanteken (Breytenbach & Pretorius 1949:182). LC Bronkhorst, wat hom op Groenkloof gevestig het, het egter 'n seun met dieselfde name gehad (NAB, 0/19422). Omdat LC Bronkhorst senior se kleinkinders 'n brief aan die weesheer oor die erfporsie wat hulle moet ontvang, vanuit Middelburg geskryf het (NAB, 0/19312), dui dit daarop dat dit moontlik die seun en nie die pa was wat vanuit Pretoria verhuis het nie. Die boedels word as geloofwaardige inligting beskou omdat boedelinligting juis akkuraat weergegee word met die oog op die verdeling van 'n persoon se bates ten tye van sy afsterwe. Wilmans (1990:5, 13) maak die fout deur hierdie boedel as dié van LC Bronkhorst senior te aanvaar en beweer gevolglik dat hy twee keer getroud was. Noukeurige argivale navorsing toon egter duidelik dat hierdie sy seun (LC Bronkhorst junior) se boedel was en dat LC Bronkhorst senior se boedelnommer 0/19422 is.

LC Bronkhorst word slegs in enkele ander dokumente vermeld. Die Volksraad te Ohrigstad keer op 21 Januarie 1846 goed dat hy 'n stuk grond ontvang in ruil vir grond waardeur 'n watervoor loop (Breytenbach & Pretorius 1949:30). Ongelukkig meld die dokument nie waar hierdie grond geleë is nie.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Op 22 Januarie 1846 kom die naam Lucas Bronkhorst senior in 'n Volksraadsnotule, van 'n vergadering wat te Ohrigstad gehou is voor (Breytenbach & Pretorius 1949:31). Dit is onseker of dit wel LC Bronkhorst is. Dit kan egter ook nie as bewys dien dat hy te Ohrigstad woonagtig was nie, omdat dit bloot die sittingsplaas van die Volksraad was. 'n Sekere Lucas Bronkhorst is ook een van die mede-ondertekenaars van 'n brief wat op 20 April 1846 geskryf is (Breytenbach & Pretorius 1949:204-208). Dit is nie moontlik om hiervan af te lei of dit wel LC Bronkhorst is en of hy hom in hierdie stadium steeds in die Pretoria-omgewing bevind het nie.

'n Brief wat aan die Volksraad gerig is en op 12 Mei 1846 te Ohrigstad geskryf is, is deur 'n L, 'n D en 'n G Bronkhors onderteken (Breytenbach & Pretorius 1949:209). Die L Bronkhorst verwys waarskynlik na Louw Bronkhorst, maar daar was ook 'n Louis Bronkhorst (Breytenbach 1951:493) na wie dit kan verwys. Op 24 September 1846 onderteken LC Bronkhorst en sy broer 'n dokument wat die uitvloeisel van 'n algemene publieke byeenkoms te Ohrigstad was (Breytenbach & Pretorius 1949:219-220). Daar kan egter nie aanvaar word dat hy hom hier gevestig het nie, aangesien hy moontlik spesiaal vir die vergadering na Ohrigstad kon gereis het.

In 'n brief aan die Volksraad, gedateer 7 Januarie 1848 en geskryf aan die Spekboomsrivier kla LC Bronkhorst oor die verkoop van 'n plaas (Breytenbach & Pretorius 1949:244). Dit gee egter geen aanduiding van waar hy hom in hierdie stadium bevind het nie en kan moontlik deur sy seun (LC Bronkhorst) geskryf wees. Beide die Steelpoort- en Spekboomsrivier is in Mpumalanga, tussen Middelburg en Lydenburg. Dit wil dus voorkom asof beide hierdie briewe deur LC Bronkhorst junior geskryf is.

'n Verdere brokkie argivale inligting in verband met LC Bronkhorst kom uit 1848. Op 1 Augustus hierdie jaar is hy mede-ondertekenaar van 'n dokument waarin Potgieter se mag as leier van die

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Trekkers uitgespel word (NAB, SS1B). Ongelukkig word geen plek vermeld nie, maar Bronkhorst kon natuurlik gereis het na die plek waar die dokument onderteken is. Gevolglik is dit nie van groot belang ten opsigte van die vestigingsgeskiedenis van Pretoria nie.

Verdere verwysings na LC Bronkhorst word in die vroeë vyftigerjare van die negentiende eeu gevind. Op 6 Januarie 1851 onderteken 'n L Bronkhors 'n dokument (Breytenback 1950:200). Daar kan natuurlik nie sekerheid wees of L Bronkhorst wel LC Bronkhorst is nie. LC Bronkhorst onderteken op 4 Januarie 1853 'n dokument te Potchefstroom (Breytenbach 1950:371-372) en op 12 Oktober 1853 'n dokument te Pienaarsrivier (Breytenbach 1950:482). Hierdie dokumente werp egter geen lig op die vestiging van LC Bronkhorst nie en die tydperk daarvan is reeds na die aanvanklike vestiging in die Pretoria-omgewing, wat beteken dat dit nie van toepassing is ten opsigte van die probleem wat hier aangespreek word nie.

LC Bronkhorst onderteken op 20 November 1865 'n dokument in die distrik Pretoria (Breytenbach & Joubert 1953:349). Omdat die moontlikheid van 'n reis nie uitgesluit kan word nie, beteken dit nie noodwendig dat hy hom steeds in Pretoria gevestig het nie. Sy boedel (NAB 0/19422) dui egter daarop dat hy in Pretoria woonagtig was. Die datum van sy afsterwe is onbekend, aangesien geen sterfkennis in die boedel voorkom nie. In die boedel word vermeld dat die plaas Groenkloof deur hom nagelaat is. Geen ander plase word vermeld nie. Dit dui dus daarop dat hy hom in Pretoria gevestig het tot met sy dood.

Teenoor bostaande inligting kry ons die volgende foutiewe inligting uit ander bronne: Van der Waal (1994:3) beweer dat die Bronkhorsts, Minnaars en Van der Walts in 1842 in die area ingetrek het. Pretorius (g.d.:5) en Peacock (1955:5) meld dat JGS Bronkhorst sy plaas Elandspoort, in 1842 aangelê het. Volgens Preller (1925:137) was LC Bronkhorst reeds teen 1842 hier gevestig, terwyl sy

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

broer GS Bronkhorst in hierdie jaar sy plaas begin uitlê het. Dit is duidelik dat Van der Waal, wat geen bronverwysing gee nie, se inligting onwaar is. Peacock en Pretorius benut Preller as bron. Preller maak van die mondelinge getuienis van MJ Minnaar gebruik, wat weliswaar by die gebeure betrokke was, maar wat vanweë die tydsverloop tussen die gebeure en haar verslagdoening daaroor (ongeveer 80 jaar) noodwendig nie al die inligting korrek kon onthou nie.

Peacock (1956:16-17) se bewering dat beide LC en JGS Bronkhorst eers in 1844 in die omgewing gevestig het, is ook onwaar. Dit is boonop strydig met sy inligting soos hierbo vermeld. Hierdie skrywer se weergawes is afkomstig van 'n onderhoud wat met 'n kleindogter van JGS Bronkhorst, MM Postma gevoer is. Omdat sy op 'n rype ouderdom ondervra is, is dit moontlik dat die spesifieke datums wat deur haar onthou is, nie korrek is nie. Ook Pieterse (1942:25) konstateer foutiewelik dat die Bronkhorstbroers hulle in 1844 hier gevestig het, maar dui geen bronverwysing aan nie. Hoewel nie een van die genoemde skrywers waarskynlik doelbewus foutiewe inligting weergee nie, is foute as gevolg van die oorskryf van foutiewe inligting (waarskynlik uit Peacock (1956)), daargestel.

Verskeie bronne dui aan dat blanke setlaars na 1843 in groot getalle vanaf Natal, en ná die Slag van Boomplaats in 1848, in die Pretoria-omgewing aangekom het (Punt 1993:3; Du Preez 1978:7; Roodt-Coetzee 1955:128; Peacock 1955:6-7). Die Bronkhorstbroers moes gewis voor hierdie tyd reeds daar gevestig het.

Die reeds genoemde Plaas requesten-registers (NAB, RAK 2433 en 2434) gee egter ook die volgende inligting uit 1839, wat van belang ten opsigte van die geskiedenis van Pretoria kan wees. JC Kronie doen op 18 Desember 1839 aansoek om die plaas Waterkloof, geleë aan die Magaliesberg (NAB,RAK 2433:9 - inskrywing no 173) en AJ Pelser op 24 Desember 1839 om die plaas Scheerpoort, geleë aan die Magaliesberg (NAB,RAK 2433:9 - inskrywing no 178; NAB,RAK

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

2434:179). Hierdie plaasname mag die indruk skep dat dit in die Pretoria-omgewing is. Die plaas Waterkloof is egter die een in die Rustenburg distrik (Aktekantoor, Pretoria; Kantoor van die Landmeter-generaal 1960; NAB, RAK 2680 - geen pp. no.), terwyl Scheerpoort ook te ver wes lê om as deel van die Pretoria-omgewing beskou te word. Gevolglik moet die vestiging op hierdie plase nie in ag geneem word in die vestiging van blankes in die Pretoria-omgewing nie.

Die enigste wat duidelik is uit al hierdie skrywers se weergawes, is dat dit nie seker is wie eerste in die Pretoria-gebied gevestig het en spesifiek wanneer dit was nie. Nietemin wil dit voorkom of die waarskynlikheid groot is dat dit JGS Bronkhorst, teen die einde van 1839 of vroeg in 1840 was en dat sy broer LC Bronkhorst hom eers later in 1840 of 1841 (voor Augustus) daar gevestig het. Dit beteken dat LC Bronkhorst nie die eer toekom om die eerste blanke setlaar van die Pretoria-omgewing genoem te word nie.

Die aanname dat LC Bronkhorst die eerste blanke setlaar in hierdie omgewing was, is dus foutief. Die vraag kan tereg nou gevra word waarom hierdie inligting oor die jare heen as die waarheid aanvaar is. Die antwoord is eintlik heel eenvoudig.

JGS Bronkhorst het in 1845 na Ohrigstad getrek, waar hy op 29 Februarie 1848 (figuur 5.11) aan malaria dood is (NAB, A 1045). Beyers (1981:60) gee sy sterfdatum as 25 Februarie aan, maar eersgenoemde datum word aanvaar vanweë die feit dat die oorspronklike argivale dokument sowel as die gedenksteen te Ohrigstad dit bevestig en daar geen rede bestaan waarom hierdie dokument se inligting foutief sou wees nie.

Op 2 Augustus 1845 is die plaas Klipvanteyn vir hom te Ohrigstad aangeteken (Breytenbach & Pretorius 1949:169). In drie dokumente word daar na die weduwee van Bronkhorst verwys, naamlik

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

op 21 April 1848, 19 September 1848 en 6 Oktober 1848 (Breytenbach & Pretorius 1949:82, 238, 261). Twee dokumente wat te Andries Ohrigstad deur hom onderteken is en waarvan die datum 6 Desember 1845 is, bevestig die voorafgaande (NAB, SS1B, Pretorius & Kruger 1937:195-197). Verskeie ander dokumente waarin die naam JGS Bronkhorst voorkom, dien ook as bevestiging hiervan (Pretorius & Kruger 1937:228-229, 236, 260-268). Dokumente wat melding van Gerrit Bronkhorst maak en bostaande bevestig, is ook gevind (Pretorius & Kruger 1937:237, 240). Omdat verskeie van die genoemde dokumente na dieselfde gebeurtenis verwys, naamlik die stryd tussen die Volksraadsparty en AH Potgieter se ondersteuners (Breytenbach & Pretorius 1949:xxv) kan aanvaar word dat Gerrit Bronkhorst wel JGS Bronkhorst is, aangesien hy 'n leidende rol in hierdie geskil gespeel het.

Omdat JGS Bronkhorst Pretoria verlaat het en hom te Ohrigstad gaan vestig het, word sy verblyf in die Pretoria-omgewing waarskynlik net as tydelik gesien en word hy derhalwe nie as een van die eerste blanke setlaars van die stad beskou nie. As daar in ag geneem word dat die bekende Voortrekkerleier Andries Hendrik Potgieter as die stigter van onder andere Potchefstroom en Ohrigstad beskou word, terwyl hy hom nie permanent daar gevestig het nie, kan daar tot geen ander gevolgtrekking gekom word as dat Johannes Gerhardus Stephanus Bronkhorst sy plek in die Pioniersgeskiedenis van Transvaal (en spesifiek Pretoria) misgun word nie.

Wat die datum betref, is die enigste afleiding wat gemaak kan word dat JGS Bronkhorst hom tussen 1839 en 1840 hier gevestig het (vergelyk Punt 1993:3). Soos wat die argivale dokumentasie bewys, moes dit gewis voor Oktober 1840 gewees het. Enige verwysing dat dit na hierdie datum was, moet derhalwe foutief wees (figuur 5.12).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

## 6.2 Die eerste huis van 'n blanke in die Pretoria-omgewing

Die volgende aanname wat aangespreek moet word, is of die struktuur waarvan hier sprake is, wel as die eerste huis gebou deur 'n blanke persoon in die Pretoria-omgewing beskou kan word. Die oorblyfsels van 'n reghoekige struktuur in die Fonteinedal word algemeen as die huis van LC Bronkhorst aanvaar en gesien as die oudste huis van Westerse oorsprong in die omgewing (Punt 1993:3). Punt maak nie van bronverwysings gebruik nie. Sy stelling kan as verteenwoordigend van die populêre aanname ten opsigte van die Bronkhorsthuis beskou word en sal in die gedeelte wat volg reggestel word. Omdat geen argivale kaart beide hierdie huise aandui nie, moet daar op inligting van ander skrywers teruggeval word.

Sommige skrywers stel dit dat JGS Bronkhorst 'n kliphuis op sy plaas, Elandspoort, gebou het (Preller 1938:12; Wilmans 1990:7). In hierdie geval kan die inligting uit Preller aanvaar word, aangesien hy dit self geverifieer het. Wilmans maak van Peacock (1956) gebruik, wat dus in hierdie geval betroubaar blyk te wees. JGS Bronkhorst se huis was geleë waar die ou NZASM-brug die Apiesrivier kruis (Peacock 1955:5; Visser 1992:8), dit wil sê noord van die Elandspoort, maar oos van die rivier in die Fonteinedal (Roodt-Coetzee 1955:126; Preller 1925:139; Preller 1938:14).

Oor die presiese lokaliteit van hierdie huis is daar onsekerheid. Peacock (1956:16) en Wilmans (1990:7) (sien punt 3) dui foutiewelik aan dat die huis wes van die rivier gebou was. Hierdie fout kan aan twee redes toegeskyf word. Mev MM Postma, met wie Peacock ‘n onderhoud gevoer het, het foutiewelik (waarskynlik as gevolg van ‘n swak geheue) die inligting so oorgedra. Mev MJ Minnaar, op wie se herinnering Roodt-Coetzee steun, het vertel dat daar twee keer deur die Apiesrivier gegaan moes word om van JGS Bronkhorst se huis af, dié van LC Bronkhorst te bereik (dit wil sê van oos na wes en dan weer van wes na oos), aangesien dit die maklikste pad was. Mev Minnaar meld dat eersgenoemde huis oos van die rivier gebou was – iets wat strook met die inligting uit Preller.

UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Hoewel mev Postma dus die roete tussen die huise korrek onthou het (soos sy dit waarskynlik van mev Minnaar verneem het), het sy foutiewelik aangedui dat JGS Bronkhorst se huis wes van die rivier geleë was.

Dit is interessant dat ook Roodt-Coetzee se inligting verwarrend is. Hoewel sy aandui dat die huis oos van die rivier geleë is, beskryf sy die posisie daarvan as by die teenswoordige swembad, wat wes van die rivier geleë is. Laasgenoemde is in elk geval 'n foutiewe aanduiding, omdat die huis nie daar geleë was nie, maar by die NZASM-brug (vergelyk Preller 1925:139 en 1938:14). Wilmans het hierdie inligting onkrities uit Peacock (wat met mev Postma 'n onderhoud gevoer het) en Roodt-Coetzee oorgeneem en kan dus nie in hierdie geval as betroubaar aanvaar word nie.

Hierdie huis van JGS Bronkhorst is ná 1842 gebou. Toe JGS Bronkhorst se dogter (MJ Minnaar) en haar eggenoot (PK Minnaar) in 1844 in die area ingetrek het, het LC Bronkhorst nog nie 'n huis gebou nie (Preller 1938:13). Peacock (1955:5) meld dat LC Bronkhorst naby die fontein se oog vir hom 'n aanleg gemaak het. Wat met 'n "aanleg" bedoel word, is nie seker nie, maar uit die getuienis wil dit blyk dat, indien dit wel 'n huis ingesluit het, dit niks meer as 'n hartbeeshuisie was nie. Die Minnaars het in 1845 saam met JGS Bronkhorst na Ohrigstad verhuis (Wilmans 1990:6; Peacock 1955:5). Dit beteken dat JGS Bronkhorst sy huis tussen 1842 en 1845 moes gebou het. In 1848 trek die Minnaars terug na die Pretoria-omgewing. MJ Minnaar beskryf LC Bronkhorst se huisie in hierdie tyd as slegs 'n skerm. Ook Peacock (1955:5), wat sy getuienis op Preller (1938) berus, gebruik hierdie term. Preller (1938:9) beskryf dit as 'n "hartebees-opstalletjie" en vertaal dit in Engels met die woord "shack". Wilmans (1990:6) en Roodt-Coetzee (1955:131) sê dat dit van turfsooie gebou was. Al die genoemde gevalle dui daarop dat die huisie geensins in sy geheel of gedeeltelik met klip gebou was nie.

In teenstelling hiermee toon die struktuur wat ondersoek is duidelike klipmure, wat impliseer dat dit

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

eers na 1848 gebou is. Derhalwe moet die huis van JGS Bronkhorst beskou word as die eerste van sy soort wat deur 'n blanke in hierdie omgewing opgerig is. Hierdie huis, waarvan Preller volgens Roodt-Coetzee (1955:131) nog in 1917 oorblyfsels gesien het, is ongelukkig na 1956 vernietig (Wilmans 1990:7).

Wilmans (1990:6) en Peacock (1955:5) meld egter dat beide LC en JGS Bronkhorst teen 1842 die eerste hartbeeshuisies gebou het. Indien dit waar is, is die enigste afleiding wat gemaak kan word dat hierdie hartbeeshuisies wel die eerste huise, gebou deur 'n blanke persoon in hierdie omgewing, was. Dit verklaar egter nie waarom LC Bronkhorst in 1848 in ‘n swakker woning, naamlik ‘n skerm sou woon nie. Hierdie inligting kom egter ook uit Preller se weergawe van die herinneringe van MJ Minnaar en is waarskynlik, soos reeds uitgewys, nie baie betroubaar nie. Omdat die struktuur wat ondersoek is duidelike klipmure toon en JGS Bronkhorst se huis, waarvan hierbo melding gemaak word, ook van klip gebou was, blyk dit dat die struktuur wat ondersoek is moontlik nie LC Bronkhorst se eerste woning was nie. Die getuienis oor hoe LC Bronkhorst se huis gelyk het, verskil ook in so 'n mate van dit van die struktuur wat ondersoek is, dat hierdie stelling as 'n feit aanvaar kan word. Dit is moontlik na hierdie vroeëre struktuur wat Wilmans en Peacock verwys.

Daar is egter 'n verdere kinkel in die kabel wat bepalend is ten opsigte van die rede waarom LC Bronkhorst se huis as die oudste Westerse struktuur in die omgewing gesien word. Aansprake word ook gemaak dat Andries van der Walt die eerste huis in die omgewing van Pretoria gebou het (NAB, 4033(b); Engelbrecht e.a. 1952:15). Engelbrecht en Van Jaarsveld (1982b:39) stel dit voorts dat dié huis op die plaas Elandspoort, in die omgewing van die huidige Pretoria-spoorwegstasie, gestaan het (figuur 5.13). Elandspoort was aanvanklik die eiendom van JGS Bronkhorst. Ná laasgenoemde se dood in 1848, is 'n gedeelte van die plaas, gedeelte 3, deur Van der Walt gekoop (Aktekantoor, Pretoria - sien ook p. 188). Van der Walt kon derhalwe sy huis eers hierna gebou het. Daar dit reeds hierbo vasgestel is dat JGS Bronkhorst sy huis tussen 1842 en 1845 gebou het, kan die huis van Van

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

der Walt onmoontlik nie die oudste wees nie.

Nietemin sinspeel skrywers soos Pieterse (1942:78) ook daarop dat Van der Walt se kliphuisie die oudste is, hoewel hy dit tog stel dat die huis uit 1848 dateer. Die rede waarom Van der Walt se huis deur sommige skrywers as die oudste in hierdie omgewing gesien word, is moontlik toe te skryf aan die ligging daarvan in die stedelike stadskern van Pretoria , terwyl JGS Bronkhorst se huis in 'n area geleë was wat, selfs vandag nog, onbebou is. Die rede waarom LC Bronkhorst se huis as die oudste gesien word, is moontlik omdat beide JGS Bronkhorst en Van der Walt se huise reeds totaal vernietig is. Derhalwe is hierdie aanname ook as foutief uitgewys, omdat dit nie die volle waarheid vertel nie. Die implikasie hiervan is dat die struktuur wat ondersoek is slegs as die oudste bestaande struktuur, wat met die blanke geassosieer word, in die Pretoria-omgewing beskou kan word.

Alle aanduidings uit die historiese bronne dui ook daarop dat die struktuur wat ondersoek is wel die huis van LC Bronkhorst is. Nieteenstaande die argeologiese konteks wat gefaal het om 'n finale antwoord op hierdie derde aanname te gee, moet dit so aanvaar word.

## 7. BESKRYWING VAN DIE STRUKTURE OP GROND VAN VERDERE HISTORIESE NAVORSING

Twee strukture is ondersoek, naamlik die reghoekige struktuur wat deur die literatuur as die oorblyfsels van die woonhuis van LC Bronkhorst uitgewys is, en die klipsirkel noordoos daarvan. Die inligting, wat deur die argeologiese ondersoek beskikbaar gestel is, is nou verder aangevul en gekontekstualiseer met inligting uit tydgenootlike geskrewe bronne. Daarvolgens is die afleidings wat hierna volg, in verband met die strukture gemaak. Twee bronne was veral nuttig ten opsigte van die vergelykende getuienis van dit wat gevind is met tydgenootlike strukture. Dit is naamlik Pretorius (1986 & g.d.).

UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

## 7.1 Woonhuis

Die argeologiese ondersoek, soos uitgevoer deur die Museum, het bevind dat die afmetings van die huis 8 x 5 meter is. Dit stem min of meer ooreen met dit wat bekend is oor die grootte van pionierswonings in Transvaal (Pretorius 1986:38). Die fondament van die struktuur is van leiklip en dolomiet gebou. Die mure van die struktuur kan maklik van die fondament onderskei word omdat dit verskillend gebou is (figuur 5.14). Historiese getuienis dui daarop dat alle geboue klipfondamente gehad het, selfs al was die mure van klei (Pretorius 1986:37). Die Pioniershuis in Silverton Pretoria, wat uit ongeveer 1848-1852 dateer, toon ook 'n klipfondament (historiese analogie: Pionier Museum) (figuur 5.15).

Voorts is daar geen binne- of verdelingsmure gevind nie. Dit rym met een vorm van die tradisionele hartebeeshuisies, daar dit soms uit net een langwerpige eetkamervertrek bestaan het (Roodt-Coetzee 1955:129; Pretorius 1986:29 en 36). Soms is gordyne gebruik om 'n onderskeid tussen vertrekke te maak (Pretorius 1986:37).

Die mure van die struktuur is tans slegs 0,35 meter hoog. Foto's wat uit 1955 dateer (Wilmans 1990:7), toon nog mure van 0,50 meter hoog op die terrein (figuur 5.16-5.17). Dit beteken dat die struktuur gedurende die laaste ongeveer 40 jaar vinniger agteruitgegaan het as tydens die eerste sowat 100 jaar van sy bestaan. Dit kan waarskynlik toegeskryf word aan die toenemende benutting van die terrein deur die mens. Die grootte van die klippe wat in die muur gebruik is, wissel tussen die grootte van 'n halwe en 'n driekwart baksteen. Dit is in lyn met historiese inligting (Roodt-Coetzee 1955:131), hoewel die gebruik van klip in die mure van pionierswonings minder algemeen was (Pretorius 1986:35).

Geen aanduiding van 'n vloer is gevind nie. Die enigste verklaring hiervoor is dat die vloer op die een

UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

of ander wyse deur die jare tot niet gegaan het, omdat vloere gewoonlik maar van klei en beesmis gemaak was (Pretorius 1986:35-39).

'n Opening is in die oostelike muur van die struktuur blootgelê. Dit is duidelik gedefinieër deur middel van groot klippe aan weerskante daarvan en is 0,77 meter wyd. Dit dien as genoegsame aanduiding om, saam met historiese inligting oor waar deure geplaas was, te aanvaar dat hierdie wel 'n deuropening tot die struktuur was. 'n Groot plat klip, wat in die deuropening gevind is, kon moontlik deel van die drumpel gewees het (figuur 5.8).

Die inligting wat van die argeologiese ondersoek verkry is, word ondersteun deur historiese inligting. 'n Kleindogter van JGS Bronkhorst, mev MM Postma (néé Minnaar) het tydens 'n besoek aan die terrein vertel dat die huis slegs een deur gehad het, en wel aan die oostekant daarvan (vergelyk ook Preller 1938:71 en Van Schalkwyk e.a. 1992:11). Gevolglik dien die argeologiese inligting in hierdie geval as interne kritiek, om die geloofwaardigheid van die historiese inligting vas te stel.

Dit is nie maklik om die opening in die westelike muur te verklaar nie. Moontlik het die vloei van water, helling af deur die jare, deur die opening in die oostelike muur beweeg en die westelike muur, regoor die deuropening, uitgekalwe.

Uit die argeologiese ondersoek kon geen inligting oor die dakkonstruksie van die huis verkry word nie. Grasdakke was 'n baie algemene verskynsel onder pionierswonings in Transvaal (Pretorius 1986:36). Die Pioniershuis in Silverton het ook 'n grasdak (historiese analogie: Pionier Museum). Daar kan egter nie sonder meer aanvaar word dat dit ook hier die geval was nie.

UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Geen bewys is uit die argeologiese ondersoek van die struktuur verkry dat dit wel 'n woonhuis was nie. Die vind van huishoudelike artefakte soos 'n deel van 'n pyp (vir rook) se steel en porselein, gee tog 'n aanduiding dat die struktuur 'n woonhuis kon gewees het. Gerugsteun deur 'n sterk historiese tradisie, kan daar aanvaar word dat dit wel 'n woonhuis was.

Die tradisie dui ook onteenseglik daarop dat dit wel die woning van LC Bronkhorst was. Hoewel laasgenoemde nie argeologies bewys kon word nie, kan die teenstelling ook nie bewys word nie. Derhalwe beteken dit dat die laaste twee aannames rondom LC Bronkhorst en sy huis, wel as feitelik korrek bewys is, anders as die eerste twee aannames.

## 7.2 Klipsirkel

Die klipsirkel is argeologies ondersoek aangesien dit moontlik die oorblyfsels van 'n kookskerm kon gewees het. Kookskerms was 'n algemene verskynsel by die vestiging van die vroeë pioniers (Roodt-Coetzee 1955:129). Ook in hierdie geval kon geen argeologiese inligtig ingewin word ten einde hierdie siening te staaf nie. Dit moet onthou word dat die gebrek aan argeologiese bewyse nie noodwendig 'n bevestiging van die teenoorgestelde is nie. 'n Vergelyking van dit wat gevind is met historiese inligting, het die volgende aan die lig gebring.

Die ligging van die klipsirkel, oos van die huisie, strook met bekende historiese inligting (Roodt-Coetzee 1955:131; Ferreira 1986:104). Ook die vorm daarvan is in oorstemming met dit wat bekend is uit historiese inligting (Ferreira 1986:104). Die klipsirkel se deursnit wissel egter tussen 2,25 en 2,70 meter en is dus effens kleiner as dit wat histories bekend is, naamlik sowat 3-4 meter (Ferreira 1986:104).

Geen fondament is hier gevind nie, hoewel die klippe stewig in die grond ingebed is. Indien daar

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

aanvaar word dat dit wel 'n kookskerm was en nie 'n formele gebou nie, maak dit sin.

Geen aanduiding van 'n moontlike vloer is gevind nie, maar omdat dit nie 'n formele gebou is nie, is dit nie vreemd nie. Kookskerms het soms mis- of kleivloere gehad (Ferreira 1986:107). Daar is ook geen tekens van 'n werksoppervlakte, byvoorbeeld 'n asserige laag wat op die gebruik van vuur dui, gevind nie. Vanweë die steil helling is dit moontlik dat sodanige afsetting met die jare kon weggespoel het.

Geen teken van mure is ook gevind nie. Alle kookskerms het nie altyd mure gehad nie. Indien dit wel 'n kookskerm met mure was, sou dit waarskynlik van houtpale, riete en takke gemaak gewees het (Van Schalkwyk e.a. 1992:14).

'n Opening is aan die westekant van die struktuur gevind (figuur 5.2). Dit lyk wel soos 'n ingang en daar kan aanvaar word dat dit wel die ingang tot die kookskerm is, mits dit wel 'n kookskerm was. Dit is voorts logies dat die ingang na die huis se kant toe wys.

Kookskerms het soms 'n dak gehad (Roodt-Coetzee 1955:131), wat waarskynlik van gras gemaak sou wees, met 'n gat bo-in om die rook uit te laat. Dit kon ook met riet gedek word (Van Schalkwyk e.a 1992:14). Dit is egter nie moontlik om op grond van die beskikbare getuienis te bepaal hoe die dak van hierdie struktuur daar uitgesien het en of dit wel ‘n dak gehad het nie.

Ten slotte kan gekonstateer word dat die teenwoordigheid van die klipsirkel so naby aan die woonhuis, met 'n opening aan die regte kant daarvan en aan die regte kant van die huis (volgens historiese inligting) net te toevallig blyk te wees om nie stand te hou nie. Daarom word daar aanvaar

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

dat hierdie struktuur wel 'n kookskerm was.

## 8. KULTURELE MATERIAAL

Dit moet duidelik gestel word dat die bestudering van historiese foto's van die ruïne (vergelyk Roodt-Coetzee 1955 en Wilmans 1990) duidelik verskil van die huidige terrein ten opsigte van die hoogte van die mure van die struktuur (vergelyk figuur 5.16-5.17). Daaruit kan duidelik gesien word dat die mure in die resente verlede in 'n groot mate agteruitgegaan het. Die implikasie hiervan is dat sommige van die gevonde materiaal nie direk met die ruïne geassosieer kan word nie, omdat dit in later jare in die afsetting neergelê is.

Sommige van die artefakte het egter gewis 'n verband met die woonhuis. Slegs hierdie artefakte sal bespreek word. Die volgende afleidings is van die materiaal wat gevind is, gemaak.

### 8.1 Keramiek

#### 8.1.1 Porselein

Die porselein wat gevind is, het geen versiering gehad nie. Die enigste aanduiding wat gevolglik vir dateringsdoeleindes gebruik kan word, is die dikte van die porselein, hoewel dit nie 'n baie betroubare aanduiding gee nie (persoonlike mededeling: CJ Hogewind). Die porseleinskerwe wat gevind is, blyk nietemin te resent te wees om met die aanvanklike vestiging van LC Bronkhorst geassosieer te word (Van Vollenhoven 1998c:158).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

### 8.1.2 Steenware

Een stuk steenware is gevind (figuur 5.18). Dit is geïdentifiseer as die lipgedeelte van 'n gemmerpot uit die laat negentiende of vroeg twintigste eeu (Klose & Malan 1993:16). Omdat dit 'n huishoudelike voorwerp verteenwoordig, kan dit wel met die huis geassosieer word, hoewel dit nie uit die beginjare van Bronkhorst se vestiging daar dateer nie (Van Vollenhoven 1998c:158).

### 8.1.3 Kaolien

Kaolien is 'n tipe klei, waarvan pypstele (vir rook) onder andere gedurende die laaste helfte van die negentiende eeu gemaak is. 'n Klein stukkie kaolien wat gevind is (figuur 5.19), is 'n deel van 'n pypsteel. Geen inligting kon verkry word om te bepaal of LC Bronkhorst of enige van sy familielede gerook het nie. 'n Meer spesifieke datum kon nie vir die kaolien afgelei word nie, hoewel kaolien pypstele dikwels aangewend word om terreine te dateer, deur die binnekantste deursnit daarvan te meet. Sodanige inligting is egter net tot 1800 bekend (Deetz 1967:41). Aangesien hierdie terrein gewis jonger as dit is, kan geen datum hiervan afgelei word nie. Pype is tot in die vroeë twintigste eeu van kaolien gemaak. Die stukkie pypsteel kan dus dateer uit enige tyd tussen 1840 en ongeveer 1910.

## 8.2 Glas

Drie skerwe is geïdentifiseer as skerwe van groen mineraalwaterbottels en kan op die tydperk ca 1870-1890 gedateer word (persoonlike mededeling: C J Hogewind) (figuur 5.20). Gevolglik is dit moontlik dat hierdie drie skerwe met die huis geassosieer kan word, hoewel dan met 'n latere fase van die bewoning daarvan.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

## 8.3 Metaal

### 8.3.1 Spykers

Spykers wat gevind is, is van die platkoptipe en is soortgelyk aan spykers wat algemeen in gebruik was sedert 1870, maar wat vandag steeds in gebruik is (figuur 5.21). Hoewel die spykers moontlik tydens 'n latere fase in die huis se bewoning gebruik kon gewees het, is dit hoogs onwaarskynlik dat Bronkhorst dit tydens die bou van die huis sou gebruik het (Van Vollenhoven 1998c:159). Voor 1870 is houtpenne en rieme gebruik om byvoorbeeld balke mee vas te maak (vergelyk die Pioniershuis, Silverton).

### 8.3.2 Blikplaat

In opgrawing 1 is stukke blikplaat gevind. Voorwerpe wat van blik of tin gemaak is, was reeds bekombaar gedurende die bewoningstydperk van die Bronkhortshuis (Van Vollenhoven 1998c:159). Dit is egter moeilik om die omvang van die gebruik van sodanige artikels vas te stel. Om hierdie rede is dit moontlik dat die blik wel met die huis in verband gebring kan word, maar dan ook met 'n latere fase daarvan. Sekerheid hieroor, sowel as oor die tipe artikel wat dit verteenwoordig, kon egter nie verkry word nie.

### 8.3.3 Knip

Die metaalknip wat gevind is, is 'n masjienvervaardigde vensterknip. Dit kan nie met die huis verbind word nie, daar sodanige voorwerpe nog nie in daardie tyd in gebruik was nie. 'n Vergelyking met die Pioniershuis in Silverton toon dat handgemaakte metaalskuiwe gebruik is om die vensters op knip te kry (historiese analogie: Pionier Museum).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

8.3.4 Skarnier

Drie stukke van 'n masjienvervaardigde skarnier is gevind. Ook hierdie voorwerp was nie in daardie tyd in gebruik nie en gevolglik kan die artefakte nie met die huis geassosieer word nie. Gedurende die pioniersfase is ruwe handvervaardigde skarniere wel gebruik (vergelyk die Pioniershuis, Silverton).

## 9. SAMEVATTENDE GEVOLGTREKKING

Die Kontekstuele paradigma berus onder andere op die veronderstelling dat soveel as moontlik inligting, wat lig op 'n terrein kan werp, geïnkorporeer moet word tydens die navorsing daarvan. Gevolglik is alle moontlike historiese inligting benut ten einde so na as moontlik aan die korrekte weergawe van die geskiedenis in verband met die Bronkhorsthuis te kom en sodoende aan die navorsingsbehoeftes te voldoen (vergelyk hoofstuk 10, punt 2.1). Omdat die navorser moontlik nie alles raaksien wat inligting oor 'n terrein kan verskaf nie, word 'n volledige stel figure geplaas, ten einde die leser in staat te stel om ook die volle konteks in ag te neem. Na die intensiewe historiese en argeologiese ondersoek van die terrein, kan daar tot die volgende gevolgtrekkings gekom word.

Historiese inligting bewys onteenseglik dat LC Bronkhorst nie die eer toekom om die eerste blanke inwoner van die Pretoria-omgewing genoem te word nie, omdat sy broer JGS Bronkhorst voor hom in die area gevestig het. 'n Tweede aanname rondom LC Bronkhorst is ook deur historiese inligting weerlê, naamlik dat sy woning gewis nie die eerste struktuur (woning) van Westerse oorsprong was, wat in dié omgewing opgerig is nie. Sy broer JGS Bronkhorst het die eerste huis in die Pretoria-omgewing opgerig, maar dié is ongelukkig afgebreek. Die oorblyfsels van LC Bronkhorst se huis is derhalwe slegs die oudste oorblyfsels van sodanige struktuur in hierdie omgewing.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die historiese inligting het daarenteen bewys dat die ruïne wat ondersoek is, wel die oorblyfsels van 'n woonhuis is. Huishoudelike artefakte en gedeeltes van die gevonde strukture wat blootgelê is, dui ook daarop dat hierdie ruïne 'n woonhuis was. Geen argeologiese bewys dat die huis dié van LC Bronkhorst was, kon gevind word nie. Omdat die meeste dateerbare artefakte wat blootgelê is uit die tydperk omstreeks ca. 1870 dateer, blyk dit dat die huis nog in hierdie tydperk bewoon is.

Artefakte wat uit die periode ca. 1840-1870 dateer, kon nie opgespoor word nie, sodat dit dus nie argeologies bewys kan word dat die huis gedurende hierdie tydperk bewoon is nie. Hoewel laasgenoemde nie argeologies bewys kon word nie, kan die teenstelling ook nie bewys word nie. Dit moet in gedagte gehou word dat die terrein versteur is en dat artefakte waarskynlik om hierdie rede nie gevind kon word nie. Omdat die ondersoek van die bekende historiese rekords, gebaseer op mondelinge oorlewering, wel daarop dui dat dit die huis van LC Bronkhorst was, word dit as genoegsame bewys hiervoor aanvaar.

Die benutting van die terrein as terreinmuseum (vergelyk figuur 5.4) spreek die erfenishulpbronbestuursbehoeftes aan (vergelyk punt 2.2 in hoofstuk 10). Dit is egter noodsaaklik om die korrekte inligting, in soverre dit bekend is, weer te gee sodat die gemeenskap nie mislei word nie. Hierdie aspek behoort reggestel te word.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

## 10. FIGURE

(Tensy anders aangedui is alle foto's, planne en kaarte deur A.C. van Vollenhoven geneem en geteken. Noord is aan die bokant van alle planne en kaarte, tensy anders vermeld.)




**Figuur 5.1** Ligging van die Bronkhorsthuis in die Fonteinedal, Pretoria. Dit is op kaart 2528CC, Verwoerdburg, van die Suid-Afrikaanse 1:50 000 topografiese reeks.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

**Figuur 5.2** Terreinkaart van die Bronkhorsthuis-terrein met die opgrawings daarop aangedui.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

FIGUUR 2. **BRONKHORSTHUIS: TERREINKAART MET OPGRAWINGS**




UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

**Figuur 5.3** Die terrein voordat daar met opgrawings begin is.

**Figuur 5.4** Die terrein na die opgrawings voltooi en weer toegegooi is en die Stadsraad van Pretoria 'n gedenkmuur daar opgerig het.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



**Figuur 5.5** Die suidoostelike hoek van die struktuur, opgrawing 1, tydens opgrawing.

**Figuur 5.6** Die suidoostelike hoek van die struktuur (muurfondament), na opgrawing.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

**Figuur 5.7** Opgrawing 2 deur die struktuur, met die muurfondament *in situ*, soos gesien vanuit die weste.

**Figuur 5.8** Die opening in die oostemuur van die struktuur, toon 'n groot klip (die plat klip in die middel van die foto), wat moontlik as 'n drumpel kon gedien het.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



**Figuur 5.9** Opgrawing 3, deur die klipsirkel oos van die huis.

**Figuur 5.10** Die klipsirkel, na opgrawing.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

**Figuur 5.11** Gedenksteen in die Voortrekkerbegraafplaas te Ohrigstad, wat die datum van JGS Bronkhorst se dood as 29 Februarie 1848 aandui. Die datum stem ooreen met dié op die oorspronklike argivale dokument, NAB, A1045, en word as geloofwaardig aanvaar (Terreinbesoek op 12.08.1997).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

**Figuur 5.12** Die gedenkplaat op die terrein van die Bronkhorstruïne. Die datum wat vir die bou van die huis gegee word, is foutief.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

**Figuur 5.13** Die huis van Andries van der Walt, wat omstreeks 1848 gebou is en deur sommige navorsers as die oudste huis van Westerse oorsprong in die Pretoria-omgewing beskou word (NAB, foto 4 033(b); Engelbrecht e.a.1952:15).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

**Figuur 5.14** Die binnekant van die muur van die Bronkhorstruïne toon duidelik die klipfondament daarvan.

**Figuur 5.15** Die klipfondament is duidelik sigbaar by die Pioniershuis in Silverton.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Fig. 3 Oorblyfsels van Lucas Bronkhorst se huisie in 1955.

7

**Figuur 5.16** Hierdie foto, wat in 1955 geneem is, toon dat die mure van die Bronkhorstshuis nog sowat 0,50 meter hoog is (Wilmans 1990:7).

**Figuur 5.17** Die mure, of die fondament daarvan, was in 1992 nog sowat 0,35 meter hoog.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



**Figuur 5.18** 'n Stukkie steenware, afkomstig van 'n gemmerpot, is in opgrawing 5 gevind (Foto: F.T. Dreyer, 1992, 92-4717).



**Figuur 5.19** 'n Stukkie pypsteel, gemaak van kaolien, is in opgrawing 3 gevind (Foto: F.T. Dreyer, 1992, 92-4716).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

**Figuur 5.20** Skerwe van 'n groen mineraalwaterbottel, gevind in opgrawing 2 (Foto: F.T. Dreyer, 1992, 92-4715).

**Figuur 5.21** Spykers wat by die Bronkhorstruïne blootgelê is (Foto: F.T. Dreyer, 1992, 92-4718).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# HOOFSTUK 6

## 'N ONDERSOEK NA 'N NEGENTIENDE EEUSE WATERVOOR IN KERKSTRAAT, PRETORIA-SENTRAAL

"Om voort te gaan as ander ophou
Selfs van voor af te begin
Om uit die puin weer te kan opbou
en jou neerlae te oorwin" (Koos du Plessis, Om deur te breek).

## 1. INLEIDING

Tydens die vervoetgangering van Kerkstraat, in Pretoria-sentraal in 1994, is oorblyfsels van 'n watervoor onder die oppervlakte van die sypaadjie gevind. Die kontrakteur het dit onder die aandag van die landskapsargitek gebring, wat dit aan die Stadsraad van Pretoria gemeld het (die Stadsraad was die opdraggewer vir die projek). Hierop is die Nasionale Kultuurhistoriese Museum genader om die aangeleentheid te ondersoek. Oorlegpleging tussen die betrokke partye het plaasgevind, waarop besluit is om die werksaamhede op die gedeelte van die terrein waar die voor gevind is, voorlopig te staak.

Die navorsing wat in verband met die watervoor gedoen is, het nie bevredigende resultate opgelewer nie, onder meer omdat alle moontlike inligtingsbronne nie benut is nie. Dit is die gevolg daarvan dat die Kontekstuele paradigma aanvanklik nie in hierdie geval benut is nie, waarskynlik omdat die proses van kontekstualisering en die daarmee gepaardgaande navorsing van die onmiddelike historiese konteks van 'n argeologiese terrein, te veel tyd in beslag neem - iets wat nie aanvanklik beskikbaar was nie, omdat die kontrakteur met sy werk op die terrein

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

moes voortgaan. Laasgenoemde aspek is belangrik, omdat dit dikwels gebeur dat tyd beperk is wanneer navorsing ten opsigte van die erfenis gedoen moet word ten einde dit van die een of ander ontwikkeling te red. Dit het noodwendig 'n invloed op die intensiteit van die navorsing wat gedoen word. In hierdie geval is 'n volledige terreinplan byvoorbeeld nie geteken nie, omdat daar eenvoudig nie tyd daarvoor was nie.

Deur opnuut na die inligting in verband met die watervoor te kyk en deur die Kontekstuele paradigma toe te pas, is nuwe insigte verkry. Hierdie bevindinge sal in hierdie hoofstuk aandag geniet, maar sal aan die hand van die bevindinge van vorige navorsing weergegee word. Die navorsing is ook 'n uitstekende voorbeeld van die benutting van die kultuurerfenis tot voordeel van die gemeenskap. Die grondeienaar, die Stadsraad van Pretoria, het die behoefte uitgespreek dat die terrein bewaar en vir die gemeenskap geïnterpreteer word. Gevolglik is die terrein van belang binne die kader van erfenisbestuur. Die area wat opgegrawe is, is nie baie groot nie, maar die netwerk van watervore wat in Pretoria versteek lê, is uitgebreid. Nietemin is dit die belangrikheid daarvan wat dit 'n besonderse navorsingsprojek maak. Deur die korrekte historiese inligting in te samel en weer te gee, word hierdie behoefte in die besonder vervul. Hierdie gemeenskapsbelang sluit by die gedagte van die verinheemsing van die kultuurerfenis aan, soos bespreek in hoofstuk 4. Omdat dit 'n tipiese voorbeeld van 'n kultuurerfenisterrein, wat om verskeie redes bo en behalwe dié van basiese navorsing belangrik is, is dit in hierdie studie ingesluit. Hierdeur word die erfenishulpbronbestuursbehoeftes dan ook aangespreek.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

## 2. LIGGING

Die watervoor wat ontdek is, is aan die suidekant van Kerkstraat, tussen Prinsloo- en Van der Waltstraat gevind (figuur 6.1). Dit is in die sentrale gedeelte van Pretoria, reg voor die Staatsteater. Die koördinate daarvan is 25° 44' 46,5"S en 28° 11' 39,3"O, op kaart 2528 CA, Pretoria, van die Suid-Afrikaanse 1:50 000 topografiese reeks.

## 3. TERREINBESKRYWING VOOR DIE AANVANG VAN DIE ARGEOLOGIESE ONDERSOEK

Die terrein is in die stedelike kern van Pretoria geleë; gevolglik het die gebied waar dit geleë is, 'n geskiedenis wat tot die ontstaan van die stad in 1855 terugstrek. Hierdie gedeelte van die stad is en was gedurigdeur onderhewig aan veranderinge as gevolg van ontwikkeling, soos wat ook die geval met die ontdekking van die watervoor was. Vandag huisves die straatblok tussen Prinsloo- en Van der Waltstraat die Staatsteater en Strijdomplein aan die suidekant en die Sammy Marksgebou en -plein en die Kynochgebou aan die noordekant. Die historiese ekwivalent van laasgenoemde twee geboue aan die suidekant van Kerkstraat is die ou Markgebou, wat in die laat sestigerjare van die twintigste eeu tot niet gemaak is.

Die area waar die watervoor gevind is, is vroeër jare as die markterrein gebruik. Aanvanklik was Kerkplein vir dié doel gebruik. Omdat dit as onaanvaarbaar beskou is dat kerk- en marksake op dieselfde plek plaasvind, is dit op 1 September 1882 na die plek verskuif wat oorspronklik as "Uitspanningsplein" bekend was. Dit is die blok tussen Van der Walt-, Kerk-, Prinsloo- en Pretoriusstraat en het van toe af as die markplein bekend gestaan (Jeppe & Kotzé 1887:1130-1131). Vendusies is tog steeds op Kerkplein gehou en is eers in 1889 finaal verbied (Van

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Schalkwyk e.a. 1994b:2). Die bron wat deur Van Schalkwyk benut is, is onduidelik. Daar die ondersoek juis die ondersoek van Van Schalkwyk onder die loep neem, sal hierdie bron mettertyd deeglik aan interne kritiek onderwerp word.

Volgens die kontrakteur is daar ook aan die noordekant van Kerkstraat stukke gestapelde leiklip tydens uitgrawings gevind. Dit dui op die moontlike bestaan van 'n watervoor of sypaadjie aan daardie kant van die straat. Tydens die ondersoek was dit egter reeds in so 'n mate vernietig dat die argeoloë dit nie kon bestudeer nie.

Verskeie lae teer is voorts onder die huidige padoppervlakte van Kerkstraat gevind, wat as 'n aanduiding dien van die veranderinge wat die gebied ondergaan het. Hierdie lae teer, die oorblyfsels van vorige padoppervlaktes, sowel as die tremspore van vroeër jare wat enkele dae voor die watervoor onder die padoppervlakte gevind is, is 'n bewys dat konstruksies van die verlede nie noodwendig vernietig word wanneer nuwe konstruksiewerk gedoen word nie.

Tydens verdere uitgrawings is 'n tweede watervoor deur die kontrakteur in Van der Waltstraat, loodreg tot die een in Kerkstraat, gevind. Dit het by nadere ondersoek geblyk op dieselfde wyse as die een in Kerkstraat gebou te wees, maar was net sowat 0,20 meter tot 0,25 meter diep. Dit wil voorkom asof dié voor met die een in Kerkstraat verbind is, maar as gevolg van verskeie veranderinge aan die pad op die hoek van Kerk- en Van der Waltstraat, is dit nie moontlik om sodanige verbinding te sien nie. Verdere historiese ondersoek is dus nodig ten einde 'n verklaring hiervoor te vind.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

'n Stormwaterkanaal is ook later deur die kontrakteur in die middel van Kerkstraat oopgegrawe. Dit is van bakstene en sement gebou en is waarskynlik jonger in ouderdom as die watervoor. Volgens die kontrakteur is die kanaal onder die betonblad, wat vir die spore van die elektriese trem gegooi was, geleë. Hierdie betonblad is teen ongeveer 1910 gebou (Van Schalkwyk e.a. 1994b:3). Die kanaal moes derhalwe voor 1910 opgerig gewees het, maar is klaarblyklik steeds in gebruik.

## 4. STAND VAN NAVORSING IN VERBAND MET DIE KERKSTRAAT WATERVOOR

Die geskiedenis van die Kerkstraat watervoor, soos deur die Nasionale Kultuurhistoriese Museum nagevors, sal nou weergegee word.

### 4.1 Bevindinge van die historiese ondersoek

Dit is bekend dat Pretoria aanvanklik deur middel van 'n stelsel van vore van water voorsien is (Van Schalkwyk e.a. 1994b:3). Die watervoor wat vanaf die dam in die Fonteinedal geloop het, was 0,92 meter (3 voet) wyd en 0,45 meter (18 duim) diep. Dit is tot aan die bo-punt of suidekant van Kerkplein aangelê. Kleiner watervore van 0,45 meter (18 duim) wyd en 0,30 meter (12 duim) diep is rondom Kerkplein uitgehaal. Hierdie vore het weer aan die onderkant (noordekant) van Kerkplein in 'n enkele groot watervoor bymekaargekom. Die regering het onderneem om self die water vanaf die plein na die verskillende erwe toe aan te lê. Hierdie projek is reeds in 1860 aangepak, maar daar is nie duidelikheid oor die voltooiingsdatum daarvan nie (Van Schalkwyk e.a. 1994b:4).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

'n Kaart van Pretoria, gedateer 1879, toon die watervore van die tyd aan(NAB 3/209). Geen voor word egter aan die suidekant van Kerkstraat aangetoon nie. Dit blyk ook dat daar min ontwikkeling op hierdie tydstip plaasgevind het, veral aan die oostekant. Die implikasie hiervan is dat die ondersoekte watervoor uit die periode na 1879 dateer en dat dit met die ontwikkeling van die oostelike dele van Pretoria, wat in die tagtigerjare van die negentiende eeu plaasgevind het, verband hou.

'n Ander moontlikheid is dat die voor water vir die meule van Stephanus Meintjies kon verskaf het. Hierdie meule was op die hoek van Kerk- en Edwardstraat geleë. Die meule was in 1880 al in werking. 'n Foto wat deur die fotograaf, HF Gros geneem is, HKF 195/16, van Kerkstraat-oos dui die meule aan met 'n watervoor wat al langs die suidekant van Kerkstraat loop. 'n Skildery, HG 32 670, wat in die Nasionale Kultuurhistoriese Museum se versameling voorkom, en wat in 1887 deur WH Thorne geskilder is, dui dieselfde meule aan. Die skildery toon verder drie geboue, wat ook op die kaart van 1879 aangedui word, maar dui ook nie die watervoor aan nie. Dit verklaar egter nog nie waarom die watervoor nie op die kaart aangedui word nie. Die moontlikheid bestaan natuurlik dat die meule 'n ander waterbron kon benut het.

'n Ondersoek van tydgenootlike foto's, veral dié van die fotograaf HF Gros, werp verdere lig op die saak. Gros se foto no 383 toon 'n watervoor van klip in 'n ander deel van Pretoria, maar sonder 'n dak van leiklip. Die foto help dus om die aard en omvang van die watervore te bevestig. Een van die beste aanduidings wat vir die moontlike bestaan van die watervoor gekry kan word, is sy foto no 367 van die Markplein. Hierop kan sowel die goed gedefinieerde sypaadjie, as 'n randsteen gesien word. 'n Gat wat in die randsteen sigbaar is, kan moontlik as waterinlaat gedien het. Ook Gros se foto no 384 wat die sypaadjie toon in die omgewing waar

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Strijdomplein vandag is, dui dieselfde aan. Die moontlikheid bestaan dus dat die watervoor onder bespreking, onder hierdie sypaadjie kan wees. Aangevul deur ander foto's, wat op dieselfde dui, wil dit voorkom of die kans skraal is dat die voor na 1879 opgerig kon wees.

Die watervore is lank reeds deur 'n stelsel van pype vervang. 'n Pamflet, gedateer 1891, gee 'n uiteensetting van die reëls en regulasies ten opsigte van die verskaffing en gebruik van water in Pretoria. Dit sou met behulp van waterpype plaasvind. Dit is nie duidelik wanneer die waterpype geïnstalleer is nie, maar verskeie foto's uit die Nasionale Argief uit die periode 1900-1910, toon aan dat daar in hierdie stadium brandkrane op die sypaadjies aangebring is - 'n duidelike teken dat water per pyplyn beskikbaar was (Van Schalkwyk e.a. 1994b:3-7).

## 4.2 Bevindinge van die argeologiese ondersoek

Die argeologiese ondersoek na die terrein is deur vier faktore beïnvloed. Sekere gedeeltes van die voor is outomaties van die ondersoek uitgesluit, omdat dit beskadig is weens die grawe van slote, waar dienste soos waterpype, elektriese kabels en so meer deur die jare geïnstalleer moes word (figuur 6.2). Die Stadsraad van Pretoria het besluit om 'n sekere gedeelte van die voor te rekonstrueer en in die vervoetgangering van Kerkstraat in te sluit. Hierdie gedeelte is deur die landskapsargitek uitgewys en moes in die argeologiese ondersoek ingesluit word (opgrawing 1).

'n Ander gedeelte, wat geblyk het volledig te wees, is ondersoek (opgrawing 2) om as kontrole vir opgrawing 1 te dien. Enige ander verskynsel wat met die watervoor te doen het en wat deur die werk van die kontrakteur blootgelê sou word, sou ook ondersoek word. Omdat die bokant

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

van die watervoor as gevolg van die kontrakteur se werksaamhede op plekke sigbaar was, het dit gehelp om te bepaal waar om op te grawe sodat die struktuur nie beskadig sou word nie.

Twee opgrawings is uitgevoer. Die eerste (figuur 6.3) is reg voor die Staatsteater geleë en die posisie daarvan is volgens die behoefte van die landskapsargitek bepaal, daar dit die gedeelte is waar die rekonstruksie gedoen sou word. Die doel van die opgrawing was om die afmetings van die watervoor vas te stel, sowel as om die boumateriaal en konstruksiewyse te ondersoek (figuur 6.4). Artefakte wat in die proses gevind word, sou ook kon bydra om meer oor die geskiedenis van die voor te vertel.

Die opgrawing het die twee mure van die watervoor blootgelê. Dit was met sagte slikgrond, wat maklik verwyder kon word, ingevul. Dit het ook klippe en stukke beton ingesluit, wat heel moontlik later daarin beland het. Al hierdie materiaal is as 'n eenheid verwyder, omdat daar geen sigbare stratigrafie was nie. Die bodem van die voor is ontbloot. Dit het uit stukke leiklip bestaan wat netjies teen mekaar gepak is. Glasbottels, spykers en ander stukke metaal is tydens die opgrawing gevind.

Die voorkoms van resente artefakte soos koeldrankbottels en pype vir munisipale dienste, is waarskynlik die mees insiggewende vonds uit die opgrawing. Dit bewys dat die voor in resente tye blootgelê is, maar dan weer toegegooi is. 'n Aantal metaal en plastiek water- en rioolpype, wat in en op die voor gevind is, is 'n bewys dat die voor gedurende die afgelope 20 jaar ontbloot is om hierdie pype te installeer. Personeel van die Water- en Elektrisiteitsafdeling van die

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Stadsraad, het later bevestig dat hulle reeds verskeie kere tydens hulle werk, gedeeltes van watervore op ander plekke in die stad gevind het.

Die tweede opgrawing (figuur 6.5) is feitlik op die hoek van Kerk- en Van der Waltstraat uitgemeet. Die oorspronklike dak van die watervoor het nog in hierdie gedeelte behoue gebly en het ook twee inspeksiegate ingesluit. Die posisie van die opgrawing is bepaal vanweë die moontlikhede wat 'n volledige gedeelte van die voor vir die ondersoek gebied het. Die doel van die opgrawing was veral om die boumateriaal en konstruksiemetode van die dak vas te stel (figuur 6.6).

Direk noord en teenaan die voor, is 'n strook reghoekige klippe gevind, wat blyk 'n randsteen te wees. Vanweë die hoogte daarvan in verhouding tot die voor - dit is effens hoër as die dak van die watervoor - is dit hoogs waarskynlik kontemporêr met die watervoor. Om die presiese verband van die randsteen te probeer vasstel en om moontlik die oorspronklike padoppervlakte en onderkant van die randsteen te vind, is die opgrawing langs die randsteen verdiep.

Feitlik aan die onderkant van die randsteenklippe, het die grond uit gekompakteerde afsettings bestaan en was dit baie hard. Die eerste laag hiervan was 'n grondlaag wat heelwat klippe ingesluit het. Dit is gevolg deur 'n gelerige laag, waarvan die bokant steeds hoër as die onderkant van die randsteen was en daarby verby gestrek het. 'n Profiel van die gedeelte van Kerkstraat wat deur die kontrakteur uitgegrawe is, het dieselfde twee lae getoon. Die diepte van hierdie twee lae is met 'n nivelleerder gemeet en stem ooreen met dit wat in die omgewing aangetref is. Hieruit

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

blyk dit dat dit grond is waarmee die pad gekompakteer is. Die afleiding wat hieruit gemaak word, is dat dit die oorspronklike padoppervlakte is wat gevind is.

Daar is besluit om nie die dak van die watervoor in hierdie gedeelte te verwyder nie, aangesien dit een van min gedeeltes is waar dit behoue gebly het. Derhalwe is dit goed bestudeer met die oog op die rekonstruksie van die watervoor vir uitstaldoeleindes (Van Schalkwyk e.a. 1994b:9-14).

## 4.3 Samevatting van die museum se ondersoek

Die watervoor kon nie deur die die argeologiese ondersoek gedateer word nie. Dit was ook nie moontlik om die spesifieke funksie daarvan, met ander woorde watter tipe watervoor dit was, vas te stel nie. Die bydrae van die argeologiese ondersoek het dus in die bestudering en volledige dokumentering van die voor gelê.

Uit die historiese ondersoek kon ook nie 'n funksie vir die voor vasgestel word nie, maar drie moontlikhede word genoem. Omdat die voor aan die suidekant van Kerkstraat voorkom en nie aan die noordekant (helling-af) nie, was dit nie 'n gewone leivoor vir erwe noord daarvan nie. Dit kon wel 'n leivoor gewees het wat water na die oostekant van die dorp moes neem.

'n Tweede moontlikheid is dat dit stormwater of afvoerwater en ander vullis, van die markplein (geleë waar Strijdomplein vandag is) na die Apiesrivier moes wegvoer. Dit verklaar moontlik waarom die Kerkstraat-watervoor soveel dieper as die een in Van der Waltstraat is, hoewel

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

hierdie kenmerk ook iets met die oorspronklike topografie van die gebied te doen kan hê. Laasgenoemde moontlikheid kan egter nie ondersoek word nie, omdat die oorspronklike topografie nie vasgestel kan word nie.

Die laaste moontlikheid is dat die voor water aan die meule van Stephanus Meintjies moes voorsien. Dit kan ook moontlik 'n verklaring vir die groter diepte van die Kerkstraat-watervoor teenoor die een in Van der Waltstraat bied.

Ten opsigte van die datering van die voor, word slegs breedweg aanduidings gegee. Die gevolgtrekking is dat die voor na 1860, maar voor 1880, gebou moes wees. Dit kon tot ongeveer 1910 in gebruik gewees het.

'n Belangrike aspek van die Museum se navorsing was die aanbeveling dat 'n gedeelte van die voor gerekonstrueer en vir die publiek ontsluit word, onder meer vanweë die belangrike rol wat water in die ontstaan en ontwikkeling van Pretoria gespeel het (Van Schalkwyk e.a. 1994b:23-25).

Die volgende uitgangspunte van die verskillende wetenskaplike paradigmas, is tydens hierdie navorsing benut.

- Aandag is gegee aan die tyd- en ruimtelike bewustheid, sowel as aan die gebruikmaking van historiese kennis van die Kultuurhistoriese paradigma.
- Die omgewingsverband en funksie van die Funksionele en Kultuurproses-paradigma.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

- Die uitwys van ooreenkomste en verskille in die argeologiese rekord en die gebruikmaking van historiese kennis van die Kontekstuele paradigma.
- Die gebruikmaking van historiese kennis van die Strukturalistiese en Neo-Marxistiese paradigma.

Net soos wat die geval by die Bronkhorstruïne was, is die volledige historiese konteks nie gebruik nie (vergelyk punt 5). Die historiese kennis het ten doel gehad om die watervoor te dateer en die funksie daarvan vas te stel. Om hierdie rede is nie een van die Kultuurhistoriese, Kontekstuele, Strukturalistiese of Neo-Marxistiese paradigmas benut nie.

Hoewel eersgenoemde se tyd- en ruimtelike bewustheid van toepassing was, was die doel nie daarmee om die terrein in 'n spesifieke kultuurverband te plaas nie. Die uitwys van ooreenkomste en verskille in die argeologiese rekord, ingevolge die Kontekstuele paradigma, is eweneens nie benut om betekenis aan verskynsels te verleen nie, maar om die funksie vas te stel.

Omdat die Funksionalistiese paradigma in die Kultuurproses-paradigma opgegaan het, is laasgenoemde die enigste moontlikheid wat oorbly. Dit was inderdaad die doel van die navorsing om die funksie van die watervoor vas te stel en, soos reeds aangedui, is ander metodes hiervoor aangewend. Die volledige dokumentering van die voor en sy omgewing, staan in die teken van die deeglike wetenskaplike metodes van hierdie paradigma en is ook aangewend om die voor in sy omgewingsverband, dit wil sê ten opsigte van ander tydgenootlike verskynsels, te bestudeer.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Hierdie paradigma maak nie werklik van historiese kennis gebruik nie. Om hierdie rede kon die datering en funksie van die watervoor nie bepaal word nie. So ook lei die fokus van die paradigma op slegs enkele aspekte, in hierdie geval die funksie en konstruksie van die voor, tot die nalaat van ander belangrike aspekte. Ten einde hierdie probleem te ondervang is dit nodig dat die Kultuurhistoriese of Kontekstuele paradigma benut word.

Eersgenoemde fokus voorts onder andere op die diffusie van kultuur en die vasstel van kultuurkomplekse, iets wat nie in hierdie geval 'n bydrae tot die verklaring van die terrein sou gelewer het nie. Gevolglik moet die Kontekstuele paradigma benut word om die watervoor na te vors. Dit is veral die uitgangspunt van die paradigma dat die historiese konteks volledig benut moet word, wat van groot belang blyk te wees. Hierdie aspek sal in hoofstuk 10 verdere aandag geniet.

## 5. HISTORIESE AGTERGROND

As gevolg van die tydsbeperking kon die historiese navorsing in verband met die watervoor nie volledig gedoen word nie. Gevolglik is die Museum se navorsing gebrekkig en dien dit aangevul te word ten einde die watervoor behoorlik te kontekstualiseer. Noodwendig sal sommige aspekte, soos deur die Museum nagevors, hier herhaal word, ten einde 'n volledige prentjie te skets. Die bronne wat benut is, is aan interne kritiek onderwerp ten einde die geloofwaardigheid daarvan vas te stel.

Bykomende navorsing ten opsigte van die watervoorstelsel van Pretoria, wat 'n literatuurstudie en argivale ondersoek van alle foto's en kaarte en 'n rekenaarsoektog na dokumente ingesluit het,

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

dui op die volgende. ‘n Brief wat deur AP van der Walt aan MW Pretorius geskryf is, en wat deur Rex (1960:62), Pieterse (1942:25) en Peacock (1955:50) gebruik is, toon aan dat daar in 1854/5 begin is met die uitgrawe van 'n watervoor vanaf die Fonteinedal na Kerkplein, ten einde water aan die dorp te voorsien. Hierdie taak is deur Van der Walt uitgevoer.

Teen April 1855 was die voor al tot in die poort gegrawe (Peacock 1955:50). In 1857 bied landdros AF du Toit aan om deur middel van strate, slote en riole die dorp in orde te bring, aangesien water oral in die dorp rond gestroom het. 'n Dam wat water aan die dorp moes voorsien en 'n voor is ook in 1857 tot agter veldkornet AP van der Walt se huis, suid van Scheidingstraat, uitgegrawe (Pieterse 1942:26). Hy baseer sy inligting op twee argivale dokumente, naamlik ‘n brief van Du Toit en ‘n kontrak tussen die regering en die kontrakteurs.

Gedurende 1858 het Du Toit 'n watervoor vir die dorp afgepeil. Dit het vanaf Van der Walt se huis in Scheidingstraat geloop, vanwaar dit Markstraat (vandag Paul Krugerstraat) naby Maréstraat gekruis het. Hiervandaan het dit aan die westekant van Markstraat afgeloop tot by Kerkplein (Pieterse 1942:27; Meiring 1955:150; Basson 1994:175). Hierdie inligting verkry Peacock uit ‘n dokument wat deur Du Toit opgestel is en wat in die Nasionale Argiefbewaarplek geberg word. Peacock maak van ‘n kaart wat na bewering in 1857 deur Du Toit geteken is, gebruik. Dit is bekend dat Du Toit die dorp opgemeet het, sodat aanvaar kan word dat sy waarneming (en gevolglik die kaart) korrek is. Pieterse benut ‘n brief van Du Toit aan die Staatsekretaris waarin hy die inligting herhaal. Hoewel die brief eers in 1875 geskryf is, stem die inligting ooreen met die genoemde kaart. Meiring meld dat hy sy inligting op ‘n 1859 kaart van AF du Toit skoei. Hierdie datum is waarskynlik korrek, aangesien Du Toit tog nie in 1857 al inligting op ‘n kaart kon gehad het van werk wat eers in 1858 uitgevoer is nie. Hoewel Du Toit

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

(en gevolglik ook Peacock) die datum van die kaart as 1857 aangee, is dit waarskynlik dieselfde kaart as die een van 1859. Basson maak van 'n ortofotokaart (die standaardreeks 1:10 000 kaarte van Suid-Afrika) gebruik om tot dieselfde gevolgtrekking te kom. Du Toit is blykbaar deur die Vermeulenbroers in hierdie taak bygestaan (Du Preez 1978:8).

In hierdie stadium (1858) het AF du Toit sy eie watervoor in Arcadia en S Schoeman ook sy eie watervoor aan die suidekant van Boomstraat gehad (Peacock 1955:51, 124). Die watervore was oop vore. Dit word bewys deur die dorpsregulasies vir dorpe in die ZAR van 1857, waarin bepaal word dat geen mens, dier of pluimvee in die watervore mag mors nie. 'n Boete van 2 sjielings was ook betaalbaar indien 'n persoon se diere in 'n watervoor gevind sou word. Diere moes ook minstens 12 voet (3,6 meter) van watervore af uitgespan word (Peacock 1955:54). In hierdie geval maak Peacock van die dorpsregulasies gebruik, soos in die Staatskoerant gepubliseer.

Omdat die hoofwatervoor ontoereikend was, is tenders gedurende 1860 gevra vir die bou van 'n verdere watertoevoer. Die tender van JF Schutte en A van der Walt om 'n groot dam en groot voor teen £120 vir Pretoria te grawe, is aanvaar. Die voor sou van die Fonteine tot by Kerkplein strek (Pieterse 1942:27-28; Peacock 1955:69). Volgens Pieterse (1942:28) het 'n sekere G Ezel uiteindelik dié kontrak oorgeneem. Hierdie inligting kom uit 'n verslag van JL Lys, wat lid van die waterwerkekommissie van Pretoria was. Die kontrak waarna vroeër verwys is (p. 239) is deur beide as bron benut. Volgens Van Jaarsveld (1982b:40) het Schutte en Van der Walt reeds in 1857 'n kontrak gekry om 'n dam te bou, maar dit was nie eintlik 'n sukses nie.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Uit vorige navorsing is dit duidelik dat die watervoor, wat vanaf die dam in die Fonteinedal geloop het, 0,92 meter (3 voet) wyd en 0,45 meter (18 duim) diep was en dat dit tot aan die bopunt oftewel suidekant van Kerkplein aangelê is. Dit blyk ook dat kleiner watervore van 0,45 meter (18 duim) wyd en 0,30 meter (12 duim) diep, dan rondom Kerkplein uitgehaal is om weer aan die onderkant (noordekant) van Kerkplein in 'n enkele groot watervoor te ontmoet (Pieterse 1942:28; Peacock 1955:69). Pieterse en Peacock maak weer eens van die genoemde kontrak as bron gebruik. Die afmetings hierbo gemeld, verskil van dié van die voor wat ondersoek is (sien Tabel 6.1), omdat hierdie 'n grondvoor was, terwyl die een wat ondersoek is met klip uitgelê en gemessel is.

Die regering van die Zuid-Afrikaansche Republiek (ZAR) het onderneem om self die water vanaf die plein na die verskillende erwe toe aan te lê (Pieterse 1942:28). Hierdie projek is in 1860 aangepak en is in 1863 voltooi (Pieterse 1942:28-29). Die verslag van Lys het weer eens as bron gedien.

Die watertoevoer wat deur die grondvoor aan die dorp voorsien is, sou mettertyd nie meer voldoende vir die dorp se inwoners wees nie (Peacock 1955:70). Hoewel Van der Walt na bewering teen 1877 nog van hierdie voor gebruik gemaak het (Peacock 1955:125), was die vore teen hierdie jaar blykbaar reeds so vervalle dat dit niks anders as modderslote was nie (Pieterse 1942:32). Hierdie gegewe bewys dat die watervore nie, soos die een wat ondersoek is, met klip uitgelê was en oor 'n dak beskik het nie. 'n Verdere aanduiding hiervan is die beskrywing van Pieterse (1942:81) dat vreemdelinge in die donker moeilikheid gesoek het as hulle buite sou rondloop, omdat watervore Pretoria deurkruis het. Hy meld voorts dat die vore nie diep was nie, maar soms breed, veral by kruisstrate. Hierdie inligting dateer uit 1875, maar dit is nie duidelik

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

waar Pieterse se inligting vandaan kom nie. Peacock (1955:123) dui op 'n kaart, wat ook uit 1875 dateer, 'n watervoor aan. 'n Foto in Dunston (1975:21) toon 'n voor op Kerkplein met 'n bruggie daaroor. Die bruggie dien as bewys dat die voor nie oor 'n dak beskik het nie. Dit blyk ook 'n grondvoor te wees.

'n Sekere mev Roche beskryf byvoorbeeld in 1877 die watervore as "tiny little dykes" in die strate van Pretoria (Lochhead 1913:53). In dieselfde werk (Lochhead 1913:55) word 'n oop watervoor in Markstraat, op 'n foto aangedui. Dié foto dateer uit 1879.

Daar is reeds verwys na die 1879-kaart van Pretoria, wat ook watervore uit dié tyd aantoon (NAB 3/209). Dit wys weliswaar 'n voor wat van die Fonteinedal af, met Markstraat langs na Kerkplein loop, van waar dit aan die suidekant van Kerkstraat verder loop. By Andriesstraat kruis dit skuins oor Kerkstraat, om aan die noordekant van die straat te loop tot by Van der Waltstraat, van waar dit aan die westekant van die straat verder na noord loop (figuur 6.7-6.8). Die voor wat ondersoek is, word dus nie daarop aangetoon nie. Dit blyk verder uit hierdie kaart dat daar nog nie veel ontwikkeling in hierdie stadium in Pretoria plaasgevind het nie. Dit is egter belangrik om daarop te let dat daar ook nie veel ontwikkeling verder na die ooste plaasgevind het nie. Dit laat onwillekeurig die vraag ontstaan waarom so 'n groot voor aangelê is na 'n gebied waar daar klaarblyklik geen behoefte daartoe is nie. Die Museum se afleiding, dat dit impliseer dat die watervoor uit die periode na 1879 dateer en dat dit met die ontwikkeling van die oostelike deel van die dorp verband hou (Van Schalkwyk e.a. 1994b:5), blyk dus korrek te wees. Hierdie ontwikkeling het in die tagtigerjare van die negentiende eeu plaasgevind. Daar geen beskrywing uit die tydperk voor 1879 bestaan oor bedekte vore nie, versterk dit hierdie afleiding.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die moontlikheid dat die voor water vir die meule van Stephanus Meintjies kon verskaf het, word ook as verklaring deur die Museum aangebied en daar word in hierdie verband na 'n foto van Gros verwys. Gros se foto's is ongelukkig nie gedateer nie, maar aangesien hy tussen 1877 en 1895 in Pretoria gewerk het (Dunston 1975:102), is die kans goed dat die foto's uit die era na 1880 dateer.

Ander kaarte wat watervore toon, dateer uit 1892 (NAB, S2/102), 1893 (NAB, S3 487) en 1900 (NAB, 3/1 297). Nie een van hierdie kaarte toon egter 'n voor by die ondersoekgebied nie. Geen ander kaart wat in die Nasionale Argiefbewaarplek geraadpleeg is, toon enigsins watervore in Pretoria nie. Elke kaart van Pretoria is in die brandkamer deurgegaan, maar niks met enige verdere bruikbare inligting is gevind nie.

Daar word voorts ook verwys na Gros se foto no 383, waarop 'n watervoor van klip, maar sonder 'n dak sigbaar is. Hierdie is egter nie die enigste historiese foto waarop watervore in Pretoria aangedui word nie. Verskeie foto's van oop grondvore is van verskillende ander gedeeltes van Pretoria verkry. Uit die sewentigerjare van die negentiende eeu is 'n Gros-foto van Kerkplein, met 'n bruggie oor 'n grondvoor, bekend (Dunston 1975:20-21). 'n Foto van Markstraat (Paul Krugerstraat), wat uit 1889 dateer, toon 'n houtloopplank oor 'n oop voor (Dunston 1975:197). Foto's wat oop grondvore toon uit die volgende gebiede en met die volgende datums, word ook in Dunston se werk uitgebeeld: noordwestekant van Kerkplein - 1891 en 1892, Kerkstraat-wes - 1896-1899, Andriesstraat - 1901 en Markstraat 1906-1911. 'n Foto uit die Nasionale Argiefbewaarplek toon 'n oop voor uit 1870 op die hoek van Mark- en Skinnerstraat (NAB, 20 777), 'n ongedateerde foto 'n oop voor in Boomstraat (NAB, 20 778), 'n ander foto een in Van der Waltstraat (NAB, 18 430) en nog 'n foto een in Kerkstraat-oos, maar wes van die

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

ondersoekgebied (NAB, 12 112). 'n Foto uit 1879 toon 'n oop watervoor in Markstraat (Paul Krugerstraat), maar 'n foto uit 1912 van dieselfde gebied, toon 'n sypaadjie. Geen tekens van 'n voor is hierop sigbaar nie (Lochhead 1913:57). Gevolglik bestaan die moontlikheid dat die voor in Kerkstraat ook tussen hierdie twee datums (1879 en 1912) in gebruik was.

Foto's wat geen vore of randstene toon nie, uit die werk van Dunston, is die volgende: Kerkplein en Kerkstraat-wes - 1889 (p. 29), Kerkstraat-wes - 1902 (p. 167), Markstraat - 1894 (p. 217), Pretoriusstraat 1891 (p. 247), 1892 (p. 252) en 1906 (p. 259) en Andriesstraat - 1902 (p. 269). Dunston beeld ook foto's uit waarop randstene en sypaadjies sigbaar is, maar waarop geen waterinlaat in die randstene voorkom nie. Dit bewys dat daar op hierdie plekke nie bedekte vore was nie. Hierdie areas is: suidoostelike hoek van Kerkplein - 1911 (p. 63), Markstraat - 1889 (p. 66), 1893 (p. 202), 1899 (p. 206), 1905 (p. 209) en 1911-1912 (p. 210), Kerkstraat-wes - 1895-1900 (p. 175) en 1903 (p. 173) en Pretoriusstraat 1906-1913 (p. 231). 'n Ongedateerde foto uit die Nasionale Argiefbewaarplek, toon Kerkstraat-wes met 'n waterinlaat in die sypaadjie en 'n brandkraan. Dit bewys dat waterpype reeds geïnstalleer was, maar omdat die foto nie gedateer is nie, kan niks meer hiervan afgelei word nie (NAB, 20 773). Hierdie foto's bewys dat oop grondvore tot so laat as 1911 nog op sommige plekke in Pretoria aangetref is en dat die ontwikkeling van die watervoorstelsel in Pretoria nie orals dieselfde chronologie gevolg het nie.

Gevolglik moet daar meer spesifiek na die ondersoekgebied, Kerkstraat-oos, gekyk word. Verskeie argivale foto's van die terrein waar die Markgebou opgerig is, dit is die suidoostelike hoek van Kerk- en Van der Waltstraat, is bestudeer. Die grootste hoeveelheid hiervan het geen tekens van 'n voor, randsteen of sypaadjie getoon nie (NAB, 1 156; 1 157; 1 158; 1 171 en 20

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

780). Slegs twee van hierdie foto's (NAB, 5 936 en 28 095) is gedateer, naamlik onderskeidelik 1883 en 1901.

'n Foto van die ondersoekgebied, gedateer ongeveer 1888, toon 'n randsteen met 'n waterinlaat aan die suidekant van Kerkstraat. Die sypaadjie blyk van grond te wees en geen mangate is sigbaar nie (NAB, 12 111). Op twee ander foto's uit 1888 is 'n randsteen hier sigbaar, maar geen waterinlaat of mangate nie (NAB, 1 122 en 1 155). Ook foto NAB, 12 104, wat ongedateer is, toon net 'n randsteen langs die straat.

'n Foto van Kerkstraat-oos uit die tagtigerjare van die negentiende eeu, toon geen voor aan die suidekant van die pad nie, terwyl 'n foto van dieselfde gebied in 1892 'n randsteen toon, maar sonder enige waterinlaat (Dunston 1975:116-117). Dit dien as duidelike bewys dat die voor onder bespreking eers na 1892 gebou kon wees en dat die eersgenoemde foto (NAB, 12 111) se datum ook hierna moet wees.

'n Foto wat uit die tydperk voor 1889 dateer en 'n foto van 1890, toon 'n oop voor aan die noordekant van die straat (Dunston 1975:73-74, 154-155). Hierdie verskynsel is in lyn met die beginsel dat die vore water aan die blok erwe helling-af, dit wil sê noord daarvan moes lewer (figuur 6.9). Foto's uit die tydperk 1890-1894, toon geen tekens van 'n voor nie (Dunston 1975:74-75, 122).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

'n Foto van Gros, gedateer 1889, toon geen teken van 'n voor aan die suidekant van Kerkstraat-oos nie (Dunston 1975:132). 'n Foto van dieselfde gebied, gedateer tussen 1889 en 1904, wys ook geen voor of waterinlaat hier nie (figuur 6.10) (Dunston 1975:134-135). Ander foto's van hierdie gebied uit hierdie tydperk, bevestig die bogenoemde (Dunston 1975:124-127). 'n Foto wat 1894-1895 gedateer is, toon wel 'n sypaadjie en randsteen met 'n stormwaterinlaat aan die suidekant van Kerstraat-oos (figuur 6.11) (Dunston 1975:90-92). Dit bewys dat 'n watervoor met 'n dak reeds teen hierdie datum voorgekom het en dat die foto van 1889-1904, se datum waarskynlik tussen 1889 en 1892 moet wees. Saam met vorige afleidings beteken dit, dat hierdie voor aan die suidekant van Kerkstraat-oos, tussen 1892 en 1894 opgerig moes wees. 'n Foto, wat uit 1903 dateer, bevestig hierdie feit (Dunston 1975:100-101).

Die Markgebou is teen 1891-1892 voltooi (Dunston 1975:144). Dit is gebou op die suidoostelike hoek van Kerk- en Van der Waltstraat, dit wil sê die ondersoekgebied. 'n Foto uit 1892 van die gebied toon 'n randsteen, maar geen waterinlaat is sigbaar nie (figuur 6.12) (Dunston 1975:152-153). Die foto is egter van swak kwaliteit. Omdat die sypaadjie wel teen 1892 oor die voor in die ondersoekgebied gestrek het, kan daar aanvaar word dat die voor hoogs waarskynlik in 1892 gebou is. Dit moes plaasgevind het voordat die sypaadjie en stoep van die Markgebou oor die voor gestrek het (Dunston 1975:135).

'n Foto uit 1904 van Kerkstraat-oos, tussen Andries- en Van der Waltstraat, wys 'n vlak "voor" teen die randsteen van die sypaadjie, aan die suidekant van die straat (figuur 6.13) (Dunston 1975:140-141). Dit is 'n voortjie, wat ten doel het om die stormwater vinnig na waterinlate teen die randsteen af te voer. Van hier vloei die water na 'n voor, of stormwatersloot, onder die

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

sypaadjie. Die foto bewys dat die voor wat ondersoek is teen 1904 nog in gebruik was en dat dit niks anders as 'n stormwatervoor was nie.

Verdere bewyse hiervan is ook gevind en is soos volg. Een van die beste foto's wat 'n aanduiding vir die moontlike bestaan van die watervoor gee, is Gros se foto no 367 van die Markplein (figuur 6.14). Hierop word die goed gedefinieerde sypaadjie, sowel as 'n randsteen gesien. 'n Gat wat in die randsteen sigbaar is, is duidelik 'n inlaat vir water (Van Schalkwyk e.a. 1994b:7). Die foto is ongelukkig nie presies gedateer nie, maar op grond van die voorafgaande getuienis is dit duidelik dat dit eers na 1892 geneem is.

Op Gros se foto no 384 is die sypaadjie in die omgewing, wat ons vandag as Strijdomplein ken, sigbaar. Hierdie foto moet gevolglik ook uit die tydperk na 1892 dateer. Derhalwe is dit heel moontlik dat die watervoor wat ondersoek is, onder hierdie sypaadjie kan wees. Dieselfde afleiding kan van foto's in die Nasionale Argiefbewaarplek gemaak word. Foto 20 772, wat uit 1906-1910 dateer, toon byvoorbeeld ook tekens van inspeksiegate (mangate) in die sypaadjie (figuur 6.15). Die kwaliteit is van so 'n aard dat definitiewe gevolgtrekkings nie daaruit gemaak kan word nie. Ander foto's bewys dat, sou die watervoor onder die sypaadjie gewees het, dit mettertyd deur die stoep van die ou markgeboue wat teen 1879 opgerig is (Peacock 1955:91), bedek sou wees. Hierdie inligting kan die indruk skep dat die voor reeds voor 1879 gebou is (Van Schalkwyk e.a. 1994b:7). Aangesien dit reeds bewys is dat die voor waarskynlik in 1892 gebou is en gewis nie voor hierdie datum nie, sal hierdie argument nie stand hou nie.

Mettertyd is die watervore in Pretoria deur 'n stelsel van pype vervang (Van Schalkwyk e.a. 1994b:7). Siviele ingenieur RT Hall het reeds in Desember 1877 voorgestel dat water vanaf 'n opgaardam deur middel van pyplyne na huise toe aangelê moet word (Peacock 1955:149). Teen 1890 is water aan Pretoria deur middel van twaalfduimdik waterpype verskaf (Krige 1992b:4).

Kaarte wat uit 1889, 1890 en 1892 dateer, toon reeds pypleidings in Pretoria (NAB, S1/3 en S2/102). In 1898 is agt- en twaalfduimdik reënwaterpype onder die sypaadjies na dreineringslote toe aangelê (Peacock 1955:188) terwyl pypleidings op verskeie plekke aangedui word (NAB, S1/114). Sommige oop watervore was egter teen 1906 nog in die ou gedeelte van Pretoria in gebruik (Lochhead 1913:79).

In Maart 1889 kry LG Forstman die kontrak om waterleidingspype na en in erwe aan te lê. Genoeg water moes vir die dorpsvoor gelaat word en brandkrane moes opgerig word. Teen 1891 was hierdie werk voltooi en kry ons dus die situasie dat die dorp deur middel van waterpype en -vore van water voorsien is (Peacock 1995:238-241). 'n Pamflet, gedateer 1891, gee ook 'n uiteensetting van die reëls en regulasies ten opsigte van die verskaffing en gebruik van water in Pretoria. Dit sou deur middel van waterpype plaasvind (NAB, Pretoria Waterleiding Maatschappij Beperkt 1891). Hierdie dokument is ook deur Peacock gebruik. Foto's in die Nasionale Argief uit die periode 1900-1910 toon reeds brandkrane op die sypaadjies aan, wat bewys dat water per pyplyn toe reeds beskikbaar was (Van Schalkwyk e.a. 1994b:7).

Dit is interessant om te let op een bepaling van die kontrak tussen die Regering en Forstman se Pretoria Waterworks Syndicate. Die bepaling behels dat die maatskappy enige skade aan paaie en strate as gevolg van die installering van die waterpype, moes herstel (Peacock 1955:239). Dit

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

impliseer dat dit nie 'n probleem was om iets wat 'n beslommernis was te verwyder en weer te herstel nadat die projek voltooi is nie. Die moontlikheid is dus nie uitgesluit dat die stoep van die markgebou in 'n later stadium (na 1892) nie werklik in die pad van die bou van 'n voor daar gestaan het nie.

In 1902 neem die munisipaliteit die taak om 'n sanitêre diens te verskaf, van die maatskappy Sutherland & Kie oor. In 1903 neem dit die taak om water aan die inwoners van Pretoria te verskaf, van die Pretoria Waterleidingsmaatskappy oor. Tussen 1903 en 1913 het die hoeveelheid inwoners, wat van hierdie dienste gebruik gemaak het in so 'n mate toegeneem, dat die verouderde en verroeste hoofleidings vervang moes word. Nuwe hoofleidings is in alle rigtings uitgelê. In die proses is 25 myl (40 km) randstene en afloopvore, 29 myl (46 km) ondergrondse stormwaterkanale en 11 myl (18 km) straatriole gelê (Lochhead 1913:75-115). Hierdie inligting dien as verdere bewys dat ondergrondse waterweë gegrawe is, selfs al moes sypaadjies en ander obstruksies eers uit die weg geruim word.

Alle dokumente van die ZAR se Departement Publieke Werke is in die Nasionale Argief nagegaan. Die enigste toepaslike inligting wat ten opsigte van hierdie studie gevind is, is 'n besluit van die Eerste Volksraad op 20 Junie 1893 dat 'n watervoor in Utrecht gegrawe moes word (NAB, PW 433). Hieruit blyk dit dat watervore nog in die negentigerjare van die vorige eeu gegrawe is.

'n Argitekstekening uit 1893, van die staatsargitek S Wierda, bevat planne vir oop en bedekte watervore (figuur 6.16) (NAB, S2/109). Dit dien as onomstootlike bewys dat watervore

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

gedurende die vroeë negentigerjare van die vorige eeu, steeds in Pretoria aangelê is. Dit is egter die bedekte vore wat vir hierdie studie van belang is.

Dit is verder bekend dat daar oop en bedekte dreineerslote en watervore in 1898 in Pretoria gebou is (NAB, ZAR 97:129; Peacock 1955:187). Die verslag van die stadsingenieur dui die volgende aan:

| | |
|---|---|
| Oop dreineervore (sonder bemesseling) | 30 350 voet |
| Oop dreineervore (uitgemesseld) | 4 485 voet |
| Bedekte dreineervore | 2 385 voet |
| Oop watervore | 2 464 voet |
| Bedekte watervore | 1 184 voet (NAB, ZAR 97:129) |

In hierdie jaar is groot herstelwerk ook aan oop en bedekte watervore gedoen. Omdat die vore ook gereeld toegeslik het, is slykputte in 1898 gegrawe om dié probleem te oorbrug. Volgens die verslag van die stadsingenieur moes hierdie slykputte gereeld skoongemaak word (NAB, ZAR 97:123-124). Gevolglik bestaan die moontlikheid dat die voor wat ondersoek is, in hierdie jaar gebou kon wees.

Dit beteken dat watervore steeds gebou en benut is in 'n tydperk toe waterpype reeds aangelê was. Hierdie feit word bevestig deur die inligting dat Arcadia en Muckleneuk in 1892 nie toegelaat is om waterpype aan te lê nie (Peacock 1955:241). Dit beteken dat hierdie gedeeltes van die stad, oos van Kerkplein, nog deur middel van 'n voor van water voorsien is. Arcadia en

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Sunnyside is eers tussen 1906 en 1913 van 'n ondergrondse dreineringstelsel voorsien (Lochhead 1913:79) terwyl 'n waterpypleiding hier teen 1903 voltooi is (Lochhead 1913:99).

In dieselfde tyd is sekere nie-residensiële areas vir hierdie doel van oop slote voorsien. Dit is interessant om daarop te let dat hierdie slote met plat klippe uitgelê is (Lochhead 1913:81). Dit stem ooreen met die voor wat opgegrawe is, behalwe dat laasgenoemde nie 'n oop voor is nie. Daar kan geargumenteer word dat die voor later van 'n dak voorsien is, maar die boustyl en materiaal daarvan is eenvoudig net te eenders aan die vloer om 'n latere toevoeging te wees.

Dit is verder bekend dat water deur middel van pyplyne na die forte, wat kort voor die Anglo-Boereoorlog gebou is, gepomp is. Dit was in die jare 1896-1898 (Van Vollenhoven 1995a:56-63). Laasgenoemde bron steun op korrespondensie uit die tydperk wat in die Nasionale Argiefbewaarplek voorkom (6 verskillende stukke). Net na die oorlog is 'n 33 duim akwaduk van die Fonteinedal na Voortrekkerhoogte (Roberts Height) toe aangelê (Krige 1992b:4). Hoewel hy geen bronverwysing gee nie en geen ander bron hierdie inligting bevestig nie, word dit hier vermeld omdat dit bloot, soos ander bronne, daarop dui dat waterpype sedert die negentigerjare van die vorige eeu benut is.

Uit die bostaande inligting blyk dit derhalwe dat die voor wat ondersoek is gewis ná 1879 gebou is. Die mees aanvaarbare datum blyk 1892 te wees, hoewel 1898 ook 'n moontlikheid is, aangesien dit bekend is dat bedekte vore in hierdie jaar gebou is. Hoewel nuwe slote omstreeks 1906 gegrawe is, is die voor waarskynlik vir nog 'n paar jaar gebruik. Dit blyk ook dat dit teen 1912 nie meer in gebruik was nie en dit wil gevolglik voorkom asof die voor waarskynlik nie later as ongeveer 1910 gebruik is nie.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

## 6. BESKRYWING VAN DIE WATERVOOR

Die watervoor loop van wes na oos en val met 'n helling van ongeveer 1:600. Omdat dit 'n relatiewe vlak helling is, kan dit die rede wees waarom die voor maklik toegeslik het. Dit stem ooreen met historiese inligting wat aandui dat die vore gereeld toegeslik het (NAB, ZAR 97:124). Daar kan dus aanvaar word dat die voor gereeld skoongemaak moes word ten einde dit in stand te kon hou en dien as moontlike verklaring vir die baie inspeksiegate wat, met gereelde tussenposes van ongeveer 6 meter, in die dak van die struktuur voorkom. Soos wat die padoppervlakte verhoog is, is die inspeksiegate herhaaldelik saam met die padoppervlakte van Kerkstraat opgebou. As bewys hiervan dien een inspeksiegat op die hoek van Kerk- en Van der Waltstraat (figuur 6.17). Dit begin direk op die voor en eindig verskeie lae bakstene hoër met die hedendaagse metaaldeksel wat op inspeksiegate gevind word. Die inspeksiegate is gemiddeld 0,65 x 0,45 meter groot.

Die vloer van die watervoor bestaan uit leiklip wat horisontaal en sonder bindmateriaal teenmekaar gepak is (figuur 6.18-6.19). Die dikte van die leiklip wat vir die vloer en dak gebruik is, wissel van 0,03 tot 0,08 meter. Die afmetings volgens Wierda se plan is 4 duim, dit wil sê 0,10 meter (NAB, S2/109). Dit strek onder die wande van die voor in en dien terselfdertyd as fondament vir die drooggepakte klipwande. Die ontblote deel van die leiklipvloer is 0,60 meter wyd, maar omdat dit onder die wande in strek, wissel die totale wydte daarvan tussen 0,90 en 1,20 meter. Die afleiding wat hiervan gemaak kan word, is dat die voor eers vir die breedte van 1,20 meter uitgegrawe was om die leiklipvloer daarin te lê. Die helling sak van die weste (Van der Waltstraat) na die ooste (Prinsloostraat). Die vloer van die uitgrawing moes ook deeglik voorberei gewees het, sodat die leiklipplate bevredigend geplavei kon word en terselfdertyd 'n stabiele fondament vir die mure kon vorm. Die bedekte vore op Wierda se plan is 2 voet, dit wil

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

sê 0,60 meter wyd. Omdat die voor wat ondersoek is feitlik hiermee ooreenstem (sien tabel 6.1), dien dit as argeologiese getuienis dat die voor waarskynlik rondom 1892 gebou is.

**TABEL 6.1 VERGELYKING TUSSEN DIE AFMETINGS VAN VERSKILLENDE WATERVORE EN DIE ARGITEKSTEKENING VAN S WIERDA**

| Watervoor | Diepte | Wydte | Muurdikte | Dakdikte | Vloerdikte |
|---|---|---|---|---|---|
| S. Wierda bedekte voor (1892) | 0,90m | 0,60m | 0,25m | 0,10m | 0,10m |
| Kerkstraat | 0,70-0,80m | 0,60m | 0,30-0,60m | 0,03-0,08m | 0,03-0,08m |
| Van der Walt-straat | 0,20-0,25m | nie sig-baar nie | nie sig-baar nie | dikker as Kerkstraat | onderkant nie sigbaar nie |
| Schoemanstraat | 0,365m | 0,43m | nie sig-baar nie | 0,115m | reeds vernietig |
| S. Wierda oop voor (1892) | 0,60m | 1,80m bo 0,60m onder | nie aangegee nie | - | - |
| Hoofvoor van grond (1860) | 0,45m | 0,92m | - | - | - |
| Kleiner grondvore (1860) | 0,30m | 0,45m | - | - | - |

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die individuele leiklipplate is met hulle lang sye teen mekaar gelê, sodat die ruimtes tussenin tot die minimum beperk kan word. Dit wil voorkom asof die voeë net met grond geseël was. Die verwagting was dat 'n kalk- en riviersandmengsel hiervoor gebruik sou word, maar geen bewys daarvan is hier gevind nie. 'n Soortgelyke mengsel is egter onder die leiklipplate van die dak gevind.

Die leiklipplate van die vloer was in 'n bykans ongeskonde toestand, met slegs enkeles wat gekraak of opgelig het. Die goeie toestand van die vloerplate kan moontlik aan die laag spoelgrond van ongeveer 0,20 tot 0,30 meter diep toegeskryf word, wat dit bedek en sodoende tot die bewaring daarvan bygedra het. Tydens die opgrawing was hierdie grond klam, maar dit het mettertyd uitgedroog, waardeur probleme ten opsigte van bewaring geskep is.

Die mure van die voor is met sandsteen en skalieklip gepak (figuur 6.18-6.19). Die hoogte (diepte) daarvan wissel tussen 0,74 en 0,80 meter en die breedte daarvan is 0,60 meter. Volgens die afmetings van Wierda se plan, is die diepte van bedekte vore 3 voet, dit wil sê 0,90 meter en die dikte van die mure 10 duim, dit wil sê 0,25 meter. Hierdie feitlike ooreenstemming kan as argeologiese bewys aanvaar word dat die voor wel uit die vroeë negentigerjare van die negentiende eeu dateer.

Afhangende van die grootte van die individuele klippe wat gebruik is, is daar soms een en soms twee klippe vir die mure gebruik. Die mure is nie soos 'n losstaande muur met twee loodregte sye gebou nie, maar soos 'n terrasmuur met slegs een loodregte kant. Geen bindmateriaal is gebruik nie, ook nie tussen die muur en die leiklipvloer nie. Die grond wat tans tussen die klippe voorkom, is deur die jare daar ingewerk want die meeste ruimtes tussenin is ongevul gevind.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Dit wil voorkom asof 'n 2 meter gedeelte van die muur van die ontblote deel van opgrawing 1 op 'n stadium ingeval het en met sement herstel is. Die voegwerk is ook met sement gedoen en die merke van 'n rondeneustroffel kan nog in die sement gesien word. Die herstelwerk is aan beide kante van die struktuur gedoen.

Die muur rus bo-op die leiklipvloer wat dus as die fondament daarvan beskou kan word. Die binnekante van die mure is netjies haaks afgewerk en daar is gepoog om die mees haakse sye van die individuele klippe vir die binnekante te gebruik. Die klip is volgens die een-oor-twee en twee-oor-een metode gepak. Daar is geen voorkeurvolgorde vir die gebruik van sekere kliptipes nie en beide skalie en sandsteen kom onreëlmatig voor. 'n Poging is wel aangewend om die boonste rand haaks te maak en van 'n plat oppervlakte te voorsien, waarop die leiklipplate gelê kon word. Die mure was klam tydens opgrawing, maar het later uitgedroog en begin verbrokkel.

Leiklip is ook as dakplate gebruik. Dit is in 'n enkellaag teenmekaar bo-op die klipwande neergelê. Die leiklipplate is nie direk bo-op die mure gelê nie, maar is in 'n dun laag (1-2 cm) messelklei, bestaande uit 'n nat mengsel van sand en kalk, bo-op die klipmure geplaas. Oorblyfsels hiervan is in beide opgrawings ontbloot.

Die leiklip wat in die dakkonstruksie gebruik is, is oor die algemeen groter (breër) as dié wat vir die vloer gebruik is. Dit is min of meer dieselfde dikte as dié wat in die vloer gebruik is. Die voor wat dwarsoor Kerkstraat (parallel met Van der Waltstraat) lê se leiklip is deurgaans dikker, vermoedelik weens die feit dat dit swaar verkeer moes dra (Van Schalkwyk e.a. 1994b:19).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Verskeie verwante strukture is in die werksaamhede van die kontrakteur teëgekom. Die belangrikste hiervan is die reeds genoemde watervoor in Van der Waltstraat, wat dwars oor Kerkstraat loop (figuur 6.20). Die randsteen wat in opgrawing 2 gevind is, is ook van besonderse belang (figuur 6.21). 'n Ou inspeksiegat is naby die kruising van Kerk- en Prinsloostraat gevind (figuur 6.22). Dit is van bakstene gebou en merke wat daarin gevind is, dui daarop dat daar moontlik 'n sluis van die een of ander aard hierin gemonteer was. Hierdie inspeksiegat hou egter geen verband met die watervoor wat ondersoek is nie. Ander strukture sluit inspeksiegate, kanale, pype en stormwaterkanale in. Op die oog af lyk dit nie asof enige hiervan direk met die voor wat ondersoek is, verband hou nie.

In 1998 is 'n ander watervoor tydens konstruksiewerk, aan die suidekant van Schoemanstraat, tussen Prinsloo- en Du Toitstraat, blootgelê (figuur 6.23). Die konstruksiewyse daarvan is soortgelyk aan die van die Kerkstraat-watervoor. Hierdie voor se afmetings is 0,365 meter diep en 0,43 meter breed. Die dikte van die leiklipdak is 0,115 meter.

Die voor dateer waarskynlik uit dieselfde tydperk as die Kerkstraat-watervoor, maar die presiese verband daarmee kan nie bepaal word nie, omdat die netwerk van vore nie as 'n eenheid bestudeer kan word nie. Nietemin bewys dit dat 'n deel van Pretoria se geskiedenis steeds onder die hedendaagse plaveisel, beton en teer bewaar word. In Tabel 6.1 word 'n vergelyking van die argivale en argeologiese inligting in verband met die verskillende vore gemaak.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# 7. KULTURELE MATERIAAL

Glas-, metaal- en beenvoorwerpe is blootgelê. Veral die glasvoorwerpe is van groot belang. Hierdie materiaal het waarskynlik deur middel van stormwater in die voor ingespoel. Vanweë die fragmentariese aard daarvan was die beenmateriaal nie identifiseerbaar nie. Aandag word dus net aan die glas- en metaalvoorwerpe gegee.

## 7.1 Glas

Veertien volledige glasbottels en 'n aantal glasskerwe is gevind. Ongeveer 'n derde hiervan, onder andere 'n 300 ml Coca-Colabottel wat halfpad na onder in die voor gevind is, bewys dat gedeeltes van die watervoor in die afgelope 20 jaar oopgegrawe is (figuur 6.24), maar dat hierdie ondersoek die eerste keer was dat die ontbloting van die watervoor gerapporteer is.

Nege bottels wat op die bodem van die voor gevind is, dateer uit die periode vanaf die laat negentiende tot die vroeë twintigste eeu (persoonlike mededeling: C Hogewind) en is waarskynlik kontemporêr met die gebruik van die voor. Die bottels is almal wyn- of sjampanjebottels. Glasskerwe van die bottels uit dieselfde tydperk as laasgenoemde, is ook op die bodem van die voor gevind. 'n Besondere vonds was 'n glasprop van 'n bottel wat ook uit hierdie tydperk dateer (Van Schalkwyk e.a. 1995b:82). Aangesien geen vroeëre artefakte gevind is nie, gee dit waarskynlik 'n aanduiding van die ouderom van die voor en dien as bevestiging van die historiese getuienis dat dit gedurende die negentigerjare van die vorige eeu gebou is. Die materiaal het waarskynlik saam met stormwater en slik in die voor ingespoel, veral tydens groot vloede soos die een in die laat tagtigerjare van die negentiende eeu in Pretoria, waarvan 'n foto in die argief gevind is (NAB, 1 159; Dunston 1975:139).

### 7.2 Metaal

'n Aantal erg verweerde spykers en 'n perdehoefspyker (Van Vollenhoven 1992a:307) is op die bodem van die voor in opgrawing 1 gevind. Twee metaalboute is ook gevind, maar vanweë die verwering daarvan is hierdie voorwerpe moeilik om te dateer. Dit kon ter eniger tyd tydens die benutting van die dreineringsvoor daarin gespoel het en omdat dit aan water blootgestel is, het dit waarskynlik vinniger verweer as wat andersins die geval sou wees.

## 8. SAMEVATTENDE GEVOLGTREKKING

Net soos in die geval by die Bronkhorsthuis, was dit nodig om bykomende historiese navorsing in verband met die Kerkstraat-watervoor te doen, ten einde die geskiedenis daarvan so na as moontlik aan korrek te rekonstrueer. Hierdie navorsing is so volledig as moontlik gedoen, in ooreenstemming met die uitgangspunte van die Kontekstuele paradigma en die eise gestel deur navorsingsbehoeftes (vergelyk punt 3.1 in hoofstuk 10). Op grond hiervan kan die volgende gevolgtrekkings gemaak word.

Dit was nie moontlik om uit die argeologiese ondersoek inligting omtrent die verklaring van die spesifieke funksie en datering van die voor te verkry nie. Gevolglik is die afleidings wat uit historiese navorsing gemaak kan word, van soveel meer waarde.

Daar die hoofwatertoevoer met behulp van watervore van suid na noord geloop het, met sytakke hiervandaan na oos en wes, maak dit oënskynlik nie sin dat die voor in Kerkstraat (wat van oos na wes vloei) dieper as die een in Van der Waltstraat (wat van suid na noord vloei) is nie. Die

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

rede hiervoor is dat die voor nie 'n leivoor is nie, maar 'n stormwatervoor (dreineringsvoor) uit 'n latere tydperk.

Die oënskynlike onverklaarbare diepteverskil van die voor, teenoor dit wat van gewone watervore bekend is, dien as verdere bewys dat die voor nie een van die vroegste grondvore (ongeveer 1860) in Pretoria was nie. Dit blyk oënskynlik dat dit ook nie sin maak dat die leivoor aan die suidekant van Kerkstraat geleë is nie, aangesien die helling in hierdie gedeelte van Pretoria na die suide toe styg. 'n Leivoor sou aan die noordekant van die pad moes gewees het, om water aan die blok erwe noord of helling-af (dit wil sê tussen Kerk-, Van der Walt-, Vermeulen- en Prinsloostraat) te verskaf. Hierdie bevinding stem ooreen met inligting wat Basson (1994:175) van ortofoto's verkry het. Dit versterk die moontlikheid dat dit nie 'n gewone leivoor is nie. Een van die Museum se verklarings dat die Kerkstraat-watervoor gedien het om stormwater of afvoerwater en ander vullis van die markplein, geleë waar Strijdomplein vandag is, na die Apiesrivier weg te voer, is dus korrek. Hierdie verklaring stem ooreen met historiese inligting uit die negentigerjare van die vorige eeu. Die afmetings van die voor wat ondersoek is, stem ook feitlik ooreen met dié op 'n argiteksplan van 1893. Dit wil dus voorkom asof die mees waarskynlike verklaring is dat die voor eers teen 1892 en moontlik 1898 gebou is en ten doel gehad het om stormwater vanuit die middestad na die ooste (waarskynlik na die Apiesrivier toe) weg te voer.

Namate dit die datering van die voor aangaan, is die volgende duidelik uit die navorsing. Die voor dateer gewis nie uit die periode voor 1860 nie, aangesien historiese inligting daarop dui dat daar op hierdie stadium nog aan die vore gewerk is. Daar is selfs so laat soos 1863 nog hieraan gewerk (Pieterse 1942:28). Aangesien daar slegs historiese inligting oor grondvore tussen 1860 en 1880 bestaan, is dit onwaarskynlik dat die voor in hierdie tydperk gebou was. Uit die

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

historiese fotomateriaal blyk dit dat die voor in 1892 gebou is. Aangesien dit bekend is dat bedekte vore in 1898 gebou is, is daar ook 'n kans dat die voor uit hierdie jaar dateer. Dit is waarskynlik nie later as 1910 in gebruik gewees nie, daar dit uit historiese inligting bekend is dat waterpype en ander afvoerkanale reeds kort na die draai van die eeu algemeen in gebruik was. Die kulturele materiaal wat uit die voor opgegrawe is, bevestig hierdie datum. Geen voorwerp uit 'n fase voor die laat 19de eeu is gevind nie. Latere artefakte se verskyning in die argeologiese rekord word verklaar op grond van latere aktiwiteite deur die mens (sien punt 4.2).

Hoewel daar gevolglik steeds onsekerhede rondom die Kerkstraat-watervoor is, bly dit 'n unieke historiese hulpbron in vandag se moderne stadskern. Die bewaring daarvan is dus van die uiterste belang (figuur 6.25). Dit is voorts belangrik om te meld dat die res van die voor onder die plaveisel van die Kerkstraat-wandellaan verseël is, sodat die moontlikheid van verdere argeologiese ondersoek daarna steeds moontlik is, sou daar 'n behoefte daarvoor ontstaan. Hierdie metodiek is in lyn met standaardmetodiek van die vak argeologie om gedeeltes van 'n terrein te laat vir toekomstige navorsers met verbeterde tegnieke (Carter 1980:13). Daarom word ‘n volledige stel foto’s en kaarte ook geplaas, omdat ‘n toekomstige navorser moontlik iets wat nie tans raakgesien is nie, daaruit kan aflei. Op hierdie wyse word daar ook aan die behoeftes van erfenishulpbronbestuur voldoen (vergelyk punt 3.2 in hoofstuk 10).

Die vind van 'n ander watervoor gedurende 1998 bevestig dat ander oorblyfsels van sodanige vore steeds onder die hedendaagse stadselemente vasgevang is. Basson (1994:175) stel die moontlikheid dat watervore in Scheiding-, Jacob Maré-, Minnaar-, Visagie-, Struben-, Bloed- en Boomstraat, dit wil sê al die oos-wes strekkende strate voorgekom het. Die ondersoek het egter bewys dat sommige van die noord-suid strekkende strate ook watervore gehad het. Deur hierdie verskynsels te ondersoek, telkens wanneer dit blootgelê word, sal 'n waardevolle deel van

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Pretoria se geskiedenis gedokumenteer kan word en sal die netwerk van watervore moontlik uiteindelik gerekonstrueer kan word. Sodoende sal hierdie belangrike deel van Pretoria se geskiedenis nie verlore raak nie.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

## 9. FIGURE

(Tensy anders vermeld, is alle foto's, planne en kaarte deur A.C. van Vollenhoven geneem of geteken. Noord is aan die bokant van alle kaarte, tensy anders vermeld.)




**Figuur 6.1** Ligging van die watervoor in Kerkstraat-oos, Pretoria-sentraal. Dit is op kaart 2528CA, Pretoria, van die Suid-Afrikaanse 1:50 000 topografiese reeks. Geen skaal word op die oorspronklike kaart gegee nie. Noord is aan die linkerkant van die kaart (City Council of Pretoria g.d.:g.p.).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

**Figuur 6.2** Die terrein van die Kerkstraat-watervoor voor opgrawing. Die watervoor is deur die kontruksiemaatskappy met swaar masjinerie opgegrawe.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

**Figuur 6.3** Die voltooide argeologiese opgrawing (opgrawing 1) van die Kerkstraat-watervoor.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA




**Figuur 6.4** Bo-aansig en deursnit van opgrawing 1.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

**Figuur 6.5** Die voltooide opgrawing 2.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA




**Figuur 6.6** Bo-aansig en deursnit van opgrawing 2.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA




**Figuur 6.7** 'n Kaart van Pretoria waarop 'n watervoor aangedui word. Die kaart dateer uit 1879. Die voor wat ondersoek is, word nie daarop aangetoon nie, maar 'n vroeëre leivoor wel. Noord is aan die onderkant van die kaart (NAB, 3/209).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA




**Figuur 6.8** 'n Vergroting van die 1879-kaart. Die leivoor ('n dun swart lyn wat deur die pyle aangedui word) loop vanaf Kerkplein aan die suidekant van Kerkstraat en dan skuins oor Van der Waltstraat, ten einde verder aan die noordekant van Kerkstraat te loop.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

**Figuur 6.9** Hierdie foto, uit die jaar 1890, toon 'n oop watervoor aan die noordekant van Kerkstraat-oos (Dunston 1975:154).

**Figuur 6.10** Hierdie foto, gedateer tussen 1889 en 1892, toon geen voor of waterinlaat in die sypaadjie aan die suidekant van Kerkstraat-oos nie (Dunston 1975:135).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

**Figuur 6.11** Die suidekant van Kerkstraat-oos uit die jare 1894/5. 'n Duidelike waterinlaat is sigbaar in die sypaadjie links op die foto. Dit is die straatblok net oos van die ondersoekgebied, dit wil sê tussen Andries- en Van der Waltstraat (Dunston:1975:90).

**Figuur 6.12** Hierdie foto van die ondersoekgebied uit die jaar 1892, toon 'n randsteen maar sonder enige waterinlaat (Dunston 1975:153).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

**Figuur 6.13** 'n Foto van Kerkstraat-oos in 1904. Die vlak "voor" wat aan die suidekant (regs op die foto) teen die randsteen sigbaar is, het ten doel gehad om stormwater vinnig na waterinlate in die randsteen af te voer. Die foto bewys dat die watervoor wat ondersoek is, teen 1904 nog in gebruik was en dat dit 'n stormwatervoor was (Dunston 1975:140-141).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

**Figuur 6.14** Hierdie foto toon links onder, duidelik 'n waterinlaat in die randsteen by die ondersoekgebied (Gros g.d.:367).

**Figuur 6.15** Hierdie foto toon mangate in die sypaadjie (links) by die ondersoekgebied. Dit dateer uit 1906-1910 en bewys dat die watervoor teen hierdie datum nog in gebruik was (NAB, 20 772).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA




**Figuur 6.16** 'n Argitekstekening van S Wierda uit 1893. Dit is planne vir oop- en bedekte watervore in Pretoria (NAB, S2/109).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

**Figuur 6.17** 'n Inspeksiegat wat deur die jare opgebou is tot by die hedendaagse metaaldeksel.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

**Figuur 6.18** Detail van die konstruksie van die watervoor.

**Figuur 6.19** 'n Naby foto van die konstruksiedetail van die watervoor.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

**Figuur 6.20** Die watervoor in Van der Waltstraat.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

**Figuur 6.21** Hierdie foto van opgrawing 2 toon die randsteen wat waarskynlik kontemporêr met die watervoor is.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

**Figuur 6.22** 'n Ou inspeksiegat op die hoek van Kerk- en Van der Waltstraat.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

**Figuur 6.23** Die watervoor wat in Schoemanstraat gevind is.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

**Figuur 6.24** Glasbottels wat in die Kerkstraat-stormwatervoor opgegrawe is.

**Figuur 6.25** Rekonstruksie van die watervoor en herbenutting daarvan vir toerisme.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# HOOFSTUK 7

# 'N HISTORIES-ARGEOLOGIESE ONDERSOEK NA DIE VOETPAADJIES IN DIE TUIN VAN DIE MELROSEHUIS MUSEUM, PRETORIA

"Archaeology is historical and history has no end." (Michael Shanks & Christopher Tilley, **Re-constructing archaeology** 1987:245).

## 1. INLEIDING

Die Melrosehuis Museum is die eiendom van die Stadsraad van Pretoria. Die historiese belang van Melrosehuis is die ondertekening van die Vredesverdrag van Vereeniging, wat hier plaasgevind het (City Council of Pretoria g.d.:3). Die verdrag is op 31 Mei 1902 gesluit en het 'n einde aan die Anglo-Boereoorlog (1899-1902) gebring (Van Vollenhoven 1992a:102).

Dit is die beleid van die museum dat alle verskynsels en strukture op die terrein tot die tydperk 1895-1905 teruggebring word. Aangesien dit bekend is dat die tuinuitleg gedurende hierdie periode anders daar uitgesien het as tans, is dit as noodsaaklik beskou om argeologiese opgrawings te doen. Op hierdie wyse sou 'n beter idee verkry kon word van hoe die terrein gedurende hierdie periode gelyk het (vergelyk Van Vollenhoven 1994a).

Twee belangrike komponente wat ondersoek moes word, was die ligging van voetpaadjies in die tuin en die roostuin. Die Universiteit van Pretoria se Departement Antropologie en Argeologie is genader om die werk te doen. Aangesien hierdie projek as deel van die praktiese opleiding van studente gegeld het en die akademiese program van die studente baie vol was, kon slegs drie

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

agtereenvolgende Saterdae in Augustus 1994 hieraan afgestaan word. Omdat die projekspan groot was, is daar weliswaar veel meer opgrawingswerk uitgevoer as wat die geval met die voorafgaande gevallestudies was. Nietemin is daar besluit om op die voetpaadjies te konsentreer en aan te beveel dat die Nasionale Kultuurhistoriese Museum genader word om argeologiese navorsing oor die roostuin te doen (Van Schalkwyk e.a. 1995c). Die argeologiese opgrawing van die paadjies is op 6, 13 en 20 Augustus 1994 uitgevoer.

Die Kontekstuele paradigma is benut om die navorsing uit te voer, aangesien dit die paradigma is wat die beste blyk te wees om aan die navorsingsbehoeftes te voldoen (vergelyk hoofstuk 3). Die behoefte van die grondeienaar, die Stadsraad van Pretoria, is ook deur die doen van die navorsing aangespreek. Die Stadsraad hou die museum namens sy inwoners in stand. Gevolglik beteken dit dat die gemeenskap 'n besonderse belang by die navorsing het. Hoewel slegs 'n enkele aspek van hierdie erfenis bestudeer is, vorm dit 'n belangrike deel van die totale konteks van Melrosehuis. Dit beklemtoon die belangrikheid van die navorsing binne die kader van erfenishulpbronbestuur en is gevolglik as voorbeeld by hierdie studie ingesluit. Die gemeenskapsbelang sluit ook aan by die gedagte van die inheemse erfenis, soos in hoofstuk 3 uiteengesit. Erfenishulpbronbestuurshoeftes het ook op hierdie wyse aandag gekry.

## 2. LIGGING

Melrosehuis is 'n bekende landmerk in Pretoria en is geleë tussen Jacob Maré- en Scheidingstraat, Pretoria. Dit is aan die suidekant van die sentrale sakekern, tussen Andries- en Van der Waltstraat. Bekende landmerke in die omgewing is die Pretoria stasie, wes van Melrosehuis en Burgerspark, direk noord en oorkant die straat daarvan. Die straatadres van die huis is Jacob Maréstraat 275.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die ligging daarvan, vir argeologiese identifikasiedoeleindes op die Suid-Afrikaanse 1:50 000 topografiese reeks, is kaart 2528CC, Verwoerdburg. Die koördinate daarvan is 25° 45' 28,4" SB en 28° 11' 39,2" OL (figuur 7.1).

## 3. TERREINBESKRYWING

Melrosehuis is geleë aan die rand van die middestad van Pretoria. Die geskiedenis van die huis is goed gedokumenteer. Dit dateer dus uit die historiese tydperk.

Die tuine van die huis is uitgelê met grasperke, bome, struike en blombeddings. Voet- en rytuigpaadjies is tussenin aangelê. Historiese inligting dui daarop dat meer paadjies as dit wat tans sigbaar is, gedurende die periode 1895-1905 aangelê was (persoonlike mededeling: E Waldeck). Tans is daar grasperke en blombeddings oor die plekke aangelê waar die moontlike paadjies vroeër was.

Aan die noordekant van die huis word die tuin deur middel van 'n fontein en vywer in 'n oostelike en westelike gedeelte verdeel. In die noordoostelike hoek van die tuin groei daar tans 'n reuse rubberboom. 'n Palmboom kom sentraal in elke gedeelte van die voortuin voor. Oos van die huis word 'n somershuisie, gebou van hout, aangetref.

Die agtertuin aan die suidekant van die huis bestaan uit enkele blombeddings, ‘n tennisbaan en 'n groot grasperk, wat as parkeerarea benut word. Die tennisbaan is ‘n rekonstuksie van die oorspronklike (persoonlike mededeling: E. Waldeck). In die suidoostelike hoek van die terrein is die arbeiderskwartiere en oorspronklike koetshuis, wat tans as 'n restourant gebruik word. Die

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

tuin aan die westekant van die huis word deur 'n rondawel en ander buitegeboue beslaan en word tans as kantore en bergingsruimtes benut. Die ondersoek na die voetpaadjies sou op die voortuin (noord) en die oostelike tuin konsentreer.

## 4. HISTORIESE AGTERGROND

Die geskiedenis van Melrosehuis is welbekend. Dit word kortliks hier weergegee om die navorsing binne 'n wyer historiese konteks te plaas.

Melrosehuis is in 1886 deur George Jesse Heys, 'n sakeman van Pretoria, laat bou. 'n Londense argitek, WT Vale, het die huis ontwerp (Van Schalkwyk e.a. 1995a:81). Dit is na die Melrose Abdy in Skotland vernoem. Die argitektuur van die huis dui die oorgang tussen die Victoriaanse en Edwardiaanse style aan (Waldeck 1995:5). Gedurende 1889-1890 vergroot Heys sy eiendom en laat bou 'n stalkompleks suid van die huis (Van Schalkwyk e.a. 1995c:81).

Op 5 Junie 1900 is Pretoria deur die Britse magte, onder bevel van lord Roberts ingeneem (Van Vollenhoven 1995a:86). Melrosehuis het Roberts se hoofkwartier geword en was ook later lord Kitchener se hoofkwartier (Waldeck 1995:5; Stadsraad van Pretoria 1991: Kaart Kultuurroete; Stadsraad van Pretoria g.d.: Kaart Stadskernroete). Die vredesverdrag is op 31 Mei 1902 in die eetkamer van die huis onderteken (Waldeck 1995:5).

Na 1902 is die huis weer deur die Heysgesin as woning gebruik. In 1968 is dit deur die Stadsraad van Pretoria aangekoop en in 1971 as museum geopen. Die museum beeld die lewenswyse van 'n

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

welgestelde familie tydens die eeuwending uit, toe welvaart in die ZAR geheers het (Van Schalkwyk e.a. 1995a:82). Die huis is tot die periode 1895-1905 gerestoureer (Waldeck 1995:5).

In soverre dit die voetpaadjies aangaan, was verdere historiese navorsing nodig. Die historiese ondersoek is grootliks vooraf deur die kurator van die Melrosehuis Museum, mev E Waldeck, en haar voorgangers gedoen. Daar hierdie navorsing deeglik gedoen is, kon dit met vrug vir die histories-argeologiese navorsing benut word.

Die inligting uit die bogenoemde navorsing, wat 'n plan waarop moontlike voetpaadjies aangedui is ingesluit het, is aan die argeoloog gegee om te bestudeer. Historiese foto's uit die versameling van die Melrosehuis Museum is ook nagegaan. Hoewel paadjies op verskeie van die foto's sigbaar was, kon die posisie van slegs drie hiervan geïdentifiseer word, naamlik een in 'n noord-suid rigting in die oostelike gedeelte van die voortuin, een in 'n noord-suid rigting in die westelike gedeelte van die voortuin en een in 'n noord-suid rigting in die oostelike tuin (parallel aan die huis se oostekant).

Met die aanvang van die navorsing was sommige van die paadjies met gras beplant. Lugfoto's en vergrotings van ortofoto's is gebruik om 'n aanduiding van die ligging van die paadjies te verkry, maar dit was onsuksesvol. Op grond van bogenoemde historiese inligting, is die volgende gegewens in verband met die paadjies uit die tydperk 1895-1905 vasgestel. Die voortuin is oorspronklik deur 'n sentrale sirkelvormige koetspad, wat rondom 'n vywer loop, in 'n oostelike en westelike gedeelte verdeel. Die pad draai om die noordoostelike hoek van die huis en loop parallel met die oostekant van die huis. Dit sluit aan by 'n pad wat na die stalle, suid van die huis, lei. Teen die noordekant van die huis loop 'n paadjie in 'n oos-wes rigting, dit wil sê parallel met

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

die huis. Daar is aanvaar dat die oostelike en westelike gedeeltes van die voortuin ewebeelde van mekaar sou wees aangesien streng formaliteit en simmetrie 'n kenmerk van Victoriaans-Edwardiaanse tuinuitlegte was (Barret & Phillips 1988:170-171). Al hierdie inligting is gebruik om 'n plan van die moontlike tuinuitleg op te trek (Theron & Joubert 1989:1-3) (figuur 7.2).

Die plan en die foto's was belangrike hulpmiddels in die bepaling van die posisie van die toetsslote. Die argeologiese ondersoek was egter nodig om as interne kritiek te dien ten einde die inligting te bevestig en die plan sodoende as 'n geloofwaardige rekonstuksie vas te stel. Dit sou ook lig werp op die aard en die konstruksie van die voetpaadjies.

## 5. DIE ARGEOLOGIESE ONDERSOEK

'n Totaal van 10 toetsslote is uitgemeet ten einde die voetpaadjies, of oorblyfsels daarvan, op te spoor (figuur 7.3). Die bestaande plan van die tuin is gebruik, daarom is 'n ruitnet nie oor die terrein uitgemeet nie. Die toetsslote is geplaas op plekke waar die waarskynlikheid om iets te vind, volgens die historiese inligting, die grootste was. Om hierdie rede sou die opgrawe van spesifieke blokke binne 'n ruitnet onnodig wees.

### 5.1 Oostelike gedeele van voortuin

Vyf toetsslote is hier uitgemeet. Die eerste was 'n sloot van 3 x 1 meter, wat strek van noord na suid. Dit is oos van die vywer uitgemeet.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Toetssloot 2 is in 'n noord-suid rigting uitgemeet en is 'n sloot van 3 x 1 meter. Dit is verder oos, net wes van die sentrale palmboom uitgemeet. Dit wil voorkom asof die palm 'n kern vorm, waarom die paadjies uitgelê was.

Die derde is 'n sloot van 3 x 1 meter wat van 'n noordoostelike tot 'n suidwestelike rigting uitgemeet is. Dit is in die suidwestelike hoek van die grasperk uitgemeet.

Toetssloot 4 is parallel met toetssloot drie, maar suidoos daarvan, uitgemeet. Die afmetings daarvan is 3 x 1 meter.

Toetssloot 8 is verder na oos as die eerste vier uitgemeet, na aanleiding van 'n foto van 1988 wat tekens van 'n paadjie toon (figuur 7.10). Die afmetings daarvan is 2 x 1 meter en dit is in 'n oos-wes rigting uitgemeet.

### 5.1.1 Toetssloot 1 en 2

Die doel met toetssloot 1 en 2 was om te bepaal of daar enigiets oorgebly het van 'n voetpaadjie, wat moontlik parallel met die voorkant van die huis uitgelê was. Die posisie van ‘n paadjie is bepaal op grond van die veronderstelde simmetrie van die tuinuitleg. Aangesien dit bekend is dat reuse bome vroeër uit die tuin gehaal is en dat dit bewyse van paadjies kon vernietig het (Theron & Joubert 1989:2), is twee toetsslote eerder as slegs een uitgemeet. 'n Groter kans op sukses is dus verseker. Die vraag kan wel gevra word waarom toetssloot 2 nie oos van die palmboom gegrawe is nie. Hier groei 'n baie groot rubberboom wat nie net opgrawing sou bemoeilik nie, maar waarvan die wortels waarskynlik reeds enige oorblyfsels van 'n paadjie sou vernietig het.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Omdat hierdie gedeeltes van die tuin tans 'n grasperk is, moes grassooie eers verwyder word voordat daar met opgrawing begin kon word. Laag 1 was dus in beide gevalle 10cm diep en het die grondoppervlakte onder die gras blootgelê (figuur 7.4-7.5). Ongeveer in die middel van toetssloot 1 en aan die suidekant van toetssloot 2, is 'n effens rooierige klipperige gedeelte opgemerk. Dit was los grond en hoewel dit die idee van 'n gekompakteerde laag grond gegee het, was dit nog te vroeg om enige afleidings te maak. Om tyd te bespaar is net hierdie gedeeltes van die opgrawings vir 1 x 1 meter, tot 10cm dieper gegrawe (figuur 7.6). Hierdeur kon 'n beter idee van die laag verkry word en kon die profiel 'n aanduiding van 'n moontlike gekompakteerde laag gee.

Dit het geblyk dat hierdie klipperige rooi laag steeds dieper strek. Daarom is daar slegs in toetssloot 1 'n verdere gedeelte dieper gegrawe, tot ongeveer 35cm diep, waar die steriele natuurlike grondoppervlak bereik is (figuur 7.7).

Die oorblyfsels in toetssloot 1 is dus opgeoffer ten einde antwoorde te verkry. Daar was steeds onsekerheid oor die oorsprong van die rooi laag, hoewel dit herinner het aan die gekompakteerde materiaal in die sigbare paadjies van Melrosehuis en soortgelyke gekompakteerde materiaal wat by die 1913-huis te Willem Prinsloo Landboumuseum opgegrawe is (Van Vollenhoven 1993b:32-37). Die rede vir die onsekerheid was dat hierdie materiaal sag was, terwyl die materiaal van die vergelykende terreine besonder hard was. Dit kan moontlik toegeskryf word aan die feit dat die grasperke by Melrosehuis gereeld natgespuit word en dat die water die reeds beskadigde materiaal sag gemaak het. Die materiaal wat later in toetssloot 6 gevind is, (vergelyk punt 5.2.2) het bo alle twyfel bewys dat hierdie gekompakteerde rooi laag deel van die oorspronklike voetpaadjies was. In beide toetsslote is stukkies porselein, glas, metaal en been gevind (vergelyk punt 6).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

5.1.2 Toetssloot 3 en 4

Die doel met toetssloot 3 en 4 was om oorblyfsels van 'n voetpaadjie, wat skuins van noordwes na noordoos geloop het, te vind. In hierdie geval is historiese foto's gebruik om die posisie van die voetpaadjie vas te stel (Theron & Joubert 1989: 3). Twee toetsslote is uitgemeet ten einde 'n beter kans op sukses te hê.

In beide toetsslote het laag 1 uit 10cm diep grassooie bestaan wat verwyder moes word. Dit het 'n laag donkerbruin grond blootgelê (figuur 7.8). 'n Arbitrêre laag van 10cm is nou uit elke toetssloot verwyder, maar geen verandering in grondkleur is bespeur nie (figuur 7.9).

'n Derde en vierde laag, elkeen 10cm diep, is ook uitgegrawe, steeds sonder om 'n verandering te vind. Hoogtelesings wat met behulp van 'n nivelleerder geneem is, het getoon dat hierdie opgrawings reeds dieper was as die verwagte oppervlakte van die paadjies (afgelei van die bestaande paadjies en dit wat in ander toetsslote gevind is).

Die verklaring hiervoor is dat dit wat daar was reeds vernietig is, of dat die toetsslote die posisie van die paadjie gemis het. Historiese foto's dui daarop dat hier wel 'n paadjie was. Moontlike oorblyfsels hiervan is in 1989 tydens werk aan die voortuin gevind (Theron & Joubert 1989:3). Hierdie werk kon ook moontlik die oorblyfsels vernietig het. Die foto's kan nietemin as voldoende bewys aanvaar word dat hier wel 'n paadjie voorgekom het. Kulturele materiaal wat in toetssloot 3 gevind is, is stukke porselein, glas, metaal, been en 'n plastiese proppie. In toetssloot 4 is stukke porselein, glas en been gevind (sien punt 6).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

### 5.1.3 Toetssloot 8

Die doel van toetssloot 8 was die blootlegging van 'n voetpaadjie wat in 'n noord-suid rigting, na die sentrale palmboom toe loop. Die posisie hiervan is bepaal deur middel van 'n foto, geneem in 1988, wat tekens van 'n paadjie aantoon (figuur 7.10).

Die gras was hier baie yl as gevolg van die rubberboom wat daar groei, sodat die grond direk in arbitrêre lae van 10cm elk verwyder kon word. Nadat laag 1 voltooi is, was enkele klippe aan die oostekant van die opgrawing sigbaar (figuur 7.11). Hierdie gedeelte van die opgrawing is verdiep. Laag 2 het niks opgelewer nie, maar in laag 3 is soortgelyke klippe as in toetssloot 6 en 10 gevind (figuur 7.12-7.13). Dit is bekend dat die paadjies deur sodanige klippe onderlê is (persoonlike mededeling: E Waldeck). 'n Gekompakteerde bolaag is nie bo-op dit gevind nie, maar dit kan toegeskryf word aan die veranderinge wat die tuin deur die jare ondergaan het, sowel as die skade wat deur die wortels van die rubberboom veroorsaak is. Kulturele materiaal wat hier gevind is, is stukke porselein, glas, metaal en been (sien punt 6).

### 5.1.4 Gevolgtrekking

Die historiese inligting in verband met die voetpaadjies blyk korrek te wees. Die paadjies was gevolglik uitgelê soos in figuur 2 aangedui.

Hoewel die paadjies as gevolg van verskeie veranderinge aan die uitleg van die tuin deur die jare nie volledig behoue gebly het nie, is dit blykbaar nie doelbewus vernietig nie. Gevolglik het gedeeltes daarvan behoue gebly.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

## 5.2 Westelike gedeelte van voortuin

Twee toetsslote is hier uitgemeet. Omdat daar aanvaar is dat die oostelike- en westelike gedeelte van die voortuin spieëlbeelde van mekaar sou wees, sou die vind van oorblyfsels van die voetpaadjies hier, dit bevestig. Die doel met toetssloot 5 en 6 was dus om as 'n kontrole te dien.

### 5.2.1 Toetssloot 5 en 6

Toetssloot 5 is 2 x 1 meter groot. Dit strek in 'n noord-suid rigting en is wes van die sentrale palm uitgemeet.

Toetssloot 6 is in 'n noord-suid rigting en oos van die sentrale palmboom uitgemeet. Die afmetings daarvan is 3 x 1 meter.

Grassooie moes by beide toetsslote verwyder word om die grondoppervlakte bloot te lê. Laag 1 was dus 'n 10cm diep grassooilaag (figuur 7.14-7.15). Grond is nou in arbitrêre lae van 10cm verwyder ten einde oorblyfsels te vind. Toetssloot 5 het geen aanduiding van 'n moontlike paadjie opgelewer nie.

In toetssloot 6 is dieselfde klipperige rooi laag sowat 20cm onder die oppervlakte gevind. Die laag was 5cm dik. Onder die laag is 'n laag klippe gevind (figuur 7.16-7.17). Die grootte van die klippe stem ooreen met dié in 'n voetpaadjie suid van die huis, sowel as met die inligting wat oor die paadjies bekend is. Na analogie hiervan kan daar aanvaar word dat die klippe die onderkant van die paadjies vorm. Die paadjies is eers met klippe uitgelê en toe is fyn klipperige materiaal (die rooi laag) daarop gekompakteer. Hoogtelesings wat met behulp van 'n nivelleerder geneem

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

is, het aangedui dat dit wat in toetssloot 1, 2 en 6 gevind is en die hoogte van die bestaande paadjie rondom die vywer, min of meer ooreenstem.

'n Tweede foto uit 1988, dui 'n paadjie aan die westekant van die bogenoemde aan (figuur 7.18). Hierdie paadjie is vandag nog sigbaar en is daarom nie argeologies ondersoek nie (vergelyk punt 6). Dit is wel gemeet omdat die breedte daarvan 'n aanduiding van die breedte van die ander tuinpaadjies kan gee. Dit is 1,5 meter breed. Kulturele materiaal wat in toetssloot 5 gevind is, is stukkies porselein, glas en been terwyl een stukkie porselein in toetssloot 6 gevind is (sien punt 6).

### 5.2.2 Gevolgtrekking

Daar kan aanvaar word dat die historiese inligting korrek is en dat voetpaadjies wel uitgelê was soos aangedui in figuur 2. Hierdie figuur word dan ook as geloofwaardig beskou. Die twee gedeeltes van die voortuin was ook spieëlbeelde van mekaar.

Die paadjies het egter nie behoue gebly nie. As gevolg van die veranderinge aan die uitleg van die voortuin is die paadjies beskadig, hoewel dit wil voorkom asof dit nooit doelbewus vernietig is nie. Daarom het oorblyfsels daarvan op sommige plekke tot 'n mate behoue gebly.

## 5.3 Oostelike tuin

Op een van die historiese foto's van 'n gedeelte van die tuin oos van die woonhuis, was 'n voetpaadjie besonder opvallend (figuur 7.19). Toetssloot 7, 9 en 10 is hier uitgemeet ten einde oorblyfsels hiervan te vind.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

### 5.3.1 Toetssloot 7

Die opgrawing is in 'n oos-wes rigting uitgemeet met afmetings van 3 x 1 meter. Laag 1 was 'n arbitrêre laag van 10cm dik. Dit het 'n strook beton feitlik teen die oostelike grens van die eiendom blootgelê. Die opgrawing is aan die westekant van die beton verdiep, aangesien daar gereken is dat die beton 'n randsteen vir die paadjie kon gevorm het (figuur 7.20). Nadat daar sowat 20cm diep gevorder is, was dit duidelik dat die oorspronklike grondoppervlakte gevind is (figuur 7.21-7.22). Verdere toetsslote was dus nou nodig om meer lig op die aangeleentheid te werp. In toetssloot 7 is 'n glasghoen, 'n stuk keramiekteël en 'n stuk been, sowel as 'n stuk draad gevind (sien punt 6).

### 5.3.2 Toetssloot 9

Toetssloot 9 is suid van toetssloot 7 uitgemeet en was 1 x 0,50 meter groot. Dit is in 'n noord-suid rigting uitgemeet. Dunner arbitrêre lae as in die voorafgaande opgrawings, naamlik van 5cm is hier verwyder. Dit was 'n voorsorgmaatreël om te voorkom dat die gekompakteerde materiaal waarna gesoek word nie vernietig sou word nie.

Op 'n diepte van 15cm is steeds niks gevind nie en is die werk aan toetssloot 9 gestaak, omdat die oorspronklike grondoppervlakte onder die sagte tuingrond bereik is (figuur 7.23). Geen kulturele materiaal is hier gevind nie.

### 5.3.3 Toetssloot 10

Toetssloot 10 is nou verder suid uitgemeet. Dit is in 'n oos-wes rigting uitgemeet met afmetings

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

van 2,5 x 0,50 meter. Die posisie van die opgrawing is direk noord van die prieel, sigbaar in figuur 7.19.

Aanvanklik is besluit om die grond in arbitrêre lae van 5cm te verwyder, maar na slegs 2cm is van die gekompakteerde materiaal, waarvan die tuinpaadjies gemaak is, aan die westekant van die opgrawing gevind. Enkele klippe, soos die wat in toetssloot 6 en 8 gevind is, is na die oostekant toe gevind. Die betonmuurtjie, wat in toetssloot 7 gevind is, is ook verder na oos blootgelê (figuur 7.24). Die muurtjie word as 'n latere toevoeging beskou, wat verklaar waarom geen tekens van die paadjie verder noord (in toetssloot 7 en 9) gevind is nie. By toetssloot 10 was die skade wat daardeur berokken is minder, omdat die betonmuurtjie aan die kant van die paadjie deurgaan, terwyl dit by toetssloot 7 waarskynlik meer na die middel van die paadjie deurgaan.

Toetssloot 10 is vir nog 2cm verdiep, ten einde soveel as moontlik van die oorblyfsels van die paadjie bloot te lê (figuur 7.25). Op die historiese foto is dit duidelik dat die paadjie ook onder die prieel deurgeloop het. 'n Gedeelte van die los grond is hier met 'n matborsel weggevee en het dieselfde materiaal blootgelê (figuur 7.26).

Geen kulturele materiaal is in toetssloot 10 gevind nie.

### 5.3.4 Gevolgtrekking

Die voetpaadjie teen die oosgrens van die terrein het plek-plek behoue gebly. Faktore wat onder andere gelei het tot die beskadiging en selfs vernietiging daarvan op plekke, is die betonmuurtjie teen die oosgrens van die terrein en die aanlê van beddings aan die noordekant.

Die paadjie is van dieselfde materiaal as dié in die voortuin gemaak. Dit bestaan uit 'n laag klippe as basis, wat opgevul word en bo-op gekompakteer word met fyn klipperige materiaal. Dit stem ooreen met die historiese inligting.

## 6. KULTURELE MATERIAAL

Hoewel dit nie die doel van die argeologiese ondersoek was om artefakte bloot te lê nie, is verskeie hiervan wel gevind. Derhalwe word dit slegs kortliks behandel. Die artefakte blyk toevallige vondste te wees, aangesien geen tekens van 'n ashoop gevind is nie. Ashope is wel later, suidoos van die huis, deur 'n ondersoekspan van die Nasionale Kultuurhistoriese Museum blootgelê. Die posisie daarvan was wes van die paadjie wat teen die oosgrens van die terrein uitgelê is (Van Schalkwyk, e.a. 1995c:6).

### 6.1 Keramiek

#### 6.1.1 Porselein

Klein stukkies porselein is in toetsslote 1, 2, 3, 5, 6 en 8 gevind. Uit toetssloot 1 is drie onidentifiseerbare skerwe gevind. Uit toetssloot 2 is twee skerwe gevind wat as tafelware beskryf kan word. Die eerste is 'n lipgedeelte van 'n vroeë twintigste eeuse piering met rooi strepe, wat teen 'n wit agtergrond afgedruk is (figuur 7.27) en hou waarskynlik met die Melrosehuis verband. Die tweede skerf is onidentifiseerbaar, omdat dit te gefragmenteerd is.

Vier skerwe is uit toetssloot 3 verkry. Vanweë die fragmentariese aard daarvan is drie hiervan onidentifiseerbaar, terwyl 'n vierde, hoewel ook onidentifiseerbaar, 'n blou blaarpatroon daarop afgedruk het, op 'n blou onderglans teen 'n wit agtergrond (figuur 7.28). Toetssloot 5 het twee

onidentifiseerbare stukke gelewer. Op beide is patrone sigbaar. Die een is 'n wit skerf met 'n pers reliëf van 'n blaar daarop. Die tweede toon 'n blou gespikkelde ontwerp (figuur 7.28). Die enkele skerf wat in toetssloot 6 gevind is, kan nie geïdentifiseer word nie.

Twee skerwe uit toetssloot 8 is as dele van wasstelle geïdentifiseer. Die eerste is die lipgedeelte van 'n waskom, waarop 'n gespikkelde blomkop in bruin op wit afgedruk is. Hierdie stuk is waarskynlik Edwardiaans. Die tweede vorm deel van 'n seepbakkie uit die Edwardiaanse era. Hierdie stukke hou gevolglik met die bewoning van die huis deur die Heysgesin, ná die Anglo-Boereoorlog, verband. Dit is 'n lipgedeelte waarop 'n blou onderglans afgedruk is. Dit toon 'n grenslyn en 'n patroon wat, vanweë die feit dat die stuk gebreek is, nie bepaal kan word nie (figuur 7.27). Vier onidentifiseerbare skerwe is ook in toetssloot 8 gevind, waarvan een 'n blou blompatroon in onderglans daarop afgedruk het (figuur 7.28).

Al die skerwe kan positief tot die Laat Victoriaanse of Vroeë Edwardiaanse tydperk gedateer word en hou derhalwe met die tydperk van Melrosehuis verband (skriftelike mededeling: C Meyer; persoonlike mededeling: A Carelsen). Die porselein stem in 'n groot mate ooreen met porselein wat later in ashope op die terrein opgegrawe is (Van Schalkwyk e.a. 1955c:85-89).

### 6.1.2 Aardewerk

Aardewerk is in toetsslote 2, 3, 7 en 8 gevind. Die skerf wat in toetssloot 2 gevind is, is as tafelware geïdentifiseer. Dit is deel van 'n vleisbord van hardgebakte aardewerk. Dit het 'n pers blaar- en blommotief, wat in onderglans op 'n wit agtergrond afgedruk is (figuur 7.29). Dit dateer uit die vroeë twintigste eeu en stem ooreen met artefakte wat in ashope op die terrein opgegrawe

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

is (Van Schalwyk e.a. 1995c:87). Dit is waarskynlik na die Anglo-Boereoorlog deur die Heysgesin gebruik.

Een skerf is in toetssloot 3 opgegrawe. Dit was onidentifiseerbaar as gevolg van die fragmentariese aard daarvan. In toetssloot 7 is 'n geglasuurde hardgebakte aardewerkteël opgegrawe (figuur 7.29). Dit is as versiering om Victoriaanse kaggels gebruik (skriftelike mededeling: C Meyer). Die teël stem ooreen met teëls by die kaggel in die studeerkamer van Melrosehuis en toon dus 'n duidelike verband met Melrosehuis. In toetssloot 8 is 'n skerf van 'n Victoriaanse vloerteël gevind, maar die verband daarvan met die huis kon nie vasgestel word nie aangesien geen sodanige teël in die huis of buitegeboue voorkom nie (figuur 7.29).

### 6.1.3 Steenware

Een skerf wit geglasuurde steenware is in toetssloot 3 opgegrawe. Dit is 'n lipgedeelte van 'n laat negentiende eeuse medisynepotjie met 'n swart patroon wat in onderglans daarop afgedruk is (figuur 7.30). Volgens datering kan dit derhalwe met Melrosehuis verbind word (skriftelike mededeling: C Meyer), maar dan waarskynlik met die fase voor die uitbreek van die Anglo-Boereoorlog. 'n Soortgelyke skerf is tydens opgrawings in die ashope op die terrein gevind (Van Schalkwyk e.a. 1995a:89).

## 6.2 Glas

Glasstukke is in toetssloot 1, 2, 3, 4, 5 en 8 gevind (figuur 7.31). Die stukke verteenwoordig drank-, sodawater- en medisynebottels wat gedurende die laat negentiende of vroeë twintigste eeu vervaardig is. 'n Wit ondeursigtige glasstuk, wat in toetssloot 8 gevind is, word met 'n Victoriaanse of Edwardiaanse lampskerm geassosieer. Uit toetssloot 1 is 'n fragment kleurlose

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

vensterglas gevind, terwyl 'n gedeelte van 'n wynglas in toetssloot 5 gevind is (skriftelike mededeling: C Meyer). Soortgelyke glasartefakte is tydens opgrawing van die ashope op die terrein gevind (Van Schalkwyk e.a. 1995a:90). Hierdie glasstukke verteenwoordig derhalwe die volle periode van die Heysgesin se bewoning van die huis en sluit die tydperk van die Anglo-Boereoorlog in.

## 6.3 Metaal

Metaalartefakte is in toetssloot 1, 2, 3, 4, 7 en 8 gevind (figuur 7.32). Dit bestaan hoofsaaklik uit spykers en gefragmenteerde stukke metaal, waarvan die verwering sodanig is dat daar met sekerheid gesê kan word dat dit nie hedendaagse materiaal is nie. Meer kan daar nie hieroor gesê word nie.

'n Skroef en perdehoefspyker (Van Vollenhoven 1992a:307) is in toetssloot 8 gevind. Dit toon dieselfde mate van verwering as die bogenoemde metaalartefakte. Die Heysgesin het perde aangehou, maar perde is ook tydens die Anglo-Boereoorlog gebruik. Hoewel die perdehoefspyker dus nie met ‘n spesifieke fase van die bewoning van Melrosehuis verbind kan word nie, hou dit waarskynlik met die aanhou van perde op die perseel verband.

In toettsloot 3 is 'n gedeelte van die handvatsel van 'n meubelstuk gevind (figuur 7.33). Dit is van 'n koperallooi gemaak en kan stilisties tot die Laat Victoriaanse tydperk gedateer word (persoonlike mededeling: A Carelsen), hoewel dit nie ooreenkom met enige meubelstuk in die huis nie.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

### 6.4 Been

Stukke been is in toetssloot 1, 2, 3, 4, 7 en 8 gevind. Dit is te klein en gefragmenteerd om te identifiseer (figuur 7.34).

### 6.5 Plastiek

'n Plastiese proppie is in toetssloot 3 gevind. Dit is waarskynlik van resente oorsprong.

## 7. SAMEVATTING

Volgens historiese inligting is die voetpaadjies uitgelê met 'n basis van kleinerige klippe. Bo-op die basis is fyn klipperige materiaal, met 'n rooierige kleur, gekompakteer. Die argeologiese inligting het bogenoemde bevestig. Die toestand van agteruitgang van die paadjies het tot gevolg dat die breedte en presiese ineenskakeling van die paadjies nie vasgestel kon word nie. Die drie foto's waarop paadjies gesien kan word, gee egter 'n aanduiding hiervan. Omdat hierdie paadjies vir voetgangers en nie vir voertuie, soos perdekarre en koetse soos die paadjies rondom die huis bedoel was nie, sou dit gewis nouer gewees het. Die voetpaadjie heel wes van die voortuin (figuur 7.18), gee 'n akkurate aanduiding van die breedte van die paadjies. Hierdie paadjie is 1,5 meter breed.

Aangesien historiese inligting (foto's) wel daarop dui dat daar twee skuins paadjies, een in die oostelike- en een in die westelike gedeelte van die voortuin uitgelê was, kan daar aanvaar word dat dit wel so was. Hoewel geen argeologiese getuienis hiervoor gevind is nie, is daar verskeie moontlike redes hiervoor aangevoer. Dit sal egter nie verrassend wees as oorblyfsels hiervan gevind word wanneer die gras verwyder word om die oorspronklike tuinuitleg te rekonstrueer nie. Verdere gedeeltes van dié en ander paadjies sal waarskynlik tydens voorbereidings vir rekonstruksie blootgelê word. Verdere toetsslote is onnodig geag, daar die historiese inligting as

geloofwaardig beskou word en daar die vind van die diagonale paadjies waarskynlik geen addisionele inligting omtrent die aard en konstruksie daarvan aan die lig sou bring nie. Die gevolgtrekking is dus dat daar aan die navorsingsbehoeftes voldoen is (vergelyk punt 4.1, hoofstuk 10). Die dokumentasie van die voetpaadjies, wat uiteindelik benut sal word om dit te rekonstrueer beteken dat daar ook aan die erfenishulpbronbestuursbehoeftes voldoen is (vergelyk hoofstuk 10, punt 4.2).

Die gegewens dui daarop dat die uitleg van die voetpaadjies wel was soos aangedui in figuur 2. Die twee gedeeltes van die voortuin blyk dan ook spieëlbeelde van mekaar te wees. Op grond van bostaande bevindinge is dit moontlik om die historiese voetpaadjies in die tuin te rekonstrueer sodat dit nader aan die oorspronklike tuinuitleg van Melrosehuis kan wees.

Dit is met hierdie doel voor oë dat ‘n volledige stel figure geplaas word al is sommige hiervan se kwaliteit minder goed. Swakker foto’s bring ‘n bykomende aspek van die problematiek van argeologiese navorsing na vore. Omdat argeologiese opgrawings vernietigend is, is sodanige foto dikwels die enigste rekord van ‘n spesifieke laag of verskynsel en ‘n swak foto is immers beter as geen rekord. Juis daarom kan dit nie sonder meer geïgnoreer word nie. Iets wat deur die argeoloog misgekyk is, sal moontlik deur die persone wat die rekonstruksie doen, raakgesien word. Sodoende dra dit by tot die skep van die volledige konteks vir die terrein.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

## 8. FIGURE

(Tensy anders vermeld, is alle foto's, planne en kaarte deur A.C. van Vollenhoven geneem of geteken. Noord is aan die bokant van alle kaarte, tensy anders vermeld.)




**Figuur 7.1** Ligging van die Melrosehuismuseum in Pretoria. Die oorspronklike kaart het nie 'n skaalaanduiding nie. Noord is aan die linkerkant van die kaart (City Council of Pretoria g.d.:g.p.).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA




**Figuur 7.2** Terreinplan, geteken in 1986, waarop die posisie van moontlike voetpaadjies aangebring is. Die kwaliteit van die oorspronklike kaart is baie swak. Noord is aan die regterkant van die kaart (Theron & Joubert 1989:g.p.).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA




**Figuur 7.3** Terreinplan met die posisie van die 10 toetsslote daarop aangedui. Noord is aan die regterkant van die kaart.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

**Figuur 7.4** Toetssloot 1, laag 1. Vanweë reën die vorige dag was die area uiters modderrig.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

**Figuur 7.5** Toetssloot 2, laag 1.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

**Figuur 7.6** Toetssloot 2, laag 2.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

**Figuur 7.7** Die voltooide toetssloot 1. Let op die rooi gekompakteerde laag, bestaande uit 'n fyn klipperige materiaal.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

**Figuur 7.8** Toetssloot 3, laag 1. Geen aanduiding van die oorblyfsels van voetpaadjies is hier gevind nie.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

**Figuur 7.9** Toetssloot 4, laag 2 het ook geblyk steriel te wees.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

**Figuur 7.10** Foto, geneem in 1988, wat 'n vae aanduiding van 'n moontlike paadjie gee (Ongenommerde foto: Melrosehuis Museum).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

**Figuur 7.11** Toetssloot 8, laag 1. Die klippe aan die onderkant van die foto het later geblyk deel van materiaal te wees waarmee die area voorberei is voordat 'n voetpaadjie daar uitgelê is.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

**Figuur 7.12** Toetssloot 8 voltooi. Let op die klippe wat as basis vir die paadjie gelê is.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

**Figuur 7.13** Die klippe in toetssloot 8 van nader beskou.



**Figuur 7.14** Toetssloot 5, laag 1.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

**Figuur 7.15** Toetssloot 6, laag 1.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

**Figuur 7.16** Die voltooide toetssloot 6. Let op die klip wat as basis vir die paadjies uitgelê is.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



**Figuur 7.17** Die klippe in toetssloot 6, van nader beskou.



**Figuur 7.18** Hierdie foto, geneem in 1988, wys duidelik 'n voetpaadjie wat van links onder na regs in die middel loop. Die paadjie loop van suid na noord en is heel wes in die voortuin geleë. Dit is vandag steeds sigbaar en is gemeet om die breedte van die ander voetpaadjies te bepaal. Die breedte daarvan is 1,50 meter (Ongenommerde foto: Melrosehuis Museum).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

**Figuur 7.19** Historiese foto van die tuin, oos van die woonhuis. Dit toon duidelik twee paadjies, een teen die oosgrens van die terrein en een onder die prieel (Ongenommerde foto: Melrosehuis Museum).

**Figuur 7.20** Toetssloot 7 is op sekere plekke verdiep vanaf die vlak van laag 1, ten einde oorblyfsels van die paadjie te vind. Die sementmuurtjie dateer uit'n latere periode.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

**Figuur 7.21** Die voltooide toetssloot 7. Die sement randsteen is sigbaar in die agtergrond.

**Figuur 7.22** Profiel van die voltooide toetssloot 7. Dit wys dat daar geen laag met gekompakteerde materiaal, wat op 'n paadjie kan dui, gevind is nie.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

**Figuur 7.23** Die voltooide toetssloot 9. Die oorspronklike grondoppervlakte is sigbaar onder die sagte tuingrond.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

**Figuur 7.24** Toetssloot 10, laag 1. Let op die harde gekompakteerde materiaal en die klippe, wat daarop dui dat hier 'n voetpaadjie was. Die stene in die voorgrond dateer uit 'n latere periode.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



**Figuur 7.25** Die voltooide toetssloot 10. Die klippe wat die basis van die paadjie vorm, is meer duidelik sigbaar. Die stene in die voorgrond dateer uit 'n latere periode.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



**Figuur 7.26** Tekens van gekompakteerde kleigrond, die oorblyfsels van die paadjie, is steeds sigbaar onder die prieel.

**Figuur 7.27** Porselein wat by Melrosehuis opgegrawe is. Die eerste skerf (links) is afkomstig van 'n vroeë twintigste eeuse piering. Die tweede skerf (middel) is van 'n Edwardiaanse waskom en die derde (regs) van 'n Edwardiaanse seepbakkie afkomstig (Ongenommerde foto: F.T. Dreyer, 1998).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

**Figuur 7.28** Ongeïdentifiseerbare porseleinskerwe wat by Melrosehuis opgegrawe is (Ongenommerde foto: F.T. Dreyer, 1998).




**Figuur 7.29** Aardewerkskerwe opgegrawe by Melrosehuis. Die eerste skerf (links) is van 'n vroeë twintigste eeuse vleisbord afkomstig, terwyl die ander skerwe Victoriaanse teëls verteenwoordig (Ongenommerde foto: F.T. Dreyer, 1998).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA




**Figuur 7.30** 'n Skerf van 'n medisynepotjie en gemaak van steenware, opgegrawe by Melrosehuis (Ongenommerde foto: F.T. Dreyer, 1998).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



**Figuur 7.31** Glasskerwe gevind by Melrosehuis (Ongenommerde foto: F.T. Dreyer, 1998).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



**Figuur 7.32** Metaalartefakte wat by Melrosehuis gevind is (Ongenommerde foto: F.T. Dreyer, 1998).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

**Figuur 7.33** 'n Gedeelte van 'n handvatsel van 'n meubelstuk, gemaak van 'n koperallooi. Dit dateer uit die Laat Victoriaanse tydperk en is by Melrosehuis opgegrawe, maar toon geen ooreenkoms met enige meubelstuk in die huis nie (Ongenommerde foto: F.T. Dreyer, 1998).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

**Figuur 7.34** Beenmateriaal wat by Melrosehuis ontbloot is (Ongenommerde foto: F.T. Dreyer, 1998).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# HOOFSTUK 8

## 'N HISTORIES-ARGEOLOGIESE ONDERSOEK NA DIE 1913-HUIS TE WILLEM PRINSLOO LANDBOUMUSEUM

"At all costs, all archaeologists need to remember that, like Antaeus, they must continue to touch the earth or they will lose their strength" (Jesse D. Jennings soos aangehaal in Boeyens 1998:102).

## 1. INLEIDING

Die Nasionale Kultuurhistoriese Museum is sedert 1976 die eienaar van 'n gedeelte van die plaas Kaalfontein 513 JR en bedryf dit as die Willem Prinsloo Landboumuseum (Carelsen 1995:32). Die grond is deur een van die Prinsloo-nasate, mev Miertjie le Roux, aan die museum geskenk. Die museum word as 'n lewende landboumuseum ontwikkel en bedryf. Derhalwe word geboue en ander strukture *in situ* bewaar (Basson e.a. 1993:1). Die uniekheid van die plaas Kaalfontein lê daarin dat die oorblyfsels van die lewenswyse van drie geslagte van die Prinsloofamilie hier bewaar kan word. Voorts dra die argitektoniese strukture kenmerke van die streeksboustyle van dié omgewing. Laastens is die konteks van die verskillende bewoningsfases op die plaas Kaalfontein belangrik, omdat dit in hulle oorspronklike omgewing bewaar gebly het (Basson e.a. 1993:3).

Die Nasionale Kultuurhistoriese Museum het teen 1988/9 'n nuwe gedeelte van die plaas Kaalfontein, ten ooste van die oorspronklike grond van die Willem Prinsloo Landboumuseum aangekoop (Carelsen 1995:40; Registrateur van aktes 1988). Dit het meegebring dat die

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

historiese inligting oor hierdie deel ingewin moes word, om die toekomstige beplanning vir die hele terrein van die Willem Prinsloo Landboumuseum te doen. Tydens die inwinning van die inligting is gevind dat sommige van die strukture van een van die vier huise, naamlik die 1913-huis, nie meer bestaan nie en daarom is die behoefte vir argeologiese opgrawings bepaal. Opgrawings is met tussenposes, tussen April en September 1992 op die terrein gedoen (Van Vollenhoven :1993b).

Die Kontekstuele paradigma is benut tydens die navorsing. Op hierdie wyse is daar gepoog om die terrein so na as moontlik aan die oorspronklike te rekonstrueer. Deur hierdie toepassing is daar aan die navorsingsbehoeftes voldoen. Die navorsing voldoen voorts ook aan die erfenishulpbronbestuursbehoeftes, aangesien die behoeftes, wat deur die Museum geïdentifiser is, daardeur aangespreek word. Die uiteindelike doel met die navorsing was juis om die erfenis te rekonstrueer, te bewaar en as terreinmuseum vir die gemeenskap in te rig.

Van al die gevallestudies wat in hierdie studie bespreek word, was hierdie die mees omvangryke een en waarskynlik die enigste wat 'n navorsingsprojek op sy eie sou kon vorm. Nietemin word die navorsing van groter belang vanweë die koppeling daarvan aan die gemeenskapsbehoeftes, waardeur dit ook by die inheemse erfenis waarvan daar in hoofstuk 3 sprake is, aansluit. Hierdie verband met die kultuurerfenis van 'n spesifieke groep verhoog die belang van die navorsing en is die rede waarom dit by hierdie studie ingesluit is.

## 2. LIGGING

Die 1913-huis lê aan die noordekant, op gedeelte 17 van gedeelte 2, van die plaas Kaalfontein 513 JR. Dit is in die distrik Bronkhorstspruit, Gauteng. Die koördinate daarvan is tussen 28° 33'

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

en 28° 34' OL en 25° 46' en 25° 47' SBr op kaart 2528DC, Bronkhorstspruit, van die Suid-Afrikaanse 1:50 000 topografiese reeks (figuur 8.1-8.2).

## 3. TERREINBESKRYWING

Die plaas Kaalfontein is op die Hoëveldse plato van Gauteng geleë en is dus op 'n hoogte van meer as 1 200 meter bo seespieël. Dit lê in die kortgras plantegroeisone van Suid-Afrika (Heyns 1987-88:5-16; Janse van Rensburg 1994:17).

Dit is duidelik dat die terrein reeds ekstensief vir landboudoeleindes aangewend is. Leivore en ou ploegvore is sigbaar en gras en onkruid groei grootliks oor die hele terrein as gevolg van die versteuring. Aangeplante bome soos bloekom-, wattel- en ligusterbome kom hier voor. Grondpaaie loop ook deur die terrein.

Die 1913-huis lê aan die noordekant van die plaas (figuur 8.3). Dit is 'n reghoekige struktuur wat in 'n oos-wes rigting lê. Die mure daarvan staan nog. Die dak is met 'n tydelike nuwe dak deur die Nasionale Kultuurhistoriese Museum vervang ten einde die struktuur te beskerm, aangesien daar ten tye van die ondersoek beoog is om die huis te restoureer (figuur 8.4-8.6). Hierdie restourasie het gedurende 1994/5 plaasgevind (persoonlike mededeling: A Carelsen). Die bewoning van die huis kan in ongeveer vier fases verdeel word en 'n verskeidenheid vertrekke kom in die huis voor, wat deur die jare verskillende funksies gehad het (figuur 8.7).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

Geen oorblyfsels van die buitegeboue was sigbaar nie. Daar is dus op historiese bronne gesteun om die ligging daarvan te bepaal. Die heroprigting van die buitegeboue is nie saam met die restourasie van die huis gedoen nie, maar word in die vooruitsig gestel.

Die helling van die gebied waar die 1913-huis opgerig is, is redelik gelyk, sodat verspoeling van die grond nie werklik 'n probleem is nie. Die terrein word begrens deur landerye aan die noordekant en weiveld aan die ooste-, weste- en suidekant daarvan.

## 4. HISTORIESE AGTERGROND

Aangesien 'n M.A.-verhandeling (Carelsen 1995) reeds die geskiedenis van die plaas en familie in diepte behandel het, sal net die hooftrekke hier genoem word. Die inligting uit die genoemde studie, is wel deeglik benut tydens die argeologiese ondersoek na die 1913-huis. Hierdie inligting is met inligting uit die kantoor vir akteregistrasie geverifieer.

Die eerste Prinsloo's wat die plaas Kaalfontein bewoon het, was Lang Willem en Cornelia Prinsloo. Hulle het twee seuns, Klein Lang Willem en Lang Hans gehad. Lang Hans het in 1914 met Bettie Booysens getrou en het na hul troue in die 1913-huis, wat spesiaal vir hulle gebou is, gaan woon. Uit die huwelik is vyf kinders gebore, waarvan die eerste vier, naamlik Willem, Bettie, Jan en Cora, saam met hul ouers in die huis gewoon het. Die huis is tot ongeveer 1927 deur die huisgesin bewoon, waarna hulle in 'n nuwe huis, ten suide van die 1913-huis, gaan woon het.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

Van 1928 tot 1945 is die huis nie bewoon nie. Gedurende 1945 is die agterstoep, stoepkamer en buitegeboue van die 1913-huis gesloop, terwyl die huis self sekere strukturele veranderinge ondergaan het. Lang Hans Prinsloo se dogter Bettie, het ná haar troue (1946) die huis tot 1950 bewoon. Hierna het haar broer, Jan Prinsloo en sy vrou, die huis tot 1959 bewoon. Van 1959-1966 het die huis weer eens leeg gestaan. Tussen 1966 en die vroeë tagtigerjare is die huis sporadies deur huurders bewoon (Carelsen 1995:38).

Gedurende 1988/9 is die gedeelte van die plaas waarop die 1913-huis staan, deur die Nasionale Kultuurhistoriese Museum aangekoop. In hierdie stadium was dit die eiendom van mev Ansie Fourie, kleindogter van Lang Willem Prinsloo (NAB, 4 832/66; NAB, 59 601).

## 5. DIE ARGEOLOGIESE ONDERSOEK

Omdat uitgebreide historiese navorsing oor die geskiedenis van die plaas Kaalfontein en die strukture daarop reeds gedoen is (Carelsen 1995), sal hier slegs aan die opgrawings aandag gegee word. Daar is egter wel in 'n groot mate op die historiese inligting gesteun ten einde te weet waar om op te grawe en om vondste te identifiseer en te interpreteer. Hieronder tel die fotoversameling van die Nasionale Kultuurhistoriese Museum en persoonlike onderhoude wat met mnr BJJ Prinsloo gevoer is. Mnr BJJ (Jan) Prinsloo, voormalige bewoner van die plaas en inwoner van die 1913-huis, se geheue is ook ingespan om hiermee behulpsaam te wees. Op hierdie wyse is die inligting, soos uit die literatuur verkry, deur middel van mondelinge getuienis aangevul. Die opgrawing het ook as interne kritiek gedien deurdat dit benut is om die historiese inligting te verifieer. Aangesien die foto's van die familie verkry is, word die outentiekheid daarvan nie in twyfel getrek nie. Dit is nie geneem met die oog op 'n historiese rekonstruksie van die terrein nie, maar was bloot deel van die familie se persoonlike herinneringe.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

Dit moet gemeld word dat grootskaalse opgrawing van die strukture (of moontlike strukture) plaasgevind het, omdat daar deur die Nasionale Kultuurhistoriese Museum beplan is om die strukture weer op te rig en te restoureer. Normaalweg word 'n terrein gedeeltelik opgegrawe sodat latere navorsers met beter metodes en tegnieke dit verder kan opgrawe en moontlik met nuwe bevindinge oor 'n terrein vorendag kan kom (Carter 1980:13).

Daar is begin deur die vier hoekpunte van 'n ruitnet uit te sit om sodoende die hele bestudeerde gebied in te sluit (figuur 8.8). Basispunte, wat gebruik is vir plantekeningdoeleindes, is hiervolgens uitgelê.

Die strukture wat ondersoek is, was die volgende:

Buitegeboue:

- Bad- en strykkamer
- Watertenk en koeler
- Rondawel
- Somershuisie

Ander strukture:

- Die huis
- Agterstoep
- Seunskamer

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

Die res van die huis is nie ondersoek nie, aangesien 'n struktuuranalise daarvan reeds tevore gedoen is. Ander verskynsels wat ondersoek is, was die volgende:

- Voortuin
- Ashoop

## 5.1 Buitegeboue

### 5.1.1 Bad- en strykkamer (figuur 8.9-8.10)

Die vertrek was noordoos van die huis opgerig en het 'n ongeverfde sementvloer gehad (Carelsen 1995:220) (figuur 8.8). Na gelang die navorsing gevorder het, is twaalf toetsslote hier uitgemeet om bevindinge wat gemaak is verder te ondersoek. Historiese foto's, die geheue van mnr Prinsloo en 'n effense hopie grond, het gehelp om te bepaal waar opgegrawe moet word. In al die toetsslote is arbitrêre lae van 5cm diep gegrawe. Die eerste laag was in alle gevalle steriel.

#### 5.1.1.1 Toetsslote

Toetssloot 1:

Nadat ou foto's bestudeer is en mnr Prinsloo uitgewys het waar die bad- en strykkamer ongeveer moes gestaan het, is toetssloot 1 uitgemeet. Dit is 'n vierkantige toetssloot met sye van 1,5 meter en is ongeveer in die middel van die aangeduide struktuur uitgemeet.

In laag 2 is 'n kleierige laag in die suidoostelike hoek van die opgrawing gevind (figuur 8.11). Dit is gedokumenteer en daar is deur dit gegrawe om vas te stel wat daaronder voorkom. Daar is bevind dat die kleierige laag waarskynlik oorblyfsels van 'n vloer of gekompakteerde materiaal

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

onder 'n vloer is. Slegs steriele grond is daaronder gevind. 'n Klein hoeveelheid kulturele materiaal is gevind.

Toetssloot 2:

Toetssloot 2 is suid van toetssloot 1 uitgemeet in 'n poging om meer van die "vloer" bloot te lê (figuur 8.9-8.10). Dit is vierkantig, met sye van 1 meter lank. Die kleilaag is ook hier gevind en dit het by dié in toetssloot 1 aangesluit (figuur 8.11). Die oostelike helfte van die toetssloot is verdiep (laag 2) ten einde te sien wat onder die "vloer" lê. 'n Aantal halwe bakstene is presies in lyn gevind. Dit het later geblyk in lyn met klippe uit toetssloot 3 te wees en is waarskynlik 'n aanduiding van die westelike muur van die bad- en strykkamer.

Toetssloot 3:

Hierdie reghoekige toetssloot is noord van toetssloot 1 uitgemeet en strek in 'n noordelike rigting, met sye van 2 x 1 meter (figuur 8.9-8.10). Dit strek ver genoeg noordwaarts, sodat dit verby die aanduiding van die noordmuur deur mnr Prinsloo, strek. Die doel daarvan was eerstens om oorblyfsels van die noordmuur te vind en tweedens om te sien of die kleilaag ook hier sigbaar is.

In laag 2 is 'n aantal klippe teen die westekant van die opgrawing gevind. Dit was in lyn met die bakstene in toetssloot 2 en is gevolglik as 'n vae aanduiding van die wesmuur aanvaar. Die aanduiding van dié muur, deur mnr Prinsloo, was egter sowat een en 'n half meter verder wes. Geen moontlike vloerafsetting is gevind nie.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

Toetssloot 4:

Na aanleiding van dit wat in toetssloot 3 gevind is, is toetssloot 4 reghoekig en loodreg met toetssloot 3 in 'n westelike rigting uitgemeet (figuur 8.9-8.10). Die sye daarvan is 1,5 x 0,75 meter. Die doel was om mnr Prinsloo se aanduiding van die noord- en wesmuur te ondersoek.

'n Groot klip is heel wes in die toetssloot gevind. 'n Groot konsentrasie boumateriaal is ook gevind. Dit het uit ouklip en baksteenbrokkels bestaan. Die toetssloot het geen beduidende inligting opgelewer nie.

Toetssloot 5:

Toetssloot 5 is parallel met toetssloot 3 uitgemeet, met sye van 1,3 x 0,5 meter. Dit strek vanaf toetssloot 1 tot teenaan toetssloot 4, met ander woorde in 'n noordelike rigting (figuur 8.9-8.10). Die doel daarvan was om beter aanduidings van die moontlike muur, wat in toetssloot 3 ontbloot is, te kry. 'n Enkele klip is min of meer in lyn met die aanduiding van die westelike muur in toetssloot 3 gevind. Voorts is 'n bietjie boupuin en kulturele materiaal blootgelê.

Toetssloot 6:

Hierdie toetssloot is aan die suidekant van en teenaan toetssloot 2 uitgemeet. Dit is 'n lang reghoekige toetssloot, uitgemeet van oos na wes en met sye van 2,4 x 0,5 meter (figuur 8.9-8.10). Dit het 'n tweeledige doel gehad, naamlik om volgens mnr Prinsloo se aanduidings, 'n gedeelte van die wesmuur bloot te lê en om 'n aansluiting met die "vloer" in toetssloot 2 te vind.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

Geen aanduiding van 'n muurfondament is gevind nie. Kulturele materiaal en 'n waterpyp wat in die veertigerjare aangelê is (Carelsen 1995:38), is ontbloot. Die kleierige laag is ook hier gevind, hoewel dit verder oos as dié van toetssloot 2 geleë is (figuur 8.11). Daar kan aanvaar word dat die installering van die waterpyp groot dele van die oorspronklike vloer en fondament vernietig het.

Toetssloot 7:

'n Smal toetssloot van 2,5 x 0,25 meter breed is tussen toetsslote 3 en 6 uitgemeet (figuur 8.9-8.10). Dit strek in 'n noordelike rigting. Die doel daarvan was om aansluiting met die kleilaag in toetssloot 1, 2 en 6 te vind. Dit is wel gevind en het geblyk net sover noord as dié in toetssloot 1 te strek (figuur 8.11).

Toetssloot 8:

Toetssloot 8 is los van die ander toetsslote, aan die oostekant tot teenaan 'n ou ploegvoor uitgemeet, in 'n poging om oorblyfsels van die oosmuur te vind en om te kyk hoe ver die kleilaag ooswaarts strek (figuur 8.9-8.10). Dit is in 'n oostelike rigting uitgemeet, met sye van 1,5 x 1 meter. Slegs teen die suidwestekant van die toetssloot is 'n gedeelte van die kleilaag gevind (figuur 8.11). Die res van die toetssloot was steriel.

Toetssloot 9:

Hierdie reghoekige toetssloot is loodreg met toetssloot 3, tot teenaan die genoemde ou ploegvoor uitgemeet (figuur 8.9-8.10). Dit strek dus van wes na oos en het sye van 2 x 0,5 meter. Die doel

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

was om oorblyfsels van die muurfondament van die noordelike en oostelike muur te vind. Slegs 'n bietjie boupuin en kulturele materiaal is gevind.

Toetssloot 10:

Die toetssloot is reg oos van en teenaan toetssloot 7 uitgemeet, met sye van 3,5 x 0,5 meter. Dit strek in 'n noordelike rigting en is uitgemeet met die doel om meer van die kleilaag bloot te lê (figuur 8.9-8.10). Oorblyfsels hiervan is wel gevind en het aangesluit by dit wat in toetsslote 6, 7 en 8 gevind is (figuur 8.11).

Toetssloot 11:

Dit was nou duidelik dat die kleilaag nie verder noord-, oos- en weswaarts gestrek het as dit wat reeds ontbloot is nie. Toetssloot 11 is suid van toetssloot 6 en parallel daarmee uitgemeet om te sien hoe ver die kleilaag suidwaarts strek en om oorblyfsels van die suidmuur te soek (figuur 8.9-8.10). Dit is in 'n oostelike rigting uitgemeet met sye van 2 x 0,45 meter. Geen muuroorblyfsels is gevind nie, maar die kleilaag is wel opgespoor (figuur 8.11).

Teen die suidekant van die toetssloot is soliede sement gevind (figuur 8.9-8.10). Die los sand buitekant die toetssloot is weggevee ten einde die verskynsel van nader te ondersoek. Dit het geblyk die bokant van 'n septiese tenk te wees, wat in die veertigerjare opgerig is (Carelsen 1995:38). Dit is duidelik dat die oprig daarvan enige oorblyfsels van die bad- en strykkamer hier sou vernietig het.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

Toetssloot 12:

Toetssloot 12 is suid van toetssloot 11 en oos van die septiese tenk uitgemeet om te sien of enige muur- of "vloer"-oorblyfsels verder suid sigbaar is (figuur 8.9-8.10). Die toetssloot is in 'n suidelike rigting uitgemeet, met sye van 0,5 x 0,5 meter. Niks beduidends is hier gevind nie.

5.1.1.2 Samevatting: bad- en strykkamer

Volgens mnr Prinsloo is daar van ouklip en 'n gelerige klei gebruik gemaak as opvulling onder die vloer van die gebou. Daar kan dus aanvaar word dat die kleilaag wat in toetsslote 1, 2, 6, 7, 8, 10 en 11 gevind is, die oorblyfsels hiervan is. Die badkamergedeelte blyk nie sodanige opvulling te gehad het nie. Die kleilaag lê binne die aanduiding van die hoeke van die gebou deur mnr Prinsloo. Sy aanduiding kan dus as redelik betroubaar beskou word. Uit ou foto's kon dit ook afgelei word dat hierdie aanduiding redelik akkuraat was.

Toetssloot 8 en 9 se verste punte na oos, het in 'n sloot geëindig. Mnr Prinsloo het gemeld dat dit 'n ou ploegvoor is. As gevolg hiervan en die installering van die septiese tenk en waterpyp in die veertigerjare (na die bad- en strykkamer reeds afgebreek was), is drie van die hoeke en ander dele van die fondament waarskynlik vernietig. Te min ander oorblyfsels is gevind sodat geen definitiewe aanduiding van die mure van die gebou gegee kan word nie. Uit historiese bronne is dit bekend dat die gebou uit twee vertrekke bestaan het (Van Vollenhoven e.a. 1997:109). Die aanduidings van mnr Prinsloo, ou foto's en moontlik analogieë sal dus in 'n groot mate benut moet word om te bepaal waar die gebou opgerig was en van watter boumateriaal daar gebruik gemaak is. Kennis oor die meublement van die twee vertrekke (byvoorbeeld die bad) kan help om die grootte van die gebou vas te stel. Artefakte wat hier gevind is, het geen verband met die funksie van die gebou gehad nie (vergelyk punt 6).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

5.1.2 Watertenk en koeler

Die watertenk het op 'n sementkonstruksie, noord van die bad- en strykkamer gestaan. Die sementstruktuur het ook as koeler gedien. Die tenk was van sink gemaak (Carelsen 1995:225). Geen argeologiese aanduiding daarvan is gevind nie. Mnr Prinsloo het aangedui waar dit gestaan het, maar het toegevoeg dat, toe dit gedurende die veertigerjare afgebreek is, hy die sementvloer daarvan opgekap het. Twee toetsslote is hier uitgemeet om te kyk of daar nie dalk nog enige getuienis daarvan oor is nie (figuur 8.12-8.13).

5.1.2.1 Toetsslote

Toetssloot 1:

Toetssloot 1 is uitgemeet om regoor die aanduiding van mnr Prinsloo te sny (figuur 8.12-8.13). Dié reghoekige toetssloot met sye van 2,5 x 0,5 meter, is van suidoos na noordwes uitgemeet en het slegs twee artefakte opgelewer. Daar is besluit om nie 'n tweede laag te grawe nie, aangesien die vlak waarop tans gewerk is reeds laer as die oorspronklike grondoppervlakte was.

Toetssloot 2:

Na verdere gesprekvoering met mnr Prinsloo, het hy aangedui dat die watertenk moontlik effens meer noordoos van sy aanvanklike aanduiding was. Toetssloot 2 is om hierdie rede loodreg met toetssloot 1 in hierdie rigting (suidwes na noordoos) uitgemeet, sodat dit deur sy aanduiding sny (figuur 8.12-8.13). Die sye daarvan is 2 x 0,5 meter lank.

'n Paar klippe en enkele los stukke sement is gevind. Hoewel dit moontlik van die vloer van die watertenk afkomstig is, is dit moontlik dat dit 'n latere verskynsel is of dat dit tydens die opkap

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

van die vloer van die oorspronklike plek af gespat het. Derhalwe is die vind hiervan nie noodwendig 'n aanduiding dat die korrekte plek waar die watertenk en koeler gestaan het, opgespoor is nie.

#### 5.1.2.2 Samevatting: watertenk en koeler

Argeologies is daar geen duidelike beduidenis van die struktuur gekry nie. Die laaste aanduiding van mnr Prinsloo blyk moontlik meer korrek te wees. Tesame met ou foto's sal hierdie plek gebruik moet word om die struktuur te lokaliseer en te rekonstrueer.

### 5.1.3 Rondawel

Die rondawel was reg noord van die huis. Dit het 'n klipfondament en ongeverfde sementvloer gehad. Die dak was van gras en het op populierbalke gerus (Carelsen 1995:223). Die deur daarvan was aan die huis se kant (suid). Die rondawel is as gaste- en stoorkamer gebruik (Van Vollenhoven e.a. 1997:109). Mnr Prinsloo moes ook hier 'n aanduiding gee van waar die gebou opgerig was, omdat geen sigbare teken daarvan voorgekom het nie. Hy het weer eens aangedui dat hy die vloer opgekap het toe die rondawel afgebreek is. 'n Aantal foto's uit die versameling van die Prinsloofamilie, het gehelp om 'n aanduiding te gee van waar die struktuur gestaan het (Van Vollenhoven e.a. 1997:109). Vyf toetsslote is hier uitgemeet ten einde oorblyfsels van die rondawel te vind (figuur 8.14-8.15).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

5.1.3.1 Toetsslote

Toetssloot 1:

Toetssloot 1 is reghoekig in 'n oos-wes rigting uitgemeet, met sye van 4 x 1 meter (figuur 8.14-8.15). Dit het deur die aanduiding van waar die rondawel geleë was gesny. 'n Paar glasstukke, potskerwe en boupuin is gevind. Die westelike deel van die toetssloot met 'n grootte van 1,5 (oos-wes) x 1 meter (noord-suid), is vir nog 'n arbitrêre laag van 5cm verdiep, maar geen aanduiding van 'n vloer is gevind nie. Dit strook met die inligting wat deur mnr Prinsloo verskaf is.

Toetssloot 2:

Hierdie toetssloot is loodreg met toetssloot 1 in 'n noordelike rigting uitgemeet, om te sien of daar nie op hierdie as iets van die vloer oorgebly het nie. Dit is dus reghoekig met afmetings van 1 x 1 meter (figuur 8.14-8.15). 'n Klein hoeveelheid kulturele materiaal is gevind, maar geen aanduiding van 'n vloer is gevind nie.

Toetssloot 3:

Omdat daar gereken is dat die rondawel moontlik nader aan die huis en meer wes gebou was, is toetssloot 3 loodreg met toetssloot 1, maar aan die westekant daarvan en in 'n suidelike rigting uitgemeet. Die sye daarvan was 3 x 1 meter (figuur 8.14-8.15). Slegs 'n geringe hoeveelheid kulturele materiaal is hier gevind.

Toetssloot 4:

Nadat die bevindinge van die ondersoek met mnr Prinsloo bespreek is, het hy aangedui dat die

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

rondawel moontlik effens nader aan die huis en meer ooswaarts opgerig was. Toetssloot 4 is daarom tussen toetssloot 1 en die toetsslote van die watertenk en koeler, met ander woorde in 'n suidoostelike rigting uitgemeet, met sye van ongeveer 2,5 x 0,5 meter (figuur 8.14-8.15). Geen vloeraanduiding kon hier gevind word nie.

Toetssloot 5:

Toetssloot 5 is loodreg met toetssloot 1, teen die oostekant daarvan en in 'n suidelike rigting uitgemeet, met sye van 2 x 0,5 meter (figuur 8.14-8.15). Dit sou die oorblywende gedeelte van mnr Prinsloo se laaste aanduiding dek. Slegs twee glasstukke is hier gevind.

#### 5.1.3.2 Samevatting: rondawel

Geen argeologiese getuienis van die rondawel kon gevind word nie. Die rondawel sal derhalwe gerekonstrueer moet word op grond van die aanduiding van mnr Prinsloo, historiese foto's en historiese analogieë.

### 5.1.4 Somershuisie

Die somershuisie was noordwes van die 1913-huis geleë. Dit is gebou van populierstokke, met 'n misvloer en grasdak (Carelsen 1995:222). In die somer is dit as 'n eetvertrek benut, terwyl melk- en vleisprodukte ook daarin geproseseer en geberg is (Van Vollenhoven e.a. 1997:109). Daar is weer eens van die aanduidings van mnr Prinsloo gebruik gemaak om te bepaal waar om die toetsslote uit te meet. Vyf toetsslote is hier uitgemeet (figuur 8.16-8.17).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

5.1.4.1 Toetsslote

Toetssloot 1:

Dit was 'n lang reghoekige toetssloot wat regoor mnr Prinsloo se aanduiding gesny het, dit wil sê van noordoos tot suidwes (figuur 8.16-8.17). Die sye daarvan was 4 x 0,5 meter. 'n Arbitrêre laag van 5cm grond is verwyder. 'n Gedeelte van die misvloer is aan die noordoostekant van die toetssloot gevind (figuur 8.18). 'n Groot klip is ook hier gevind. Die vloergedeeltes kan as die grootste vonds van die projek beskou word. Dit bewys dat mnr Prinsloo se aanduidings as redelik akkuraat beskou kan word.

Toetssloot 2:

Toetssloot 2 is reghoekig met toetssloot 1 uitgemeet, met ander woorde in 'n noordwestelike rigting met sye van 1 x 0,5 meter (figuur 8.16-8.17). Die doel daarvan was om moontlike oorblyfsels van die misvloer daar bloot te lê. Die poging was onsuksesvol.

Toetssloot 3:

Die toetssloot is loodreg teen toetssloot 1 uitgemeet, om te sien of die misvloer verder suidoos strek. Die afmetings daarvan was 1,5 x 1 meter en die toetssloot is in 'n suidoostelike rigting uitgemeet (figuur 8.16-8.17). Nog 'n stuk van die misvloer is blootgelê (figuur 8.18). 'n Saaglem is ook gevind.

Toetssloot 4:

Toetssloot 4 met sye van 1 x 1 meter is aan die teenoorgestelde kant (noordwes) van toetssloot 1

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

as toetssloot 3 uitgemeet om te sien of daar oorblyfsels van die misvloer was (figuur 8.16-8.17). Geen teken is hiervan gevind nie.

Toetssloot 5:

Hierdie toetssloot is parallel met toetssloot 1 en loodreg met toetssloot 3 uitgemeet en het sye van 1,5 x 1 meter (figuur 8.16-8.17). Dit strek suidweswaarts tot waar die grond duidelik versteur is, deurdat 'n boom daar verwyder is. Dit het 'n saaglem van dieselfde tipe as in toetssloot 3 opgelewer, maar niks van die misvloer nie.

5.1.4.2 Samevatting: somershuisie

Die feit dat 'n deel van die misvloer gevind is, bewys dat mnr Prinsloo se aanduidings as redelik korrek aanvaar moet word. Dit is nie moontlik om af te lei watter deel van die somershuisie dit is nie. Die klip wat hier gevind is, kan moontlik 'n hoek van die geboutjie aandui. Historiese foto's sal gebruik moet word om te bepaal hoe die struktuur gelyk het en presies waar dit gestaan het. Indien daar na historiese foto's gekyk word, lyk dit of dit waarskynlik van die klip af meer suid voorgekom het, maar daar is nie vasgestel hoe ver oos- of weswaarts dit strek nie.

5.1.5 Ander strukture

Ander strukture wat op of naby die werf van die 1913-huis voorgekom het, is ook ondersoek. Vanweë 'n verskeidenheid van redes is daar nie opgrawings gedoen nie.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

5.1.5.1 Bakoond

Die bakoond en es het oos van die bad- en strykkamer voorgekom (Carelsen 1995:225) (figuur 8.8). Dit is duidelik dat die grond hier versteur is, aangesien 'n sloot deur die plek loop waar mnr Prinsloo aangedui het die bakoond gestaan het. Mnr Prinsloo het dan ook bevestig dat dit 'n ou ploegvoor is - die huurders wat tussen 1966 en die vroeë tagtigerjare daar gewoon het, het daardie gedeelte van die werf (oos van die bad-en strykkamer) omgeploeg om daar tuin te maak. Gevolglik is besluit om nie op die aangewese plek opgrawings te doen nie, daar enige oorblyfsels hoogs waarskynlik reeds vernietig sou wees.

5.1.5.2 Hoenderneste

Die hoenderneste het oos van die bakoond, naby die werf voorgekom (figuur 8.8). Hierdie gedeelte is in resente tye versteur deurdat daar geploeg is. Vandag is daar 'n plaaspad. Omdat opgrawings hier niks sou oplewer nie, is daar besluit om nie die area argeologies te ondersoek nie.

5.1.5.3 Hoenderhok

'n Hoenderhok met 'n afdak het noordoos van die huis voorgekom (figuur 8.8). Die pad wat vandag deur die ligging van die vroeëre hoenderneste loop, gaan ook hierdeur. Boonop is die res van die gebied omgeploeg, soos reeds vermeld. Hier is derhalwe ook nie opgrawings gedoen nie.

## 5.2 Die huis

5.2.1 Agterstoep (figuur 8.19-8.20)

Die agterstoep kom aan die noordekant van die huis voor. Die fondament daarvan was van

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

sandsteenklip, terwyl die stoep van rooi gekleurde sement was (Basson e.a. 1993:28). Historiese foto's het aangedui dat die stoep in die veertigerjare verander is, tydens aanbouings aan die huis (Van Vollenhoven e.a. 1997:107). Hierdie veranderinge is tydens opgrawing in ag geneem. Nege toetsslote is hier uitgemeet en opgegrawe na gelang die ondersoek gevorder het, ten einde meer oor die aard en omvang daarvan vas te stel.

5.2.1.1 Toetsslote

Toetssloot 1:

Op grond van historiese foto's en 'n deel van die fondament wat teen die muur van die huis sigbaar was, is toetssloot 1 reghoekig in 'n noord-suid rigting teen die westelike kant van die noordelike muur van die huis uitgemeet (figuur 8.21-8.22). Dit was 2 x 1 meter in omvang. 'n Arbitrêre laag van 5cm is verwyder, maar het niks opgelewer nie. Vervolgens is 'n tweede laag verwyder. Dit was duidelik dat dieper uitgrawing hier nie nodig was nie, aangesien die onderkant van die fondament teen die huismuur reeds sigbaar was.

Slegs 'n klein hoeveelheid kulturele materiaal (sien punt 6) is blootgelê, maar behalwe vir die fondament teen die huismuur, is geen verdere aanduiding daarvan gevind nie. Nadat toetssloot 6 voltooi is, is toetssloot 1 met nog 0,7 - 0,8 meter, tot teenaan toetssloot 6 (in 'n noordelike rigting) en op dieselfde diepte as toetssloot 1 verleng om te sien of daar 'n aansluiting tussen klippe uit die twee opgrawings gevind kon word.

Twee klippe is in die verlengde toetssloot 1 blootgelê. Een hiervan (in die noordelike wand van die opgrawing) was in lyn met klippe in en teen die suidelike wand van toetssloot 6 (figuur

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

8.34-8.35). Hierdie klippe lyk of dit deel van die fondament kan wees. Omdat dit kleinerige klippe is, is dit slegs 'n baie vae aanduiding van 'n fondament van die noordelike muur van die agterstoep.

Toetssloot 2:

Toetssloot 2 is aan die oostekant van die noordmuur van die huis, in 'n noord-suid rigting uitgemeet (figuur 8.23-8.26). Dit is 'n reghoekige opgrawing met sye van 3,25 x 1 meter, hoewel dit vir 0,5 meter by die wesmuur van die huis verbystrek en aan die oostekant deur 'n stel trappe onderbreek word. Die doel van die verbystrekkende gedeelte was om enige moontlike deel van die fondament aan die oostekant van die huis te ontbloot. Omdat daar 'n stoep van dik beton aan die westekant van die huis voorkom, kon dieselfde nie by toetssloot 1 gedoen word nie.

'n Arbitrêre laag van 5cm is verwyder en het groot fondamentklippe blootgelê (figuur 8.23-8.26). Heelwat kleiner klippe is ook blootgelê, sowel as kulturele materiaal. Boupuin, bestaande uit meestal stukke baksteen, verbrokkelde baksteen en rooi (baksteenkleurige) grond is ook gevind. Waterpype wat in die veertigerjare geïnstalleer is (Carelsen 1995:38), is gedeeltelik blootgelê. Geen fondamentoorblyfsels is in die verbystrekkende gedeelte, oos van die huis, gevind nie.

'n Tweede laag is nou oopgemaak, totdat die onderkant van die fondament gevind is (figuur 8.23-8.26). Fondamentklippe was nou duideliker sigbaar. Ongelukkig is minder en kleiner klippe na die noordekant gevind, sodat dit nie moontlik is om te bepaal tot hoe ver die agterstoep van die huis af gestrek het nie. Volgens mnr Prinsloo, wat as kind in die huis gewoon het, het sy vader hom opdrag gegee om alle fondamentklippe uit te haal, nadat die agterstoep afgebreek is. Dit verklaar die gebrek aan sodanige verskynsels. Fondamentklippe teenaan die huis is

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

waarskynlik daar gelaat omdat dit óf te deeglik vasgemessel was (en dus die huis se fondament kon beskadig), óf nie gepla het toe die agtertuin opgeknap is nie.

Gevolglik kon slegs 'n vae aanduiding van die breedte van die muur uit die opgrawing verkry word. Heelwat boupuin is ook hier blootgelê. Die enigste ander kulturele materiaal wat gevind is, was een glasskerf.

Toetssloot 2 is met 1,05 - 1,2 meter verleng na die noorde, totdat dit net so ver noord as toetssloot 5 gestrek het, in 'n poging om 'n moontlike aansluiting in fondamentoorblyfsels te vind. Dit het niks opgelewer nie.

Toetssloot 3:

Hierdie reghoekige toetssloot is min of meer parallel met toetssloot 1 en 2 uitgemeet, met ander woorde in 'n noord-suid rigting (figuur 8.27-8.30). Die sye daarvan is 4 x 1 meter. Die doel daarvan was om te bepaal of daar enige oorblyfsels van 'n tussenmuur, wat die stoep in twee verdeel het, behoue gebly het. Laag 1 was 'n arbitrêre laag van 5cm diep (figuur 8.27-8.28). 'n Groot afsetting boupuin is naby die muur van die huis gevind. Enkele klippe, wat min of meer in lyn met klippe in toetssloot 5 en 6 (figuur 8.33-8.35) lê, is aan die noordekant van die toetssloot gevind. Heelwat kulturele materiaal is gevind.

'n Tweede laag is nog 5cm diep gegrawe (figuur 8.29-8.30). Meer klip, bakstene en boupuin is blootgelê. Dit het saam met die oorblyfsels in toetssloot 5 en 6, 'n vae aanduiding van die noordelike muur van die stoep gegee. Dit wil ook voorkom asof 'n ry klippe noord hiervan die

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

oorblyfsels van 'n trap kan wees, wat na die stoep gelei het. Dit maak sin omdat daar vroeër 'n deur tussen die stoep en die huis, regoor hierdie plek was (persoonlike mededeling: A Carelsen). Hierdie deur is later toegebou.

Naby aan die muur van die huis is 'n waterpyp, wat in die veertigerjare aangebring is, gevind (Carelsen 1995:38). Min kulturele materiaal is hier opgegrawe.

Toetssloot 4:

Aangesien toetssloot 3 nie enige aanduiding van 'n muur gegee het nie, is toetssloot 4 teenaan die noordmuur van die huis, tussen toetssloot 1 en 3 uitgemeet. Dit is met ander woorde in 'n oos-wes rigting (figuur 8.31-8.32). Die afmetings daarvan is 3,2 x 0,5 meter. Laag 1, 'n arbitrêre laag van 5cm diep, het niks opgelewer nie.

'n Tweede arbitrêre laag van 5cm diep is nou gegrawe. Dit het boupuin, heel en halwe bakstene, 'n waterpyp en kulturele materiaal blootgelê. Daar is steeds geen aanduiding van 'n muur gevind nie.

Toetssloot 5:

Toetssloot 5 is min of meer parallel met die huis, reghoekig in 'n oos-wes rigting uitgemeet, met sye van 3 x 1 meter. Dit lê tussen die verlenging van toetssloot 2 en toetssloot 3 (figuur 8.33). Die doel daarvan was om te bepaal waar die mees noordelike muur van die stoep geloop het.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die eerste laag was 'n arbitrêre laag van 5cm diep, maar het niks opgelewer nie. Laag 2 het heelwat klip opgelewer. Sommige hiervan was in lyn met klip uit toetssloot 3 en 6 (figuur 8.33), maar omdat dit nie baie groot klippe is nie, gee dit net 'n vae aanduiding van waar die noordelike muur gebou was. Min kulturele materiaal en boupuin is gevind.

Toetssloot 6:

Direk in 'n oos-wes lyn met toetssloot 5, is toetssloot 6 uitgemeet (figuur 8.34-8.35). Die sye daarvan was 3,5 x 1 meter. Toetssloot 3 skei toetssloot 5 en 6 van mekaar. Die doel daarvan was ook om te bepaal waar die noordelike muur van die stoep gebou was.

Die eerste laag, 'n arbitrêre laag van 5cm diep, het niks opgelewer nie. Laag twee het klippe blootgelê wat in dieselfde lyn as klippe in toetssloot 3 en 5 is. Omdat dit kleinerige klippe is, gee dit slegs 'n vae aanduiding van waar die muur moontlik was. Min boupuin en kulturele materiaal is gevind.

Toetssloot 7:

Toetssloot 7 is teenaan die noordmuur van die huis, tussen die trap en toetssloot 3 uitgemeet, dit wil sê in 'n oos-wes rigting. Die sye daarvan was 2 x 0,5 meter. Die doel daarvan was om aanduidings van 'n deel van 'n noord-suid strekkende muur te vind (figuur 8.36-8.37). Die eerste laag was 'n arbitrêre laag van 5cm diep, maar het niks opgelewer nie.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Laag 2 het geen aanduiding van 'n moontlike muur opgelewer nie. Dieselfde waterpyp van toetssloot 3 en 4 loop ook deur toetssloot 7. Enkele klippe, stukke baksteen, boupuin en min ander kulturele materiaal is gevind.

Toetssloot 8:

In 'n verdere poging om oorblyfsels van 'n muur te vind, is toetssloot 8 vanuit toetssloot 4, in 'n noordelike rigting uitgemeet (figuur 8.38). Die sye was 0,8 x 0,5 meter. Laag 1 was 'n steriele arbitrêre laag van 5cm diep.

In laag 2 is 'n wasser en drie klippe wat geen verband met enigiets anders hou nie, gevind. Daar kon dus geen aanduiding van 'n muur gevind word nie.

Toetsloot 9:

Toetssloot 9 is parallel met en teenaan toetssloot 3, in 'n noord-suid lyn, tussen toetsslote 5 en 7 uitgemeet (figuur 8.39). Dit het afmetings van 2,5 x 1 meter gehad. Aangesien foto's daarop dui dat hier 'n muur voorgekom het, is oorblyfsels daarvan gesoek. Laag 1 was weer eens 'n steriele laag van 5cm diep.

Laag 2 het 'n afsetting boupuin met klippe daarin, aan die suidekant van die toetssloot opgelewer. Dit kan nie as 'n definitiewe aanduiding van 'n muur gesien word nie. Die res van die laag het klip, boupuin en kulturele materiaal opgelewer. Geen verdere aanduiding van 'n moontlike muur is gevind nie.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

5.2.1.2 Samevatting: agterstoep

Slegs vae aanduidings van die buitelyne van die agterstoep is gevind. Die gebrek aan duidelike fondamentklippe, kan daaraan toegeskryf word dat een van die Prinslooseuns, Jan, deur sy pa beveel is om dit te verwyder, nadat die stoep afgebreek is (persoonlike mededeling: BJJ Prinsloo). Hierdie inligting moet saam met historiese foto's van die struktuur geïnterpreteer word om die agterstoep te rekonstrueer. Dit is histories bekend dat die stoep deur 'n muur in twee gedeel is. Hiervan is geen argeologiese getuienis gevind nie. Daar sal dus op die historiese foto's, die getuienis van mnr Prinsloo en aanduidings teen die noordmuur van die huis gesteun moet word om te bepaal waar dit was. Laasgenoemde inligtingsbron is in hierdie geval minder betroubaar, daar die noordmuur van die huis reeds meer as een keer verander is. Die trap tussen toetssloot 2 en 7, blyk uit posisie te wees.

Die kulturele materiaal kan nie alles tot die bewoningsfase van die huis gedateer word nie. Daar is artefakte wat duidelik meer onlangs daar gelaat is. Die kulturele materiaal word onder punt 6 van hierdie hoofstuk bespreek.

5.2.2 Seunskamer

Die seunskamer is die westelike vertrek aan die noordekant van die huis en het 'n klipfondament gehad (Basson e.a. 1993:43) (figuur 8.7). Die vertrek was aanvanklik in twee gedeel en het as seunskamer en hoofslaapkamer gedien. Teenswoordig is dit 'n hoofslaapkamer met 'n badkamer aan die oostekant. Hier is drie toetsslote uitgemeet ten einde die diepte van die fondament te bepaal en om te sien hoe die vroeëre verdelingsmuur daar uitgesien het (figuur 8.40-8.42). Hierdie muur dateer uit die eerste fase van die huis se bewoning (1913-1927). Omdat daar besluit is dat die huis tot die tydperk 1924-1927 gerestoureer sal word, die fase waaroor die meeste

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

historiese inligting beskikbaar is en omdat geen ander huis op die terrein tot hierdie tydperk gerestoureer is nie (Basson e.a. 1993:9), was die opgrawing hiervan belangrik.

5.2.2.1 Toetsslote

Toetssloot 1:

Dit was duidelik om te sien waar die oorspronklike muur gebou was, omdat die fondament daarvan steeds *in situ* was. Toetssloot 1 is oos hiervan uitgemeet om te sien hoe diep die fondament is (figuur 8.40). Dit was 'n toetssloot met sye van 1 x 1 meter.

Die fondament wat ontbloot is, is stewig van klip gebou en is ongeveer 0,52 meter diep (figuur 8.41). Die klip is taamlik ru en ingevul met grond. Dit stem ooreen met die diepte, soos afgelei teen die buitemuur (noord) van die huis.

Toetssloot 2:

Toetssloot 2 is in die muurfondasie gemaak ten einde die muur en tipe opvulling van nader te ondersoek. Die toetssloot is regoor die breedte van die vertrek, met ander woorde noord-suid uitgemeet, en was sowat 0,20 meter breed (figuur 8.40). Die lengte daarvan was 4,73 meter, dieselfde afstand as die breedte van die vertrek.

'n Aantal groterige klippe is hierin gevind. Dit wil voorkom asof die deur tussen die twee vertrekke deur die tweede en derde klip vanaf die noordelike muur voorgestel word, aangesien dit aansluit by drumpelklippe oos daarvan. Die deur in die muur was dus aan die noordekant daarvan.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Toetssloot 3:

Hierdie toetssloot is reg wes in die muurfondament gemaak, vir die volle breedte van die vertrek, met ander woorde van noord na suid. Dit was 0,20 meter breed en 4,73 meter lank (figuur 8.40). Die doel daarvan was dieselfde as die van toetssloot 2, naamlik om die muur en metode van opvulling te ondersoek.

Hier is meer oor die opvulling aan die lig gebring as by toetssloot 2. Meer klip is hier gevind, maar ook 'n groot gedeelte wat uit puinmateriaal (klip-, sement- en baksteenstukke) bestaan.

5.2.2.2 Samevatting: seunskamer

Die drumpel van die deur in die muur wat die seunskamer vroeër in twee vertrekke verdeel het, is aan die noordekant gevind. Die fondament was sowat 0,52 meter diep en is opgevul met stukke klip, baksteen en sement. Die vloer was oorspronklik van houtplanke (Basson e.a. 1993:43).

## 5.3 Voortuin

Opgrawings is in die voortuin aan die suidekant van die huis gedoen om enige oorblyfsels uit die tydperk waartoe die huis gerestoureer sal word (1924-1927), op te spoor. Hier is vier toetsslote uitgemeet (figuur 8.43).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

5.3.1 Toetsslote

Toetssloot 1:

Die toetssloot is in 'n noord-suid rigting uitgemeet, vir die breedte van die stoephekkie, omdat historiese inligting daarop dui dat dit die breedte van die paadjie was. Die afmetings daarvan was 4 x 1 meter (figuur 8.43). Min kulturele materiaal is hier gevind. Oorblyfsels van 'n gepakte klippaadjie is wel gevind.

Toetssloot 2:

In toetssloot 1 het dit duidelik geword dat die klippaadjie weswaarts swenk. Toetssloot 2 is uitgemeet om die verwagte baan wat die paadjie sou loop in te sluit (figuur 8.43). Dit was 'n skuins toetssloot wat strek van noordoos na suidwes, met afmetings van 1 x 0,75 meter.

'n Verdere gedeelte van die paadjie is gevind, tot waar dit in die huidige pad verdwyn. 'n Verdere soektog hier was onnodig aangesien die grond versteur is.

Toetssloot 3:

Na analogie van dit wat in toetssloot 2 gevind is, is toetssloot 3 van noordwes na die suidoostekant uitgemeet (figuur 8.43). Die sye daarvan was 1,5 x 0,5 meter Daar is gemeen dat die paadjie dalk rondom 'n voormalige bedding, wat uit historiese inligting bekend is, kon geloop het. Niks is hier gevind nie.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Toetssloot 4:

Al die oorblyfsels van die paadjie is nie deur toetssloot 2 blootgelê nie. Daarom is toetssloot 4 teenaan die noordwestekant van toetssloot 2 uitgemeet, om die res van die paadjie bloot te lê (figuur 8.43). Die sye daarvan was 1 x 0,5 meter. Dit was suksesvol.

### 5.3.2 Samevatting: Voortuin

'n Gedeelte van die paadjie is blootgelê, maar dit dateer uit die veertigerjare - die tydperk toe die dogter Bettie Prinsloo, as getroude vrou die huis bewoon het (persoonlike mededeling: BJJ Prinsloo). Om hierdie rede, en omdat daar reeds besluit is dat die huis na die twintigerjare gerestoureer gaan word, is planne hiervan nie geteken nie, maar dit is wel fotografies gedokumenteer. Geen ander argeologiese getuienis van die aard van die voortuin is gevind nie. Die voortuin sal derhalwe volgens historiese getuienis gerestoureer moet word.

## 5.4 Ashoop

Die ashoop is 120 meter noordoos van die huis geleë (figuur 8.8). Hier is 4 toetsslote gegrawe, waarvan toetssloot 2 en 3 eintlik verlengings van toetssloot 1 is, sodat ondersoek regoor die lengte van die ashoop gedoen is (figuur 8.44-8.45). Die posisie van die ashoop is deur mnr Prinsloo uitgewys. Die doel van die opgrawing daarvan was om inligting oor die huisinhoud en gebruiksartikels van die Prinsloos te verkry.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

5.4.1 Toetsslote

Toetssloot 1:

Die toetssloot strek van die suidekant van die ashoop vir 4 meter noordwaarts (figuur 8.44-8.45). Dit is 1 meter breed. Arbitrêre lae van sowat 5cm diep is hier gegrawe.

Laag 1 was 'n bruin grondlaag met verskeie artefakte daarin. Dit sluit glas, porselein, metaal, been en boumateriaal in. 'n Askonsentrasie kom teen die noordoostelike wand van die toetssloot voor (figuur 8.46).

Laag 2 was 'n asserige laag, grys van kleur en gevul met gebrande been, houtskool en steenkool. 'n Spesifieke askonsentrasie het op min of meer dieselfde plek as die askonsentrasie in laag 1 voorgekom, hoewel dit groter van omvang was (figuur 8.47). Meer artefakte as in laag 1 is gevind. Dit sluit glas, keramiek, metaal, been en skulp in.

Laag 3 was 'n gryserige sandlaag. Dit het heelwat minder artefakte as die vorige twee lae opgelewer. Dit sluit glas, porselein, keramiek, metaal, skulp, sintetiese stowwe en klip in (figuur 8.48).

Laag 4 het dieselfde voorkoms as laag 3 gehad. Dit het minder artefakte as laag 3 opgelewer. Hieronder tel glas, keramiek, metaal, been en gebrande organiese materiaal (figuur 8.49).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Laag 5 was ook 'n gryserige sandlaag en die onderste gedeelte hiervan was steriel. Dit het nog minder artefakte as laag 4 opgelewer. Dit sluit glas, keramiek, metaal en klip in (figuur 8.50).

Omdat die onderste deel van laag 5 steriel was en die sand duidelik nie asserig was nie, is aanvaar dat die oorspronklike oppervlakte gevind is. Die toetssloot is daarom nie verdiep nie.

Toetssloot 2:

Toetssloot 2 is 'n verlenging van toetssloot 1 (figuur 8.44-8.45). Dit strek noordwaarts vir 4 meter en is 1 meter breed. Arbitrêre lae van 5cm diep is hier gegrawe. Die rede waarom daar verder noord gegrawe is, is na aanleiding van die wyse waarop die vullis hier gegooi is. 'n Gat is nooit gegrawe nie - dit verklaar waarom artefakte op 'n redelik vlak diepte nie meer voorkom nie. Die vullis is op 'n hoop gegooi, en as die hoop te hoog was, is vullis daarlangs weggegooi (persoonlike mededeling: BJJ Prinsloo). Gevolglik sou 'n verlengde opgrawing meer kulturele materiaal blootlê.

Laag 1 was 'n steriele bruin grondlaag en is daarom nie geteken nie. Omdat dit duidelik was dat die grond hier effens hoër as by laag 1 was, is besluit om verdere lae te grawe.

Laag 2 was 'n bruin grondlaag met 'n groot konsentrasie artefakte aan die suidekant van die toetssloot (figuur 8.51). Dit sluit glas, keramiek, metaal, houtskool, been en sintetiese materiaal in.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Laag 3 was 'n effens ligter bruin laag as laag 2. Minder artefakte as in laag 2 is blootgelê, maar dit was oor die hele toetssloot versprei. Hieronder tel glas, keramiek, skulp, been, metaal en sintetiese materiaal (figuur 8.52).

Laag 4 was 'n laag van bruin grond met 'n askonsentrasie ongeveer in die middel van die toetssloot (figuur 8.53). Minder artefakte as in laag 3 is hier blootgelê en sluit glas, keramiek, tand en metaal in.

Laag 5 was 'n bruin grondlaag. Hoewel meer artefakte hier as in laag 4 gevind is, is dit alles in die boonste gedeelte van die laag gevind. Artefakte wat gevind is, sluit glas, keramiek, been, klip, sintetiese materiaal en metaal in (figuur 8.54). Die onderste deel van die laag was steriel. Aangesien dit duidelik was dat die oorspronklike oppervlakte bereik is, is die toetssloot nie dieper gegrawe nie.

Toetssloot 3:

Toetssloot 3 is 'n verdere verlenging van toetssloot 1 en 2, steeds in 'n noordelike rigting. Dit is 4 x 1 meter groot. Ook hier is daar van arbitrêre lae van 5cm diep gebruik gemaak. Laag 1 en 2 was steriele bruin grondlae. Dit kan toegeskryf word aan die effense hoogte wat hier meer duidelik as in toetssloot 2 sigbaar is. Grond moes op een of ander wyse hier, bo-op die ashoop, neergelaat gewees het.

Laag 3 was 'n bruin grondlaag met 'n verskeidenheid artefakte daarin. Dit sluit glas, keramiek, metaal, linne en sintetiese materiaal in (figuur 8.55).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Laag 4 was 'n donker laag, swart-asserig, met 'n verskeidenheid stukke houtskool daarin. 'n Groot hoeveelheid artefakte, onder andere glas, keramiek, klip, 'n potskerf, perlemoen, been, sintetiese materiaal en metaal is hier blootgelê (figuur 8.56).

Laag 5 was weer eens 'n bruin grondlaag. Heelwat minder artefakte is gevind, alles in die boonste deel van die laag. Hieronder tel glas, keramiek, tand, been en metaal (figuur 8.57). Dit was duidelik dat die oorspronklike oppervlakte bereik is, omdat die onderste gedeelte van die laag steriel was. Gevolglik is daar besluit om nie dieper te grawe nie.

Toetssloot 4:

Omdat die eerste 3 toetsslote feitlik regoor die lengte van die ashoop, soos deur mnr Prinsloo aangedui, gestrek het, en omdat dit duidelik was dat die artefakte wat gevind is min of meer van dieselfde ouderdom is, is besluit om nie die toetsslote verder te verleng nie. Toetssloot 4 is aan die suidekant van die ashoop, loodreg met toetssloot 1, in 'n oostelike rigting uitgemeet (figuur 8.44-8.45). Die afmetings daarvan was 2 x 1 meter. Arbitrêre lae van 5cm diep is hier gegrawe. Die doel daarvan was om ‘n idee te kry van die tipes artefakte in ‘n oos-wes snit van die ashoop.

Laag 1 was van dieselfde bruin grond as wat in die ander toetsslote gevind is. Artefakte wat hier gevind is, sluit glas, keramiek en metaal in (figuur 8.58).

Laag 2 was ook 'n bruin grondlaag. 'n Askonsentrasie is aan die suidoostekant in die toetssloot gevind. 'n Groot hoeveelheid bakstene is in die noordoostelike deel van die toetssloot gevind

(figuur 8.59). Veel meer artefakte as in laag 1 is hier gevind. Dit sluit glas, metaal, keramiek, been, tand en sintetiese materiaal in.

Laag 3 was 'n bruin grondlaag met baie min artefakte daarin. Die artefakte is slegs in die boonste gedeelte van die laag gevind. Hieronder tel glas, keramiek, been, sintetiese materiaal, perlemoen en metaal (figuur 8.60).

Aangesien die onderste gedeelte van die laag steriel was en die laag op dieselfde vlak as laag 5 van toetssloot 1 was (onthou die helling loop suidwaarts af), is besluit om nie die toetssloot te verdiep nie.

### 5.4.2 Samevatting: ashoop

Daar kon nie uit die opgrawing van die ashoop afgelei word of 'n gedeelte daarvan ouer of jonger as die res is nie. Dit beteken nie dat mnr Prinsloo se aanduiding van hoe hulle die vullis weggegooi het, foutief is nie. Omdat die huis vir 'n relatief kort tydperk bewoon is (1913-1927), is dit logies dat byvoorbeeld sekere porseleinware deurlopend tydens die verblyf gebreek het en daarom dwarsdeur die ashoop, van noord na suid, van oos na wes en van bo tot onder, gevind is. Dit kan derhalwe vir kruisdatering met soortgelyke terreine benut word (Vos 1988:7-9; Fagan 1979:32; Renfrew & Bahn 1991:115). Die as van die 1928-huis is ook later hier gegooi en omdat dieselfde huisgesin laasgenoemde huis bewoon het, kan dieselfde tipes artefakte verwag word.

Nietemin is al die lae waarin artefakte gevind is geteken en word dit by die figure ingesluit. Dit dien as volledige rekord van die konteks van die kulturele materiaal en kan deur toekomstige

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

navorsers benut word ten einde die huidige inligting oor die terrein aan te vul. Sommige skerwe van die porselein wat gevind is, is herken omdat dit soortgelyk is aan sekere stukke porseleinware in die huidige huismuseum (1880-huis). Mondelinge getuienis van die Prinslookinders en breekware in hulle besit, stem ook met sommige stukke wat gevind is, ooreen. Dit beteken dat sodanige artefakte positief aan die Prinsloofamilie verbind kan word.

Verdere toetsslote by die ashoop is onnodig geag, daar dit duidelik was dat meer artefakte nie meer inligting oor die terrein sou verskaf as dit wat reeds bekend is nie. Voorts dien die opgegraafde artefakte as 'n verteenwoordigende voorbeeld van gebruiksartikels wat in die 1913-huis gebruik is.

## 6. KULTURELE MATERIAAL

### 6.1 Keramiek

#### 6.1.1 Porselein

Porseleinskerwe is slegs in die opgrawing van die ashoop gevind. In totaal is 406 stukke porselein gevind. Die porselein is gedateer en is ongeveer eweredig versprei oor drie verskillende tydperke, naamlik die Victoriaanse tydperk (laat 19de - vroeg 20ste eeu), Edwardiaanse tydperk (1920-1930) en Art Deco tydperk (1930-1950). Dit bestaan uit borde, bakke, koppies en pierings. Die porselein is alledaagse items, deur middel van massavervaardiging geproduseer en is hoofsaaklik wit van kleur.

Verskeie van die porseleinskerwe is deur die Prinsloo-nasate geëien as soortgelyk aan dit wat hulle in die 1913- en 1928-huis gebruik het. Van die gebreekte stukke porselein is ook soortgelyk

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

aan porselein wat deur die Prinsloo-nasate aan die Museum geskenk is, omdat dit deur hulle gebruik is in die drie Prinsloohuise op die museumterrein (figuur 8.61-8.62). Opnames is ook gemaak van die oorblywende breekware nog in besit van die Prinsloo-nasate, wat verdere identifisering moontlik gemaak het.

Sommige van die porselein se makersmerke was nog sigbaar. Twee stukke kom uit Tsjeggo-Slowakye, een uit Finland en drie uit Engeland. Twee van laasgenoemde is (teen ca. 1907) deur Alfred Meakin Ltd gemaak en een (teen ca. 1890) deur JG Meakin Hanley (Godden 1958:7). Dit toon 'n verskeidenheid van patrone wat daarop afgedruk en geglasuur is. Hoewel die meerderheid stukke uit Brittanje afkomstig is, is 'n "vyf rose" teestel 'n besondere item uit Tsjeggo-Slowakye (Cushion 1980:58). Dit reflekteer die beste periode uit die 1913-huishouding, naamlik 1920-1930, toe Lang Hans Prinsloo 'n leidende gemeenskapsfiguur was (persoonlike mededeling: A Carelsen). Ander porselein wat gevind is, sluit 'n voet van 'n porseleinpop en 'n porseleinprop in.

Dit is duidelik dat die porselein wat gevind is, wel positief met die Prinsloos verbind kan word, hoewel dit nie noodwendig net met die 1913-huis verband hou nie. Porselein wat as pre-1927 gedateer word, is waarskynlik aangekoop tydens die bewoning van die 1913-huis, maar kon ook in die die latere huis gebruik wees. Porselein wat as post-1927 gedateer word, kan nie met die 1913-huis verbind word nie, aangesien die huis net tot 1927 bewoon is. Omdat die 1928-huis se vullis ook op hierdie ashoop weggegooi is (persoonlike mededeling: BJJ Prinsloo), verklaar dit die teenwoordigheid van latere porselein op die ashoop.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

### 6.1.2 Aardewerk

Vyf stukke van aardewerkteëls is gevind. Twee stukke is by die voorstoep en twee by die ashoop gevind. 'n Klein volledige aardewerkteël is by die agterstoep gevind. Geen datering was moontlik nie.

### 6.1.3 Steenware

Steenware is slegs by die ashoop gevind (figuur 8.61-8.63). Twee-en-twintig stukke is gevind, waarvan een as deel van 'n gemmerpot geïdentifiseer is en een as deel van 'n harde steenware vleisbord. Die kleure van die stukke wissel van room, liggrys en bruin tot rooibruin. Die stukke is onversier. Vier stukke ongeglasuurde steenware wat gevind is, is 1920-1930 gedateer (persoonlike mededeling: C Meyer). Dit is dus nie moontlik om te onderskei of dit met die 1913- of 1928-huis verbind kan word nie, omdat die moontlikheid groot is dat dit in beide huise gebruik is.

### 6.1.4 Kaolien

By die ashoop is twee stukkies kaolien gevind. Dit is deel van 'n pyp (vir rook) en omdat dit die materiaal is waarvan pype tot vroeg in hierdie eeu gemaak is, kan dit waarskynlik met die tydperk van die 1913-huis verbind word. Die pype is handgemaak met 'n ystergietvorm en staaldraad. Aanvanklik was die pype klein omdat tabak duur was toe dit vir die eerste keer Europa, teen die einde van die vyftiende eeu, bereik het en omdat dit 'n nabootsing van die seremoniële pype van Amerikaanse Indiane was (Lastovica & Lastovica 1982:73). Sedert die sewentiende eeu was pyprook baie gewild en is die pypkoppe mettertyd vergroot namate tabak goedkoper en meer verkrygbaar geword het. Negentiende eeuse pype is derhalwe met hedendaagse pype vergelykbaar.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Jan Prinsloo en van sy vriende het gerook (persoonlike mededeling: BJJ Prinsloo), maar teen 1913 was kaolienpype nie meer in gebruik nie. Britse kaolienpype het teen 1900 in populariteit begin afneem en is teen 1910 deur houtpype vervang (persoonlike mededeling: H Vos). Dit is bekend dat kaolienpype gedurende die twintigerjare saam met kiste jenewer afgelewer is as 'n aanmoediging om die produk te koop (Lastovica & Lastovica 1982:37). Gevolglik is dit moontlik dat dit op hierdie wyse op die terrein te lande gekom het. Jenewer is in keramiekhouers gebottel. Geen sodanige skerwe is tydens die opgrawings geïdentifiseer nie.

## 6.2 Glas

'n Totaal van 1304 stukke glas is gevind. Die grootste hoeveelheid hiervan is by die ashoop gevind, maar glas is ook by die agterstoep, badkamer, rondawel, voorstoep en somershuisie gevind. Naas die groot hoeveelheid gefragmenteerde stukke glas (wat gevolglik nie gedateer kon word nie), is gedeeltes van bottels, glaspypies, albasters, glaskrale, 'n volledige klein glasbotteltjie, 'n Arden glasbotteltjie, 'n klein gloeilampie en 'n miniatuur bierbeker gevind. Kommersiële houers is verreweg die grootste deel van die opgegraafde glasartefakte. Dit kan verdeel word in huishoudelike voorwerpe, mineraalwaterbottels, gemmerbierbottels, medisynebottels en -houers en wyn- en bierbottels.

Glasvoorwerpe wat nie met sekerheid geïdentifiseer kon word nie, is plat stukke glas wat waarskynlik vir vensterglas of houers met plat sye gebruik is. Twee blou glasskerwe is deur vuur gebrand en kon gevolglik nie geïdentifiseer word nie. Die blou kleur is deur kobalt geproduseer en is spesifiek in die laat negentiende eeu vir tafelglas, soos soutbakke en kraffies, en vir medisyne en kosmetiese houers gebruik (Jones 1985:14). Dit wil dus voorkom asof die voorwerpe reeds voor die bou van die 1913-huis aangekoop is, maar wel in die 1913- (en moontlik ook in die 1928-huis) gebruik is.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die voorwerpe kan hoofsaaklik van die laat negentiende eeu tot die eerste helfte van die twintigste eeu gedateer word. Dit bestaan hoofsaaklik uit houers wat vir voedselprosesering gebruik is (inmaak ensovoorts). Koeldrank-, wyn- en bierbottels is ook gevind. Dit is bekend dat die Prinsloofamilie baie vrugte, groente en ander produkte ingelê het (persoonlike mededeling: A Carelsen). Sommige van die voorwerpe is duidelik resent. Hoewel verskeie van die glasstukke wel met die 1913-huis verbind kan word, moet daar aanvaar word dat heelwat van die glas wat op die ashoop gevind is met die 1928-huis of latere bewoning van die 1913-huis verband hou.

## 6.3 Potskerwe

Drie ongeglasuurde potskerwe is gevind - twee by die rondawel en een by die ashoop. Dit was onversier; gevolglik kon geen afleidings hiervan gemaak word nie.

## 6.4 Metaal

Seshonderd-een-en-negentig metaalartefakte is gevind. Die meeste hiervan was ongeïdentifiseerde stukke. Baie spykers en wassers is gevind, maar dié blyk resent te wees en hou waarskynlik verband met die opsit van 'n nuwe dak (deur die Museum) oor die 1913-huis en veranderinge wat deur huurders aangebring is.

Ander metaalvoorwerpe wat gevind is, behels die volgende: boute, botteldeksels, stukke pyp, draad, 'n draadvurk, handvatsels, 'n slot, ringe, spykers, knope, 'n onderdeel van 'n wekker, gedeeltes van mansjetknope, 'n deel van 'n paraffienlamp, 'n klep van 'n stoomenjin, 'n gedeelte van 'n tandepastabuis, 'n 1c-stuk (1972), 'n tang, koperpypies, dele van 'n saaglem, 'n fietstrap, 'n speelgoedstrydwa, patroondoppies (windbuks; .22; .303), moere, 'n fietsligdinamo, 'n paaltjie en 'n oopskroef Ohlssons bierprop.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die voorwerpe is hoofsaaklik van die ashoop afkomstig, maar ook van die agterstoep, badkamer, rondawel, somershuisie en voorstoep. Verskeie van die voorwerpe is deur mnr Prinsloo geëien. Daarom kan die meeste van die voorwerpe met die 1913- en 1928-huis verbind word.

## 6.5 Organiese materiaal

### 6.5.1 Been

Drie-en-sewentig stukke been, waarvan sommige gebrand, is gevind. Die meerderheid hiervan is by die ashoop gevind, maar been is ook by die voorstoep en badkamer gevind. Dit is waarskynlik oorblyfsels van dit wat die mense geëet het, maar kan nie pertinent met die 1913-huis verbind word nie. Om hierdie rede is die beenmateriaal nie verder ontleed nie.

### 6.5.2 Skulp

Skulp is slegs by die ashoop gevind. Sewe stukke is gevind, waarvan een 'n perlemoenknoop was. Hierdie materiaal kon nie gedateer word nie.

### 6.5.3 Tand

Vier stukke tand is by die ashoop gevind. Net soos die beenmateriaal is dit nie verder geïdentifiseer nie, maar was waarskynlik die tande van troetel- of slagdiere gewees.

### 6.5.4 Pit

'n Gebrande perskepit is by die ashoop gevind. Die Prinsloo-familie het vrugteboorde gehad, maar dit is nie moontlik om te bepaal wat die oorsprong van die spesifieke pit is nie.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

### 6.5.5 Houtskool

Dertien stukke houtskool is by die ashoop gevind. Die gebrande materiaal is te resent van oorsprong om vir dateringsdoeleindes aangewend te word.

## 6.6 Plastiek

Veertien verskillende plastiekartefakte is gevind. By die ashoop is 'n stukkie elektriese draad, omhul in plastiek gevind, asook 'n doiliekraal, kamtande en knope. Krale, knope en 'n stuk van 'n haarborsel is by die agterstoep gevind, terwyl 'n plastiese kraal by die rondawel gevind is.

Hierdie artefakte is waarskynlik meer resent, veral as daar in gedagte gehou word dat die 1913-huis tot 1927 bewoon is en daarna vanaf die veertigerjare tot die tagtigerjare, met tussenposes, weer deur verskeie huisgesinne bewoon is.

## 6.7 Tekstiel

'n Kousbandgespe van 'n rekbare materiaal en metaal is by die ashoop gevind. Dit is van resente oorsprong.

## 6.8 Selluloïed

By die ashoop is twee selluloïed balletjies gevind. Dit is resent van oorsprong en kan nie met die aanvanklike bewoning van die 1913-huis geassosieer word nie.

## 6.9 Rubber

Drie stukke rubber is gevind - twee by die ashoop en een by die badkamer. Dit is waarskynlik meer resent van oorsprong as 1913.

## 6.10 Griffel

Agt stukke van griffels is verspreid oor die ashoop gevind. Omdat meer as een punt gevind is, verteenwoordig dit meer as een griffel. Die moontlikheid om dit positief met die 1913-huis te verbind is goed, daar dit 'n algemene gebruiksartikel vir skoolkinders in daardie jare was.

## 6.11 Boumateriaal

In totaal is 217 stukke boumateriaal uit die opgrawings verwyder. Dit sluit heel en stukke baksteen, klip en kleiner brokstukke in. Hierdie voorwerpe is by die ashoop, rondawel, agterstoep, badkamer en seunskamer gevind. Hierdie voorwerpe kan meestal met die afgebreekte gedeelte van 1913-huis verbind word.

# 7. SAMEVATTING

'n Groot hoeveelheid kulturele materiaal is by die 1913-huis gevind. Die oorgrote meerderheid hiervan is, soos verwag, by die ashoop gevind. Sommige van die porseleinskerwe wat gevind is, kan onomwonde met die 1913-huis verbind word. Verskeie ander voorwerpe kan ook met die huis verbind word en kan derhalwe help met die rekonstruksie van gebruiksgoedere in die huis. Omdat vullis van die 1928-huis, sedert 1928 ook op hierdie ashoop gegooi is, is dit feitlik onmoontlik om te onderskei tussen artefakte afkomstig van die 1913- en 1928-huis, hoewel dit positief met die Prinsloofamilie verbind kan word. 'n Groot hoeveelheid voorwerpe wat nie met

die Prinsloos verbind kan word nie, daar dit van 'n meer resente oorsprong is, is ook gevind. Resente artefakte is afkomstig van bewoning van die 1913-huis deur huurders tussen 1966 en 1980.

Min addisionele inligting is deur middel van die opgrawings aan die lig gebring. Dit het egter bewys dat afleidings wat van die historiese bronne gemaak is (byvoorbeeld ou foto's en mondelinge getuienis), korrek is. Die argeologiese opgrawings het dus as interne kritiek gedien om die geloofwaardigheid van hierdie bronne vas te stel. Hierdie bronne is dan ook deeglik benut ten einde die 1913-huis te restoureer en sal met vrug benut kan word wanneer die buitegeboue heropgerig word. Die bevestiging van die historiese inligting deur die argeologiese, versterk die kennis omtrent die 1913-huis. Om hierdie rede is dit duidelik dat daar aan navorsingsbehoeftes voldoen is (vergelyk punt 5.1 in hoofstuk 10).

Die 1913-huis is na die afhandeling van die argeologiese navorsing gerestoureer. Die foto's wat tydens die projek geneem is en die planne wat geteken is, was 'n belangrike bron van inligting vir die argitek en restourateur, al het dit nie altyd vir die argeoloog sin gemaak nie. Gevolglik word 'n volledige stel foto's en planne ook hierby ingesluit. Die inligting wat deur die argeologiese navorsing aan die lig gekom het, het gevolglik ook daartoe bygedra dat daar aan die erfenishulpbronbestuursbehoeftes voldoen is (vergelyk hoofstuk 10, punt 5.2).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

## 8. FIGURE

(Tensy anders aangedui is alle foto's, planne en kaarte deur A.C. van Vollenhoven geneem of geteken. Noord is aan die bokant van alle planne en kaarte, tensy anders aangedui.)




**Figuur 8.1** Ligging van die Willem Prinsloo Landboumuseum (Nasionale Kultuurhistoriese Museum).




**Figuur 8.2** Ligging van die plaas Kaalfontein met die 1913-huis deur 'n pyl daarop aangedui. Dit is op kaart 2528DC, Bronkhorstspruit, van die Suid-Afrikaanse 1:50 000 topografiese reeks.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

**Figuur 8.3** Lugfoto van die 1913-huis. Dit is die huis in die middel van die foto (Foto: F.T. Dreyer, 1993, foto no.: 93-2055).

**Figuur 8.4** Foto van die noordaansig van die 1913-huis teen ongeveer 1924 (Nasionale Kultuurhistoriese Museum: foto no.: 90-8370).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

**Figuur 8.5** Foto van die noordaansig van die 1913-huis, geneem in 1992, voor ontbosting.

**Figuur 8.6** Foto van die noordaansig van die 1913-huis, geneem in 1992, na ontbosting.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA




1. AGTERSTOEP
2. SEUNSKAMER
3. HOOFSLAAPKAMER
4. KOMBUIS
5. SPENS
6. SITKAMER
7. GASTEKAMER
8. GANG
9. EETKAMER
10. VOORSTOEP
11. STOEPKAMER

**Figuur 8.7** Plan van die 1913-huis gedurende 1924-1927 (M. Naudé). Die oorspronklike plan het geen skaal nie.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

**Figuur 8.8** Terreinkaart van die 1913-huis en werf, met die opgrawings daarop aangedui.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA




Nie volgens skaal nie

Sleutel:

o A5 Ysterpen

Opgrawings

Die posisie van alle strukture is na die opgrawings deur Mnr. J. J. Prinsloo heraangedui & verskyn daarvolgens op die kaart.

o Basispen by ashoop

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA




**Figuur 8.9** Plan van die opgrawing van die bad- en strykkamer.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

**Figuur 8.10** Aansig van die opgrawing van die bad- en strykkamer.

**Figuur 8.11** Detail van die gekompakteerde kleilaag onder die vloer van die bad- en strykkamer.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA




**Figuur 8.12** Plan van die opgrawing waar die watertenk en koeler verwag is.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

**Figuur 8.13** Opgrawing van die verwagte posisie van die watertenk en koeler. Die stukke sement en klip in die agtergrond is moontlik die enigste oorblyfsels daarvan.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

**Figuur 8.14** Plan van die opgrawing waar oorblyfsels van die rondawel gesoek is.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

42m na A1 = 0° ⟵ ⊙ Basis

Toetssloot 3

Toetssloot 5

Toetssloot 1

Toetssloot 4

Toetssloot 2

N

Skaal 1 : 25

Sleutel:

| | |
|---|---|
| ■ | Stukkie baksteen |
| V | Moer |
| P | Plastiese kraal |
| ● | Boupuin |
| ▽ | Glas |
| | Potskerf |
| ⊙ | Wasser |
| D | Patroondoppie |
| U | Metaaldop |
| o | Klip |

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

**Figuur 8.15** Opgrawing waar oorblyfsels van die rondawel gesoek is. Hoewel niks hiervan gevind is nie, het die meeste van die ander opgrawings bewys dat mnr J Prinsloo se geheue taamlik akkuraat was. Die foto gee dus 'n goeie idee van die plasing van die rondawel ten opsigte van ander strukture en die 1913-huis.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

**Figuur 8.16** Plan van die opgrawing van die somershuisie.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA




Skaal 1 : 25

Sleutel:

- Klip
- Misvloer
- Saaglem
- Glas

42m na A1 = 0°

Basis

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

**Figuur 8.17** Opgrawing van die somershuisie. Die gedeelte van die misvloer wat ontbloot is, is sigbaar regs onder.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

**Figuur 8.18** 'n Gedeelte van die misvloer van die somershuisie is ontbloot.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

**Figuur 8.19** Plan van die opgrawings by die agterstoep.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA




UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

42m na A1 = 0° ← ⊙ Basis

Skaal 1 : 50

**Figuur 8.20** Aansig van die opgrawing van die agterstoep.

**Figuur 8.21** Die agterstoep: Toetssloot 1, laag 2.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

**Figuur 8.22** Die agterstoep: Plan, toetssloot 1, laag 2.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

42m na A1 = 0° ⟵ ⊙ Basis

N

Skaal 1: 25

Sleutel:

- ■ Stukkie baksteen
- ▽ Glas
- ▬ Skroef
- ⊙ Wasser
- □ Sement
- ○ Klip
- ■ Baksteen
- X Keramiek
- ● Boupuin

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

**Figuur 8.23** Die agterstoep: Plan, toetssloot 2, laag 1.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA




Skaal 1:25

Sleutel:

| | |
|---|---|
| ■ | Stukkie baksteen |
| ▽ | Glas |
| ▬ | Skroef |
| ⊙ | Wasser |
| o | Klip |
| ● | Boupuin |
| ~ | Ysterstafie |
| P | Plastiese kraal |
| I | Glaskraal |
| K | Knoop |
| G | Ghoen |
| A | Albaster |
| XB | Blou keramiek |
| IKW | Agterkant van kwassie |

Basis

42m na A1 = 0°

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

**Figuur 8.24** Die agterstoep: Toetssloot 2, laag 1.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

**Figuur 8.25** Die agterstoep: Toetssloot 2, laag 2.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

**Figuur 8.26** Die agterstoep: Plan, toetssloot 2, laag 2.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

N

Basis

42m na A1 = 0°

Skaal 1:25

Sleutel:

- ■ Baksteen
- ○ Klip
- ● Boupuin
- ▽ Glas

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

**Figuur 8.27** Die agterstoep: Plan, toetssloot 3, laag 1.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Skaal 1:25

Sleutel:

- Boupuin
- Ysterstafie
- Stuk Ystersaaglem
- Glas
- Skroef
- Been
- Baksteen
- Sement
- Wasser
- Spyker
- Klip

42m na A1 = 0° ← ⊙ Basis

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



**Figuur 8.28** Die agterstoep: Toetssloot 3, laag 1.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

**Figuur 8.29** Die agterstoep: Toetssloot 3, laag 2.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

**Figuur 8.30** Die agterstoep: Plan, toetssloot 3, laag 2.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA




N

Skaal 1:25

Sleutel:

- Blou sement
- Wasser
- D Patroondoppie
- Klip
- Boupuin
- Baksteen
- Stukkie Baksteen
- Koperpypie

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

42m na A1 = 0° ⟵ ⊙ Basis




Basis

42m na A1 = 0°

N

Skaal 1:25

Sleutel:

- ⊙ Wasser
- ○ Klip
- ■ Baksteen
- ▬ Skroef
- □ Sement
- ■ Stukkie baksteen
- ● Boupuin
- ▽ Glas
- ◤ Skroef met hakie
- ✱ Binnekant van koeldrankdoppie met prentjie van Voortrekkermonument daarop

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

**Figuur 8.32** Die agterstoep: Toetssloot 4, laag 2.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

**Figuur 8.33** Die agterstoep: Plan, toetssloot 5, laag 2.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Skaal 1:25

Sleutel:

- o Klip
- ● Boupuln
- ▬ Skroef
- ▽ Glas
- □ Rooi sement
- ⊙ Wasser

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

42m na A1 = 0° ⟵ ⊙ Basis

**Figuur 8.34** Die agterstoep: Plan, toetssloot 6, laag 2.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



N

Skaal 1:25

Sleutel:

- o Klip
- ● Boupuin
- ⊙ Wasser
- ◓ Perskepit
- ▬ Skroef

42m na A1 = 0° ⟵ ⊙ Basis

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



**Figuur 8.35** Die agterstoep: Toetssloot 6, laag 2.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

**Figuur 8.36** Die agterstoep: Toetssloot 7, laag 2. Dit is onseker tot watter mate die klippe in die voorgrond met die huis en agterstoep verband hou. Waarskynlik is dit bloot puinmateriaal wat buite konteks gevind is.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

**Figuur 8.37** Die agterstoep: Plan, toetssloot 7, laag 2.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA




N

Skaal 1:25

Sleutel:

□ Sement

■ Baksteen

o Klip

● Boupuin

T Teël

M Gedeelte van muisval

Tang

42m na A1 = 0° ⊙ Basis

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

**Figuur 8.38** Die agterstoep: Plan, toetssloot 8, laag 2.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



N

Skaal 1:25

Sleutel:

o Klip

⊙ Wasser

42m na A1 = 0° ⟵ ⊙ Basis

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

**Figuur 8.39** Die agterstoep: Plan, toetssloot 9, laag 2.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA




Skaal 1:25

Sleutel:

| | |
|---|---|
| ○ | Klip |
| ● | Boupuin |
| E | Been |
| ▬ | Skroef |
| ⊙ | Wasser |
| B | Bout |
| □ | Sement |

42m na A1 = 0° ⟵ ⊙ Basis

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

**Figuur 8.40** Opgrawing in die seunskamer. Dit toon die fondament van 'n vroeëre verdelingsmuur in die vertrek.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



**Figuur 8.41** Profiel, toetssloot 1, seunskamer. Die fondamentklippe is duidelik sigbaar.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

**Figuur 8.42** Plan van die opgrawings in die seunskamer.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA




Skaal 1 : 25

Sleutel:

o Klip

▨ Puinmateriaal : vloeropvulling

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

**Figuur 8.43** Opgrawing in die voortuin. Die klippe dui op 'n paadjie wat uit die veertigerjare dateer.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

**Figuur 8.44** Plan van die opgrawing van die ashoop.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA




UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Skaal 1:50

**Figuur 8.45** Opgrawing van die ashoop. Die donkerbruin grondkleur toon dat daar min as op die hoop gegooi is en dat dit eerder uit ander rommel bestaan.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA




**Figuur 8.46** Die ashoop: Plan, toetssloot 1, laag 1.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA




**Figuur 8.47** Die asho

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA




**Figuur 8.48** Die ashoop: Plan, toetssloot 1, laag 3.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA




**Figuur 8.49** Die asho

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA




**Figuur 8.50** Die ashoop: Plan, toetssloot 1, laag 5.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA




**Figuur 8.51** Die ashoop: Plan, toetssloot 2, laag 2.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA




**Figuur 8.52**. Die ashoop: Plan, toetssloot 2, laag 3.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA




**Figuur 8.53** Die ashoop: Plan, toetssloot 2, laag 4.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA




**Figuur 8.54** Die ashoop: Plan, toetssloot 2, laag 5.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

**Figuur 8.55** Die ashoop: Plan, toetssloot 3, laag 3.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA




Skaal 1 : 25

Sleutel:

- ▽ Glas
- ▽△ Glaskonsentrasie
- △S Glasbuis
- Z Konsentrasie porselein
- Y Konsentrasie erdewerk
- U Ongeïdentifiseerde metaal
- Ongeïdentifiseerde metaalkonsentrasie
- Spyker
- Konsentrasie spykers
- D Patroondoppie
- ⊙ Wasser
- << Draad
- K Metaalknoop
- ~ Metaalpyp
- LE Metaalskarnier
- G Kousbandgespe
- P Plastiese kraal
- o Klip
- ■ Stuk baksteen

60m na A5 = 0°

Basis

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

**Figuur 8.56** Die ashoop: Plan, toetssloot 3, laag 4.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

N

Skaal 1 : 25

Sleutel:

| | |
|---|---|
| ▽ | Glas |
| ▽△ | Glaskonsentrasie |
| L | Glaskraal |
| [Z] | Porseleinkonsentrasie |
| Y | Erdewerk |
| KL | Kaolien |
| /G | Stuk griffel |
| N | Potskerf |
| 8 | Konsentrasie perlemoen |
| E | Been |
| [E] | Konsentrasie been |
| P | Plastiese kraal |
| ◄► | Plastiese tandestokkie |
| U | Ongeïdentifiseerde metaal |
| [U] | Ongeïdentifiseerde metaalkonsentrasie |
| ◄ | Spyker |
| ◈ | Konsentrasie spykers |
| ⊙ | Wasser |
| ⊖ | Ronde metaalskyf |
| << | Draad |
| [<<] | Konsentrasie draad |
| Ü | Metaalhandvatsel |
| [U] | Rooikoper mansjetknoop |
| D | Patroondopple |
| ▬ | Skroef |
| [▬] | Konsentrasie skroewe |
| H | Prop van Ohlsons bierbottel |
| /P | Loodornament |
| H | Metaalprop |
| K | Metaalknope |

60m na A5 = 0
Basis

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

**Figuur 8.57** Die ashoop: Plan, toetssloot 3, laag 5.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



N

Skaal 1 : 25

Sleutel:

- ■ Tand
- V Glaskonsentrasle
- Z Porseleln
- [Z] Porselelnkonsentrasle
- E Been
- U Ongeïdentifiseerde metaal
- o Wasser
- ← Spyker
- [←] Konsentrasle spykers
- ← Gedeelte van spykers
- D Patroondopple
- << Draad
- G Metaalballetjie

60m na A5 = 0°
Basis

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

**Figuur 8.58** Die ashoop: Plan, toetssloot 4, laag 1.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA




Basis

60m na A5 = 0°

N

Skaal 1 : 25

Sleutel:

- ▽ Glas
- ▽△ Glaskonsentrasie
- Z Porselein
- L Glaskraal
- ⊙ Wasser

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

**Figuur 8.59** Die ashoop: Plan, toetssloot 4, laag 2.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA




Skaal 1 : 25

Sleutel:

| | |
|---|---|
| ▽ | Glas |
| ▽△ | Glaskonsentrasie |
| △J | Metaal-& glasprop |
| L | Glaskraal |
| Z | Porselein |
| [Z] | Porseleinkonsentrasie |
| A | Gebreekte albaster |
| △N | Bottelnek |
| W | Gloeilampie |
| E | Been |
| c | Gebreekte tand |
| K | Knoop |
| PT | Plastiese kamtand |
| U | Ongeïdentifiseerde metaal |
| ⊙ | Wasser |
| << | Draad |
| [<<] | Konsentrasie draad |
| ← | Spyker |
| [←] | Konsentrasie spykers |
| ▬ | Skroef |
| D | Patroondoppie |
| B | Bout |
| XV | Keramiek voet van pop |
| ~ | Askonsentrasie |
| ▪ | Konsentrasie bakstene |




UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

60m na A5 = 0° ← ⊙ Basis



Skaal 1:25
Sleutel:

| | |
|---|---|
| ▽ | Glas |
| ▽△ | Glaskonsentrasie |
| Z | Porselein |
| E | Been |
| P | Stukkie harde plastiek |
| K | Perlemoen knoop |
| ▬ | Plastiese skroef |
| U | Ongeïdentifiseerde metaalkonsentrasie |
| << | Draad |
| << | Draadkonsentrasie |
| ⊙ | Wasser |

**Figuur 8.60** Die ashoop: Plan, toetssloot 4, laag 3.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

**Figuur 8.61** Twee fragmente van 'n porseleinpiering (bo) en een van 'n steenware vleisbord (onder) wat by die 1913-huis opgegrawe is (Foto: F.T. Dreyer, 1996, foto no.: 96-682).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

**Figuur 8.62** 'n Oorspronklike porseleinkoppie en -piering wat aan Bettie Prinsloo behoort het. Dit is deur die Prinsloofamilie gebruik en later aan die Nasionale Kultuurhistoriese Museum geskenk. Dit is deel van 'n "vyf rose" teestel, in ca. 1925 deur Schneider en Co in Tsjeggo-Slowakye vervaardig. Die stel stem ooreen met die twee skerwe in figuur 8.61 (Foto: F.T. Dreyer, 1996, foto no.: 96-681).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

**Figuur 8.63** 'n Oorspronklike opdienbak wat ooreenstem met die skerf van 'n vleisbord, wat by die 1913-huis opgegrawe is (figuur 8.61). 'n Rooi oksied en blou blompatroon is op die stel, wat van steenware gemaak is, afgedruk. Die vleisbord was deel van 'n harde steenware eetservies wat aan Cornelia Prinsloo behoort het. Die opdienbak is saam met die ander stukke aan die museum geskenk (Foto: F.T. Dreyer, 1996, foto no.: 96-676).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# HOOFSTUK 9

## 'N HISTORIES-ARGEOLOGIESE ONDERSOEK NA DIE EDWARDIAANSE HUIS EN EENDEDAM BY DIE PIONIER MUSEUM

> "If the past is dead, why do we study it? As the present is but an instant, we are all totally dependent upon past experience for our strategies for coping with the future. An understanding of the distant past, too, can help us to plan intelligently for the future" (John A.J. Gowlett, **Ascent to civilization** 1984:196).

## 1. INLEIDING

Die Nasionale Kultuurhistoriese Museum is sedert 1973 die eienaar van die terrein, bekend as die Pionier Museum. Die museum het sy ontstaan te danke aan die pionierswoning wat uit die middel van die negentiende eeu dateer. Dit is egter ook bekend dat 'n huis in 1919, oos van die pionierswoning opgerig is, omdat laasgenoemde nie meer aan al die vereistes van die plaaseienaar voldoen het nie.

Aangesien die huis uit die tydperk na 1850-1870 dateer, is dit gedurende die sestigerjare van die twintigste eeu deur die Museum afgebreek. Dit het nie ingepas by die beplanning, wat behels het die inrig van die plaas uit die periode 1850-1870 nie (Van Vollenhoven 1998b:1).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Gedurende 1994 is 'n nuwe beleid vir die museum daargestel en die periode is na 1900 toe uitgebrei (Nasionale Kultuurhistoriese Museum 1994:2). In 1996 is nuwe opvoedkundige programme daargestel, met die oog op implementering in 1997. Die inhoud van die opvoedkundige programme is aangepas om die nuwe skoolsillabusse in te sluit. Een van die belangrike onderdele van die nuwe geskiedenissillabus is die vakwetenskap argeologie. Om hierdie rede is daar besluit om die 1919-huis argeologies te ondersoek. Daar is besluit dat die verskynsels wat gevind word, bepalend sou wees om finaal vas te stel hoe die onderwerp argeologie, opvoedkundig aangewend sal kan word. Hoewel die huis uit die tydperk na 1900 dateer, is die bedoeling dat dit 'n uitbreiding op die potensiaal en uitbeelding van die taak van museums in die algemeen sal wees. Sodoende sal 'n wyer boodskap van bewaring aan die publiek en spesifiek laerskoolleerlinge oorgedra word. Dit is veral met die klem hierop dat die erfenishulpbronbestuursbehoeftes aangespreek word. Gevolglik is die projek ‘n uitstekende voorbeeld van navorsing wat met die oog op erfenisbestuur gedoen is en was dit ‘n logiese keuse om in hierdie studie in te sluit. Die belang van die terrein binne die konteks van ‘n spesifieke gemeenskap sluit dan ook aan by die gedagte van die inheemse erfenis wat in hoofstuk 3 bespreek word. Die voorvereiste hiervoor was deeglike historiese en argeologiese navorsing binne die Kontekstuele paradigma, waardeur aan die navorsingsbehoeftes voldoen is.

Die tweede aspek wat argeologies ondersoek is, is die eendedam wat noordoos van die pionierswoning geleë was. Gedurende die Anglo-Boereoorlog (1899-1902) het die inwoners van die pionierswoning na bewering van hulle porselein en ander huisware in die dam versteek (persoonlike mededeling: A Carelsen). Met die honderdjarige herdenking van die oorlog, is hierdie gebeure as 'n moontlikheid gesien om aansluiting daarby te vind. Die vind van artefakte sou nie net kon bydrae om 'n beter idee van gebruiksvoorwerpe van die plaas se bewoners te kry nie, maar die dam sal ook later gerekonstrueer kan word, omdat dit uit die tydperk dateer wat deur die museum uitgebeeld word.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

## 2. LIGGING

Die Pionier Museum is die kerngedeelte van die plaas Hartebeestpoort 328 JR. Die gedeelte wat vir die museum behoue gebly het en nie deur moderne residensiële- en sake-uitbreidings geaffekteer is nie, is gedeelte 197 van gedeelte 23 van die plaas. Dit sluit ook erwe 254 en 255 van Silverton in.

Die museum is in 'n voorstad van Pretoria, Silverton, geleë. Dit kom op kaart 2528 CB, Silverton, van die Suid-Afrikaanse 1:50 000 topografiese reeks voor. Die koördinate daarvan is tussen 25° 45' en 25 46' SBr en 28 18' en 28° 19' OL (figuur 9.1).

## 3. TERREINBESKRYWING

Die terrein kan as 'n groen sone in die oostelike gedeelte van Pretoria beskou word. Aan die noordekant word dit deur Pretoriastraat begrens. Fred Daveystraat vorm die noordoostelike grens daarvan, terwyl die ooste-, suidooste- en suidekant daarvan deur residensiële areas begrens word. Die westekant word deur die Moreletaspruit begrens, terwyl die verlenging van Keuningstraat die terrein in 'n noordelike en suidelike gedeelte verdeel. Dit is duidelik dat die museum hom binne-in 'n stadsomgewing bevind.

Die terrein is grootliks versteur. Die suidelike gedeelte is onder andere vroeër jare as 'n trimpark benut. Die noordelike gedeelte word deur 'n geplaveide watersisteem in twee verdeel. Die westelike gedeelte word as ontspanningsarea gebruik. 'n Saal, toiletgeriewe, twee afdaklapas, los braaigeriewe, 'n toegangsgebou en geplaveide areas is hier uitgelê.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die oostelike gedeelte kan as die werklike historiese museumterrein beskou word. Die pionierswoning, waenhuis, kraalkompleks en ander verwante strukture en verskynsels kom hier voor. Hierdie terrein was aan verskeie veranderinge onderhewig, byvoorbeeld die oprig van 'n Noormansmeule en dorsvloer en die uitlê van 'n vrugteboord en kruietuin deur die Nasionale Kultuurhistoriese Museum.

Die Edwardiaanse huis was direk oos van die pionierswoning geleë. 'n Grasperk vul tans hierdie area. Geringe aanduidings van moontlike strukture is hier gevind, naamlik glas- en porseleinskerwe en stukke baksteen en beton. Die eendedam is noordoos hiervan, direk oos van die watervoor geleë. Tans is dit 'n sanderige kol, langs 'n groot grasperk. Behalwe vir die watervoor, wat moontlik in die eendedam uitgemond het, is geen ander aanduiding van die dam sigbaar nie.

Die area het 'n gelyke helling, sodat verspoeling van die grond nie werklik 'n probleem bied nie. Vanweë die gebrek aan argeologiese aanduidings is daar hoofsaaklik op historiese bronne gesteun om die moontlike ligging van die twee strukture en gevolglike opgrawings, te bepaal.

## 4. HISTORIESE AGTERGROND

Sommige bronne stel dit dat die eerste eienaar van die plaas Hartebeestpoort 308, David Adolph Michael Botha was (Pretorius g.d.:8; Reitz 1982:25). Hy en sy gesin het hulle klaarblyklik reeds in 1848 hier gevestig (Reitz 1982:25). Argivale dokumente dui egter daarop dat David Alwyn (Alwijn) Botha die eerste eienaar van die plaas was. Die plaas is op 1 Maart 1853 vir Botha deur AP van der Walt geïnspekteer en dit is op 23 Junie 1858 aan hom oorgedra (NAB, RAK 2711; NAB, RAK 2989:308; NAB, RAK 2990:441; NAB, RAK 3003:491).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Volgens Pretorius is Botha se voorname so onduidelik in die Argief van die Registrateur van Aktes opgeneem, dat die naam Adolph foutiewelik as Alwyn oorgeskryf is. Die bron wat deur haar benut word, is egter 'n jonger bron as bogenoemde argivale bronne, waaruit die name David Alwyn duidelik blyk. Sy baseer voorts haar bevindinge op die oorlewering van 'n afstammeling van die oorspronklike eienaar van Hartebeestpoort, mnr DAM Botha. Dit wil voorkom asof die persoon sy eie voorletters (en waarskynlik voorname) verkeerdelik op sy voorvader oorgedra het, moontlik omdat hy wou bewys dat hy die familiename dra. Die feit dat die voorletter M (Michael) nie in enige van die argivale dokumente voorkom nie, versterk die afleiding dat die name David Alwyn wel korrek is. Reitz gee nie 'n aanduiding waar sy inligting vandaan kom nie. Die oorwig van getuienis uit argivale dokumente blyk geloofwaardig te wees. Gevolglik word daar aanvaar dat die korrekte benaming David Alwyn Botha is.

In 1853 verkoop hy die plaas aan Guillaume Christoffel Vermeulen (NAB, RAK 2990:441; NAB, RAK 3003:491). In hierdie geval het AP van die Walt dié plaas saam met verskeie ander plase geïnspekteer.

Daar word aanvaar dat die bekende pionierswoning deur Botha gebou is (Pretorius g.d.:10; Reitz 1982:25), wat beteken dat dit tussen 1848 en 1853 opgerig is (figuur 9.2). Nie een van die twee bronne gee egter 'n bronverwysing nie.

Die plaas Hartebeestpoort moet nie met ander plase met dieselfde naam verwar word nie. 'n Sekere MA de Beer het op 17 Julie 1848 om 'n plaas met die naam Hartebeestpoortje aansoek gedoen (NAB, RAK 2433:20 - inskrywing no 149). Hierdie plaas is egter in die Potchefstroomdistrik (Landmeter-generaal 1960). J Klopper het reeds op 9 November 1840

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

aansoek gedoen vir 'n plaas met die naam Derdepoort, maar dit word as Hartbeestpoort omskryf (NAB, RAK 2433:146 - inskrywing no 594). Hierdie plaas grens aan Hartebeestpoort 308, maar is nie dieselfde plaas nie. Ook Jan Prengel het op 30 Oktober 1840 'n plaas met die naam Hartbeestpoort aangevra (NAB, RAK 2433:142 - inskrywing no 480). Geen verdere inligting is hieroor bekend nie.

Daar bestaan weliswaar 'n tweede plaas met die naam Hart(e)beestpoort (no 304) in die Pretoria-omgewing (Landmeter-generaal 1960). Hierdie plaas word in argivale dokumente sonder die eerste "e" gespel, terwyl eersgenoemde plaas daarmee gespel word. In die alfabetiese lys van plase in Transvaal word beide egter met die "e" gespel. Die plaas Hartbeestpoort 304 is op 7 Desember 1859 deur AP van der Walt geïnspekteer en op 13 Februarie 1860 aan JP Badenhorst oorgedra (NAB, RAK 2989:304; NAB, RAK 2990:437; NAB, RAK 3003:478). Dit is duidelik dat hierdie inligting na 'n ander plaas as dié van Botha verwys.

Slegs een dokument (NAB, RAK 2711) spel die naam van DA Botha se plaas sonder die "e", dit wil sê Hartbeestpoort. Geen nommer word in die dokument aangedui nie. Hoewel die "e" soms doodgetrek is in sommige ander dokumente wat na Hartebeestpoort 308 verwys, blyk dit foutief te wees en is die moontlikheid groot dat die plaas wat deur Jan Prengel aangevra is, eerder na die plaas met die nommer 304 as 308 verwys. Gevolglik kan daar aanvaar word dat DA Botha hoogs waarskynlik wel die eerste eienaar van Hartebeestpoort 308 was.

Op 22 Maart 1875 word die plaas aan 'n Duitser, Hans Heinrich Mundt, oorgedra omdat hy dit van die Vermeulens en ander eienaars gekoop het (NAB, RAK 2990:441; NAB, RAK 3003:491).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Mundt het groot veranderinge op die plaas aangebring. Hokke, stalle, buitegeboue, vrugteboorde, landerye en so meer is deur hom opgerig en aangelê (Pretorius g.d.:36-39).

In 1890 is 'n gedeelte van die plaas aan die Silverton Estate Company verkoop en die dorp Silverton het hier ontwikkel (Pretorius g.d.:39). Hierdie inligting stem ooreen met argivale inligting. In 1922 sterf Hans Mundt en sy plaas word onder sy vier kinders verdeel. Die suidoostelike gedeelte, waarop die pioniershuis staan, is deur sy seun Ernst Wilhelm geëerf. Hy rig in 1919 die Edwardiaanse woning, oos van die pionierswoning op (figuur 9.3). Laasgenoemde is nou as pakplek gebruik. Met sy dood in 1939 het sy vrou (Johanna Louisa) die huisie in stand gehou. Mundt se nasate het die Edwardiaanse huis tot in 1959 bewoon waarna huurders dit bewoon het (persoonlike mededeling: B Smith). In 1953 is daar aan die huis aangebou toe daar onder andere 'n badkamer en 'n stoep aan die oostekant toegevoeg is. In 1961 skenk mev Mundt die terrein aan die Stadsraad van Silverton (Pretorius g.d.:39-42; Reitz 1982:29-30).

Tydens die eerste restourasie van die pioniershuis (1961-1962) is die woning wat deur Ernst Mundt gebou is, gesloop (Pretorius g.d.:39). In 1964 word Silverton deel van die Stadsraad van Pretoria. Die pionierswoning het intussen weer eens agteruit gegaan en is in 1973 aan die Nasionale Kultuurhistoriese Museum oorgedra. Die huisie is opnuut gerestoureer en die museum het in 1975 sy deure geopen (Reitz 1982:33). Hierdie inligting stem ooreen met dié op 'n gedenkplaat, wat op die terrein opgerig is.

Gedurende 1987 is opgrawings in die noordoostelike hoek van die terrein gedoen, ten einde die oorspronklike buitegeboue-kompleks te ondersoek (Küsel 1988). Op grond hiervan is die waenhuis, wat tans oos van die pioniershuis geleë is, gerekonstrueer.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

## 5. DIE ARGEOLOGIESE ONDERSOEK

Aangesien uitgebreide historiese navorsing reeds oor die plaas gedoen is (vergelyk Reitz 1982 en Pretorius g.d.) sal daar nie verder hieraan aandag gegee word nie. Tans word daar ook afsonderlik historiese navorsing oor die Edwardiaanse huis gedoen en daar is deurentyd met die kultuurhistorikus, mev A Carelsen, geskakel, tydens die opgrawings. Boonop was die opgrawings onder andere ook daarop gemik om as interne kritiek te dien ten einde hierdie geloofwaardigheid te toets.

'n Ruitnet is reeds jare gelede deur die museum oor die terrein uitgemeet. Dit is as verwysingspunte benut, maar omdat daar na spesifieke strukture gesoek is, is spesifieke blokke binne die ruitnet nie opgegrawe nie. Opgrawings is gedoen waar die strukture verwag is en verdere opgrawings is gedoen op grond van dit wat gevind is (Figuur 9.4).

### 5.1 Die eendedam

Die eendedam was noordoos van die pionierswoning geleë (persoonlike mededeling: A Carelsen). Tans word hier 'n leivoor aangetref en is die verwagting dat die voor oorspronklik in die eendedam geëindig het. Klaarblyklik het die Mundt-familie hulle porseleinware tydens die Anglo-Boereoorlog in die dam versteek (persoonlike mededeling: A Carelsen). Die eendedam is in die middel tot laat veertigerjare toegegooi (persoonlike mededeling: B Smith). Drie opgrawings is hier uitgemeet, in 'n poging om oorblyfsels van die eendedam en die versteekte porselein op te spoor (figuur 9.5).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

5.1.1 Opgrawing 1

Op grond van inligting wat deur Mundtnasate verskaf is, is opgrawing 1 direk noordoos van die leivoor uitgemeet. Dit is in 'n oos-wes rigting uitgemeet, met sye van 2 x 1 meter lank. Die oppervlakte bestaan uit 'n donkerbruin grond, waarin klein stukkies baksteenbrokkels sigbaar is.

'n Arbitrêre laag van 5cm is verwyder. Laag 1 was rooier van kleur en kan as donker-rooibruin beskryf word. 'n Klip van middelmatige grootte is in die suidwestekant van die opgrawing gevind. Dit het later geblyk van geen belang te wees nie.

Artefakte wat in laag 1 gevind is, sluit 'n volledige glasbotteltjie in, wat gedeeltelik ook in laag 2 in strek. Ander artefakte is stukke boumateriaal (leiklip, kalk en baksteen), houtskool, been, keramiek, appelkoospitte, stukke metaal, glas en die plastiese deel van 'n koeldrankdoppie.

Omdat dit uit die historiese inligting blyk dat die dam sowat 0,5 - 1 meter diep was en daar relatief min artefakte gevind is, is daar nou met pik en graaf gewerk ten einde tyd te bespaar. Laag 2 was ook 5cm diep, maar het niks noemenswaardig opgelewer nie. Dit het dieselfde tipe artefakte as laag 1 opgelewer.

Laag 3 was 32cm diep en het 'n gedeelte van 'n paalgat in die suidelike wand blootgelê, hoewel daar in hierdie stadium nie sekerheid hieroor was nie. Die grondkleur was rooibruin met hier en daar stukkies baksteen tussenin. Behalwe die reeds genoemde artefakte is hier ook 'n wynprop, teer en geverfde sement gevind.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Laag 4 (figuur 9.6) was 'n snit regoor die breedte van die opgrawing, dit wil sê 1 x 0,40 meter vir 'n verdere 10cm diep. Die doel daarvan was om die presiese aard van die paalgat te bepaal. Die onderkant van die paalgat is gevind, hoewel dit duidelik was dat verdere ondersoek nodig sou wees. Opgrawing 3 sou hierdie aangeleentheid verder ondersoek. Weer eens was die grond rooibruin van kleur met tekens van baksteen tussenin. Die opgrawing is nie verdiep nie, omdat daar gevoel is dat dit reeds diep genoeg was en steeds geen ooglopende aanduiding van die dam gegee het nie. Dieselfde tipes artefakte as in die vorige lae is hier gevind.

### 5.1.2 Opgrawing 2

Dit was 'n opgrawing met afmetings van 3 x 1 meter. Dit is in 'n noord-suid rigting uitgemeet en was min of meer in die omgewing waar die oostelike sy van die dam verwag is. Gevolglik is dit suidoos van opgrawing 1 geleë.

Pik en graaf is weer eens gebruik ten einde tyd te bespaar. Dit was reeds duidelik dat die grond feitlik steriel was en omdat die dam meer as 0,5 meter diep was, kon daar met veiligheid van hierdie metode gebruik gemaak word.

Regdeur die opgrawing was die grond 'n donker rooibruin kleur en is tekens van baksteenoorblyfsels en kalk daarin gevind. Laag 1 was 'n 80cm diep arbitrêre laag, wat niks noemenswaardig opgelewer het nie. Artefakte wat hier gevind is, sluit been, glas, houtskool, boumateriaal en keramiek in.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

5.1.3 Opgrawing 3

Hierdie opgrawing is loodreg in 'n noord-suid rigting, op die suidelike wand van opgrawing 1 uitgemeet (figuur 9.7). Die afmetings daarvan is 1 x 0,40 meter. Die doel daarvan was om die verskynsel, wat later geblyk het 'n paalgat te wees, te ondersoek.

Die opgrawing het uit een laag van 45 cm diep bestaan. Die onderkant van die paalgat is volledig blootgelê. Dit het uit gebrande paaloorblyfsels bestaan. Direk suid hiervan is 'n klip blootgelê. Geen artefakte is gevind nie, behalwe vir brokstukke van baksteen in die donker rooibruin grond.

Die paalgat is 'n aanduiding van 'n heining wat oos van die leivoor opgerig was (persoonlike mededeling: A Carelsen). Die klip is moontlik 'n oorblyfsel uit die dam of oorspronklike loop van die leivoor.

5.1.4 Samevatting: Eendedam

Die enigste moontlike aanduiding dat tekens van die eendedam gevind is, is die klip wat in opgrawing 3 gevind is. Dit kan moontlik ook deel van die leivoor wees wat, volgens historiese inligting, in die eendedam uitgemond het. Die paalgat wat gevind is, is 'n aanduiding dat die historiese inligting na aan korrek is, omdat dit wel aandui waar die heining langs die leivoor geloop het.

Die artefakte wat gevind is, bestaan uit relatief min glas- en keramiekskerwe, organiese en resente materiaal en brokstukke boumateriaal (sien punt 6). Die boumateriaal is moontlik gebruik as opvulling toe die dam toegegooi is en bevestig die inligting wat deur die informant, B

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Smith, verskaf is. Die min glas- en keramiekartefakte wat gevind is, dui daarop dat, indien dit waar is dat voorwerpe tydens die Anglo-Boereoorlog in die dam versteek is, dit met geen of min skade daaruit herwin is.

## 5.2 Edwardiaanse huis

Die Edwardiaanse huis was direk oos van die pionierswoning geleë. Geen aanduiding van 'n struktuur was hier sigbaar nie, veral omdat die terrein met gras beplant was. Op die gedeelte van die terrein, suidoos van die Pionierswoning, kom weliswaar puinmateriaal in die grond voor, maar dit is nie moontlik om dit op die oog af as die oorblyfsels van 'n huis te identifiseer nie. Mev J Smith, kleindogter van Hans Mundt, het gehelp om die posisie van die huis uit te wys.

### 5.2.1 Opgrawing 1

Opgrawing 1 is in 'n oos-wes rigting uitgemeet, met sye van 4 x 3 meter (figuur 9.8). Die doel daarvan was om puinmateriaal wat op die oppervlakte sigbaar was, te ondersoek. Die opgrawing was groot genoeg om ook die suidwestelike hoek van die Edwardiaanse huis, soos aangedui deur die informante J Smith en B Smith, in te sluit.

Die grootste gedeelte van die opgrawing was met gras beplant. Laag 1 wat sowat 10cm diep was, was bloot die verwydering van die grassooie om die totale opgrawing op die vlak van die heel westelike gedeelte daarvan te bring (figuur 9.9). Die grondkleur was donkerbruin. Hierdeur is 'n groter konsentrasie boupuin blootgelê. Uit laag 1 is keramiek-, glas-, metaal-, plastiek-, houtskool- en beenartefakte verkry (vergelyk punt 6).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Laag 2 was 'n arbitrêre laag van 10cm diep, wat nog meer boupuin blootgelê het (figuur 9.10 en 9.32). 'n Groot askonsentrasie is ook vanaf die middel van die opgrawing na die suidwestelike hoek daarvan blootgelê. Artefakte wat uit laag 2 verwyder is, sluit been, keramiek, kurk, tand, metaal, houtskool, glas en boupuin in. 'n Interessante verskynsel was die vind van verskeie Middel- en Laat Steentydperkwerktuie (vergelyk punt 6).

Hierdie materiaal is in assosiasie met 'n fyn bou- of riviersand gevind. Die grondkleur van laag 2 was donkerbruin aan die westekant en effens rooier aan die oostekant.

Slegs 'n gedeelte van die opgrawing is tot in laag 3 verdiep (figuur 9.11 en 9.33). Dit is 'n gedeelte waar 'n aantal groterige klippe, wat 'n moontlike aanduiding van 'n fondament kan wees, gevind is. Hierdie opgrawing word as opgrawing 1.1 aangedui en het ten doel gehad om die klippe van nader te ondersoek. Opgrawing 1.1 kan ook as 'n suidwaartse verlenging van opgrawing 4 (sien punt 5.2.2) gesien word, waar soortgelyke klippe in lyn met dié in opgrawing 1.1 gevind is. Die afmetings van die opgrawing was 1 x 1 meter.

Laag 3 was 20cm diep en het tot aan die onderkant van die klippe, wat al duideliker na 'n fondament gelyk het, gestrek (figuur 9.13). Die verband tussen hierdie klippe en dié in opgrawing 4 was ook duideliker en dit was gewis in lyn. Die dikte van die fondamentklippe was 0,17 meter. Die breedte daarvan is op vier plekke gemeet en was onderskeidelik 0,32; 0,34; 0,50 en 0,48 meter. Die grondkleur in laag 3 was rooibruin. Artefakte wat hier gevind is, sluit metaal, keramiek, houtskool, plastiek, boupuin, leer en been in.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

5.2.2 Opgrawing 4

Omdat opgrawings 1 en 4 dieselfde verskynsel ondersoek het, word laasgenoemde voor opgrawings 2 en 3 bespreek. Opgrawing 4 is loodreg op die noordelike wand van opgrawing 1 uitgemeet (figuur 9.12). Dit is dus in 'n noord-suid rigting geplaas, met sye van 2 x 1 meter. Die doel daarvan was om vas te stel of moontlike fondamentklippe wat in opgrawing 1 (laag 2) blootgelê is, verder noord voortgesit word. Indien dit die geval sou wees, sou dit as bevestiging van 'n fondament van die Edwardiaanse woning gesien word.

Laag 1 was 10 cm diep en het bloot gedien om die grassooie uit te spit en 'n rooibruin grondlaag bloot te lê. Geen artefakte is gevind nie.

Laag 2 was 'n arbitrêre laag van 10cm diep (figuur 9.11 en 9.32). Die grondkleur was steeds rooibruin. Dit het 'n hoeveelheid boupuin blootgelê, sowel as moontlike fondamentklippe in die noordwestelike hoek van die opgrawing. Artefakte wat hier gevind is, sluit metaal, glas, keramiek, houtskool en Laat Steentydperk klipwerktuie in (vergelyk punt 6).

Laag 3 was 20cm diep en is gegrawe tot die onderkant van die fondamentklippe sigbaar was (figuur 9.13 en 9.33). Die fondament was sowat 16cm diep. Die breedte daarvan is op twee plekke gemeet en was onderskeidelik 0,50 en 0,55 meter breed. Dit is die fondament van die huis se westelike muur (figuur 9.14). Die grond was steeds rooibruin van kleur. Artefakte wat deur dié laag opgelewer is, sluit boupuin, houtskool, been, perlemoen, metaal, keramiek en Laat Steentydperk klipwerktuie in (vergelyk punt 6).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

5.2.3 Opgrawing 2

Opgrawing 2 is direk noordoos van die pioniershuis en noord van opgrawing 1 uitgemeet (figuur 9.15). Die posisie daarvan is bepaal op grond van historiese foto's, waaruit die plek waar die Edwardiaanse huis gestaan het, min of meer afgelei kon word. Die foto's word as betroubaar beskou, aangesien dit baie onwaarskynlik is dat die gesin foto's van hulle huis sou neem met die doel om te mislei. Dit is juis gedoen om te wys hoe die huis gelyk het.

Die opgrawing is vierkantig met sye van 2 meter lank. Laag 1 het uit 'n 3cm dik laag ligbruin sandgrond bestaan, wat hard gekompakteer is. Dit vorm deel van 'n plantegroeivrye sone rondom die pioniershuis, wat deur die Museum gekompakteer is op grond van historiese kennis (uit die tyd voor die bou van die Edwardiaanse huis) en ter wille van netheid. Geen artefakte is opgelewer nie.

Laag 2 was 'n arbitrêre rooibruin grondlaag en was 10cm diep (figuur 9.16 en 9.32). Feitlik die hele oostelike gedeelte van die opgrawing het uit 'n sementvloer bestaan, terwyl die suidoostelike gedeelte 'n dun aslaag getoon het. In die noordoostelike hoek is 'n gedeelte van 'n baksteenmuur, wat van oos na wes strek, gevind, terwyl 'n konsentrasie betonstukke min of meer sentraal in die opgrawing blootgelê is. Artefakte wat opgelewer is, sluit metaal, glas, been, keramiek, houtskool en plastiek in (vergelyk punt 6).

Ten einde spesifieke verskynsels verder te ondersoek is opgrawings 2.1 en 2.2, gedeeltes van opgrawing 2, vir 'n verdere laag uitgegrawe. Opgrawing 2.1 is teen die westelike punt van die baksteenmuur uitgemeet, ten einde 'n fondament te vind. Die afmetings daarvan was 0,5 x 0,5 meter.

Die grond het 'n rooibruin kleur gehad. Laag 3 was 23cm diep, tot onder die fondament (figuur 9.17-9.18). Die fondament was 20cm diep en het uit 'n sementmengsel bestaan. Geen klipfondament is gevind nie, wat die vermoede laat ontstaan het dat hierdie 'n latere aanbouing tot die Edwardiaanse huis kon wees - 'n feit wat mettertyd deur die kultuurhistorikus bevestig is en wat as eksterne kritiek ten opsigte van die argeologiese rekord dien.

Opgrawing 2.2 is teen die suidekant van die baksteenmuur uitgemeet (figuur 9.19-9.20). Dit is in 'n noord-suid rigting uitgemeet, met sye van 0,55 x 0,40 meter. Die doel daarvan was om die fondament bloot te lê. Die grondkleur was rooibruin en laag 3 was hier 33cm diep.

Die fondament was 30cm diep en het eweneens uit 'n sementmengsel bestaan. Weer eens is geen klipfondament gevind nie, wat die vermoede versterk het dat dit 'n latere aanbouing aan die oorspronklike huis was. Geen artefakte is in laag 3 gevind nie.

### 5.2.4 Opgrawing 3

Opgrawing 3 is loodreg op opgrawing 2 uitgemeet en strek van oos na wes (figuur 9.21). Die afmetings daarvan is 3 x 1 meter. Die doel daarvan was om die baksteenmuur wat in opgrawing 2 gevind is, verder te ondersoek.

Laag 1 was 10cm diep en het bloot ten doel gehad om die grassooie te verwyder. Die grond in die westelike deel van die opgrawing was liggrys en baie asserig. Die res was rooibruin met rooipienk kolle tussenin. Laasgenoemde kan waarskynlik toegeskryf word aan 'n rooikleurige

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

sementvloer wat vroeër daar voorgekom het. Hierdie feit is later bevestig (persoonlike mededeling: A Carelsen). Geen artefakte is blootgelê nie.

Laag 2 was 'n 5cm diep arbitrêre laag en het 'n rooibruin kleur gehad (figuur 9.22 en 9.32). Heelwat boupuin is blootgelê, veral aan die oostekant van die opgrawing. Die enigste teken wat van die aslaag oorgebly het, was 'n grys konsentrasie in die suidwestelike hoek van die opgrawing. Dit het by die aslaag in opgrawing 2 aangesluit. Die baksteenmuur wat in opgrawing 2 gevind is, strek deur tot in opgrawing 3, maar loop nie regdeur die opgrawing nie. Artefakte wat gevind is, sluit boupuin, glas, metaal, houtskool, keramiek, plastiek, 'n appelkoospit en klipwerktuie in (vergelyk punt 6).

Slegs die oostelike gedeelte van opgrawing 3, met sye van 1,2 x 1 meter, is verdiep om laag 3 uit te maak (figuur 9.23). Dit word opgrawing 3.1 genoem. Die rede hiervoor is eerstens omdat die res van die opgrawing in hierdie stadium geblyk het niks meer op te lewer as dit wat reeds uit opgrawing 2 wys geword is nie. Tweedens is daar gehoop dat die gedeelte wat verdiep is fondamentoorblyfsels, onder die groot hoeveelheid boupuin wat hier gevind is, sal blootlê.

Laag 3 was 'n arbitrêre laag van 10cm diep, met 'n rooibruin kleur. Dit het klippe blootgelê wat van 'n kleiner grootte as die fondamentklippe in opgrawing 2 en 4 was (figuur 9.24). Dit het nie 'n duidelike verband getoon nie en word gevolglik nie as deel van die fondament beskou nie. Artefakte wat hier blootgelê is bestaan uit houtskool, plantmateriaal, keramiek, metaal, been, glas en klipwerktuie (vergelyk punt 6).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Op grond van die teleurstellende resultate van opgrawing 3.1, is daar besluit om 'n ander gedeelte van opgrawing 3, na laag 3 toe te verdiep. Opgrawing 3.2 is eintlik 'n weswaartse uitbreiding van opgrawing 3.1, met afmetings van 1,2 x 1 meter (figuur 9.25 en 9.33). Hierdie gedeelte het ook geblyk in lyn te wees met die fondamentklippe in opgrawing 1 en 4, hoewel dit sou beteken dat die huis nie haaks gebou sou wees, soos wat die verwagting was nie. Volgens 'n mededeling van 'n kenner van plaaswerwe is strukture op plase uit hierdie tyd normaalweg haaks met mekaar opgerig (persoonlike mededeling: M Naudé). Die doel was dus om nog fondamentklippe te vind. Die poging was suksesvol, want die bokant van die fondament is op 'n diepte van 10cm gevind. Dit toon dat historiese analogie nie sonder meer as betroubaar aanvaar kan word nie

Die opgrawing is nie verdiep nie, eerstens omdat dit waarskynlik geen nuwe inligting aan die lig sou bring nie, en tweedens omdat slegs 'n beperkte tyd vir die projek toegelaat is. Artefakte wat hier gevind is, sluit keramiek, metaal, been, glas en boumateriaal in (vergelyk punt 6).

### 5.2.5 Opgrawing 5

Opgrawing 5 was 'n verdere poging om fondamentklippe te vind en het die noordwestelike hoek van die huis ingesluit, soos aangedui deur die informante. Die opgrawing het loodreg teen opgrawing 3 ingewig met sye soos volg: wes - 2 meter; noord - 1,7 meter; oos - 3 meter; suid - 0,5 meter en dan die oostelike sy van opgrawing 3.1 (dit wil sê 1 meter) en die noordelike sy van opgrawing 3.1 (dit wil sê 1,2 meter) (figuur 9.26).

Laag 1 was 'n arbitrêre laag van 5cm diep waardeur die grassooie verwyder is. Die grondkleur van die laag was rooibruin en het kolle boupuin blootgelê. Geen artefakte is gevind nie.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Laag 2 was 'n arbitrêre rooibruin grondlaag van 5cm diep (figuur 9.27 en 9.32). Groter kolle boupuin as in laag 1 is blootgelê en klippe, soortgelyk aan die fondamentklippe in opgrawing 1, 3 en 4, is ook aangetref. Artefakte wat gevind is, is onder meer metaal, glas, klipwerktuie, been, houtskool, foelie en keramiek (vergelyk punt 6).

Slegs die noordelike gedeelte van die opgrawing, met afmetings van 1,7 (oos-wes) x 1,6 meter (noord-suid) is nou verdiep en word opgrawing 5.1 genommer (figuur 9.28 en 9.33). Laag 3 was 'n arbitrêre laag van 15cm diep en het ten doel gehad om die klippe bloot te lê. Dit het duidelik geblyk 'n fondament te wees en het by die fondament in opgrawing 6, wat intussen gegrawe is, aangesluit. Hierdie fondament was egter dié van die noordelike muur. Die grondkleur was steeds rooibruin. Artefakte wat deur laag 3 opgelewer is, was metaal, porselein en glas (vergelyk punt 6).

Slegs die suidelike kant van die opgrawing tot teenaan die fondament is verder verdiep. Laag 4 was 13cm diep en het ten doel gehad om die onderkant van die fondament te ontbloot (figuur 9.29). Die diepte van die fondament is 25cm. Die grondkleur was steeds rooibruin. Artefakte wat gevind is, behels metaal en porselein (vergelyk punt 6).

### 5.2.6 Opgrawing 6

Opgrawing 6 is loodreg op opgrawing 5, in 'n westelike rigting, uitgemeet (figuur 9.30). Die sye daarvan was 1,5 x 1 meter. Die doel daarvan was om die noordwestelike hoek van die struktuur, dit wil sê waar die noordelike en westelike fondamente mekaar kruis, te vind. Dit was maklik om die fondament te volg en daar is dus van die argeologiese beginsel gebruik gemaak om van die bekende na die onbekende toe te werk.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Laag 1 was 5cm diep, het 'n rooibruin kleur gehad en het geen artefakte opgelewer nie. Dit is ook gebruik om die grassooie te verwyder.

Laag 2 was ook 'n arbitrêre laag van 5cm diep. Die grondkleur was steeds rooibruin. Die fondamentklippe wat 'n duidelike verband met dié in opgrawing 5 toon, is nou blootgelê. 'n Ry fondamentklippe, wat feitlik haaks tot die res lê, is in die westelike deel van die opgrawing blootgelê. Dit is in lyn met die fondament wat in opgrawing 1, 3 en 4 gevind is. Hieruit kan afgelei word dat die noordwestelike hoek van die struktuur gevind is. Die enigste artefakte wat gevind is, is boupuin, waarskynlik omdat feitlik die hele opgrawing met fondamentklippe gevul is (vergelyk punt 6).

Slegs die westelike gedeelte van opgrawing 6, wes van die fondament, is verdiep, ten einde die onderkant van die fondament te vind (figuur 9.31 en 9.33). Laag 3 was 25cm diep. Die fondament was ook 25cm diep. Die grondkleur was rooibruin en die laag was steriel.

### 5.2.7 Samevatting: Edwardiaanse huis

Dit is duidelik dat gedeeltes van die fondament van die Edwardiaanse huis gevind is. Dit bewys dat die historiese inligting, naamlik historiese foto's en mondelinge getuienis, in hierdie geval betroubaar was. Sommige verskynsels wat deur die opgrawings blootgelê is, byvoorbeeld die baksteenmuurtjie in opgrawing 2 waaroor daar nie vooraf kennis was nie, is benut om die informante se geheue te verfris en daaroor inligting te verkry. Op hierdie wyse is afleidings wat uit die argeologiese rekord gemaak is, ook bevestig.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Gedeeltes van die westelike en noordelike fondament is gevind, sowel as die noordwestelike hoek, waar die twee mure by mekaar aansluit. Ongelukkig sal die totale struktuur slegs sinvol geïnterpreteer kan word indien dit volledig opgegrawe word. Daarsonder sal daar slegs op historiese inligting gesteun kan word. Die Museum oorweeg egter nie tans hierdie opsie nie.

Die artefakte wat blootgelê is, sou moontlik ook tot die interpretasie van die struktuur kon bydra. Omdat dit hoofsaaklik onder die huis se bewoningslae gevind is, behoort dit 'n vroeër fase te verteenwoordig. Dit is waarskynlik benut as opvulmateriaal om die area gelyk te kry voordat die huis gebou en daar later aangebou is. Die klasse van artefakte wat gevind is, sluit organiese materiaal, boupuin, metaal, keramiek, glas, plastiek, houtskool en klipwerktuie in (vergelyk punt 6).

## 6. KULTURELE MATERIAAL

### 6.1 Keramiek

Keramiekartefakte is in feitlik al die lae van al die opgrawings by die Edwardiaanse huis gevind. Die keramiekskerwe verteenwoordig hoofsaaklik die Victoriaanse en Edwardiaanse periodes en word vanaf die middel negentiende tot die vroeg twintigste eeu gedateer. Twee stukke is in die vyftigerjare van die twintigste eeu vervaardig en 'n Sjinese kommetjie is van resente datum. Eersgenoemde twee stukke verteenwoordig dus die laaste fase van die bewoning van die Edwardiaanse huis.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die versameling bestaan uit kombuisware (hoofsaaklik vir die stoor van voedsel), tafelgerei, een ornament en 'n basisgedeelte wat waarskynlik van 'n waskomstel afkomstig is. Die skerwe word onderverdeel in porselein, aardewerk en steenware.

### 6.1.1 Porselein

Porseleinskerwe (figuur 9.34) wat gevind is, sluit die volgende in:

-Laat-negentiende eeuse Oosterse gemmerpot.

-Edwardiaanse onversierde wit geglasuurde porseleinborde met gevormde versiering, ca. 1900-1910.

-Victoriaanse en Edwardiaanse eet- en vleisborde met onderglasuur-oordrukpatrone in blou, groen en bruin.

-Vroeg twintigste eeuse borde, koppies en pierings met blou of rooi streepmotiewe is standaardstukke van 'n laer gehalte wat waarskynlik vir alledaagse gebruik was.

-'n Liggroen-geglasuurde porseleinpiering, vyftigerjare.

-Die basis van 'n waskom, wasbeker of kamerpot. Aangesien geen versiering of merk op hierdie skerfgedeelte voorkom nie, is dit moeilik dateerbaar.

Die skerwe wat die periode voor 1919 verteenwoordig, is waarskynlik in die pionierswoning gebruik. Sommige hiervan kon ook in die Edwardiaanse huis gebruik gewees het, of maak deel uit van opvulmateriaal tydens die bou en aanbou van laasgenoemde huis. Skerwe uit die vyftigerjare verteenwoordig die laaste fase van die bewoning van die Edwardiaanse huis.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

By die eendedam is vier onversierde wit geglasuurde porseleinskerwe en een melkglasgedeelte van 'n koppie of piering gevind. Die oorspronklike funksie en datering van twee skerwe uit die eendedam is nie vasgestel nie, aangesien dit onherkenbaar gebreek het (skriftelike mededeling: C Meyer).

### 6.1.2 Aardewerk

Slegs twee skerwe van aardewerk (figuur 9.35) is gevind:

-'n Aardewerk-kommetjie met blou en swart streepversiering, vroeg twintigste eeu.

-'n Swart geglasuurde aardewerk blompot wat waarskynlik uit die vyftigerjare dateer (skriftelike mededeling: C Meyer).

Eersgenoemde verteenwoordig die fase voor die bou van die Edwardiaanse huis. Dit kon egter in hierdie huis gebruik gewees het, maar kan ook opvulmateriaal verteenwoordig. Laasgenoemde dateer uit die laaste fase van die bewaring van die Edwardiaanse huis.

### 6.1.3 Steenware

'n Opsomming van die skerwe (figuur 9.36) wat gevind is, is soos volg:

-Laat negentiende eeuse donkerbruin soutgeglasuurde steenware pot, wat waarskynlik in Engeland vervaardig is en vir die bewaring van konfyt gebruik is.

-Nederlandse of Vlaamse Keulse botterpot van steenware met kobaltblou versiering, waarskynlik middel tot laat negentiende eeus. Hoewel dit baie in Nederland en

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Vlaandere gebruik is, is dat in die Keulen-omgewing in Duitslang vervaardig (skriftelike mededeling: C Meyer).

Hierdie skerwe is waarskynlik deel van opvulmateriaal, maar kon moontlik ook in die beginjare van die Edwardiaanse huis daarin gebruik gewees het. Dit sou gewis in die pioniershuis voorgekom het.

## 6.2 Glas

Die glasskerwe verteenwoordig die tydperk vroeg tot middel twintigste eeu. Enkele stukke word laat negentiende eeus gedateer. Die versameling bestaan oorwegend uit kommersiële glashouers. Twee stukke tafelgerei, 'n skerf van 'n lampskerm en 'n glaskraal is ook gevind. Aangesien die voorwerpe in baie klein stukkies gebreek het en nie aanmekaar pas nie, is die funksie en datum van vervaardiging moeilik om vas te stel (skriftelike mededeling: C Meyer).

Die kommersiële houers kan in die volgende breë funksionele groepe ingedeel word:

### 6.2.1 Drankbottels

Skerwe van wyn-, bier- en waarskynlik ook whiskey- of likeurbottels in amber en verskillende skakerings van groen en bruin is in al die lae van beide opgrawings (behalwe in die eendedam, opgrawing 1, laag 2) gevind (figuur 9.37). Die bottels word ongeveer vroeg tot middel twintigste eeu gedateer (skriftelike mededeling: C Meyer). Die ouer bottels is waarskynlik voor die bou van die 1919-huis reeds aangekoop, maar kon ook daarin benut gewees het. Latere bottels hou met die bewoning van die Edwardiaanse huis verband.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

### 6.2.2 Koeldrank- en sodawaterbottels

'n Basisgedeelte en kleiner glasskerwe van koeldrankbottels wat in al die lae met die uitsondering van die eendedam (opgrawing 1, laag 1) voorgekom het, word ongeveer middel twintigste eeu gedateer en hou met die laaste fase van die bewoning van die 1919-huis verband. Twee skerwe uit die Edwardiaanse huis (opgrawing 1, laag 1 en opgrawing 5, laag 2) het 'n liggroen tint en is waarskynlik van laat negentiende tot vroeg twintigste eeuse sodawaterbottels (skriftelike mededeling: C Meyer) (figuur 9.38). Hoewel hierdie bottels moontlik in die Edwardiaanse huis gebruik is, is dit waarskynlik deel van opvulmateriaal uit die vullishoop van die pionierswoning.

### 6.2.3 Medisynebottels

Bruin, kobaltblou en ongekleurde glasskerwe van aptekers- of medisynebottels en -potjies is gevind (figuur 9.39). Sommige van die blou skerwe uit die Edwardiaanse huis (opgrawing 1, laag 2 en opgrawing 5, laag 2) en uit die eendedam (opgrawing 1, laag 4) kan duidelik as kasteroliebottels van rondom die eeuwisseling uitgeken word. 'n Bruin medisynebottel (eendedam opgrawing 1, laag 2) is bykans heel en dateer waarskynlik uit 1925 tot 1950 (skriftelike mededeling: C Meyer). Met die uitsondering van laasgenoemde, is al die bottels waarskynlik oorspronklik in die pioniershuis gebruik. Die bruin medisynebottel word met die Edwardiaanse huis verbind.

### 6.2.4 Bottels vir huishoudelike gebruik (figuur 9.40)

Gedeeltes van bottels wat waarskynlik vir blatjang of suurtjies gebruik is, is gevind. Die skerwe uit die Edwardiaanse huis (opgrawing 3, laag 3 en opgrawing 4, laag 2) is kleurloos en word ongeveer 1940 tot 1950 gedateer. Gevolglik toon dit 'n verband met die bewoning van die huis. Die skerf uit die eendedam (opgrawing 1, laag 4) het 'n liggroen tint en is waarskynlik laat

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

negentiende of vroeg twintigste eeus, wat beteken dat dit eerder met die pioniershuis as die 1919-huis verbind kan word.

Die skouer- en nekgedeelte van 'n fles (waarskynlik voedselhouer) wat 'n skroefdeksel gehad het, word ongeveer 1940 tot 1950 gedateer. Dit is in die eendedam (opgrawing 1, laag 2) gevind. 'n Skerf van 'n sousbottel (waarskynlik vir tamatiesous) uit die Edwardiaanse huis (opgrawing 1, laag 2) word ongeveer 1930 tot 1940 gedateer (skriftelike mededeling: C Meyer). Hierdie voorwerpe toon 'n duidelike verband met die Edwardiaanse huis.

### 6.2.5 Tafelgerei

Onder tafelgerei word skerwe van 'n twintigste eeuse wynglas (opgrawing 2, laag 1) en 'n melkglaspiering (opgrawing 1, laag 4) ingedeel (skriftelike mededeling: C Meyer) (figuur 9.41). Beide artefakte is in die eendedam gevind. Omdat die dam gedurende die veertigerjare toegegooi is, is hierdie voorwerpe waarskynlik in die Edwardiaanse huis gebruik.

### 6.2.6 Persoonlike artefakte

'n Ronde swart kraal met ligblou kolletjies (Edwardiaanse huis, opgrawing 1, laag 2) waarvan die datum nie vasgestel kon word nie, is ook gevind. Geen verdere inligting kon gevolglik daarvan afgelei word nie.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

6.2.7 Argitektoniese elemente

Kleurlose vensterglas is by die Edwardiaanse huis (skriftelike mededeling: C Meyer) (opgrawing 1, laag 1 en 2 en opgrawing 3, laag 2 en 3) gevind. Hierdie glas kon nie gedateer word nie.

6.2.8 Beligting

'n Melkglasstuk uit die Edwardiaanse huis (opgrawing 5, laag 2) was waarskynlik oorspronklik deel van 'n lampskerm gewees (figuur 9.41). Dit is moeilik om die presiese datum hiervan korrek te bepaal. Dit kan uit die laat negentiende of vroeg twintigste eeu dateer (skrifteling mededeling: C Meyer), wat sal beteken dat dit waarskynlik reeds tydens die bewoning van die pionierswoning aangeskaf is.

## 6.3 Metaal

6.3.1 Boumateriaal

Onder hierdie groep word alle metaalartefakte, wat as boumateriaal of -bykomstighede gebruik word, ingedeel. Hieronder tel hoofsaaklik spykers, skroewe en wassers.

Spykers is in opgrawing 1 (laag 1 en 2), 2 (laag 2), 3 (laag 4), 4 (laag 3) en 5 (laag 2 en 3) gevind (figuur 9.42). Volgens die staat van verwering van die meeste hiervan, kan dit aanvaar word dat dit in die Edwardiaanse huis gebruik is.

Dakskroewe, dieselfde tipe as wat vandag nog gebruik word, is in opgrawing 1 (laag 1 en 2), 2 (laag 2), 3 (laag 2, 3 en 4), 4 (laag 2) en 5 (laag 2) gevind (figuur 9.43). Sommige van die skroewe het nog 'n dakwasser daaraan vasgehad, terwyl sommige 'n effense rooi kleur getoon het,

YUNIBESITHI YA PRETORIA

wat daarop wys dat die sinkdak rooi geverf moes gewees het. Hierdie feit is later deur 'n informant bevestig (persoonlike mededeling: B Smith).

Los sinkwassers is ook in opgrawing 1 (laag 2), 2 (laag 2), 3 (laag 2 en 3), 4 (laag 2) en 5 (laag 2) gevind. Verskeie van die wassers het nog 'n lagie rooi verf, wat dui op die kleur van die huis se dak, daarop gehad. Skroewe, waarmee geute en afvoerpype aan die huis vasgeheg was, is ook gevind (persoonlike mededeling: M Naudé).

Verskillende tipes moere, waarvan die presiese funksie onduidelik is, is ook opgegrawe (figuur 9.44). Die voorkoms hiervan was in opgrawing 1 (laag 2), 2 (laag 2) en 5 (laag 3).

Die afleidings wat hieruit gemaak kan word is dat die huis 'n rooigeverfde sinkdak moes gehad het. Voorts dui die vind van soortgelyke artefakte dwarsdeur die opgrawings daarop dat daar nie sprake van stratigrafie is nie. Laastens is dit duidelik dat hierdie tipe materiaal feitlik onveranderd oor die afgelope 80 jaar gebly het.

### 6.3.2 Huishoudelike items

Huishoudelike items is slegs in opgrawing 1 (laag 2 en 3) en 'n enkele item in opgrawing 5 (laag 2) gevind (figuur 9.45). In laag 1 is die metaalgedeelte van 'n wasgoedpennetjie gevind. Die metaalgedeelte van 'n kurktrekker is ook hier opgegrawe (figuur 9.49), sowel as 'n stukkie aluminiumfoelie wat as proppie op 'n melk- of koeldrankbottel gedien het. Laasgenoemde kan waarskynlik nie met die bewoningsfase van die huis geassosieer word nie, aangesien

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

aluminiumfoelie eers in die laat sestigerjare vir hierdie doeleindes benut is (persoonlike mededeling: C Meyer).

In laag 2 is die buisie van 'n elastiese gomoplossing gevind. Dit is van bladmetaal gemaak en is ook te resent om met die Edwardiaanse huis se vroegste bewoningsfase verbind te kan word. Die prop van 'n wynbottel is ook hier gevind, maar dateer ook uit 'n later fase (persoonlike mededeling: C Meyer). 'n Stuk aluminiumfoelie, wat in opgrawing 5 (laag 2) gevind is, kan ook met 'n latere fase van die huis se bewoning verbind word.

Die vind van huishoudelike items in opgrawing 1, spesifiek dit wat verband hou met aktiwiteite wat in 'n kombuis sou geskied, maak sin. Dit is die suidwestelike gedeelte van die stoep. Die stoep kan as 'n verlengstuk van die kombuis gesien word (persoonlike mededeling: A Carelsen). Omdat die stoep nie deel van die oorspronklike huis was nie, maar eers in 1953 aangebou is, hou hierdie artefakte waarskynlik met hierdie fase van die huis verband.

Aluminium is sedert die Eerste Wêreldoorlog vervaardig. Dit het eers sedert die vyftigerjare algemeen as verpakkingsmateriaal in gebruik gekom (persoonlike medeling: C Meyer). Gevolglik kan hierdie artefakte ook met die latere bewoningsfase van die huis geassosieer word.

### 6.3.3 Gereedskap

Metaalartefakte wat as gedeeltes van stukke handwerk- of plaasgereedskap gedien het, sowel as verwante items soos draad, word onder hierdie kategorie ingedeel.

UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

In opgrawing 1 (laag 1) is 'n gedeelte van 'n juk gevind (figuur 9.46). 'n Koperring wat waarskynlik deel van 'n toom of ander leerartikel was, is in opgrawing 3 (laag 3) gevind (figuur 9.47), sowel as 'n deksel vir 'n mangat (figuur 9.48) (persoonlike mededeling: M Naudé). 'n Gedeelte van 'n kleinerige vyl waarmee hout of metaal gevyl kan word, is in opgrawing 5 (laag 3) opgegrawe (figuur 9.49).

Verskeie vee, onder andere perde, is op die plaas aangehou en die meeste van die genoemde voorwerpe hou waarskynlik hiermee verband. Hans Mundt het byvoorbeeld vars perde aan koetse voorsien, omdat sy plaas op die koetsroete na die ooste geleë was. Die oorspronklike perdestalle is vandag nog sigbaar, suidoos van die pionierswoning.

Stukke draad is in opgrawing 1 (laag 1 en 2), 2 (laag 2), 3 (laag 2 en 4) en 5 (laag 3) gevind. Op grond van die verwering van sommige stukkies is dit duidelik dat dit al lank onder die grond begrawe is en bestaan daar gevolglik 'n moontlikheid dat dit met die vroegste fase van die huis verbind kan word. Die stukke in toetssloot 5 is duidelik doringdraad, dieselfde tipe as wat vandag nog algemeen benut word. Dit kan gevolglik nie met 'n spesifieke bewoningsfase van die huis verbind word nie. 'n Enkele stuk draad, gevind in opgrawing 2, toon geen sigbare tekens van verwering nie en kan gevolglik nie met die vroegste bewoningsfase van die huis verbind word nie.

### 6.3.4 Wapentuig

Twee koeëls en een patroondop is opgegrawe (figuur 9.50). In opgrawing 2 (laag 2) is 'n .303 patroondop gevind. Makersmerke ontbreek op die basis daarvan, sodat dit nie gedateer kan word

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

nie. Die eerste .303 patrone is in 1896 na Suid-Afrika ingevoer. Die .303 geweer is vandag steeds gewild (persoonlike mededeling: J van den Bos).

Die een koeël is 56mm lank en 12mm in deursnit. Dit is van 'n .303 patroon afkomstig (persoonlike mededeling: J van den Bos). Die ander koeël is in opgrawing 3 (laag 2) gevind. Dit is 22mm lank en 16mm in deursnit. Dit is 'n skerppuntkoeël afkomstig van 'n .450 of 'n .577 kaliber. Dit is van lood gemaak en is soortgelyk aan 'n Martini-Henry patroon. Dit is moontlik ook afkomstig van 'n Maxim-masjiengeweer. Beide hierdie wapens is tydens die Anglo-Boereoorlog (1899-1902) gebruik. Dit is nie moontlik om vas te stel hoe lank na die oorlog dit steeds in gebruik was nie (persoonlike mededeling: J van den Bos). Die wapentuig kan gevolglik wel aan die bewoning van die plaas deur die Mundts gekoppel word.

### 6.3.5 Diverse

Onder hierdie kategorie is metaalartefakte ingedeel wat geïdentifiseer kan word, maar wat nie tot 'n spesifieke klas behoort, of waarvan die spesifieke doel nie bepaal kan word nie.

In opgrawing 2 (laag 2) is 'n plat metaalskyf gevind, waarvan die doel nie vasgestel kon word nie. Opgrawing 3 (laag 2) het 'n metaalring opgelewer waarvan die doel nie bepaal kon word nie (figuur 9.47). Die plat metaalagterkant van 'n elektroniese polshorlosie is ook hier gevind. Hierdie artefak hou waarskynlik verband met die fase van die terrein se geskiedenis nadat die huis afgebreek is.

'n Metaalhakie, waarvan die doel onbekend is, is in opgrawing 4 (laag 3) gevind. Die verwering daarvan dui daarop dat dit met die vroegste bewoningsfase van die huis verbind kan word.

UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

In opgrawing 5 (laag 2) is 'n metaalhaak gevind (figuur 9.49). Sodanige artefak kon vir 'n verskeidenheid van funksies in en om die huis aangewend word. Volgens die staat van verwering kan dit moontlik verband hou met die vroegste bewoningsfase van die huis. 'n Hoefysterspyker is ook hier gevind en hou waarskynlik verband met die aanhou van perde op die plaas. In opgrawing 5 (laag 3) is metaalslak gevind (figuur 9.51). Die oorsprong daarvan kan nie bepaal word nie, maar dit was waarskynlik tussen vullis wat as opvulling gebruik is. Dit is wel bekend dat daar 'n smidswinkel by die waenhuis oos van die Edwardiaanse huis was. Tydens opgrawings in 1987 is ysterslak by laasgenoemde gedeelte gevind (Küsel 1988:22). Die waenhuis dateer uit die tydperk voor 1879 (Küsel 1988:11). In opgrawing 5 (laag 4) is 'n gedeelte van 'n sinkplaat gevind (figuur 9.48). Die presiese doel daarvan is onbekend.

### 6.3.6 Ongeïdentifiseerd

Onder hierdie kategorie is artefakte ingedeel wat te gefragmenteerd is om te interpreteer of waarvan die aard nie duidelik bepaal kan word nie.

By die eendedam is stukkies blikplaat in opgrawing 1 (laag 1 en 2) gevind. Dit is waarskynlik deel van rommelmateriaal waarmee die eendedam gedurende die veertigerjare van die twintigste eeu opgevul is. Soortgelyke materiaal is by die Edwardiaanse huis in opgrawing 1 (laag 1 en 2), 3 (laag 3), 4 (laag 3) en 5 (laag 2, 3 en 4) gevind.

In opgrawing 1 (laag 2) is 'n groter stuk staal gevind. Die aard en doel daarvan kon nie vasgestel word nie.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

## 6.4 Organiese materiaal

### 6.4.1 Been

Beenmateriaal is by die opgrawing van die eendedam sowel as die Edwardiaanse huis gevind. Gebrande been is by die eendedam in opgrawing 1 (laag 2 en 3) en by die Edwardiaanse huis in opgrawing 3 (laag 3) en 5 (laag 2) gevind. In beide gevalle blyk dit deel van opvulmateriaal te wees.

Slegs twee stukke been wat by die eendedam opgegrawe is, kon geïdentifiseer word (figuur 9.52) en word in Tabel 9.1 aangedui.

**TABEL 9.1 BEENMATERIAAL OPGEGRAWE BY DIE EENDEDAM**

| SPESIE | TIPE BEEN | VINDPLEK |
|---|---|---|
| Ongeïdentifiseer | Vertebrate (werwel) | Opgrawing 1 (laag 4) |
| cf Ovis/Capra<br><br>(skaap/boerbok) | Proksimale ulna<br><br>(elmboog) - regs | Opgrawing 2 (laag 1) |

(Beenmateriaal is ontleed met behulp van mev D Beukes, argeodierkundige, Transvaal Museum.)

'n Groot hoeveelheid beenmateriaal, wat onidentifiseerbaar was, is by die opgrawing van die Edwardiaanse huis gevind. Hieronder tel opgrawing 1 (laag 1 en 2), 2 (laag 2), 3 (laag 3), 4 (laag 3) en 5 (laag 2). Identifiseerbare beenmateriaal word in Tabel 9.2 aangedui (figuur 9.53).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

**TABEL 9.2 BEENMATERIAAL OPGEGRAWE BY DIE EDWARDIAANSE HUIS**

| SPESIE | TIPE BEEN | VINDPLEK |
|---|---|---|
| 2 x Ongeïdentifiseer | Onderkaak | Opgrawing 1 (laag 1) |
| Capra hircus (boerbok) | Distale tibia (skeenbeen) - regs | Opgrawing 1 (laag 1) |
| cf Ovis/Capra (skaap/boerbok) | Proksimale ulna (elmboog) - regs | Opgrawing 1 (laag 2) |
| Bov 3 (groot diere bv. bees) | Eerste phalauxfragment (toon) | Opgrawing 1 (laag 2) |
| Bov 2 (medium diere bv. skaap) | Distale metapodialskag | Opgrawing 1 (laag 2) |
| Bos taurus (bees) | Derde phalaux (toon) | Opgrawing 1 (laag 2) |
| Bov 2 (medium diere bv. skaap) | Distale metapodialartikulasie | Opgrawing 1 (laag 2) |
| Bos taurus (bees) | Astragalus/Talus (hakskeenbeen) - regs (vertoon kapmerke) | Opgrawing 3 (laag 3) |
| Ongeïdentifiseer | Ongeïdentifiseer (vertoon bytmerke deur karnivore) | Opgrawing 3 (laag 3) |
| Bov 3 (groot diere bv. bees) | Distale metapodial (voetbeen) | Opgrawing 4 (laag 1) |
| Bos taurus (bees) | Tweede phalaux (toon) | Opgrawing 4 (laag 1) |
| cf Bos taurus (bees) | Derde phalaux (toon) (vertoon snymerke) | Opgrawing 4 (laag 1) |
| Bos taurus (bees) | Derde phalaux (toon) | Opgrawing 4 (laag 1) |
| cf Bov 3 (groot diere bv. bees) | Onderkaakfragment | Opgrawing 4 (laag 3) |
| Box taurus (bees) | Tweede phalaux (toon) | Opgrawing 4 (laag 3) |
| Ovis/Capra (skaap/bok) | Radius (skag) - links | Opgrawing 4 (laag 3) |
| Ovis/Capra (skaap/bok) | Distale humerus (bo-arm) | Opgrawing 4 (laag 3) |
| Bos taurus (bees) | Derde phalaux (toon) | Opgrawing 4 (laag 3) |
| Equus caballus (perd) | Derde phalaux (toon) | Opgrawing 4 (laag 3) |

Uit die tabelle blyk dit duidelik dat die beenmateriaal, wat opgegrawe is, dié van gedomestiseerde diere is. Hierdie diere, naamlik bees, skaap en bok, is waarskynlik as voedsel deur die inwoners benut. Die beenmateriaal is waarskynlik oorspronklik van 'n ashoop afkomstig, waarvan die afval as opvulling herbenut is, met die bou van die Edwardiaanse huis. 'n Enkele been, wat as die toonbeen van 'n perd geïdentifiseer is, hou waarskynlik met die aanhou van perde op die plaas verband.

### 6.4.2 Tand

Tande, of gedeeltes daarvan, is slegs by die Edwardiaanse huis opgegrawe (figuur 9.54). Dit is slegs in opgrawing 1 (laag 1 en 2) gevind. Die besonderhede daarvan word in Tabel 9.3 aangedui.

**TABEL 9.3 TANDMATERIAAL OPGEGRAWE BY DIE EDWARDIAANSE HUIS**

| SPESIE | TIPE TAND | VINDPLEK |
|---|---|---|
| Bos Taurus (bees) | Tweede maler, regs onder | Opgrawing 1 (laag 1) |
| Ovis/Capra (skaap/bok) | Derde maler, regs bo | Opgrawing 1 (laag 2) |
| Bos taurus (bees0 | Tweede snytand, links onder | Opgrawing 1 (laag 2) |
| Ongeïdentifiseer | Emalje fragment | Opgrawing 1 (laag 2) |

(Tandmateriaal is ontleed met behulp van mev D Beukes, argeodierkundige, Transvaal Museum.)

Die ontleding van tandmateriaal het dieselfde resultate as dié van die beenmateriaal opgelewer. Dit is afkomstig van gedomestiseerde diere wat waarskynlik as voedsel deur die mens benut is. Hierdie materiaal vorm deel van opvulling wat gebruik is tydens die bou van die huis.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

### 6.4.3 Plantmateriaal

Gedeeltes van gebrande appelkoospitte is in opgrawing 1 (laag 1) van die eendedam gevind. Hans Mundt het met vrugte geboer en die area om die Edwardiaanse huis en eendedam was vol vrugtebome, onder andere perske- en appelkoosbome (persoonlike mededeling: B Smith). 'n Perskepit is in opgrawing 3 (laag 2) van die Edwardiaanse huis gevind (figuur 9.55).

'n Gedeelte van 'n kurkprop is in opgrawing 1 (laag 2) opgegrawe (figuur 9.56). Dit kan nie met 'n spesifieke bewoningsfase van die huis verbind word nie.

### 6.4.4 Houtskool

Stukke houtskool is by die eendedam in opgrawing 1 (laag 1, 2, 3 en 4) en 2 (laag 1) gevind. Dit is waarskynlik deel van opvullingsmateriaal waarmee die eendedam in die veertigerjare toegegooi is.

By die Edwardiaanse huis is houtskool in opgrawing 1 (laag 1 en 2), 2 (laag 2), 3 (laag 2 en 3), 4 (laag 2 en 3) en 5 (laag 2) gevind. Dit is waarskynlik deel van opvullingsmateriaal wat tydens die bou van die huis daar gelaat is.

### 6.4.5 Perlemoen

'n Perlemoenkraletjie is in opgrawing 4 (laag 3) by die Edwardiaanse huis opgegrawe (figuur 9.57). Dit is waarskynlik afkomstig van 'n kledingstuk, maar geen verdere afleidings kon daarvan gemaak word nie.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

6.4.6 Leer

Twee stukkies leer, met metaalhakies daarin, is in opgrawing 1 (laag 3) by die Edwardiaanse huis gevind. Dit was waarskynlik deel van 'n paar leerskoene met hakies vir skoenrieme (persoonlike mededeling: A Carelsen). Datering daarvan is nie moontlik nie, aangesien die modestyl van die skoene nie bepaal kan word nie.

## 6.5 Plastiek

By die eendedam is plastiese artefakte net in opgrawing 1 (laag 1, 2 en 3) gevind. In laag 1 is stukkies van die seël wat in koeldrankproppies gevind word, blootgelê. In laag 2 is 'n blou gedeelte van 'n pendoppie en 'n ongeïdentifiseerde rooi stuk gevind. In laag 3 is 'n onidentifiseerbare rooikleurige buisie gevind.

By die Edwardiaanse huis is plastiekartefakte in opgrawing 1 (laag 1), 2 (laag 2) en 3 (laag 2) gevind. In opgrawing 1 is twee stukkies van dieselfde onidentifiseerbare harde swart plastiekvoorwerp gevind. 'n Stukkie harde groen plastiek wat na die tand van 'n haarkam lyk, is ook hier gevind.

In opgrawing 2 is 'n gedeelte van 'n plastiese roomyslepeltjie wat wit van kleur is, gevind. In opgrawing 3 is 'n bruin plastiekse knoop en 'n fragment van 'n wit plastiese knoop gevind (figuur 9.58). 'n Rooi twintigste eeuse plastiek weerkaatser van 'n fiets is in die Edwardiaanse huis (opgrawing 5, laag 2) gevind.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Dit is baie moeilik om plastiese materiaal te dateer. Dit dateer waarskynlik uit die tydperk na die sloping van die Edwardiaanse huis. Die knope is moontlik 'n uitsondering en kan uit die latere bewoningsfase van die huis dateer.

### 6.6 Boumateriaal

In vergelyking met die ander artefakte is 'n geweldige groot hoeveelheid boumateriaal opgegrawe. Hieronder tel hoofsaaklik stukke baksteen, sement en klip.

Baksteen is by die eendedam in opgrawing 1 (laag 1 en 3) en 2 (laag 1) gevind. Dit moet gemeld word dat al die opgrawings by die eendedam in alle lae verskeie klein stukkies baksteen gehad het.

Sement is by die eendedam in opgrawing 1 (laag 3) en 2 (laag 1) gevind. Leiklip is hier in opgrawing 1 (laag 1 en 2) en 2 (laag 1) opgespoor, terwyl stukke kalk in opgrawing 1 (laag 1 en 2) en teer in opgrawing 1 (laag 3) gevind is.

Al hierdie materiaal is uit hulle primêre konteks verwyder en is as opvulling gebruik, waarmee die dam in die veertigerjare toegegooi is. Die materiaal stem ooreen met materiaal wat by die Edwardiaanse huis gevind is.

By die opgrawing van die Edwardiaanse huis is die boumateriaal wat gevind is soos volg: Baksteen is in opgrawing 1 (laag 1 en 2), 3 (laag 3) en 4 (laag 3) gevind. Sement is by opgrawing 1 (laag 1 en 2), 3 (laag 2), 4 (laag 2 en 3) en 5 (laag 2) gevind. Leiklip is in opgrawing 4 (laag 3)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

opgegrawe en klip in opgrawing 2 (laag 2) en 4 (laag 3). In opgrawing 3 (laag 2) is kalk en rooi gekleurde sement opgegrawe.

Die materiaal blyk deel van puinmateriaal te wees, veroorsaak deur die platstoot van die gebou in die sestigerjare. Die rooi gekleurde sement wat in opgrawing 3 gevind is, dui daarop dat die stoep, wat gedurende 1953 aangebou is, rooi van kleur was. Dit is later deur die informante bevestig (persoonlike mededeling: A Carelsen).

## 6.7 Klipwerktuie

'n Hoeveelheid klipwerktuie wat uit die Steentydperk dateer, is by die Edwardiaanse huis gevind. Daar is opgemerk dat dit saam met riviersand voorgekom het, wat 'n aanduiding is dat dit saam met die sand as opvulling gebruik is tydens die aanbou van die huis in die dertiger- en veertigerjare.

### 6.7.1 Middel Steentydperk

Klipwerktuie uit die Middel Steentydperk is in opgrawing 1 (laag 2) gevind. Twee hiervan is van sandsteen en een van chert gemaak (persoonlike mededeling: G Balkwill). Die twee sandsteenartefakte is afvalskilfers, terwyl die een van chert die agterste gedeelte van 'n gebreekte punt is (persoonlike mededeling: HP Prinsloo).

### 6.7.2 Laat Steentydperk

Laat Steentydperk klipwerktuie is in opgrawing 1 (laag 2), 3 (laag 2 en 3), 4 (laag 2 en 3) en 5 (laag 2) gevind. Die werktuie is hoofsaaklik van sandsteen en chert gemaak, hoewel kwarts en

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

graniet ook voorkom (persoonlike mededeling: G Balkwill). Hierdie mikrolitiese werktuie kan in twee groepe verdeel word, naamlik die Pleistoseen/Vroeë Holoseen en Holoseen artefakte (sien Tabel 9.4-9.5). Vroeër het dit as Transvaalse Smithfield- en Wiltonwerktuie bekend gestaan (Wadley 1986:55; Korsman & Meyer 1999:94-95).

**TABEL 9.4 : PIONIER MUSEUM EDWARDIAANSE HUIS : LST PLEISTOSEEN/VROEë HOLOSEEN ARTEFAKTE**

| **Opgrawings en laag** | **1(2)** | **3(2)** | **4(3)** | **Totaal** | **%** |
|---|---|---|---|---|---|
| SKRAPERS: | | | | | |
| Klein | - | - | - | - | - |
| Medium tot Groot > 20mm | 1 | - | - | 1 | 7,7 |
| FORMELE WERKTUIE: | | | | | |
| Outille ecaille | - | 1 | - | 1 | 7,7 |
| SKILFERS: | | | | | |
| Gebreek | - | - | 2 | 2 | 15,4 |
| Afval | 9 | - | 9 | 9 | 69,2 |
| TOTAAL: | 10 | 1 | 2 | 13 | 100 |

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

**TABEL 9.5 PIONIER MUSEUM EDWARDIAANSE HUIS : LST HOLOSEEN ARTEFAKTE**

| Opgrawings en laag: | 1(2) | 3(2) | 3(3) | 4(2) | 4(3) | 5(2) | Totaal | % |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| SKRAPERS: | | | | | | | | |
| Konkaaf > 20 mm | - | 1 | - | - | - | - | 1 | 3,2 |
| LEMME: | | | | | | | | |
| Lemmetjie | 1 | - | - | - | - | - | 1 | 3,2 |
| Ruglem | 1 | - | - | - | - | - | 1 | 3,2 |
| Gebreekte lem | 1 | - | - | - | 1 | - | 2 | 6,5 |
| SKILFER LEMME | | | | | | | | |
| Ongebreekte skilferlemme | - | - | - | 1 | - | - | 1 | 3,2 |
| Gebreekte skilferlemme | 2 | - | - | - | - | - | 2 | 6,5 |
| SKILFERS: | | | | | | | | |
| Gebruik | 1 | - | - | - | - | - | 1 | 3,2 |
| Ongebruik | 1 | - | - | - | - | - | 1 | 3,2 |
| Afval | 13 | 1 | - | - | - | 6 | 20 | 64,6 |
| KERNS: | - | - | 1 | - | - | - | 1 | 3,2 |
| TOTAAL | 20 | 2 | 1 | 1 | 1 | 6 | 31 | 100 |

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Aangesien die werktuie in 'n sekondêre konteks gevind is, is dit nie van belang vir hierdie studie nie en daar sal nie meer daaroor gesê word nie. (Klipwerktuie is ontleed met behulp van mnr HP Prinsloo, argeoloog, Universiteit van Pretoria.)

## 7. SAMEVATTING

Genoeg argeologiese getuienis vir die bestaan van 'n eendedam, soos uit die historiese inligting blyk, is gevind. Die presiese lokaliteit daarvan is egter nie vasgestel nie. Geen argeologiese getuienis is gevind om aan te dui dat huishoudelike voorwerpe tydens die Anglo-Boereoorlog in die eendedam versteek is nie. Hierdie historiese inligting is ook nie weerspreek nie. Die historiese inligting moet gevolglik aanvaar word.

Die noordwestelike hoek en gedeeltes van die noordelike en westelike muurfondament van die Edwardiaanse huis is blootgelê. Hierdeur is die historiese inligting argeologies geverifieer. Dit sluit die inligting wat van informante verkry is in. Omdat die struktuur nie volledig opgegrawe is nie, sou dit nie wys wees om alle historiese inligting te aanvaar nie. Dit kan wel as betroubaar uitgewys word en kan deur middel van verdere argeologiese opgrawings getoets word. Die opgrawings het ook verskynsels blootgelê wat nie uit die historiese navorsing bekend was nie. As sodanig het dit dus die historiese inligting aangevul.

Die artefakte wat gevind is, is uiteenlopend van aard. Dateerbare keramiek- en glasskerwe dui op drie periodes naamlik die periode voor die bou van die Edwardiaanse (1919) huis, die periode tussen eersgenoemde en die aanbou van die huis in 1953 en die periode na die afbreek van die huis in die vroeë sestigerjare.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die eerste periode word verteenwoordig deur artefakte van die laat negentiende en vroeg twintigste eeu en is waarskynlik in die pionierswoning gebruik. Hierdie materiaal het op 'n ashoop te lande gekom en is as opvulling gebruik met die bou van die Edwardiaanse huis. Die tweede periode word verteenwoordig deur artefakte van die vroeg twintigste eeu tot die vyftigerjare daarvan. Dit is waarskynlik in die Edwardiaanse gebruik en het op 'n ashoop te lande gekom vanwaar dit as opvulling gebruik is met die aanbou van die huis in 1953 en die toegooi van die eendedam. Die derde periode word deur resente artefakte verteenwoordig en het waarskynlik op die terrein te lande gekom ná die afbreek van die huis.

Uit die boumateriaal is spesifieke inligting oor die huis verkry. Tipes boumateriaal soos bakstene, sink en dakskroewe kan hiervolgens bepaal word. Daar is ook afgelei dat die dak rooi geverf was. Die posisie van die stoep en kombuis is ook hierdeur geverifieer, sowel as die kleur van die stoep se sementvloer, naamlik rooi.

Artefakte wat met smidsaktiwiteite verband hou, dien as verdere verifikasie van Küsel (1988) se bevindinge. Die smidsaktiwiteite is meer na die ooste toe, by die waenhuis uitgevoer. Tand- en beenmateriaal dui op die vee wat op die plaas aangehou is en waarvan sommige deur die mense as voedsel benut is. Die vee sluit bees, skaap, bok en perd in. Gebrande pitte van perske- en appelkoosbome is opgegrawe. Dit hou verband met die groot hoeveelheid vrugtebome wat op die plaas voorgekom het.

Die klipwerktuie wat gevind is, was duidelik tussen fyn riviersand. Hierdie sand is waarskynlik na die terrein toe aangery met die bou van die huis in 1919 en is vir boudoeleindes aangewend. Die Moreletaspruit wat deur die plaas vloei kon moontlik die oorsprong van die riviersand gewees het. Gevolglik is dit totaal buite konteks gevind en verteenwoordig toevallige vondste.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die finale gevolgtrekking is dat die historiese inligting betroubaar is. Dit is deur die argeologiese inligting geverifieer en kan gevolglik benut word in die beplanning vir verdere navorsing en die ontwikkeling van die terrein. Om hierdie rede word ‘n volledige stel figure geplaas, sodat dit tydens verdere beplanning benut kan word.

Die verifiëring en aanvulling van inligting in verband met die terrein dui op die vervulling van die navorsingsbehoeftes. Die benutting van 'n gedeelte van die opgrawings vir opvoedkundige doeleindes toon dat daar ook aan die erfenishulpbronbestuursbehoeftes voldoen is (vergelyk punt 6.1 en 6.2 in hoofstuk 10).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

## 8. FIGURE

(Tensy anders aangedui is alle foto's, kaarte en planne deur A.C. van Vollenhoven geneem of geteken. Noord is aan die bokant van alle planne en kaarte, tensy anders aangedui.)




**Figuur 9.1** Ligging van die Pionier Museum (Nasionale Kultuurhistoriese Museum)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA




**Figuur 9.2** 'n Ongedateerde foto van die pionierswoning op die plaas Hartebeestpoort 328JR. Die skoorsteen van die es is sigbaar aan die linkerkant (Nasionale Kultuurhistoriese Museum: foto no.: 90-933).

**Figuur 9.3** 'n Ongedateerde foto van die Edwardiaanse woning op dieselfde plaas (Nasionale Kultuurhistoriese Museum: foto no.: 95-1730).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

**Figuur 9.4** Terreinplan van die opgrawings.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA




UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

**Figuur 9.5** Plan van die opgrawings by die eendedam.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



SKAAL 1:50

SLEUTEL:

1 OPGRAWING

KLIP

PAALGAT.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



**Figuur 9.6** Die voltooide opgrawing 1 by die eendedam.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

**Figuur 9.7** Die voltooide opgrawing 3 by die eendedam. Let op die ronde klip in die voorgrond wat moontlik deel van die leivoor was en die gebrande oorblyfsels van 'n houtpaal regs daarvan, wat moontlik deel van 'n heining om die dam was.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

**Figuur 9.8** Edwardiaanse huis: opgrawing 1, voor opgrawing.

**Figuur 9.9** Edwardiaanse huis: opgrawing 1, laag 1.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

**Figuur 9.10** Edwardiaanse huis: opgrawing 1, laag 2.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



**Figuur 9.11** Edwardiaanse huis: opgrawing 1.1, en 4, laag 2.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



**Figuur 9.12** Edwardiaanse huis: opgrawing 4, laag 1.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

**Figuur 9.13** Edwardiaanse huis: opgrawing 1.1 en 4, laag 3. Fondamentklippe van die huis is duidelik sigbaar.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

**Figuur 9.14** Edwardiaanse huis: Detail van fondament in opgrawing 4.



**Figuur 9.15** Edwardiaanse huis: opgrawing 2 voor opgrawing. Skoliere slaan die opgrawings gade.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

**Figuur 9.16** Edwardiaanse huis: opgrawing 2, laag 2. Die bakstene is oorblyfsels van aanbouïngs aan die huis gedurende 1953.

**Figuur 9.17** Edwardiaanse huis: opgrawing 2.1, laag 3. Detail van die fondament. Dit bestaan uit ['n sementmengsel en enkele groot klippe.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

**Figuur 9.18** Edwardiaanse huis: opgrawing 2.1. Profiel van fondament.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

N




DIEPTE VAN OPGRAWING.

SKAAL 1:20

SLEUTEL:
SEMENT.
KLIP EN SEMENT.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

**Figuur 9.19** Edwardiaanse huis: opgrawing 2.2. Profiel van fondament.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA




SKAAL : 1:20

BAKSTEEN

BAKSTEEN EN SEMENT.

SEMENT.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

**Figuur 9.20** Edwardiaanse huis: opgrawing 2.2, laag 3. Detail van die fondament. Dit bestaan uit 'n sementmengsel.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

**Figuur 9.21** Edwardiaanse huis: opgrawing 3, laag 1. Die bakstene in die voorgrond hou met aanbouïngs aan die huis in 1953 verband.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



**Figuur 9.22** Edwardiaanse huis: opgrawing 3, laag 2.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



**Figuur 9.23** Edwardiaanse huis: opgrawing 3.1, laag 3. Die verband van die klippe met die fondament van die huis is nie duidelik nie.

**Figuur 9.24** Edwardiaanse huis: opgrawing 3.1, laag 3. Detail van klippe, sink en mangatdeksel. Dit lyk asof hierdie materiaal eerder deel van opvul onder die vloer was, as wat dit'n drein verteenwoordig.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



**Figuur 9.25** Edwardiaanse huis: opgrawing 3.2, laag 3. Detail van fondament.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

**Figuur 9.26** Edwardiaanse huis: opgrawing 5, laag 1. In die middel van die opgrawing begin fondamentklippe uitsteek.

**Figuur 9.27** Edwardiaanse huis: opgrawing 5, laag 2. In die middel van die opgrawing begin fondamentklippe uitsteek.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

**Figuur 9.28** Edwardiaanse huis: opgrawing 5.1, laag 3. Die fondamentklippe is duidelik sigbaar.



**Figuur 9.29** Edwardiaanse huis: opgrawing 5.1, laag 4.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

**Figuur 9.30** Edwardiaanse huis: opgrawing 6, laag 2. Die fondamentklippe van die huis se noordwestelike hoek is ontbloot.

**Figuur 9.31** Edwardiaanse huis: opgrawing 6, laag 3. Die fondamentklippe wat sigbaar is, verteenwoordig die noordwestelike hoek en noordmuur van die huis.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

**Figuur 9.32** Plan van die opgrawings by die Edwardiaanse huis, laag 2.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA







29,22M NA E = 0°

A

SKAAL 1:50

SLEUTEL.

- BAKSTEENPUIN
- KLIP
- ASKONSENTRASIE
- SINKPLAAT
- METAALDEKSEL
- LEIKLIP
- BAKSTEEN EN SEMENT

- BASIS
- OPGRAWING
- BAKSTEENMUUR
- SEMENT
- BETON
- ROOI VLOERTEËL

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

**Figuur 9.33** Plan van die opgrawings by die Edwardiaanse huis, laag 3.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA




UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

SKAAL 1:50
SLEUTEL.
⊙ BASIS.
--- VOORSTELLING VAN LYN VAN MUR.
OPGRAWING.
KLIP
SEMENT.
BAKSTEEN.
PLAARD

**Figuur 9.34** Porseleinskerwe opgegrawe by die Edwardiaanse huis by die Pionier Museum. Die skerwe verteenwoordig die oorgang van die Victoriaanse na die Edwardiaanse tydperk (Ongenommerde foto: F.T. Dreyer, 1998).

**Figuur 9.35** Aardewerkskerwe wat by die Edwardiaanse huis gevind is. Die skerf aan die linkerkant is afkomstig van 'n vroeë twintigste eeuse kommetjie en die skerwe aan die regterkant is afkomstig van 'n blompot uit die vyftigerjare (Ongenommerde foto: F.T. Dreyer, 1998).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA




**Figuur 9.36** Steenwareskerwe wat by die Edwardiaanse huis gevind is. Die skerwe aan die regterkant is afkomstig van 'n Vlaamse Keulse botterpot uit die laat negentiende eeu en die skerwe aan die linkerkant is van 'n laat negentiende eeuse pot wat waarskynlik vir konfyt gebruik is (Ongenommerde foto: F.T. Dreyer, 1998). Hoewel die botterpot baie in Nederland en Vlaandere gebruik is, is dit te Keulen, Duitsland vervaardig.

**Figuur 9.37** Drankbottelskerwe gevind by die eendedam en die Edwardiaanse huis (Ongenommerde foto: F.T. Dreyer, 1998).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

**Figuur 9.38** Skerwe van koeldrank- en sodawaterbottels wat opgegrawe is (Ongenommerde foto: F.T. Dreyer, 1998).

**Figuur 9.39** Glasskerwe afkomstig van medisynebottels (Ongenommerde foto: F.T. Dreyer, 1998).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

**Figuur 9.40** Glasskerwe van bottels wat vir huishoudelike gebruik aangewend is, is ook gevind (Ongenommerde foto: F.T. Dreyer, 1998).

**Figuur 9.41** Tafelgerei (glasskerf van 'n wynglas - links), glasskerwe afkomstig van 'n lampskerm (middel) en 'n melkglas piering (regs), is opgegrawe (Ongenommerde foto: F.T. Dreyer, 1998).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

**Figuur 9.42** Spykers gevind by die Edwardiaanse huis (Ongenommerde foto: F.T. Dreyer, 1998).

**Figuur 9.43** Dakskroewe en -wassers wat by die Edwardiaanse huis opgegrawe is (Ongenommerde foto: F.T. Dreyer, 1998).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

**Figuur 9.44** Verskillende tipes moere gevind by die Edwardiaanse huis (Ongenommerde foto: F.T. Dreyer, 1998).

**Figuur 9.45** Prop van 'n wynbottel, gombuisie, skarnier van 'n wasgoedpennetjie en die agterkant van 'n polshorlosie wat by die Edwardiaanse huis opgegrawe is (Ongenommerde foto: F.T. Dreyer, 1998).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

**Figuur 9.46** 'n Gedeelte van 'n juk opgegrawe by die Edwardiaanse huis (Ongenommerde foto: F.T. Dreyer, 1998).

**Figuur 9.47** Twee metaalringe, die groter een van koper, is by die Edwardiaanse huis opgegrawe (Ongenommerde foto: F.T. Dreyer, 1998).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



**Figuur 9.48** Deksel van 'n mangat en 'n stuk sinkplaat gevind by die Edwardiaanse huis (Ongenommerde foto: F.T. Dreyer, 1998).

**Figuur 9.49** 'n Metaalhaak, vyl en gedeelte van 'n kurktrekker is by die Edwardiaanse huis opgegrawe (Ongenommerde foto: F.T. Dreyer, 1998).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

**Figuur 9.50** 'n .303 patroondop en -punt en 'n .450 of .577 patroonpunt gevind by die Edwardiaanse huis (Ongenommerde foto: F.T. Dreyer, 1998).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA




**Figuur 9.51** Metaalslak wat by die Edwardiaanse huis opgegrawe is. Dit hou waarskynlik met smidswinkel-aktiwiteite verband (Ongenommerde foto: F.T. Dreyer, 1998).

**Figuur 9.52** 'n Ongeïdentifiseerde werwel en ulna van 'n skaap of bok is by die eendedam gevind (Ongenommerde foto: F.T. Dreyer, 1998).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

**Figuur 9.53** Ulna van 'n skaap of bok, toonbeen van 'n bees en toonbeen van 'n perd, opgegrawe by die Edwardiaanse huis (Ongenommerde foto: F.T. Dreyer, 1998).

**Figuur 9.54** Maaltand van 'n bees, snytand van 'n bees en maaltand van 'n skaap of bok (Ongenommerde foto: F.T. Dreyer, 1998).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

**Figuur 9.55** 'n Perskepit en gebrande appelkoospitte gevind by die Edwardiaanse huis en eendedam (Ongenommerde foto: F.T. Dreyer, 1998). Hans Mundt het met vrugte, onder andere perskes en appelkose geboer.

**Figuur 9.56** Gedeelte van 'n kurkprop gevind by die Edwardiaanse huis (Ongenommerde foto: F.T. Dreyer, 1998).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA




**Figuur 9.57** 'n Perlemoenkraletjie opgegrawe by die Edwardiaanse huis (Ongenommerde foto: F.T. Dreyer, 1998).




**Figuur 9.58** 'n Fragment van 'n wit plastiese knoop en 'n bruin plastiese knoop wat by die Edwardiaanse huis opgegrawe is (Ongenommerde foto: F.T. Dreyer, 1998).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# HOOFSTUK 10

## SAMEVATTING, GEVOLGTREKKING EN EVALUERING

"... kennis is meer werd as die fynste goud" (Spreuke 8:10).

## 1. INLEIDING

In die voorafgaande hoofstukke (hoofstuk 5-9) is voorbeelde van argeologiese navorsing uit die historiese tydperk in noordelike Gauteng bespreek. In hierdie hoofstuk sal elkeen hiervan aan die hand van die bevindinge waartoe daar in hoofstuk 3 gekom is, geëvalueer word (vergelyk punt 6 van hoofstuk 3, spesifiek punt 6.10 en Tabel 3.4 en 3.5). Op grond hiervan sal aandag aan die Kultuurhistoriese, Kultuurproses-, Strukturalistiese, Kontekstuele en Neo-Marxistiese paradigma gegee word. Op hierdie wyse sal bepaal word tot watter mate daar aan die navorsings- en erfenishulpbronbestuursbehoeftes voldoen is. Hierdie inligting sal benut word in die samestelling en verduideliking van 'n "nuwe" paradigma vir die navors van histories-argeologiese erfenishulpbronne.

Volgens tabel 3.4 moet daar aan die volgende vereistes voldoen word ten einde aan die kriteria van waarheid, objektiwiteit en rasionaliteit (navorsingskriteria) te voldoen:

primêre vereistes (daar moet aan al 8 voldoen word):

- kultuurverband
- ruimte
- tyd

- benutting van historiese kennis
- beskrywing
- verklaring
- individualiteit
- materiële kultuur

sekondêre vereistes (slegs een of meer hiervan):

- aanpassing by omgewing
- sosiale strukture
- simbolisme
- ekonomiese/ideologiese strukture.

Volgens tabel 3.5 moet daar aan die volgende vereistes voldoen word ten einde aan die kriteria van navorsings-, bestuurs-, opvoedkundige en gemeenskapsbehoeftes en wetgewingsvereistes (erfenishulpbronbestuurskriteria) te voldoen:

- kultuurverband
- ruimte
- tyd
- beskrywing
- benutting van historiese kennis

- verklaring
- individualiteit
- materiële kultuur.

Die vyf gevallestudies sal hieraan gemeet word sodat daar bepaal kan word watter paradigma die beste daarin slaag om die oplossing van hierdie probleem aan te spreek.

## 2. DIE BRONKHORSTRUïNE

### 2.1 Navorsingsbehoeftes

Die *kultuurverband* van hierdie terrein vorm 'n belangrike aspek ten opsigte van die navorsing daarvan. Hoewel dit nie self nagevors is nie en eintlik as 'n gegewe aanvaar is (die Pionierskultuur van Transvaal binne die Westerse kultuurkompleks - vergelyk ook p. 97 in hoofstuk 3), is dit 'n kardinale aspek waarvolgens die terrein verstaan en verklaar moet word. Gevolglik beteken dit dat hierdie aspek van belang was tydens die navorsing van die spesifieke gevallestudie.

Omdat die kultuurverband van die terrein bekend was, was dit nie nodig om die *ruimtelike aspek* daarvan na te vors nie. Dit was ook 'n gegewe en was van belang vir die verstaan van die terrein. Die terrein is voorts ook in terme van ruimte beskou deurdat die funksie van kulturele oorblyfsels en aktiwiteitsareas bepaal is. Die funksie van die ruïne as 'n huis en van die kookskerm is byvoorbeeld bepaal. Hierdie funksies impliseer sekere aktiwiteite soos dié van kosmaak in die kookskerm.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die *tydsbewustheid* is ook van belang. Dit is egter nie die breë historiese tydsbewustheid soos deur die Kultuurhistoriese paradigma vereis wat nagevors is nie, omdat dit nie nodig was om die terrein as deel van 'n kultuurkompleks te bepaal nie. 'n Spesifieke tydsbepaling is benut ten einde die terrein se belang ten opsigte van die geskiedenis van die navorsingsgebied te bepaal.

Met die navorsing in verband met die Bronkhorstruïne is daar klem geplaas op die *historiese kennis* en is daarvan gebruik gemaak om te bepaal of Lucas Bronkhorst wel die eerste inwoner in die Pretoria-omgewing was en of sy huis inderdaad die eerste struktuur was wat deur 'n blanke in die opgewing opgerig is. Dit toon dat daar geen plaasvervanger vir deeglike navorsing is ten einde die geskiedenis van 'n terrein uit die historiese tydperk te bepaal nie (Van Vollenhoven 1996:721). Op hierdie wyse is daar ook aan hierdie vereiste voldoen.

Die terrein waar die argeologiese verskynsels voorkom, is tydens die navorsingsproses beskryf. 'n *Beskrywing* is ook van die strukture en kulturele materiaal wat gevind is, gegee. Daar is dus ook aan die vereiste van beskrywing voldoen.

Die bepaling van aktiwiteitsareas en funksies vir sekere strukture en artefakte is deel van die *verklaring* van dit wat op 'n argeologiese terrein plaasgevind het. Ook die uiteindelike gevolgtrekkings in verband met die terrein en sy inwoners, bied verklarings wat van belang vir die navorsingsgebied is. Hieronder tel byvoorbeeld die verklaring van waarom LC Bronkhorst tot dusver as die eerste blanke inwoner van Pretoria gereken is en JGS Bronkhorst nie. Gevolglik is hierdie vereiste ook aangespreek.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Materiële kultuur word deur iemand geskep met 'n spesifieke doel voor oë. Dit reflekteer en skep die samelewing deur die optrede van individue. Ten opsigte van die navorsing oor die Bronkhorstruïne is dit duidelik dat dit hier oor 'n spesifieke individu se materiële kultuurskepping (sy huis) gaan en dat dit 'n spesifieke bydrae tot en belang vir die samelewing het. Die bydrae van Bronkhorst en sy huis lê binne die omskepping van die Pretoria-omgewing tot 'n vestigingsarea vir die pioniers en hulle nageslag. Die belang daarvan lê op die terrein van die kultuurhistoriese betekenis wat dit vir Pretoria en sy geskiedenis het. Dit is in noue aansluiting met die gedagte van die inheemse kultuurerfenis. Deurdat daar na spesifieke persone verwys is, en die terrein pertinent aan LC Bronkhorst verbind is, is dit duidelik dat die vereiste van *individualiteit* ook aandag geniet het.

Die teenwoordigheid van *materiële kultuur* op 'n argeologiese terrein is 'n voorvereiste vir enige argeologiese navorsing. Dit gaan egter nie bloot net om 'n beskrywing van die materiële kultuuroorblyfsels nie, maar oor dit wat daaruit afgelei kan word. Materiële kultuur is nie noodwendig 'n direkte refleksie van menslike gedrag nie, maar 'n indirekte refleksie daarvan, omdat menslike idees en oortuigings ook 'n rol speel. Gevolglik is die konteks waarbinne 'n objek gevind word van groot belang, daar die betekenis daarvan deur sy konteks verskaf word. In die navorsing na die geskiedenis van die Bronkhorstruïne is daar na die historiese en argeologiese konteks daarvan gekyk, in 'n poging om die struktuur beter te verstaan. Op hierdie wyse kan dit moontlik tot sy ware betekenis kom. Die oorblyfsels van die huisie gee aanduidings van die betekenis daarvan. Foutiewe interpretasies (aannames) is hierdeur die nek ingeslaan.

Omdat die argeologiese rekord ook 'n "teks" is wat "gelees" kan word, moet die materiële kultuur sover moontlik hiervoor ingespan word. 'n Goeie voorbeeld is die abstrahering van die opening

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

in die oostelike muur van die ruïne, sodat daar bepaal kan word dat dit 'n drumpel is. Daar is dus ook aan hierdie vereiste voldoen.

Die volgende vereiste wat ter sprake is, is die *aanpassing by die omgewing*. Tydens die navorsing is geen verband tussen die omgewing en kultuurverandering aangetoon, ingevolge die Kultuurproses-paradigma se kultuurekologie nie. Aandag is wel gegee aan 'n beskrywing van die omgewing sodat die terrein en die verskynsels binne hierdie konteks verstaan kan word. Die aanduiding van die voor, waarmee water van die huis weggekeer is, is 'n voorbeeld van 'n aanpassing by die omgewing om beter vestigingstoestande moontlik te maak. Die gevolgtrekking is derhalwe dat daar aan hierdie vereiste voldoen is.

Geen *sosiale strukture* wat 'n invloed op kultuurverandering uitgeoefen het, soos deur die Strukturalisme vereis, is bestudeer nie. Dit is egter ‘n sekondêre vereiste en is dus nie noodsaaklik nie.

By die navorsing oor die Bronkhorstruïne is twee strukture wat deur die mens geskep is bestudeer, naamlik 'n woonhuis en 'n kookskerm. Die funksionele betekenis van die strukture is deur middel van historiese en argeologiese getuienis vasgestel. Omdat die huis 'n tipiese pionierswoning is, kan daar boonop aanvaar word dat dit 'n simbool van 'n spesifieke tyd met sy norme en waardes is. Hierdie *simboliese strukture* is van die argeologiese rekord afgelei, wat beteken dat daar wel aan hierdie vereiste voldoen is.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die laaste vereiste van die navorsingsbehoeftes is *ekonomiese/ideologiese strukture* as agent vir kultuurverandering. 'n Uitgangspunt van die Neo-Marxistiese paradigma is dat die ekonomiese basis van gemeenskappe en die invloed daarvan op die samelewing bestudeer word. By die navorsing oor die Bronkhorstruïne gaan dit nie oor 'n gemeenskap nie, omdat dit die materiële nalatenskap van 'n individu bestudeer. Die ekonomiese basis van die terrein speel voorts geen rol in die interpretasie daarvan nie.

Die Strukturalistiese paradigma meen dat die argeoloog 'n instrument in die ondersteuning van 'n bepaalde ideologie is. Die navorsing in verband met die Bronkhorstruïne spreek wel die ideologie aan, omdat dit bestaande sieninge rondom Lucas Bronkhorst en sy huis as foutief uitwys.

Alle sieninge (ideologie) word egter nie in alle gevalle verwerp nie en dit wat wel verwerp word, is slegs verwerp nadat dit deeglik nagevors is. Dit beteken dat 'n bepaalde ideologie nie goedsmoeds ondersteun word nie, maar dat besluite (wat ook op die ideologie reflekteer) eers geneem word na 'n poging tot objektiewe navorsing. Op hierdie wyse word moontlike subjektiewe beïnvloeding deur 'n ideologie verminder. Omdat die ideologie wel aangespreek word, het hierdie vereiste aandag geniet.

Uit die voorafgaande is dit duidelik dat daar aan al die primêre navorsingsvereistes voldoen is tydens die navorsing oor die Bronkhorstruïne, sowel as aan sommige van die sekondêre vereistes. Dit beteken dat daar aan die kriteria van waarheid, objektiwiteit en rasionaliteit voldoen is. Gevolglik is daar aan die navorsingsbehoeftes voldoen.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

## 2.2 Erfenishulpbronbestuursbehoeftes

Deurdat daar aan die navorsingsvereistes voldoen is, is daar ook aan die vereistes soos gestel deur die erfenishulpbronbestuursbehoeftes voldoen. Dit is egter nodig dat daar spesifiek gekyk moet word of daar aan die kriteria vir erfenishulpbronbestuur voldoen word.

Die eerste kriteria is die *navorsingsvereistes*. Daar is reeds in punt 2.1 aangetoon dat daar hieraan voldoen is. Die regstel van die inligting op die kennisgewingborde op die terrein is egter noodsaaklik om reg hieraan te laat geskied. Deetz (1977:157) waarsku juis teen die foutiewe interpretasie wat dikwels in die interpretasie van museums en ander uitstallings aangetref word.

Die tweede kriteria is die *bestuursbehoeftes*. Namate dit die Bronkhorsthuis aangaan, is daar aanbevelings gemaak ten opsigte van die bestuur van die terrein deur die grondeienaar, die Stadsraad van Pretoria. Hieronder tel die bewaring en belandskapping van die terrein (Van Schalkwyk e.a. 1992:18). Dit beteken dat die bestuursbehoeftes aangespreek is.

Ook die *opvoedkundige behoeftes* het aandag geniet. Daar is aanbevelings gemaak oor die aanbring van kennisgewingborde en 'n uitstalling op die terrein (Van Schalkwyk e.a. 1992:18). Die uitvoer hiervan (vergelyk figuur 5.4 en 5.12) dui op die suksesvolle voldoening aan hierdie kriteria.

Die Stadsraad van Pretoria het die behoefte van die gemeenskap wat hy bedien, raakgesien om 'n deel van sy erfenis te bewaar. Deurdat daar navorsing oor die terrein gedoen is en die aanbevelings wat hieruit gespruit het uitgevoer is, is daar aan die *gemeenskapsbehoeftes* voldoen.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die insluiting van die terrein by die ontwikkeling van die Fonteinedal as toerisme-aantreklikheid, dra ook hiertoe by.

In 1992 (toe die navorsing uitgevoer is) het wetgewing bepaal dat alle voorwerpe, terreine, strukture en grafte ouer as 50 jaar bewaar en beskerm moet word. Nuwe wetgewing bepaal dat sodanige kultuurhulpbronne ouer as 60 jaar moet wees om beskerming te geniet (Van Vollenhoven 1998a:39). Omdat die Bronkhorsthuis ouer as 100 jaar is, geniet dit hierdie beskerming. Die bewaring en beskerming van die terrein deur die Stadsraad van Pretoria beteken dat daar aan *die wetgewingsvereistes* aandag gegee is.

Dit is duidelik dat daar met die navorsing oor die Bronkhorstruïne aan al die kriteria vir erfenishulpbronbestuur voldoen is. Gevolglik is daar ook aan die erfenishulpbronbestuursbehoeftes voldoen.

## 3. DIE KERKSTRAAT-WATERVOOR

### 3.1 Navorsingsbehoeftes

Die eerste navorsingsvereiste is *kultuurverband*. Die argeologiese rekord word in terme van kulture geïnterpreteer. Die Kerkstraat-watervoor is 'n industriële terrein waarvan die kultuurverband nie nagevors is nie. Dit kan wel gestel word dat dit deel van die Westerse kultuur vorm omdat dit 'n diens aan alle taalgroepe in die vroeë jare van Pretoria gelewer het. Omdat dit 'n gegewe is, is dit nie nagevors nie. Dit is egter nie belangrik in die interpretasie van die terrein nie.

Gevolglik is daar ook nie sprake van die terugbepaling van 'n kultuurkompleks nie, asook nie van die verbintenisse tussen kulture nie. Daar sou wel so ver gegaan kon word om die boumetodes van die watervoor te verbind met boumetodes in die Kaap of in Europa. Dit sou egter nie werklik 'n bydrae lewer tot die verklaring van die terrein nie. Omdat die kultuurverband wel bekend is, beteken dit dat hierdie vereiste wel in ag geneem is.

Die *tyd- en ruimtebewustheid* van die Kultuurhistoriese paradigma hou verband met die bostaande, maar is nie nagevors nie omdat dit, breedweg gesien, bekend was. Daar is wel na die spesifieke ruimtelike plasing van die voor en die verband daarvan met ander watervore en tydgenootlike verskynsels gekyk. Die ruimtelike plasing van die watervoor, naamlik aan watter kant van die straat dit is en in watter rigting dit val, is in hierdie studie bestudeer. Een van die belangrikste oogmerke met die watervoor-navorsing was om die funksie daarvan vas te stel. Die bevinding was dat dit 'n stormwatervoor is. Gevolglik is hierdie vereiste aangespreek.

In aansluiting hierby is historiese inligting nagevors ten einde die voor te dateer tot die tydperk 1892-1898. Deur die artefakte (glasbottels ensovoorts) te dateer, is die onmiddelike historiese konteks benut. Die navorsing ten einde die voor te dateer beteken dat daar ook aan die vereiste van *tyd* en die *benutting van historiese kennis* voldoen is.

Die watervoor is volledig *beskryf* en gedokumenteer. Ook die kulturele materiaal is beskryf. Hierdie vereiste het gevolglik ook aandag geniet.

In die navorsing oor die watervoor in Kerkstraat is daar moeite gedoen om die funksie daarvan vas te stel. Die finale *verklaring* was dat die voor noodsaaklik was om 'n belangrike taak te

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

vervul, naamlik die afvoer van stormwater. 'n Vergelyking van die verskille tussen dit wat in opgrawing 1 en dit wat in opgrawing 2 gevind is, het bygedra om 'n volledige rekonstruksie van die watervoor te maak. Deur van historiese kennis gebruik te maak, kon verskille tussen dit wat verwag is en die werklikheid (die argeologiese rekord) uitgewys en probeer verklaar word. Dit het ook daartoe bygedra om die moontlike funksie van die watervoor vas te stel en om sodoende die terrein beter te kon *verklaar*.

Die ontwerp van die watervoor deur 'n individu en die bou daarvan deur 'n individuele instansie (die ZAR-regering), was die wyse waarop daar aan die gemeenskap van vroeë Pretoria se behoeftes voldoen is. Sytze Wierda kan as die moontlike skepper van die voor gesien word, maar selfs al is dit onseker, was 'n spesifieke individuele instansie, naamlik die ZAR-regering vir die oprig van die watervore verantwoordelik. Gevolglik word daar ook aan die vereiste van *individualiteit* voldoen.

Een van die navorsingsvereistes is die belang van *materiële kultuur*. Alvorens 'n objek verstaan kan word, moet die totale konteks daarvan in ag geneem word. Die argeologiese en historiese inligting in verband met die watervoor is nagevors. Die bestudering van die argeologiese rekord beteken dat hierdie vereiste ook aangespreek is.

Die uitgrawe van watervore is gewis die gevolg van die *aanpassing van die mens by sy omgewing*. Die bou van stormwatervore kan selfs beskou word as die aanpassing van die mens by sy eie kulturele omgewing, omdat dit 'n probleem wat deur die mensgemaakte omgewing geskep is (naamlik die opdam van reënwater), moes oplos. Dit is dus duidelik dat hierdie vereiste ook nagekom is.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

'n Volgende vereiste is die invloed van *sosiale strukture* op kultuurverandering. Die navorsing oor die Kerkstraat-watervoor het geensins sosiale verhoudinge aangespreek nie.

Menslike kultuur word ook as *simboliese strukture* wat skeppinge van die menslike gees is gesien. Hierdie simboliese strukture word van die argeologiese rekord afgelei. Dit is reeds in hoofstuk 3 (punt 6.7) uitgewys dat daar geen simboliese waarde van die watervoor afgelei kan word nie. Die watervoor kan egter beskou word as 'n simbool van die norme van die gemeenskap (in hierdie geval die strewe na higiëniese toestande). Hoewel dit gering is, beteken dit dat hierdie vereiste ook aandag geniet het.

Die laaste navorsingsvereiste is dat *ekonomiese/ideologiese strukture* tot kultuurverandering lei. Tydens die navorsing oor die Kerkstraat-watervoor is ekonomiese aspekte nie spesifiek aangespreek nie. As daar na die konstruksie van die voor gekyk word en na die omvang van soortgelyke konstruksiewerk in Pretoria, soos uit argivale bronne blyk, is dit duidelik dat ekonomiese faktore 'n rol in die bou van die voor moes gespeel het. Hoewel geen ideologiese struktuur bestudeer is nie, beteken dit steeds dat daar ook aan hierdie vereiste voldoen is.

Gevolglik is daar aan al die primêre en drie van die vier sekondêre navorsingsvereistes voldoen. Dit beteken dat daar aan die navorsingskriteria en sodoende ook aan die navorsingsbehoeftes voldoen is.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

## 3.2 Erfenishulpbronbestuursbehoeftes

Punt 3.1 gee 'n duidelike uiteensetting van hoe daar aan die *navorsingsbehoeftes*, wat ook die eerste van die erfenishulpbronbestuursbehoeftes is, voldoen is. Die inligting op die bronsplaat by die terrein moet egter reggestel word om te verseker dat hierdie behoefte tot sy reg kom.

Die tweede behoefte ten opsigte van erfenishulpbronbestuur is die *bestuursbehoeftes*, wat wel in die verslag oor die terrein aangespreek is. Aanbeveling wat in verband met die bewaring gemaak is, het die beskerming van ontblote reste en die verseëling van ondergrondse reste ingesluit (Van Schalkwyk e.a. 1994b:25-28).

Die verslag het ook aandag aan die *opvoedkundige behoeftes* gegee. Dit het die omskepping van 'n gedeelte van die voor in 'n opelug-uitstalling, die restourasie van die voor en die oprig van 'n inligtingspaneel ingesluit (Van Schalkwyk e.a. 1994b:25-27).

Daar is ook aan die *gemeenskapsbehoeftes*, naamlik om 'n deel van hulle erfenis te bewaar, voldoen. Op hierdie wyse is die inheemse kultuurerfenis op ‘n besondere wyse ontwikkel. Die opdrag deur die grondeienaar, die Stadsraad van Pretoria, om die terrein na te vors en aanbevelings oor die benutting daarvan te maak, dien as bewys hiervan. Die insluiting van die voor as deel van die Kerkstraat-wandellaan voldoen by uitstek aan hierdie behoefte. Op hierdie wyse is moderne ontwikkelinge in die stadskern van Pretoria en die kultuurerfenis as't ware met mekaar versoen. Die belang van die voor vir die huidige samelewing en die aanwending daarvan tot voordeel van die stad en sy inwoners, vorm 'n belangrike komponent hiervan.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Soos uitgewys onder punt 2.2 van hierdie hoofstuk, moet 'n erfenishulpbron 50 of 60 jaar oud wees om deur die wet beskerm te word, afhangende daarvan of die ou of nuwe wetgewing benut word[1] (die nuwe wet - **Wet op Nasionale Erfenishulpbronne** - het op 1 April 2000 in werking getree) (persoonlike mededeling: F Erasmus). Die watervoor is ouer as 100 jaar en geniet dus beskerming ingevolge beide wette. Daar is dus ook aan *wetgewingsvereistes* voldoen.

Dit beteken dat al die erfenishulpbronkriteria nagekom is. Op hierdie wyse is daar aan erfenishulpbronbestuursbehoeftes voldoen.

## 4. MELROSEHUIS SE VOETPAADJIES

### 4.1 Navorsingsbehoeftes

Die *kultuurverband* by die Melrosehuis-navorsing is nie van belang ten opsigte van die oplossing van die probleem nie, omdat dit bekend is vanuit die historiese agtergrond, naamlik dat die huis aan 'n Engelssprekende sakeman behoort het. Dit maak dus deel uit van die Westerse kultuur. Hierdie inligting is wel belangrik ten opsigte van die interpretasie van die terrein. Die vereiste van kultuurverband is dus tydens die navorsing benut. Dit is egter ook van belang dat die terrein vir die Afrikanergemeenskap (soos gedefinieer in hoofstuk 3) 'n besonderse betekenis het, omrede die Vrede van Vereeniging na afloop van die Anglo-Boereoorlog hier onderten is. Gevolglik word 'n wyer kultuurverband wat sterk individualiserend is, hier aangespreek en kry die inheemse kulturele erfenis vanweë hierdie kulturele belang aandag.

[1] Daar word telkemale ook na die ou wetgewing, Die Wet op Nasionale Gedenkwaardighede (Wet no 68 van 1969) verwys, omdat die navorsing gedoen is toe dié wet nog geldig was. Dit is intussen deur nuwe wetgewing, Die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne (Wet no 25 van 1999) vervang.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Wat die vereiste van *ruimte* betref kan dit gestel word dat hierdie aspekte verband hou met die koppeling van kulture en die datering daarvan. Hierdie aspekte het geen rol in die Melrosehuis-navorsing gespeel het nie. Die vereiste van ruimte behels egter ook dat die funksie van kulturele oorblyfsels bepaal moet word en dat aktiwiteite en aktiwiteitsareas gerekonstrueer moet word. Die belangrikste doelwit met die navorsing was om die ruimtelike plasing van die voetpaadjies vas te stel. Die funksie van die paadjies, naamlik voetpaadjies, was vooraf bekend, maar moes argeologies bevestig word. Die aktiwiteitsarea is die voetpaadjies en die aktiwiteit dat dit vir wandelinge in die tuin gebruik is. Gevolglik is daar ook aan hierdie vereiste voldoen.

*Tyd* is die volgende vereiste wat aangespreek moet word. Die tydperk waarvan daar in die navorsing sprake was, is 1895-1905 en was 'n gegewe. Hoewel dit nie nagevors is nie, is dit 'n belangrike aspek van die navorsing omdat die voetpaadjies binne die konteks van hierdie periode geïnterpreteer en verklaar moes word. Dit beteken dat hierdie vereiste wel aandag geniet het.

In aansluiting hierby is agtergrondskennis oor die huis, sowel as oor die uitleg van die tuin en die plasing van voetpaadjies bestudeer. Die historiese konteks het aangetoon dat die tipies Victoriaans-Edwardiaanse tuinuitleg vanuit Brittanje na Suid-Afrika en tot in Pretoria oorgedra is (diffusie) en dat die gebruik hiervan (byvoorbeeld die voetpaadjies) in die nuwe kulturele konteks beïnvloed is deur die vorige kulturele konteks daarvan. Sonder hierdie historiese kennis sou dit nie moontlik gewees het om voorspellings te maak ten opsigte van waar die voetpaadjies gevind sou word nie. Die *aanwending van historiese kennis*, naamlik historiese foto's, die terreinkaart en analogiese gevalle, het bygedra tot hierdie interpretasie. Die vereiste om historiese kennis te benut, was derhalwe toepaslik.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die vereiste van *beskrywing* is aangespreek deurdat die terrein, die verskynsels en die kulturele materiaal beskryf is. Dit het gelei tot die *verklaring* en voorspelling van waar voetpaadjies gevind sou word. Bepaalde ooreenkomste en verskille is in die argeologiese rekord geïdentifiseer en dan in kontekstuele assosiasies omskep. Ooreenkomste in die oorblyfsels wat van die tuinpaadjies gevind is en die bestaande paadjies in die tuin van Melrosehuis, is geïdentifiseer en het derhalwe bygedra tot die positiewe identifisering van die posisie en samestelling van die voetpaadjies. Daar is dus ook aan die vereiste van *verklaring* voldoen.

Die vereiste van *individualiteit* verwys daarna dat daar iemand moet wees wat materiële kultuur skep. Dit is bekend dat die Heys-familie 'n vooraanstaande Skotse familie in Pretoria was; derhalwe sou hulle deel van die sosiale aktiwiteite in die hoofstad gewees het. Hieruit vloei dit voort dat hulle huis en tuin hierdie status moes toon. Die Heys-familie het onder andere die voetpaadjies in die tuin van Melrosehuis geskep en hoewel dit op sigself nie so belangrik is nie, is dit wel belangrik dat hierdie paadjies daartoe bydra om op 'n passiewe wyse die samelewing van daardie tyd te reflekteer en dit selfs te skep deur die optrede van hierdie individue. Die belang van die terrein vanweë die ondertekening van die Vrede van Vereeniging (sien p. 524) sluit hierby aan. Derhalwe is dit duidelik dat hierdie vereiste ook toepaslik was.

Terselfdertyd beteken dit dat die *materiële kultuur* wat deur hierdie persone geskep is, bestudeer is. Sodoende kry hierdie vereiste ook aandag. Hierdie materiële kultuur het 'n bepaalde simboliese dimensie. Die voorkoms van voetpaadjies in die tuin van Melrosehuis is 'n indirekte uitvloeisel van hierdie simboliese dimensie. Dit is eie aan Victoriaans-Edwardiaanse tuinuitlegte om voetpaadjies aan te lê, sodat die tuin ten volle deur die mense benut, geniet en gewaardeer kan word (Barret & Phillips 1988:170-172). Dit strook voorts met die tydsgees omdat dit in ooreenstemming met die aanvaarde sosiale norme van onder andere status in die tyd, nie net in

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Suid-Afrika nie, maar ook in Brittanje was. Verder is dit ook tekenend van die mens se estetiese uitinge, iets wat inherent deel van die mens is. In die lig hiervan was dit onder meer moontlik om, soos reeds genoem, vooraf voorspellings oor die posisie van sommige voetpaadjies te maak en oor die moontlikheid dat die twee gedeeltes van die voortuin spieëlbeelde van mekaar sou wees - aannames wat deur middel van die opgrawing van veral die voortuin as korrek bewys is.

Die simboliese waarde wat by die Melrosehuis-navorsing van die argeologiese rekord afgelei word, sluit hierby aan. Die eendersheid in die ontwerp van die twee gedeeltes van die voortuin is hier ter sprake. Hierdie simmetrie is ook simbolies van die magsvertoon van die Britse imperialisme, wat sy beheer ook op hierdie wyse wou uitbeeld. Boonop was die huis die Britse hoofkwartier tydens die oorlog. Dit kan as deel van die simboliese magsvertoon beskou word dat die Boereleiers juis hier hulle vryheid moes verloor. In hierdie mate is daar dan ook aan die vereiste van *simbolisme* voldoen. Hierdie tipe formele tuinuitlegte is 'n algemene verskynsel wêreldwyd en hou verband met die verhouding tussen perspektief en kontrole (Hodder 1995:161).

Die simbolisme is boonop tekenend van die sosiale norme van die Victoriaans-Edwardiaanse tyd. Gevolglik vind ons die voldoening aan die vereiste van *sosiale strukture* ineengevleg met die vereistes van simbolisme, verklaring en historise kennis.

Die vereiste van *aanpassing by die omgewing* word bereik deurdat 'n tuinuitleg gesien kan word as 'n aanpassing by en van die omgewing om dit meer aangenaam en leefbaar vir die bewoners te maak. In aansluiting by die voorafgaande sluit dit aanpassing by die sosiale omgewing in, sodat daar nie van tydgenootlike norme afgewyk word nie.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die laaste vereiste is dié van *ekonomiese/ideologiese strukture* en die rol daarvan ten opsigte van kultuurverandering. Die simboliese magsvertoon hierbo vermeld, en die ekonomiese vermoë om dit uit te voer, is 'n voorbeeld hiervan.

Omdat hierdie vereiste ook aangespreek word, beteken dit dat daar aan al die primêre en sekondêre navorsingskriteria voldoen is. Gevolglik is daar ook aan die navorsingsbehoeftes voldoen.

## 4.2 Erfenishulpbronbestuursbehoeftes

Die voorafgaande (punt 4.1) dui daarop dat daar tydens die navorsing oor die voetpaadjies by Melrosehuis aan die *navorsingsbehoeftes* voldoen is. Hierdie navorsing word dan ook benut in die interpretasie van die terrein vir besoekers.

Die tweede erfenishulpbronbestuursbehoefte, naamlik *bestuursbehoeftes*, is aangespreek deurdat die paadjies gerekonstrueer is en as deel van die Melrosehuis Museum bestuur word. Die rekonstruksie van die voetpaadjies (Van Vollenhoven 1994a:24) en die insluiting daarvan in 'n besoekersrondleiding van die huis en tuin, beteken dat daar ook aan die *opvoedkundige behoeftes* voldoen is. Die Melrosehuis Museum, wat die voetpaadjies insluit, word deur die Stadsraad van Pretoria as erfenis vir die nageslag bestuur. Deurlopende navorsing en restourasie, waaronder die navorsing oor die voetpaadjies tel, beteken dat die *gemeenskapsbehoeftes* aangespreek word. Dit voldoen ook aan die behoeftes van die Stadsraad, wat 'n deel van die gemeenskap is, om 'n beter produk vir besoekers daar te stel.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Laastens is daar ook aan *wetgewingsvereistes* voldoen omdat die terrein, wat ongeveer 100 jaar oud is, bewaar en benut word. Vanweë hierdie ouderdom het dit beskerming onder die ou wet geniet en word dit ook onder die nuwe wet beskerm.

Die gevolgtrekking is derhalwe dat die kriteria vir die erfenishulpbronbehoeftes nagekom is. Sodoende is daar aan die erfenishulpbronbestuursbehoeftes voldoen.

## 5. DIE 1913-HUIS BY DIE WILLEM PRINSLOO LANDBOUMUSEUM

### 5.1 Navorsingsbehoeftes

Net soos in die vorige gevalle was dit nie nodig om die kultuurverband van die 1913-huis na te vors nie, aangesien dit algemene kennis is dat blanke boere in die Transvaal deel van die Westerse *kultuurverband* uitmaak. Laasgenoemde is egter van belang omdat die terrein, strukture en kulturele materiaal daarvolgens begryp en verklaar moet word. Gevolglik is hierdie vereiste van toepassing.

Die vereiste van *ruimte* verwys onder andere na die geografiese verspreiding en ouderdom van kulture. In hierdie opsig het die navorsing nie 'n ruimtebewustheid gehad nie. Ruimtebewustheid het egter ook te doen met die bepaling van die funksie van kulturele oorblyfsels. Hierdie taak is deur middel van die historiese navorsing gedoen en is in sommige gevalle argeologies bevestig. Aandag is ook gegee aan die vasstelling van aktiwiteite en aktiwiteitsareas. Tydens die 1913-huis navorsing, is laasgenoemde inligting op 'n kaart geplaas. Dit beteken dat hierdie vereiste aangespreek is.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die *tydsbesef* in argeologie het daarmee te make om breë chronologiese verbande te bepaal waarvolgens kultuurkomplekse bepaal kan word. Met die 1913-huis navorsing is daar nie gepoog om die terrein as deel van 'n kultuurkompleks te bepaal nie, omdat die datum van die huis bekend is. Die historiese navorsing het wel die geskiedenis van die huis vasgestel, sodat dit benut kon word in die interpretasie daarvan en van die kulturele materiaal wat op die terrein gevind is. Op hierdie wyse is daar dus ook aan hierdie vereiste voldoen.

*Historiese kennis* vervul 'n belangrike rol in kultuurhistoriese navorsing. Dit is ook in die historiese argeologie van belang. Die historiese agtergrond in verband met die 1913-huis is deur middel van foto's en mondelinge getuienis verkry en is 'n voorbeeld van die aanwending van historiese kennis binne die historiese argeologie.

Dit is ook gedoen deurdat kulturele materiaal wat gevind is, nagevors is deur dit onder andere aan mnr BJJ Prinsloo te wys om vas te stel hoeveel hy daarvan kon onthou. Mnr Prinsloo was feitlik die hele tyd teenwoordig tydens die opgrawings, wat beteken dat die historiese konteks deurgaans nagevors is. Omdat mnr Prinsloo se getuienis telkemale oorwegend korrek geblyk het, kan daar aanvaar word dat hierdie vereiste suksesvol tydens die navorsing aangewend is.

'n Volledige *beskrywing* van die terrein, opgrawings en artefakte wat pertinent met die Prinsloofamilie verbind kon word, is gegee. Die beskrywing het bygedra tot die *verklaring* van die terrein. 'n Uitstekende voorbeeld hiervan is dat baie van die porseleinskerwe wat by die 1913-huis opgegrawe is, net positief met die Prinsloos verbind kon word omdat voorbeelde van soortgelyke porselein deur Prinsloo-nasate geëien is. Ook skerwe wat ooreengestem het met volledige museumstukke wat vroeër deur die Prinsloos aan die museum geskenk is, is op hierdie

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

wyse verklaar. Die historiese konteks het derhalwe die argeoloog gehelp om te bepaal watter opgegraafde porseleinartefakte positief met die familie verbind kan word. Dit beklemtoon die feit dat 'n artefak se volledige (historiese- en argeologiese) konteks in ag geneem moet word alvorens 'n finale bevinding daaroor gemaak kan word.

'n Verdere voorbeeld is die voorkoms van 'n verskil in grondkleur, wat byvoorbeeld verklaar is as die gekompakteerde vloer van die bad- en strykkamer. As gevolg van die ooreenkoms in grondkleur kon meer hiervan blootgelê word. Deur dit te abstraheer kon dit ook funksioneel positief geïdentifiseer word as die oorblyfsels van 'n gekompakteerde vloer. Weer eens het historiese kennis 'n rol in die interpretasie hiervan gespeel. Op hierdie wyse is die vereistes van *beskrywing* en *verklaring* dus nagekom.

Bogenoemde voorbeelde stem ooreen met die gedagte van Foucault (1972:140, 144, 206) dat verklaring reeds by beskrywing begin. Basiese beskrywing dien as eerste analise om vergelyking moontlik te maak en verhoudinge daar te stel (Foucault 1972:151, 157, 162-163).

'n Verdere vereiste is *individualiteit*. Dit kom daarop neer dat materiële kultuur nie maar net bestaan nie, maar dat dit deur iemand gemaak word. Dit word met 'n spesifieke doel voor oë geskep. In hierdie geval weet ons dat dit spesifiek die Prinsloofamilie is wat die 1913-huis en buitegeboue geskep het, met die doel dat dit 'n woonhuis en plaaswerf moes wees met 'n verskeidenheid van plaasfunksies. Omdat die 1913-huis en -werf tipies van daardie tydperk is, reflekteer dit die samelewing. Dit skep egter ook die samelewing deur die optrede van individue (die Prinsloos). Hoewel dit op sigself nie so belangrik is dat ons weet dat dit die Prinsloos is wat hierdie dinge tot stand gebring het nie, is dit tog belangrik dat 'n individuele gesin iets tot stand

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

gebring het wat nie net tekenend van 'n sekere tydperk is nie, maar ook skeppend daartoe bydra. Dit beteken dat daar nie net aan die vereiste van individualiteit voldoen word nie, maar ook aan dié van *sosiale strukture* as agent vir kultuurverandering. Verder moet onthou word dat die boerderygemeenskap die belangrikste uiting van Afrikanerkultuur gedurende die laat negentiende en vroeë twintigste eeu was. Derhalwe sluit individualiteit ook hierdie inheemse kulturele nalatenskap in.

Die vereiste van *simbolisme* is nie tydens hierdie navorsing benut nie. Dit is egter 'n sekondêre vereiste en gevolglik nie noodsaaklik nie.

Uit die voorafgaande is dit verder duidelik dat daar aan die vereiste van *materiële kultuur* voldoen is. Hierdie materiële kultuur (die 1913-huis en sy buitegeboue) is binne 'n bepaalde omgewing deur die mens geskep. Die *invloed van die omgewing* daarop word onder andere gesien in die gebruik van materiaal uit die omgewing, byvoorbeeld die populierstokke vir die mure en gras vir die dak van die somershuisie. Die populierstokke dui selfs op die aanpassing van die mens by 'n omgewing deur homself geskep, aangesien die populier 'n uitheemse boom is. Gevolglik is daar ook aan die vereiste van aanpassing by die omgewing voldoen.

Die laaste vereiste waaraan die 1913-huis navorsing moet voldoen is die benutting van *ekonomiese/ideologiese strukture* as katalisator vir kultuurverandring. Ons weet byvoorbeeld dat die Prinsloos 'n gesiene familie in die omgewing was en veral sedert die twintigerjare taamlik welgesteld was (persoonlike mededeling: A Carelsen). Om by hierdie status te pas, is veranderinge aan die 1913-huis aangebring en is die 1928-huis, wat heelwat groter was, gebou.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Hieruit is dit duidelik dat ekonomiese faktore 'n rol in die verandering van die materiële oorblyfsels gespeel het.

Dit beteken dat al die primêre vereistes soos deur die navorsingsbehoeftes daargestel, tydens die navorsing oor die 1913-huis belangrik was. Drie van die sekondêre vereistes is ook benut. Voorts beteken dit dat daar aan die navorsingskriteria en so ook aan die navorsingsbehoeftes voldoen is.

## 5.2 Erfenishulpbronbestuursbehoeftes

Die voorafgaande afdeling het getoon dat daar aan die *navorsingsbehoeftes* voldoen is. Hierdie navorsing is benut in die rekonstruksie van die terrein en die aanbieding van inligting aan die besoekers.

Die tweede erfenishulpbronbestuursbehoefte wat aangespreek moet word is dié van *bestuur*. Die 1913-huis is sedert die navorsing gedoen is, gerestoureer en dit word as een van die huismuseums op die plaas Kaalfontein bestuur (vergelyk Basson e.a. 1994). Die bestuur daarvan sluit verdere navorsing (vegelyk Van Vollenhoven 1993b:77 en Van Vollenhoven e.a. 1997), instandhouding en hantering van besoekers aan die terrein in. Dit is duidelik dat hierdie vereiste nagekom word.

Die hantering van besoekers aan die 1913-huis beteken dat daar ook aan die *opvoedkundige behoeftes* voldoen word. Inligting wat oor die terrein verskaf word, dra ook hiertoe by. Die huis is nie net gerestoureer nie, maar ook volgens die tydperk 1924-1927 ingerig. Hierdeur bly 'n tipiese erfenis uit die eerste helfte van die twintigste eeu vir die nageslag bewaar, wat beteken dat

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

die *gemeenskapsbehoeftes* ook aandag geniet. Die bewaring van die terrein dien terselfdertyd as 'n nakoming van *wetgewingsvereistes* omdat die terrein, wat ouer as 60 jaar is, wetlike beskerming onder die ou wet geniet het en ook onder die nuwe wet geniet.

Die slotsom waartoe gekom word is dus dat daar ook met die navorsing in verband met die 1913-huis aan die kriteria vir erfenishulpbronbestuur en sodoende die erfenishulpbronbestuursbehoeftes voldoen word.

## 6. DIE EDWARDIAANSE HUIS BY DIE PIONIER MUSEUM

### 6.1 Navorsingsbehoeftes

Net soos by die navorsing oor die 1913-huis, is die kultuurhistoriese verband van die Edwardiaanse huis nie nagevors nie, omdat die Westerse *kultuurverband* van die terrein bekend is. Dit beteken egter nie dat hierdie aangeleentheid nie belangrik was nie. Inteendeel, dit vorm die agtergrond waarbinne die terrein verstaan en verklaar is, omdat dit hier oor 'n tipiese woning uit 'n spesifieke fase van die land se boererygemeenskap gaan. Hierdie gedagte sluit ook aan by die kulturele belang van inheemse erfenisse.

Namate die terrein binne 'n bepaalde tydperk geplaas word, is die vereiste van *tyd* ook aangespreek. Die datering van die kulturele materiaal, sodat dit aan die terrein gekoppel kon word, sluit hierby aan.

Voorts is die ruimtelike plasing van die Edwardiaanse huis ten opsigte van die eendedam en ander strukture op die plaaswerf bestudeer. Die verband tussen die ouer (oorspronklike) en

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

nuwer (aangeboude) gedeeltes van die Edwardiaanse huis het ook aandag geniet, sodat daar gesê kan word dat hierdie uitgangspunt wel toepaslik was. Boonop is aktiwiteite en aktiwiteitsareas vasgestel. Die funksie van die struktuur wat opgegrawe is, is deur middel van historiese navorsing vasgestel en is argeologies geverifieër. Ook die funksie van artefakte is vasgestel en daarvolgens is aktiwiteitsareas soos onder andere die kombuis en stoep bepaal. Daar kan dus gesê word dat die vereiste van *ruimte* wel toegepas is.

Tydens die navorsingsproses is daar ook van *historiese kennis* gebruik gemaak. 'n Verskeidenheid historiese bronne, naamlik geskrifte, foto's, kaarte en mondelinge getuienis is benut. Insig word verder ook in kulturele betekenisse verkry deur die onmiddellike historiese konteks daarvan na te vors. Tydens die navorsing oor die Edwardiaanse huis is daar van informante gebruik gemaak om die posisie van die huis vas te stel en om sekere kenmerke daarvan te bevestig, na aanleiding van dit wat in die opgrawings gevind is. So het die informante bevestig dat die huis se dak rooi geverf was, nadat dakskroewe en -wassers met tekens van rooi verf daarop in die opgrawings gevind is. Hierdie aspek is dus tydens die navorsing aangespreek.

Die vereiste van *beskrywing* was ook benut tydens die navorsing. Die terrein, opgrawings en artefakte wat gevind is, is deeglik beskryf. Die beskrywing was ook die eerste stap in die *verklaring* van die terrein. 'n Voorbeeld hiervan was die vind van ooreenkomste en verskille in die argeologiese rekord. Die baksteenmuur, wat op 'n later fase van die huis dui, is 'n voorbeeld van so 'n verskil. Die beskrywing van sommige van die kulturele materiaal het weer tot verklarings oor die herkoms en benutting daarvan deur die inwoners van die Edwardiaanse huis gelei. So byvoorbeeld het die ouderdomsverskil en vindplekverband van sekere keramiekskerwe as aanduiding gedien van watter gedeeltes van die huis oorspronklik en watter latere aanbouings

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

was. Die vind van die pitte van vrugte op die terrein word weer verklaar aan die hand van die vrugteboerdery op die plaas. Dit beteken dat daar aan die vereiste van verklaring voldoen is.

Omdat materiële kultuur deur iemand gemaak word, is dit soms moontlik, veral in die historiese argeologie, om uit te vind watter individu hiervoor verantwoordelik was. In hierdie geval weet ons dat die Edwardiaanse huis deur Ernst Wilhelm Mundt opgerig is. Op hierdie wyse het sy individuele bydrae tot die skep van die samelewing gelei, omdat die huis in 'n spesifieke styl wat kenmerkend van sy tyd was, gebou is. Net so is die plaaswerf van die Mundts deur 'n individuele gesin geskep en dra dit by tot die skep van 'n idee oor die tydperk waaruit dit dateer (laat negentiede tot vroeg twintigste eeu). Uit die bostaande is dit duidelik dat ook die vereiste van *individualiteit* in hierdie geval toepaslik was.

In aansluiting hierby kan dit gestel word dat die vereistes van *sosiale strukture* en *aanpassing by die omgewing* ook van toepassing was. Die bou van 'n huis in 'n spesifieke argitektoniese styl dui op 'n verband met 'n spesifieke sosiale stelsel. 'n Argeologiese terrein word boonop altyd binne sy omgewing bestudeer, al is dit 'n kultuuromgewing wat, soos in hierdie geval, deur die mens self geskep is.

*Simbolisme* het daarmee te doen dat menslike kultuur as simboliese strukture wat skeppings van die menslike gees is, gesien word. Omdat dit waar is dat kultuur sy oorsprong in die denke van die mens het, is dit baie moeilik om enige simboliese struktuur daarvan af te lei. Hierdie vereiste was derhalwe nie toepaslik tydens hierdie navorsing nie.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Daar is ook voldoen aan die vereiste van *materiële kultuur*. Laasgenoemde kan as 'n indirekte refleksie van menslike gedrag gesien word. Dit beteken dat daar 'n spesifieke betekenis aan materiële kultuur toegeken kan word. Hierdie betekenis word van die totale konteks van 'n voorwerp afgelei, dit wil sê sy omgewing, sosiale stelsel ensovoorts. 'n Enkele voorbeeld uit die navorsing in verband met die Edwardiaanse huis dien as voorbeeld. Gebrande appelkoos- en perskepitte is by die opgrawing van die eendedam en Edwardiaanse huis gevind. Uit die historiese inligting weet ons dat Hans Mundt onder andere met appelkose en perskes geboer het. Dit is die historiese konteks van die gevonde materiaal. Die materiaal is nie op die oppervlakte opgetel nie wat, indien dit die geval was, daarop sou kon dui dat dit resente voorwerpe is. Die appelkoospitte is in laag 1 en die perskepit in laag 2 van hulle onderskeie opgrawings gevind, dit wil sê 'n ent onderkant die grondoppervlakte. Dit vorm dus gewis deel van die stratigrafie van die terrein. Dit is die stratigrafiese konteks en bewys dat die voorwerpe met die huis verbind kan word. Die totale konteks van die voorwerpe is dus nagegaan alvorens dit betekenis gekry het ten opsigte van die terrein.

Ook die vereiste van *ekonomiese/ideologiese strukture* as oorsaak van kultuurverandering is benut. Daar kan wel nie sover gegaan word as om te beweer dat die argeoloog 'n instrument in die ondersteuning van 'n bepaalde ideologie is nie. Aspekte van die ekonomiese bestaanswyse van die inwoners van die Edwardiaanse huis het tydens die navorsing aandag geniet, hoewel dit nie in diepte bestudeer is nie. Hieronder tel onder andere die interpretasie van been, tand en ander organiese materiaal. Nietemin is dit 'n genoegsame bewys van die nakoming van hierdie vereiste.

Die finale gevolgtrekking is dus dat daar tydens die navorsing oor die Edwardiaanse huis by Pionier Museum aan al die primêre navorsingsvereistes voldoen is, terwyl sommige van die

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

sekondêre vereistes ook aangespreek is. Dit beteken dat die navorsingskriteria nagekom is. Derhalwe is daar ook aan die navorsingsbehoeftes voldoen.

## 6.2 Erfenishulpbronbestuursbehoeftes

Die eerste erfenishulpbronbestuursbehoefte waaraan aandag gegee moet word, is die navorsingsbehoeftes. Onder punt 6.1 is dit duidelik gestel dat daar aan die *navorsingsbehoeftes* voldoen is.

Deurdat die Pionier Museum deur die Nasionale Kultuurhistoriese Museum bestuur word, word daar ook aan die *bestuursbehoeftes* voldoen. Dit sluit nie net die bestuur van die terrein in nie, maar ook die bestuur van die aanbieding van inligting in verband daarmee aan museumbesoekers.

Die bestuur van die terrein sluit die argeologiese reste van die Edwardiaanse huis in. Hieronder tel die bewaring daarvan sodat dit as kultuurerfenis behoue bly. Op hierdie wyse word die behoeftes van die *gemeenskap* aangespreek. Die gemeenskapsbehoeftes strek egter veel verder. Dit sluit ook die instandhouding en beskikbaarstelling van die terrein, om deur die gemeenskap benut te word, in.

In aansluiting hierby word die argeologiese reste as deel van die opvoedkundige programme by die museum aan besoekers, veral laerskoolleerlinge aangebied (Van Vollenhoven 1998b:1). Op hierdie wyse word daar aan die *opvoedkundige behoeftes* voldoen.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die laaste behoefte wat aandag geniet, is die *wetgewingsvereistes*. Omdat die argeologiese verskynsels ouer as 60 jaar is, word daar deur die ou en die nuwe wet vereis dat dit bewaar moet word. Die bewaring, instandhouding en benutting daarvan deur die Museum en die gemeenskap wat daardeur bedien word, toon dat hierdie vereiste nagekom is.

Die gevolgtrekking is dat daar aan al die erfenishulpbronbestuurskriteria aandag gegee is en dat daar dus aan die erfenishulpbronbestuursbehoeftes voldoen word. Punt 2-6 word in tabel 10.1 en 10.2 saamgevat.

## 7. SAMEVATTING

Tabel 3.4 en 3.5 in hoofstuk 3 het duidelik getoon dat die Kontekstule paradigma die mees aanvaarbare raamwerk vir histories-argeologiese navorsing sowel as vir erfenishulpbronbestuur bied. Tabel 10.1 en 10.2 toon aan dat al vyf gevallestudies aan die navorsings- en erfenishulpbronbestuursbehoeftes voldoen. Laasgenoemde verdien egter 'n verduideliking.

Ten einde aan die navorsingsbehoeftes te voldoen moet elk van die agt primêre en minstens een van die vier sekondêre vereistes toepaslik wees. Dit beteken dat 'n puntetelling van 1 by elk noodsaaklik is. Gevolglik moet die totaal minstens 9 wees. Indien 'n totaal 9 of meer is, maar 'n puntetelling van 1 is nie by elke primêre en minstens een sekondêre vereiste toegeken nie, sal dit beteken dat daar nie aan die navorsingsbehoeftes voldoen is nie. ‘n Punteskaal is bloot oorweeg ten einde ‘n onderskeid te tref en dui geensins op ‘n waarde-oordeel nie. ‘n Punt van 2 toon dat ‘n aspek tot ‘n groot mate tydens die navorsing benut is om by ‘n antwoord uit te kom. Dienooreenkomstig dui ‘n punt van 1 daarop dat ‘n vereiste tot ‘n mindere mate tot die oplos van die probleem bygedra het, terwyl 0 daarop dui dat ‘n vereiste geensins hiervoor benut kon word

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

nie. Tabel 10.1 toon aan dat daar by al vyf gevallestudies aan die vereistes en dus ook aan die navorsingsbehoeftes voldoen is.

Om aan die erfenishulpbronbestuursbehoeftes te voldoen moet daar eerstens aan die navorsingsbehoeftes voldoen word. Weer eens is 'n toekenning van 1 punt by elk van die vereistes nodig. Die minimum puntetoekenning is dus 8, mits daar by elke vereiste 'n punt verwerf is. Tabel 10.2 toon dat elk van die vyf gevallestudies hieraan voldoen en dat dit ook aan die kriteria voldoen. Gevolglik is daar aan die erfenishulpbronbestuursbehoeftes voldoen.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

**TABEL 10.1 METING VAN DIE GEVALLESTUDIES AAN DIE HAND VAN DIE NAVORSINGSBEHOEFTES**

| **Navorsingsbehoeftes** | | **Gevallestudies** | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Kriteria:<br>Waarheid<br>Objektiwitei<br>Rasionaliteit | Vereistes:<br><br><br>Primêr: | Bronkhorstruïne | Kerkstraat-watervoor | Melrosehuis voetpaadjies | WPLM 1913-huis | Pionier Museum Edwardiaanse huis |
| | Kultuurverband | 2 | 1 | 2 | 1 | 1 |
| | Ruimte | 2 | 2 | 2 | 2 | 2 |
| | Tyd | 1 | 2 | 1 | 1 | 1 |
| | Benutting van historiese kennis | 2 | 2 | 2 | 2 | 2 |
| | Beskrywing | 2 | 2 | 2 | 2 | 2 |
| | Verklaring | 1 | 2 | 2 | 2 | 2 |
| | Individualiteit | 2 | 1 | 1 | 1 | 1 |
| | Materiële kultuur | 2 | 2 | 2 | 2 | 2 |
| | Sekondêr:<br>Aanpassing by omgewing | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 |
| | Sosiale strukture | 0 | 0 | 1 | 1 | 1 |
| | Simbolisme | 1 | 1 | 2 | 0 | 0 |
| | Ekonomiese/Ideologiese strukture | 2 | 1 | 1 | 1 | 1 |
| | Totaal (24) | 18 | 17 | 19 | 16 | 16 |

0 = Vereiste nie teenwoordig nie 1 = Vereiste teenwoordig 2 = Vereiste belangrik

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

**TABEL 10.2 METING VAN DIE GEVALLESTUDIES AAN DIE HAND VAN DIE ERFENISHULPBRONBESTUURSBEHOEFTES**

| **Kultuurhulpronbestuursbehoeftes** | | **Gevallestudies** | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Kriteria: | Vereistes: | Bronkhorstruïne | Kerkstraat-watervoor | Melrosehuis voetpaadjies | WPLM 1913-huis | PionierMuseum Edwardiaanse huis |
| Navorsingsbehoeftes | | ✓ | ✓ | ✓ | ✓ | ✓ |
| Bestuursbehoeftes | | ✓ | ✓ | ✓ | ✓ | ✓ |
| Opvoedkundige behoeftes | | ✓ | ✓ | ✓ | ✓ | ✓ |
| Gemeenskapsbehoeftes | | ✓ | ✓ | ✓ | ✓ | ✓ |
| Wetgewingsvereistes | | ✓ | ✓ | ✓ | ✓ | ✓ |
| | Kultuurverband | 2 | 1 | 2 | 1 | 1 |
| | Ruimte | 2 | 2 | 2 | 2 | 2 |
| | Tyd | 1 | 2 | 1 | 1 | 1 |
| | Benutting van historiese kennis | 2 | 2 | 2 | 2 | 2 |
| | Beskywing | 2 | 2 | 2 | 2 | 2 |
| | Verklaring | 1 | 2 | 2 | 2 | 2 |
| | Individualiteit | 2 | 1 | 1 | 1 | 1 |
| | Materiële kultuur | 2 | 2 | 2 | 2 | 2 |
| | Totaal (16) | 14 | 14 | 14 | 13 | 13 |

✓ = Aan kriteria voldoen  1 = Vereiste teenwoordig  2 = Vereiste belangrik

# 8. GEVOLGTREKKING: 'N VOORGESTELDE PARADIGMA VIR NAVORSING OP HISTORIES-ARGEOLOGIESE ERFENISHULPBRONTERREINE

Ten einde te bepaal hoe 'n paradigma vir die navorsing van histories-argeologiese erfenishulpbronterreine daar kan uitsien, is dit nodig dat die inligting uit tabel 3.4, 3.5, 10.1 en 10.2 op geïntegreerde wyse aangebied word. In hoofstuk 3 (punt 6.10) is daarop gewys dat die Kontekstuele, Kultuurhistoriese, Strukturalistiese en Neo-Marxistiese paradigma moontlik toepaslik vir aanwending in die historiese argeologie kan wees. Ten einde te kan bepaal watter hiervan die mees toepaslike is, moet daar na die bevindinge van die genoemde tabelle gekyk word.

Op 'n teoretiese vlak is die Kontekstuele paradigma as die mees geskikste paradigma vir histories-argeologiese navorsing uitgewys (vergelyk tabel 3.4). Omdat die vyf gevallestudies aan die navorsingsvereistes voldoen (vergelyk tabel 10.1), beteken dit dat die Kontekstuele paradigma benut is omdat dit die enigste paradigma is wat die navorser toelaat om al hierdie vereistes in ag te neem tydens die navorsingsproses. Foucault (1972:139) stel dit dat argeologie reëls verwerp en verskeie moontlikhede in ag neem, en dit is juis waarop die voorafgaande dui. Gevolglik bewys dit dat die Kontekstuele paradigma die mees geskikste vir navorsing in die historiese argeologie is. 'n Vergelyking van die oorblywende drie paradigmas met die navorsingsvereistes toon aan dat hulle minder geskik hiervoor is.

Die Kultuurhistoriese paradigma voldoen byvoorbeeld nie aan die primêre vereiste van verklaring nie, asook nie aan die sekondêre vereistes van aanpassing by die omgewing, sosiale strukture en simbolisme nie. Om 'n terrein bloot te beskryf en nie te verklaar nie, beteken dat

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

geen ware interpretasie en verstaan daarvan bereik word nie. Dit blyk derhalwe dat die Kultuurhistoriese paradigma vermy moet word, maar tog benut kan word in gevalle waar hierdie aspekte nie van belang is nie.

Die Strukturalistiese paradigma voldoen nie aan die primêre vereistes van kultuurverband en individualiteit nie en ook nie aan die sekondêre vereiste van aanpassing by die omgewing nie, terwyl die Neo-Marxistiese paradigma nie aan die primêre vereistes van kultuurverband en individualiteit voldoen nie. Net soos by die Kultuurhistoriese paradigma beteken dit dat hierdie paradigmas slegs vir navorsing waar hierdie aspekte nie van belang is nie, aangewend kan word. Die uitsluit van die kultuurverband het tot gevolg dat hierdie twee paradigmas nie vir diachroniese studies benutbaar is nie, maar bloot vir sinchroniese studies. Verklaring word ook beperk omdat verskynsels om hierdie rede ook nie met soortgelyke verskynsels in verband gebring kan word nie. Dit beteken dat 'n argeologiese terrein in isolasie bestudeer word. Gevolglik is die aanwending van die Strukturalistiese en Neo-Marxistiese paradigma beperk.

Deetz (1977:43) stel dit duidelik dat daar in die historiese argeologie tot ‘n groot mate op die individu gefokus word. Volgens Foucault (1972:157) lei argeologiese analise ook tot individualisering. Hoewel sommige individue duidelik herkenbaar in die historiese argeologie is, is dit nie ‘n voorvereiste daarvoor nie. Omdat hierdie twee paradigmas individualisering totaal uitsluit, is dit duidelik dat dit vermy moet word.

Die vereistes wat belangrik is ten opsigte van erfenishulpbronbestuur lei tot dieselfde gevolgtrekking as die bostaande. Weer eens word die Kontekstuele paradigma uitgewys as die

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

mees geskikste paradigma (vergelyk tabel 3.5). Om dieselfde redes as bogenoemde is die Kultuurhistoriese, Strukturalistiese en Neo-Marxistiese paradigma minder aanvaarbaar.

Tabel 10.2 dui aan dat daar aan die erfenishulpbronbestuursbehoeftes voldoen is tydens die navors van die vyf gevallestudies in hierdie studie. Omdat die vereiste van verklaring nie by die Kultuurhistoriese, en dié van kultuurverband en individualiteit nie by die Strukturalistiese en Neo-Marxistiese paradigma aangetref word nie, was dit nie moontlik om een van hierdie paradigmas te benut nie.

Dit moet weer eens gestel word dat dit nie beteken dat hierdie drie paradigmas nie ten opsigte van erfenishulpbronbestuur aangewend kan word nie. Wanneer die genoemde vereistes nie 'n belangrike rol by 'n spesifieke terrein vervul nie, sou hierdie paradigmas wel benut kan word. Die moontlikheid hiervoor is egter gering, want sonder verklaring sal daar nie behoorlik aan die opvoedkundige behoeftes voldoen kan word nie en sonder om die kultuurverband en moontlike individualiteit in ag te neem, sal die navorsings- en gemeenskapsbehoeftes nie volledig aangespreek word nie.

Daar moet onthou word dat sommige skrywers die Strukturalistiese, Kontekstuele en Neo-Marxistiese paradigma, bloot as verskillende uitinge van wat genoem word die Post-proses-paradigma, beskou (Du Toit 1994:214). Dit bied 'n verklaring vir die moontlikheid om meer as een paradigma te benut. Aangesien al die uitgangspunte van die Kultuurhistoriese paradigma in die Kontekstuele paradigma opgeneem is, is dit nie vreemd dat eersgenoemde ook steeds benut kan word nie.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Post-proses argeologie word daardeur gekenmerk dat dit nie net een benadering verkies nie en dat daar nie noodwendig 'n rigiede metodologie hoef te wees nie. Dit word ook deur 'n gebrek aan konsensus gekenmerk (Hodder 1995:181). Dit dien as 'n verklaring vir die moontlikheid om steeds meer as slegs een teoretiese benadering te benut.

Uit die voorafgaande toepassing van die verskillende paradigmas in die argeologie op die vyf gevallestudies, het die volgende boonop geblyk:

- Slegs een uitgangspunt van die Kultuurhistoriese en Kultuurproses-paradigma was toepaslik en kon by al vyf gevallestudies benut word.
- Twee uitgangspunte van die Strukturalistiese paradigma kon toegepas word, maar elke keer op 'n ander geval, naamlik eers by die Bronkhorstruïne en later by Melrosehuis.
- Van die Neo-Marxistiese paradigma was een uitgangspunt op al vyf gevallestudies van toepassing, terwyl nog 'n uitgangspunt in 'n enkele ander geval (die Bronkhorstruïne) toepaslik was.
- Drie uitgangspunte van die Funksionalistiese paradigma kon op al vyf gevallestudies toegepas word.
- Al vyf die uitgangspunte van die Kontekstuele paradigma kon op al vyf gevallestudies toegepas word.

Bostaande word in tabel 10.3 opgesom.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

## TABEL 10.3 'N OPSOMMING VAN DIE PRAKTIESE TOEPASSING VAN DIE ONDERSKEIE PARADIGMAS IN HIERDIE STUDIE

| | | GEVALLESTUDIE | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | **Bronkhorsts-ruïne** | **Kerkstraat-watervoor** | **Melrosehuis** | **1913-huis** | **Pionier Museum** |
| **P** | **Kultuur-historiese** | Benut histo-riese kennis | Benut histo-riese kennis | Benut histo-riese kennis | Benut histo-riese kennis | Benut histo-riese kennis |
| **A** | **Funksiona-listiese** | Bestudeer kulture in terme van ruimte<br>Bepaal aktiwi-teitsareas<br>Bepaal funksie | Bestudeer kulture in terme van ruimte<br>Bepaal aktiwi-teitsareas<br>Bepaal funksie | Bestudeer kulture in terme van ruimte<br>Bepaal aktiwi-teitsareas<br>Bepaal funksie | Bestudeer kulture in terme van ruimte<br>Bepaal aktiwi-teitsareas<br>Bepaal funksie | Bestudeer kulture in terme van ruimte<br>Bepaal aktiwi-teitsareas<br>Bepaal funksie |
| **R** | **Kultuurproses-** | *Gebruik nuutste wetenskap-like tegnieke | *Gebruik nuutste wetenskap-like tegnieke | *Gebruik nuutste wetenskap-like tegnieke | *Gebruik nuutste wetenskap-like tegnieke | *Gebruik nuutste wetenskap-like tegnieke |
| **A** | **Strukturalis-tiese** | Ondersteuning van 'n bepaalde ideologie | | Simboliese strukture word van die argeologiese rekord afgelei | | |
| **D** | **Kontekstuele** | Bestudeer totale konteks<br>Onmiddellike historiese konteks word nagevors<br>Argeologiese rekord is 'n "teks" wat "gelees" kan word<br>Benut historiese kennis | Bestudeer totale konteks<br>Onmiddellike historiese konteks word nagevors<br>Argeologiese rekord is 'n "teks" wat "gelees" kan word<br>Benut historiese kennis | Bestudeer totale konteks<br>Onmiddellike historiese konteks word nagevors<br>Argeologiese rekord is 'n "teks" wat "gelees" kan word<br>Benut historiese kennis | Bestudeer totale konteks<br>Onmiddellike historiese konteks word nagevors<br>Argeologiese rekord is 'n "teks" wat "gelees" kan word<br>Benut historiese kennis | Bestudeer totale konteks<br>Onmiddellike historiese konteks word nagevors<br>Argeologiese rekord is 'n "teks" wat "gelees" kan word<br>Benut historiese kennis |
| **I** | **Neo-Maxistiese** | Ideologie beïnvloed alle menslike aktiwiteite<br>Die werklikheid word as 'n eenheid bestudeer | Die werklikheid word as 'n eenheid bestudeer | Die werklikheid word as 'n eenheid bestudeer | Die werklikheid word as 'n eenheid bestudeer | Die werklikheid word as 'n eenheid bestudeer |
| **G** | | | | | | |
| **M** | | | | | | |
| **A** | | | | | | |

* Hier word hoofsaaklik verwys na die gewone veldwerktegnieke (soos byvoorbeeld opgrawing, opmeting, identifisering en analise van artefakte), hoewel dit nie oor die afgelope twee dekades veel verander het nie. Die analise van kulturele materiaal word ook hierby ingesluit, hoewel dit in gedagte gehou moet word dat daar beperkings hierop kan wees as gevolg van die beskikbaarheid en bekostigbaarheid van sekere tegnieke tydens die doen van die navorsing.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Hieruit is dit duidelik dat die Kontekstuele paradigma die mees geskikste raamwerk vir toepassing in die historiese argeologie daarstel. Dit spreek ook die behoeftes van erfenishulpbronbestuur die beste aan.

Uit die literatuurstudie (hoofstuk 2) was dit duidelik dat feitlik geen bron wat oor die paradigmas handel, dit met erfenishulpbronbestuur in verband bring nie. Slegs twee bronne, Meyer (1995) en Van Vollenhoven (1998a) het hieraan aandag gegee en het tot dieselfde gevolgtrekking gekom, maar sonder om dit enigsens prakties toe te pas. 'n Derde bron, Hodder (1995:182) maak bloot daarvan melding dat die Kontekstuele paradigma ook binne die publieke sfeer aangewend kan word. Hieronder meld hy dinge soos grondeise en toerisme (Hodder 1995:168).

Die gevolgtrekking waartoe daar gekom word, is derhalwe dat die Kontekstuele paradigma, met sy uitgangspunte soos in hierdie studie aangedui, geskik is vir histories-argeologiese navorsing. Die rede hiervoor is dat dit beter as enige ander paradigma van die data kan rekenskap gee (Hodder 1995:185). Hierdie paradigma moet egter effens aangepas word ten opsigte van die behoeftes van erfenishulpbronbestuur, sodat ‘n versoening tussen die behoeftes van individuele (inheemse) gemeenskappe en hulle kultuurerfenis aan die een kant en basiese wetenskaplike navorsing aan die ander kant bewerkstellig kan word.

Die "nuwe" paradigma waarvan daar in hierdie studie sprake is, is gevolglik niks anders as die Kontekstuele paradigma nie, maar met 'n duidelike wyer toepassing omdat dit nie bloot gaan oor die bestudering van histories-argeologiese terreine binne hulle konteks nie, maar ook oor die hantering daarvan binne die moderne samelewingsverband. In hierdie opsig word die klem op die kulturele belang van voorwerpe of terreine geplaas (vergelyk punt 3.3 in hoofstuk 3), ‘n aspek wat ook deur artikel 3(3) van die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne aangespreek word.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Hierdie hedendaagse belang het vir ‘n lang tyd nie ‘n rol in argeologiese navorsing gespeel nie (Foucault 1972:166).

In hierdie opsig sluit dit aan by die bestuursmodel van wetenskapsbeoefening (vergelyk hoofstuk 3, punt 2.1). Hierdie Erfenishulpbronbestuursparadigma berus op die volgende uitgangspunte:

- Die kultuurverband van ‘n terrein is noodsaaklik in die verklaring en interpretasie daarvan. Voorts is die datering van ‘n terrein belangrik ten einde dit aan ‘n spesifieke tydperk te koppel. Die konteks van hierdie tydsaspek plaas die terrein in 'n historiese konteks en verbind dit met 'n spesifieke groep in die hedendaagse samelewing.

- Insig word in kulturele betekenisse verkry deur die onmiddellike historiese konteks daarvan na te vors. Deur die argeologiese data met historiese data aan te vul en ooreenkomste en verskille in die twee stelle inligting aan te toon, is dit moontlik om 'n wyer en meer korrekte evaluasie, interpretasie en verklaring van 'n terrein te gee. Op hierdie wyse word die behoeftes, soos deur die navorsingsgemeenskap vereis, sowel as die algemene behoeftes van die gemeenskap gedien.

- 'n Deeglike beskrywing van die terrein (wat die omgewingskonteks insluit) sowel as van die individuele verskynsels en voorwerpe moet gegee word. Dit behels onder meer ‘n volledige dokumentering daarvan en die benutting van die dokumentasie (foto’s, planne, sketse, voorwerpe, ensovoorts) vir die oordrag van inligting. Hierdie beskrywing dien as die eerste basiese verklaring daarvan en vergemaklik die uiteindelike bestuur van die terrein.

- Die verklaring van 'n argeologiese terrein sal so na as moontlik aan die waarheid wees, indien al hierdie uitgangspunte benut word. Hierdeur sal dit moontlik wees om die terrein optimaal vir opvoedkundige doeleindes te benut, te bemark en te kommunikeer.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

- Materiële kultuur word deur iemand gemaak. Die vasstel van wie sodanige individu of individuele groep binne 'n groter samelewing is, kan 'n bydrae tot die verklaring van die argeologiese rekord bied. Deur die voortbring van kultuur skep sodanige individu die samelewing waarvan hy deel vorm. Op hierdie wyse word die verhouding tussen die individu en die sosiale stelsel daargestel. Dit is ook moontlik om hierdie individualiteit aan 'n groep in die huidige gemeenskap te koppel waardeur dit sal bydra tot die aanspreek van spesifieke gemeenskapsbehoeftes. Dit beteken dus dat die individuele kultuurskepper ook aan 'n toekomstige sosiale stelsel verbind kan word.

- Materiële kultuur is 'n indirekte refleksie van menslike gedrag. Dit beteken dat dit 'n spesifieke betekenis het, wat daaraan toegeken word op grond van die interne en eksterne invloede wat daarop uitgeoefen word. Hierdie invloede is die ruimtelike aspekte, die omgewing en prosesse van aanpassing daarby, sosiale strukture, simbolisme en ekonomiese/ideologiese strukture, sowel as die wisselwerking daarvan met die mens. Daar moet na die totaliteit van hierdie faktore gekyk word om betekenisse af te lei, met ander woorde die terrein, verskynsel of voorwerp moet in sy totale konteks (dit is die chronologiese, historiese, kulturele en geografiese konteks, sowel as die vindplekverband) bestudeer word. Dit sluit ook die hedendaagse konteks van die terrein en die belang daarvan vir die huidige samelewing in.

- Wetgewingsvereistes moet te alle tye tydens die navorsing, bestuur en benutting van 'n argeologiese terrein nagekom word.

Die bogenoemde uitgangspunte het tot gevolg dat die paradigma nie net aan navorsings- en erfenishulpbronbestuursvereistes voldoen nie, maar ook aan die ses doelwitte ten opsigte van historiese argeologie (vergelyk hoofstuk 3, punt 4.5). Gevolglik is die Erfenishulpbronbestuursparadigma, 'n onderafdeling van die Kontekstuele paradigma, geskik vir navorsing op histories-argeologiese terreine ten einde die behoeftes van erfenishulpbronbestuur aan te spreek. Dit kan soos volg uitgebeeld word (Tabel 10.4):

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

**TABEL 10.4 'N UITBREIDING VAN DIE KONTEKSTUELE PARADIGMA OM DIE ERFENISHULPBRONBESTUURSPARADIGMA TE VORM BINNE DIE TOEPASSINGSVELD VAN DIE HISTORIESE ARGEOLOGIE**




UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

## 9. PRAKTIESE RAAMWERK VIR HISTORIES-ARGEOLOGIESE ERFENISHULPBRONBESTUUR

Volgens Van Vollenhoven (1998a:47) word die volgende vereistes in 'n erfenishulpbronbestuursverslag benodig:

a. Naam van verslag/projek
b. Naam van opdraggewer/ontwikkelaar
c. Opsomming
d. Ligging van ondersoekgebied (land, provinsie, dikstrik)
e. Doelstelling
f. Motivering vir projek
g. Terreinbeskrywing(omgewing)
h. Metodiek
i. Verwysingsterminologie
j. Veronderstellings en beperkinge
k. Kruisverwysings na bronne, voorwerpe, dokumentasie, ensovoorts
l. Individuele beskrywing van gevonde erfenishulpbronne, insluitend terreinname
m. Lokalisering van gevonde erfenishulpbronne, insluitende terreinnommers
n. Wetgewingsvereistes
o. Evaluering van erfenishulpbronne, insluitende tipe, datering en toestand daarvan
p. Evaluering van die impak van ontwikkeling op die erfenishulpbronne
q. Definiëring van vakterme
r. Bevindinge
s. Aanbevelings
t. Bronverwysings
u. Naam van konsultant en instansie waaraan verbonde
v. Datum

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Dit word egter duidelik gestel dat hierdie bloot 'n riglyn is en dat dit aangepas kan word indien omstandighede dit sou vereis.

Uit tabel 10.4 blyk dit dat die volgende aspekte tydens navorsing op 'n histories-argeologiese erfenishulpbron aandag behoort te geniet.

i. Kultuurverband

ii. Datering

iii. Historiese kennis

iv. Beskrywing

v. Verklaring

vi. Individualiteit

vii. Materiële kultuur

viii. Konteks: chronologies
histories
kultureel
geografies
vindplekverband

ix. Hedendaagse gemeenskap

x. Navorsingskriteria: waarheid
objektiwiteit
rasionaliteit

xi. Bestuur

xii. Opvoedkundige behoeftes

xiii. Belang van terrein

Deur die genoemde twee stelle vereistes te kombineer (en met inagneming van die herhaling van sommige hiervan) kan die volgende lys vereistes vir die navors van histories-argeologiese erfenishulpbronterreine daargestel word:

**A. Navorsingsvereistes:**

I. Naam van verslag/projek

i. *Kultuurverband*

*ii.* *Datering*

*iii.* *Individualiteit*

II Naam van opdraggewer/ontwikkelaar

i. *Kultuurverband*

*ii.* *Individualiteit*

*iii.* *Hedendaagse gemeenskap*

III Ligging (lokaliteit)

i. *Geografiese konteks*

*ii.* *Vindplekverband*

IV Doelstelling

i. *Bestuur*

*ii.* *Opvoedkundige behoeftes*

*iii.* *Belang van terrein*

V Motivering vir projek

i. *Kultuurverband*

*ii.* *Datering*

*iii.* *Historiese kennis*

*iv.* *Individualiteit*

*v.* *Hedendaagse gemeenskap*

VI Terreinbeskrywing (omgewing)

i. *Beskrywing*

*ii.* *Verklaring*

*iii.* *Materiële kultuur*

*iv.* *Geografiese konteks*

VII Metodiek

Navorsingskriteria, naamlik:

i. *Waarheid*

*ii.* *Objektiwiteit*

*iii.* *Rasionaliteit*

VIII Kruisverwysings na bronne, voorwerpe, dokumentasie, ensovoorts

i. *Kultuurverband & kulturele konteks*

ii. *Datering & chronologiese konteks*

*iii.* *Historiese kennis & konteks*

*iv.* *Beskrywing*

*v.* *Verklaring*

IX Individuele beskrywing van erfenishulpbronne

i. *Beskrywing*

*ii.* *Materiële kultuur*

*iii.* *Historiese konteks*

X Evaluering

i. *Chronologiese konteks*

*ii.* *Historiese konteks*

*iii.* *Kulturele konteks*

*iv.* *Geografiese konteks*

*v.* *Vinkplekverband*

*vi.* *Beskrywing*

*vii.* *Verklaring*

XI Bevindinge

i. *Navorsingskriteria*

*ii.* *Bestuur*

*iii.* *Opvoedkundige behoeftes*

*iv.* *Belang van terrein*

XII Aanbevelings

i. *Bestuur*

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

*ii.* *Opvoedkundige belang*

*iii.* *Belang van terrein*

XIII Bronverwysings

**B. Tegniese vereistes**:

I. Opsomming

II. Verwysingsterminologie

III. Veronderstellings en beperkinge

IV. Wetgewingsvereistes

i. Kultuurverband

ii. Datering

iii. Historiese kennis

iv. Hedendaagse gemeenskap

v. Bestuur

vi. Opvoedkundige behoeftes

vii. Belang van terrein

V. Definiëring van vakterme

VI. Naam van konsultant en instansie waaraan verbonde

VII. Datum van ondersoek

Dit sal noodwendig nie in alle gevalle nodig wees om al die vereistes te benut nie. Net so sal sommige aspekte nie onder al die afdelings waar dit gelys is bespreek word nie, byvoorbeeld

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

kultuurverband. (Ii; IIi; Vi; VIIIi) hoef slegs een keer bespreek te word, terwyl dit onder die ander hoofde bloot genoem kan word om hierby aansluiting te vind. Bostaande dui egter die moontlike hoofde waaronder dit bespreek kan word aan. Die omstandighede rondom individuele projekte en veral die oogmerke van die opdraggewer, kan 'n invloed uitoefen op die noodsaaklikheid om elkeen van die vereistes te benut. Daar moet egter in gedagte gehou word dat die wetgewingsvereistes van kardinale belang is en dat die individuele oogmerke van die navorser, gemeenskap en opdraggewer hieraan gemeet sal word. Bostaande raamwerk is van praktiese nut vir die navorser in historiese argeologie met die oog op erfenishulpbronbestuur. Dit is egter 'n buigsame raamwerk en dien bloot as 'n riglyn.

## 10. SLOT

In hierdie studie is daar gepoog om die mees geskikste wetenskaplike paradigma te vind vir histories-argeologiese navorsing ten einde aan die behoeftes van erfenishulpbronbestuur te voldoen. Om hierin te slaag is 'n deeglike ondersoek na paradigmas in die argeologie onderneem en is die begrip historiese argeologie gedefinieer. Aspekte soos die stand van historiese argeologie in Suid-Afrika, wetenskapsdimensies, erfenishulpbronbestuur, historiografie en metodeleer het ook aandag geniet, omdat dit van belang vir hierdie studie geag is. Hierdie ondersoek het 'n wye verskeidenheid van bronne ingesluit (vergelyk hoofstuk 2). Die bronne is bespreek en in hoofstuk 3 benut ten opsigte van die doel van hierdie studie.

Uit die bronnestudie is afgelei dat daar leemtes ten opsigte van die toepassing van enige hiervan in die historiese argeologie en erfenishulpbronbestuur is. Die leemtes is gebruik om die probleem vir hierdie studie te formuleer (vergelyk hoofstuk 1). Die eerste doelwit van die studie, naamlik om navorsings- en erfenishulpbronbestuursbehoeftes te bepaal, is bereik deurdat

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

wetenskapdsdimensies en erfenishulpbronbestuur bespreek is (vergelyk hoofstuk 3, punt 2 en 3).

'n Uiteensetting van verskillende definisies van historiese argeologie, het tot 'n nuwe definisie (die tweede doelwit van hierdie studie) gelei (vergelyk punt 4 van hoofstuk 3). Die stand van historiese argeologie in Suid-Afrika (die derde doelwit) is ook in hoofstuk 3 (punt 5) vasgestel. Op hierdie wyse is die tweede en derde doelwit van die studie bereik. Deur 'n ondersoek na paradigmas in die argeologie te onderneem, is daar aan die vierde doelwit van hierdie studie voldoen, naamlik om 'n samevattende oorsig van paradigmas in die argeologie te gee (vergelyk hoofstuk 3, punt 6).

Die vyfde doelwit van die studie, naamlik om te bepaal watter paradigma(s) in die historiese argeologie toegepas kan word, is gedeeltelik in hoofstuk 3 (punt 4) bereik (vergelyk p. 517). Omdat dit slegs op 'n teoretiese vlak plaasgevind het, moes die bevindinge eers later getoets word, naamlik in hoofstuk 5-9. Op grond van die teoretiese ondersoek is daar 'n keuse ten gunste van die Kontekstuele paradigma gemaak.

Die sesde doelwit van die studie is ook in hoofstuk 3 (punt 7) bereik, deurdat 'n oorsig van denkskole in die geskiedeniswetenskap gegee is. Hierdeur is 'n direkte verband tussen die geskiedenis en die argeologie getrek. Hoewel die sewende doelwit nie in hierdie hoofstuk (3) bereik is nie, is 'n belangrike metodiese onderbou daarvoor verleen in punt 8. Hierdie doelwit, naamlik die kombinering van argeologiese en historiese metodologie is in hoofstuk 5-9 bereik.

Die agste doelwit van hierdie studie, sluit hierby aan. Dit was nodig om die paradigmas aan die hand van voorbeelde van histories-argeologiese navorsing te demonstreer. Die voorbeelde

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

(gevallestudies) wat hiervoor benut is, kom almal uit die geografiese gebied noordelike Gauteng. Vyf gevallestudies is bespreek, naamlik die Lucas Bronkhorstruïne (hoofstuk 5), Kerkstraat-watervoor (hoofstuk 6), Melrosehuis se voetpaadjies (hoofstuk 7), Willem Prinsloo Landboumuseum se 1913-huis (hoofstuk 8) en Pionier Museum se Edwardiaanse huis en eendedam (hoofstuk 9). Al vyf projekte is tiperend van die behoefte wat die gemeenskap het ten opsigte van die bewaring van hulle kultuurerfenis. Hierdie gemeenskap is nie noodwendig die publiek self nie, maar soms ook diegene wat namens hulle optree, byvoorbeeld stadsrade en nasionale museums. Omdat dit vandag nie meer bloot die wetenskaplike is wat alleen kan besluit wat van belang is om na te vors nie, was hierdie voorbeelde geskik vir hierdie navorsing. Dit is die taak van die wetenskaplike om hierdie aspekte met piëteit te benader en om sover moontlik basiese navorsing daarop uit te voer. Hierdie aspek is suksesvol uitgevoer en sluit by die sewende doelwit aan. Op hierdie wyse is daar aan die agtste doelwit voldoen.

Die sewende doelwit van die studie was die kombinering van die metodologie van die vakgebiede argeologie en geskiedenis. Deur die toepassing van die Kontekstuele paradigma is 'n wye verskeidenheid van inligtingsbronne benut. Tydens elke gevallestudie is die historiese agtergrond (konteks) eers nagegaan deur soveel as moontlik historiese bronne te benut (vergelyk Beaudry 1988). Dit het onder andere argivale bronne, gepubliseerde en ongepubliseerde manuskripte, kaarte, foto's en mondelinge bronne ingesluit. In sommige gevalle is daar van die hulp van 'n kultuurhistorikus gebruik gemaak, terwyl die argeoloog in ander gevalle self die historiese navorsing gedoen het.

Op hierdie wyse het die argeologiese navorsing op die onderskeie terreine plaasgevind en is die historiese kennis benut om die opgrawings te rig. In die geval van die Bronkhorstruïne en die Kerkstraat-watervoor het die twee fases min of meer gelyktydig plaasgevind. Vrae wat deur die

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

argeologiese navorsing onopgelos gelaat is, is weer deur middel van historiese bronne nagevors en probeer oplos. Sekere historiese inligting is byvoorbeeld eers bekom lank nadat die opgrawings op 'n sekere terrein reeds afgehandel was. So ook is bykomende historiese inligting in verband met die kulturele materiaal wat opgegrawe is, dikwels eers maande later bekom en benut.

'n Belangrike saak wat gestel moet word, is dat histories-argeologiese navorsing 'n deurlopende proses is, veral ook omdat alle historiese inligting nie altyd beskikbaar is nie. Die gedurige opspoor van nuwe inligting en die benutting daarvan ten opsigte van die navorsing, blyk derhalwe inherent deel van die Kontekstuele paradigma (en dus ook van die Erfenishulpbronbestuursparadigma) te wees. Dit sluit aan by Orser (1996: 39, 183 en 204) se gedagte van die globalisering van historiese argeologie, wat onder meer insluit dat alle inligting oor 'n histories-argeologiese terrein tog onmoontlik nie beskikbaar kan wees om deur die navorser benut te word nie. Bostaande bewys dat daar ook aan die sewende doelwit voldoen is.

Omdat argeologiese navorsing altyd binne die konteks van die omgewing geplaas en verstaan moet word, is hoofstuk 4 gewy aan die omgewings- en agtergrondsgeskiedenis van noordelike Gauteng. Hierdeur is die navorsingsgebied ook in 'n historiese raamwerk geplaas.

Die negende doelwit van die studie is in hoofstuk 10 (punt 7) bereik. Daar is aangetoon dat elke gevallestudie aan die behoeftes van erfenishulpbronbestuur voldoen. Daar is ook aangetoon hoe die gevallestudies benut is ten opsigte van die behoeftes van erfenishulpbronbestuur.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die vyfde doelwit, naamlik om te bepaal watter paradigma(s) in die historiese argeologie toegepas kan word, is finaal in hoofstuk 10 (punt 8) bereik. Die paradigmas wat moontlik in die historiese argeologie toegepas kan word, is hier aan die gevallestudies gemeet. Hieruit het dit geblyk dat die Kontekstuele paradigma die mees geskikste vir histories-argeologiese navorsing is. Die doelstelling van hierdie studie, naamlik om te bepaal welke wetenskaplike paradigma geskik is vir toepassing in die historiese argeologie, is gevolglik gedeeltelik bereik.

Hoewel dit moontlik is dat daar in besondere gevalle en op grond van sekere doelwitte van spesifieke histories-argeologiese navorsingsprojekte in die toekoms, ook van ander paradigmas gebruik gemaak sal word, is dit duidelik dat die Kontekstuele paradigma tans die beste raamwerk vir navorsing in die historiese argeologie bied. Hierdie bevinding stem ooreen met die siening van Hodder (1988:139-142) en Boeyens (1998:244). Deur die Kontekstuele paradigma in die historiese argeologie toe te pas, word 'n fundamentele teoretiese onderbou aan historiese argeologie verleen, sodat dit sy regmatige plek in die vakwetenskap argeologie kan inneem.

Dit was nodig om die Kontekstuele paradigma spesifiek aan te pas ten opsigte van die behoeftes van erfenishulpbronbestuur (doelwit 10). Dit het tot die formulering van die Erfenishulpbronbestuursparadigma gelei. Laasgenoemde paradigma kan egter nie waarlik as 'n nuwe paradigma beskou word nie. Dit is veel eerder 'n uitbouing van die Kontekstuele paradigma sodat die doelwitte van historiese argeologie, sowel as die behoeftes van erfenishulpbronbestuur aangespreek word. Op hierdie wyse is daar aan die tiende en laaste doelwit voldoen en sodoende ook aan die doelstelling, naamlik om deur middel van die paradigmas die behoeftes van erfenishulpbronbestuur aan te spreek. Deur ‘n praktiese raamwerk vir histories-argeologiese erfenishulpbronbestuur saam te stel, is riglyne vir die uitvoer van sodanige projekte daargestel. Die daarstelling van die Erfenishulpbronbestuursparadigma sal

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

waarskynlik tot die verdere ontwikkeling van ‘n teoretiese raamwerk vir historiese argeologie lei. Dit verhoog boonop die praktiese en sosiale relevansie van historiese argeologie.

Die paradigma sou waarskynlik 'n wyer toepassingsveld as die historiese argeologie kon hê (naamlik vir prehistoriese argeologie). Dit sou ook ‘n wyer toepassing binne die historiese argeologie, naamlik op terreine wat met ander inheemse gemeenskappe verbind kan word, kan hê. Dit behoort ook op ‘n meer komplekse terrein benut te word ten einde die toepaslikheid daarvan te toets. Dit was egter nie die doel van hierdie studie om dit wyer toe te pas nie. Hierdeur word verdere navorsingsmoontlikhede vir toekomstige navorsers daargestel. Hierdie aspek hou met die sosiologiese model van wetenskapsbeoefening verband (vergelyk punt 2.1 in hoofstuk 3). Die Erfenishulpbronbestuursparadigma kan net suksesvol toegepas word as daar aan die navorsings- en erfenishulpbronbestuursvereistes voldoen word. Deur aan eersgenoemde te voldoen word uiting aan die epistemiese model van wetenskapsbeoefening gegee. Die ekonomiese model word deur die erfenishulpbronbestuursbehoeftes bereik. Die Erfenisbestuursparadigma is laastens ook in lyn met die bestuursmodel van geesteswetenskaplike navorsing. Dit is dus in ooreenstemming met die nuutste uitinge in wetenskaplike navorsing.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# BIBLIOGRAFIE

"Toe ek jonger was, het ek my verbeel ek weet beter as my vader. Noudat ek ouer geword het, vrees ek vir die dag wanneer ek na sy raad sal verlang en hy nie daar sal wees om my dit te gee nie" (C.J. Langenhoven, soos aangehaal deur Rousseau 1983:249).

## 1. Literatuur

ABRAHAMS, G., 1985. The archaeological potential of central Cape Town. **Munger Africana library notes** 77/78: 1-114.

ABRAHAMS, G., 1987. Seventeenth and eighteenth century glass bottles excavated from Fort de Goede Hoop, Cape Town. **Annale van die Suid-Afrikaanse Kultuurhistoriese Museum** (1): 1-38.

ABRAHAMS, G., 1993. The Grand Parade Cape Town: archaeological excavations of the seventeenth century Fort de Goede Hoop. **South African Archaeological Bulletin** 48(157):3-15.

ABRAHAMS, G., 1994. Coarse earthenware of the VOC period: 18th century pottery excavated from the Grand Parade at the Cape. **Annale van die Suid-Afrikaanse Kultuurhistoriese Museum** 6(1): 1-52.

ABRAHAMS-WILLIS, G., 1998. Archaeology and local cuisine: signatures of the Cape around 1750. **Annale van die Suid-Afrikaanse Kultuurhistoriese Museum** 10(1): 1-66.

ANDAH, B.W., 1995. European encumbrances to the development of relevant theory in African archaeology. In UCKO, P.J. (red.). 1995. **Theory in archaeology: a world perspective**: 96-109. London: Routledge.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

ANDREWS, T., 1992. Entrance to Pretoria. In CITY COUNCIL OF PRETORIA, **Pretoria Fountains Valley. Pretoria's spring of life**: 22-23. Pretoria: City Council of Pretoria

ANONIEM, g.d., **Schoemansdal. 'n Dorp herleef**. Pretoria: NHW Pers.

ANONIEM, 1992. Valley of a thousand trees. In STADSRAAD VAN PRETORIA, **Pretoria Fountains valley. Pretoria's spring of life**: 6-7. Pretoria: Stadsraad van Pretoria.

AXELSON, E., 1958. Portuegese pioneers in Southers Africa. **Lantern** 8(2): 118-128.

BARBER, R.J., 1994. **Doing historical archaeology**. New Jersey: Prentice Hall.

BARRETT, H. & PHILLIPS, J., 1988. **Suburban style. The British home, 1840-1960**. London: Macdonald Orbis Publishers.

BASSON, J.J., 1944. **Vestiging en dorpstigting: 'n Kultuurhistoriese studie van Transvaalse pioniersdorpe**. Ongepubliseerde M.A.-verhandeling: Universiteit van Pretoria.

BEAUDRY, M.C., 1988. Introduction. In BEAUDRY, M.C. (red.). **Documentary archaeology in the new world**: 1-3. Cambridge: Cambridge University Press.

BEAUDRY, M.C. (red.), 1988. **Documentary archaeology in the new world**. Cambridge: Cambridge University Press.

BERGH, J.S., 1999a. Swart gemeenskappe voor die koms van die blankes. Die tydperk van ontwrigting ("difaquane"). In BERGH, J.S. (red.). **Geskiedenisatlas van Suid-Afrika. Die vier noordelike provinsies**: 109-115. Pretoria: J.L. van Schaik.

BERGH, J.S., 1999b. Swart gemeenskappe voor die koms van die blankes. Swart gemeenskappe teen die begin van die 19de eeu. In BERGH, J.S. (red.). **Geskiedenisatlas van Suid-Afrika. Die vier noordelike provinsies**: 105-109. Pretoria: J.L. van Schaik.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

BERGH, J.S., 1999c. Blanke vestiging noord van die Vaalrivier. Die voortrekkers tot ca. 1844. In BERGH, J.S. (red.). **Geskiedenisatlas van Suid-Afrika. Die vier noordelike provinsies**: 124-128. Pretoria: J.L. van Schaik.

BERGH, J.S., 1999d. Blanke vestiging noord van die Vaalrivier. Blanke vestiging tot ca. 1850. In BERGH, J.S. (red.). **Geskiedenisatlas van Suid-Afrika. Die vier noordelike provinsies**: 128-132 Pretoria: J.L. van Schaik.

BERGH, J.S. (red.), 1999. **Geskiedenisatlas van Suid-Afrika. Die vier noordelike provinsies**. Pretoria: J.L. van Schaik.

BERGH, J.S. & BERGH, A.P., 1984. **Stamme en ryke**. Kaapstad: Don Nelson.

BEYERS, C.J. (hoofred.), 1981. **Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek IV**. Durban: Butterworth.

BINFORD, L.R., 1968. Archeological perspectives. In BINFORD, S.R. & L.R. (reds.). **New perspectives in archeology**: 5-32. Chicago: Aldine Publishing Company

BINFORD, S.R. & L.R. (reds.), 1968. **New perspectives in Archeology**. Chicago: Aldine Publishing Company.

BOEYENS, J.C.A., 1998. **Die latere Ystertydperk in suidoos- en sentraal-Marico**. Ongepubliseerde D.Phil.-proefskrif: Universiteit van Pretoria.

BOTES, M., 1999. Die soektog na Fort Drury, Bloemfontein: probleme en resultate. **Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis** 13(2):1-19.

BRAGDON, K.J., 1988. Occupational differences reflected in material culture. In BEAURY, M.C. (red.). **Documentary archaeology in the new world**: 83-91. Cambridge: Cambridge University Press.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

BRAY, W. & TRUMP, D., 1982. **The Penguin dictionary of archaeology**. Middlesex: Penguin Books.

BRINK, Y., 1993. The octagon: an icon of Willem Adriaan van der Stel's aspirations? In HALL, M. & MARKELL, A. (reds.). **Historical archaeology in the Western Cape**. S.A. Archaeological society Goodwin series 7: 92-97.

BRONNER, G.N., 1993. Mammals of the area. In KRIGE, F. & VAN DER WAAL, G-M.(reds.). **Pretoria cultural resources. The environment of Pretoria**: 8-9. Pretoria: City Council of Pretoria.

BYBELGENOOTSKAP VAN SUID-AFRIKA, 1990 (9de uitgawe). **Die Bybel**. Goodwood: Nasionale Boekdrukkery.

CAMERON, T. & SPIES, S.B. (reds.), 1986. **Nuwe geskiedenis van Suid-Afrika in woord en beeld**. Kaapstad: Human & Rousseau.

CARELSEN, A., 1995. **Interieurs van boerewonings (1900-1950) op die terrein van die Willem Prinsloo Landboumuseum: 'n vergelykende kultuurhistoriese studie**. Ongepubliseerde M.A.-verhandeling: Universiteit van Pretoria.

CARRUTHERS, V., 1990. **The Magaliesberg**. Cape Town: CTP Book Printers.

CARTER, M., 1980. **Archaeology**. Poole: Blandford Press.

CHAMPION, T., 1991. Theoretical archaeology in Britain. In HODDER, I. (red.). **Archaeological theory in Europe. The last three decades**: 129-160. London: Routledge.

CHANGUION, L,. 1999. Blanke vestiging noord van die Vaalrivier. Vroeë blanke reisigers en besoekers, 1723-ca.1845. In BERGH, J.S. (red.). **Geskiedenisatlas van Suid-Afrika. Die vier noordelike provinsies**: 116-124. Pretoria: J.L. van Schaik.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

CLARK, G., 1977. **World prehistory in new perspective** (3de uitgawe). Cambridge: Cambridge University Press.

CLARKE, D.L., 1972. Models and paradigms in contemporary archaeology. In CLARKE, CLARKE, D.L. (red.), 1972. **Models in Archaeology**. London: Methuen & Company.

CLARKE, D.L., 1972. **Models in Archaeology**. London: Methuen & Company.

CLELAND, C.E. & FITTING, J.E., 1978. The crisis of identity: theory in Historic sites archaeology. In SCHUYLER, R.L. (red.). **Historical Archaeology: A guide to substantive and theoretical contributions:** 242-245. New York: Baywood Publishing Company.

CLOETE, J.J.N., 1958. Die fonteine van Pretoria. **Pretoriana** (28): 3-8.

COETZEE, N.A., 1992a. Die plase van Pretoria. In STADSRAAD VAN PRETORIA, **Pretoria Fonteinedal. Lewensbron van Pretoria**: 12-13. Pretoria: Stadsraad van Pretoria.

COETZEE, N.A., 1992b. Die Bronkhorst-familie. In STADSRAAD VAN PRETORIA, **Pretoria Fonteinedal. Lewensbron van Pretoria**: 11. Pretoria: Stadsraad van Pretoria.

COETZEE, N.A., 1993. Die grondleggers van die stad Pretoria op die eerste plase. **Pretoriana** (102): 7-12.

COERTZE, P.J. & COERTZE, R.D., 1996. **Verklarende vakwoordeboek vir Antropologie en Argeologie**. Pretoria: R.D. Coertze.

COLLETT, D., 1987. A contribution to the study of migrations in the archaeological record: the Ngoni and Kololo migrations as a case study. In HODDER, I. (red.). **Archaeology as long-term history**: 105-116. Cambridge: Cambridge University Press.

CUSHION, J.P., 1980. **Handbook of pottery and porcelain marks**. London: Boston.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

DANCEY, W.S., 1981. **Archaeological field methods: an introduction**. Minneapolis: Burgess Publishing Company.

DAVIS, W., 1990. The study of rock art in Africa. In ROBERTSHAW, P. (red.). **A history of African archaeology**: 271-295. London: James Currey.

DEACON, J., 1990. Weaving the fabric of Stone Age research in Southern Africa. In ROBERTSHAW, P. (red.). **A history of African archaeology**: 4-58. London: James Currey.

DEACON, J., 1993. The Cinderella metaphor: the maturing of archaeology as a profession in South Africa. **South African Archaeological Bulletin** 48(158): 77-81.

DEAGAN, K., 1991. Historical archaeological contributions to our understanding of early America. In FALK, L. (red.). **Historical archaeology in global perspective**: 97-113. Washington: Smithsonian Institution Press.

DEDEREN, J.M., 1989. Nieuwe Archaeologie in Etnologisch retrospectief. **Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Etnologie** 12(4): 149-161.

DEETZ, J., 1967. **Invitation to Archaeology**. New York: The Natural History Press.

DEETZ, J., 1977. **In small things forgotten. The archaeology of early American life**. New York: Anchor Press.

DEETZ, J. 1991. Introduction: Archaeological evidence of sixteenth- and seventeenth-century encounters. In FALK, L. (red.). **Historical archaeology in global perspective**: 1-10. Washington: Smithsonian Institution Press.

DE GRAAFF, G., 1999. Die ontstaan en ontwikkeling van natuurbewaringsgebiede. In BERGH, J.S. (red.). **Geskiedenisatlas van Suid-Afrika. Die vier noordelike provinsies**. 263-272. Pretoria: J.L. van Schaik.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

DELIUS, P., 1983. **The land belongs to us**. Johannesburg: Ravan Press.

DE MARET, P., 1990. Phases and facies in the archaeology of Central Africa. In ROBERTSHAW, P. (red.). **A history of African archaeology**: 109-134. London: James Currey.

DE WET, H., 1993. Views and vistas. In KRIGE, F. & VAN DER WAAL, G-M. (reds.). **Pretoria cultural resources. The environment of Pretoria**: 14-15. Pretoria: Stadsraad van Pretoria.

DICKENS, R.S. jr. (red.), 1982. **Archaeology of urban America. The search for pattern and process**. New York: Academic Press.

DU BRUYN, J.T., 1986. Die Groot Trek. In CAMERON, T. & SPIES, S.B. (reds.). **Nuwe geskiedenis van Suid-Afrika in woord en beeld**: 127-142. Kaapstad: Human & Rousseau.

DUNSTON, L., 1975. **Young Pretoria, 1889-1913**. Pretoria: L. Dunston.

DUNSTON, L., 1992. Looking back. In CITY COUNCIL OF PRETORIA, **Pretoria Fountains Valley. Pretoria's spring of life**: 16-17. Pretoria: City Council of Pretoria.

DU PREEZ, S., 1978. Die eerste bewoners van Kerkplein, Pretoria. **Contree** (3): 5-9.

DU TOIT, M.T., 1994. **Paradigmas en wetenskapsrewolusies by die wetenskaplike studie van die Europese voorgeskiedenis**. Ongepubliseerde M.A.-verhandeling: Universiteit van Pretoria.

DYMOND, D.P., 1974. **Archaeology and history. A plea for reconciliation**. London: Thames & Hudson.

ENGELBRECHT, S.P., 1955. Pretoria - die eerste halfeeu. In ENGELBRECHT, S.P., AGAR-HAMILTON, J.A.I., PELZER, A.N. & BEHRENS, H.P.H. (reds.). 1955.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

**Pretoria (1855-1955) Geskiedenis van die stad Pretoria**: 1-30. Pretoria: Stadsraad van Pretoria.

ENGELBRECHT, S.P. e.a., 1955. Landdroste en burgemeesters. In ENGELBRECHT, S.P., AGAR-HAMILTON, J.A.I., PELZER, A.N. & BEHRENS, H.P.H. (reds.). 1955. **Pretoria (1855-1955) Geskiedenis van die stad Pretoria**: Pretoria: Stadsraad van Pretoria. 377-378.

ENGELBRECHT, S.P., AGAR-HAMILTON, J.A.I., PELZER, A.N. & BEHRENS, H.P.H. (reds.), 1952. **Centenary album. Pretoria's first century in illustration**. Pretoria: J.L. Van Schaik Bpk.

ENGELBRECHT, S.P., AGAR-HAMILTON, J.A.I., PELZER, A.N. & BEHRENS, H.P.H. (reds.), 1955. **Pretoria (1855-1955) Geskiedenis van die stad Pretoria**. Pretoria: Stadsraad van Pretoria.

FAGAN, B.M., 1979. **World prehistory. A brief introduction**. Boston: Little Brown & Company.

FAGAN, B.M., 1991 (7de uitgawe). **In the beginning. An introduction to archaeology**. Santa Barbara: Harper Collins Publishers.

FALK, L. (red.), 1991. **Historical archaeoloy in global perspective**. Washington: Smithsonian Institution Press.

FERREIRA, O.J.O., 1986. Kookskerms. In VAN DER WAAL-BRAAKSMA, G. & FERREIRA, O.J.O., **Die Noordweste**: 104-107. Johannesburg: Perskor.

FISH, C.R., 1978. Relation of archaeology and history. In SCHUYLER, R.L. (red.). **Historical archaeology: a guide to substantive and theoretical contributions**: 8-10. New York: Baywood Publishing Company.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

FOUCAULT, M. (vertaal deur A.M. Sheridan-Smith), 1972. **The archaeology of knowledge**. London: Tavistock Publications Limited.

GARBERS, J.G. (red.), 1996. **Doeltreffende geesteswetenskaplike navorsing**. Pretoria: J.L. van Schaik.

GELDMACHER, H., 1967. Mooiplaas. Report on rediscovery of an unusual engraving site. **South African Archaeological Bulletin** 22-1(85): 24.

GEY VAN PITTIUS, E.F.W., 1955. Munisipale bestuur in Pretoria: 'n geskiedkundige oorsig. In ENGELBRECHT, S.P., AGAR-HAMILTON, J.A.I., PELZER, A.N. & BEHRENS, H.P.H. (reds.). 1955. **Pretoria (1855-1955) Geskiedenis van die stad Pretoria**: 43-60. Pretoria: Stadsraad van Pretoria.

GODDEN, G.A., 1968. **Encyclopedia of British pottery and porcelain marks**. London: Herbert Jenkins.

GOODYEAR III, A.C., 1977. The historical and ecological position of protohistoric sites in the Slate Mountains, South Central Arizona. In SOUTH, S. (red.). **Research strategies in historical archeology**: 203-240. New York: Academic Press.

GOWLETT, J.A.J., 1984. **Ascent to civilization**. London: William Collins Sons & Co. Ltd.

GOWLETT, J.A.J., 1990. Archaeological studies of human origins & early prehistory in Africa. In ROBERTSHAW, P. (red.). **A history of African archaeology**: 13-38. London: James Currey.

GROS, H.F., n.d. **Pictorial description of the Transvaal**. Pretoria: s.n.

HALL, M., 1990. A 'hidden history': Iron Age archaeology in Southern Africa. In ROBERTSHAW, P. (red.). **A history of African archaeology**: 59-77. London: James Currey.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

HALL, M. & MARKELL, A., 1993. Introduction: Historical archaeology in the Western Cape. In HALL, M. & MARKELL, A. (reds.). **Historical archaeology in the Western Cape**. S.A. Archaeological Society Goodwin series 7: 3-7.

HALL, M. & MARKELL, A. (reds.), 1993. **Historical archaeology in the Western Cape**. S.A. Archaeological Society Goodwin series 7.

HAMEROW, T.S., 1987. **Reflections on history and historians**. Madison: The University of Wisconsin Press.

HARRINGTON, J.C., 1978. Archaeology as an auxiliary science to American history. In SCHUYLER, R.L. (red.). **Historical archaeology: a guide to substantive and theoretical contributions**: 91-138. New York: Baywood Publishing Company.

HARRIS, W.C., 1963 (Faksimilee herdruk van die 5de uitgawe). **The wild sports of Southern Africa**. Kaapstad: C. Struik

HEYNS, R. (red.), 1988. **South Africa 1987/1988**. Pretoria: Die Staatsdrukker.

HODDER, I., 1978. Simple correlations between material culture and society: a review. In HODDER,R, I. (red.). **The spatial organisation of culture**: 3-24. Norwich: Duckworth.

HODDER, I. (red.), 1978. **The spatial organisation of culture**. Norwich: Duckworth.

HODDER, I., 1987a. **The archaeology of contextual meaning**. Cambridge: Cambridge University Press.

HODDER, I., 1987b. **Archaeology as long-term history**. Cambridge: Cambridge University Press.

HODDER, I., 1988. **Reading the past. Current approaches to interpretation in archaeology**. Cambridge: Cambridge University Press.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

HODDER, I., 1991. Archaeological theory in contemporary European societies: the emergence of competing traditions. In HODDER, I. (red.). **Archaeological theory in Europe. The last three decades**: 1-24. London: Routledge.

HODDER, I. (red.), 1991. **Archaeological theory in Europe. The last three decades**: 1-24. London: Routledge.

HODDER, I., 1995 (2de uitgawe). **Reading the past. Current approaches to interpretation in archaeology**. Cambridge: Cambridge University Press.

HODDER, I. (red.) e.a., 1995. **Interpreting archaeology. Finding meaning in the past**. London: Routledge.

HOLL, A., 1990. Western African archaeology: colonialism & nationalism. In ROBERTSHAW, P. (red.). **A history of African archaeology**: 296-308. London: James Currey.

HOLM, A., 1993. Beeld van die stad. In KRIGE, F. & VAN DER WAAL, G-M. (reds.). **Pretoria kultuurhulpbronne. Die omgewing van Pretoria**: 4-5. Pretoria: Stadsraad van Pretoria.

HORN, A.C., 1996. Okkupasie van die Bankeveld voor 1840 n.C.: 'n sintese. **Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Etnologie** 19(1): 17-27.

JANSE VAN RENSBURG, H. (red.), 1994. **South African yearbook 1995**. Cape Town: CTP Book Printers.

JONES, O., 1985. **The parks Canada glass glossary**. Canada: s.n.

JUNOD, H.P., 1955. The Bantu population of Pretoria. In ENGELBRECHT, S.P., AGAR-HAMILTON, J.A.I., PELZER, A.N. & BEHRENS, H.P.H. (reds.). **Pretoria**

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

**(1855-1955) Geskiedenis van die stad Pretoria**: 61-85. Pretoria: Stadsraad van Pretoria.

KEYTER, E. (red.), 1990. **Suid-Afrika 1991-92**. Pretoria: Die Staatsdrukker.

KIESER, A. (red.), 1959. **Argief-jaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis** 21(2). Elsiesrivier: Nasionale Handelsdrukkery Bpk.

KLEIN, R.G. (red.), **Southern African prehistory and paleoenvironments**. Rotterdam: A.A. Balkema.

KLOSE, J. & MALAN, A., 1993. **Ceramics of the Southwestern Cape 1650-1850. A guide to the analysis and interpretation of ceramic assemblages excavated from archaeological sites**. HARG Handbook no. 1. Rondebosch: University of Cape Town.

KNUDSON, S.J., 1978. **Culture in retrospect**. Chicago: Rand McNally College Publishing Company.

KORSMAN, S.A., & MEYER, A., 1999. Die vroegste inwoners. Die Steentydperk en rotskuns. In BERGH, J.S. (red.). **Geskiedenisatlas van Suid-Afrika. Die vier noordelike provinsies**: 93-96. Pretoria: J.L. van Schaik.

KOTZé, C.S., 1983. **Doornkloof-wêreld**. Irene: Nederduits Gereformeerde Kerk Doornkloof.

KRIGE, L., 1992a. A nature reserve for posterity. In CITY COUNCIL OF PRETORIA, **Pretoria Fountains Valley. Pretoria's spring of life**: 19. Pretoria: City Council of Pretoria.

KRIGE, L., 1992b. A consistent water source. In CITY COUNCIL OF PRETORIA, **Pretoria Fountains Valley. Pretoria's spring of life**: 4-5. Pretoria: City Council of Pretoria.

KRIGE, L., 1992c. A laudable effort. In CITY COUNCIL OF PRETORIA, **Pretoria Fountains Valley. Pretoria's spring of life**: 20-21. Pretoria: City Council of Pretoria.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

KRIGE, F. & VAN DER WAAL, G-M., 1993. Werkers op die akker. In KRIGE, F. & VAN DER WAAL, G-M. (reds.). **Pretoria kultuurhulpbronne. Die omgewing van Pretoria**: 22-23. Pretoria: Stadsraad van Pretoria.

KRIGE, F. & VAN DER WAAL, G-M. (reds.), 1993. **Pretoria kultuurhulpbronne. Die omgewing van Pretoria**. Pretoria: Stadsraad van Pretoria.

KRIGE, F. & VAN DER WAAL, G-M. (reds.), 1995. **Pretoria museum Park. Vir u om te ontdek**. Pretoria: Pretoria Metropolitaanse Substruktuur.

KüSEL, M.M., 1988. **'n Argeologiese ondersoek na die oorspronklike buitegebouekompleks van die Pioniershuis, Silverton, as komponent van die werf**. Ongepubliseerde honneurs-skripsie: Universiteit van Pretoria.

KüSEL, U., 1993. Terreine. In VAN DER WAAL, G-M. (red.). **Riglyne vir kultuurhulpbronbestuur in Pretoria**: 12-14. Pretoria: Stadsraad van Pretoria.

LAMBRECHTS, C., 1993. Die voëllewe. In KRIGE, F. & VAN DER WAAL, G-M. (reds.). **Pretoria kultuurhulpbronne. Die omgewing van Pretoria**: 10. Pretoria: Stadsraad van Pretoria.

LANGHORNE, H. & BABITS, L.E., 1988. Anthropoligical title searchers in Rockbridge county, Virginia. In BEAUDRY, M.C. (red.). **Documentary archaeology in the new world**: 132-137. Cambridge: Cambridge University Press.

LASTOVICA, E. & A., 1982. **Bottles and bygones. A guide for South African collectors**. Cape Town: Don Nelson.

LEONE, M.P. e.a., 1995. Can an African-American historical archaeolog be an alternative voice? In HODDER, I. (red.). e.a. **Interpreting archaeology**: 110-124. London: Routledge.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

LE ROUX, S., 1993. Plekke en geboue. In KRIGE, F. & VAN DER WAAL, G-M. (reds.). **Pretoria kultuurhulpbronne. Die omgewing van Pretoria**: 18-19. Pretoria: Stadsraad van Pretoria.

LIEBENBERG, E.C., 1999. Die fisiese omgewing. In BERGH, J.S. (red.). **Geskiedenisatlas van Suid-Afrika. Die vier noordelike provinsies**: 81-92. Pretoria: J.L. van Schaik.

LOCHHEAD, M., 1913 (herdruk no. 89, 1980). **Lochheads guide, hand-book and directory of Pretoria 1913**. Pretoria: Die Staatsdrukker.

MAGGS, T., 1993. Three decades of Iron Age research in South Africa: Some personal reflections. **South African Archaeological Bulletin** 48(158): 70-76.

MALAN, A., 1986. **Eighteenth century Cape**. Ongepubliserde B.A. (Hons-)-skripsie. Universiteit van Kaapstad.

MARKELL, A.B., 1993. Building on the past: the architecture and archaeology of Vergelegen. In HALL, M. & MARKELL, A. (reds.). **Historical archaeology in the Western Cape**. S.A. Archaeological society Goodwin series 7:71-83.

MARWICK, A., 1989 (3de uitgawe). **The nature of history**. Hampshire: Macmillan Press Ltd

MASON, R., 1962. **Prehistory of the Transvaal. A record of human activity**. Johannesburg: Witwatersrand University Press.

MASON, R.J., 1989. **South African archaeology 1922-1988**. Occasional paper no. 22. Johannesburg: The Archaeological research unit University of the Witwatersrand.

MASON, R.J., HOUMOLLER, J.M. & STEEL, R., 1981. Archaeological survey of the Magalies valley. **Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Wetenskap** (77): 310-312.

MEIRING, A.L., 1955. Stadsbeplanning en boukuns in Pretoria: 'n terugblik. In ENGELBRECHT, S.P., AGAR-HAMILTON, J.A.I., PELZER, A.N. & BEHRENS,

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

H.P.H. (reds.). 1955. **Pretoria (1855-1955): Geskiedenis van die stad.Pretoria**: 1948-172. Pretoria: Stadsraad van Pretoria.

MEYER, A., 1995. Argeologie en kultuurhulpbronbestuur: 'n voorgestelde paradigma vir kultuurhulpbronbestuur. In VAN DEN BOS, J. & MOOLMAN, M. (reds.). **Metodologie in navorsing**: 1-15. Sunnyside: S.A. Vereniging vir Kultuurgeskiedenis, Transvaal Streektak.

MILLER, D., 1997. Archaeometallurgical studies in maritime archaeology at the Cape of Good Hope. **Southern African Field Archaeology** 6(1):26-37.

MOSER, S., 1995. The Aboriginalization of Australian archaeology: the contribution of the Australian Institute of Aboriginal studies to the indigenous transformation of the discipline. In UCKO, P.J. (red.). 1995. **Theory in archaeology: a world perspective**: 150-174. London: Routledge.

MOUTON, J., 1996. Die aard en struktuur van wetenskapbeoefening. In GARBERS, J.G. (red.). **Doeltreffende geesteswetenskaplike navorsing**: 15-35. Pretoria: J.L. van Schaik.

MOUTON, J. & MARAIS, H.C., 1985. **Metodologie van die geesteswetenskappe**. Pretoria: Raad vir Geesteswetenskaplike navorsing.

NAUDé, M., 1993. Introduction. In KRIGE, F. & VAN DER WAAL, G-M. (reds.). **Pretoria cultural resources. The environment of Pretoria**: 2-3. Pretoria: Stadsraad van Pretoria.

NIENABER, W.C., PRINSLOO, H.P. & PISTORIUS, J.C.C., 1997. Derdepoort: 'n Vroeë Ystertydperkterrein noord van die Magaliesberg. **Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Etnologie** 20(1): 15-22.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

NIPPERDEY, T., 1978. Can history be objective? **Historia** 23(1): 2-14.

NOëL-HUME, I., 1975. **Historical archaeology**. New York: W.W. Norton & Company Inc.

ORSER, C.E. (jr.), 1996. **A historical archaeology of the modern world**. New York: Plenum Press.

ORSER, C.E.( jr.) & FAGAN, B.M. (reds.), 1995. **Historical archaeology**. New York: Harper Collins College Publishers.

PEACOCK, R., 1955. **Die geskiedenis van Pretoria 1855-1902**. Ongepubliseerde D.Phil.-proefskrif: Universiteit van Pretoria.

PEACOCK, R., 1956. Enige herinnering van tant Malie Postma. **Pretoriana** (20): 16-18.

PELSER, A., 1996. **An archaeological study of a military fortification in the Pienaarspoort area, south-east of Pretoria dating to the Second Anglo-Boer War**. Ongepubliseerde B.A. (Hons.)-skripsie: Universiteit van die Witwatersrand.

PELSER, A., VAN SCHALKWYK, J. & TEICHERT, F., 1998. Excavation of a late 19th/early 20th century rubbish dump in Minnaar street, Pretoria. **Navorsing deur die Nasionale Kultuurhistoriese Museum** 7:93-119.

PELZER, A.N., 1950. **Geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Republiek. Deel I Wordingsjare**. Kaapstad: A.A. Balkema.

PELZER, A.N., 1955. Pretoria in die karikatuur. In ENGELBRECHT, S.P., AGAR-HAMILTON, J.A.I., PELZER, A.N. & BEHRENS, H.P.H. (reds.). 1955. **Pretoria (1855-1955) Geskiedenis van die stad Pretoria**: 295-331. Pretoria: Stadsraad van Pretoria.

PHILLIPSON, D.W., 1985. **African archaeology**. Cambridge: Cambridge University Press.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

PIENAAR, M. (red.), g.d. **Verwoerdburg. Stad van die toekoms**. Verwoerdburg: Verwoerdburg Publisiteitsvereniging.

PIETERSE, J.J., 1942. **Die geskiedenis van Pretoria tot 1877**. Ongepubliseerde M.A.-verhandeling: Universiteit van Pretoria.

PLOEGER, J., 1955. Onderwys in Pretoria. In ENGELBRECHT, S.P., AGAR-HAMILTON, J.A.I., PELZER, A.N. & BEHRENS, H.P.H. (reds.). 1955. **Pretoria (1855-1955) Geskiedenis van die stad Pretoria**: 195-230. Pretoria: Stadsraad van Pretoria.

POTGIETER, F.J., 1959. Die vestiging van die blanke in Transvaal (1832-1886) met spesifieke verwysing na die verhouding tussen die mens en die omgewing. In KIESER, A. (red.). 1959. **Argief-jaarboek in Suid-Afrikaanse geskiedenis** 21(2):1-208. Elsiesrivier Nasionale Handelsdrukkery Bpk.

PRELLER, G.S. (red.), 1925. Herinnering van M.J. Minnaar. **Voortrekkermense IV**. Kaapstad: Nasionale Pers.

PRELLER, G.S., 1938. **Ou Pretoria. Sakelike verhaal van die stad se Voortrekkerperiode**. Pretoria: Die Volkstem Drukkery.

PRETORIUS, C., g.d. **Pretoria se pioniershuis. Sy tyd en sy mense**. Pretoria: Hoofstad Pers.

PRETORIUS, J.C., 1986. Tydgenootlike getuienis oor pionierswonings in Suid-Afrika voor en na die Groot Trek. **Navorsing deur die Nasionale Kultuurhistoriese en Opelugmuseum** 1(2): 25-45.

PRETORIUS, J.C., 1991. 'n Bronne-indeling vir Kultuurgeskiedenis. **Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis** 5(1):1-9.

PUNT, W., 1958. Inspeksierapport van Pretoriase plase - Augustus 1841. **Pretoriana** (26-27): 58-59.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

PUNT, W.H.J., 1955. Die oord-, wyk- en straatname van Pretoria. In ENGELBRECHT, S.P., AGAR-HAMILTON, J.A.I., PELZER, A.N. & BEHRENS, H.P.H. (reds.). 1955. **Pretoria (1855-1955) Geskiedenis van die stad Pretoria**: 244-268. Pretoria: Stadsraad van Pretoria.

PUNT, W.J., 1993. Inwyding gedenkteken Bronkhorsthuis. Oorspronge, bronne en fonteine - Pretoria - Bakermat. **Pretoriana** (103): 1-5.

PWITI, G. & SOPER, R. (reds.), 1996. **Aspects of African archaeology**. Harare: University of Zimbabwe Publications.

RAHTZ, P., 1985. **Invitation to Archaeology**. Padstow: Basil Blackwell.

RASMUSSEN, R.K., 1978. **Migrant kingdom. Mzilikazi's Ndebele in South Africa**. London: Rex Collings.

REDMAN, C.L., 1973. Research and theory in current Archeology: an introduction. In REDMAN, C.L. (red.). **Research and theory in current archeology**: 5-20. New York: John Wiley & Sons.

REDMAN, C.L. (red.), 1973. **Research and theory in current archeology**. New York: John Wiley & Sons.

REITZ, P.A.G., 1982. **Die geskiedenis en betekenis van die Pioniersopelugmuseum te Silverton**. Ongepubliseerde skripsie vir die Nagraadse Diploma in Museumkunde: Universiteit van Pretoria.

RENFREW, C. & BAHN, P., 1991. **Archaeology. Theories, methods and practice**. London: Thames and Hudson.

REX, H.M., 1960. **Pretoria. Van kerkplaas tot regeringsetel**. Kaapstad: HAUM.

ROBERTSHAW, P. (red.), 1990. **A history of African archaeology**. London: James Currey.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

ROODT-COETZEE, K., 1955. Die republikeinse Pretoria: Kultureel en sosiaal. In ENGELBRECHT, S.P., AGAR-HAMILTON, J.A.I., PELZER, A.N. & BEHRENS, H.P.H. (reds.). **Pretoria (1855-1955): Geskiedenis van die stad Pretoria**: 126-147. Pretoria: Stadsraad van Pretoria.

ROUSSEAU, L. (red.), 1983. **Langenhoven in volkleur**. Kaapstad: Tafelberg.

SCHIFFER, M.B., 1977. Towards a unified science of the cultural past. In SOUTH, S. (red.). **Research strategies in historical archeology**: 13-40. New York: Academic Press.

SCHMIDT, P.R., 1978. **Historical archaeology. A structural approach in an African culture**. Westport: Greenwood Press.

SCHMIDT, P.R., 1990. Oral traditions, archaeology & history: a short reflective history. In ROBERTSHAW, P. (red.). **A history of African archaeology**: 252-270. London: James Currey.

SCHOEMAN, S., 1987. **Die posboom museumkompleks Mosselbaai. Argeologiese en kultuurbestuursverslag.** Ongepubliseerde verslag: Universiteit van Stellenbosch.

SCHOFIELD, J., 1998. Concluding remarks. In SCHOFIELD, J. (red.). **Monuments of war. The evaluation, recording and management of twentieth-century military sites**: 22-23. London: English Heritage.

SCHOFIELD, J. (red.), 1998. **Monuments of War. The evaluation, recording and management of twentieth-century military sites**. London: English Heritage.

SCHIRE, C., 1992. Digging archives at Oudepost 1, Cape, South Africa. In YENTSCH, A.E. & BEAUDRY, M.C. (reds.). **The art and mystery of historical archaeology**: a 361-372. Boca Raton: CRC Press.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

SCHUYLER, R.L., 1970. Historical and historic sites archaeology as anthropology: Basic definitions and relationships. **Historical archaeology** 4: 83-89.

SCHUYLER, R.L. (red.), 1978. **Historical archaeology: a guide to substantive and theoretical contributions.** New York: Baywood Publishing Company.

SEEMAN, U.A., 1993. **Forts and fortifications at the Cape peninsula 1781-1829**. Ongepubliseerde M.Sc.-tesis: Universiteit van Kaapstad.

SHAFER, R.J. (red.), 1980 (3de uitgawe). **A guide to historical method**. Chicago: Dorsey Press.

SHANKS, M. & HODDER, I., 1995. Processual, post processual and interpretive archaeologies. In HODDER, I. (red.). e.a. **Interpreting archaeology. Finding meaning in the past**: 3-29. London: Routledge.

SHANKS, M. & TILLEY, C., 1987. **Re-constructing archaeology. Theory and practice**. Cambridge: Cambridge University Press.

SHARER, R.J. & ASHMORE, W., 1979. **Fundamentals of archaeology**. Menlo Park: The Benjamin Cummings Publishing Company Inc.

SHEPPARD, P.J., 1990. Soldiers & bureaucrats: the early history of prehistoric archaeology in the Maghreb. In ROBERTSHAW, P. (red.). **A history of African archaeology**: 73-188. London: James Currey.

SMITH, K., 1988. **The changing past. Trends in South Africa historical writing**. Cape Town: Southern Book Publishers.

SOUTH, S. (red.), 1977a. **Method and theory in historical archeology**. New York: Academic Press.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

SOUTH, S., 1977b. **Research Strategies in historical archeology**. New York: Academic Press.

SPIES, S.P., 1955. Bladsye uit die militêre geskiedenis van Pretoria. In ENGELBRECHT, S.P., AGAR-HAMILTON, J.A.I., PELZER, A.N. & BEHRENS, H.P.H. (reds.). 1955. **Pretoria (1855-1955) Geskiedenis van die stad Pretoria**: 86-110. Pretoria: Stadsraad van Pretoria.

STADSRAAD VAN PRETORIA, g.d. **Pretoria**. Pretoria: Stadsraad van Pretoria.

STADSRAAD VAN PRETORIA, 1992. **Pretoria Fonteinedal. Lewensbron van Pretoria**. Pretoria: Stadsraad van Pretoria.

SUID-AFRIKAANSE WEERMAG, 1988. **Argeologiese opgrawings van die Schoemansdalse voortrekkerskans (disrik Louis Trichardt)**. Pretoria: Etnologiese diens, S.A. Leërhoofkwartier.

SYKES, M.H., 1984. **Manual on systems of inventorying immovable cultural property**. Museums and monuments XIX. Mayenne: UNESCO

THERON, M., 1993. Pretoria's parks and reserves. In KRIGE, F. & VAN DER WAAL, G-M. (reds.). **Pretoria cultural resources. The environment of Pretoria**: 20-21. Pretoria: Stadsraad van Pretoria.

THOMAS, J., 1995. Where are we now?: archaeological theory in the 1990s. In UCKO, P.J. (red), **Theory in archaeology: a world perspective**: 343-360. London: Routledge.

TOBIAS, P.V., 1967. Rock-peckings with an iron age settlement and cemetery: a brief report on the Mooiplaas site, Bronkhorstspruit district. **South African Archaeological Bulletin** 22-1 (85): 25-26.

TOSH, J., 1994 (2de uitgawe). **The pursuit of history**. London: Longman.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

TRIGGER, B.G., 1990. The history of African archaeology in world perspective. In ROBERTSHAW, P. (red.). 1990. **A history of African archaeology**: 309-319. London: James Currey.

UCKO, P.J., 1995. Introduction. Archaeological interpretation in a world context. In UCKO, P.J. (red.). **Theory in archaeology: a world perspective**: 1-26. London: Routledge.

UCKO, P.J. (red.), 1995. **Theory in archaeology: a world perspective**. London: Routledge.

VAN DEN BOS, J. & MOOLMAN, M. (reds.), 1995. **Metodologie in navorsing**. Sunnyside: S.A. Vereniging vir Kultuurgeskiedenis, Transvaal Streektak.

VAN DER RYST, M.M. & MEYER, A., 1999. Die vroegste inwoners. Die Ystertydperk. In BERGH, J.S. (red.). **Geskiedenisatlas van Suid-Afrika. Die vier noordelike provinsies**: 96-100. Pretoria: J.L. van Schaik.

VAN DER WAAL, G-M. (red.), 1993. **Riglyne vir kultuurhulpbronbestuur in Pretoria**. Pretoria: Stadsraad van Pretoria.

VAN DER WAAL-BRAAKSMA, G. & FERREIRA, O.J.O., 1986. **Die Noordweste. Die stoflike kultuur van die streek se bewoners**. Johannesburg: Perskor.

VAN EWYK, J.F., 1986. Die slag van Rooihuiskraal 'n Argeologiese benadering tot 'n historiese probleem. **Navorsing deur die Nasionale Kultuurhistoriese Museum**. 1(1): 4-23.

VAN JAARSVELD, F.A., 1980. **Westerse historiografie en geskiedenisfilosofie**. Pretoria: HAUM.

VAN JAARSVELD, F.A., 1982a. **Moderne geskiedskrywing**. Durban: Butterworth.

VAN JAARSVELD, F.A., 1982b. **Die Afrikaners se groot trek na die stede en ander opstelle**. Johannesburg: Perskor.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

VAN JAARSVELD, F.A., 1984. **Omstrede Suid-Afrikaanse verlede. Geskiedenisideologie en die historiese skuldvraagstuk**. Johannesburg: Perskor.

VAN RENSBURG, T. e.a., 1994. A rainbow country. In VAN RENSBURG, H.J. (red.). **South Africa yearbook 1995**: 1-23. Cape Town: CTP Book Printers.

VAN SCHALKWYK, J.A., 1993. 200 000 years of human habitation. In KRIGE, F. & VAN DER WAAL, G-M. (reds.). **Pretoria cultural resources. The environment of Pretoria**: 16-17. Pretoria: Stadsraad van Pretoria.

VAN SCHALKWYK, J.A., MEYER, C.J., PELSER, A. & PLUG, I., 1995a. Images of the social life and household activities at Melrose house. **Navorsing deur die Nasionale Kultuurhistoriese Museum** 4: 81-99.

VAN SCHALKWYK, J.A., NAUDé, M. & VAN VOLLENHOVEN, A.C., 1995b. Archaelogical investigation of a nineteenth century water furrow in Church Street, central Pretoria. **South African Field Archaeology** 4(2): 78-83.

VAN VOLLENHOVEN, A.C., 1991. Nuwe museum hoofkantoor gewis op regte standplaas. **Museum memo** 19(3): 2.

VAN VOLLENHOVEN, A.C., 1992a. **'n Histories-argeologiese ondersoek na die militêre fortifikasies van Pretoria (1880-1902).** Ongepubliseerde M.A.-verhandeling: Universiteit van Pretoria.

VAN VOLLEHOVEN, A.C., 1993a. **'n Argeologiese ondersoek van die Bronkhorstruïne as voorbeeld van kultuurhulpbronbestuur (KHB)**. Ongepubliseerde skripsie vir die Nagraadse diploma in Museumkunde: Universiteit van Pretoria.

VAN VOLLENHOVEN, A.C., 1995a. **Die Militêre fortifikasies van Pretoria (1880-1902). 'n Studie in die historiese argeologie.** Pretoria: Heinekor.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

VAN VOLLENHOVEN, A.C., 1996. Historical-archaeological research in the Pretoria area. In PWITI, G. & SOPER, R. (reds.). 1996. **Aspects of African archaeology**: 719-724. Harare: University of Zimbabwe Publications.

VAN VOLLENHOVEN, A.C., 1998a. **Kultuurhulpbronbestuur (KHB) binne die funksionele konteks van museums in Suid-Afrika**. Ongepubliseerde M.A.-tesis: Universiteit van Stellenbosch.

VAN VOLLENHOVEN, A.C., 1999. "Historiese argeologie": 'n voorgestelde definisie. **Tydskrif vir Geesteswetenskappe** 39(2): 168-180.

VAN VOLLENHOVEN, A.C., CARELSEN, A. & MEYER, C.J., 1997. Excavation of the 1913 farmstead on the farm Kaalfontein 513 JR. **Navorsing deur die Nasionale Kultuurhistoriese Museum. Studies in honour of professor J.F. Eloff** 6: 104-116.

VAN VOLLENHOVEN, A.C., PELSER, A.J. & VAN DEN BOS, J.W., 1998. A historical archaeological investigation of an Anglo-Boer War British outpost in the Kruger National Park. **Koedoe** 41(2): 113-120.

VERWOERDBURG CITY COUNCIL, g.d. **Verwoerdburg. Space for life, growth and opportunity**. Verwoerdburg: Promedia.

VISSER, A., 1992a. Fonteine en dolomiet. In STADSRAAD VAN PRETORIA, **Pretoria Fonteinedal. Lewensbron van Pretoria**: 2-3. Pretoria: Stadsraad van Pretoria.

VISSER, A., 1992b. Fonteine jagstories. In STADSRAAD VAN PRETORIA, **Pretoria Fonteinedal. Lewensbron van Pretoria**: 18. Pretoria: Stadsraad van Pretoria.

VISSER, A., 1992c. Mzilikazi se storie. In STADSRAAD VAN PRETORIA, **Pretoria Fonteinedal. Lewensbron van Pretoria**: 9. Pretoria: Stadsraad van Pretoria.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

VISSER, A., 1992d. Argeologies gesproke ... In STADSRAAD VAN PRETORIA, **Pretoria Fonteinedal. Lewensbron van Pretoria**: 8. Pretoria: Stadsraad van Pretoria.

VOLMAN, T.P., 1984. Early prehistory of Southern Africa. In KLEIN, R.G. (red.). **Southern African prehistory and paleoenvironments**: 169-221. Rotterdam: A.A. Balkema.

VON BREITENBACH, F., 1993. Special plant habitats. In KRIGE, F. & VAN DER WAAL, G-M. (reds.). **Pretoria cultural resources. The environment of Pretoria**: 6-7. Pretoria: Stadsraad van Pretoria.

VON GERNET, A. & TIMMINS, P., 1987. Pipes and parakeets: constructing meaning in an early Iroquoian context. In HODDER, I. (red.). **Archaeology as long-term history**: 31-42. Cambridge: Cambridge University Press.

VOS, H.N.,1993. **An historical and archaeological perspective of colonial Stellenbosch 1680-1860**. Ongepubliseerde M.A.-verhandeling: Universiteit van Stellenbosch.

WADLEY, L., 1986. Segments of time: a mid-Holocene Wilton site in the Transvaal. **South African Archaeological Bulletin** 41(144): 54-62.

WALDECK, E., 1995. Melrose house. Relive the splendour of yesteryear. In KRIGE, F. & VAN DER WAAL, G-M. (reds.). **Pretoria Museum Park. Vir u om te ontdek**: 5-6. Pretoria: Pretoria Metropolitaanse Substruktuur.

WARD, I., 1993. A geological brief. In KRIGE, F. & VAN DER WAAL, G-M. (reds.). **Pretoria cultural resources. The environment of Pretoria**: 11. Pretoria: Stadsraad van Pretoria.

WATSON, P.J., LE BLANC, S.A. & REDMAN, C.L., 1971. **Explanation in archeology**. New York: Columbia University Press.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

WATSON, P.J., LE BLANC, S.A. & REDMAN, C.L., 1984. **Archeological explanation**. New York: Columbia University Press.

WERZ, B.E.J.S., 1993. Maritime archaeological project Table Bay: aspects of the first field season. In HALL, M. & MARKELL, A. (reds.). **Historical arcaheology in the Western Cape**. S.A. Archaeological society Goodwin series 7:33-39.

WERZ, B.E.J.S., 1994. Searching for shipwrecks off Robben Island: an excercise in cultural resources management. **Southern African Field Archaeology** 3(1): 26-32.

WILMANS, J., 1990. L.C. Bronkhorst: pionier van die Pretoria-omgewing. **Tydskrif vir Volkskunde en Volkstaal** 46(2-3): 5-13.

YENTSCH, A.E., 1988. Legends, houses, families, and myths: relationship between material culture and American ideology. In BEAUDRY, M.C. (red.). **Documentary archaeology in the new world**: 5-19. Cambridge: Cambridge University Press.

YENTSCH, A.E. & BEAUDRY, M.C. (reds.), 1992. **The art and mystery of historical archaeology**. Boca Raton: CRC Press.

## 2. Regeringspublikasies

ACOCKS, J.P.H., 1988. **Veld types of South Africa**. 1:1 500 000 kaart, Botaniese Navorsingsinstituut, Departement van Landbou Tegniese Dienste. Pretoria: Die Staatsdrukker.

DEPARTEMENT VAN STREEK- EN GRONDSAKE, 1994. **Nuwe provinsies. Kaarte en syfers**. g.p.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

KANTOOR VAN DIE LANDMETER-GENERAAL, 1960. **Alfabetiese lys van plase in die provinsie, Transvaal**. Pretoria: Die Staatsdrukker.

REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA, 1969. 1:50 000 topografiese kaart 2528CA, Pretoria. Pretoria: Die Staatsdrukker.

REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA, 1969. 1:50 000 topografiese kaart 2528CC, Verwoerdburg. Pretoria: Die Staatsdrukker.

REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA, 1975. 1:50 000 topografiese kaart 2528CB, Silverton. Pretoria: Die Staatsdrukker.

REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA, 1976. 1:50 000 topografiese kaart 2528DC, Bronkhorstspruit. Pretoria: Die Staatsdrukker.

REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA, 1998. **Wet op Nasionale Omgewingsbestuur** (Wet no 107 van 1998). Kaapstad: Die Staatsdrukker.

REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA, 1999a. **Wet op die Nasionale Erfenisraad** (Wet no 11 van 1999). Kaapstad: Die Staatsdrukker.

REPUBLIEK VAN SUID-AFIKA, 1999b. **Wet op Nasionale Erfenishulpbronne** (Wet no 25 van 1999). Kaapstad: Die Staatsdrukker.

## 3. Ongepubliseerde manuskripte

BASSON, J.J. e.a., 1993. **Projek: 1913-huis op die terrein van die Willem Prinsloo Landboumuseum. Fase 1: Konservasie van huis. Konservasieaanbevelings vir argitek**. Ongepubliseerde verslag. Nasionale Kultuurhistoriese Museum, Sunnyside.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

DREYER, C., 1997. **Statistics and information on the NPMSS**. Ongepubliseerde verslag. Tswaing Munisipaliteit, Tswaing.

MEYER, C., 1997. **Verslag oor keramiek- en glasartefakte, opgegrawe by Pionier Museum**. Ongepubliseerde verslag. Nasionale Kultuurhistoriese Museum, Pretoria.

NASIONALE KULTUURHISTORIESE MUSEUM, 1994. **Pionier Museum Beleidsdokument**. Ongepubliseerde dokument. Nasionale Kultuurhistoriese Museum, Pretoria.

NAUDé, M. & KRUGER, G., g.d. **Impact Assessment: Route K69**. Ongepubliseerde verslag. Nasionale Kultuurhistoriese Museum, Pretoria.

NAUDé, M. & VAN VOLLENHOVEN, A.C., 1992. **Kartering van mensgemaakte elemente in enkele gebiede van die PWV-streek**. Ongepubliseerde verslag. Nasionale Kultuurhistoriese Museum, Pretoria.

PISTORIUS, J.C.C., 1990. Archaeological report on a portion of the farm Hatherley 331-JR. **Basic planning report road PWV 17 between road N4-1 and road P2-5 (k14)**. g.p.

THERON, A. & JOUBERT, M., 1989. **Ondersoek na die voetpadstelsel van die suidelike gedeelte (voor- en oostetuin) van die Melrose-huistuin**. Ongepubliseerde verslag. Stadsraad van Pretoria, Pretoria.

VAN DEN BOS, J., 1997. **Identifisering van artefakte (Pioniermuseum)**. Ongepubliseerde verslag. Nasionale Kultuurhistoriese Museum, Pretoria.

VAN SCHALKWYK, J.A., g.d. **Archaeological investigations of an Iron Age site in the Zoutpan crater**. Manuskrip. Nasionale Kultuurhistoriese Museum, Pretoria.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

VAN SCHALKWYK, J.A. e.a., 1994a. **'n Opname van kultuurhulpbronne in die Akasia munisipale gebied**. Ongepubliseerde verslag. Nasionale Kultuurhistoriese Museum, Sunnyside.

VAN SCHALKWYK, J.A. (Projekleier) e.a., 1994b. **'n Argeologiese ondersoek van die watervoor in Kerkstraat, Pretoria-sentraal.** Ongepubliseerde verslag. Nasionale Kultuurhistoriese Museum, Sunnyside.

VAN SCHALKWYK, J.A. e.a., 1996. **An investigation of a historical rubbish dump on the corner of Minnaar and Bosman Streets, Pretoria**. Unpublished report: National Cultural History Museum.

VAN SCHALKWYK, J.A., MEYER, C.J., PELSER, A. & PLUG, I., 1995c. **An archaeological investigation of certain aspects of the garden of Melrose house, Pretoria**. Ongepubliseerde verslag. Nasionale Kultuurhistoriese Museum, Pretoria.

VAN SCHALKWYK, J.A. & MOIFATSWANE, S.M., 1993. **'n Argeologiese ondersoek van die Fonteinedalgebied, geleë op die plaas Groenkloof 358-JR, Pretoria**. Ongepubliseerde verslag. Nasionale Kultuurhistoriese Museum, Sunnyside.

VAN SCHALKWYK, J. & PELSER, A., 1997. **Archaeological investigation of sites on a portion of the farm Hatherley 331 JR, Pretoria district**. Ongepubliseerde verslag. Nasionale Kultuurhistoriese Museum, Sunnyside.

VAN SCHALKWYK, J.A., VAN VOLLENHOVEN, A.C. & NAUDé, M., 1992. **'n Argeologiese ondersoek van die bouvalle bekend as die Lukas Bronkhorsthuis in die Fonteinedal, Pretoria**. Ongepubliseerde verslag. Nasionale Kultuurhistoriese Museum, Sunnyside.

VAN VOLLENHOVEN, A.C., 1992b. **PWV7 roete: basiese beplanning: Argeologiese verslag**. Ongepubliseerde verslag. g.p.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

VAN VOLLENHOVEN, A.C., 1993b. **Willem Prinsloo Landboumuseum 1913-huis argeologiese verslag**. Ongepubliseerde verslag. Nasionale Kultuurhistoriese Museum, Pretoria.

VAN VOLLENHOVEN, A.C., 1994a. **Argeologiese ondersoek na die historiese tuinpaadjies by die Melrosehuismuseum, Pretoria**. Ongepubliseerde verslag. Universiteit van Pretoria.

VAN VOLLENHOVEN, A.C., 1994b. **Argeologiese terreine in 'n gegewe area noord van Pretoria**. Ongepubliseerde verslag. Nasionale Kultuurhistoriese Museum, Sunnyside.

VAN VOLLENHOVEN, A.C., 1995b. **Historical-archaeological research in the Pretoria area**. Paper presented before the Pan African association for prehistory and related studies. National Cultural History Museum, Pretoria.

VAN VOLLENHOVEN, A.C., 1998b. **Argeologiese ondersoek van die Edwardiaanse huis en eendedam by die Pionier Museum, Pretoria**. Ongepubliseerde verslag. Nasionale Kultuurhistoriese Museum, Sunnyside.

VAN VOLLENHOVEN, A.C., 1998c. **Die eerste blanke inwoner(s) van die Pretoria-omgewing: feite en fiksie**. Referaat gelewer voor die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Kultuurgeskiedenis. Nasionale Kultuurhistoriese Museum, Sunnyside.

VAN VOLLENHOVEN, A.C. e.a., 1993. **'n Argeologiese en historiese ondersoek van gedeeltes van die plase Zoutpan 104 JR en Uitspan 98 JR**. Ongepubliseerde verslag. Nasionale Kultuurhistoriese Museum, Sunnyside.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

VAN VOLLENHOVEN, A.C. & CARELSEN, A., 1994. **'n Argeologiese en historiese ondersoek van 'n gedeelte van die plaas Kaalfontein 513 JR**. Ongepubliseerde verslag. Nasionale Kultuurhistoriese Museum, Sunnyside.

VOS, H., 1988. **Schreuderhuis: An historical archaeological re-evaluation**. Referaat gelewer voor die S.A. Vereniging van Argeoloë, Kaapstad.

## 4. Argivale bronne

### 4.1 Ongepubliseer

NASIONALE ARGIEFBEWAARPLEK, Pretoria. Aanwins no. 1045. Begrafnislys van J.G.S. Bronkhorst, Ohrigstad. 1848.

NASIONALE ARGIEFBEWAARPLEK, Pretoria. Argief van die Departement Publieke Werke, PW 433, 1892-1899.

NASIONALE ARGIEFBEWAARPLEK, Pretoria. Argief van die Registrateur van aktes, Plaas requesten register, RAK 2433.

NASIONALE ARGIEFBEWAARPLEK, Pretoria. Argief van die Registrateur van aktes, Inspeksieregister 1841-1888, RAK 2434.

NASIONALE ARGIEFBEWAARPLEK, Pretoria. Argief van die Registrateur van aktes, Indeks van plase, Pretoria, RAK 2680.

NASIONALE ARGIEFBEWAARPLEK, Pretoria. Argief van die Registrateur van aktes, Alfabetiese inspeksielys, RAK 2711.

NASIONALE ARGIEFBEWAARPLEK, Pretoria. Argief van die Registrateur van aktes, Inspeksierapport, Pretoria 1841-1864, RAK 2750.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

NASIONALE ARGIEFBEWAARPLEK, Pretoria. Argief van die Registrateur van aktes, Lys van Plase, Pretoria 1-568, RAK 2989.

NASIONALE ARGIEFBEWAARPLEK, Pretoria. Argief van die Registrateur van aktes, Oordragrekords, Pretoria I 9-346, RAK 2990.

NASIONALE ARGIEFBEWAARPLEK, Pretoria. Argief van die Registrateur van aktes, Oordragrekords II, Pretoria 348-482, RAK 2991.

NASIONALE ARGIEFBEWAARPLEK, Pretoria. Argief van die Registrateur van aktes, Nuwe registrasies reeks 2A, Pretoria 159-194, RAK 3001.

NASIONALE ARGIEFBEWAARPLEK, Pretoria. Argief van die Registrateur van aktes, Nuwe registrasies reeks 3A, Pretoria 159-194, RAK 3003.

NASIONALE ARGIEFBEWAARPLEK, Pretoria. Argief van die Registrateur van aktes, Nuwe registrasies reeks 4A, Pretoria 367-428, RAK 3005.

NASIONALE ARGIEFBEWAARPLEK, Pretoria. Argief van die Staatsekretaris R60/64.

NASIONALE ARGIEFBEWAARPLEK, Pretoria. Argief van die Staatsekrataris (Voortrekker argiefstukke) SS1A, 1829-1840.

NASIONALE ARGIEFBEWAARPLEK, Pretoria. Argief van die Staatsekretaris (Voortrekker argiefstukke) SS1B, 1841-1864.

NASIONALE ARGIEFBEWAARPLEK, Pretoria. 59 601, Boedel van Willem Petrus Prinsloo, 1926.

NASIONALE ARGIEFBEWAARPLEK, Pretoria. 4 832/66, Boedel van Willem Balthazar Johannes Prinsloo, 1966.

NASIONALE ARGIEFBEWAARPLEK, Pretoria. 0/19312, Boedel van Lucas Cornelus Bronkhorst junior, 1902.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

NASIONALE ARGIEFBEWAARPLEK, Pretoria. 0/19422, Boedel van Lucas Cornelus Bronkhorst senior, 1902.

NASIONALE ARGIEFBEWAARPLEK, Pretoria. Foto's no's. 1 122, 1 155, 1 156, 1 157, 1 158, 1 159, 1 171, 5 936, 4 033(b), 12 104, 12 111, 12 112, 18 430, 20 772, 20 773, 20 777, 20 778, 20 780 en 28 095.

NASIONALE ARGIEFBEWAARPLEK, Pretoria. Kaarte 3/209, S1/3, S2/109, S1/114, S2/102, 3/1 199, 3/1 297 en S3/487.

NASIONALE ARGIEFBEWAARPLEK, Pretoria. 1898. ZAR Band 97. Kantoor van die stadsingenieur van Pretoria.

4.2 Gepubliseer

BREYTENBACH, J.H., 1950. **Suid-Afrikaanse argiefstukke Transvaal no 2**. Parow: Cape Times Ltd.

BREYTENBACH, J.H., 1951. **Suid-Afrikaanse argiefstukke Transvaal no 3**. Parow: Cape Times Ltd.

BREYTENBACH, J.H., 1952. **Suid-Afrikaanse argiefstukke Transvaal no 4**. Parow: Cape Times Ltd.

BREYTENBACH, J.H. & JOUBERT, D.C., 1953. **Suid-Afrikaanse argiefstukke Transvaal no 5**. Parow: Cape Times Ltd.

BREYTENBACH, J.H. & PRETORIUS, H.S., 1949. **Suid-Afrikaanse argiefstukke no 1**. Cape Town: Cape Times Ltd.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

JEPPE, F. & KOTZé, J.G., 1887. **De locale wetten der Zuid-Afrikaansche Republiek 1849-1885**. Pretoria: J.F. Celliers.

NASIONALE ARGIEFBEWAARPLEK, Pretoria. P11. 1891. **Rules and regulations for the supply of water to the inhabitants of Pretoria**. Pretoria: Pretoria Waterleiding Maatschappij Beperkt.

NASIONALE ARGIEFBEWAARPLEK, Pretoria. ZAR-publikasies 25/1, JEPPE, F. & KOTZé, J.G., 1887. **De locale wetten der ZAR 1849-1885**. Pretoria: J.F. Celliers.

PRETORIUS, H. & KRUGER, D.W. (reds.), 1937. **Voortrekker-argiefstukke 1829-1849**. Pretoria: Die Staatsdrukker.

## 5. Kaarte

COEPEEN, P.C., SWANEPOEL, K. & MOEBER, M., 1996. **Magisterial districts province of Gauteng**. Kaart.

MELROSEHUIS MUSEUM, 1986. Terreinkaart.

MUSEUMS MAP GAUTENG, 1996. g.p.

NASIONALE KULTUURHISTORIESE MUSEUM, g.d. Roetekaart na museums.

S.A. ROAD MAP, 1995/6 (12de uitgawe). Bergvlei: Map Studio.

STADSRAAD VAN PRETORIA, g.d. **Stadskernroete** (kaart). Pretoria: Belmordruk.

STADSRAAD VAN PRETORIA, 1991. **Pretoria Kultuurroete** (kaart). g.p.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

## 6. Persoonlike en skriftelike mededelings

BALKWILL, G., 1997.03.14 & 1997.04.08. Persoonlike mededelings. Geoloog, Nasionale Kultuurhistoriese Museum, Pretoria.

BEUKES, D., 1997.03.04. Persoonlike mededelings. Argeo-dierkundige, Transvaal Museum, Pretoria.

CARELSEN, A., 1992.04.23, 1994.12.02, 1996.10.04 & 1996.10.24. Persoonlike mededeling. Navorser, Nasionale Kultuurhistoriese Museum, Pretoria.

ERASMUS, F. 1999.11.05. Persoonlike mededeling. Vakkundige beampte, Gauteng streek, Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede.

EVANS, A., 1998.01.27. Persoonlike mededeling. Bibliotekaresse. Centurion Stadsraad.

HOGEWIND, C.J., 1992.10.20, en 1994.06.18. Persoonlike mededelings. Kultuurhistorikus, Nasionale Kultuurhistoriese Museum, Pretoria.

MARAIS, R., 1996.11.14. Radiopraatjie, Soek die plek, Radio Sonder Grense. Beampte, Rietvlei Natuurreservaat.

MEYER, C., 1996.09.25 & 1997.02.05. Persoonlike mededeling. Kultuurhistorikus, Nasionale Kultuurhistoriese Museum, Pretoria.

MEYER, C., 1997.01.14. Skriftelike mededeling. Kultuurhistorikus, Nasionale Kultuurhistoriese Museum, Pretoria.

NAUDé, M., 1996.10.03 en 1997.03.05. Persoonlike mededelings. Navorser, Nasionale Kultuurhistoriese Museum.

PELSER, A.J., 1997.02.11 & 1999.02.11. Persoonlike mededelings. Argeoloog, Nasionale Kultuurhistoriese Museum, Pretoria.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

PRINSLOO, B.J.J., Persoonlike onderhoude reeks B, no. 7a, 7b en 8a.

PRINSLOO, B.J.J., 1992.08.10. Persoonlike mededelings. Prinsloo-nasaat en voormalige inwoner van Kaalfontein, Rayton.

PRINSLOO, H.P., 1996.10.29 en 1997.07.17. Persoonlike mededelings. Senior lektor, Departement Antropologie & Argeologie, Universiteit van Pretoria.

SMITH, B., 1998.02.05. Persoonlike mededelings. Agterkleindogter van H Mundt en voormalige inwoner van die Edwardiaanse huis.

SMITH, J. 1996.09.18. Persoonlike mededeling. Kleindogter van H Mundt en voormalige inwoner van die Edwardiaanse huis.

TEICHERT, F.E., 1999.02.10. Persoonlike mededeling. Argeoloog, Nasionale Kultuurhistoriese Museum, Pretoria.

VAN VOLLENHOVEN, W.J., 1994.12.11. Persoonlike mededeling. Voormalige Stadstesourier, Stadsraad van Akasia.

VOS, H., 1997.05.20. Skriftelike medeling. Argeoloog, Stellenbosch Museum.

WALDECK, E., 1994.08.20. Persoonlike mededelings. Kurator, Melrosehuis Museum, Pretoria.

## 7. Visuele bronne

DREYER, F.T., 1992-1998. Fotoversameling van die Nasionale Kultuurhistoriese Museum.

LYDENBURG MUSEUM, 1996.01.17. Foto van grafsteen van pioniers, oorlede te Ohrigstad.

MELROSEHUIS MUSEUM, Fotoversameling.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

NASIONALE KULTUURHISTORIESE MUSEUM, Fotoversameling. HG 27 593/1-3; 27 589; 21 241; 21 248; 27 018; 27 687/1-7; 27 185; 27 166; 21 259; 27 656/1-36; 21 263; 27 0338/1-2; 27 668/1-2; 90-933; 90-8370; 95-1730.

OHRIGSTAD VOORTREKKERBEGRAAFPLAAS, 1997.08.12. Terreinbesoek om foto's van gedenksteen te neem.

PIONIER MUSEUM, 1996.08.15. Terreinbesoek met die oog op historiese analogie.

## 8. Internet

ADAM, R., g.d. http://www.parliament.gov.za/committees/iks/iksin.htm.

http://www.international.icomos.org

http://www.unesco.org/general/eng/legal/cltheritage/index

ICOMOS, 1931. The Athens charter for the restoration of historic monuments.

ICOMOS, 1964. **International charter for the conservation and restoration of monuments and sites (the Venice charter)**.

ICOMOS, 1982. **The Florence charter (historic gardens and landscapes)**.

ICOMOS, 1987. **Charter on the conservation of historic towns and urban areas (the Washington charter)**.

ICOMOS, 1990. **Charter for the protection and management of the archaeological heritage**.

ICOMOS, 1996a. The Australia ICOMOS charter for the conservation of places of cultural significanse (the Burra charter).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

ICOMOS, 1996b. **Charter for the protection and management of the underwater cultural heritage**.

ICOMOS, 1999a. **Charter on the built vernacular heritage**.

ICOMOS, 1999b. **Principles for the preservation of historic timber structures**.

ICOMOS, 1999c. **International charter for cultural tourism**.

INTERNATIONAL INSTITUTE OF RURAL RECONSTRUKTION (IIRR), Phillipines, g.d. http://www.cav.pworld.net.ph/~aiirr/contactus.html.

NETHERLANDS ORGANISATION FOR INTERNATIONAL CO-OPERATION IN HIGHER EDUCATION (Nuffic), g.d. http://www.nuffic.nl/ik-pages/info3.html.

UNESCO, 1954. **Convention for the protection of cultural property in the event of armed conflict (The Hague convention)**.

UNESCO, 1970. **Convention on the means of prohibiting and preventing the illicit import and transfer of ownership of cultural property**.

UNESCO, 1972. **Convention for the protection of the world cultural and natural heritage**.

UNESCO, 1995. **Unidroit convention on stolen or illegally exported cultural objects**.

UNESCO, 1999a. **Second protocol to the 1954 Hague convention for the protection of cultural property in the event of armed conflict**.

UNESCO, 1999b. **Synopsis of the plenary proceedings at the diplomatic conference on the draft second protocol to the 1954 Hague convention**.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

**9. Ander**

AKTEKANTOOR, Pretoria. Plaasnommers 305 JQ, 367 JR en 358 JR.

CITY COUNCIL OF PRETORIA, g.d. **Melrose house**. (brosjure). g.p.: The Agency.

DU PLESSIS, K., g.d. Om deur te breek. **Koos se plaat**. kant 2, snit 2. Trio Records (Pty.) Ltd.

REGISTRATEUR VAN AKTES, Pretoria. 1988. JR 5 138(88), Kaalfontein, Bronkhorstspruit.

VAN DER WAAL, G-M., 1994. All state presidents were sworn in in Pretoria. **Muniforum**, 21(4):3.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

**BYLAAG A**

**Lys van Terme**

**A**

Aanpassing = wysiging van 'n plek om aan verskeie versoenbare gebruike te voldoen.

Artefak = 'n Kultuur- (mensgemaakte)voorwerp.

**B**

*Bestuur* met betrekking tot erfenishulpbronne sluit die bewaring, aanbieding en verbetering van 'n plek of voorwerp in.

*Bewaring* met betrekking tot erfenishulpbronne sluit die beskerming, instandhouding, preservering en volhoubare gebruik van plekke of voorwerpe in, ten einde die kulturele betekenis daarvan te beskerm.

**C**

Christelike paradigma = die benadering dat God die aarde en alles daarop letterlik in ses dae en in 'n bepaalde onveranderlike vorm geskape het.

**E**

Epistemologie = die soek na waarheid en die maak van werklikheidsgetroue uitsprake vanuit die wetenskap.

Erfenishulpbron = enige plek of voorwerp van kulturele betekenis (sien kultuurhulpbron).

Erfenishulpbronbestuur = die aanwending van bestuurstegnieke om kultuurhulpbronne te bewaar en te ontwikkel, sodat dit 'n kultuurerfenis met langtermynwaarde en tot voordeel van die algemene publiek kan dien (sien kultuurhulpbronbestuur).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Erfenishulpbronbestuursparadigma = 'n benadering wat uit die Kontekstuele paradigma ontwikkel het en basies daarmee ooreenstem, maar wat die klem op die kulturele belang van argeologiese terreine vir die samelewing plaas.

Evolusionistiese paradigma = die benadering dat die kultuurskeppinge van die mens aan wette onderworpe is, waardeur ingewikkelde vorme uit ouer eenvoudiger vorme ontwikkel (Coertze & Coertze 1996:77).

**F**

Funksionalistiese paradigma = die benadering wat die funksionele rol van kultuurinstellinge beklemtoon en probeer om die verband tussen die wisselende struktuur en funksie van hierdie instellinge te soek en te verklaar (Coertze & Coertze 1996:88).

**H**

Historiese tydperk = die fase van die mens se geskiedenis waar daar historiese bronne bestaan, waaruit afleidings oor die menslike gemeenskappe uit daardie tyd gemaak kan word.

**K**

Konservasie = al die prosesse wat benut word om 'n plek of voorwerp in stand te hou, sodat dit sy kulturele belang kan herwin. Hierdie prosesse kan preservering, restourasie, rekonstruksie en aanpassing insluit.

Kontekstuele paradigma = die benadering wat die klem op die totale konteks as katalisator vir kultuurverandering plaas en wat spesifiek die simboliese rol van die individu en onmiddellike historiese konteks bestudeer.

Kulturele belang/betekenis = die argitektoniese, estetiese, maatskaplike, historiese, geestelike, wetenskaplike, taalkundige, tegnologiese of sosiale waarde van 'n plek of voorwerp vir die mens in die verlede, hede of toekoms.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Kultuurhistoriese paradigma (Tradisionele benadering) = die benadering wat migrasie en diffusie as die vernaamste agente van kultuurverandering beskou en wat op die chronologiese en ruimtelike verspreiding van kulture fokus.

Kultuurhulpbron = die aanwending van bestuurstegnieke om kultuurhulpbronne te bewaar en te ontwikkel, sodat dit 'n kultuurerfenis met langtermynwaarde en tot voordeel van die algemene publiek kan dien (sien erfenishulpbron).

Kultuurhulpbronbestuur = die aanwending van bestuurstegnieke om kultuurhulpbronne te bewaar en te ontwikkel, sodat dit 'n kultuurerfenis met langtermynwaarde en tot voordeel van die algemene publiek kan dien (sien erfenishulpbronbestuur).

Kultuurproses-paradigma = die benadering dat daar verskillende prosesse in 'n menslike gemeenskap aan die werk is, maar waar die klem op die verhouding met die omgewing as katalisator vir kultuurverandering geplaas word.

**M**

Marxistiese paradigma (klassieke Marxisme) = 'n evolusionistiese benadering wat die verskillende stadiums van kulturele ontwikkelling aan die Marxistiese raamwerk koppel.

Metodologie = die metodes waarvolgens die wetenskaplike objektiewe navorsing doen.

**N**

Neo-Marxistiese paradigma (Kritiese benadering) = die benadering wat die klem op ekonomiese en ideologiese aspekte van kultuur plaas en kultuurverandering aan die Marxistiese raamwerk koppel.

**P**

Paradigma = die teorieë, wette, modelle, analogieë, metafore en die epistimatologiese- en metodologiese waardes waarmee die navorser tot die oplossing van 'n probleem kom.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Post-proses-paradigma = 'n benadering wat teen die Kultuurproses-paradigma in opstand kom en wat verskillende uitinge toon, naamlik Strukturalisme, Kontekstualisme en Neo-Marxisme.

Prehistoriese tydperk = tydperk waaroor daar nie historiese bronne bestaan waaruit afleiding oor menslike gemeenskappe in daardie tyd gemaak kan word nie.

Preservering = die instandhouding in sy bestaande staat, van die materiaal waaruit 'n plek of voorwerp gemaak is, sowel as die teëwerk van agteruitgang.

**R**

Rekonstruksie = die terugbring van 'n plek of voorwerp so na as moontlik aan 'n bekende staat, deur ou en nuwe materiaal te gebruik.

Restourasie = die terugbring van bestaande materiaal van 'n plek of voorwerp so na as moontlik aan 'n bekende staat, sonder om nuwe materiaal te gebruik.

**S**

Steentydperk = tydperk in Suidelike Afrika waarin die mens hoofsaaklik van klip gebruik gemaak het om werktuie te vervaardig.

Strukturalistiese paradigma (Kognitiewe benadering) = die benadering dat kultuur die simboliese uitdrukking van die menslike bewussyn is en dat hierdie simbolisme bestudeer moet word.

**Y**

Ystertydperk = tydperk in Suidelike Afrika waarin die mens oor die vermoë beskik het om 'n verskeidenheid metale (hoofsaaklik yster) te bewerk.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA